


**MAATSKAPLIKE WERKERS BY GESINSORGORGANISASIES SE
PERSPEKTIEF OP GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE AAN
HOËRISIKO-GESINNE**

deur

MARIANNE STRYDOM

Proefskrif ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir



die graad D.Phil in Maatskaplike Werk aan die Universiteit Stellenbosch

Promotor: Prof S Green

Desember 2008

Verklaring

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Desember 2008

ERKENNING

Graag wil ek my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies betuig:

- Professor Sulina Green vir haar toeganklikheid as studieleier, kundige leiding en deurlopende aanmoediging en ondersteuning.
- Gesinsorgorganisasies en veral die maatskaplike werkers wat ten spyte van werksdruk bereid was om aan die ondersoek deel te neem.
- Suzette Winckler vir haar noukeurige en hoogstaande tegniese versorging en persoonlike ondersteuning.
- Helaine Pelser vir die bekwame taalkundige versorging.
- My ouers en broers, Dennis en Johan wat die basis gelê het, asook familie, vriende en kollegas vir hulle aanmoediging.
- My gesin, André, Martinus en Mea vir hulle volgehoue ondersteuning, deurlopende aanmoediging en baie opoffering, asook vir Andre vir sy eindelose geduld met die statistiese verwerking van die data.

Marianne Strydom

OPSOMMING

Maatskaplike werkers word ooreenkomstig Suid-Afrikaanse beleidsdokumente aangemoedig om 'n ontwikkelingsgerigte beleid tot maatskaplikewerk-dienslewering te implementeer. Dit beteken dat daar by die lewering van maatskaplikewerk-dienste eerstens gefokus behoort te word op voorkomende dienste, daarna op vroeë intervensiedienste en laastens op statutêre dienste. In terme van die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste behels hierdie vereiste dat voorkomende dienste gerig behoort te word op die daarstelling van gesinsondersteuningsdienste deur ouers in te skakel by informele en formele bronne in hulle gemeenskap. Vroeë intervensiedienste gehels dat gesinsgesentreerde en intensiewe krisisdienste gelewer moet word om statutêre dienste of die verwydering van kinders uit hulle gesinne te voorkom.

In hierdie ondersoek is die perspektief van maatskaplike werkers op die stand van gesinsinstandhoudingsdienste wat deur drie nie-regeringsorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing gelewer word, ondersoek. Die perspektief van maatskaplike werkers op die struikelblokke wat ondervind word met die implementering van ontwikkelingsgerigte beleid ooreenkomstig beleidsdokumente is ook geïdentifiseer. 'n Gekombineerde kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetode is benut om die maatskaplike werkers werksaam by drie nie-regeringsorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing by 'n verkennende studie te betrek.

Bevindings vanuit die empiriese ondersoek oor die stand van gesinsinstandhoudingsdienste dui daarop dat maatskaplike werkers onseker is oor wat die term gesinsinstandhoudingsdienste beteken. Ten opsigte van gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste word beperkte konkrete dienste gelewer en daar word sterker gekonsentreer op opvoedkundige en terapeutiese dienste. Met betrekking tot gesinsondersteunende gesinsinstandhoudingsdienste bestaan beperkte dienste of bronne by gesinsorgorganisasies waarby ouers op 'n deurlopende basis ingeskakel kan word om hulle informele en formele netwerke ooreenkomstig die uitgangpunte van gesinsondersteuning uit te brei.

Ten opsigte van die implementering van beleidsdokumente blyk dit dat daar steeds sterker gefokus word op die lewering van statutêre dienste eerder as voorkomende dienste. Struikelblokke wat die lewering van voorkomende dienste beïnvloed is onder andere hoë gevalleladings wat veral gerig is op statutêre dienste, asook 'n tekort aan mannekrag en

gebreekte finansiering om projekte te inisieer en instand te hou. 'n Aspek wat ook van belang is, is die feit dat daar onsekerheid by maatskaplike werkers bestaan oor wat voorkomende dienste, asook vroeë intervensiedienste in terme van gesinsinstandhouding behels.

Die vernaamste aanbevelings soos dit vanuit die studie voortspruit dui daarop dat gesinsorgorganisasies nie instaat is om ontwikkelingsgerigte beleid te implementeer indien daar nie aandag gegee word aan die stuikelblokke in terme van mannekrag en befondsing nie. Hierdie aspekte kan slegs deur die staat hanteer word. Maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies behoort verder deeglike indiensopleiding te ontvang oor wat gesinsinstandhoudingsdienste behels. Gesinsorgorganisasies behoort verder maniere te ondersoek om meer omvattende gesinsgesentreerde dienste soos konkrete-, asook instaatstellende dienste te lewer, aangesien daar tans nie 'n balans bestaan tussen die lewering van byvoorbeeld konkrete dienste en terapeutiese dienste nie.

Ten opsigte van die gesinsondersteuningsdienste behoort gesinsorgorganisasies te poog om meer dienste en bronne ooreenkomstig 'n ontwikkelingsgerigte beleid te inisieer wat deurlopend vir hoërisiko-gesinne in die gemeenskap beskikbaar is en as 'n bron benut kan word. Die ontwikkeling van toepaslike ondersteuningsdienste, soos byvoorbeeld tuisbesoekprogramme kan die werkladings van maatskaplike werkers verlaag en terselfdertyd die netwerke van hoërisiko-gesinne uitbrei sodat sosiale uitsluiting teengewerk word.

SUMMARY

According to South African policy documents social workers are encouraged to implement a developmental-focused policy regarding social work service delivery. This implies that social work service delivery should focus firstly on preventive services, then on early intervention services and lastly on statutory services. In terms of the delivery of family preservation services this prerequisite requires that preventive services should be aimed at the provision of family preservation services by integrating the parents of high risk families in informal and formal sources in their communities. Early intervention services require that family-centred and intensive crisis services should be delivered to high risk families to prevent statutory services or the removal of children from their families.

This study explored the perspective of social workers on the state of family preservation services provided by three non-governmental organizations in the Western Cape Metropole and surrounding areas. The study also identifies social workers' perspective on the obstacles experienced during the implementation of developmental-focused policy according to policy documents. A combined quantitative and qualitative research methodology was used to involve social workers employed by three non-governmental organizations in the Western Cape Metropole and surrounding areas in an exploratory study.

Findings derived from the empirical study on the state of family preservation services show that social workers are unsure of the exact meaning of the term family preservation services. As far as family-centred preservation services (early intervention services) are concerned, the study found that limited concrete services are delivered, and that there is a stronger focus on educational and therapeutic services. With regard to family-supportive preservation services (preventive services), findings indicate the existence of limited services or sources at family organizations with which parents can be integrated on a continuous basis to expand their informal and formal networks, in accordance with the viewpoints of family support.

With regard to the implementation of policy documents, it seems that there is still a stronger focus on delivering statutory rather than preventive services. Obstacles influencing the delivery of preventive services are, inter alia, large case loads, where especially statutory services are delivered, as well as a lack of human resources. A lack of funding to initiate and maintain projects is a further obstacle to the delivery of developmental-focused services.

Another important aspect is the fact that social workers are unsure of what preventive and early intervention services comprise, in terms of family maintenance.

The most important recommendations resulting from the study indicate that family organizations are incapable of implementing a developmental-focused policy if the State does not attend to the obstacles that exist at non-governmental organizations in the form of inadequate human resources and funding. Social workers should also receive thorough in-service training regarding the content of family preservation services. The non-governmental organizations should also investigate ways of delivering more comprehensive family-centred services like concrete and enabling services, since there is currently an imbalance between, for example, the delivery of concrete and therapeutic services.

With regard to family support services, the study recommends that family organizations should try to initiate more services and resources, in accordance with a development-centred policy, that can be available continually to high risk families in the community, and that can be used as a resource. The development of appropriate support services, for instance home visit programs, can reduce the workload of social workers and simultaneously increase the networks available to high risk families, so that social exclusion can be counteracted, in accordance with the viewpoints of family preservation services.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1	MOTIVERING VIR DIE STUDIE	1
1.2	PROBLEEMSTELLING EN FOKUS	4
1.3	DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE	5
1.3.1	Doel van ondersoek	5
1.3.2	Doelwitte van ondersoek	6
1.4	METODOLOGIE EN NAVORSINGSONTWERP	6
1.4.1	Navorsingsontwerp	6
1.4.2	Populasie en steekproefneming	7
1.4.3	Data-insameling en analise	8
1.5	AFBAKENING VAN DIE STUDIE	9
1.6	BEPERKINGE VAN DIE STUDIE	10
1.7	KONSEPTE EN BEGRIPSOMSKRYWINGS	10
1.7.1	Gesinsorgorganisasies	10
1.7.2	Gesinsinstandhoudingsdienste	10
1.7.3	Hoërisiko-gesin	11
1.7.4	Perspektief	11
1.8	TYDPERK VAN ONDERSOEK	11
1.9	AANBIEDING	11

HOOFSTUK 2

RISIKO-FAKTORE VIR KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING:

'n EKOLOGIESE PERSPEKTIEF

2.1	INLEIDING	13
2.2	ONTWIKKELING EN DOEL VAN GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE	13

2.3	SUID-AFRIKAANSE WELSYNSBELEID EN KINDER- EN GESINSORG- DIENSTE	15
2.3.1	Fokus van kinder- en gesinsorgdienslewering	16
2.3.2	Implementering van ontwikkelingsgerigte beleid	17
2.4	EKOLOGIESE PERSPEKTIEF	19
2.4.1	Mikro-sisteem	21
2.4.2	Meso-sisteem	21
2.4.3	Makro-sisteem	22
2.5	EIENSKAPPE VAN HOËRISIKO-GEMEENSKAPPE, GESINNE EN INDIVIDUE	23
2.5.1	Eienskappe van hoërisiko-gemeenskappe	24
2.5.1.1	Armoede, werkloosheid en opvoedkundige vlak	24
2.5.1.2	Gebrekkige hulpbronne en dienste	28
2.5.1.3	Maatskaplike kohesie	31
2.5.2	Eienskappe van hoërisiko-gesinne	34
2.5.2.1	Gesinstruktuur	35
2.5.2.2	Gesinsgrootte	37
2.5.2.3	Finansiële stres	38
2.5.2.4	Gesinsgeweld	39
2.5.2.5	Sosiale netwerke	42
2.5.3	Eienskappe van hoërisiko-individue	43
2.5.3.1	Gebrekkige ouerskapsvaardighede	43
2.5.3.2	Middelmisbruik	45
2.5.3.3	Persoonlikheidsfaktore by moeders en kinders	46
2.6	SAMEVATTING	47

HOOFSTUK 3

DIE AARD VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE

3.1	INLEIDING	49
3.2	ONTSTAAN VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE	50
3.2.1	Redes vir ontwikkeling van gesinsondersteuningsdienste	50
3.2.2	Basis van gesinsondersteuningsdienste	51

3.2.3	Doel van gesinsondersteuningsdienste	52
3.3	AANNAMES VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE	53
3.3.1	Dienslewering vanuit 'n ekologiese perspektief	54
3.3.2	Ontwikkeling en welsyn van kinders in gesin gesetel	54
3.3.3	Sterkte-gebaseerde dienslewering	54
3.3.4	Ouers beskik oor die kapasiteit om te ontwikkel	55
3.3.5	Voorkomende dienslewering	55
3.4	BEGINSELS VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE	56
3.4.1	Interafhanklikheid van kinders, gesin en gemeenskap	56
3.4.2	Gemeenskapsgebaseerde dienste	57
3.4.3	Ontwikkeling van sosiale netwerke	58
3.4.4	Samewerkende verhouding en gedeelde verantwoordelikheid	59
3.4.5	Verhoging van ouerskapsvaardighede	60
3.4.6	Vrywillige deelname	60
3.4.7	Erkenning van kulturele diversiteit	60
3.4.8	Ontwikkeling van gesin se sterktes	61
3.5	PRAKTYK IMPLEMENTERING VAN GESINSONDERSTEUNING	63
3.5.1	Implementering van aannames en beginsels	63
3.5.2	Tipes gesinsondersteuningsprogramme	65
3.6	GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE EN KOMPONENTE VAN SOSIALE UITSLUITING	66
3.6.1	Armoede, lae inkomste en gebrekkige toegang tot arbeidsmark	66
3.6.2	Sosiale ondersteuning en netwerke	70
3.6.2.1	Informeel ondersteuningsnetwerke	71
3.6.2.2	Semi-formele ondersteuningsnetwerke	76
3.6.2.3	Formele ondersteuningsnetwerke	77
3.6.3	Invloed van gemeenskap en uitsluiting van dienste	79
3.7	SAMEVATTING	82

HOOFSTUK 4

SEMI-FORMELE GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO- GESINNE: GEMEENSKAPSGEBASEERDE- EN TUISBESOEKPROGRAMME

4.1	INLEIDING	83
4.2	MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING EN GESINSONDERSTEUNINGS- DIENSTE IN SUID-AFRIKA	84
4.2.1	Maatskaplike ontwikkelingsgerigte beleid en maatskaplikewerk- programme	85
4.2.2	Maatskaplike werkers se bydrae tot welsyn en ekonomiese ontwikkeling	86
4.2.3	Struikelblokke by implementering van ontwikkelingsgerigte beleid	88
4.2.3.1	Begrip vir ontwikkelingsgerigte dienste	88
4.2.3.2	Gebrek aan fondse en mannekrag	91
4.2.3.3	Gebrek aan bronne by instansies	93
4.3	GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE EN KINDERBESKERMING IN SUID- AFRIKA	94
4.3.1	Rol en taak van die maatskaplike werker by lewering van kinderbeskermingsdienste	95
4.3.2	Benutting van informele of natuurlike helpers	96
4.4	AARD EN INHOUD VAN GESINSONDERSTEUNINGSPROGRAMME	98
4.4.1	Doel van gesinsondersteuningsprogramme	99
4.4.2	Aard van dienste en programme	99
4.4.3	Praktykperspektiewe, teorieë en intervensiestrategieë	100
4.4.4	Plek waar programme aangebied word	101
4.4.5	Personeel betrokke by programme	102
4.5	SEMI-FORMELE GESINSONDERSTEUNING: GEMEENSKAPS- GEBASEERDE ONDERSTEUNINGPROGRAMME	102
4.5.1	Gemeenskapsgebaseerde respons tot kinderbekerming, MIV/VIGS en TB	103
4.5.1.1	Doel en implementering van die program	103
4.5.1.2	Uitkoms van die program	104

4.5.2	‘n Gemeenskapsgebaseerde kinderbeskermingsprogram: “Eye of the child” – “Isolabantwana”-program	105
4.5.2.1	Doel en implementering van die program	105
4.5.2.2	Uitkoms van die program	106
4.5.3	Vriendskapsprogram vir moeders: “Home Start”	107
4.5.3.1	Doel en implementering van die program	107
4.5.3.2	Uitkoms van die program	108
4.6	SEMI-FORMELE GESINSONDERSTEUNING: TUISBESOEK- PROGRAMME	108
4.6.1	Begripsoms krywing en ontwikkeling van tuisbesoekprogramme	109
4.6.2	Doel van tuisbesoekprogramme	110
4.6.3	Tipes tuisbesoekprogramme	111
4.6.3.1	Sosiale ondersteuning	111
4.6.3.2	Gesondheid	111
4.6.3.3	Oueropvoeding	112
4.6.3.4	Ekologiese perspektief	112
4.6.4	Benutting en implementering van tuisbesoekprogramme	112
4.6.5	Identifisering van gesinne vir inskakeling by tuisbesoekprogramme	113
4.6.6	Werwing van tuisbesoekers	115
4.6.7	Keuring van tuisbesoekers	115
4.6.7.1	Opvoedkundige kwalifikasies	116
4.6.7.2	Geslag van tuisbesoeker	117
4.6.7.3	Etnisiteit van tuisbesoeker	118
4.6.8	Opleiding van tuisbesoekers	118
4.6.8.1	Geskiedenis en ontwikkeling	119
4.6.8.2	Doel en filosofie van tuisbesoekprogramme	119
4.6.8.3	Kennis oor benutting van bronne	120
4.6.8.4	Kennis en vaardigheidsontwikkeling vir hantering van gesinsprobleme	121
4.6.8.5	Gereeldheid van kontak met gesinne	122
4.6.8.6	Supervisie van tuisbesoekers	123
4.7	SAMEVATTING	124

HOOFSTUK 5

SEMI-FORMELE EN FORMELE GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE: SENTRUMGEBASEERDE DIENSTE

5.1	INLEIDING	126
5.2	SENTRUMGEBASEERDE DIENSTE	127
5.2.1	Aannames onderliggend aan gesinsentrums	127
5.2.2	Eienskappe van gesinsentrums	128
5.2.3	Doel en plek van dienslewering	129
5.2.4	Aard van dienste	130
5.3	TIPES GESINSENTRUMS	131
5.3.1	Kliëntgesentreerde benadering of sentrum	131
5.3.1.1	Navorsing oor kliëntgesentreerde sentrum	133
5.3.2	Buurtgerigte benadering of sentrum	135
5.3.3	Gemeenskapsontwikkelingsgerigte benadering of sentrum	136
5.3.3.1	Navorsing oor buurtgerigte/gemeenskapsontwikkelingsentrums	137
5.3.4	Diensgerigte benadering of sentrum	140
5.4	MOONTLIKE GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE VIR HOËRISIKO- GESINNE IN SUID-AFRIKA	142
5.4.1	Oueropvoedingsprogramme	144
5.4.1.1	Fokus van oueropvoedingsprogramme	145
5.4.1.2	Bepanning van program	145
5.4.1.3	Inhoud van program	148
5.4.2	Versorgingsfasiliteite vir voorskoolse kinders	150
5.4.2.1	Speelgroepe vir kinders	152
5.4.2.2	Alternatiewe vorms van versorging	153
5.4.3	Programme vir jeugdige	156
5.4.3.1	Lewensvaardigheidsprogramme vir jeugdige	157
5.4.3.2	Programme vir jeugdige betrokke by huishoudelike geweld	157
5.4.4	Programme vir mans	160
5.4.4.1	Gender-perspektief op betrokkenheid van mans by programme	160
5.4.4.2	Betrokkenheid van mans by projekte	162
5.5	SAMEVATTING	164

HOOFSTUK 6

FORMELE GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE AAN HOË RISIKO GESINNE: GESINGESENTREERDE EN INTENSIEWE KRISISDIENSTE

6.1	INLEIDING	167
6.2	FORMELE DIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE	167
6.3	GESINGESENTREERDE EN INTENSIEWE GESINSINSTANDHOUDINGS- DIENSTE	168
6.4	INTENSIEWE GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE	169
6.4.1	Eienskappe van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste	170
6.4.1.1	Krisis-georiënteerde dienste	170
6.4.1.2	Gesingsesentreerde dienste	171
6.4.1.3	Tuisgebaseerde, intensiewe korttermydienste	171
6.4.1.4	Indiensopleiding aan maatskaplike werkers	173
6.4.2	Inhoud van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste	174
6.4.2.1	Konkrete dienste	174
6.4.2.2	Opvoedkundige en instaatstellende dienste	177
6.4.2.3	Terapeutiese dienste	180
6.5	GESINGESENTREERDE TERAPEUTIESE DIENSTE	181
6.5.1	Noodsaaklikheid van langtermyn gesingsesentreerde terapeutiese dienste	182
6.5.2	Aard van langtermyn gesingsesentreerde terapeutiese dienste	184
6.5.2.1	Individuele berading: huishoudelike geweld	185
6.5.2.2	Middelmisbruik berading	189
6.5.2.3	Gesinsberading	193
6.6	GEÏNTEGREERDE DIENSLEWERING AAN SUID-AFRIKAANSE HOËRISIKO-GESINNE	195
6.6.1	Assessering en ontwikkeling van 'n intervensieplan	196
6.6.2	Konkrete dienste en uitbreiding van sosiale netwerke	198
6.6.3	Vaardigheidsontwikkeling van gesinslede	199
6.6.4	Terapeutiese dienste	200
6.6.5	Ontwikkeling van gemeenskapsbronne en koördinerings van dienste	200
6.6.6	Nasionale programme	201
6.7	SAMEVATTING	201

HOOFSTUK 7

MAATSKAPLIKE WERKERS BY GESINSORGORGANISASIES SE PERSPEKTIEF OP DIE STAND VAN GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE

7.1	INLEIDING	203
7.2	DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	203
7.3	RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK	204
7.3.1	Identifiserende besonderhede	204
7.3.1.1	Ouderdom van respondente	205
7.3.1.2	Jare ondervinding	206
7.3.1.3	Tydperk verbonde aan organisasie	207
7.3.2	Kwalifikasies van respondente	208
7.3.2.1	Eerste kwalifikasie	209
7.3.2.2	Addisionele kwalifikasies	210
7.3.3	Huidige werksituasie	210
7.3.3.1	Indeling van werkslading	210
7.3.3.2	Ander personeel wat groep- en gemeenskapswerkdienste lewer	214
7.3.4	Risiko-faktore van gemeenskappe, gesinne en individue vir kindermishandeling en -verwaarlosing	214
7.3.4.1	Risiko-faktore in gemeenskap	215
7.3.4.2	Risiko-faktore in gesinne	219
7.3.4.3	Risiko-faktore by individue	222
7.3.4.4	Voorkoms van verskillende vorms van mishandeling	225
7.3.4.5	Redes vir die verwydering van kinders	227
7.3.5	Aard en omvang van gesinsinstandhoudingsdienste wat gelewer word	230
7.3.5.1	Omskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste	230
7.3.6	Intensiewe- of gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste	233
7.3.6.1	Konkrete dienste	234
7.3.6.2	Perspektief op lewering van konkrete dienste	237
7.3.6.3	Opvoedkundige of instaatstellende dienste	239
7.3.6.4	Terapeutiese dienste	243
7.4	SAMEVATTING	246

HOOFSTUK 8

MAATSKAPLIKE WERKERS BY GESINSORGORGANISASIES SE PERSPEKTIEF OP DIE STAND VAN GESINSONDERSTEUNINGS- OF VOORKOMENDE DIENSTE EN DIE IMPLEMENTERING VAN BELEIDSDOKUMENTE

8.1	INLEIDING	247
8.2	RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK	247
8.2.1	Aard en omvang van gesinsondersteuningsdienste	247
8.2.1.1	Belangrikste behoeftes van hoërisiko-gesinne in gemeenskap waar dienste gelewer word	247
8.2.1.2	Beskikbaarheid van ondersteuningsdienste (gemeenskapswerk- dienste) vir hoërisiko-gesinne op die gevallelading	250
8.2.1.3	Voldoening van ouerleiding- en opvoedingsgroepe en lewens- vaardigheidsprogramme aan behoeftes van hoërisiko-gesinne	256
8.2.1.4	Benutting van vrywilligers vir lewering van tuisbesoekdienste.....	259
8.2.1.5	Gereeldheid waarmee dienste gelewer word	261
8.2.1.6	Personeel betrokke by aanbieding van ondersteuningsdienste	264
8.2.2	Perspektief op ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste	266
8.2.2.1	Struikelblokke by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste	266
8.2.3	Perspektief op beleidsdokumente	269
8.2.3.1	Vlakke waarop dienslewering ooreenkomstig die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a) gelewer word	269
8.2.3.2	Voorbeelde van voorkomende dienste	271
8.2.3.3	Voorbeelde van vroeë intervensiedienste	274
8.2.3.4	Mening oor uitvoerbaarheid van dienslewering wat gerig is op voorkomende dienste ooreenkomstig beleid	276
8.2.3.5	Wyse waarop meer voorkomend te werk gegaan kan word	280
8.2.3.6	Aard van bronne wat beskikbaar moet wees vir hoërisiko- gesinne in gemeenskappe	285
8.2.4	Ideale omstandighede vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste	286
8.2.5	Ander opmerkings	288
8.3	SAMEVATTING	289

HOOFSTUK 9

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

9.1	INLEIDING	290
9.2	GEVOLGTREKKINGS	290
9.2.1	Profiel van maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing	291
9.2.2	Risiko-faktore in gemeenskappe, gesinne en by individue vir kindermishandeling en -verwaarlosing	291
9.2.2.1	Risiko-faktore in gemeenskappe	291
9.2.2.2	Risiko-faktore in gesinne	292
9.2.2.3	Risiko-faktore by individue	292
9.2.3	Voorkoms van verskillende vorms van kindermishandeling en -verwaarlosing	293
9.2.4	Redes vir verwydering van kinders	293
9.2.5	Aard en omvang van gesinsinstandhoudingsdienste wat gelewer word	293
9.2.5.1	Omskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste	293
9.2.5.2	Aard en omvang van intensiewe of gesinsgesentreerde dienslewering	294
9.2.5.3	Aard en omvang van gesinsondersteuningsdienste	295
9.2.6	Perspektief op ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste	298
9.2.6.1	Struikelblokke by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste	298
9.2.7	Perspektief op beleidsdokumente	298
9.2.7.1	Vlakke waarop dienste gelewer word	298
9.2.7.2	Voorbeelde van voorkomende dienste	298
9.2.7.3	Voorbeelde van vroeë intervensiedienste	299
9.2.7.4	Mening oor uitvoerbaarheid van dienslewering wat gerig is op voorkomende dienste	299
9.2.7.5	Wyse waarop meer voorkomend gewerk kan word	300
9.2.7.6	Beskikbaarheid van bronne	300
9.2.7.7	Ideale werksomstandighede vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste	301

9.3	AANBEVELINGS	301
9.3.1	Risiko-faktore in gemeenskappe, in gesinne en by individue vir kindermishandeling en -verwaarlosing	301
9.3.2	Aard en omvang (stand) van gesinsinstandhoudingsdienste wat gelewer word	301
9.3.2.1	Omskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste	302
9.3.2.2	Aard en omvang van intensiewe of gesinsgesentreerde dienslewering	302
9.3.2.3	Aard en omvang van gesinsondersteuningsdienste	302
9.3.3	Perspektief op die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste	304
9.3.4	Perspektief op die implementering van die bepalings van beleidsdokumente	305
9.3.4.1	Benodig meer personeel	305
9.3.4.2	Finansiering van programme	305
9.3.4.3	Beperk wisseling van maatskaplike werkers	306
9.3.4.4	Kennis oor die aard van voorkomende en vroeë intervensiedienste	306
9.3.4.5	Verdere navorsing met betrekking tot die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne	306
	BIBLIOGRAFIE	307
	BYLAE 1 – VRAELYS (AFRIKAANS EN ENGELS).....	328
	BYLAE 2 – FOKUSGROEPGESPREK.....	348

LYS VAN TABELLE

Tabel 7.1:	Ouderdom van fokusgroeplede	205
Tabel 7.2:	Jare ondervinding van fokusgroeplede	207
Tabel 7.3:	Tydperk wat fokusgroeplede aan die organisasie verbonde is	208
Tabel 7.4:	Kwalifikasies van fokusgroeplede	209
Tabel 7.5:	Addisionele kwalifikasies van respondente	210
Tabel 7.6:	Ander personeel wat groep- en gemeenskapswerkdienste lewer	214
Tabel 7.7:	Voorkoms van vorms van mishandeling in gemeenskap/gevallelading	225
Tabel 7.8:	Redes vir die verwydering van kinders uit gesinne	227
Tabel 7.9:	Omskrywing van wat die term “gesinsinstandhoudingsdienste” vir respondente beteken	231
Tabel 7.10:	Voorkoms van gereeldheid van lewering van konkrete dienste om verwydering te voorkom	234
Tabel 7.11:	Perspektief op lewering van konkrete dienste by organisasies	238
Tabel 7.12:	Voorkoms van gereeldheid van lewering van opvoedkundige en instaatstellende dienste om statutêre dienste te voorkom	240
Tabel 7.13:	Voorkoms van gereeldheid van lewering van terapeutiese dienste om verwydering van kinders te voorkom	243
Tabel 8.1:	Behoeftes van gesinne ooreenkomstig die ekologiese perspektief	248
Tabel 8.2:	Beskikbaarheid van ondersteuningsdienste in organisasie en gemeenskap	251
Tabel 8.3	Perspektief op hoe ouerleidings- en lewensvaardigheidsgroepe aan behoeftes van hoërisiko-gesinne voldoen	257
Tabel 8.4	Perspektief op lewering van tuisbesoekdienste deur vrywilligers	260
Tabel 8.5:	Gereeldheid van ondersteuningsdiens	262
Tabel 8.6:	Personeel wat benut word by lewering van ondersteuningsdienste	265
Tabel 8.7	Klassifikasie van voorbeelde van voorkomende dienste (programme om hoërisiko-gedrag te voorkom)	272
Tabel 8.8:	Klassifikasie van voorbeelde van vroeë intervensiedienste	274
Tabel 8.9:	Subtemas en kategorieë oor wyse waarop meer voorkomend gewerk kan word	281
Tabel 8.10:	Narratiewe van fokusgroeplede oor maniere waarop meer voorkomend te werk gegaan kan word	283
Tabel 8.11:	Mening van fokusgroeplede oor bronne wat in gemeenskappe vir hoërisiko-gesinne benodig word	285

LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1	Skematiese voorstelling van vlakke waarop gesinsinstandhoudingsdienste gelewer word	2
Figuur 2.1:	Vlakke van menslike ekosisteem	21
Figuur 3.1:	Skematiese voorstelling van doel, aannames en beginsels van gesinsondersteuningsdienste	62
Figuur 6.1:	Skematiese voorstelling van geïntegreerde gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne	196
Figuur 7.1:	Ouderdom van respondente	205
Figuur 7.2:	Jare ondervinding as maatskaplike werker	206
Figuur 7.3:	Tydperk wat respondente aan organisasie verbonde is	207
Figuur 7.4:	Kwalifikasies van respondente	209
Figuur 7.5:	Gevallelading (aantal gesinne) van respondente	211
Figuur 7.6:	Groepwerkklading per respondent	212
Figuur 7.7:	Gemeenskapwerkprojekte per respondent	213
Figuur 7.8:	Risiko-faktore in gemeenskappe vir voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing	215
Figuur 7.9:	Risiko-faktore in gesinne vir voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing	219
Figuur 7.10:	Risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing by individue	222
Figuur 8.1:	Struikelblokke wat bestaan ten opsigte van ontwikkelingsgerigte dienslewering	267
Figuur 8.2:	Respondente se mening oor waar klem van dienslewering in hulle situasie geplaas word	269
Figuur 8.3:	Respondente se menings oor uitvoerbaarheid van voorkomende dienslewering ooreenkomstig beleidsdokumente	277
Figuur 8.4:	Areas waar ideale omstandighede beskryf is	287

HOOFSTUK 1


INLEIDING

1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Volgens die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:28) is een van die doelstellings van kinder- en gesinsorgdienste in maatskaplike werk in Suid-Afrika dat hoërisiko-gesinne se funksionering in stand gehou en versterk moet word ten einde hulle fisieke, sosiale en emosionele ontwikkeling te bevorder. Gesinsinstandhouding (Department of Social Development, 2004a:9,32,33) is 'n strategie om gesinne sodanig te bemagtig dat kinders se optimale ontwikkeling bevorder en die verwydering van kinders uit hulle gesinne voorkom word.

Ooreenkomstig beleidsdokumente, soos die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29) en die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:62) moet maatskaplikewerk-dienste eerstens fokus op **voorkomende dienste**, daarna op **vroeë intervensiedienste** en laastens op **statutêre dienste**, om 'n **ontwikkelingsgerigte beleid** tot maatskaplikewerk-dienslewering te implementeer. Hierdie vereistes word vervolgens in verband gebring met die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste.

Teoreties bestaan gesinsinstandhoudingsdienste uit verskillende tipes dienste, naamlik gesinsondersteuningsdienste, gesinsgesentreerde dienste en intensiewe krisisdienste (Pecora, Fraser, Nelson, McCroskey & Meezan, 1995:xix; Tracy, 1995:974). Om 'n onderskeid te tref tussen hierdie verskillende tipes dienste word die uiteensetting van die *Child Welfare League* van Amerika, soos beskryf in die *Standards for Service to Strengthen and Preserve Families with Children* (1989) vir die doeleindes van hierdie studie benut. Hierdie uiteensetting word steeds as toepaslik in literatuur (Pecora *et al.*, 1995; Tracy, 1995) beskou en stem ook ooreen met Norman (1985) se uiteensetting van die aard van gesinsinstandhoudingsdienste wat aan gesinne gelewer moet word, soos deur Berry (1997:79) beskryf. Hierdie dienste kan in 'n piramide-vorm as volg voorgestel word (figuur 1.1).



Figuur 1.1 Skematiese voorstelling van vlakke waarop gesinsinstandhoudingsdienste gelewer word

Volgens figuur 1.1 verwys die grootste gedeelte van die piramide of die onderste vlak na gesinne in die algemene bevolking wat kenmerke het wat geassosieer word met die risikofaktore vir verwydering van kinders. Breë opvoedkundige programme en ondersteuningsdienste vir ouers, word vir die algemene bevolking as voldoende beskou. **Gemeenskapsgebaseerde gesinsondersteuningsdienste**, wat hulpbronne en ondersteunende en opvoedkundige dienste insluit moet dus vir alle gemeenskapslede beskikbaar wees om hulle in hulle rol as ouers te ondersteun. Gemeenskapsgebaseerde gesinsondersteuningsdienste is dus gerig op voorkomende dienste.

Volgens beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2004b:18, 20) is **voorkoming** die **eerste of primêre vlak** waarop dienste gelewer moet word ten einde gesinne by hulpbronne in te skakel, om hulle kapasiteit uit te bou en risikogedrag te beperk. Kundiges beklemtoon die voordele van gesinsondersteuningsdienste wat fokus op die inskakeling van gesinslede by dienste, bronne of netwerke in die gemeenskap om die behoud van kinders in hoërisiko-gesinne te bevorder en sodoende statutêre dienste te voorkom (Armstrong & Hill, 2001; Pithouse & Tasiran, 2000; Leon, 1999; Jack, 1997; Nair, Blake & Vosler, 1997; Tunstill, 1996). Voorbeelde hiervan is oueropvoedingsprogramme, gesinsondersteuningsprogramme soos speelgroepe, en skool- of gemeenskapsgebaseerde bronnensentrums (Armstrong & Hill, 2001:351; Doran, 1999:396; Leon, 1999:18; Cole, 1995:165; Tracy, 1995:974).

Die tweede of middelste gedeelte van die piramide (figuur 1.1) verwys na gesinne waar 'n risiko bestaan vir die verwydering van kinders, maar waar hulle nie in gevaar is nie. Aangesien die kinders nie in gevaar is nie, word minder intensiewe dienste aan hierdie gesinne gelewer, wat **gesinsgesentreerde, tuisgebaseerde-**, sowel as **gesinsondersteunings-dienste**, kan insluit. Gesinsgesentreerde dienste soos berading en opvoedkundige dienste moet beskikbaar wees vir gesinne wat probleme ervaar wat hulle stabiliteit beïnvloed.

Die doel van gesinsgesentreerde dienste skakel met die **tweede vlak** van dienslewering volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a). Op hierdie vlak behoort **vroeë intervensiedienste** (terapeutiese dienste) aan hoërisiko-gesinne gelewer te word om statutêre dienste te voorkom (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2004b:18). Dit behels intervensie wat gewoonlik vir 'n langer tydperk (6 maande en langer) tydens kantooronderhoude en/of tuisbesoeke aan die gesin gelewer word. Met dié dienste word gepoog om te voorkom dat die gesin se probleme of behoeftes in 'n krisis ontwikkel. Die intervensie bestaan uit terapeutiese dienste soos berading, of die ontwikkeling van vaardighede by gesinslede (Cash & Berry, 2003:13; Cash, 2001:44; Goldenberg & Goldenberg, 2000:7; Sheafor, Horejsi & Horejsi, 2000:105,106; Stalker, Levene & Coady, 1999:475; Anderson, 1995:175; Laird, 1995:158; Weick & Saleeby, 1995:148).

Benewens intervensie van opvoedkundige of terapeutiese aard, word konkrete dienste ook gelewer om gesinsinstandhouding te bevorder. Voorbeelde hiervan is hulp aan die gesin met die verkryging van behuising, kos- en klerevoorsiening en reëlings om die gesin by lewensvaardigheidsprogramme in te skakel (Cash & Berry, 2003:13; Cash, 2001:44; Ferguson, 2001:9; Parton & Matthews, 2001:101; Tunstill, 1996:157; Pecora *et al.*, 1995:79,80; Tracy, 1995:974).

Die boonste gedeelte van die piramide in figuur 1.1 verwys na gesinne wat 'n krisis beleef en waar die verwydering van die kinders dreig, en behels dat **intensiewe gesinsgesentreerde krisisdienste** of **intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste** aan gesinne beskikbaar moet wees (Tracy, 1995:974,975). Dienslewering fokus dan op die onmiddellike krisis wat die gesin beleef en is daarom gerig op die herstelling van die funksionering van die gesin tot die aanvaarbare minimum vlak van funksionering om die verwydering van kinders te voorkom. **Intensiewe krisisdienste** kan dus ook op die **tweede vlak** van dienslewering ooreenkomstig die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29) as deel van gesinsgesentreerde dienste gelewer word, om

statutêre dienste te voorkom. Hierdie dienste bestaan volgens skrywers (Berry, Cash & Brook, 2000:191; Pecora *et al.*, 1995:xix; Tracy, 1995:974) uit korttermyndienste (0-3 maande) aan gesinne wat 'n krisis beleef en waar die verwydering van 'n kind dreig weens moontlike kindermishandeling en/of -verwaarlosing. Die diens behels dat maatskaplike werkers met 'n klein gevallelading werk (ongeveer 2-6 gesinne), 24 uur per dag beskikbaar is en hoofsaaklik tuisbesoeke benut om intervensie te doen. Konkrete dienste soos by gesinsgesentreerde dienste, word ook gelewer.

Indien krisisdienste nie suksesvol is nie, moet statutêre dienste gelewer word en kinders uit hulle gesinne verwyder word. Dit is die **derde vlak** waarop dienste gelewer kan word (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2004b:22). Vir die jaar 2003 toon statistiek van die Nasionale Raad vir Kinder- en Gesinsorg, die grootste vrywillige welsynsorganisasie met 169 geaffilieerde verenigings in Suid-Afrika, 'n toename van 184% in pleegsorgplasinge. Dit beteken dat 12 714 kinders in 2003 uit hulle gesinne verwyder is teenoor 4 473 in 2002 (South African National Council for Child and Family Welfare, 2003).

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die verskillende tipes dienste wat teoreties gelewer behoort te word om gesinsinstandhouding te bevorder, ooreenstem met die vereistes vir maatskaplikewerk-dienslewering ooreenkomstig die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a), asook die Witskrif vir Welsyn (1997). Gesinsinstandhoudingsdienste behels dus dat voorkomende of gesinsondersteuningsdienste, vroeë intervensie-, of gesinsgesentreerde dienste en intensiewe krisisdienste aan gesinne ooreenkomstig hulle behoeftes gelewer behoort te word.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN FOKUS

Maatskaplike werkers wat gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne lewer, word volgens die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) en ander beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2005:71,72) aangemoedig om sterker te fokus op voorkomende as op statutêre dienste, aangesien 'n ontwikkelingsgerigte beleid tot welsyn voorgestaan word. Gebrekkige voorkomende en terapeutiese dienste (Department of Social Development, 2006a) kan veroorsaak dat maatskaplike werkers steeds op 'n gereelde basis statutêre dienste lewer.

Skrywers (Hochfeld, 2007:89; Lombard, 2007:296; September, 2006:71,66; Sewpaul, 2001:574) is verder van mening dat probleme bestaan met betrekking tot die implementering

van 'n ontwikkelingsgerigte beleid, wat die daarstelling van ontwikkelingsgerigte dienste vanweë verskillende redes, beïnvloed, soos byvoorbeeld 'n gebrek aan spesifieke riglyne, leierskap, asook finansiering. Hierdie situasie kan beteken dat die gewenste paradigmaterskuiwing na voorkomende dienste in maatskaplikewerk-dienslewering ooreenkomstig 'n ontwikkelingsgerigte beleid, nog nie doelgerig plaasgevind het nie.

Die moontlikheid bestaan dus dat gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne in Suid-Afrika in omgekeerde prioriteitsorde gelewer word as wat beleidsdokumente (Ministry for Welfare and Population Development, 1997; Department of Social Development, 2006a:29) voorstel, naamlik dat daar steeds sterker gefokus word op statutêre dienste, eerder as voorkomende dienste. Dit kan finansiële implikasies vir gesinsorgorganisasies inhou, aangesien die finansieringsbeleid (Department of Social Development, 2004c) aandui dat die toekenning van fondse gekoppel word aan voorkomings- en intervensieprogramme.

Die fokus van hierdie studie is daarom gerig op die aard en omvang, of die stand, van gesinsinstandhoudingsdienste wat in die Suid-Afrikaanse welsynsopset gelewer word om die verwydering van kinders uit hulle gesinne te voorkom. Die gesinsinstandhoudingsmodel, soos beskryf deur Pecora *et al.* (1995) en Tracy (1995), sal as teoretiese raamwerk dien. Die uitgangspunt is dat dienste aan gesinne eerstens gerig moet wees op **voorkomende dienste**, daarna op **terapeutiese** en laastens op **statutêre dienste**. Hierdie uitgangspunt stem ooreen met die voorgestelde **drie vlakke** waarop dienste aan gesinne gelewer moet word volgens bestaande beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2004b; Ministry for Welfare and Population Development, 1997). Maatskaplike werkers se perspektief op die strukturele probleme wat ondervind word om gesinsinstandhoudingsdienste ooreenkomstig bestaande beleidsdokumente (Ministry for Welfare and Population Development, 1997; Department of Social Development, 2006a) te lewer, sal ondersoek word.

1.3 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doel en doelwitte van die ondersoek is soos volg.

1.3.1 Doel van ondersoek

Die **doel** van die ondersoek is om teoretiese en praktiese riglyne vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste aan gesinsorgorganisasies daar te stel. Die riglyne moet as 'n basis dien vir dienslewering aan hoërisiko-gesinne en moet voldoen aan die uitgangspunte vir gesinsinstandhoudingsdienste soos in bestaande beleidsdokumente omskryf.

1.3.2 Doelwitte van ondersoek

Die **doelwitte** van die ondersoek is om:

- die risiko-faktore in gemeenskappe, gesinne en individue vanuit 'n ekologiese perspektief binne die Suid-Afrikaanse omstandighede te ontleed;
- die aard van maatskaplikewerk-intervensie ooreenkomstig die verskillende tipes gesinsinstandhoudingsdienste (gesinsondersteunings-, gesinsgesentreerde en intensiewe krisisdienste) vir hoërisiko-gesinne uiteen te sit en die toepaslikheid daarvan krities te evalueer ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse situasie;
- die stand van gesinsinstandhoudingsdienste wat aan hoërisiko-gesinne by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing gelewer word, te ondersoek;
- die perspektief van maatskaplike werkers op die stand van gesinsinstandhoudingsdienste en strukturele probleme wat met die implementering van beleidsdokumente ondervind word, te identifiseer.

1.4 METODOLOGIE EN NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsmetodologie wat van toepassing op hierdie studie is, word uiteengesit na aanleiding van die keuse van navorsingsontwerp, steekproefneming en die wyse waarop die data ingesamel en verwerk is.

1.4.1 Navorsingsontwerp

Om die doel van die studie te verwesenlik, is 'n omvattende literatuurstudie (Mouton, 2001:87) van internasionale en Suid-Afrikaanse literatuur onderneem word, met insluiting van bestaande beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a; Ministry for Welfare and Population Development, 1997). Met die literatuurstudie as agtergrond is 'n empiriese ondersoek in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing onderneem. 'n Kombinasie van die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering is benut (Fouché & De Vos, 2005:133-134). Hierdie navorsing kan geklassifiseer word as **verkennende** en **beskrywende navorsing**, soos deur De Vos, Strydom, Fouché en Delpont (2002:139) en Grinnell en Williams (1990:150) omskryf, aangesien hierdie ontwerpe geskik is vir kwalitatiewe, sowel as kwantitatiewe metodes van navorsing (Fouché & De Vos, 2005:134).

Hoewel navorsing oor intensiewe krisisdienste in Suid-Afrika bestaan (Trumpelmann, 2000; Wilson, 1999; Kruger, 1996), is weinig navorsing wat op ander gesinsinstandhoudingsdienste as intensiewe krisisdienste fokus, beskikbaar. Daar is dus min navorsingsresultate in Suid-

Afrika oor die aard of stand van voorkomende en terapeutiese gesinsinstandhoudingsdienste wat deur gesinsorgorganisasies gelewer word. Verkennende navorsing is daarom 'n gepaste navorsingsontwerp vir hierdie studie.

Die ondersoek bevat ook elemente van beskrywende navorsing (Fouché & De Vos, 2005:106), aangesien die menings van maatskaplike werkers oor onder andere die struikelblokke wat ervaar word by die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste vasgestel is. Inligting wat bekom is, is benut om die siening van die maatskaplike werkers oor hulle situasie, meer omvattend te beskryf.

1.4.2 Populasie en steekproefneming

Vir die doel van die studie is die **populasie** (De Vos *et al.*, 2002:198; Grinnell & Williams, 1990:118) al die maatskaplike werkers wat gesinsinstandhoudingsdienste by die drie grootste vrywillige gesinsorginstansies (ACVV, Badisa, Kinder- en Gesinsorg) in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing lewer. Die studie is afgebaken tot die Wes-Kaapse Metropol en omgewing (Kaapstad, Bellville, Kuilsrivier, Strand, Somerset-Wes, Stellenbosch) aangesien dit geografies toeganklik vir die navorsers is. **Doelbewuste seleksie volgens die nie-waarskynlikheidsseleksieklasifikasie** (Strydom, 2005:201,202; De Vos *et al.*, 2002:204,207; Grinnell & Williams, 1990:126,127) is vir **steekproefneming** gebruik, aangesien slegs maatskaplike werkers wat alreeds 'n jaar en langer gesinsinstandhoudingsdienste lewer, by die ondersoek betrek is. Tydens telefoniese gesprekke met die direkteure van hierdie drie welsynsinstansies is vasgestel dat die populasie uit 61 (ACVV: 17, Badisa: 33, Kinder- en Gesinsorg: 11) maatskaplike werkers bestaan. Toestemming vir die navorsing is skriftelik van die instansies ontvang. Al 61 (N=61) maatskaplike werkers is betrek by die voltooiing van die semi-gestruktureerde vraelys.

Ten opsigte van die fokusgroep is die deelnemers geïdentifiseer volgens doelbewuste seleksie (Strydom, 2005:201,202) deur twee maatskaplike werkers vanuit elk van die drie organisasies wat by die ondersoek betrek is, te versoek om aan die fokusgroepgesprek deel te neem. Die fokusgroep het voldoen aan sekere uitgangspunte wat in die literatuur (Strydom, 2005:303-307) vir die samestelling van 'n fokusgroep voorgestaan word, naamlik dat tussen ses en tien lede as geskik beskou word om in 'n fokusgroep betrek te word. Die fokusgroeplede was verder homogeen in die sin dat almal vroulik was, asook betrokke was by die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste, wat gesprekvoering bevoordeel het. Slegs een fokusgroeppessie is gehou, aangesien die inligting wat tydens hierdie twee-uur-lange gesprek

bekom is, die data wat reeds uit die semi-gestruktureerde vraelyste ingesamel is, grootliks herhaal, of ondersteun het.

1.4.3 Data-insameling en analise

'n **Selfgeadministreerde semi-gestruktureerde vraelys** (De Vos *et al.*, 2002:169) is benut om kwantitatiewe en kwalitatiewe data oor onder andere die perspektief en mening van die maatskaplike werkers oor die stand van gesinsinstandhoudingsdienste en die implementering van ontwikkelingsgerigte voorkomende dienste in te samel (Bylae 1). Die vrae in die semi-gestruktureerde vraelys is gebaseer op die literatuurstudie en toepaslike oop en geslote vrae (Rubin & Babbie, 2007:111) is ooreenkomstig die reeds geïdentifiseerde doel en doelwitte (punt 4.2), ontwikkel. Met ander woorde 'n deduktiewe metode (Grinnell, 1988:327-328) is gevolg. **Kwantitatiewe inligting** (De Vos *et al.*, 2002:298; Grinnell, 1988:188) wat bekom is deur geslote vrae, het onder andere gehandel oor die aard van voorkomende en terapeutiese gesinsinstandhoudingsdienste wat gelewer word ten einde die stand van gesinsinstandhoudingsdienste te bepaal. Die **kwalitatiewe inligting** wat deur oop vraagstelling ingewin is, het gefokus op onder andere die perspektief van die respondente op die term gesinsinstandhoudingsdienste, asook op die strukturele probleme wat ondervind word by die implementering van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste.

Die semi-gestruktureerde vraelys is in 'n **proefondersoek** in Maart 2008 getoets deur vier maatskaplike werkers by 'n loodsstudie te betrek, sodat die nodige aanpassings gemaak kon word voordat die data-insameling plaasgevind het (Rubin & Babbie, 2007:118; De Vos *et al.*, 2002:172). Hierdie maatskaplike werkers het tussen een, en twintig jaar ondervinding in die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste gehad en is daarom as geskik beskou om toepaslike insette ten opsigte van die semi-gestruktureerde vraelys te lewer. Leemtes in die vraelys kon bepaal word, terwyl die tyd wat in beslag geneem word om die vraelys te voltooi, ook vasgestel kon word. Dit het geblyk dat dit 'n respondent ongeveer 45 minute sal neem om die vraelys te voltooi.

Die semi-gestruktureerde vraelyste is versprei na die onderskeie areabestuurders, streekvertegenwoordigers en kantoorhoofde van die drie gesinsorgorganisasies wat by die ondersoek betrek is, wat dit na die maatskaplike werkers in die onderskeie organisasies vir voltooiing versprei het. Die vraelyste is in sowel Afrikaans as Engels opgestel en vir voltooiing ooreenkomstig die voertaal van die maatskaplike werker versend. Vertroulikheid is gewaarborg deur respondente per brief te versoek om die vraelys na voltooiing in 'n koevert

wat voorsien is, te verseël. Agt-en-vyftig (n=58) van die 61 (N=61) respondente het die vraelys voltooi, wat beteken dat 'n respons van 95% van die populasie verkry is.

Die kwantitatiewe data wat bekom is, is met behulp van 'n rekenaar verwerk, terwyl die kwalitatiewe data per hand verwerk is. Nadat albei soorte inligting verwerk is, is 'n fokusgroep (Strydom, 2005b:299,300) benut om die data (kwalitatief en kwantitatief) soos deur die respondente verskaf verder toe te lig. Die benutting van 'n kombinasie van tegnieke (vraelyste en 'n fokusgroep) het die voordeel volgens Weyers, Strydom en Huisamen (2008:207) dat data vergelyk kan word om ooreenkomste en inkongruensie uit te wys. Slegs vyf oop vrae (Bylae 2) is ontwikkel. Aspekte wat onder andere ondersoek is, is die perspektief van die fokusgroeplede op die wyses waarop maatskaplike werkers meer voorkomend te werk kan gaan ooreenkomstig bestaande beleidsdokumente binne die Suid-Afrikaanse welsynsopset.

Onderhoude is op band opgeneem en getranskribeer en benut om die reeds verkreë data te ondersteun of verder toe te lig deur die narratiewe van die fokusgroeplede weer te gee. Alle inligting wat bekom is, is ooreenkomstig die etiese kode van die maatskaplikewerk-professie as vertroulik hanteer.

Die verwerking van die data word aangebied met behulp van figure en tabelle en mededelings ooreenkomstig reeds bepaalde temas, soos uiteengesit in die doel en doelwitte (punt 1.3.2) van die studie. Die resultate van die ondersoek sal gebruik word om ooreenkomstig die doel van die studie teoretiese en praktiese riglyne vir gesinsorgorganisasies saam te stel vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste binne die Suid-Afrikaanse welsynsopset, en ooreenkomstig bestaande beleidsdokumente.

1.5 AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Die ondersoek fokus op die stand (aard en omvang) van gesinsinstandhoudingsdienste wat maatskaplike werkers aan hoërisiko-gesinne lewer. Die navorsingsveld is afgebaken tot kinder- en gesinsorgdienste met spesifieke verwysing na die aard en omvang van gesinsinstandhoudingsdienste wat deur die drie genoemde gesinsorgorganisasies gelewer word. Al die maatskaplike werkers in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing wat 'n jaar ondervinding van die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste het, is by die ondersoek betrek. Hierdie werkers was nie noodwendig alreeds 'n jaar in diens van die spesifieke organisasie nie.

1.6 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Die fokus van die studie is onder andere gerig op die aard en omvang van die gesinsinstandhoudingsdienste wat vanuit 'n ekologiese perspektief aan hoërisiko-gesinne gelewer kan word om die verwydering van kinders te beperk. 'n Beperking is dus dat die intra/inter psigiese kapasiteit waarvoor ouers moet beskik om kinders vanuit 'n meer kliniese oogpunt effektief te versorg, nie ontleed is nie.

'n Verdere beperking is dat die resultate van die ondersoek nie sonder meer veralgemeen kan word na die perspektief van alle maatskaplike werkers wat gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne in Suid-Afrika, lewer nie.

1.7 KONSEPTE EN BEGRIPSOMSKRYWINGS

Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende begripsomskrywings gestel.

1.7.1 Gesinsorgorganisasies

Vir die doeleindes van hierdie studie word gesinsorgorganisasies beskou as nie-regeringsorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing wat gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne lewer.

1.7.2 Gesinsinstandhoudingsdienste

Volgens Tracy (1995:980) word gesinsinstandhoudingsdienste gelewer om kinders veilig in hulle gesinne te hou, deur die krisissituasie wat die moontlikheid van verwydering veroorsaak, te stabiliseer. Tydens intervensie word maatskaplikewerk-dienste gelewer om die gesin se hanteringsvaardighede uit te bou deur onder andere gesinsbande te versterk, asook die gesin se benutting van formele en informele bronne te verhoog. Volgens skrywers (Pecora *et al.*, 1995; Tracy, 1995:980) moet hierdie dienste aan gesinne eerstens gerig wees op voorkomende dienste (gesinsondersteuningsdienste), daarna op terapeutiese (gesins-gesentreerde dienste/intensiewe krisisdienste) en laastens op statutêre dienste.

Vir die doeleindes van hierdie studie word gesinsinstandhoudingsdienste beskou as voorkomende en terapeutiese dienste wat deur maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies gelewer behoort te word om die gesin in stand te hou en die verwydering van kinders uit hulle gesinne te beperk, deur gesinne se hanteringsvaardighede uit te bou, gesinsbande te versterk en die gesin se benutting van formele en informele bronne te verhoog.

1.7.3 Hoërisiko-gesin

Volgens Ghate en Hazel (2002:12) kan 'n hoërisiko-gesin beskou word as 'n gesin waar die ouers probleme ondervind met die versorging van hulle kinders, of waar daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat probleme ervaar kan word indien intervensie nie plaasvind nie. Risiko's, of risiko-faktore is veranderlikes wat teenwoordig is en wat as verbandhoudend beskou word met die moontlikheid dat die ouers probleme kan ondervind met die versorging van hulle kinders. Volgens Tracy (1995:980) word 'n hoërisiko-gesin beskou as 'n gesin waar daar 'n risiko is dat die kind in gevaar is, vanweë kindermishandeling of -verwaarlosing.

'n Hoërisiko-gesin word dus vir die doeleindes van hierdie studie beskou as 'n gesin wat reeds op die gevallelading van 'n kinder- en gesinsorgorganisasie is omdat die ouers of versorgers probleme ondervind met die versorging van die kinders, vanweë risiko-faktore soos kindermishandeling en/of -verwaarlosing en waar gesinsinstandhoudingsdienste benodig word om die verwydering van hierdie kinders te voorkom.

1.7.4 Perspektief

Volgens die *Webster's New World Dictionary* (1951:1092) is 'n perspektief "A proper evaluation with proportional importance given to the component parts". 'n Perspektief word dus beskou as 'n juiste evaluering waar eweredige belangrikheid gegee word aan die onderskeie dele.

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n perspektief beskou as 'n juiste evaluering wat deur maatskaplike werkers gegee word oor die stand van gesinsinstandhoudingsdienste wat aan hoërisiko-gesinne gelewer word by nie-regeringsorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing.

1.8 TYDPERK VAN ONDERSOEK

'n Omvattende literatuurstudie is onderneem en is voltooi in Desember 2007. Die empiriese studie het 'n aanvang geneem gedurende Maart 2008 en is voltooi in Junie 2008. Die finale verslag is ingehandig op 15 Augustus 2008.

1.9 AANBIEDING

Die navorsingsverslag bestaan uit nege hoofstukke. In hoofstuk 2 is die risiko-faktore in die Suid-Afrikaanse gemeenskap, in gesinne en by individue ooreenkomstig die ekologiese perspektief ontleed. Ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsinstandhoudingsdienste is gesinsondersteuningsdienste, as voorkomende dienslewering in terme van die aannames en uitgangspunte van hierdie diens, in hoofstuk 3 uiteengesit.

In hoofstuk 4 word die uitgangspunte van die ontwikkelingsbeleid en die struikelblokke wat kan bestaan by implementering geïdentifiseer. Die toepaslikheid van tuisbesoekprogramme as voorkomende dienslewering binne die Suid-Afrikaanse situasie word geëvalueer, wat opgevolg word in hoofstuk 5 met 'n uiteensetting van die verskillende tipes ondersteuningsdienste wat aan hoërisiko-gesinne gelewer kan word. Gesinsgesentreerde en intensiewe krisisdienste word in hoofstuk 6 in terme van die Suid-Afrikaanse situasie geëvalueer, waarna riglyne voorgestel word vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste.

In hoofstuk 7 word 'n ontleding van die empiriese gegewens weergegee, onder andere ten opsigte van die stand van gesinsgesentreerde dienslewering. Die stand van gesinsondersteuningsdienste, sowel as die perspektief van maatskaplike werkers op die strukturele struikelblokke wat bestaan by die implementering van ontwikkelingsgerigte beleid, word in hoofstuk 8 ontleed en beskryf. In hoofstuk 9, word die gevolgtrekkings van die ondersoek uiteengesit en aanbevelings word gemaak ten opsigte van die perspektief van maatskaplike werkers op die stand van gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne.

HOOFSTUK 2

RISIKO-FAKTORE VIR KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING: 'n EKOLOGIESE PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING

Die primêre doel van gesinsinstandhoudingsdienste is om die verwydering van kinders uit hulle gesinne vanweë kindermishandeling en -verwaarlosing, te voorkom. Hierdie dienste word hoofsaaklik gelewer aan hoërisiko-gesinne wat in gemeenskappe woon waar gemeenskapsbronne dikwels te beperk is om die gesonde ontwikkeling van gesinslede te bevorder. Een van die doelwitte van die studie is om die risiko-faktore wat aanleiding kan gee tot kindermishandeling en -verwaarlosing in 'n gesin in Suid-Afrika te ontleed. Omdat die individu of gesin gesien word as deel van 'n bepaalde gemeenskap waarbinne die gesin funksioneer, word die ekologiese perspektief as 'n geskikte teoretiese raamwerk gesien om die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing te verduidelik. Mishandeling en verwaarlosing van kinders word vanuit hierdie perspektief beskou as die gevolg van die wisselwerking tussen die verskillende risiko-faktore wat teenwoordig is in die gemeenskap, in die gesin en in die individu.

In hierdie hoofstuk word die doel en uitgangspunte van gesinsinstandhoudingsdienste bespreek. Hierdie dienste moet gelewer word ooreenkomstig die bestaande welsynsbeleid in Suid-Afrika, wat 'n ontwikkelingsgerigte benadering vereis met die klem op voorkomende dienste. Die risiko-faktore, of die eienskappe van hoërisiko-gemeenskappe, -gesinne en -individue wat verband hou met die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing word ooreenkomstig een van die doelwitte van hierdie studie, vanuit 'n ekologiese perspektief ontleed, en van toepassing op die Suid-Afrikaanse samelewing gemaak.

2.2 ONTWIKKELING EN DOEL VAN GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE

Gesinsinstandhoudingsdienste in Amerika het hoofsaaklik **ontwikkel** uit 'n ontevredenheid oor die groot aantal kinders wat in die sewentigerjare uit hulle biologiese gesinne, vanweë kindermishandeling en -verwaarlosing verwyder is. Hierdie kinders is in pleegsorg geplaas, wat groot finansiële implikasies vir die welsynsbegroting gehad het. Navorsing (Tracy, 1995) dui daarop dat die meeste kinders uit arm, enkelouergesinne verwyder is, dikwels vanweë gebrekkige ondersteuningsdienste. Verder het hierdie kinders gereeld meer as een pleegsorgplasing gehad, wat die aanname dat die kind 'n meer stabiele omgewing in pleegsorg as by sy biologiese ouers behoort te hê, weerlê het. Dit het ook geblyk dat min

pogings deur die maatskaplike werkers aangewend is om dienste aan die kinders se gesinne voor, tydens of na die pleegsorgplasing te lewer (Tracy, 1995:975).

Intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste is beskou as 'n oplossing vir hierdie situasie en is vervat in die Amerikaanse Kinderwet (1980). Die aannames wat gemaak is, is dat minder verwyderings nodig sou wees as maatskaplikewerk-dienste vroeër en meer intensief gelewer is. Dienste moes ook gerig word op die uitbouing van gesinne se sterktes, om sodoende kinders sover moontlik in hulle biologiese gesinne te hou. Sterk klem is gelê op die feit dat die welsynsisteem 'n paradigma verskuiwing moes maak vanaf 'n reaktiewe sisteem wat fokus op die verwydering van kinders, na 'n sisteem wat gesinne ondersteun, en hulle vaardighede uitbou, sodat die gesin 'n veilige omgewing vir kinders kan bied (Chaffin, Bonner & Hill, 2001:1270; Kelly & Blythe, 2000:30,31).

Gesinsinstandhoudingsdienste is eerstens daarop gemik om intervensie aan hoërisiko-gesinne te lewer om die verwydering van kinders uit hulle gesinne te voorkom. Volgens Tracy (1995:980) moet die risiko wat aandui dat die kind in gevaar is verwyder word, eerder as om die kind uit die gesin te verwyder. Gesinsinstandhoudingsdienste behels dat kinders veilig in hulle gesinne gehou word, deur die krisissituasie wat die moontlikheid van verwydering veroorsaak, te stabiliseer. Tydens intervensie word maatskaplikewerk-dienste gelewer om die gesin se hanteringsvaardighede uit te bou deur onder andere gesinsbande te versterk, asook die gesin se benutting van formele en informele bronne te verhoog.

Alhoewel die doel van gesinsinstandhoudingsdienste geld vir gesinne waar daar 'n risiko bestaan dat 'n kind verwyder kan word, word die feit beklemtoon dat gesinsinstandhoudingsdienste nie as die oplossing vir alle gesinne se probleme beskou kan word nie. Dit is maar een tipe diens wat beskikbaar is op 'n kontinuum van dienste, waar daar ook sterk gefokus word op vroeë en voorkomende dienste (Kelly & Blythe, 2000:36; Campbell, 1998:80; Cole, 1995:170; Tracy, 1995:980). Oor die tipe of aard van gesinsinstandhoudingsdienste is skrywers (Pecora *et al.*, 1995:xix; Tracy, 1995:974) dit eens dat verskillende soorte programme of dienste as gesinsinstandhoudingsdienste geklassifiseer kan word. Vir gesinsinstandhoudingsdienste om effektief te wees, moet gemeenskapsondersteunende of voorkomende dienste, gesinsgesentreerde of terapeutiese dienste en intensiewe krisisdienste gelewer word. 'n Kort omskrywing van die aard van hierdie dienste is reeds in hoofstuk 1 gegee en word omvattend in die volgende hoofstukke bespreek.

Volgens Cash (2001:51) en Tracy (1995:98) kan daar nie verwag word dat gesinsinstandhoudingsdienste grootskaalse sosiale en ekonomiese probleme sal aanspreek nie.

Gesinne se behoeftes is dikwels te kompleks en gebrekkige bronne in gemeenskappe veroorsaak dat dit vir maatskaplike werkers moeilik is om gesinne in stand te hou.

Gesinsinstandhoudingsdienste word vervolgens beskou in terme van die Suid-Afrikaanse welsynsbeleid.

2.3 SUID-AFRIKAANSE WELSYNSBELEID EN KINDER- EN GESINSORG-DIENSTE

In Suid-Afrika het die eerste demokratiese verkiesing in 1994 aanleiding gegee tot verskeie beleidsveranderinge op die welsynsterrein. Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) wat in 1997 verskyn het, is die bekendste en belangrikste dokument wat beleidsveranderinge in maatskaplikewerk-dienslewering vereis. In hierdie dokument (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:28) word die doel van kinder- en gesinsorgdienste beskou as om gesinne in stand te hou, sodat 'n geskikte omgewing vir die fisieke, sosiale en emosionele ontwikkeling aan alle lede van die gesin gebied word. Dienslewering aan gesinne moet daarom eerstens fokus op voorkomende en/of terapeutiese dienste aan gesinne, dan op kinderbeskermingsdienste en laastens op statutêre dienste, of die verwydering van kinders uit hulle ouers se sorg.

Kinder- en gesinsorgdienste hou verder ook verband met die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind (United Nations, 1989) wat deur Suid-Afrika onderskryf word. Spencer en Baldwin (2005:28) dui aan dat regerings volgens hierdie Konvensie die verantwoordelikheid het om kinders se regte te vrywaar deur hulle te beskerm teen beserings en mishandeling (Artikels 19, 33, 34, 35, 26, 37), dat hulle in 'n geskikte skooling moet woon (Artikel 27), sowel as gepaste voeding moet ontvang (Artikel 24, 27), die reg het tot optimale ontwikkeling en oorlewing (Artikel 6), asook die reg het om voordele te geniet van bestaansbeveiliging (Artikel 26). Die Adjunkminister van Maatskaplike Ontwikkeling noem in 'n toespraak (NACCW, Durban, 03 Julie 2007) dat die Regering deur die onderskrywing van die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind (United Nations, 1989) die land verbind het om in die ontwikkeling en hersiening van beleid, wetgewing, programme en dienste, die regte van kinders as van die allergrootste belang te beskou.

In die Suid-Afrikaanse Grondwet (Republic of South Africa, 1996b) word Artikel 28 spesifiek gewy aan die regte van kinders. Hiervolgens het elke kind onder die ouderdom van 18 jaar die reg tot versorging deur 'n gesin of ouers, of dat 'n toepaslike alternatief gevind word indien die kind verwyder word uit die gesinsomgewing. Elke kind het ook die reg op

basiese voeding en skuling, gesondheids- en maatskaplike dienste, asook om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing of vernedering.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat kinder- en gesinsorgdienste gerig moet word op voorkomende dienslewering. Sodanige dienslewering sal bydra tot die kinders en gesinne se optimale funksionering, asook dat skade by kinders voorkom word, in ooreenstemming met die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind (United Nations, 1989), en met bepalinge in die Suid-Afrikaanse Grondwet (Republic of South Africa, 1996b).

2.3.1 Fokus van kinder- en gesinsorgdienslewering

Die feit dat **dienslewering** eerstens moet fokus op voorkoming en vroeë intervensiedienste om statutêre dienste te vermy, word sterk beklemtoon, omdat 'n **ontwikkelingsgerigte beleid** tot welsyn onderskryf word. Ten opsigte van maatskaplikewerk-dienslewering aan gesinne word dit gemeld in beleidsdokumente (Department of Social Development, 2004a:11,12) dat maatskaplikewerk-dienste wat die gesinslewe ontwig, soos die verwydering van kinders (statutêre dienste) meer dikwels gelewer word as voorkomende of terapeutiese dienste. Ondersoeke na kindermishandeling en -verwaarlosing word dikwels ook oorhaastig en onvolledig gedoen.

In hierdie beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:5,11; Department of Social Development, 2004b:20) word die gevolgtrekking gemaak dat die welsynsdienste wat voor 1994 gelewer is, ontoepaslik was, omdat dit gebaseer was op die mediese model van behandeling. Hierteenoor is die doel van ontwikkelingsgerigte dienste om die sterktes van individue, gesinne, groepe en gemeenskappe te ontwikkel, sodat hulle kapasiteit uitgebou word. 'n Maatskaplike ontwikkelingsgerigte benadering tot welsyn sluit dienste in wat persoonsgerig en ondersteunend is, asook gesinne bemagtig om gemeenskapsdienste te benut wat in hulle sosio-ekonomiese behoeftes kan voorsien. Die implementering van 'n ontwikkelingsgerigte beleid het behels dat organisasies wat maatskaplikewerk-dienste lewer 'n paradigma verskuiwing moes maak vanaf 'n residuele benadering na 'n ontwikkelingsgerigte perspektief, met die klem op voorkomende dienste wat gesinsgerig is, in die gemeenskap gebaseer is en geïntegreer is.

Die wyse waarop dienste gelewer moet word om ontwikkelingsgerigte dienslewering te implementeer, word in die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29) en die Nasionale Beleidsraamwerk en Strategiese Plan vir die Voorkoming en Bestuur van Kindermishandeling, Verwaarlosing en Uitbuiting (2005:71,72) volgens verskillende vlakke uiteengesit. Hiervolgens word

voorkomende dienste as die eerste of die **primêre vlak** beskou waarop dienste gelewer moet word. Op die **tweede vlak** moet **vroeë intervensiedienste** gelewer word, terwyl die **derde vlak** van dienslewering gerig is op **statutêre intervensies**. Die vierde en **laaste vlak** waarop dienste gelewer behoort te word behels **rekonstruksie- en nasorgdienste**.

In die toespraak wat deur die Adjunkminister van Maatskaplike Ontwikkeling by die NACCW-Konferensie in Durban in 2006 gelewer is, word genoem dat die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) voorsiening maak vir die beskerming van kinders deur dienste te lewer op die bogenoemde vlakke soos uiteengesit in die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a). Die feit dat 'n geïntegreerde benadering, met ander woorde gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste, tot maatskaplike-dienslewering gevolg moet word, word in hierdie dokument (Department of Social Development, 2006a:29) beklemtoon. Hierdie vlakke waarop dienslewering moet geskied en die aard van gesinsinstandhoudingsdienste wat dienooreenkomstig gelewer moet word, word in die volgende hoofstukke meer omvattend bespreek.

Ten opsigte van **gesinsinstandhouding** is die Finale Konsep Nasionale Beleid vir Gesinne (Department of Social Development, 2004a:10) die eerste dokument na die oornome deur die ANC in 1994 wat spesifiek aandui dat gesinsinstandhoudingsprogramme ontwikkel moet word. Die bevordering van die instandhouding en die versterking van gesinne word egter ook as een van die belangrikste doelstellings van die nuwe Kinderwet (38 van 2005:20) aangedui, terwyl gesinsinstandhoudingsprogramme ook as voorkomende dienslewering in die toespraak deur die Adjunkminister van Maatskaplike Ontwikkeling (NACCW-Konferensie, Durban, 3 Julie 2007) uitgelig is. In die Finale Konsep Nasionale Beleid vir Gesinne (Department of Social Development, 2004a:10) word genoem dat 'n doel van die beleid is om die ontwikkeling van gesinsinstandhoudingsprogramme te bevorder, asook om stelsels daar te stel om die voortsetting van die programme te waarborg. Dit word egter nie gemeld watter stelsels spesifiek ten opsigte van gesinsinstandhoudingsdienste ontwikkel sal word nie.

2.3.2 Implementering van ontwikkelingsgerigte beleid

Die implementering van 'n ontwikkelingsgerigte beleid tot maatskaplikewerk-dienslewering blyk nie altyd suksesvol te verloop nie. Lombard (2007:296) is van mening dat die gebrek aan spesifieke riglyne vir die implementering van 'n ontwikkelingsgerigte beleid die daarstelling van ontwikkelingsgerigte dienste na 1994 beïnvloed het, terwyl Hochfeld (2007:89) aandui dat spesifieke riglyne vir die implementering van die Finale Konsep Nasionale Gesinsbeleid (2006c) deur maatskaplike werkers, ontbreek. September (2006:71,66) huldig die siening

dat 'n gebrek aan leierskap en welsynservaring die implementering van die Nasionale Beleidsraamwerk en Strategiese Plan vir die Voorkoming en Bestuur van Kindermishandeling, Verwaarlosing en Uitbuiting (Department of Social Development, 2005) belemmer. Sy is verder van mening dat ten spyte van die feit dat internasionale konvensies, soos die Konvensie oor die Regte van die Kind deur die Regering onderskryf word, probleme ondervind word om beleid vir die beskerming van kinders en die bevordering van die welsyn van gesinne te implementeer.

Sewpaul (2001:574) noem dat die probleme wat ondervind word om 'n ontwikkelingsgerigte beleid, asook die verskillende programme wat die Regering voorstel, te implementeer, veroorsaak word deur 'n gebrek aan meganismes vir implementering. Sy noem dat indien daar erns is om dienste aan kinders te verbeter, daar ook voorsiening gemaak moet word vir finansiering, sowel as die koördinering en die daarstelling van die infrastruktuur om implementering van die beleid te verseker. Hierdie siening is beslis van toepassing op die beperkte finansiële bronne waarvoor nie-regeringsorganisasies beskik om gesinsinstandhoudingsprogramme te implementeer, en ook as die begroting vir die loodsprojekte wat deur die Regering onderneem is, onder die loep geneem word. Die loodsprojek vir gesinsinstandhoudingsdienste wat in Inanda in Durban van stapel gestuur is, se begroting vir 'n jaar was byvoorbeeld R1 271,32 miljoen, waarvan R1 133 104,49 miljoen gebruik is (Report on the Pilot Projects: Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk, 1998:35). Alhoewel die projek suksesvol was, het die meeste nie-regeringsorganisasies, veral in die platteland nie toegang tot fondse om 'n soortgelyke projek te implementeer nie.

Die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:11) dui aan dat die Regering in die afgelope tien jaar gefokus het op bestaansbeveiliging aan gesinne, en dat hierdie benadering die ontwikkeling van ander ontwikkelingsgerigte dienste, soos voorkomende- en vroeë intervensiedienste, ernstig beïnvloed het. Volgens beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:11, Department of Social Development, 2004b:3,18,20) het die sterk klem op bestaansbeveiliging die afgelope dekade deels veroorsaak dat maatskaplike werkers gedwing is om dienste te lewer wat nie bepaal is deur die bestaande behoeftes of prioriteite nie, maar voorgeskryf is deur beperkte bronne. Die sterk klem op bestaansbeveiliging in die welsynsbegroting het verder tot gevolg dat die getal maatskaplike werkers wat beskikbaar is om die hoë gevalleladings in omstandighede waar armoede toeneem, te hanteer, onvoldoende is. Die feit dat voorkomende dienste en vroeë intervensiedienste steeds swak ontwikkel is, is deels te wyte aan die bogenoemde situasie.

Soos reeds bespreek onder punt 2.1 in hierdie hoofstuk het die ontwikkeling van gesinsinstandhoudingsdienste in Amerika ook gepaard gegaan met beleidsveranderinge wat welsynsorganisasies genoodsaak het om 'n paradigma verskuiwing te maak vanaf statutêre dienste, na voorkomende dienste vir gesinsinstandhouding. Volgens Kelly en Blythe (2000:32) het organisasies in Amerika ernstige probleme ondervind om hierdie beleidsveranderinge te implementeer vanweë die feit dat finansiering deur die Regering nie beskikbaar was nie, terwyl tegniese ondersteuning ook problematies was. Organisasies kon nie voldoende finansiële ondersteuning vanuit die privaatsektor bekom om programme te implementeer nie, en slegs enkele State het daarin geslaag om die diens suksesvol aan te bied.

Dit is dus duidelik dat welsynsorganisasies in Suid-Afrika probleme ondervind met die ontwikkeling van voorkomende en vroeë-intervensiedienste soos die welsynsbeleid vereis ten einde 'n maatskaplike ontwikkelingsgerigte benadering te implementeer. Om toepaslike gesinsinstandhoudingsdienste in terme van vroeë en voorkomende dienste te ontwikkel, is dit noodsaaklik om die omgewing of die gemeenskap waar dienste gelewer word te ontleed, sodat die eienskappe van Suid-Afrikaanse hoërisiko-gesinne in ag geneem kan word by die ontwikkeling en lewering van hierdie dienste. Skrywers (Spencer & Baldwin, 2005:28) dui die verband aan tussen die ekologiese perspektief en die Verenigde Nasies se Konvensie ten opsigte van die Regte van Kinders (United Nations, 1989), aangesien samelewings deur hulle ekonomiese, politieke en maatskaplike beleid 'n direkte verantwoordelikheid het vir die beskerming van kinders en die bevordering van hulle welsyn.

2.4 EKOLOGIESE PERSPEKTIEF

Vanuit 'n ekologiese perspektief (Sheafor *et al.*, 2000:91,92; Germain & Gitterman, 1980:1) is die probleme of behoeftes van hoërisiko-gesinne en die gepaardgaande risiko-faktore eerder die gevolg van interaksies tussen die persoon en sy/haar omgewing, as geleë slegs in die persoon of gesinsisteem, of slegs in die omgewing. Volgens Germain en Gitterman (1980:5) bied die ekologiese perspektief 'n aanpasbare evolusionêre perspektief op mense wat in konstante verandering met al die elemente in hulle omgewing lewe. Skrywers (Jack, 2000:713; Tracy, 1995:975) beskou die ekologiese perspektief as toepaslik wanneer gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne gelewer word, omdat die omgewing of gemeenskap vanuit 'n ekologiese perspektief beskou word as die bron van – sowel as die oplossing vir – die behoeftes of probleme van individue en gesinne.


Volgens die ekologiese perspektief bestaan daar 'n interaktiewe wederkerige verhouding (transaksies) tussen die individu en sy omgewing (Welsch, 1987:161; Germain & Gitterman,

1980:28). In hierdie interaksies tussen mense en hulle omgewings ontstaan daar versteurings tussen die normale aanpasbare balans, of die “goodness of fit”. Hierdie versteurings verteenwoordig die stres wat veroorsaak word deur die onverenigbaarheid van die behoeftes en kapasiteit van individue, en die kwaliteite van die omgewing. Die stres (behoefte, probleme), manifesteer op **drie interafhanklike vlakke** naamlik **lewensorgange** soos ontwikkelingsfases, status- en rolveranderinge en krisisse, asook **omgewingsdruk** soos byvoorbeeld onsimpatieke organisasies, sosiale netwerke en fisiese strukture, en **wanaanpassing in interpersoonlike prosesse** of verhoudings en kommunikasie (Germain & Gitterman, 1980:13,28).

Bronfenbrenner (1977) se ontleding van menslike ekologie word as ’n algemene vertrekpunt in literatuur (Jack, 2000:714; Tajima, 2000:1384; Jack, 1997:109; Drake & Pandey, 1996:1003; Garbarino & Kostelny, 1992:456) benut vir die bespreking van die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing in ’n gesin. Bronfenbrenner (1977:514) beskou menslike ekologie as die wedersydse akkommodering van die mens en sy onmiddellike veranderende omgewing, vir sy lewensduur. Hierdie wedersydse akkommoderingsproses word deur verhoudings binne en tussen onmiddellike omgewings (mikro- en meso-sisteem), sowel as groter formele en informele sosiale kontekste (makro-sisteem), beïnvloed.

Welsch (1987:155) bevestig Bronfenbrenner (1977) se siening, deur tot die gevolgtrekking te kom dat die persoon in omgewingsoriëntasie in menslike ekologie uit die som van die verhoudings tussen individue en hulle omgewings, wat voortdurend in interaksie met mekaar is, bestaan. Hy stel die interaksie binne die menslike ekosisteem as konsentriese sirkels voor (figuur 2.1). Die grense tussen hierdie vlakke is egter deurdringbaar, aangesien dit verandering tussen die verskillende vlakke en tussen die menslike ekosisteem en die fisiese omgewing toelaat.

In figuur 2.1 word die menslike mikro-, meso- en makro-sisteem uiteengesit. Volgens Welsch (1987:155-159) bied die ekologiese perspektief ’n uitstekende kognitiewe raamwerk om die realiteite van die maatskaplikewerk-praktyk in Suid-Afrika te verstaan. Die onderskeie sisteme soos voorgestel in figuur 2.1 word vervolgens bespreek.



Figuur 2.1: Vlakke van menslike ekosisteem

2.4.1 Mikro-sisteem

Volgens figuur 2.1 word die mikro-sisteem beskou as die individu. Welsch (1987:158,171) dui aan dat die individu die sentrale rol in die ekosisteem het, aangesien alle gebeure en ondervindings geïnterpreteer word in terme van hoe dit verband hou met die individu, asook wat die invloed daarvan op die individu is, soos byvoorbeeld die fisiese behoefte aan kos, 'n skuiling en veiligheid. Bronfenbrenner (1977:514) beskou die mikro-sisteem as die onmiddellike omgewing van die individu waar 'n spesifieke rol vertolk moet word en waar interaksie tussen gesinslede plaasvind.

2.4.2 Meso-sisteem

Skrywers (Germain & Gitterman, 1980:145,197; Bronfenbrenner, 1977:514) beskou die meso-sisteem as die interaksie wat die individu met ander sisteme het, soos byvoorbeeld gesinslede, die skool, vriende, die kerk en die werkplek. Die meso-sisteem verwys dus ook na die sosiale netwerke waaroor die individu beskik, soos byvoorbeeld vriende, bure en kennisse, asook na die feit dat sosiale netwerke, of die gebrek daaraan, stres vir die individu en gesin kan veroorsaak.

2.4.3 Makro-sisteem

Die makro-sisteem word beskou as 'n uitbreiding van die meso-sisteem. Die makro-sisteem bestaan uit die sosiale strukture wat die individu beïnvloed, grense stel, of wat bepaal wat in 'n spesifieke struktuur gebeur. Hierdie strukture is onder andere die gemeenskap (Bronfenbrenner, 1977:515), asook die aard van die behuising waarin gesinne in 'n gemeenskap woon (Germain & Gitterman, 1980:197), die verspreiding van bronne, dienste en informele netwerke, kommunikasie en vervoerfasiliteite, die massamedia, asook regeringsinstansies op plaaslike en nasionale vlak.

Die institusionele patrone van kulture en sub-kulture, soos die ekonomiese, sosiale, politieke en regstelsels wat 'n invloed op die mikro- en meso-sisteem kan uitoefen is ook belangrik (Bronfenbrenner, 1977:515), aangesien regerings en gemeenskappe die sosiale, ekonomiese en tot 'n mate die kulturele konteks waarbinne kinders grootgemaak word, beïnvloed (Spencer & Baldwin, 2005:28). Germain en Gitterman (1980:137,138,196) verwys ook na die dienste (opvoeding en gesondheid) wat in burokratiese instellings vir individue en gesinne beskikbaar is en wat die individu se hantering van, en aanpassing in die omgewing, beïnvloed.

Na aanleiding van die voorafgaande kan die ekologiese perspektief as 'n geskikte teoretiese raamwerk vir intervensie aan hoërisiko-gesinne in maatskaplike werk beskou word, omdat die individu of gesin as deel van 'n bepaalde gemeenskap gesien word waarbinne die gesin of individu funksioneer of aanpas. Volgens Welsch (1987:161) word maatskaplike funksionering gemeet aan die hanteringsvaardighede en die aktiwiteite van individue en gesinne en die eise wat die omgewing aan hulle stel.

Jack (2000:704) fokus op die feit dat die ekologiese perspektief die balans tussen die stressors en ondersteuning wat in die gesinsomgewing bestaan, ontleed. Hy beskou die benutting van die ekologiese perspektief, wanneer maatskaplike werkers dienste aan gesinne lewer, nie as 'n teoretiese perspektief wat benut kan word op 'n lukrake manier nie, maar as die "tool-kit itself". Maatskaplikewerk-dienslewering aan hierdie gesinne fokus daarom op die passing tussen die individu of gesin en die gemeenskap, deur groei te bewerkstellig in die individu of gesin, die gemeenskap, of in albei. Volgens Welsch (1987:156) is die primêre doel van maatskaplike werk om individue, gesinne, groepe en gemeenskappe in staat te stel om hulle probleme te hanteer deur die bronne in hulle omgewing te benut. Die ekologiese perspektief bied die geleentheid aan maatskaplike werkers om deur intervensie op enige vlak van die menslike ekosisteem te fokus.

Kindermishandeling en -verwaarlosing word vanuit die ekologiese perspektief beskou as die resultaat van komplekse interaksies tussen risiko-faktore wat teenwoordig is in die individu, die gesin, die gemeenskap, asook op sosiokulturele vlak (Weissman, Jogerst & Dawson, 2003:1156; Ernst, 2000:5561; Coulton, Korbin & Su, 1999:1020; Brown, Cohen, Johnson & Salzinger, 1998:1075; Drake & Pandey, 1996:1004). Dit is daarom noodsaaklik dat maatskaplike werkers wat gesinsinstandhoudingsdienste lewer, bewus is van die eienskappe of die risiko-faktore wat in gemeenskappe, in die gesin, sowel as in die individu voorkom, wat kan bydra tot kindermishandeling en -verwaarlosing wat die verwydering van kinders tot gevolg kan hê. Die eienskappe van hoërisiko-gesinne en die ekologiese omgewing waar gesinsinstandhoudingsdienste in Suid-Afrika geïmplementeer moet word, word vervolgens bespreek.

2.5 EIENSKAPPE VAN HOËRISIKO-GEMEENSKAPPE, GESINNE EN INDIVIDUE

Soos reeds gedefinieer in hoofstuk 1 word 'n hoërisiko-gesin beskou as 'n gesin wat reeds op die gevallelading van 'n kinder- en gesinsorgorganisasie is, omdat die ouers of versorgers probleme ondervind met die versorging van die kinders, vanweë risiko-faktore soos kindermishandeling en/of -verwaarlosing, en waar intervensie benodig word om die verwydering van hierdie kinders te voorkom.

Lachman, Poblete, Ebigbo, Nyandiya-Bundy, Bundy, Killian en Doek (2002:589) het 'n ontleding gedoen van navorsing oor kindermishandeling en -verwaarlosing wat in die afgelope 10 jaar in die tydskrif, *Child Abuse and Neglect* gepubliseer is, en bevind dat daar 'n gebrek aan navorsing in Afrika is oor die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing. Navorsing oor die situasie in Afrika fokus eerder op die voorkoms van die verskillende vorms van mishandeling, as die bestudering van risiko-faktore, of die evaluering van die effektiwiteit van programme, soos wat gedoen word in ontwikkelde lande. Hierdie stelling is ook gedeeltelik van toepassing op Suid-Afrika, wat tot gevolg het dat daar vir die identifisering van die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing in die gemeenskap, gesin en in die individu in hierdie hoofstuk hoofsaaklik van internasionale literatuur gebruik gemaak sal word, waarna daar 'n toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie gemaak sal word.

Skrywers (Weissmann *et al.*, 2003; Jack, 2000; Ernst, 2000; Coulton *et al.*, 1999; Brown *et al.*, 1998) fokus op al die sisteme (mikro-, meso- en makro-sisteem) wanneer 'n ekologiese

ontleding van die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing aangebied word. In die volgende afdeling sal daar op die gemeenskapsrisiko-faktore (makro-sisteem) vir kindermishandeling en -verwaarlosing gekonsentreer word, aangesien die gemeenskap waarin kinders en gesinne woon, volgens Coulton *et al.* (1999:1020) die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing kan verhoog of verlaag. Garbarino en Kostelny (1992:463) is ook van mening dat die verskynsel van kinderverwaarlosing nie 'n simptoem van 'n individu, of 'n gesinsprobleem is nie, maar ook 'n gemeenskapsprobleem. Verdere aspekte soos die verspreiding van bronne en dienste en informele sosiale netwerke wat deel vorm van gemeenskapsrisiko-faktore in die makro-sisteem van menslike ekologie vir kindermishandeling en -verwaarlosing, sal ook bespreek word. Die eienskappe van gemeenskappe en die omgewing waarin hoërisiko-gesinne woon, sal vervolgens geïdentifiseer word.

2.5.1 Eienskappe van hoërisiko-gemeenskappe

Navorsing (Weissman *et al.*, 2003:1146; Ernst, 2000:556; Coulton *et al.*, 1999:1034; Garbarino & Kostelny, 1992:463) het bewys dat die mate waartoe die potensiële voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in 'n gemeenskap bepaal kan word, verband hou met sekere veranderlikes of sosio-ekonomiese faktore wat in 'n betrokke gemeenskap voorkom. Die belangrikste sosio-ekonomiese faktore wat uitgelig word, is die voorkoms van armoede met gepaardgaande werkloosheid, asook die opvoedkundige vlak van die gemeenskap. Hierdie sosio-ekonomiese veranderlikes word vervolgens bespreek.

2.5.1.1 Armoede, werkloosheid en opvoedkundige vlak

Armoede, werkloosheid en die opvoedkundige vlak van gemeenskapslede is veranderlikes wat verband hou met die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in 'n gemeenskap.

Armoede is 'n komplekse verskynsel waarvoor daar verskillende teorieë bestaan. Vir die doel van hierdie studie word daar nie gefokus op die ontleding van hierdie teorieë, of die bepaling van die oorsake daarvan nie, maar eerder op die feit dat armoede 'n risiko-faktor is wat teenwoordig is op gemeenskapsvlak wanneer kindermishandeling en -verwaarlosing voorkom. Armoede word geassosieer met kindermishandeling (Frederick & Goddard, 2007:335), maar die voorkoms van armoede beteken nie op sigself dat kinders mishandel sal word nie, alhoewel dit die risiko vir mishandeling verhoog (Lachman *et al.*, 2002:588). Navorsing (Ernst, 2000:570; Coulton *et al.*, 1998:1037; Drake & Pandey, 1996:1012; Garbarino &

Kostelny, 1992:463) dui aan dat daar in gemeenskappe waar 'n hoë vlak van armoede heers, 'n hoër voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing is. Alhoewel armoede sterker verband hou met die verwaarlosing van kinders (Connell, Bergeron, Katz, Saunders & Tebes, 2007:580,584) as met fisieke mishandeling (Weissman *et al.*, 2003:1159; Maluccio, Pine & Tracy, 2002:44; Burke, Chandy, Dannerbeck & Watt, 1998:396) of met seksuele mishandeling (Connell *et al.*, 2007:580; Brown *et al.*, 1998:1075; Drake & Pandey, 1996:1012) blyk die voorkoms van enige van hierdie vorms van mishandeling (Brown *et al.*, 1998:1075) hoër te wees in gemeenskappe waar armoede voorkom.

Armoede in gesinne word gewoonlik gedefinieer deur die vasstelling van 'n armoede-lyn, of die minimum bedrag wat 'n gesin nodig om te oorleef. Indien 'n gesin se inkomste laer as die vasgestelde bedrag is, word dit beskou dat die gesin in armoede leef. Die armoede-lyn verskil in gesinne afhangende van die gesinsgrootte en die ouderdomsverspreiding in die gesin. Jones en Nelson (2000:10) beskou hierdie definiëring as 'n beperkte perspektief op armoede, aangesien die wyer omvang van die kwessies wat die arm gesin in die gesig staar, soos die sosiale, gesondheids- en opvoedkundige aspekte van armoede, nie in ag geneem word nie. Hulle meen dat armoede meer omvattend gedefinieer moet word, aangesien 'n hoër inkomste in 'n arm gesin, nie al die probleme wat die gesin ervaar, sal oplos nie. Indien armoede meer omvattend gedefinieer word, moet die kwalitatiewe invloed wat armoede op gesinslede het, ook in ag geneem word. Hier word onder andere verwys na die gebrek aan mag wat individue vanweë armoede ervaar, hulle isolasie, sowel as sosiale uitsluiting wat daarmee gepaard gaan en die verwaarlosing wat kan ontstaan.

Alhoewel die armoede-lyn as 'n beperkte maatstaf vir die bepaling van armoede beskou kan word, het die inkomste van 'n gesin wel 'n beduidende invloed op die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing. Gesinne met 'n gemiddelde inkomste onder die armoede-lyn, het 'n hoër risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing getoon, soos blyk uit navorsing (Weissman *et al.*, 2003:10; Chaffin *et al.*, 2001:276; Brown *et al.*, 1998:1075). Verdere risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing wat verband hou met gesinsinkomste, is of die gesin hulp ontvang in die vorm van bestaansbeveiliging vir gesinne met kinders (Connell *et al.*, 2007:584; Chaffin *et al.*, 2001:1276; Keller & McDade, 2000:297; Kotch, Browne, Dufort, Winsor & Catellier, 1999:307; Kotch, Browne, Ringwalt, Stewart, Ruina, Holt, Lowman & Jung, 1995:1122), wat dikwels nie hierdie gesinne se lewenskoste dek nie (Green, 2000:288). Lae opvoedkundige kwalifikasies van ouers word ook herhaaldelik in navorsingstudies (Chaffin *et al.*, 2001:1276; Kotch *et al.*, 1999:307; Brown *et*

al., 1998:1075) as aanduidend van 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing bevestig.

In Suid-Afrikaanse gemeenskappe kom grootskaalse armoede voor. Volgens die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:3) leef ongeveer 'n derde (35,2%) of 18 miljoen van die bevolking in armoede. Dit beteken dat ongeveer die helfte (54%) van die kinders in Suid-Afrika in armoede leef. Volgens Barnes, Wright, Noble en Dawes (2007:11,21) ervaar 81% van die kinders in Suid-Afrika materiële verwaarlosing, aangesien hulle in huishoudings leef waar die inkomste laag is. Hierdie kinders loop potensieel die gevaar om dan verwaarloos en mishandel te word, soos reeds aangedui. Huishoudings in Suid-Afrika waar die grootste armoede voorkom, is by die Swart bevolkingsgroep, asook by enkelouers en in plattelandse gebiede. 'n Verdere belangrike aspek is die toename in die voorkoms van huishoudings wat een of ander vorm van bestaansbeveiliging ontvang (Casale & Desmond, 2007:85), aangesien die ontvang van bestaansbeveiliging herhaaldelik in navorsing (Connell *et al.*, 2007:584; Chaffin *et al.*, 2001:1276; Keller & McDade, 2000:297; Kotch *et al.*, 1999:307; Kotch *et al.*, 1995:1122) as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing aangedui is.

(a) Werkloosheid en vlak van opleiding

Volgens beleidsdokumente (Witskrif vir Welsyn, Ministry for Welfare and Population Development, 1997:3; Department of Social Development, 2004a:17) bestaan daar 'n noue verband tussen armoede, werkloosheid en die vlak van opleiding in 'n gemeenskap. In Suid-Afrika kom grootskaalse werkloosheid in die formele sektor van die ekonomie voor, aangesien werksgeleenthede aan slegs die helfte van die werksmag gebied word. Die voorkoms van werkloosheid is veral hoog onder mense wat nie 'n betrekking in die formele sektor kan bekom nie, waarvan die grootste gedeelte in hierdie groep onder 24 jaar oud is. Volgens Casale en Desmond (2007:86) toon 'n ontleding van statistiek in Suid-Afrika dat huishoudings met 'n gesinslid wat 'n inkomste uit 'n betrekking bekom, afgeneem het in die tydperk vanaf 1995 tot 2003. Dit word onder andere toegeskryf aan verhoogde werkloosheidsvlakke, asook aan 'n daling in die gemiddelde lone wat werkende persone ontvang. Volgens Viljoen en Levin (2000:46) se onderskeiding van die verskillende tipes werkloosheid wat kan voorkom, word Suid-Afrika grootliks gekenmerk deur strukturele werkloosheid. Hierdie tipe werkloosheid word beskou as langdurig (langer as 24 weke) en is die gevolg van 'n gebrek aan die nodige vaardighede wat vereis word vir die beskikbare

werksgeleentede. Barnes *et al.* (2007:12,22) dui aan dat 50% van die kinders in Suid-Afrika in huishoudings woon waar geen persoon bo die ouderdom van 18 jaar 'n werk het nie.

Die vaardighede of die vlak van opleiding waarvoor gemeenskapslede beskik, bepaal toegang tot werksgeleentede en 'n bepaalde inkomste. In Suid-Afrika is daar 'n noue verband tussen armoede en gebrekkige opleiding. Die vlak van gebrekkige opleiding word geïllustreer deur die feit dat 'n groot aantal van die Suid-Afrikaanse bevolking ongeletterd is. Ongeveer 27% van die bevolking in stedelike areas, en 50% in plattelandse omgewings, is ongeletterd (Witskrif vir Welsyn, Ministry for Welfare and Population Development, 1997:3). Hierdie situasie het 'n direkte invloed op hulle sosio-ekonomiese status en die aard van die gemeenskap waarin hulle hulle bevind (Department of Social Development, 2004a:21). In 'n studie wat deur Loots (1997:29) onderneem is, is bevind dat 68% van die werklose persone in Suid-Afrika jonger as 34 jaar oud is en dat 51% van hierdie groep ongeletterd is (ongeletterdheid is in hierdie studie beskou as 'n skoolopleiding laer as graad 9). Ses-en-negentig persent van die respondente wat werkloos was, het geen naskoolse opleiding gehad nie. Die opvoedkundige vlak van werklose persone is dus ook laag.

(b) Opvoedkundige vlak

Die belangrikheid van naskoolse opleiding word beklemtoon deur die feit dat die grootste groei in werksgeleentede in Suid-Afrika in professionele beroepe en bestuursposisies voorkom, wat beteken dat die moontlikheid om 'n werk te bekom al meer afhanklik raak van die opvoedkundige vlak van, of die opvoedkundige kwalifikasies waarvoor, 'n persoon beskik. Dit beteken dat diegene wie se opvoedkundige vlak laag is en wat tans nie oor 'n opvoedkundige kwalifikasie beskik nie, verder geïsoleer word, omdat hulle geleentede om 'n werk in die formele sektor van die ekonomie te bekom, al kleiner raak (The State of South Africa's Population Report, 2000:20).

Werkloosheid en die gebrek aan opvoedkundige kwalifikasies kan in Suid-Afrika ook in verband gebring word met vroeë skoolverlating. Volgens die Finale Konsep Nasionale Beleid vir Gesinne (2004a:11) is daar 'n groot aantal kinders tussen die ouderdom van ses en 15 jaar wat nie skool bywoon nie, terwyl vroeë skoolverlating as 'n wesenlike probleem beskou word, en toegeskryf word aan armoede of onstabielteit in die gesin. Barnes *et al.* (2007:12,23), dui aan dat 24% van die kinders in Suid-Afrika nie in die regte graad vir hulle ouderdom is nie, asook dat 6% van kinders glad nie skoolgaan nie. Maluccio *et al.* (2002:36) identifiseer vroeë skoolverlating as 'n risiko-faktor wat 'n oorsaak, sowel as 'n gevolg van armoede in

hoërisiko-gemeenskappe is. 'n Oorsaak van vroeë skoolverlating kan wees dat kinders nie 'n graad suksesvol voltooi nie en gevolglik die jaar moet herhaal. Kinders wat meer as twee grade in hulle skoolloopbaan moet herhaal, het 'n beduidende hoër risiko om die skool vroeg te verlaat en nie hulle hoërskoolloopbaan te voltooi nie. Hierdie risiko word verder verhoog by kinders in skole met 'n gebrek aan die nodige mannekrag, asook onvoldoende hulpbronne vir remediërende onderwys.

In Suid-Afrika blyk daar 'n hoë voorkoms van vroeë skoolverlating te wees, as Loots (1997) se bevinding dat 51% van die werklose persone onder 34 jaar die skool voor graad 9 verlaat het, ontleed word. In graad 9 is 'n kind wat elke jaar van sy skoolloopbaan suksesvol voltooi het, 15 jaar oud. Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Nr 84 van 1996; Republic of South Africa, 1996a) bepaal dat 'n kind skoolpligtig is totdat hy/sy 15 jaar oud is, of graad 9 bereik het, watter een ook al eerste gebeur. Hierdie wet bepaal verder dat geen kind toegang tot die skool geweier mag word omdat sy ouers nie die skoolfonds kan betaal nie. Kinders in Suid-Afrika verlaat dus nie die skool omdat hulle ouers nie die fooie kan bekostig nie. Hulle kan wel die skool verlaat omdat hulle nie skolasties vorder nie, vanweë die gebrek aan ondersteuningsisteme in hoërisiko-gemeenskappe, sowel as 'n gebrek aan ondersteuning deur die gesin. Kinders kan ook besluit om die skool te verlaat om die gesinsinkomste aan te vul, aangesien wetgewing (Republic of South Africa, 1997: Wet nr 75 van 1997, Art 44(1)) bepaal dat 'n persoon vanaf die ouderdom van 15 jaar die arbeidsektor kan betree.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die risiko-faktore vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing, soos armoede, werkloosheid en lae opvoedkundige kwalifikasies op 'n omvattende vlak in die Suid-Afrikaanse samelewing voorkom. Dit beteken dat die voorkoms van kindermishandeling en veral kinderverwaarlosing in gemeenskappe waar hierdie risiko-faktore teenwoordig is, hoër sal wees, omdat verwaarlosing soos reeds bespreek, sterker in verband gebring word met armoede, of lae gesinsinkomste.

2.5.1.2 Gebrekkige hulpbronne en dienste

Bronfenbrenner (1977:515) dui aan dat die beskikbare hulpbronne en dienste in 'n omgewing 'n invloed op die individu kan uitoefen. Gebrekkige hulpbronne en dienste, of swak formele ondersteuningsisteme word geassosieer met hoërisiko-gemeenskappe (Coulton *et al.*, 1999:1034; Garbarino & Kostelny, 1992:461). In hierdie afdeling sal daar hoofsaaklik gekonsentreer word op basiese dienste en bronne wat menslike armoede bepaal, soos uiteengesit in die Verenigde Nasies se Armoedeverslag (2000:20). Hiervolgens kan menslike

armoede op 'n indirekte manier gemeet word deur onder andere die toegang van gemeenskapslede tot dienste en infrastruktuur, soos elektrisiteit, sanitasie en drinkwater, te bepaal. Die gesondheid van 'n bevolking word as 'n verdere aanwyser van menslike armoede beskou. Alhoewel die gebrek aan behuising volgens die bogenoemde verslag as die gevolg van lae inkomste beskou word en as relatiewe armoede geklassifiseer word, sal behuising in hierdie afdeling bespreek word, omdat dit verband hou met basiese dienste.

(a) Lae-koste behuising

'n Kenmerk van gemeenskappe waar armoede voorkom, is lae-koste behuising. Navorsing (Ghate & Hazel, 2003:71) oor ouerskapsprobleme in arm gemeenskappe, dui nie behuising as sulks as 'n risiko-faktor aan nie, maar beklemtoon die feit dat gesinne wat in gemeenskappe lewe waar daar armoede is, ook in lae-koste behuising woonagtig is. Volgens Maluccio *et al.* (2002:37) bepaal beskikbare finansies, met ander woorde gesinsinkomste die kwaliteit van behuising wat bekostig kan word. Die kwaliteit van die behuising hou weer verband met die area waarin die behuising geleë is, die gemeenskap waarin die gesin kan woon, sowel as die grootte van die huis. Gesinne kan in armer gemeenskappe gedwing word om huisvesting met ander gesinne te deel, wat aanleiding gee tot oorbewoning.

Volgens die Verenigde Nasies se Armoedeverlag (United Nations Development Programme: Poverty Report, 2000:130) het 'n groot deel van die bevolking in Suid-Afrika nie toegang tot behuising nie. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2001) leef 15% van die swart bevolking in informele behuising (Amoateng, Heaton & Kalule-Sabiti, 2007:53). Vanweë hierdie groot tekort aan behuising, word arm gesinne in Suid-Afrika soos die voorafgaande literatuur aandui gedwing om saam met ander gesinne, in 'n uitgebreide familiesisteem, of in informele skuilings te woon, wat tot oorbewoning lei. Hierdie siening word bevestig in die ontleding van Suid-Afrikaanse statistiek (Amoateng *et al.*, 2007:50) wat bevind het dat die uitgebreide familiesisteem veral voorkom onder die Swart en Bruin bevolkingsgroepe wat oor 'n lae opvoedkundige vlak beskik en in armoede lewe. Armoede dwing mense om saam te woon omdat bronne sodoende gedeel kan word.

In 'n poging om die groot behuisingsprobleem aan te spreek het die regering in die afgelope tien jaar 1,6 miljoen huise beskikbaar gestel, terwyl projekte ook begin is om finansiering vir eiendom vir lae inkomste groepe meer toeganklik te maak. Probleme word hiermee ondervind omdat navorsing aangedui het dat 45% van die gesinne met 'n inkomste van R1 500 per maand, en wat kwalifiseer vir 'n lening, in die afgelope 12 maande honger gelei het. Die addisionele uitgawes wat 'n huis sal meebring, soos byvoorbeeld munisipale belasting en

dienste, sal gevolglik nie deur die gesin bekostig kan word nie (Die Sake Burger, 8 Augustus 2005:16).

Ten opsigte van munisipale dienste het ongeveer 60% van die Suid-Afrikaanse bevolking wat in lae inkomste gemeenskappe woon, nie elektrisiteit in hulle huis of skool nie, terwyl ongeveer 50% nie toegang tot lopende water het nie, wat beteken dat daar ook nie sanitasiefasiliteite beskikbaar is nie. Hierdie omstandighede lei direk tot swak gesondheid en siektes soos tuberkulose, wat oorheersend by die armer gedeelte van die bevolking voorkom (The State of South Africa's Population Report, 2000:30). Alhoewel toegang tot lopende water in die post-apartheid era toegeneem het, het dit hoofsaaklik deur die minder wenslike manier van gemeenskaplike krane geskied. Verder het die toegang tot toiletfasiliteite nie in die post-apartheid-era verbeter ten opsigte van die beskikbaarheid, of die kwaliteit daarvan nie (Casale & Desmond, 2007:86). Laasgenoemde skrywers kom tot die gevolgtrekking dat 'n groot aantal huishoudings in Suid-Afrika in die post-apartheid-era steeds geen toegang het tot formele behuising, elektrisiteit of goeie kwaliteit water- en sanitasiegeriewe nie. Barnes *et al.* (2007:12,23) het bevind dat 77% van die kinders in Suid-Afrika in omstandighede lewe wat as omgewingsverwaarloosing beskou kan word. Omgewingsverwaarloosing verwys na omstandighede waar water nie beskikbaar is binne 200 meter vanaf die skool nie, daar nie sanitasiegeriewe, elektrisiteit beskikbaar of toegang tot 'n telefoon is nie, en waar oorbewoning in 'n informele skool plaasvind. By hierdie 77% kinders was een of meer van bogenoemde aspekte teenwoordig.

(b) Swak gesondheid

Volgens Maluccio *et al.* (2002:49,50) word die **gesondheid** van kinders en hulle ouers bepaal deur 'n verskeidenheid van interafhanklike faktore, soos die handhawing van 'n gesonde lewenstyl, toepaslike voeding, asook die skerp van 'n veilige omgewing. Ouers moet inligting oor goeie gesondheid kan begryp, en toegang hê tot toepaslike gesondheidsorgfasiliteite. Kinders wat in lae-inkomste gemeenskappe woon, het 'n groter risiko om siek te raak en ernstige beserings op te doen as kinders wat in meer welgestelde gemeenskappe woon. Die voorkoms van armoede verhoog met ander woorde die moontlikheid dat die basiese vereistes vir goeie gesondheid nie bestaan nie.

Verskillende redes word aangevoer vir die feit dat kinders wat in armer gemeenskappe woon se gesondheid swakker is. Een van hierdie redes is die feit dat babas dikwels nie alle immuniserings ontvang nie. Faktore wat ook die toegang van lae-inkomste gesinne tot

mediese dienste beperk, is byvoorbeeld gebrek aan geriewe om 'n telefoniese afspraak te maak, die gebrek aan vervoer om die kind vir mediese hulp te neem, asook die gebrek aan versorging van ander kinders in die gesin indien een kind vir 'n mediese ondersoek geneem word. Die gebrek aan kennis van gesondheidsorg by die ouer en die beskikbare hulpbronne in 'n gemeenskap, word as verdere faktore geïdentifiseer wat kinders se gesondheid kan beïnvloed. Laastens kan ander gesinskrisisse ook veroorsaak dat die moeder nie aandag kan gee aan siek kinders nie.

Bogenoemde oorsake van swakker gesondheid by kinders wat in lae-inkomste gemeenskappe woon, is ook van toepassing op **Suid-Afrika**. 'n Gebrek aan hulpbronne het 'n invloed op die gesondheid van kinders. Swak behuising, gebrekkige toegang tot water, onvoldoende, of die gebrek aan sanitêre en afvalverwyderingsdienste word as direkte oorsake van voorkombare siektes soos tuberkulose en ander respiratoriese siektes beskou. Siektes wat omgewingsverwant is, soos diarree by babas en kinders, word ook toegeskryf aan onvoldoende dienste en fasiliteite. In landelike areas is daar byvoorbeeld 'n hoë voorkoms van wanvoeding by babas, kinders en moeders wat borsvoed, vanweë 'n gebrek aan inkomste om voedsame kos te koop. Hierdie situasie dra by tot die steeds hoër kinder- en moedersterftesyfers by arm Suid-Afrikaners (The State of South Africa's Population Report, 2000:77,30,31).

2.5.1.3 Maatskaplike kohesie

Maatskaplike kohesie verwys na die groter gemeenskapsomgewing en die invloed daarvan op gemeenskapslede. Dit bestaan uit 'n wye reeks van interaksies (formeel en informeel) op gemeenskapsvlak tussen die lede van 'n bevolking. Maatskaplike kohesie is 'n manier om die samevatting van al die persoonlike netwerke van 'n spesifieke gemeenskap, soos die daaglikse interaksies en omgang tussen vriende, familie en bure, kollegas, kerklede, politieke en sosiale groepe te beskryf. Hierdie kontakte word ontwikkel en in stand gehou deur die voortdurende interaksies tussen relatief gelyke lede van 'n gemeenskap waardeur 'n gevoel van onderlinge respek en vertrouwe gekweek word en wat die gevoel by gemeenskapslede oor hulle gemeenskap, bepaal.

Die maatskaplike kohesie van 'n samelewing of 'n gemeenskap kan ernstig ondermyn word as ongelykhede en sosiale uitsluiting voorkom, omdat dit die openlike en wedersydse interaksies tussen gemeenskapslede beperk (Jack, 2000:709). Sosiale uitsluiting kom voor wanneer gemeenskappe of individue 'n kombinasie van interafhanklike probleme ondervind. Hierdie probleme of behoeftes is werkloosheid, gebrekkige vaardighede, lae inkomste, swak

behuising, swak gesondheid, geweld en gesinsdisintegrasië (Graig, 2002:672). Werkloosheid, lae inkomste en gebrekkige vaardighede, sowel as swak behuising en gesondheid is reeds as kenmerke van hoërisiko-gemeenskappe in Suid-Afrika aangedui. Die voorkoms van geweld word vervolgens bespreek.

(a) Hoë voorkoms van geweld

'n Hoë voorkoms van geweld word deur Ghate en Hazel (2002:93) beskou as 'n faktor wat negatief inwerk op maatskaplike kohesie. Daar kan vanuit 'n ekologiese perspektief 'n onderskeid getref word tussen gemeenskapsgeweld en gesinsgeweld. Maluccio *et al.* (2002:40,41,46) noem dat kinders en gesinne wat in baie arm gemeenskappe woon, kronies blootgestel word aan gemeenskapsgeweld. Die risiko vir hierdie kinders om blootgestel te word aan geweld is twee maal hoër as vir kinders wat in welgestelde areas woon. In lae-inkomste gemeenskappe word geweld soos gewelddadige misdade, asook dwelmhandel en jeugmisdade volgens Coulton *et al.* (1999:1020), geassosieer met die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing.

In Suid-Afrika kom geweld meer dikwels in lae-inkomste gemeenskappe as in hoër-inkomste gemeenskappe voor. In lae-inkomste gemeenskappe is 'n groot aantal jeugdige betrokke by misdade wat bende-verwant is, aangesien die gemiddelde ouderdom van persone wat betrokke is by misdade verlaag het vanaf 22 jaar, na 17 jaar. Die voorkoms van huishoudelike geweld, seksuele molesting en verkragting het ook toegeneem. Verder het die apartheidsoorlog veroorsaak dat gemeenskappe op groot skaal blootgestel is aan geweld (Government of the Republic of South Africa, Office of the Presidency: Youth Policy, 2000:15). Noyoo (2004:363) noem in hierdie verband dat misdade in Suid-Afrika die sosiale struktuur van die samelewing bedreig en ook die sekuriteit, mobiliteit en psigologiese gesondheid van die landsburgers ernstig aantast. Dit veroorsaak dat mense voortdurend in 'n staat van beleëring verkeer.

(b) Mobiliteit van gemeenskapslede

Hoë **mobiliteit** of die aantal jare wat gemeenskapslede in 'n spesifieke gemeenskap woon, word in verband gebring met gebrekkige maatskaplike kohesie, omdat dit veral die mate waartoe gemeenskapslede mekaar kan leer ken en 'n gemeenskapsgevoel kan ontwikkel, beïnvloed (Ghate & Hazel, 2002:93; Garbarino & Kostelny, 1992:458). Mobiliteit kan ook beteken dat gemeenskappe vinnig groei, veral as dit te doen het met die migrasie van gemeenskapslede vanaf plattelandse na stedelike areas as gevolg van werksgeleentheid, soos

wat in Suid-Afrika die geval is. Vinnig groeiende gemeenskappe het in die navorsing wat deur Ernst (2000:565) onderneem is, 'n hoër voorkoms van fisieke-, en seksuele mishandeling, sowel as verwaarlosing getoon.

In Suid-Afrika kom mobiliteit van gemeenskapslede voor vanweë die migrasie werkstelsel, wat behels dat mense na, asook tussen areas beweeg waar werksgeleenthede is. Ongeveer 20% van die inkomste van arm huishoudings kom van gesinslede wat weg van die huis werk. Die gebrek aan werksgeleenthede het verder tot gevolg dat arm huishoudings se gesinslede versprei is oor verskeie areas om 'n inkomste te bekom (The State of South Africa's Population Report, 2000:10). Die migrasie werkstelsel word beskou as een van die grootste oorsake van die fragmentering van gesinne, omdat gesinslede vir lang periodes van mekaar geskei is (Department of Social Development, 2004a:13). In navorsing (Madu & Peltzer, 2000:264) wat in die Noordelike Provinsie in Suid-Afrika oor die risiko-faktore vir die voorkoms van seksuele mishandeling onderneem is, is die migrasie werkstelsel uitgelig as een van die redes vir die hoë voorkoms daarvan. Wanneer hierdie ouers weg van die huis is, word kinders by familielede en ander oppassers gelaat, wat die kinders blootstel aan alle vorms van mishandeling, maar ook spesifiek seksuele mishandeling.

(c) Gebrekkige formele en informele bronne

Maatskaplike kohesie in 'n gemeenskap word ook beïnvloed deur die formele en informele ondersteuningsbronne wat in 'n gemeenskap bestaan (Jack, 2000:713; Coulton *et al.*, 1999:1034). Volgens Garbarino en Kostelny (1992:461) se navorsing het lae-inkomste gemeenskappe waar daar meer formele en informele ondersteuningsisteme was, 'n laer risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing getoon as gemeenskappe waar minder sodanige sisteme was. Die algemene gemeenskapsgevoel was ook meer positief en gemeenskapslede was meer bewus van die bronne wat in hulle gemeenskap bestaan, as in die gemeenskap met minder ondersteuningsisteme. Jack (2000:712) bespreek 'n projek wat in die Verenigde Koninkryk onderneem is om die areas met 'n hoë voorkoms van misdaad en geweld meer veilig te maak, deur beter polisiëring en voorkomende misdaadstrategieë. Die gemeenskapsgevoel van inwoners het meer positief geraak namate probleme soos dwelmshandel, inbrake en ander misdaad verminder is.

In sowel die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) as die Finale Konsep Nasionale Beleid vir Gesinne (Department of Social Development, 2004a:12) word die situasie van gesinne in Suid-Afrika ontleed. Die gevolgtrekking is gemaak dat die behoeftes en probleme van Suid-Afrikaanse gesinne verskil hoofsaaklik

vanweë die **oneweredige verspreiding van hulpbronne** tussen verskillende gemeenskappe. Lae-inkomste gemeenskappe beskik nie oor voldoende bronne om in die behoeftes van gesinne te voorsien nie. Onvoldoende bronne veroorsaak dat gesinne min ondersteuningsisteme het, soos byvoorbeeld voorskoolse en naskoolse versorgingsfasiliteite, klinieke en skole. Hierdie beskrywing van die omstandighede van gesinne in Suid-Afrika stem ooreen met internasionale skrywers (Cash & Berry, 2003:4; Cash, 2001:44; Pecora *et al.*, 1995:xxi,xxii) se siening dat hoërisiko-gesinne wat kliënte is van welsynsinstanties, in gemeenskappe leef waar bronne te beperk is om die gesonde ontwikkeling van gesinslede te bevorder. Die gebrek aan bronne en dienste in 'n gemeenskap het egter 'n beduidende invloed op die gemeenskapsgevoel of die maatskaplike kohesie wat in 'n gemeenskap bestaan.

Hierdie maatskaplike kohesie word beïnvloed deur 'n verskeidenheid faktore. Wanneer die maatskaplike kohesie in 'n gemeenskap laag is, as gevolg van hoë mobiliteit van gemeenskapslede, gebrekkige sosiale en formele ondersteuningsbronne en die voorkoms van geweld, is die gemeenskapsgevoel van inwoners oor die gemeenskap negatief en word die risiko van kindermishandeling en -verwaarlosing verhoog. In Suid-Afrika veroorsaak die aanwesigheid van al hierdie faktore gebrekkige maatskaplike kohesie in lae-inkomste gemeenskappe, wat waarskynlik gepaard gaan met negatiewe gevoelens by inwoners oor die gemeenskap waarin hulle woon, en dui ook op 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing.

2.5.2 Eienskappe van hoërisiko-gesinne

Skrywers (Germain & Gitterman, 1980:145,197; Bronfenbrenner, 1977:514) beskou die meso-sisteem van die menslike ekosisteem as die interaksies wat plaasvind tussen gesinslede, asook die interaksies wat die gesin het met ander sisteme, soos byvoorbeeld die skool en die kerk. Volgens die Finale Konsep Nasionale Gesinsbeleid (Department of Social Development, 2006c:25) word 'n gesin beskou as 'n groep persone wat saamgebind kan word op enige van die volgende maniere, naamlik deur 'n huwelik, bloedverwantskap, aanneming of deur saam te woon in 'n woning, of nie. Hierdie groep is interaktief en kommunikeer met mekaar in die uitvoer van hul onderskeie gesinsrolle en onderhou 'n gemeenskaplike kultuur, wat bestuur word deur gesinsreëls.

In hierdie beskrywing van 'n gesin kan sekere teoretiese konsepte uitgelig word. Eerstens kan die ekologiese perspektief van toepassing gemaak word, aangesien daar gefokus word op individue (gesinslede) wat 'n groep (gesin) vorm wat uit die aard van die saak binne 'n sosio-ekonomiese sisteem (gemeenskap) funksioneer. Die uitgangspunte van die sisteemteorie kom

in die tweede gedeelte van die omskrywing van 'n gesin na vore. Volgens die sisteemteorie word die gesin beskou as 'n dinamiese sisteem wat bestaan uit interaktiewe elemente (gesinslede) wat 'n eenheid vorm. Die aard van die interaksie (gesinsreëls, norme en waardes) wat in die sisteem voorkom beïnvloed die effektiwiteit waarmee die sisteem funksioneer (Goldenberg & Goldenberg, 2000:27; Sheafor *et al.*, 2000:89).

Die genoemde dokument (Finale Konsep Nasionale Gesinsbeleid: Department of Social Development, 2006c:26) dui slegs die verskillende vorms van gesinne aan, naamlik die nukleêre gesin, enkelouergesin, gesin waar kind/jeugdige die hoof is, dieselfde geslag gesin, uitgebreide gesin, gesin waar 'n grootouer die hoof is, pleeggesin, nie-huishoudelike gesin en hersaamgestelde gesin. Daar word egter volgens Hochfeld (2007:84) geen melding gemaak van die feit dat sommige van hierdie gesinsvorme dit binne die Suid-Afrikaanse omstandighede moeiliker kan vind om ekonomies te oorleef nie.

Die welsyn van kinders in 'n gesin is afhanklik van hoe effektief die gesin funksioneer. In terme van effektiwiteit konstateer die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:62) dat kinders in 'n gesin 'n gevoel van behoort moet ervaar, waardes, lewensvaardighede en grense vir hulle gedrag moet aanleer, asook dissipline. In die Finale Konsep Nasionale Gesinsbeleid (Department of Social Development, 2006c:1-2) word die gesin beskou as die primêre eenheid vir die ontwikkeling van gesinslede en is die gesin die basiese eenheid waarheen die waardes en norme van die samelewing oorgedra en in stand gehou word. Sterk klem word dus geplaas op die gesin se rol in die vestiging van die samelewing se norme en waardes.

Die omgewing waarin 'n gesin woonagtig is, het 'n baie groot invloed op die funksionering daarvan, aangesien die gesin as 'n eenheid of 'n sisteem binne 'n gemeenskap, funksioneer. Die hoërisiko-gesin moet daarom as 'n sisteem deur maatskaplike werkers geassesseer word met inagneming van die ondersteuningsisteme wat in die gemeenskap teenwoordig is om te bepaal watter tipe intervensiedienste toepaslik sal wees. Ten opsigte van gesinsvlak blyk gesinstruktuur, gesinsgrootte, finansiële stres en gesinsgeweld vanuit 'n ekologiese ontleding, bepalende risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing te wees. Hierdie aspekte sal vervolgens toegelig word.

2.5.2.1 Gesinstruktuur

Die struktuur van 'n gesin blyk 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing te wees. By gesinstruktuur word veral verwys na enkelouergesinne.

Enkelouerskap word deur sommige skrywers (Weissman *et al.*, 2003; Garbarino & Kostelny, 1992) as 'n demografiese risiko-faktor op gemeenskapsvlak beskou, wat beteken hoe hoër die voorkoms van enkelouers in 'n gemeenskap, hoe groter is die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing in die betrokke gemeenskap. Vir die doeleindes van hierdie bespreking sal enkelouerskap, soos in die studies van Ghatte en Hazel (2002:74) en Brown *et al.* (1998:1075) as 'n risiko-faktor op gesinsvlak beskou word, aangesien die stressors wat die enkelouer ervaar, 'n invloed op ouerskap het. Met betrekking tot enkelouerskap is die risiko vir kinders om in 'n enkelouergesin verwaarloos te word, beduidend hoër as in twee-ouergesinne (Burke *et al.*, 1998:395), terwyl enkelouerskap en die aantal egskeidings in 'n gemeenskap, ook die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing verhoog (Weissman *et al.*, 2003:1153).

Dit is belangrik om te onderskei tussen die verskillende gebeurtenisse wat enkelouerskap tot gevolg het, soos 'n egskeiding en die dood van 'n eggenoot. Enkelouerskap kan ook voorkom as gevolg van die feit dat die moeder nooit getroud is nie, waarvan tienerswangerskappe die hoogste voorkoms in hierdie groep is. Wanneer tieners wat in armoede leef swanger raak, word hulle risiko verhoog om afhanklik van welsynsdienste te raak, en vroeg skool te verlaat wat hulle vlak van opleiding, sowel as toekomstige finansiële sekuriteit, raak (Goldenberg & Goldenberg, 2000:131,132).

In Suid-Afrika is die voorkoms van tienerswangerskappe hoog. Statistiek dui daarop dat 35% van alle tieners teen die ouderdom van 19 jaar swanger is, of alreeds 'n baba gehad het. Die grootste voorkoms van tienerswangerskappe is in die Bruin en Swart bevolkingsgroepe wat van die armste en mees agtergestelde groepe in Suid-Afrika is. Hierdie swangerskappe is gewoonlik onbeplan en die vader van die kind is dikwels onbetrokke by die kind, terwyl die moeder die skool vroeg verlaat. Dit het tot gevolg dat die tienermoeder meer kwesbaar is vir armoede, terwyl die baba gebore word in 'n omgewing met onvoldoende finansiële of emosionele bronne vir versorging (The State of South Africa's Population Report, 2000:44,45,79). Jeugdigheid van die moeders (Brown *et al.*, 1998:1074) asook hulle lae opvoedkundige kwalifikasies (Chaffin *et al.*, 2001:1276; Kotch *et al.*, 1995:1123), word herhaaldelik in navorsing sterk verbind met 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing. Albei hierdie aspekte is van toepassing op tienermoeders.

Navorsing toon dat wat enkelouerskap betref, dit blyk dat die huwelik as die eksklusiewe domein vir ouerskap in Suid-Afrika veral by die Swart en gedeeltelik by die Bruin bevolkingsgroep, sy rol verloor het (Kalule-Sabiti, Palmuleni, Makiwane & Amoateng, 2007:99;109; The State of South Africa's Population Report, 2000:44,45,79). Statistiek

toon 'n klein verskil tussen die gemiddelde aantal kinders wat getroude Swart vrouens het, teenoor diegene wat nie getroud is nie, maar 'n saamleefmaat het. Die hoë voorkoms van enkelouergesinne waar vrouens die hoof van die gesin is (37,8%), in die plattelandse, sowel as stedelike areas (The State of South Africa's Population Report, 2000:44,45,79), word gedeeltelik toegeskryf aan die migrasiestelsel vir mynwerkers wat in die apartheidsjare gegeld het (Kalule-Sabiti *et al.*, 2007:89; The State of South Africa's Population Report, 2000:44,45,79). Dit het vandag nog tot gevolg dat vrouens alleen verantwoordelik is vir huishoudings, met negatiewe gevolge, soos onder andere kindermishandeling en -verwaarlosing (The State of South Africa's Population Report, 2000:44,45,79).

Enkelouerskap raak in arm omgewings 'n kroniese stressor volgens die studie wat deur Ghate en Hazel (2002:74,75) onderneem is. Hulle het bevind dat die enkelouers in hulle studie geen lewensmaat gehad het in die vyf jaar voordat die studie onderneem is nie. Hierdie ouers het meer gesondheidsprobleme ondervind as twee-ouergesinne, asook meer probleme gehad met die hantering van hulle kinders. Enkelouers ervaar ook veral finansiële stres, omdat daar slegs een inkomste in die gesin is. Goldenberg en Goldenberg (2000:141) dui ook op die feit dat aangesien die enkelouer alleen verantwoordelikheid moet neem vir die versorging van kinders, die organisering van die huishouding en die gesinsinkomste, kan dit stressors wees wat ouerskap moeiliker maak. Ouerskap word verder bemoeilik as daar nie voldoende ondersteuningsisteme vir moeders in gemeenskappe is nie, of as dit 'n groter gesin is, soos wat in Suid-Afrika dikwels die geval is.

2.5.2.2 Gesinsgrootte

Skrywers (Éthier, Lemelin & Lacharité, 2004:1270; Ghate & Hazel, 2002:64; Brown *et al.*, 1998:1070,1072) is dit eens dat groot gesinne in terme van die aantal kinders in die gesin, 'n belangrike risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing is. In navorsing (Roerts, 1995) wat in die Verenigde Koninkryk onderneem is, is bevind dat groter gesinne met vier en meer kinders, twee maal meer by welsynsorganisasies aangeklop het vir hulp met ouerskap, as gesinne met slegs een kind (Ghate & Hazel, 2002:64). Chaffin *et al.* (2001:1176) se navorsing oor die betrokkenheid van gesinne by gesinsondersteuningsdienste het ook bewys dat al die gesinne wat by hierdie dienste betrokke was, vier kinders in die gesin gehad het, dus heelwat hoër as die Amerikaanse nasionale norm.

In Suid-Afrika was daar wel 'n afname in fertiliteit die afgelope 40 jaar, alhoewel hierdie afname verskil tussen die verskillende bevolkingsgroepe (Palmuleni, Kalule-Sabiti &

Makiwane, 2007:113). Die lae sosio-ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika wat gewoonlik gepaard gaan met ongeletterdheid, werkloosheid en lae skolastiese prestasie hou direk verband met hoër fertiliteit en dus ook groter gesinne. Die fertiliteitsyfer vir vrouens in Suid-Afrika varieer nie slegs na aanleiding van die verskillende bevolkingsgroepe nie, maar ook ten opsigte van stedelike en plattelandse areas. Die gemiddelde aanwaskoers vir Blanke vrouens word bereken op 1,9. Vir Indiër vrouens is dit 1,7, Bruin vrouens 3 en vir Swart vrouens 3,9. Aangesien 'n groot gedeelte van die swart bevolking steeds in plattelandse areas woon, waar die fertiliteitsyfer hoër is, word die plattelandse areas steeds gekenmerk deur groter gesinne.

In die Demografiese en Gesondheidsondersoek van 1998 is aangedui dat lae sosio-ekonomiese ontwikkeling, soos ongeletterdheid, 'n lae vlak van opleiding en werkloosheid 'n direkte verband met hoër fertiliteitsyfers het, met gepaardgaande groter gesinne. Vrouens in die Bruin en Swart bevolkingsgroepe word veral hierdeur geraak. Hierdie vrouens se gebrek aan ontwikkeling veroorsaak dat hulle magteloos is in 'n mans-gedomineerde samelewing, waar hulle nie toegelaat word om self besluite oor hulle seksuele gesondheid, in terme van voorbehoeding, te neem nie (The State of South Africa's Population Report, 2000:42,43,65).

Volgens Ghate en Hazel (2002:64,77) verhoog die moontlikheid dat ouers probleme met die versorging van hulle kinders kan ervaar met elke bykomende kind in die gesin, omdat die eise waaraan voldoen moet word, groter is as die beperkte materiële en persoonlike bronne waaroor die ouers beskik. Die ouers van groter gesinne (drie kinders en meer) het ook in hierdie studie aangedui dat hulle finansiële nie hulle verpligtinge kon nakom nie en gevolglik nie dieselfde lewenstandaard kon handhaaf as kleiner gesinne nie.

2.5.2.3 Finansiële stres

Finansiële stres word ervaar deur ouers in lae-inkomste gesinne. In navorsing (Ghate & Hazel, 2002:64,66) wat onderneem is oor ouerskap in lae-inkomste gemeenskappe, het die meeste respondente aangedui dat hulle gereeld tot altyd bekommerd is oor finansies. Die belangrikste rede vir die stres wat hulle ervaar het, is deur 75% van die respondente beskryf as dat hulle inkomste nie voldoende is om hulle finansiële verpligtinge na te kom nie. By ongeveer die helfte van die gesinne wat aan hierdie navorsing deelgeneem het, was geen gesinslid in 'n inkomste-genererende werksituasie nie en slegs een sesde van die gesinne se inkomste was gelyk aan die armoedelyn; die res was onder die armoedelyn. Arm gesinne is dikwels afhanklik van krediet fasiliteite en die terug- of afbetaling van krediet of lenings wat

aangegaan is. Die onvermoë om hierdie verpligtinge na te kom, is as een van die hoofredes vir finansiële stres aangedui. Ouers het genoem dat stres ook veroorsaak word omdat hulle nie in die behoeftes van hulle kinders kan voorsien nie, soos byvoorbeeld by die aankoop van warm klere vir die winter. In Teitler, Reichman en Nepomnyaschy (2004:143) se studie is bevind dat die oorgrote meerderheid van die enkelmoeders wat aan die studie deelgeneem het, afhanklik was van die een of ander vorm van bestaanbeveiliging om hulle verpligting na te kom.

In Suid-Afrika waar die grootste gedeelte van die bevolking in armoede lewe en die voorkoms van enkelouergesinne met vrouens aan die hoof, hoog is, kan daar aanvaar word dat hierdie ouers finansiële stres ervaar, omdat hulle nie in die gesin se behoeftes kan voorsien nie. Die afhanklikheid van gesinne van bestaansbeveiliging is ook in navorsing (Chaffin *et al.*, 2001:1276; Kotch *et al.*, 1999:307; Brown *et al.*, 1998:1074; Kotch *et al.*, 1995:1122) in verband gebring met lae-inkomste gesinne en 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing. In Suid-Afrika is 26% van die bevolking afhanklik van bestaansbeveiliging (The State of South Africa's Population Report, 2000:11). Connell *et al.* (2007:582) se studie het ook bevind dat lae sosio-ekonomiese omstandighede waar gesinne spesifiek bestaanbeveiliging ontvang, of waar finansiële probleme ondervind word, 'n baie hoë risiko vir herverwysing na kinder- en gesinsorgdienste toon. In 'n omgewing waar gesinne intense stres ervaar vanweë lae sosio-ekonomiese omstandighede, kan veral fisieke mishandeling van kinders volg, sowel as middelmisbruik in 'n poging om die stres te verlig (Smokowski & Wodarski, 1996:507).

2.5.2.4 Gesinsgeweld

Geweld op gesinsvlak kan huishoudelike geweld en kindermishandeling en -verwaarlosing insluit. Ten opsigte van **huishoudelike geweld** benut Maluccio *et al.* (2002:42,43) die definiëring van Fantuzzo en Mohr (1999) wat huishoudelike geweld beskou as geweld tussen twee volwassenes wat 'n intieme verhouding het, waarin aksies of dreigemente van fisiese beserings voorkom. In die navorsing wat deur die laasgenoemde skrywers onderneem is, is bevind dat huishoudelike geweld kinders negatief beïnvloed, omdat hulle dit sien, hoor, asook kan probeer tussenbeide tree om 'n ouer te beskerm. Ander risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing wat by hierdie gesinne voorgekom het, was armoede, alkoholmisbruik, lae skolastiese prestasie van ouers, asook enkelouergesinne, waar vrouens die hoof was.

In navorsing (Hazen, Connelly, Kelleher, Landsverk & Barth, 2004:314) oor die voorkoms van huishoudelike geweld by gesinne waar kindermishandeling en -verwaarlosing aangemeld is, is 'n baie hoë voorkoms van huishoudelike geweld gevind. Black, Trocme, Fallon en MacLauren (2008:397) se studie het gevind dat die blootstelling van kinders aan huishoudelike geweld by meer as 'n derde van die gevalle van kindermishandeling en -verwaarlosing voorgekom het. Blootstelling aan geweld het in Finkelhor, Ormrod en Turner (2007:493) se longitudinale studie aanleiding gegee tot 'n verhoogde risiko vir herviktimisering by kinders en jeugdiges. Konflik tussen ouers is ook as 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing aangedui in die studies wat Tajima (2000:1396) en Brown *et al.* (1998:1075) onderneem het, terwyl die risiko vir kindermishandeling en spesifiek fisieke mishandeling van kinders twee keer hoër was wanneer huishoudelike geweld voorgekom het in die studie wat Rumm, Cummings, Krauss, Bell en Rivara (2000:1380) onderneem het. Respondente wat deelgeneem het aan die navorsing van Ghate en Hazel (2002:64) het aangedui dat ouerskap meer stresvol is, wanneer 'n individu in 'n verhouding is waar mishandeling plaasvind.

Suid-Afrika het een van die hoogste voorkomste van huishoudelike geweld in die wêreld. Volgens 1998-statistiek word een uit elke agt vrouens in die land fisiek deur haar lewensmaat aangerand. Daar is dus 'n groot aantal kinders in Suid-Afrika wat blootgestel word aan huishoudelike geweld. Huishoudelike geweld was ook groter in stedelike, as in plattelandse areas. Die hoë voorkoms van huishoudelike geweld word geassosieer met die hoë voorkoms van werkloosheid en gepaardgaande lae inkomste, armoede, die apartheidsoorlog en die migrasie werksistiem (The State of South Africa's Population Report, 2000:56). Hierdie aspekte is alreeds in vorige afdelings bespreek. Blootstelling aan geweld verhoog egter die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing.

Kindermishandeling as 'n vorm van gesinsgeweld word verdeel in drie vorms van mishandeling, naamlik fisieke, emosionele en seksuele mishandeling. Volgens Sewpaul (2001:573) is die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in Suid-Afrika kommerwekkend, aangesien statistiek dui op 'n toename in die aantal gevalle wat gerapporteer is. In navorsing wat Pierce en Bozalek (2004:829) in Suid-Afrika onderneem het, is bevind dat **seksuele mishandeling** as die ernstigste vorm van mishandeling beskou word, wat gedeeltelik toegeskryf word aan die fokus wat in die Suid-Afrikaanse media geplaas word op gevalle van seksuele molestering. In Amerikaanse navorsing (Bornstein, Kaplan & Perry, 2007:375) is bevind dat seksuele mishandeling as ernstiger en meer traumaties beskou word

wanneer die oortreder 'n ouer is. In die navorsing van Brown *et al.* (1998:1071), is bevind dat dogters, eerder as seuns 'n risiko het om seksueel mishandel te word, asook dat kinders wie se biologiese vader oorlede is en saam met 'n stiefvader woon, 'n groter risiko vir seksuele mishandeling het.

In navorsing (King, Flisher, Noubary, Reece, Marais & Lombard, 2004:26) wat in Suid-Afrika onderneem is na die voorkoms van verkragting van dogters aan 'n hoërskool in Kaapstad, is bevind dat enkelouerskap, of die feit dat dogters nie by hulle biologiese vader woon nie, hulle risiko vir verkragting verhoog het. Madu en Peltzer (2000:264,267) se navorsing oor die risiko-faktore vir seksuele mishandeling in die Noordelike Provinsie in Suid-Afrika bevestig dat 'n stiefvader in die huis, sowel as die gereelde voorkoms van huishoudelike geweld, die risiko vir seksuele molestering verhoog. Hulle het bevind dat tienermoeders se kinders 'n hoër risiko het vir seksuele molestering, omdat die stiefvader, as die moeder in die huwelik tree, makliker die dogters molesteer, omdat dit nie sy eie kinders is nie.

Ten opsigte van **fisieke mishandeling** het Pierce en Bozalek (2004:829) in hulle ondersoek bevind dat fisieke mishandeling in Suid-Afrika as minder ernstig beskou word, aangesien dit elfde op 'n lys van 17 kategorieë geplaas is. Lachman (2004:814) spekuleer dat fisieke mishandeling ook moontlik meer aanvaarbaar kan wees vanweë die hoë voorkoms van geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing. Dietz (2000:1539) se navorsing oor die wyse waarop ouers hulle kinders dissiplineer bevestig dié siening, aangesien bevind is dat jong ouers wie se inkomste en opvoedkundige kwalifikasies laag is, en wat in gemeenskappe woon waar aggressie meer gereeld voorkom, meer gebruik maak van vorms van fisieke dissiplinering, soos lyfstraf. Ross (1996:595,596) het bevind dat hoe meer aggressief mans teenoor hulle huweliksmaats optree, hoe meer gewelddadig raak hulle teenoor hulle kinders. Seuns het in verhoudings waar huishoudelike geweld voorkom, volgens hierdie navorsing, 'n hoër risiko om fisiek mishandel te word as meisies.

In die navorsing wat Pierce en Bozalek (2004:829) in Suid-Afrika onderneem het, is **verwaarlosing** in 'n ernstiger lig beskou as fisieke of emosionele mishandeling. Brown *et al.* (1998:1070) het die volgende algemene risiko-faktore vir verwaarlosing geïdentifiseer: 'n groot gesin, lae inkomste, lae opvoedkundige kwalifikasies, jong moeders, enkelouers en afhanklikheid van bestaansbeveiliging. Hoe hoër die voorkoms van die aantal risiko-faktore teenwoordig in die gesin, hoe hoër die risiko vir verwaarlosing. In die studie van Boden, Horwood en Ferguson (2007:1113) wat oor 'n tydperk van 25 jaar gestrek het, is bevind dat die blootstelling van kinders aan kindermishandeling en -verwaarlosing tot 'n verhoogde

risiko vir akademiese onderprestering aanleiding gee. Hierdie onderprestering is egter sterker beïnvloed deur gesinsfaktore, as die mishandeling self. Die gesinsfaktore wat geïdentifiseer is, was sosio-demografiese faktore soos die feit dat albei ouers se opvoedkundige vlak laag was, die gesin half- of ongeskoold was, terwyl alkohol- en dwelmmisbruik, kriminele oortredings en huishoudelike geweld ook voorgekom het.

Armoede word egter oorwegend in verband gebring met die verwaarlosing van kinders en indien die risiko-faktore wat in Brown *et al.* (1998) se studie geïdentifiseer is van toepassing op die Suid-Afrikaanse omgewing gemaak word, kan aanvaar word dat daar 'n hoë voorkoms van verwaarlosing van kinders in die Suid-Afrikaanse gemeenskap sal wees.

2.5.2.5 Sosiale netwerke

Sosiale netwerke is die verhoudings tussen die individu en 'n groot verskeidenheid mense, insluitend familie, vriende, bure, kollegas en ander professionele persone. Sulke netwerke kan 'n bron van ondersteuning, sowel as 'n bron van stres vir gesinne wees, afhangend of hulle die gesin se funksionering ondersteun of ondermyn. Die positiewe gevolg van sosiale ondersteuning is dat dit isolasie van die gesin teenwerk, wat as 'n risiko-faktor in kindermishandeling en -verwaarlosing beskou word. Informele bronne van sosiale ondersteuning, soos bure en vriende word as meer effektief beskou in die teenwerking van sosiale isolasie, as formele bronne (Jack, 2000:706; Smokowski & Wodarski, 1996:507; Polanski, Ammons & Gaudin, 1985:39).

Die verband tussen 'n gebrek aan sosiale netwerke, of ondersteuning in die gemeenskap vir ouers en kinders, en kindermishandeling en -verwaarlosing, word herhaaldelik in navorsing bevestig. Brown *et al.* (1998:1075) het byvoorbeeld bevind dat kinders van ouers wat nie betrokke is by godsdiensteiweteite nie, 'n verhoogde risiko vir mishandeling het. Kotch *et al.* (1999:313) het bevind dat kinders wie se ouers sosiaal geïsoleerd is, se risiko vir mishandeling hoër is, ongeag of ander stresvolle gebeurtenisse, of depressie by 'n ouer teenwoordig is. Finkelhor *et al.* (2007:493) se studie het aangedui dat jeugdiges wat meer vriende gehad het, 'n laer risiko getoon het vir herhalende insidente van kindermishandeling.

Die belangrikheid van ondersteunende verhoudings in die gesin en die uitgebreide familie vir voorkoming van kindermishandeling is ook bevestig in die navorsing wat Albarracin, Repetto en Albarracin (1997:614) onderneem het. Moeders met 'n lae risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing, se sosiale netwerke met hulle familie was sterker, as die hoërisiko-moeders s'n. Polanski *et al.* (1985:46) se navorsing is veral belangrik, aangesien dit aangetoon het dat

moeders in 'n lae-inkomste gemeenskap wat hulle kinders verwaarloos het, minder betrokke was by die informele sosiale netwerke, as die moeders wat nie hulle kinders verwaarloos het nie. Hulle was ook geneig om meer gevoelens van alleenheid te ervaar, terwyl hulle kinders ook minder betrokke was by skoolaktiwiteite, as die ander kinders.

Die gebrek aan sosiale netwerke, wat isolasie tot gevolg het, speel 'n belangrike rol by die probleme wat ouers wat hulle kinders verwaarloos, met die uitvoer van hulle ouerlike pligte ondervind. Om hulle ouerrol effektief te vertolk moet ouers oor kennis en vaardighede beskik om bronne in die gemeenskap te benut. Dan sal hulle ook bewus wees van hoe om toegang tot bronne te verkry, asook wat om te doen wanneer toegang moeilik is. Ouers moet ook informele netwerke vir hulleself kan ontwikkel, wat beteken dat hulle oor 'n vaardigheid moet beskik om netwerke te kan vorm (Burke *et al.*, 1998:395).

2.5.3 Eienskappe van hoërisiko-individue

Bronfenbrenner (1977:514) beskou die individuele vlak van menslike ekologie as die interaksies van 'n persoon in sy onmiddellike omgewing waar 'n spesifieke rol vertolk moet word, soos byvoorbeeld in die huis. Navorsers fokus op die verskillende risiko-faktore wat by die ouer of ouers aanwesig kan wees, soos byvoorbeeld die persoonlikheid van die ouer (Brown *et al.*, 1998:1069), die gesondheid van die ouer (Ghate & Hazel, 2002:45), asook moontlike persoonlikheidstrekke by die moeder wat funksionering bemoeilik, sowel as middelmisbruik en depressie (Kotch *et al.*, 1999:313). Vir die doeleindes van hierdie studie sal die persoonlikheidsafwykings of dieperliggende psigologiese probleme wat by die ouer voorkom, en wat kan bydra tot die feit dat ouers nie oor die kapasiteit beskik om hulle kinders te versorg, nie ontleed en bespreek word nie, maar sal die rol wat die ouer moet vertolk in die opvoeding en die versorging van die kind onder die loep geneem word.

Kruger (1996:29,30) se navorsing in Suid-Afrika, het aangedui dat die hoofprobleemareas wat deur maatskaplike werkers as die oorsaak vir die verwydering van kinders uitgelig is, by die ouers teenwoordig was. Onvermoë tot ouerskap, of gebrekkige ouerskapsvaardighede (84%) is as die belangrikste rede vir die verwydering van kinders aangedui, met middelmisbruik (64%) deur die ouers as die tweede belangrikste rede en persoonlikheidsprobleme (61%) as die laagste voorkoms.

2.5.3.1 Gebrekkige ouerskapsvaardighede

Alhoewel gebrekkige ouerskapsvaardighede deur skrywers (Cash & Berry, 2003:4; Burke *et al.*, 1998:393) in verband gebring word met hoërisiko-gesinne wat in lae-inkomste

gemeenskappe woon, word dit nie in die literatuur spesifiek as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing bespreek nie. Die identifisering van risiko-faktore het egter juis ten doel om die aspekte te identifiseer wat ouers verhinder om hulle rol en taak ten opsigte van die versorging van die kinders effektief uit te voer. Volgens Coulton *et al.* (1999:1034) se studie is ouerskap moeiliker in lae-inkomste gemeenskappe, omdat daar nie voldoende ondersteuningstelsels is om ouers in die uitvoering van hulle rol by te staan nie, wat gevolglik kinders se risiko vir mishandeling en verwaarlosing verhoog. Ouers het ook 'n onwilligheid openbaar om beheer oor hulle kinders uit te oefen. Jack (2000:708) noem dat navorsing (Baldwin *et al.*, 1990) bewys het, dat dit juis nodig is vir ouers in hoërisiko-omgewings om streng beperkings op hulle kinders se vryheid te plaas om hulle te beveilig, asook te beskerm teen die negatiewe invloede van die omgewing.

Garbarino en Sherman (1977) se navorsing word in hierdie verband as belangrik beskou (Jack, 2000; Coulton *et al.*, 1999). Garbarino en Sherman (1977:192) het bevind dat ouers in hoërisiko-gemeenskappe minder verantwoordelikheid vir hulle kinders neem. Hulle maak ook minder gebruik van die bestaande sosiale netwerke, soos van bure in die onmiddellike omgewing. Hierteenoor het ouers in die lae-risiko gemeenskap sterker verantwoordelikheid vir die versorging van hulle kinders geneem en veral die informele sosiale netwerk wat bestaan het, effektief benut.

Burke *et al.* (1998:397-399) meen dat veral verwaarlosing verband hou met die vaardighede waarvoor ouers beskik om in interaksie te tree met hulle kinders, asook met die bronne tot hulle beskikking. As ouers suksesvolle interaksie met hulle kinders wil hê, moet hulle eerstens oor basiese kennis van die normale ontwikkeling van kinders ten opsigte van die onderskeie lewensfases beskik. Indien hierdie vaardigheid ontbreek, sal ouers probleme ondervind om in hulle kinders se behoeftes te voorsien. Tweedens benodig ouers basiese kommunikasievaardighede ten opsigte van die onderskeie lewensfases om effektief met hulle kinders te kan kommunikeer. Basiese kennis van die hantering van gedrag is ook nodig vir die hantering van stresvolle interaksies met hulle kinders.

Ouers moet ook basiese vaardighede in die versorging van kinders hê ten opsigte van byvoorbeeld higiëne, voedselvoorbereiding en kognitiewe stimulasie. In die navorsing wat Kruger (1996:35) onderneem het, is gedragsprobleme, ongedisiplineerdheid en stokkiesdraai by die kinders as die belangrikste redes vir verwydering aangedui. Indien Burke *et al.* (1998) se uitgangspunt op hierdie situasie toegepas word, kan afgelei word dat ouers nie oor die

nodige ouerskapsvaardighede beskik het om hulle kinders te dissiplineer, of stresvolle gedragsinteraksies te hanteer nie.

'n Verdere aspek wat deur Burke (1998) toegelig word, is die vermoë van die ouers om funksionele en ondersteunende interpersoonlike verhoudings in stand te hou. Hier word veral verwys na die vaardighede om sosiaal interaktief te kan wees met eweknieë, asook toepaslike kommunikasievaardighede te benut in 'n verhouding met 'n saamleefmaat en die uitgebreide familiestelsel. Indien ouers oor hierdie vaardighede beskik, sal hulle hierdie verhoudings as sosiale ondersteuning kan benut, wat as 'n positiewe faktor beskou word in die teenwerking van sosiale isolasie. Alhoewel Kruger (1996:31) se navorsing nie die vaardighede van ouers op sosiale vlak ondersoek het nie, het maatskaplike werkers wel aangedui dat huweliksprobleme die derde belangrikste rede was waarom kinders verwyder is, wat wel 'n aanduiding is dat ouers nie sosiale ondersteuning van mekaar in die huwelik gekry het nie.

Gebrekkige ouerskapsvaardighede as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing kan uit bogenoemde bespreking beskou word as die kennis van die ouer oor die versorging van kinders in die onderskeie lewensfases, asook begrip van die verantwoordelikheid wat teenoor die kinders geopenbaar moet word. Ouers moet ook oor die vaardigheid beskik om sosiale netwerke te benut wat intern en ekstern tot die gesin is. Ouerskapsvaardighede, of die gebrek daaraan kan dus beskou word as 'n vaardigheid wat op individuele vlak by die ekosisteem kan ontbreek, vanweë 'n lae opvoedkundige vlak by die ouers, asook gebrekkige bronne in gemeenskappe om in hierdie behoefte te voldoen. Gebrekkige ouerskapsvaardighede kan dus na aanleiding van die bogenoemde bespreking as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing in Suid-Afrika beskou word.

2.5.3.2 Middelmisbruik

Middelmisbruik word volgens Chaffin, Kelleher en Hollenberg (1996:200) beskou as die algemeenste vorm van 'n psigiatriese afwyking, wat by ouers op individuele vlak voorkom, en wat sterk korreleer met die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing. Statistiek in Amerika dui daarop dat middelmisbruik by die ouer teenwoordig is by 40-80% van die bevestigde gevalle van verwaarlosing (Maluccio *et al.*, 2002:54), terwyl navorsing (Dong, Anda, Felitti, Dube, Williamson, Thompson, Loo & Giles, 2004:778; Brown *et al.*, 1998:1068) middelmisbruik by die moeder as 'n belangrike risiko-faktor vir mishandeling en verwaarlosing beskou. Connell *et al.* (2007:384) se studie het bevind dat 'n geskiedenis van

middelmisbruik by ouers ook tot 'n verhoogde voorkoms van herverwysing na kinderbeskermingsdienste aanleiding gee.

Die hoë voorkoms van middelmisbruik by ouers in Suid-Afrika word bevestig in beleidsdokumente (Department of Social Development, 2004a:25), waar die feit dat middelmisbruik maatskaplike probleme vir gesinne tot gevolg het, asook die gesin se sosiale netwerke beïnvloed, beklemtoon word. Middelmisbruik is in 64% van die gevalle in die studie wat Kruger (1996:31) onderneem het deur maatskaplike werkers aangedui as die rede waarom kinders vanuit hulle ouerhuis verwyder is. Stres as gevolg van faktore soos lae inkomste, werkloosheid en enkelouerskap word deur Smokowski en Wodarski (1996:509) as bydraende faktore tot middelmisbruik, asook depressie by ouers geïdentifiseer. Hierdie faktore is soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk genoem, ook van toepassing op Suid-Afrikaanse gesinne.

Tracy (1994:535) fokus op die negatiewe gevolge wat middelmisbruik vir kinders in 'n huisgesin het, aangesien hierdie kinders dikwels in gevaarlike gemeenskappe woon, waar huishoudelike geweld kan voorkom. Vanweë die ouers se middelmisbruik is hulle ouerskapsvaardighede swak, wat tot gevolg het dat die ouer 'n swak voorbeeld is as rolmodel. Skrywers (Maluccio *et al.*, 2002:55; Dore, Doris & Wright, 1995:540) beklemtoon dat dit dikwels moeilik is vir ouers wat middels misbruik om te probeer sober bly, terwyl hulle terselfdertyd moet werk aan hulle ouerskapsvaardighede om die verwydering van kinders te voorkom. Hierdie ouers het dikwels ook vanweë hulle middelmisbruik, min sosiale ondersteuningsisteme in die gemeenskap, wat 'n verdere risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing is.

2.5.3.3 Persoonlikheidsfaktore by moeders en kinders

Sekere faktore wat betrekking het op die persoonlikheid van die moeder word geassosieer met 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing. Alhoewel Kruger (1996) se studie wat in die Wes-Kaap onderneem is, aangedui het dat persoonlikheidsprobleme by die ouers voorgekom het, wat verwydering genoodsaak het, is die aard van die persoonlikheidsprobleme nie aangedui nie. In hierdie afdeling sal persoonlikheidsfaktore toegelig word. Persoonlikheidsfaktore by die **moeder** wat geassosieer word met 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing hou volgens Brown *et al.* (1998:1068,1069) verband met aspekte soos 'n swak verhouding met die biologiese ouers, asook 'n lae selfbeeld. Verdere faktore eie aan die moeder se persoonlikheid, was min betrokkenheid by die kind of

die kinders, terwyl daar ook 'n gebrek aan warmte teenoor die kinders voorgekom het. Ten opsigte van die verhouding met die kind, is bevind dat 'n ander risiko-faktor vyandigheid van die moeder teenoor die kind was. Vyandigheid is geoperasionaliseer as gevoelens van ontevredenheid by die moeder oor die kind, soos byvoorbeeld oor die kind se voorkoms, asook hoe die kind optree.

Depressie by moeders is in die navorsing wat Kotch *et al.* (1999:313) onderneem het as 'n risiko geïdentifiseer vir kindermishandeling en -verwaarlosing in die eerste vier lewensjare van 'n kind, maar daar is ook bevind dat die gebrek aan ondersteuningsisteme 'n hoër risiko-faktor is as depressie. Chaffin *et al.* (1996:200) het bevind dat die voorkoms van depressie by moeders 'n hoër risiko vir fisieke mishandeling van kinders aandui, as verwaarlosing.

Sekere eienskappe wat by die **kind**, of die kinders voorkom, is deur Brown *et al.* (1998:1068) as risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing geïdentifiseer. Hierdie faktore is wanneer die kind gestremd is of 'n siektetoestand of lae verbale intelligensie het, asook wanneer die kind 'n moeilike geaardheid het. Wanneer die kind tydens die vroeë kinderjare angstig en teruggetrokke was, of 'n lae geboortegewig gehad het en die moeder komplikasies tydens geboorte ervaar het, is die risiko ook hoër vir kindermishandeling en -verwaarlosing. In Connell *et al.* (2007:582) se navorsing het die voorkoms van gestremdheid by die kind op 'n verhoogde risiko gedui vir herverwysing na maatskaplikewerk-dienste.

2.6 SAMEVATTING

Volgens Suid-Afrikaanse welsynsbeleid moet dienslewering aan gesinne eerstens fokus op voorkomende dienste, daarna op vroeë intervensie- of gesinsgesentreerde dienste en laastens op statutêre dienste, om die verwydering van kinders uit hulle gesinne te voorkom. Welsynsorganisasies wat gesinsinstandhoudingsdienste ooreenkomstig hierdie uitgangspunte moet implementeer, moet eers bepaal wat die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing in gemeenskappe is. 'n Ekologiese ontleding van die risiko-faktore wat kindermishandeling en -verwaarlosing in die Suid-Afrikaanse samelewing kan bevorder, is gedoen.

Die gevolgtrekking is gemaak dat die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing wat op die gemeenskapsvlak van die ekologiese perspektief voorkom, armoede, werkloosheid en swak opvoedkundige kwalifikasies is. Dit veroorsaak dat gesinne gedwing word om in lae-inkomste gemeenskappe te woon, wat gekenmerk word deur gebrekkige bronne en dienste, asook swak gesondheid van kinders. Hierdie aspekte word as verdere risiko-faktore vir

kindermishandeling en -verwaarlosing beskou. Vanweë die migrasie werkstelsel, asook geweld en swak sosiale netwerke is die maatskaplike kohesie in gemeenskappe laag, wat die gemeenskapsgevoel negatief beïnvloed, met 'n gepaardgaande verhoogde risiko vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing.

Op die meso-sisteem of gesinsvlak is enkelouergesinne waar vroue die hoof is as 'n risiko-faktor geïdentifiseer, aangesien Suid-Afrika 'n hoë voorkoms van hierdie gesinsvorm het. Groot gesinne met meer as twee afhanklike kinders in die gesin, is 'n verdere risiko-faktor in die Suid-Afrikaanse samelewing, tesame met 'n hoë voorkoms van huishoudelike geweld. Swak sosiale netwerke op gesinsvlak is 'n verdere risiko-faktor en spruit voort uit die gebrek aan maatskaplike kohesie op gemeenskapsvlak.

Op individuele vlak is gebrekkige ouerskapsvaardighede vanweë lae opvoedkundige kwalifikasies en gebrekkige bronne in gemeenskappe as 'n verdere risiko-faktor vir kindermishandeling geïdentifiseer. Middelmisbruik wat kan voorkom vanweë die stres van ouers in lae sosio-ekonomiese omstandighede, is 'n verdere risiko-faktor in die Suid-Afrikaanse samelewing. Verdere individuele persoonlikheidsfaktore wat aanleiding kan gee tot kindermishandeling en -verwaarlosing is swak ouer-kind-verhoudings, asook swak verhoudings wat die moeder met haar biologiese ouers het.

Die ontwikkeling van voorkomende dienste vir gesinne op die gemeenskapsvlak van die ekologiese perspektief, word as belangrik geag om kindermishandeling en -verwaarlosing in gemeenskappe te voorkom of te verminder. Gesinsondersteuningsdienste aan gesinne, as deel van voorkomende gesinsinstandhoudingsdienste sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

HOOFSTUK 3

DIE AARD VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE

3.1 INLEIDING

Gesinsondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne is daarop gerig om ernstige probleme by gesinne te voorkom en om die verwydering van kinders vanuit hulle gesinne te beperk en gesinsinstandhouding te bevorder. Die doel van hierdie dienslewering is om die betrokkenheid van gesinne by welsynsorganisasies of die kindersorgsisteem te beperk, deur voorkomende dienste te lewer, voordat die gesin se probleem in 'n krisis ontwikkel. Gesinsondersteunings- of voorkomende dienste is gebaseer op die veronderstelling dat alle gesinne ondersteuning benodig sodat ouers in staat sal wees om hulle ouerskapsrol effektief te vertolk. Voorkomende Dienste is ooreenkomstig die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29) die eerste of primêre vlak waarop dienste gelewer moet word deur gesinne in te skakel by bronne om risikogedrag te beperk.

Wanneer maatskaplike werkers gesinsondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne lewer, moet die doel, aannames en beginsels eie aan hierdie diens benut word om toepaslike programme te ontwikkel. Hierdie aannames en beginsels, onderliggend aan gesinsondersteuningsdienste en -programme word in hierdie hoofstuk beskryf.

Die uitkoms van gesinsondersteuningsdienste is dat die sosiale uitsluiting van gesinne en gemeenskappe van die samelewing voorkom of aangespreek word. Om gesinsondersteuningsdienste te ontwikkel wat sosiale uitsluiting teenwerk, is dit belangrik dat maatskaplike werkers kennis dra van die komponente wat sosiale uitsluiting by gesinne en gemeenskappe in stand hou. Hierdie komponente word in hierdie hoofstuk bespreek en in verband geplaas met die aannames en die beginsels van gesinsondersteuningsdienste, om ooreenkomstig een van die doelwitte van die studie die aard van gesinsondersteuningsdienste te beskryf, asook die taak van maatskaplike werkers met betrekking tot die lewering van hierdie dienste binne die Suid-Afrikaanse opset af te baken.

3.2 ONTSTAAN VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE

Gesinsondersteuningsdienste word beskryf aan die hand van die belangrikste **redes** wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die diens. Die **basis** van gesinsondersteuningsdienste, asook die **doel** van hierdie dienste het logies vanuit die redes vir die ontwikkeling van die diens gegroei. Hierdie aspekte word vervolgens bespreek.

3.2.1 Redes vir ontwikkeling van gesinsondersteuningsdienste

Een van die belangrikste redes vir die ontwikkeling van gesinsondersteuningsdienste hou direk verband met die **hoë voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing** wat in die sewentigerjare in Amerika gelei het tot 'n herevaluering van die benadering tot dienslewering binne die veld van kinder- en gesinsorgdienste. Die gevolgtrekking is gemaak dat dienste aan gesinne gelewer moet word voordat hulle probleme en behoeftes in 'n krisis ontwikkel. Gevolglik is die lewering van dienste wat gesinne ondersteun en versterk beklemtoon, om sodoende hulle afhanklikheid van welsynsdienste of die kindersorgsisteem te verminder, asook die verwydering van kinders te verhoed (Chaffin *et al.*, 2001:1274; Cole, 1995:163,164). Dienste aan gesinne was in daardie stadium gekenmerk deur 'n sterker klem op behandeling, eerder as op voorkoming. Fokus is geplaas op dienslewering aan individuele gesinslede, eerder as op dienslewering aan die gesin as 'n eenheid, terwyl die invloed van die gemeenskap op die gesin, ook grootliks geïgnoreer is. Interorganisasoriese kontak het byvoorbeeld glad nie bestaan nie, of was minimaal, selfs wanneer dienste deur verskillende instansies aan dieselfde gesin gelewer is (Weissbound, 1994:30).

Die bewuswording van die behoefte aan voorkomende dienste aan gesinne, of gesinsondersteuning het ook volgens skrywers (Weissbound & Kagan, 1989:24; Zigler & Black, 1989:8,9) direk verband gehou met die **demografiese en politieke klimaat** wat in die sewentigerjare in die VSA voorgekom het. Demografiese aspekte soos die verandering van die gesinstruktuur vanweë egskeiding en enkelouerskap, die toetrede van vroue tot die arbeidsmark, die mobiliteit van gesinne en die toenemende armoede van kinders, veral in enkelouergesinne waar vroue die hoof was, word uitgesonder as redes vir die groter behoefte aan ondersteuningsdienste aan gesinne. Hierdie veranderinge in die struktuur van gesinne het ook die samestelling van gemeenskappe beïnvloed, wat beteken het dat dienste in gemeenskappe geskep moes word om in die behoeftes van hierdie gesinne te voorsien. Die feit dat dienste aan gesinne in daardie stadium gerig was op die hantering van krisisse en probleme, eerder as om die kapasiteit van gesinne uit te bou, het die klimaat geskep vir die

ontstaan van 'n nuwe tipe diens gebaseer op ondersteuning aan gesinne en vroeë intervensiedienste om te verhoed dat gesinne se behoeftes in krisisse ontwikkel.

In Suid-Afrika word daar in beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a) tot die gevolgtrekking gekom dat dienste voor 1994 geskoei was op 'n mediese model, met die fokus op die individuele behandeling van die kliënt, wat afhanklikheid bevorder het. Die ontwikkelingsgerigte beleid tot dienslewering ná 1994, behels dat voorkomende dienste as die belangrikste aspek van maatskaplikewerk-dienslewering beskou word. Voorkomende dienste is volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a), die **eerste** of **primêre vlak** waarop dienste gelewer moet word. Sterk klem word geplaas op die ontwikkeling van hulpbronne in gemeenskappe om gesinne te ondersteun en hulle kapasiteit uit te bou, ten einde te voorkom dat gesinne se probleme in 'n krisis ontwikkel (Department of Social Development, 2006a:20,29). Om 'n ontwikkelingsgerigte beleid tot dienslewering te implementeer word welsynsorganisasies genoodsaak om sterker te fokus op die ontwikkeling van voorkomende of gesinsondersteunende dienste.

3.2.2 Basis van gesinsondersteuningsdienste

Alhoewel die sewentigerjare beskou word as die tydperk waar die idee van ondersteuningsdienste aan gesinne ontstaan het, wys skrywers (Manalo & Meezan, 2000:407, 408; Lightburn & Kemp, 1994:17,18; Weissbound, 1994:28; Weissbound & Kagan, 1989:23) daarop dat hierdie diens gebaseer is op vroeëre tipes dienste wat die basis van gesinsondersteuningsdienste vorm. Hierdie vroeëre tipes dienste is eerstens die **nedersettingsbeweging** wat in die laat-1880's ontwikkel het as gevolg van industrialisasie, verstedeliking en immigrasie. Die fokus van hierdie beweging was om die gesins- en gemeenskapslewe te versterk, deur dienste te lewer vanuit gemeenskapsgebaseerde huise.

Pogings is aangewend om **voorkomende dienste** te ontwikkel ooreenkomstig die gemeenskap se behoeftes, deur kanale te skep waardeur die behoeftes van gemeenskapslede aangespreek kon word. Volgens Berry (1997:6,7) en Kaplan en Girard (1994:1,2) was die doel van hierdie programme nie net om in gesinne se behoeftes te voorsien nie, maar ook om te agiteer vir noodsaaklike maatskaplike verandering. Die beweging was daarop gerig om sosiale verandering te laat saamsmelt met diensverskaffing, deur dienste wat relevant was vir die gemeenskap daar te stel na aanleiding van die behoeftes wat deur gemeenskapslede geïdentifiseer is. Om as kampvegters op te tree vir gesinne, asook om hulle te bemagtig om vir hulleself voorspraak te maak, was intrinsieke eienskappe van die beweging. Gesinne moes bygestaan word om hulleself te help, sodat afhanklikheid beperk kon word. 'n Verdere

eienskap was dat begrip en respek vir gemeenskappe se kultuur, oorsprong en waardes beklemtoon is.

Die tweede tipe diens wat as 'n basis van ondersteuningsdienste beskou word, is **opvoeding oor ouerskap**, wat vroeg in die twintigste eeu ontwikkel is. Organisasies het gesinne se behoefte aan ouerskapsvaardighede aangespreek deur ouers in groepe te betrek vir opvoeding oor ouerskap. Personeel wat betrokke was by die dienste, is ook opgelei om te verseker dat toepaslike leiding aan ouers gebied word. Die uitgangspunt by ouerskapsopvoeding is dat alle volwassenes oor die potensiaal beskik om te leer en te ontwikkel, en dat ouers daarom van voldoende inligting voorsien moet word om effektiewe ouerskap te verseker. Ouerbetrokkenheid by kinders word ook verhoog wanneer ouers by ouerskapsprogramme inskakel, wat 'n positiewe invloed op die ouer-kindverhouding het.

Laastens word die **selfhulpbeweging** van die sestigerjare wat gegrond was op die beginsel van onderlinge ondersteuning, raadgewing en praktiese dienste as 'n verdere basis van gesinsondersteuning beskou. Die uitkoms van selfhelp is daarop gerig dat deelnemers aan selfhelp groepe se selfwaarde verhoog, omdat hulle tot die besef kom dat hulle nie alleen in hulle situasie is nie. Die vaardighede van deelnemers om hulle probleme en behoeftes te hanteer word ook uitgebrei, omdat hulle binne die groepe blootgestel word aan verskillende idees, waardeur hulle vermoëns verhoog word en afhanklikheid gevolglik beperk word.

3.2.3 Doel van gesinsondersteuningsdienste

Die uitgangspunte van bogenoemde dienste, naamlik gemeenskapgebaseerde dienste, opvoeding oor ouerskap en selfhelp, word gereflekteer in die omskrywing en doel van gesinsondersteuningsdienste soos in die Amerikaanse wetgewing van 1993 vervat is en wat beteken het dat staatsondersteuning vir gesinsondersteuningsdienste goedgekeur is. Hiervolgens word die doel van gesinsondersteuningsdienste omskryf as **gemeenskapsgebaseerde voorkomende aktiwiteite** wat ontwikkel word om **stres** by ouers **te verlig**, asook **ouerskapsvaardighede te verhoog** om ouers in staat te stel om hulle kinders suksesvol te versorg. Hierdie dienste moet **ouers** verder in staat stel of **bemagtig** om ander **bronne en geleenthede** wat in die gemeenskap bestaan, **te benut**. **Ondersteunende netwerke moet daargestel word** wat die kinderopvoedingsvermoëns van ouers sal verhoog om sodoende **te kompenseer** vir die **sosiale uitsluiting** wat gesinne mag ervaar (Chaffin *et al.*, 2001:1274; Manalo & Meezan, 2000:413; Kagan, 1996:157; Cole, 1995:164).

In die bogenoemde doel van gesinsondersteuningsdienste word daar sterk gefokus op die bemagtiging van ouers deur hulle vaardighede te verhoog en hulle netwerke uit te brei. Dit is

egter belangrik om in gedagte te hou dat hierdie dienste primêr gelewer word om ouers ook in staat te stel om hulle kinders effektief te versorg. In hierdie verband noem Chaffin *et al.* (2001:1274) dat die doel van gesinsondersteuningsdienste is om kindermishandeling en -verwaarlosing te voorkom en sodoende ook die verwydering van kinders te verhoed. Gilligan (2000:14) dui in hierdie verband aan dat gesinsondersteuningsdienste ten doel het om die **veiligheid van kinders**, asook hulle **ontwikkeling te bevorder**. Die feit dat die kind, of kinders uit die gesin verwyder kan word, word voorkom deur stressors in die kind en die gesin se lewe te verminder, vaardighede by gesinslede te ontwikkel, asook ouers en kinders in te skakel by ondersteuningsdienste en -bronne, om die bevoegdhede van ouers uit te bou. Gilligan (2000:13) dui daarom aan dat gesinsondersteuningsdienste ook ten doel het om **ondersteuning te mobiliseer** vir die **normale ontwikkeling van kinders** wat hulleself in **ongunstige of nadelige omstandighede** bevind. Ondersteuningsdienste is gerig op die teenwerking van die effek van armoede en skade soos kindermishandeling en -verwaarlosing op kinders, wat in agtergeblewe omstandighede woon.

Uit die bogenoemde bespreking blyk dat die doel van gesinsondersteuningsdienste ook voorsiening behoort te maak vir die feit dat die veiligheid van kinders en hulle ontwikkeling deur die diens bevorder moet word. Vir die doel van hierdie studie en spesifiek die Suid-Afrikaanse omstandighede sal gesinsondersteuningsdienste beskou word as gemeenskaps-gebaseerde voorkomende aktiwiteite wat ontwikkel word om stres by ouers te verlig, asook ouerskapsvaardighede te verhoog om ouers in staat te stel om hulle kinders suksesvol te versorg; sodoende kan **kindermishandeling en -verwaarlosing voorkom word**. Hierdie dienste moet ouers verder in staat stel of bemagtig om ander bronne en geleenthede wat in die gemeenskap bestaan, te benut. Ondersteunende netwerke moet daargestel word wat die kinderopvoedingsvermoëns van ouers sal verhoog en **die normale ontwikkeling van kinders wat in nadelige of ongunstige omstandighede woon sal bevorder**, om sodoende te kompenseer vir die sosiale uitsluiting wat gesinne mag ervaar.

3.3 AANNAMES VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE

In die lig van die feit dat voorkomende dienste binne die Suid-Afrikaanse opset volgens beleid (Department of Social Development, 2006a:20,29) as die belangrikste aspek van maatskaplikewerk-dienslewering beskou word, is dit noodsaaklik dat welsynsorganisasies en maatskaplike werkers hulleself vergewis van die aannames van gesinsondersteuningsdienste. Die aannames word vervolgens uiteengesit.

3.3.1 Dienslewering vanuit 'n ekologiese perspektief

'n Eerste aanname is dat 'n **ekologiese perspektief** (Manalo & Meezan, 2000:412; Cole, 1995:165; Weissbound, 1991:71; Weiss, 1989:32) tot dienslewering gevolg word. Hiervolgens word die individu as deel van 'n gesin en gemeenskap beskou, wat beteken dat dienslewering gerig moet word op die kind binne die gesin en gemeenskap. Aangesien die ekologiese perspektief aanvaar dat die gemeenskap 'n belangrike invloed op die gesin se lewe het, word gesinsondersteuningsdienste en -programme gekenmerk deur 'n sensitiwiteit vir die kultuur van die gemeenskap waarin die dienste gelewer word. Ouerskapsdienste moet die kinderopvoedingspatrone en tradisies van die gemeenskap respekteer (Weissbound & Kagan, 1989:22), wat die opvatting dat kinders vanuit hulle omgewing gered moet word, deur hulle uit hul gesin te verwyder, slegs in uiterste omstandighede toepaslik is (Weissbound, 1991:71).

3.3.2 Ontwikkeling en welsyn van kinders in gesin gesetel

'n Verdere aanname van gesinsondersteuningsdienste is dat die **ontwikkeling en welsyn van kinders 'n verantwoordelikheid is wat primêr in die gesin gesetel** is. Die welsyn van kinders en gesinne word as die hoeksteen van 'n gesonde samelewing beskou, maar om hierdie verantwoordelikheid na te kom, moet alle gesinne toegang hê tot ondersteuningsprogramme en dienste (Manalo & Meezan, 2000:414; Weissbound, 1991:71,72). Om te verseker dat ouers toegang het tot bronne en dienste, moet alle segmente van die samelewing hierdie verantwoordelikheid ondersteun (Weissbound, 1991:71,72). Dit is nodig omdat baie van die probleme wat ouers ervaar die gevolg is van swak ondersteuning vanuit die samelewing (Keller & McDade, 1997:77). Alhoewel die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van kinders primêr die verantwoordelikheid van die gesin is, is dit belangrik om in gedagte te hou dat die ontwikkeling en welsyn van kinders afhanklik is van die kapasiteit waaroor ouers beskik om hulle kinders op te voed. Hierdie kapasiteit van ouers word bepaal deur hulle eie ontwikkeling, asook die kennis en begrip van kinderontwikkeling waaroor hulle beskik (Manalo & Meezan, 2000:414).

3.3.3 Sterkte-gebaseerde dienslewering

'n **Sterkte-gebaseerde** aanname tot dienslewering aan gesinne word gevolg (Green, McAllister & Tate, 2004:326), wat behels dat daar aanvaar word dat alle gesinne en gemeenskappe oor sterktes beskik wat in dienslewering benut kan word (Sheafor *et al.*, 2000:93). Dienslewering is gerig op die identifisering van die sterktes wat in die gesin bestaan, asook om die vaardighede van die gesin te ontwikkel, deur die gesin te ondersteun en te bemagtig om self besluite te neem (Saleeby, 2002:15,16; Sheafor *et al.*, 2000:93). Om gesinne

en gemeenskappe se sterktes uit te bou, moet die natuurlike hulpbronne in die gesin en gemeenskap benut en ontwikkel word, omdat alle gesinne en gemeenskappe oor natuurlike bronne beskik (Saleeby, 2002:15). Verandering word bewerkstellig binne 'n samewerkende verhouding wat tussen maatskaplike werkers, gesinne en gemeenskappe bestaan, en wat berus op die veronderstelling dat die maatskaplike werker as 'n fasiliteerder en konsultant optree om gesinne en gemeenskappe te bemagtig, sodat hulle self beheer oor hulle lewens kan neem (Saleeby, 2002:15,16; Sheafor *et al.*, 2000:94).

3.3.4 Ouers beskik oor die kapasiteit om te ontwikkel

'n Aanneme wat ten nouste aansluit by die sterkteperspektief is dat ouers vanuit 'n **ontwikkelingsoogpunt** beskou word; daar word dus gefokus op die feit dat ouers oor die kapasiteit beskik om in ouerskap te groei en te ontwikkel. Die **opvoeding van ouers** is 'n sentrale aspek van gesinsondersteuningsdienste, omdat ouers bemagtig moet word om hulle behoeftes en probleme self te hanteer (Lightburn & Kemp, 1994:12). Ouers word sodoende instaat gestel om hulle kinders beter te ondersteun en te versorg, wat ouerskap 'n meer lonende ervaring maak (Cole, 1995:165). Gesinsondersteuningsdienste vir die opvoeding van ouers, sluit in die fasilitering van ouers se gevoelens oor hulle rolle en take as ouers, asook die deurgee van toepaslike inligting om hulle te versterk in die rol (Weissbound & Kagan, 1989:22). Die kulturele, gemeenskapstradisies en die waardes waarbinne kinderopvoeding moet geskied, moet daarom in gedagte gehou word wanneer inligting oor hulle verantwoordelikhede aan ouers gegee word, aangesien gesinsondersteuningsprogramme ten doel het om **ouers te bemagtig** om hulle vaardighede in kinderopvoeding uit te bou, sodat hulle die versorging van hulle kinders kan behartig (Manalo & Meezan, 2000:414).

3.3.5 Voorkomende dienslewering

Die laaste aanname van gesinsondersteuningsdienste is dat dit primêr gerig is op die **voorkoming** van ernstige probleme, soos kindermishandeling en -verwaarlosing, voordat die gesin se probleem in 'n krisis ontwikkel en dit noodsaaklik raak dat intensiewe krisisdienste gelewer moet word. Voorkoming beteken verder dat die fokus van dienslewering op die gesin as 'n eenheid is en nie op individue binne die gesin nie (Manalo & Meezan, 2000:412; Cole, 1995:164; Weissbound & Kagan, 1989:23,24). Alhoewel alle gesinne ondersteuning benodig ongeag hulle ekonomiese status, blyk ondersteuning veral in die eerste jare van 'n kind se lewe, 'n sterk voorkomende funksie te vervul. Indien gesinsondersteuningsdienste tydens die vroeë kinderjare gelewer word, word die gesinseenheid versterk, wat die potensiaal vir

verdere disfunksie in die gesin wanneer die kinders ouer is, verminder (Weissbound, 1987a:53).

Ten einde die aannames van gesinsondersteuningsdienste effektief te implementeer is daar sekere beginsels wat gevolg moet word wanneer 'n gesinsondersteuningsdiens ontwikkel, of 'n bestaande ondersteuningsprogram geëvalueer word. In die volgende afdeling word hierdie beginsels geïdentifiseer, asook in verband gebring met die aannames.

3.4 BEGINSELS VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE

In resente literatuur (Hess, McGowan & Botsko, 2000:243-248; Nahom, Richardson, Romer & Porter, 2000:629,630) oor gesinsondersteuningsdienste word sterker gefokus op die evaluering van gesinsondersteuningsprogramme in terme van die uitkomst, eerder as om die beginsels van hierdie tipe dienste toe te lig. Daar is dus vir die uiteensetting van die beginsels van gesinsondersteuningsdienste gebruik gemaak van minder resente literatuur (Lightburn & Kemp, 1994; Dunst, Trivette & Thompson, 1991; Weissbound, 1991; Weissbound & Kagan, 1989).

Ten opsigte van die beginsels onderliggend aan die lewering van gesinsondersteuningsdienste sal hoofsaaklik van die beskrywing van Dunst *et al.* (1991:23-27) gebruik gemaak word, aangesien dit steeds benut word by die bespreking en evaluering van gesinsondersteuningsdienste in resente literatuur (Pierson, 2002:79; Hess *et al.*, 2000:243-248; Nahom *et al.*, 2000:629,630). Dit is noodsaaklik dat die beginsels van gesinsondersteuningsdienste volgens Pierson (2002:79) begryp word, wat meen dat maatskaplike werkers die beginsels vir gesinsondersteuningsdienste, soos gekonseptualiseer deur Dunst *et al.* (1991), deurlopend in gedagte moet hou by die ontwikkeling of die lewering van gesinsondersteuningsdienste om te verseker dat die program in die regte rigting beweeg.

3.4.1 Interafhanklikheid van kinders, gesin en gemeenskap

'n Belangrike beginsel van gesinsondersteuningsdienste is dat die diens die **interafhanklikheid van kinders, die gesin en die gemeenskap** onderskryf (Kagan, 1996:158; Weissbound, 1991:71; Zigler & Black, 1989:12). Die erkenning van hierdie interafhanklikheid (Dunst *et al.*, 1991:23) hou in dat die ondersteuningsdiens daarop gerig moet wees om 'n interafhanklikheid te ontwikkel tussen gemeenskapslede en die gesin as 'n eenheid. Dit beteken dat gesinsondersteuningsprogramme ontwikkel moet word volgens die gemeenskaplike behoeftes en ondersteuning wat gemeenskapslede benodig. Hierdie interafhanklikheid sluit nou aan by die **ekologiese perspektief** as een van die aannames by

die lewering van gesinsondersteuningsdienste, aangesien die kind en die gesin binne 'n spesifieke gemeenskap en 'n eiesoortige kultuur funksioneer. Weissbound (1987a:53) en Kagan en Shelley (1987:9) beklemtoon die feit dat die gesin deel van 'n gemeenskap is, wat beteken dat hulle behoeftes nie aangespreek kan word in isolasie van die gemeenskap nie. Ondersteuning moet dus binne die raamwerk van die gemeenskap gebied word, deur skakeling met gemeenskapsbronne te bewerkstellig.

3.4.2 Gemeenskapsgebaseerde dienste

Vir effektiewe implementering moet gemeenskapsondersteuningsdienste **in die gemeenskap gebaseer** wees. Bestaande gemeenskapsorganisasies en ouers moet betrek word in dienslewering om sodoende by te dra tot die **bou van die gemeenskap** (Manalo & Meezan, 2000:415; Kagan, 1996:158; Dunst *et al.*, 1991:25) sodat 'n **lojaliteit of gevoel vir die gemeenskap** by gemeenskapslede ontwikkel kan word (Moroney, 1987), wat berus op sterk interafhanklike bande tussen gemeenskapslede. 'n Gemeenskap word gebou om instellings, organisasies, gemeenskapsleiers en gesinne te mobiliseer om saam te werk om die welsyn van gesinne te verbeter. Sodoende word lede van die gemeenskap aangemoedig om op 'n gesinsondersteunende wyse te funksioneer (Weissbound, 1994:40). Hierdie beginsel bevestig die aanname dat gesinsondersteuning gerig is op die **voorkoming** van ernstige probleme by gesinne, deur die gemeenskap te bou sodat ondersteuningsdienste in die gemeenskap beskikbaar is vir alle ouers om te benut wanneer nodig.

Skrywers (Pierson, 2002:79; Cole, 1995:165; Lighthburn & Kemp, 1994:18; Weissbound & Kagan, 1989:25) beklemtoon die feit dat gemeenskapsgebaseerde gesinsondersteuningsdienste beteken dat 'n wye verskeidenheid dienste vir gesinne op een plek beskikbaar moet wees. Dit beteken dat gesinne nie nodig het om vir verskillende tipes dienste tussen organisasies en instansies te beweeg nie, maar dat 'n verskeidenheid dienste by dieselfde instansie of gesinsentrum beskikbaar is. Gibbons (1990) het bevind dat wanneer maatskaplike werkers dienste lewer vanuit gemeenskapsgebaseerde sentrums waar 'n wye verskeidenheid dienste beskikbaar is, daar 'n hoër suksessyfer is om gesinne bymekaar te hou, as wanneer die meer tradisionele tipe dienste gelewer word (Pierson, 2002:79,80).

Die feit dat gesinne by 'n verskeidenheid van dienste by een organisasie of een punt in 'n gemeenskap kan inskakel, het die voordeel dat die gesin sterker verhoudings kan bou met die maatskaplike werkers en personeel wat betrokke is by dienslewering. Gemeenskapsgebaseerde dienste beteken dat maatskaplike werkers en ander personeel wat betrokke is by gesinsondersteuningsdienste bewus moet wees van die bronne wat in 'n

spesifieke gemeenskap bestaan. 'n Begrip moet verder ontwikkel word vir die kind en gesin binne 'n bepaalde gemeenskap, asook die opvoedingspatrone en bestaande tradisies, sodat hulle in staat is om toepaslike ondersteuningsprogramme te ontwikkel, wat bydra tot die bou van die gemeenskap (Weissbound & Kagan, 1991:25).

3.4.3 Ontwikkeling van sosiale netwerke

Die noodsaaklikheid om hulpbronne of sosiale netwerke en sosiale ondersteuning vir kinders en gesinne te ontwikkel, is 'n verdere belangrike beginsel van ondersteuningsdienste (Kagan, 1996:158; Lightburn & Kemp, 1994:24; Dunst *et al.*, 1991:23,24; Weissbound, 1991:72). Dit behels dat gesinne as hulpbronne vir hulle eie gesinslede, vir ander gesinne, vir programme, sowel as vir die gemeenskap gesien word (Manalo & Meezan, 2000:414), wat aansluit by die aanname dat 'n **ekologiese perspektief** tot dienslewering gevolg word. Die beskikbaarheid van sosiale netwerke is 'n belangrike element in die versterking van die gesin se vermoë om die kind se ontwikkeling te bevorder (Weissbound, 1987a:53), asook 'n gevoel vir die gemeenskap te ontwikkel (Lightburn & Kemp, 1994:24). Daarom is die ontwikkeling en die versterking van informele sosiale netwerke die kern van gesinsondersteuningsdienste (Dunst *et al.*, 1991:25). Die versterking van sosiale netwerke tussen gemeenskapslede het ook tot gevolg dat die maatskaplike kohesie in die gemeenskap verhoog word (Kubish & Stone, 2001:20), wat uit die aard van die saak ook bydra tot die bou van die gemeenskap.

Intervensies deur maatskaplike werkers moet daarom gerig word op die versterking en die ontwikkeling van die informele ondersteuningsnetwerke vir gesinne, eerder as om slegs te fokus op die formele ondersteuningsnetwerke wat deur professionele persone gebied word, aangesien informele netwerke die moontlikheid van afhanklikheid van professionele en formele sisteme beperk, of verminder. Hierdie bronne of ondersteuningsnetwerke moet ontwikkel word ooreenkomstig die behoeftes van gesinne en moet geïndividualiseer word, asook buigbaar wees om in die veranderende behoeftes van gesinne te voorsien (MacDonald, 2005:285; Pierson, 2002; Manalo & Meezan, 2000:414; Dunst *et al.*, 1991:23).

Volgens Potgieter (1998:28) is die ontwikkeling van bronne of netwerke waar dit nie bestaan nie, asook om die bronne en die behoeftes van kliënte bymekaar uit te bring, een van die doelstellings van maatskaplike werk. Netwerkontwikkeling kan verder inhou dat die omgewing of die gemeenskap waarin gesinne woon, herstruktureer moet word om die lewenskwaliteit van alle inwoners te verhoog. Lightburn en Kemp (1994:24) meen in hierdie verband: "There is an unusual level of congruence between what family-support programs can be and what the social work profession says it should be doing."

Warren (1997:103) stel voor dat die omvang van die ondersteuningsnetwerke wat ontwikkel word, moet varieer vanaf formele, na informele ondersteuningsbronne. Hy beklemtoon weer eens, soos reeds in die vorige hoofstuk gemeld is, dat 'n gebrek aan sosiale ondersteuning die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing verhoog, terwyl ondersteuningsdienste nie net die geleentheid aan ouers en kinders gee om toepaslike rolle te vervul en verantwoordelikheid te neem vir die opvoeding van kinders nie, maar ook **sosiale uitsluiting** moet voorkom.

3.4.4 Samewerkende verhouding en gedeelde verantwoordelikheid

By die lewering van ondersteuningsdienste moet daar 'n samewerkende verhouding tussen die maatskaplike werkers en gesinne of gesinslede wees, gebaseer op gedeelde verantwoordelikheid, respek en gelykheid. Hierdie beginsel vorm die kern waardeur groei en verandering plaasvind, aangesien maatskaplike werkers en gesinslede as **vennote** optree in die identifisering van individuele en gesinsbehoefte, asook wanneer idees, kennis en vaardighede gedeel word, binne 'n verhouding wat as gelyk beskou word (Manalo & Meezan, 2000:415, Kagan, 1996:158; Lightburn & Kemp, 1994; Dunst *et al.*, 1991:23; Weissbound & Kagan, 1989:25).

Gesinslede speel 'n belangrike rol in programme, aangesien hulle vermoëns ontwikkel word om as hulpbronne vir mekaar op te tree, deel te neem aan besluitneming oor die diens wat gelewer word, asook om as advokate vir hulleself in die gemeenskap op te tree (Kagan, 1996:158), en sodoende sosiale uitsluiting verlaag. Hierdie samewerkende verhouding vorm ook die basis vir die ontwikkeling van hulpbronne, of netwerke in die gemeenskap, wat weer die kapasiteit van die gemeenskap uitbou (Manalo & Meezan, 2000:415; Kagan, 1996:158; Lightburn & Kemp, 1994; Dunst *et al.*, 1991:23).

Maatskaplike werkers en personeel wat betrokke is by gesinsondersteuningsprogramme het 'n belangrike rol om toepaslike bronne en dienste vir kliënte te bekom deur as advokaat en bemiddelaar vir gemeenskapslede op te tree (Manalo & Meezan, 2000:415; Lightburn & Kemp, 1994:20). Slegs as maatskaplike werkers die werklike behoeftes van gemeenskapslede kan vasstel, kan die rol van advokaat effektief vertolk word om die sienings van gemeenskapslede en kliënte te deel met ander gemeenskapsorganisasies, soos skole, kerke en besighede. Volgens Saleeby (2002:16) is 'n verhouding wat deur samewerking gekenmerk word, 'n belangrike voorvereiste vir maatskaplike werkers om te bepaal wat die werklike behoeftes van kliënte is, sodat die rol van advokaat doeltreffend kan wees. Die belangrikheid van die daarstelling van 'n samewerkende verhouding beklemtoon dat 'n **sterkte-gebaseerde**

aanname tot dienslewering gevolg moet word, waar maatskaplike werkers en die gesin mekaar as vennote beskou.

3.4.5 Verhoging van ouerskapsvaardighede

Die verhoging van ouerskapsvaardighede deur ouerleiding te bied en die verskaffing van inligting oor menslike ontwikkeling is 'n verdere beginsel van ondersteuningsprogramme. Die opvoeding van ouers word gesien as 'n kernelement van programme of dienste (Kagan, 1996:158; Cole, 1995:165), wat die aanname dat **ouers oor die kapasiteit beskik om in ouerskap te groei en te ontwikkel**, onderskryf. Alhoewel ouerskap as 'n belangrike samelewingsfunksie erken moet word by die lewering van gesinsondersteuningsdienste moet besef word dat die eise wat aan ouers gestel word, na gelang van die lewensfases van kinders verander (Manalo & Meezan, 2000:414; Kagan, 1996:158; Zigler & Black, 1989:12). Dit beteken dat hierdie aspek by gesinsondersteuningsprogramme in gedagte gehou moet word om te verseker dat **dienste ontwikkel word wat oor alle lewensfases strek**, ten einde die gesin in hulle veranderende oueropvoedingsrol by te staan (Weissbound, 1987a:53).

3.4.6 Vrywillige deelname

Ouers se deelname aan die gesinsondersteuningsprogram moet vrywillig wees en die behoefte aan ondersteuning en inligting moet beskou word as 'n sterkte en nie as aanduidend van tekortkominge of 'n probleem nie (Kagan, 1996:158; Lightburn & Kemp, 1994). Hierdie beginsel dui volgens Weissbound en Kagan (1989:26) op 'n belangrike verskil in oriëntasie teenoor tradisionele programme, aangesien dit die siening dat slegs “siek” gesinne ondersteuning benodig en dat “gesonde” gesinne nie 'n behoefte aan ondersteuning het nie, weerlê. Vir gesinne wat nie oor die verantwoordelikheid beskik om op 'n vrywillige basis deel te neem nie, behoort 'n meer gestruktureerde groepsituasie ontwikkel te word, aangesien gesinsondersteuningsdienste juis ten doel het om die verskillende behoeftes van gesinne en individue te akkommodeer. Hierdie beginsel sluit aan by die aanname dat die **ontwikkeling en welsyn van kinders 'n verantwoordelikheid is wat primêr binne die gesin geleë is** en dat ouers waar moontlik aangemoedig moet word om vrywillig deel te neem aan die dienste en bronne wat beskikbaar is, om sodoende hulle verantwoordelikheid ten opsigte van kinderopvoeding na te kom.

3.4.7 Erkenning van kulturele diversiteit

Die **kulturele diversiteit van gesinne moet as 'n sterkte beskou** word (Manalo & Meezan, 2000:415; Kagan, 1996:158) en die **gesin se integriteit moet beskerm word** (Dunst *et al.*,

1991:22,23). Die beskerming van die gesin se integriteit omvat volgens Hobbs *et al.* (1984) die beskerming van individuele gesinslede teen mishandeling en verwaarlosing deur ondersteuningsnetwerke en -bronne te skep, wat die risiko-faktore vir die voorkoms daarvan verminder. Dit beteken dat ondersteuningsdienste en hulpbronne die bestaan van stabiele verhoudings tussen alle gesinslede moet nastreef en in stand moet hou, sodat herstellende maatreëls voorkom word (Dunst *et al.*, 1991:24). Dienslewering aan gesinne moet gekenmerk word deur die beskerming en die aanvaarding van die gesin en gemeenskap se kulturele waardes en beginsels, omdat dit as waardevol beskou word (Manalo & Meezan, 2000:415) wat ooreenstem met die etnies sensitiewe perspektief. Hierdie beginsel is ook nou verwant aan die aanname dat 'n **ekologiese perspektief** tot dienslewering gevolg moet word, waar aangeneem word dat die gemeenskap 'n invloed het op die gesin se lewe en dat maatskaplike werkers daarom 'n sensitiwiteit vir die gesin en gemeenskap se kultuur moet toon.


3.4.8 Ontwikkeling van gesin se sterktes

Intervensie moet gerig wees op die **ontwikkeling van die gesin se sterktes** ten einde elkeen se funksionering te verhoog, eerder as te fokus op hulle swakhede of tekortkominge. Dit geskied deur hulle te **bemagtig** om in hulle eie behoeftes te voorsien (Manalo & Meezan, 2001:415; Dunst *et al.*, 1991:24; Kagan & Shelley, 1987:11). Gesinsondersteuningsdienste is gebaseer op die beginsel dat alle gesinne oor die eienskappe en die sterktes beskik om vriendskappe te ontwikkel, bande met ander groepe te vestig en baat te vind by advies en inligting. Hierdie tipe ondersteuning bemagtig gesinne deur hulle vermoëns te kweek om onafhanklik te funksioneer, asook interafhanklik te wees (Weissbound & Kagan, 1989:23; Weissbound, 1987a:53). Hulpbronne en dienste wat beskikbaar is, moet die gesin se vermoëns tot besluitneming oor die dienste wat hulle ontvang, verhoog om weer eens onafhanklike funksionering te bevorder (Manalo & Meezan, 2000:414; Cole, 1995:165; Dunst *et al.*, 1991:24).

Hierdie beginsel van gesinsondersteuningsdienste is ook belangrik by die sterkteperspektief (Saleeby, 2002) en bevestig dat 'n **sterkte-gebaseerde aanname** tot dienslewering gevolg moet word. Wanneer 'n gesin se sterktes ontwikkel word, moet maatskaplike werkers, volgens Saleeby (2002:14) werklik geïnteresseerd wees om te luister na kliënte of ouers, respek openbaar vir die feit dat hulle oor sekere kennis beskik, en die vertrouwe openbaar dat ouers kan ontwikkel deur die hulpbronne in hulle omgewing te benut.

Die voorafgaande bespreking toon dat indien die doel van gesinsondersteuningsdienste bereik wil word, maatskaplike werkers en welsynsorganisasies programme moet ontwikkel wat die

aannames en beginsels van hierdie tipe diens ondersteun. In figuur 3.1 word 'n skematiese voorstelling gegee van hierdie aannames en beginsels wat geïmplementeer moet word.



Figuur 3.1: Skematiese voorstelling van doel, aannames en beginsels van gesinsondersteuningsdienste

Uit figuur 3.1 blyk dit dat die onderskeie aannames en beginsels van gesinsondersteuningsdienste interafhanklik is, maar ook kan oorvleuel. Die aanname dat ouers oor die kapasiteit beskik om te groei en te ontwikkel deur hulle ouerskapsvaardighede te ontwikkel, hou byvoorbeeld ook verband met 'n sterktegebaseerde aanname tot dienslewering, aangesien ouers bemaagtig word om hulle kinders effektief te versorg. In figuur 3.1 is daar egter 'n rigiede verband tussen sekere beginsels en aannames aangedui om maatskaplike werkers en organisasies in staat te stel om by praktyk implementering 'n basislyn bepaling te maak van die onderskeie beginsels en aannames wat in 'n program ingesluit word.

3.5 PRAKTYK IMPLEMENTERING VAN GESINSONDERSTEUNING

Die implementering in die praktyk van die aannames en beginsels van gesinsondersteuning word kortliks ooreenkomstig figuur 3.1 bespreek.

3.5.1 Implementering van aannames en beginsels

In die praktyk beteken die implementering van die aanname dat die welsyn van kinders in die gesin geleë is, dat dienste moet fokus op die gesin as 'n eenheid (Manalo & Meezan, 2000:414; Lightburn & Kemp, 1994:18). Dit beteken soos reeds genoem dat 'n wye reeks ondersteuningsdienste vir die gesin as 'n eenheid, maar ook vir individuele gesinslede beskikbaar moet wees, ooreenkomstig die verskillende ontwikkelingsfases van die gesin en individuele gesinslede. Ooreenkomstig figuur 3.1 behels die implementering van die beginsel wat hiermee saamgaan, dat gesinslede sover as moontlik aangemoedig moet word om vrywillig deel te neem.

Vanuit figuur 3.1 behels 'n sterkte-gebaseerde aanname tot dienslewering dat maatskaplike werkers by die implementering van die beginsels moet fokus op die ontwikkeling van die gesin se sterktes. Die gesin se sterktes moet geïdentifiseer, gerespekteer en uitgebou word (Manalo & Meezan, 2000:414; Lightburn & Kemp, 1994:18), sodat hulle bemaagtig word om beheer oor hulle lewens te neem (Dunst *et al.*, 1991:24,25,27,31). 'n Verdere beginsel is dat 'n verhouding gevestig word wat gebaseer is op gedeelde verantwoordelikheid en samewerking, wat weer benut moet word om verdere sosiale netwerke in die gemeenskap te ontwikkel.

Die aanname dat ouers oor die kapasiteit beskik om te groei en te ontwikkel (figuur 3.1), fokus hoofsaaklik op die beginsel dat ouerskapsvaardighede verhoog moet word, deur ouers op te voed oor ouerskap. Dit beteken dat oueropvoedingsprogramme 'n integrale deel van lewering van gesinsondersteuningsdienste deur welsynsorganisasies behoort te wees. Volgens Kagan (1996:159) moet maatskaplike werkers wat hierdie dienste lewer die belangrikheid van

die gesinslewe erken, maar ook die kompleksiteit van ouerskap. 'n Benadering tot dienslewering moet gevolg word waar gesinsondersteuning, en die feit dat ouers ook behoeftes ten opsigte van ouerskap het, erken moet word as normaal en normatief.

Ten opsigte van voorkomende dienste is dit ooreenkomstig figuur 3.1 belangrik dat die beginsel van gemeenskapsgebaseerde dienste geïmplementeer word. Dit beteken dat dienste veral binne die gemeenskap vir gesinne en gemeenskapslede beskikbaar moet wees. Hierdie dienste wat op mikro-, meso- en makro-vlak deur maatskaplike werkers gelewer moet word, sal in die volgende hoofstukke van hierdie studie toegelig word, aangesien skrywers (Lightburn & Kemp, 1994:19; Weissbound & Kagan, 1989:25) aandui dat hierdie dienste voorkomende, sowel as terapeutiese dienste moet insluit en konkreet, ondersteunend, opvoedkundig en klinies van aard moet wees.

Dunst *et al.* (1991:24,25,27,31) noem dat die aanname van voorkoming behels dat praktykmodelle benut moet word wat die doel en die uitkomst van gesinsondersteuningsdienste waarborg. Dit beteken dat daar sterker gefokus moet word op praktykmodelle en benaderings wat gerig is op die daarstelling van netwerke en wat bydra tot die bou van die gemeenskap. Dienste moet gerig word deur die behoeftes van verbruikers, eerder as deur dit wat maatskaplike werkers meen dienslewering in die gemeenskap moet behels.

Volgens die aannames van gesinsondersteuningsdienste in figuur 3.1 beteken die implementering van die beginsel van voorkoming, dat dienste ooreenkomstig 'n verdere aanname vanuit 'n ekologiese perspektief geïmplementeer moet word. Die beginsel onderliggend aan hierdie aanname is dat daar 'n interafhanklikheid bestaan tussen kinders, gesinne en die gemeenskap. Verdere beginsels wat verband hou met die ekologiese perspektief is dat hulpbronne ontwikkel moet word om in die behoeftes van gesinne te voorsien ooreenkomstig die kulturele diversiteit van die gemeenskap. Maatskaplike werkers en ander personeel wat hierdie tipe diens lewer, moet volgens Kagan (1996:159), respek openbaar vir gesinne se agtergrond, hulle behoeftes en diversiteit.

Kagan (1996) is verder van mening dat die beginsels van kulturele sensitiwiteit, vrywillige deelname, 'n samewerkende verhouding tussen maatskaplike werkers en deelnemers en bemagtiging, in elk geval die basis van alle maatskaplikewerk-dienste behoort te wees. Indien dit nie die geval is nie, beteken dit dat welsynsorganisasies en personeel wat betrokke is by gemeenskapsondersteuningsprogramme 'n paradigma verskuiwing in dienslewering moet maak.

3.5.2 Tipes gesinsondersteuningsprogramme

Om die aannames en beginsels van gesinsondersteuningsdienste doeltreffend in welsynsinstansies toe te pas, is dit nodig dat maatskaplike werkers spesifieke programme ontwikkel. Gilligan (2001:15) identifiseer **drie tipes gesinsondersteuningsprogramme** wat welsynsorganisasies kan benut wanneer dienslewering beplan word. Die eerste tipe program is **ontwikkelende gesinsondersteuningsdienste**. Die doel van hierdie tipe program is om die sosiale ondersteuning aan ouers te verhoog, asook die probleemoplossingsvaardighede van ouers en kinders binne die gesins- en gemeenskapskonteks, te bevorder. Hierdie tipe program fokus op die gewone uitdagings wat ouerskap en die gesinslewe inhou, is nie probleemgefokus nie en is in beginsel oop vir alle lede van die gemeenskap. Voorbeelde van hierdie programme is persoonlike ontwikkelingsgroepe, ontspanningsprojekte, jeugprogramme, ouerleiding en volwasse opvoedingsprogramme wat relevant is tot gesinsverhoudings en lewensopvoeding.

Die tweede tipe ondersteuningsprogram is **vergoedende of kompenserende ondersteuningsdienste**. Hierdie program is daarop gerig om gesinslede te vergoed vir die nadelige effek wat agtergeblewenheid vroeër veroorsaak het, of in hulle huidige omstandighede tot gevolg het. Voorbeelde van hierdie tipe ondersteuningsprogram is hoë kwaliteit voldag kleuterskoolprogramme vir kinders vanuit ernstige minderbevoorregte, of skadelike huishoudelike omstandighede, asook spesiale programme vir jeugdige waar daar 'n hoë voorkoms van vroeë skoolverlating is. Hierdie tipe program het ook ten doel om **sosiale uitsluiting** teen te werk.

Beskernde gesinsondersteuningsdienste is die derde tipe program. Programme is daarop gerig om kinders en volwassenes se hanteringsvaardighede te versterk om die geïdentifiseerde risiko's en bedreigings wat in die gesin bestaan, te hanteer. Voorbeelde van hierdie tipe programme is ondersteuningsgroepe vir vroue wat huishoudelike geweld ervaar, dagsorg vir kinders wie se ouers dwelm- of alkoholafhanklik is en ondersteuningsprogramme vir ouers wat probleme het om hulle kinders se gedrag te hanteer. Die **uitbreiding van die sosiale netwerke** van geïsoleerde gesinne in die gemeenskap is 'n verdere belangrike aspek wat moet aandag geniet wanneer beskernde gesinsondersteuningsdienste gelewer word.

Uit die voorafgaande beskrywing van die tipes ondersteuningsdienste of -programme wat ontwikkel kan word, is dit duidelik dat 'n welsynsorganisasie na aanleiding van die gemeenskap se behoeftes moet bepaal watter tipe ondersteuningsdienste gelewer behoort te

word. Dit beteken dat in 'n gemeenskap wat gekenmerk word deur armoede, werkloosheid en 'n gepaardgaande hoë voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing, daar eerder gekonsentreer moet word op die laaste twee tipes programme, deur te fokus op die ontwikkeling van sosiale netwerke, asook op programme om sosiale uitsluiting te voorkom. In Suid-Afrikaanse gemeenskappe, soos reeds in die vorige hoofstuk bespreek, is daar 'n verhoogde risiko vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing, met gepaardgaande sosiale isolasie en uitsluiting. Dienste en programme behoort dus sterker op kompenserende en beskermde gesinsondersteuning te fokus, deur sosiale netwerke te ontwikkel en sosiale uitsluiting aan te spreek.

3.6 GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE EN KOMPONENTE VAN SOSIALE UITSLUITING

Die uitkoms van gesinsondersteuningsdienste of -programme is die teenwerking of die verbreking van sosiale uitsluiting. Volgens Pierson (2003:7,14) kan sosiale uitsluiting beskou word as die proses wat individue, gesinne, groepe en gemeenskappe vervreem van die hulpbronne wat toegang verleen tot deelname aan die ekonomiese en politieke aktiwiteite van die samelewing. Deur hierdie proses word mense afgesny van die instansies en bronne, asook die sosiale netwerke en ontwikkelingsgeleenthede wat vir die grootste gedeelte van die samelewing beskikbaar is. Die komponente wat sosiale uitsluiting in stand hou en dryf, is geïdentifiseer as armoede en lae inkomste, gebrekkige toegang tot die arbeidsmark, min of geen sosiale ondersteuning en netwerke, sowel as die invloed van die gemeenskap en die uitsluiting van dienste.

In Suid-Afrika word die gesins- en gemeenskapslewe van 'n groot deel van die bevolking gekenmerk deur die komponente van sosiale uitsluiting, soos hierbo uiteengesit. Dit beteken dat ondersteuningsdienste aan gesinne gerig moet word op die aanspreek, of die uitwissing van sosiale uitsluiting en die ontwikkeling van sosiale netwerke soos Gilligan (2000) voorstel. Gesinsondersteuningsdienste word vervolgens ontleed in terme van die hantering van die komponente van sosiale uitsluiting.

3.6.1 Armoede, lae inkomste en gebrekkige toegang tot arbeidsmark

Soos reeds in die eerste hoofstuk beskryf, word Suid-Afrikaanse hoërisiko-gemeenskappe en die gesinne wat in hierdie gemeenskappe woon, gekenmerk deur armoede vanweë lae opvoedkundige kwalifikasies wat 'n gebrekkige inkomste of werkloosheid tot gevolg het. Hierdie situasie gee aanleiding tot sosiale uitsluiting en swak maatskaplike kohesie in

gemeenskappe. Spencer en Baldwin (2005:29) dui aan dat alhoewel sosiale uitsluiting gewoonlik op gesinsvlak ervaar word, dit gewoonlik die oorsaak is van die ekonomiese en opvoedkundige faktore wat in die samelewing aanwesig is. **Aksies om sosiale uitsluiting aan te spreek** moet volgens Pierson (2002:167) gerig word op die **fisiese**, sowel as die **sosiale struktuur** van die gemeenskap. Kubisch en Stone (2001) is van mening dat die enigste manier om gemeenskappe op te bou en sosiale uitsluiting te verminder, is om onder andere aandag te gee aan die fisiese infrastruktuur van die gemeenskap, asook plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder. Die veiligheid van die gemeenskap, ongelykhede in gesondheid, sowel as die opvoedingsvlak in die gemeenskap, moet ook aangespreek word.

Skrywers (Gilligan, 2002:19; Weissbound, 1991:70) is dit eens dat gesinsondersteuningsdienste nie beskou moet word as die oplossing, of die antwoord vir gemeenskapsbehoefte soos armoede, lae inkomste, werkloosheid, of ontoereikende opvoedingsgeleentede nie. Gesinsondersteuningsdienste is die doeltreffendste as dit gekombineer word met ander tipes dienste. Effektiewe gesinsondersteuningsdienste behels 'n **inklusiewe visie** waarby elemente van 'n wye verskeidenheid **velde**, soos volwasse opvoeding, gemeenskapsontwikkeling, vroeë kinderjare dienste en werkskepping betrokke is. Verder moet **dissiplines** soos maatskaplike werk, justisie en onderwys, gesamentlik onderneem word om gesinsondersteuning te bevorder (Gilligan, 2000:28).

Die betrokkenheid van 'n wye verskeidenheid dissiplines en velde by gesinsondersteuning is in ooreenstemming met die Finale Konsep Nasionale Beleid vir Gesinne (Department of Social Development, 2004a:6,35,36,39) se doel om 'n **geïntegreerde diensleweringstelsel** daar te stel wat gesinne sal ondersteun ten einde gesinsdisintegrasie te voorkom. Hierdie diensleweringstelsel moet gebou word deur intersektorale samewerking op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak en behels dat vennootskapsooreenkomste met die privaatsektor aangegaan word om geïntegreerde dienslewering aan gesinne te bewerkstellig. Daar word aangedui dat die Regering, en spesifiek die Departement van Onderwys en Landbou verantwoordelikheid moet neem vir programme wat armoede verlig en werkloosheid bekamp, beroepsvoorligting doen en entrepreneursvaardighede ontwikkel, wat die beginsel van intersektorale samewerking bevestig. Daar is egter geen aanduiding van hoe en wanneer hierdie aksies geneem moet word nie. Belangrike aspekte wat nie ingesluit word nie, is onder andere die vroeë kinderjare opvoeding van kinders en die hoë syfer van vroeë skoolverlating, asook die hoë voorkoms van geweld in gemeenskappe wat 'n negatiewe invloed op die sosiale

struktuur of die maatskaplike kohesie in 'n gemeenskap het. Die strukturele oorsake van gesinne se probleme word dus nie aangespreek nie.

Die feit dat intersektorale samewerking beklemtoon word, beteken in die Suid-Afrikaanse situasie dat **welsynsorganisasies wat gesinsinstandhoudingsdienste lewer sterker moet afbaken wat hulle rol en taak** is met betrekking tot die gesinne in 'n gemeenskap, aangesien daar nie van maatskaplike werkers verwag kan word om deur voorkomende programme aspekte soos armoede, werkloosheid, swak opleiding, vroeë skoolverlating en gemeenskapsgeweld aan te spreek nie. In navorsing (Coulton, 1993:26; Tracy, Green & Bremseth, 1993:23) wat in die VSA onderneem is oor die aard van die probleme en behoeftes van kliënte van kindersorgorganisasies, is bevind dat die stressors van die meeste gesinne, ekonomiese probleme en swak behuisingsomstandighede was. Hierdie stressors dui op groot omgewingsbehoefte wat buite die beheer van die kindersorgsisteem is (Coulton, 1993) en wat die rol en taak van maatskaplike werkers in intervensie ernstig bemoeilik (Coulton, 1993; Tracy *et al.*, 1993). Hierdie bevinding is ook van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie en word ondersteun deur September (2006:69), wat van mening is dat die meeste gesinne wat in die kindersorgsisteem maatskaplikewerk-dienste moet ontvang, vanweë armoede meer benodig as wat kinder- en gesinsorgdienste veronderstel is om te bied.

'n Verdere aspek wat in gedagte gehou moet word, is dat die voorkoms van armoede, werkloosheid en lae opvoedkundige kwalifikasies, soos in die Suid-Afrikaanse samelewing, van die belangrikste indikatore vir 'n **verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing** is (Weissman *et al.*, 2003:10; Chaffin *et al.*, 2001:276; Kotch *et al.*, 1999:307; Brown *et al.*, 1998:1075). Die klem op intervensie deur maatskaplike werkers kan gevolglik sterker val op intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste as op gesinsondersteunende, of voorkomende dienste, aangesien hulle oorweldig word deur gevalle waar daar 'n hoë risiko is dat die kind, of kinders in gevaar is. Maatskaplike werkers wat in areas werk met 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing, sou dus minder tyd tot hulle beskikking hê vir gesinsondersteuningsdienste. Tracy *et al.* (1993:21) beklemtoon dat daar van maatskaplike werkers by kindersorgorganisasies verwag word om eerstens kinderbeskermingsdienste te lewer, maar terselfdertyd die verwydering van kinders te voorkom deur gesinsinstandhoudingsdienste te lewer. Hierdie tweeledige verantwoordelikheid, om 'n besluit te neem tussen verwydering en dienslewering aan die gesin, is alreeds moeilik en dit word verder gekompliseer deur die sosiale faktore wat in lae-inkomste gemeenskappe teenwoordig is.

Sterk klem word in die Finale Konsep Nasionale Beleid vir Gesinne (Department of Social Development, 2004a:6,35,36,39) geplaas op die feit dat gesinne se primêre verantwoordelikheid is om vir hulle lede te sorg deur beskikbare bronne soos opleiding, werk, inkomste, huishoudelike geriewe en familie en vriendskapsnetwerke, te benut. Soos in die vorige hoofstuk gemeld, beskik die grootste gedeelte van Suid-Afrika se gesinne nie oor hierdie bronne nie, wat dit dikwels vir hulle onmoontlik maak om self hulle gesinslede te versorg. Groot druk word op maatskaplike werkers geplaas om sinvolle intervensiedienste te lewer, te midde van gebrekkige bronne tot hulle beskikking. Hochfeld (2007:83) meen dat slegs middelklas nukleêre gesinne in Suid-Afrika oor die vermoëns beskik om vir hulleself te sorg en dat die Nasionale Gesinsbeleid in hierdie verband nie die hoë vlakke van armoede en werkloosheid wat dit vir gesinne onmoontlik maak om vir hulleself te sorg, in ag neem nie.

Leon (1999:15) is van mening, dat alhoewel die samelewing van gesinne verwag om self in hulle kinders se behoeftes te voorsien, hulle dikwels vanweë finansiële stres nie daartoe in staat is nie, asook swak toegerus is, of onbekwaam voel om dit te doen. Bronne in gemeenskappe is dikwels skaars, afwesig, of gefragmenteerd. Dienste wat **geïntegreerd is ten opsigte van gesondheid, geestesgesondheid, opvoedkunde en ontspanning, is noodsaaklik om die welstand van kinders te verseker**. Om verandering in kinders en gesinne se lewensomstandighede te bewerkstellig, moet kliënte van welsynsorganisasies bemaatig en voorsien word van uitgebreide gemeenskapsgebaseerde dienste.

Die ontwikkeling van gemeenskappe deur ondersteuningsdienste en gemeenskapswerk kan nie oorgelaat word aan privaat inisiatiewe en vrywillige welsynsorganisasies alleen (Leon, 1999:15; Cannan & Warren, 1997:17) om die strukturele probleme in gemeenskappe op te los nie (Cannan & Warren, 1997:17). Die **staat** behoort soos in Frankryk en Duitsland 'n **statutêre verantwoordelikheid** te hê om die gesinslede te ondersteun. **Grondvlak werk moet gekomplementeer word deur programme vanaf regeringsvlak**, gerig op sosiale en ekonomiese ontwikkeling om bronne in gemeenskappe te vestig, asook die basis verskaf vir maatskaplike werkers en ander beroepe om op grondvlak die gemeenskap verder te ontwikkel. Programme soos dagsorg vir kinders, naskoolse versorging en veilige gemeenskappe is die basis vir suksesvolle gesinne, maar benodig finansiering, aangesien vrywillige organisasies dikwels nie oor genoeg finansies beskik om hierdie programme in stand te hou sonder regeringsondersteuning nie (Cannan & Warren, 1997:17). Moroney (1987:35) dui aan dat in 'n vennootskap tussen die staat en privaat instansies, die staat nie kan verwag dat gesinne versterk moet word, en dat gesinslede meer bevoegde versorgers moet wees bloot deur te

suggereer dat gesinne vir hulleself kan sorg deur betrokkenheid by informele ondersteuningsgroepe nie. Dit is noodsaaklik dat daar sterker aangedring word op finansiële ondersteuning vir ondersteuningsprogramme, om 'n wisselwerkende vennootskap tussen gesinne en regering tot stand te bring, anders sal al hoe meer gesinne afhanklik raak.

Binne die Suid-Afrikaanse welsynsopset is dit noodsaaklik dat intersektorale samewerking plaasvind sodat 'n gekoördineerde poging aangewend kan word om sosiale uitsluiting soos gemanifesteer deur armoede, werkloosheid en lae opvoedkundige kwalifikasies aan te spreek. Dit sal behels dat 'n verskeidenheid van programme op nasionale vlak ontwikkel en geïmplementeer moet word, aangesien die welsynsbegroting tot dusver sterk gefokus het op bestaansbeveiliging (Department of Social Development, 2006a:11; Department of Social Development, 2004b:3) en nie werklik op die daarstel van bronne in gemeenskappe nie.

Alhoewel bestaansbeveiliging 'n belangrike komponent van die Regering se anti-armoede program is, is dit belangrik om te let op die feit dat daar 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing is by gesinne wat bestaansbeveiliging vir kinders ontvang (Chaffin *et al.*, 2001:1276; Keller & McDade, 2000:297; Kotch *et al.*, 1999:307; Kotch *et al.*, 1995:1122). Daar was 'n toename in ontvangers van die kindertoelaag vanaf 348 532 in April 2000 tot 2,5 miljoen in Februarie 2003 volgens Amoateng en Richter (2007:9). Wanneer dit nodig raak om 'n groot deel van 'n welsynsbegroting aan bestaansbeveiliging vir gesinne met kinders af te staan, soos wat tans gebeur, beteken dit dat daar reeds ernstige strukturele probleme in gemeenskappe is wat nie meer deur gewone maatskaplikewerk-dienste opgelos sal word nie.

3.6.2 Sosiale ondersteuning en netwerke

Die gebrek aan netwerke word as 'n belangrike komponent of oorsaak van sosiale uitsluiting beskou omdat dit individue en gesinne van die sosiale ondersteuning en informele hulp wat hulle benodig om aan die gemeenskapslewe deel te neem, uitsluit (Jack, 2000:714). Thompson (1995:43) se definiëring van sosiale ondersteuning, word steeds as toepaslik beskou wanneer sosiale ondersteuning bespreek word (Ghate & Hazel, 2002:106; Maluccio *et al.*, 2000:177,178). Volgens Thompson (1995:43) is sosiale ondersteuning die sosiale verhoudings wat voorsien, of wat oor die potensiaal beskik om materiële en interpersoonlike bronne te voorsien wat as waardevol deur die ontvanger beskou word, soos berading, toegang tot inligting, die deel van take en verantwoordelikhede, asook die aanleer van vaardighede.

Die ontwikkeling van sosiale netwerke is een van die belangrikste beginsels van ondersteuningsdienste, naamlik om bronne en ondersteuning in gemeenskappe te mobiliseer (Manalo & Meezan, 2000:414; Kagan, 1996:158; Dunst *et al.*, 1991:23) binne 'n reeks van formele en informele organisasies om sosiale uitsluiting te vermy, of teen te werk (Warren, 1997:105). 'n Noodsaaklike element van maatskaplike werk is om die ontwikkeling van betroubare sosiale netwerke te bevorder sodat dit 'n funksie vir mense kan vervul (Pierson, 2002:13,14), aangesien sosiale netwerke die struktuur verskaf waarbinne ondersteuning aan gesinne gebied word (Maluccio *et al.*, 2002:177). Begrip vir netwerke en hoe hulle floreer of gesond bly is 'n belangrike aspek wat deur maatskaplike werkers verstaan moet word, as sosiale uitsluiting met intervensie aangespreek wil word (Pierson, 2002:3).

Ondersteuningsnetwerke vir gesinne kan verdeel word in drie vorms van ondersteuning, naamlik informele ondersteuning, semi-formele ondersteuning en formele ondersteuning (Ghate & Hazel, 2002:106-110; Gardner, 2003:55-62). Hierdie vorms van ondersteuning word vervolgens bespreek.

3.6.2.1 Informele ondersteuningsnetwerke

Informele ondersteuningsnetwerke word beskou as die ondersteuning wat deur familie, vriende en bure in die gesin se natuurlike netwerk gebied word (Gardner, 2003:55; Ghate & Hazel, 2002:109; Pierson, 2002:13; Cochran, 1991:46). Hierdie tipe netwerke word beskryf as “networks for getting by”, omdat familie, vriende en bure gesinne bystaan met alledaagse take soos kinderversorging, die versorging van siek lede in 'n gesin, asook byvoorbeeld deur die leen van klein bedrae geld wanneer finansiële probleme ondervind word. Die gesin en individuele gesinslede het hierdie informele netwerk nodig om daagliks oor die weg te kom in die gemeenskap (Pierson, 2002:13). Swak informele netwerke of sosiale uitsluiting word as 'n belangrike komponent by kindermishandeling en -verwaarlosing beskou, omdat lae of gebrekkige betrokkenheid by informele ondersteunende netwerke in die gesin (Albarracin *et al.*, 1997:614) of in die gemeenskap (Polanski *et al.*, 1985:46) as 'n hoër risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing beskou word.

Ten opsigte van sosiale ondersteuningsnetwerke meen Thompson (1995:45) dat daar onderskei moet word tussen die **strukturele eienskappe** van 'n netwerk en die **geaffilieerde eienskappe** daarvan. Die strukturele eienskappe van 'n netwerk dui onder andere op die **grootte** van die netwerk, asook die **gereeldheid van kontak** met die netwerklede. Die grootte van die netwerk dui nie noodwendig op goeie ondersteuning nie, aangesien die grootte

beïnvloed kan word deur die gereeldheid van kontak met netwerklede. Alhoewel 'n gesin deel van 'n groot netwerk kan wees, kan hulle min of ongereelde kontak met die netwerklede hê, wat beteken dat die gesin nie gereelde ondersteuning vanuit die netwerk verkry nie.

Gesinstruktuur beïnvloed die **grootte** van informele netwerke (Teitler, Reichman & Nepomnyaschy, 2004:136,137; Ghate & Hazel, 2002:115; Tracy *et al.*, 1993:254). In Ghate en Hazel (2002) se navorsing oor die informele netwerke van ouers in lae-inkomste gemeenskappe, het gesinstruktuur die grootte van die netwerk beïnvloed, aangesien enkelouers minder bronne van informele ondersteuning gelys het, as huishoudings waar daar twee ouers teenwoordig was. Hierdie enkelouers het hoofsaaklik hulle biologiese moeders as 'n bron van ondersteuning aangedui. 'n Baie lae persentasie het hulle vorige huweliks- of saamleefmaats as 'n bron van ondersteuning beskou, terwyl hulle ook vanweë die skeiding die ondersteuning van hulle familie verloor het. Die afleiding wat gemaak is, is dat enkelouers in die geheel meer beperkte informele ondersteuningsnetwerke gehad het, as twee-ouergesinne. Die enkelouers het ook aangedui dat hulle 'n behoefte aan meer ondersteuning het. In die navorsing van Teitler *et al.* (2004), het enkelouers aangedui dat alhoewel hulle finansiële ondersteuning van hulle vorige huweliks-, of huidige saamleefmaats ontvang het, hulle steeds vriende en familie benut om wanneer nodig, hulle finansiële te ondersteun. Hierdie aspek kan nie noodwendig as positief beskou word nie, aangesien druk geplaas word op informele netwerke wat self finansiële probleme mag ondervind.

'n Verdere belangrike aspek wat uit die navorsing van Ghate en Hazel (2002) na vore gekom het, is dat die **lewensfase waarin die gesin verkeer** het, die grootte van die informele netwerk beïnvloed het. Gesinne met kinders wat in die adolessente lewensfase was, se netwerke was groter as gesinne waar kinders onder die ouderdom van agt jaar was. Ouers met adolessente het dikwels hierdie adolessente kinders as 'n bron van ondersteuning beskou. Die **vlak van armoede in die huishouding** het ook 'n invloed op die grootte van die informele netwerk gehad. Die armste huishoudings in die studie, asook die huishoudings in die armste gedeeltes van die gemeenskap, het minder persone in hulle sosiale netwerk gehad. Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat hoe hoër die vlak van behoeftes in die huishouding was, hoe kleiner was die informele netwerk wat ondersteuning kon bied.

Die **verspreiding** (Thompson, 1995:46) van netwerklede verwys na die gemak waarmee kontak gemaak kan word met die lede van die netwerk. Hier word veral verwys na bronne van ondersteuning wat binne die gemeenskap beskikbaar is, teenoor bronne buite die gemeenskap. In hoërisiko-gemeenskappe kan swak finansiële omstandighede, of gebrekkige formele

bronne soos 'n swak vervoerstelsel, dit moeilik vir die gesin maak om bronne buite die gemeenskap te benut. Om hierdie rede word bure en ander gemeenskapslede dikwels as toepaslike bronne van ondersteuning beskou, omdat bronne buite die gemeenskap, of ver van die gemeenskap die hoërisiko-gesin nie kan bystaan met alledaagse ondersteuning nie.

Die **samstelling** van die netwerk dui op die verskeidenheid persone wat by die netwerk betrokke is, soos gesinslede, familie, vriende, bure en kollegas. Met betrekking tot die samstelling van die netwerk het Ghatte en Hazel (2002:113,115,156), bevind dat vrouens in lae-inkomste gemeenskappe hoofsaaklik hulle biologiese moeders, vriendinne en susters aangewys het as bronne van informele ondersteuning, eerder as huweliks- of saamleefmaats. Gardner (2002:8) se navorsing het ook familie en vriende as informele ondersteuningsbronne aangedui, terwyl ouers genoem het dat hulle semi-formele dienste benut het om hulle informele netwerke uit te brei. Hierdie navorsing dui aan dat hoe groter die informele netwerk van die gesin was, hoe minder probleme het ouers met stres en swak gesondheid, asook met die assessering van hulle kinders se gedrag ondervind.

Die **stabieleit** (Thompson, 1995:47) van 'n netwerk verwys na die konsekwentheid van die samstelling van die netwerk, of hoe lank mense mekaar ken. 'n Stabiele netwerk word dikwels beskou as 'n goeie bron van ondersteuning, omdat die lede van die netwerk mekaar se behoeftes en karaktereienskappe goed ken, en daarom bewus is van mekaar se behoeftes. Die mees stabiele vorm van ondersteuning word as die gesin beskou, omdat hierdie verhoudings langtermyn verhoudings is. Ondersteuning deur vriende is wisselend, terwyl bure as die wisselendste bron van ondersteuning beskou word. 'n Belangrike eienskap van gesinne wat sosiaal geïsoleerd is, is 'n netwerk wat konstant verander, wat gewoonlik volgens Burke *et al.* (1998:395) en Thompson (1995:108) die gevolg is van gebrekkige sosiale vaardighede om verhoudings in stand te hou. Sosiale isolasie kan ook volgens Garbarino en Sherman (1980:194) se navorsing omgewingsverwant wees, aangesien hulle bevind het dat verhoudings met bure in sosiaal arm gemeenskappe nie aangemoedig word nie. Hier meen Thompson (1995:108) dat hoërisiko-gesinne, vanweë die aard van hulle probleme, moontlik vir gemeenskapslede kan voorkom as gesinne waarmee hulle nie bevriend wil wees nie en dat hulle daarom vermy word.

Die **geaffilieerde eienskappe** van sosiale ondersteuning verwys volgens Thompson (1995:49) onder andere na **binding**, of die emosionele kwaliteite van die netwerke, hetsy positief of negatief. Die persoon se persepsie van die netwerk as positief of negatief, is van belang. Aangesien hierdie gevoel subjektief is, hou sosiale isolasie ook verband met die feit dat

individue of gesinne min positiewe eienskappe kan waarneem van die netwerke waarin hulle betrokke is. Skrywers (Berry, 1997:58; Cochran, 1991:47) wys daarop dat nie noodwendig al die persone in 'n netwerk wat as belangrik beskou word, sosiale ondersteuning bied nie, omdat party persone in die netwerk stres kan veroorsaak. Tracy (1990:255) se navorsing oor die informele ondersteuning wat hoërisiko-gesinne het, dui aan dat enkelouers meer persone in hulle netwerk het wat kritiek op hulle lewer, as twee-ouergesinne, wat dit uiteraard moeilik maak het vir enkelouers om hulle informele netwerk te benut. Daar word aanbeveel dat in dienslewering aan hoërisiko-gesinne, maatskaplike werkers ook aandag moet gee aan intervensies wat afkeurende en kritiese interaksies tussen netwerklede verminder, behalwe om hulle sosiale ondersteunende netwerke uit te brei, of te verhoog.

Wisselwerking is die mate waartoe die ondersteuning in verhoudings beskou word as wederkerig, of nie-riktiggewend. 'n Gebrek aan wisselwerking in verhoudings by hoërisiko-gesinne kan byvoorbeeld die gevolg wees van hulle ekonomiese onvermoë, asook 'n persoonlike onvermoë om wisselwerkende aksies in stand te hou. Wisselwerking of wederkerige aksies het in Tracy (1990:255,256) se navorsing 'n prominente rol in informele netwerke gespeel, aangesien wederkerigheid in verhoudings 'n spesifieke vaardigheid blyk te wees waarvoor ouers moet beskik. Hoe hoër die vaardigheid van 'n persoon om wederkerigheid op 'n tasbare wyse te bied, hoe meer waarskynlik dat die persoon hierdie tipe hulp as beskikbaar sal beskou. Intervensies met hoërisiko-gesinne wat hulle kinders verwaarloos, moet ook die verhoging van sosiale wisselwerkende vaardighede insluit, sodat ouers in staat gestel word om vriendskappe te ontwikkel en sodoende hulle informele sosiale ondersteuningsbronne verhoog.

Homogeniteit (Thompson, 1995:50) verwys na netwerklede met gemeenskaplike kenmerke, soos byvoorbeeld hulle sosio-ekonomiese status en religieuse waardes. Wanneer homogeniteit in verhoudings bestaan, kan sosiale ondersteuning verhoog word. Homogeniteit kan 'n negatiewe implikasie by hoërisiko-gesinne hê, omdat die kongruensie in waardes oor kinderopvoedingsmetodes tussen netwerklede die potensiaal het om ouerskapstyle wat kindermishandeling en -verwaarlosing aanmoedig, in stand te hou.

'n Verdere belangrike affiliasiewe eienskap is die **ervaring van sosiale ondersteuning** en die **werklike sosiale ondersteuning** wat ontvang word. Die ervaring van ondersteuning verwys na die mate waartoe 'n persoon, of gesin ondersteuning vanaf die netwerk verwag, of seker is dat ondersteuning gebied sal word, wanneer nodig. Sosiale isolasie beteken gewoonlik dat die gesin die ondersteuning wat hulle van die netwerklede soos familie, vriende en bure ontvang,

as onvoldoende, of ontoepaslik beskou. Hierteenoor is dit belangrik om te bepaal wat die **werklike** ondersteuning is wat die gesin verkry in terme van die gereeldheid waarmee hulle ondersteunende aksies vanuit die netwerk ontvang (Thompson, 1995:52,53). Ghate en Hazel (2002:179) het in hulle navorsing gevind dat alhoewel die gesinne oor groot netwerke beskik het, werklike ondersteuning min was. Die feit dat daar 'n verlies aan privaatheid en beheer was indien hulp van vriende en bure versoek word, is as 'n rede aangevoer. 'n Verdere aspek wat na vore gekom het, is dat 'n versoek om hulp die gesin onmiddellik betrek in 'n reeks van wisselwerkende aksies met bure en vriende, wat stresvol kon wees om in stand te hou.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die redes vir sosiale isolasie, of gebrekkige netwerke wyd uiteenlopend is. Ghate en Hazel (2002:107) stel voor dat daar ten opsigte van die assessering van sosiale ondersteuning van individue of gesinne gelet moet word op die strukturele, sowel as die geaffilieerde eienskappe van ondersteuning, aangesien die gevoel wat die persoon oor ondersteuning het, die benutting van die bron kan beïnvloed. Skrywers (Thompson, 1995:45; Tracy, 1990:252) is dit eens dat indien maatskaplike werkers toepaslike gesinsondersteuningsprogramme vir die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing wil ontwikkel, dit noodsaaklik is dat die redes vir sosiale isolasie, of 'n lae betrokkenheid van gesinne by sosiale netwerke, in ag geneem moet word. Dit is ook belangrik om gesinne se siening van hulle sosiale netwerke vas te stel en wat hulle verwag van hierdie netwerke.

Die feit dat gesinne wie se inkomste die laagste was en wat ook in die armste gedeelte van die gemeenskap gewoon het, se netwerke die kleinste was (Ghate & Hazel, 2002), is 'n aspek wat van belang is vir maatskaplike werkers in die Suid-Afrikaanse opset. Aangesien die Suid-Afrikaanse hoërisiko-gemeenskappe gekenmerk word deur armoede, werkloosheid en lae inkomste, asook 'n hoë voorkoms van enkelouers, kan aanvaar word dat maatskaplike werkers tydens intervensie moet aandag gee aan die uitbreiding van informele netwerke. Sodoende sal daar ook aandag gegee word aan die beginsel van Ubuntu of buurmanskap, wat veral in die Suid-Afrikaanse welsynsbeleid (Department of Social Development, 2004a:6,35,36,39) beklemtoon word as 'n aspek wat in intervensie met gesinne bevorder moet word.

Ten opsigte van intervensie word **informele sosiale ondersteuning meer effektief as formele bronne** beskou **om sosiale isolasie teen te werk** (Armstrong & Hill, 2001:354; Jack, 2000:714; Polanski *et al.*, 1985:29) en verlaag dit die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing (Armstrong & Hill, 2001:354). Maatskaplike werkers moet daarom sterker in

dienslewering fokus op die versterking en uitbouing van die informele of natuurlike ondersteuningsisteme van gesinne, soos vriende en familie, of gemeenskapsorganisasies benut eerder as om nuwe sisteme te probeer skep. Indien dit nie moontlik is om hierdie natuurlike bronne te skep of te benut nie, moet formele ondersteuningsisteme liewer probeer om die eienskappe van informele ondersteuningsisteme na te boots, om die beste uitkomst te verseker (Jack, 2000:714). Hierdie siening word deurlopend in die literatuur (Armstrong & Hill, 2001:354; MacDonald, 2005:279; Maluccio *et al.*, 2002) ondersteun, aangesien die ontwikkeling van sosiale netwerk-intervensies gerig is op die benutting van vrywilligers en natuurlike helpers om gesinne te ondersteun. Hierdie tipe hulp word in die volgende hoofstuk meer omvattend bespreek.

3.6.2.2 Semi-formele ondersteuningsnetwerke

Semi-formele ondersteuning word beskou as ondersteuning vanuit kontakte in die gemeenskap, anders as familie, vriende of bure. Hierdie kontakte van die gesin of gesinslede, is **georganiseerde vrywillige aktiwiteite of gemeenskapsgebaseerde dienste**, soos byvoorbeeld groepe, klubs of werksaktiwiteite (Gardner, 2003:55; Ghate & Hazel, 2002:109,110). Die tipes dienste wat beskou word as semi-formele ondersteuning is byvoorbeeld ouer-en-baba kleutergroepe, speelgroepe, asook speelgoedbiblioteke en speelfasiliteite vir kinders onder die ouderdom van ses jaar. Ten opsigte van skoolgaande kinders word naskoolse klubs, vakansie speelaktiwiteite en dagsorgfasiliteite uitgesonder, terwyl ouers kan inskakel by oueropvoedings-, ondersteunings- en vriendskapsgroepe (Ghate & Hazel, 2002:130). Die beginsel van gesinsondersteuningsdienste, naamlik dat dienste aan die gesin as 'n eenheid gelewer moet word ooreenkomstig die verskillende lewensfases, is duidelik waarneembaar in die uiteensetting van die voorbeelde van semi-formele dienste. 'n Verdere beginsel wat na vore kom is dat ouers bemagtig word om self hulle probleme op te los, deur inligting te verkry oor oueropvoeding.

Semi-formele ondersteuning word as **komplementêr tot informele ondersteuningsnetwerke** beskou (Ghate & Hazel, 2002:129-130), aangesien dit hoërisiko-gesinne wie se informele netwerk klein is, kan vergroot, deur hierdie gesinne in te skakel by semi-formele dienste (Thompson, 1995:45). Hierdie dienste gee ouers toegang tot 'n wyer verskeidenheid sosiale netwerke deur die benutting van bronne en dienste wat nie op die individuele gesinsvlak aanwesig is nie (Ghate & Hazel, 2002:130). Verder toon semi-formele ondersteuning sterk ooreenkomste met die basis van gesinsondersteuningsdienste, naamlik selfhelpgroepe. Die **voordele** van selfhelpgroepe volgens Thompson (1995:58,59) is dat deelnemers besef dat

hulle nie alleen is in die probleme en behoeftes wat hulle beleef nie en 'n gevoel van emosionele ondersteuning ervaar wanneer hulle by hierdie groepe inskakel. Ouers het ook toegang tot inligting, dienste, materiële bronne en tasbare bystand, sowel as advies en beradingsdienste om moeilike lewensgebeurtenisse te hanteer.

Verdere voordele van hierdie tipe ondersteuning word deur Gardner (2003:58) beskou as dat hierdie dienste vir ouers en kinders roetine en kontinuïteit in hulle daaglikse bestaan gee. Hierteenoor voer Ghate en Hazel (2002:139) aan dat dit ouers met 'n lae inkomste toegang gee tot materiële bronne soos speelgoed en toerusting wat hulle andersins nie sou kon bekostig nie. Ouers het ook in die navorsing wat hulle onderneem het, hierdie rede aangevoer waarom hulle die diens benut het. 'n Verdere rede was dat die bywoning van die diens aan hulle die geleentheid gebied het om weg te breek van die versorging van kinders.

Die afleiding wat deur Ghate en Hazel (2002:139) gemaak word, is dat ouers deur die bywoning van semi-formele dienste ander gemeenskapslede ontmoet het en sodoende hulle informele sosiale netwerke uitgebrei het, sodat hierdie persone op die lang termyn as informele ondersteuningsbronne benut kan word. In hoërisiko-gemeenskappe waar die informele netwerke van gesinne klein is, is die ontwikkeling van semi-formele ondersteuningsdienste noodsaaklik om gesinne se netwerke uit te brei.

Die voorafgaande demonstreer dat maatskaplike werkers in hulle beplanning vir gesinsondersteuningsdienste moet aandag gee aan die daarstelling van semi-formele dienste om die netwerke van hoërisiko-gesinne uit te brei. Dit beteken nie noodwendig dat nuwe dienste geskep moet word nie, maar dat daar vasgestel moet word watter semi-formele dienste vir gesinne in 'n gemeenskap beskikbaar is. Waar toepaslik, kan dienste gekoördineer word om gesinne sodoende by 'n wyer verskeidenheid dienste in te skakel. Die voordele wat hierdie dienste vir gesinne inhou, volgens Thompson (1995:60) is dat ouers se vaardighede uitgebrei word en opleiding bekom word, terwyl sosiale kontrole en die monitering van gesinsgedrag ook plaasvind.

3.6.2.3 Formele ondersteuningsnetwerke

Formele ondersteuning verwys na ondersteuning wat gebied word deur **groter instansies alleen, of in samewerking of in vennootskap met die vrywillige sektor**. Hierdie vorm van ondersteuning sluit alle professionele dienste, soos gesondheid, onderwys, maatskaplikewerkdienste en dienste deur die polisie in (Gardner, 2003:59; Ghate & Hazel, 2002:141). Die tipes dienste (Ghate & Hazel, 2002:141,144) wat byvoorbeeld hier van toepassing is, is terapeutiese

maatskaplikewerk-dienste, voorgeboorteklasse, spraakterapie, sielkundige dienste, asook beskermingsdienste deur die polisie.

Die **redes** waarom ouers, volgens die navorsing wat Ghate en Hazel (2002) onderneem het, hierdie dienste benut het, was hoofsaaklik omdat hulle hulp nodig gehad het met ouerskaps- of gesinsprobleme. Hulle doel was nie om te sosialiseer, of om hulle kinders te laat sosialiseer nie, wat hoofsaaklik die rede was vir die benutting van semi-formele ondersteuningsdienste. Ouers het aangedui dat hulle hulp nodig gehad het met **spesifieke probleme**, en daarom besluit het dat hulle van **professionele hulp** gebruik wil maak. Die redes wat ouers aangevoer het vir hulle tevredenheid met die dienste wat benut is, onderskryf die beginsel van nie-veroordeling wat belangrik is by gesinsondersteuningsdienste, omdat dit veronderstel word dat die vrywilligers of maatskaplike werkers by dienslewering 'n samewerkende verhouding moet bou gebaseer op gelykheid en gedeelde verantwoordelikheid. Ouers se tevredenheid met die diens het verband gehou met die mate waartoe professionele persone hulle met respek behandel het, hulle bekommernisse as geldig beskou het, geluister het, asook sonder kritiek en vooroordele op hulle ouerskapsvaardighede, of -styl gereageer het.

Navorsing (Ghate & Hazel, 2002:179; Keller & McDade, 1997:305,306) dui aan dat die redes waarom ouers besluit het om nie van formele ondersteuning gebruik te maak nie, verband hou met die feit dat die gesin deur die benutting van formele hulp, gestigmatiseer kan word. Ouers het aangedui dat daar 'n gebrek aan vertroue in professionele hulp bestaan, asook dat hulle vrees dat hulle kinders verwyder sal word, veral as hulp van welsynsorganisasies versoek word. Volgens verskeie skrywers (Armstrong & Hill, 2001:354; Keller & McDade, 1997:306) is die aanwend van informele helpers en vrywilligers vanuit die gemeenskap om die sosiale netwerke van lae-inkomste- of hoërisiko-gesinne uit te brei, 'n moontlike oplossing om die benutting van formele vorms van ondersteuning by hierdie gesinne te stimuleer.

'n Belangrike bevinding van Ghate en Hazel (2002:261) is dat ouers se gevoel oor die ondersteuningsdienste wat beskikbaar is, die benutting daarvan bepaal. Die beste manier om ouers in lae-inkomste gemeenskappe te ondersteun, is om te verseker dat die ouers in **beheer** voel van die tipe ondersteuning wat hulle ontvang, asook **betrokke** is by die manier waarop dit gelewer word. Hierdie bevinding bevestig die beginsels waarop gesinsondersteuningsdienste gebaseer is en beteken dat dit ook toegepas moet word by die lewering van formele terapeutiese dienste aan hoërisiko-gesinne. In hierdie verband is die volgende opmerkings van 'n moeder wat by navorsing betrek is, toepaslik: “support means that you are still in charge; the parent is still in charge and you are asking for help, advice and whatever – but you

are the one in charge. You are not handing over your kids to someone else to take over. You are still in charge of them”.

Volgens Ghate en Hazel (2002:255,256) is dit belangrik dat informele, semi-formele en formele gesinsondersteuningsdienste vir ouers in gemeenskappe beskikbaar is, aangesien die verskillende tipes ondersteuning in die verskillende behoeftes van gesinne voorsien, asook op verskillende vlakke van voorkoming fokus. Hulle beklemtoon die feit dat die sterk klem wat op sosiale ondersteuning en die ontwikkeling van informele en semi-formele dienste geplaas word, nie die illusie moet laat ontstaan dat die daarstelling van hierdie dienste die behoefte aan formele hulp sal uitsluit nie. Gesinne in die studie wat die meeste behoeftes gehad het, het ook aan ’n wyer verskeidenheid van ondersteuningsdienste deelgeneem. Hierdie gesinne was ook minder geneë om informele ondersteuning te benut, omdat hulle die vertroulikheid van formele dienste verkies het, asook nie nodig gehad het om deel te neem aan die wisselwerkende aksies wat informele ondersteuning vereis nie. Hierdie bevinding beteken dat formele ondersteuningsdienste aan gesinne uitgebou en beskikbaar moet wees, net soos informele en semi-formele dienste, aangesien gesinne met ’n hoë voorkoms van probleme spesifieke formele ondersteuningsdienste benodig.

Hierdie afleiding is van belang vir die **Suid-Afrikaanse welsynsbeleid** wat, soos reeds vroeër in die studie genoem, die feit beklemtoon dat welsynsorganisasies sterker moet fokus op voorkomende dienste, om ’n ontwikkelingsgerigte perspektief te implementeer. In die lig van die hoë voorkoms van risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing wat in die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan, kan die vraag gevra word of die sterk klem op voorkomende dienste implementeerbaar is, aangesien daar klaarblyklik steeds ’n groot aanvraag na sterker formele of terapeutiese dienste kan wees. Indien wel, sal maatskaplike werkers dit moeilik vind om voorkomende dienste, of gesinsondersteunende dienste te ontwikkel, vanweë die oorweldigende vraag na formele terapeutiese dienste.

3.6.3 Invloed van gemeenskap en uitsluiting van dienste

Die gemeenskap of die area waarin ’n gesin woon, het ’n kragtige invloed op die lewens van die inwoners. Lae-inkomste gemeenskappe word gewoonlik gekenmerk deur armoede en gebrekkige bronne en dienste, omstandighede wat dit feitlik onmoontlik vir die inwoners van die gemeenskap maak om van die uitwerking van hierdie omstandighede te ontsnap. Inwoners het gewoonlik ook ’n gebrek aan toegang tot basiese dienste, soos elektrisiteit, vervoer, poskantore, mediese dienste en hospitaalfasiliteite (Pierson, 2002:14,15). Gebrekkige bronne

en dienste het sosiale uitsluiting tot gevolg wat die maatskaplike kohesie of die omvang en die sterkte van netwerke in die gemeenskap negatief beïnvloed, en die risiko vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing verhoog. Die gebrek aan hierdie dienste in Suid-Afrikaanse lae-inkomste gemeenskappe is alreeds in die vorige hoofstuk bespreek, en sluit nou aan by die bespreking oor wat die taak en rol van die regering is by die skep van bronne in gemeenskappe, wat vroeg in hierdie afdeling bespreek is.

Om die invloed van die omstandighede op gemeenskapslede te hanteer, moet daar gekonsentreer word op die bou van die gemeenskap of die **kapasiteitsuitbouing** van die gemeenskap. Kapasiteitsuitbouing beteken dat maatskaplike werkers 'n gemeenskap bystaan in die versterking en ontwikkeling van die kapasiteit van die inwoners en gemeenskapsorganisasies, om sodoende die maatskaplike kohesie in die gemeenskap te verhoog (Pierson, 2002:167; Kubish & Stone, 2001:25). Die ontwikkeling van die maatskaplike kohesie van die gemeenskap het ten doel om 'n sin vir die gemeenskap by inwoners te kweek, deur die ontwikkeling van sosiale netwerke wat die binding tussen gemeenskapslede versterk. Verdere aspekte wat aandag moet geniet is die ontwikkeling van informele organisasies in die buurt en die stimulering van betrokkenheid by die plaaslike owerheid (Kubish & Stone, 2001:19). Die vlak van betrokkenheid van inwoners moet verhoog word en leierskap moet ontwikkel word sodat die gemeenskap self verantwoordelikheid neem vir veranderinge wat moet plaasvind (Pierson, 2002:14), asook vir skakeling met instansies buite die gemeenskap, wat oor die gesag beskik om verandering teweeg te bring (Kubish & Stone, 2001). Hierdie proses sluit opleiding, persoonlike ontwikkeling en eweknie-ondersteuning in (Pierson, 2002:14).

Literatuur (Kubish & Stone, 2001:13; Smith, 2001:196) beklemtoon die feit dat die bou van die kapasiteit van 'n gemeenskap **omvattende gemeenskapsaksies** vereis, waar verskillende aspekte in die gemeenskap soos die infrastruktuur, ekonomiese ontwikkeling en die versterking van sosiale netwerke gelyktydig aandag moet geniet, om werklike verandering en maatskaplike kohesie te bewerkstellig. Smith (2001:196) is in hierdie verband van mening dat die sterk klem wat geplaas word op die ontwikkeling van die kapasiteit en die maatskaplike kohesie van gemeenskappe, die swak ekonomiese omstandighede en werkloosheidsprobleme wat in lae-inkomste gemeenskappe bestaan, verdoesel. Die deelname van gemeenskapslede aan gemeenskapsorganisasies, die uitbreiding van netwerke en die stimulering van betrokkenheid by plaaslike owerhede alleen, bevorder nie noodwendig vertrouwe en demokrasie in die totale gemeenskap nie. Ekonomiese ontwikkeling en die uitwissing van

ander sosiale probleme, soos werkloosheid, moet ook aandag geniet om grootskaalse verandering teweeg te bring. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat maatskaplike dienslewering ondersteun behoort te word deur die ontwikkeling van infrastruktuur, sowel as ekonomiese ontwikkeling om die kapasiteit van die gemeenskap uit te bou.

Die **inset** wat **maatskaplike werkers** moet maak om die invloed wat lae-inkomste gemeenskappe en die uitsluiting van dienste op die inwoners van 'n gemeenskap het teë te werk, moet volgens Pierson (2002) geskied by wyse van die kapasiteitsbou van 'n gemeenskap deur middel van die **gemeenskapswerkmetode**. Die gemeenskapswerkproses behels onder andere dat maatskaplike werkers oor 'n volledige profiel van die gemeenskap moet beskik, asook dat verteenwoordiging en betrokkenheid uit die gemeenskap bekom moet word (Pierson, 2002:173-18). Hierdie proses word ook gevolg by die ontwikkeling van gesinsondersteuningsdienste in 'n gemeenskap, aangesien die beginsels spesifiseer dat maatskaplike werkers wat met gesinne werk, programme ooreenkomstig die behoeftes van ouers moet ontwikkel. Gesinsondersteuningsprogramme moet **in die gemeenskap gebaseer** wees deur ouers te **betrek by netwerke** en hulle te **bemagtig** om self leiding in programme te neem, om sodoende die **kapasiteit van die gemeenskap** uit te bou en **sosiale uitsluiting** teen te werk. Gardner (2003:58) het in navorsing oor die tipe gesinsondersteuningsdienste wat in die Verenigde Koninkryk gelewer word, bevind dat een van die doelstellings van die meeste programme was dat gemeenskapslede wat van gesinsondersteuningsdienste gebruik maak het, betrokke moes raak by ander gemeenskapsaktiwiteite en ander organisasies in die gemeenskap.

Pierson (2002:16) is van mening dat die hantering van sosiale uitsluiting by gesinne en gemeenskappe behels dat **welsynsorganisasies** hulle dienste moet ondersoek in terme van hoe toeganklik die dienste vir gesinne is, asook hoe gesinne se deelname en betrokkenheid by dienslewering verhoog kan word. Deelname en betrokkenheid kan op twee maniere bevorder word. Eerstens kan dienste gedentraliseer word, sodat die betrokkenheid van gemeenskapslede by die beplanning en die implementering van dienste verhoog word. Tweedens moet daar sterker gefokus word op die koördinering van dienste en op die ontwikkeling van vennootskappe met organisasies in die gemeenskap om sodoende 'n wye verskeidenheid dienste op een plek, of 'n een-stop diens vir gesinne beskikbaar te stel, wat volgens Kubish en Stone (2001:19,27) die kapasiteit van die gemeenskap sal uitbou. Hierdie aspekte sal in hoofstuk 5 meer omvattend toegelig word.

3.7 SAMEVATTING

Gesinsondersteuningsdienste het ten doel om die gesinne in 'n gemeenskap die geleentheid te gee om self hulle probleme en behoeftes te hanteer deur van omvattende maatskaplikewerkdienste gebruik te maak wat informeel, semi-formeel en formeel van aard moet wees. Hierdie dienste moet ooreenkomstig die doel, die aannames en die beginsels van ondersteuningsdienste ontwikkel word, soos in hierdie hoofstuk geïdentifiseer is. Die uitkoms van gesinsondersteuningsdienste is om die sosiale uitsluiting van gesinne te hanteer en teen te werk en sodoende gesinsinstandhouding te bevorder. In hierdie hoofstuk is gesinsondersteuningsdienste in terme van die komponente van sosiale uitsluiting bespreek. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die rol en die taak van maatskaplike werkers by die lewering van gesinsondersteuningsdienste primêr verband hou met die ontwikkeling van die netwerke van gesinne, asook met die kapasiteitsbou van die gemeenskap. Gesinsondersteuningsdienste wat deur maatskaplike werkers gelewer word kan egter nie beskou word as die antwoord op strukturele probleme in gemeenskappe soos armoede, gebrekkige skoolopleiding, werkloosheid en swak infrastruktuur nie. Aksies op grondvlak moet gekomplementeer word deur nasionale aksies vanaf regeringsvlak, deur die skep van bronne en dienste om grootskaalse verandering in gemeenskappe teweeg te bring, sodat sosiale uitsluiting verminder en maatskaplike kohesie verhoog word.

Indien welsynsorganisasies toepaslike gesinsondersteuningsprogramme wil ontwikkel is dit belangrik dat daar bepaal word wat die omvang van die dienste moet wees. Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat daar **verskillende vlakke** is waarop dienste ontwikkel moet word, en dat hierdie vlakke gereflekteer moet word in programme om omvattende **voorkomende dienste** in gemeenskappe te lewer. Programme moet op die eerste vlak ontwikkel word om ondersteuning te bied in terme van die uitbreiding van die informele ondersteuningsnetwerke van gesinne, deur natuurlike helpers en vrywilligers te benut. Vaardigheidsontwikkeling en die uitbreiding van kennis is 'n volgende vlak van gesinsondersteuningsdienste wat ontwikkel moet word, waar veral gefokus word op selfhelpgroepe en die daarstelling van semi-formele dienste. Ten opsigte van die derde vlak, moet organisasies bepaal in watter mate die formele ondersteuningsdienste wat gelewer word aan die behoeftes van ouers in die gemeenskap voldoen in terme van die uitgangspunte van gesinsondersteuning, asook bepaal of verdere dienste ontwikkel moet word. Die aard en inhoud van die tipes dienste wat op semi-formele vlak deur maatskaplike werkers ontwikkel moet word om onder andere die informele ondersteuning van die hoërisiko-gesinne uit te brei, word in die volgende hoofstuk gedek.

HOOFSTUK 4

SEMI-FORMELE GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO- GESINNE: GEMEENSKAPSGEBASEERDE- EN TUISBESOEKPROGRAMME

4.1 INLEIDING

Die doel van gesinondersteuningsdienste is om die sosiale ondersteuning en die vaardighede van hoërisiko-gesinne te verhoog, deur hulle te betrek by gemeenskapsgebaseerde informele en semi-formele dienste, om ouers in staat te stel om hulle kinders effektief te versorg en gesinsinstandhouding te bevorder. Gesinondersteuning of voorkomende dienste is volgens die Geïntegreerde Dienslewingsmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a:29) die primêre vlak waarop dienste gelewer behoort te word om die verwydering van kinders te voorkom. Na aanleiding van die doel van die studie, word die aard van gesinondersteuningsdienste wat aan hoërisiko-gesinne ooreenkomstig die uitgangspunte van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-dienste binne die Suid-Afrikaanse situasie gelewer kan word, uiteengesit.

Aangesien maatskaplikewerk-programme in Suid-Afrika volgens 'n ontwikkelingsperspektief geïmplementeer moet word, sal uitgangspunte van die perspektief in verband gebring word met gesinondersteuningsdienste, om die rol van maatskaplike werkers by die implementering van dienste te beskryf en te evalueer. Ooreenkomstig die ontwikkelingsperspektief, asook die doel van gesinondersteuningsdienste of voorkomende dienste, moet gemeenskapsgebaseerde programme gemeenskapslede bemagtig om hulleself te help, deur toepaslike informele- en semi-formele bronne te benut.

Tuisbesoekprogramme waar gemeenskapslede betrek word om tuisbesoeke by hoërisiko-gesinne te doen, is 'n vorm van 'n gemeenskapsgebaseerde program om kindermishandeling en -verwaarlosing te voorkom, asook gesinne se netwerke uit te brei om sosiale isolasie teen te werk. Met behulp van tuisbesoekprogramme word intensiewe konkrete dienste deur gemeenskapslede aan hoërisiko-gesinne gelewer, wat gesinsinstandhouding bevorder en die verwydering van kinders beperk. Tuisbesoekprogramme as 'n vorm van gemeenskapsgebaseerde semi-formele dienste is beskryf en die toepaslikheid daarvan binne die Suid-Afrikaanse situasie is geëvalueer.

4.2 MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING EN GESINSONDERSTEUNINGS- DIENSTE IN SUID-AFRIKA

Ooreenkomstig die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:2) moet maatskaplikewerk-programme en dus ook gesinsondersteunings-programme of -dienste in Suid-Afrika ontwikkelingsgerig wees. Die ontwikkelingsperspektief is gebaseer op die beginsel dat **ekonomiese en maatskaplike beleid** by mekaar moet **aansluit** binne die raamwerk van 'n breë ontwikkelingsproses wat maatskaplike vooruitgang bevoordeel. Dit beteken dat regerings 'n kritiese rol het om te vervul in die bevordering van die welsyn van mense (Midgley, 1998:91,92) deur intersektorale samewerking en beplande intervensie op makro-vlak, om 'n impak te maak op die groepe wat die meeste uitgesluit is van die samelewing (Sewpaul & Rollins, 1999:251). Maatskaplike ontwikkeling vereis ook dat mense direk voordeel moet trek uit ekonomiese ontwikkeling, aangesien ekonomiese ontwikkeling dikwels net sekere groepe van die bevolking in 'n land bevoordeel, wat as verwronge ontwikkeling beskou word. Ekonomiese ontwikkelingstrategieë moet alle lede van die bevolking se deelname aan die ekonomie bevoordeel deur werkskepping, die skep van geleenthede om vir hulleself te werk, en te verseker dat inkomste onpartydig verhoog word, vir alle lede van die bevolking. Dit behels die aanvaarding van 'n beleid wat op groot skaal werkskepping bevorder, asook omvattend investeer in menslike en sosiale kapitaal (Midgley, 1998:92). Volgens Patel (2005:206) is maatskaplike ontwikkeling multi-dissiplinêr en sluit dit sektore soos gesondheid, onderwys, ekonomiese ontwikkeling, bestaansbeveiliging en welsynsdienste in. Maatskaplike werk is dus een van die professies wat betrokke is by die lewering van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse regering 'n maatskaplike ontwikkelingsgerigte beleid vir die transformasie van maatskaplike welsyn in 1997 aanvaar het, wil dit voorkom asof daar ten opsigte van spesifiek ekonomiese ontwikkeling in terme van lae-inkomste gesinne min verander het. Sewpaul (2005:318) argumenteer in hierdie verband dat die aanvaarding van 'n neo-liberale kapitalistiese ekonomiese beleid in Suid-Afrika, tot gevolg het dat die ongelykhede tussen ryk en arm steeds vergroot. Suid-Afrika het byvoorbeeld een van die skeefste inkomsteverspreidings in die wêreld, terwyl die werkloosheidsyfer onder lae-inkomste groepe steeds groei, vanweë die groot getal ongeskoolde werkers wat nie in die formele arbeidsmark geakkommodeer kan word nie. Alhoewel die bevordering van werkskepping een van die belangrikste maniere is om arm gesinne in Suid-Afrika se omstandighede te verbeter, blyk uit huidige ekonomiese tendense, asook die feit dat die

Nasionale Gesinsbeleid (2005) werkloosheid as 'n private aangeleentheid beskou, dat dit nie die geval is nie.

Bak (2004:91) se mening in hierdie verband is: "If the developmental perspective is applied to the level of social welfare and understood as integrating marginalized people into the economy, highlighting a productivist emphasis, it is hard to see that a developmental approach has actually been implemented in South Africa." Ekonomiese ontwikkeling word volgens Bak soos in ander ontwikkelende lande gerig op ekonomiese groei en nie op maatskaplike ontwikkeling nie. Te oordeel aan bogenoemde, is die basiese beginsels vir die implementering van ekonomiese strategieë wat maatskaplike ontwikkeling bevorder om 'n maatskaplike ontwikkelingsgerigte beleid tot welsyn te implementeer, tot dusver nie deur die regering gevolg nie.

4.2.1 Maatskaplike ontwikkelingsgerigte beleid en maatskaplikewerk-programme

Alhoewel ekonomiese ontwikkeling tans nie deur die mees benadeelde groep van die bevolking in Suid-Afrika ervaar word nie, wat tot gevolg het dat armoede nie verlig word nie, word steeds van maatskaplike werkers verwag om programme ooreenkomstig die ontwikkelingbeleid te implementeer. Midgley (1998:97) het alreeds in 1998 aangedui dat daar sekere **hindernisse** kan bestaan by die implementering van 'n maatskaplike ontwikkelingsbeleid tot welsyn in Suid-Afrika, deur die hoë vlakke van armoede, werkloosheid en misdaad, as aspekte te identifiseer wat die proses kan beïnvloed. 'n Ander hindernis wat Midgley (1998:97) identifiseer is die feit dat die term maatskaplike ontwikkeling in Suid-Afrika losweg gebruik word, terwyl voorbeelde van ontwikkelingsgerigte maatskaplike programme min is. Lombard (2007:295) noem in hierdie verband amper 10 jaar later dat spesifiek die welsynsektor se vordering om ontwikkelingsgerigte beleid te implementeer, agterweë gebly het. Sewpaul (2005:312,315) is van mening dat die gebrek aan 'n oorhoofse strategie vir armoedeverligting, die hoë voorkoms van werkloosheid, asook die impak van MIV/VIGS veroorsaak dat die strukturele hindernisse in mense se lewens nie aangespreek word nie. Daar word van individue en gesinne verwag om die probleme van Suid-Afrika self te hanteer, sonder dat die invloed van strukturele oorsake in gesinsbeleid beskou, en aangespreek word.

Volgens Midgley (1998:91,92) is maatskaplike ontwikkeling gerig op **maatskaplikewerk-programme** wat direk bydra tot **ekonomiese ontwikkeling**, wat behels dat herstellende en instandhoudingsprogramme heroorweeg moet word, of vervang moet word met investeringsgeoriënteerde programme. Transformasie van 'n welsynsisteem vanaf 'n

herstellende na 'n ontwikkelingsbenadering kan bereik word deur programme te rig op die uitbouing van vaardighede by kliënte, asook geleenthede vir werk en dat kliënte vir hulleself moet werk, uit te bou. Sterker klem word dus geplaas op die gemeenskapswerkmetode in maatskaplike werk, as op gevallewerk. Maatskaplike ontwikkeling is ook gerig op intervensies wat maatskaplike kohesie of sosiale kapitaal in gemeenskappe bevorder. Dit sluit gemeenskapsgebaseerde programme in, wat gerig is op die daarstelling van sosiale en ekonomiese infrastruktuur, sowel as die fasilitering van samewerkende ondernemings wat inkomste genereer, om die lewenstandaard van mense in lae-inkomste gemeenskappe te verhoog. Maatskaplike ontwikkeling is nie primêr gerig op die verskuiwing van bronne na behoeftige mense nie en behels dat in programme minder gefokus moet word op herstelling en instandhoudingsgeoriënteerde aspekte.

4.2.2 Maatskaplike werkers se bydrae tot welsyn en ekonomiese ontwikkeling

Midgley (1996:19,20) is van mening dat die voorskrifte vir maatskaplike werkers om betrokke te raak by ekonomiese ontwikkeling realisties moet wees en die profesie betrek moet word by aktiwiteite wat ooreenstem met die ondervinding en vaardighede waarvoor beskik word. 'n Ontwikkelingsgerigte perspektief sal meer na vore kom as daar gekonsentreer word op intervensies wat die bereiking van materiële welsynsdoelstellings bevorder. Indien daar op die materiële aspek in die ontwikkelingsperspektief gefokus word, word die rol van maatskaplike werkers gerig op die aanspreek van probleme soos armoede en agtergesteldheid, wat behels dat professionele aktiwiteite die verhoging van lewenstandaard bevorder. Maatskaplike werkers kan op ten minste drie maniere 'n bydrae lewer tot ekonomiese ontwikkeling.

Eerstens kan maatskaplike werkers **menslike kapitaal mobiliseer** vir ekonomiese ontwikkeling wat behels dat maatskaplike werkers betrokke raak by gemeenskapsgebaseerde programme waar menslike kapitaal ontwikkel word. Hier kan maatskaplike werkers fokus op die ontwikkeling van dagsorgsentrums waar kinders opgevoed word asook die verhoging van voedingstandaarde. Deur gewone gemeenskapsorganisasie word ouers en leiers in die gemeenskap betrek om sulke sentrums tot stand te bring, wat funksioneer deur die benutting van plaaslike en openbare bronne. Hierdie sentrums bied ook geleenthede vir programme wat die maatskaplike omstandighede van vroue verbeter, soos gesondheidsopvoeding en gesinsbeplanning. Die verhoging van menslike kapitaal soos beskryf deur Midgley (1998) stem ooreen met die doel van gesinsondersteuningsdienste, naamlik om gemeenskapsgebaseerde gesinsondersteuningsdienste te skep wat aan ouers die geleentheid bied om hulle kinders beter te versorg, asook hulle eie vaardighede uit te brei.

Tweedens kan maatskaplike werkers betrokke raak by die **vorming van sosiale kapitaal**. Wanneer sosiale kapitaal ontwikkel word, word veral gefokus op die daarstelling van ekonomiese en sosiale infrastruktuur soos paaie, brûe, drinkwater, asook klinieke en skole. 'n Ander gebruik van die term dui op die daarstelling van samewerkende sosiale verhoudings (Midgley, 1996:21) of na die interaksies (formeel en informeel) op gemeenskapsvlak tussen gemeenskapslede (Jack, 2000:709). Die maatskaplike kohesie of sosiale kapitaal in 'n gemeenskap word volgens Garbarino en Kostelny (1992:461) se navorsing negatief beïnvloed indien daar gebrekkige formele en informele ondersteuningsbronne bestaan, wat tot 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing lei. Midgley (1996:21) verwys na Putnam en andere (1993) se navorsing in Italië, waar bevind is dat areas met hoë maatskaplike kohesie, of sterk samewerkende verhoudings, hoër ekonomiese groeikoerse toon, as areas met lae sosiale integrasie of maatskaplike kohesie. Hy voer aan dat die skep van infrastruktuur, soos paaie en brûe om die sosiale kapitaal in 'n gemeenskap te verhoog, voorkeur geniet in die materiële sienswyse by die implementering van die ontwikkelingsbenadering, maar beklemtoon die feit dat maatskaplike werkers enigteen van die twee benaderings kan benut om sosiale kapitaal te verhoog, wat wel sal bydra tot ekonomiese ontwikkeling.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat netwerk-ontwikkeling in terme van informele en semi-formele ondersteuningsdienste of bronne, die geleentheid skep vir die ontwikkeling van sosiale kapitaal, wat op die langtermyn ekonomiese ontwikkeling kan bevoordeel, asook sosiale uitsluiting teenwerk. Dit stem ooreen met die uitkoms van gesinsondersteuningsdienste. Volgens Bernstein (1995:55) word probleme vanuit 'n ontwikkelingsperspektief beskou as die oorsaak van die oneweredige verspreiding van mag en bronne en is maatskaplike werkers gemoeid met die strukturele veranderinge wat nodig is om die ongelykhede wat bestaan, te herstel. Implementering van die perspektief is gerig op die bemagtiging van mense deur hulle betrokke te maak by alle aspekte van hulle lewens om sodoende hulle beheer oor hulle lewens te verhoog. Bemagtiging het onder andere ten doel om mense met netwerke wat sosiale ondersteuning kan bied in kontak te bring, om hulle sodoende in staat te stel om vanaf afhanklikheid na onafhanklikheid te beweeg.

Laastens kan maatskaplike werkers positief bydra tot ekonomiese ontwikkeling deur lae-inkomste kliënte betrokke te maak by **produktiewe werkverskaffing of in staat te stel om vir hulleself te werk**. In hierdie verband kan maatskaplike werkers veral aandag gee aan kliënte met 'n lae inkomste of spesiale behoeftes, en hulle bystaan om deel te neem aan beroepsgerigte opvoedkundige programme, die inisiëring van mikro-ondernemings waarby alle gesinslede betrek kan word, sowel as die ontwikkeling van samewerkende ondernemings

(Midgley, 1996:19,20; Midgley, 1993:273). Hierdie aspek is veral vir maatskaplike werkers in Suid-Afrika 'n netelige kwessie by die implementering van die maatskaplike ontwikkelingsbeleid, aangesien lae inkomste, of geen inkomste in 'n gesin direk verband hou met lae opleiding, wat beteken dat persone vanweë gebrekkige kwalifikasies, nie in die formele arbeidsmark opgeneem kan word nie. Die aard van die beroepsgerigte opvoedkundige programme wat aan kliënte gebied kan word vir toetrede tot die arbeidsmark word ernstig beïnvloed deur gebrekkige kwalifikasies, aangesien 'n groot deel van die bevolking ongeletterd is, terwyl naskoolse opleiding vir toetrede tot die arbeidsmark feitlik 'n vereiste is.

Hierdie siening word bevestig in literatuur (State of South Africa Population Report, 2000:20) wat aandui dat die grootste groei in werksgeleenthede in Suid-Afrika in professionele beroepe en bestuursposisies is, wat tot gevolg het dat mense met 'n lae opvoedkundige vlak, se geleenthede om werk in die formele sektor te bekom, al kleiner raak. Alhoewel gesinne deur maatskaplikewerk-programme by mikro-besighede betrek kan word, asook by kleiner werkskeppingsprojekte, is die omvang van armoede met gepaardgaande gebrekkige kwalifikasies te groot om van maatskaplike werkers te verwag om werkskeppingsprojekte vir die grootste deel van die bevolking te implementeer sonder omvangryke werkskeppingsprojekte wat vanaf regeringsvlak geïmplementeer word, soos wat tans die geval is.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die doel en uitgangspunte van gesinsondersteuningsdienste versoenbaar is met die implementering van 'n ontwikkelingsgerigte beleid tot welsyn. Daar is egter struikelblokke in die weg van die implementering van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste in Suid-Afrika.

4.2.3 Struikelblokke by implementering van ontwikkelingsgerigte beleid

Die implementering van 'n ontwikkelingsgerigte beleid tot maatskaplike dienslewering behels dat maatskaplike werkers sterker moet konsentreer op die lewering van voorkomende, eerder as herstellende dienste om die transformasie van die welsynstelsel in Suid-Afrika teweeg te bring. In hierdie afdeling word daar vervolgens gefokus op enkele struikelblokke wat geïdentifiseer is deur maatskaplike werkers by die implementering van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-dienste.

4.2.3.1 Begrip vir ontwikkelingsgerigte dienste

In Streak en Poggenpoel (2005:45,46) se ondersoek het regeringsamptenare aangedui dat hulle probleme ondervind om die **konsep van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn te verstaan**, sowel as die implikasies wat dit inhou vir beplanning, finansiering en dienslewering.

Nie-regeringsorganisasies het genoem dat te min leiding deur die Departement Maatskaplike Ontwikkeling gebied word oor presies watter dienste gelewer behoort te word (deur wie en hoe) en wat die minimum standaard behoort te wees (NACOSS, 2004). In 'n kwalitatiewe ondersoek in die KwaZulu Natal-Provinsie, het maatskaplike werkers van sowel regerings- as nie-regeringsorganisasies genoem dat hulle opleiding benodig oor metodes om ontwikkelingsbeleid te implementeer (Brown & Neku, 2005:308).

Lombard (2007:296) bevestig dat die gebrek aan riglyne oor hoe om ontwikkelingsdoelstellings te bereik 'n groot struikelblok was in die daarstelling van ontwikkelingsgerigte dienste, wat gelei het tot die ontstaan van die Geïntegreerde Dienslewingsmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste in 2006. In hierdie dokument (Department of Social Development, 2006a:10,11) word die stelling gemaak dat: “Over the last decade, the notion of what constitutes developmental social welfare service delivery has been a matter of debate, misunderstanding and misinterpretation.” Daar word verder ook genoem dat voorkomende en vroeë intervensiedienste swak ontwikkel is en een van die redes wat hiervoor aangevoer word, is die sterk klem wat daar op bestaansbeveiliging geplaas is. Hieruit kan afgelei word dat daar sedert 1997 met die verskyning van die Witskrif vir Welsyn nog nie ver gevorder is met die daarstelling van ontwikkelingsgerigte voorkomende en vroeë intervensiedienste nie. Dit is ook duidelik dat daar steeds onsekerheid by maatskaplike werkers kan bestaan oor wat ontwikkelingsgerigte dienslewering inhou.

Hierdie onsekerheid word ook weerspieël deur die keuse van watter maatskaplikewerkmetodes benut moet word by ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-dienslewering, aangesien die idee kan bestaan dat gevallewerk teenoor gemeenskapswerkdienste, beperk moet word. In Brown en Neku (2005:309,310) se studie het maatskaplike werkers aangedui dat die gemeenskapswerk-metode en spesifiek gemeenskapsontwikkeling nie altyd as die aangewese metode by dienslewering vanuit 'n ontwikkelingsperspektief beskou kan word nie. Maatskaplike werkers het aangevoer dat dienslewering aan kinders en gesinne waar kindermishandeling en -verwaarlosing voorkom, vereis dat ander maatskaplikewerk-metodes as gemeenskapsontwikkeling benut moet word, maar dat die toekenningswyse van subsidies aan welsynsorganisasies die beoefening van hierdie metodes beïnvloed. Hierdie respondente het byvoorbeeld genoem dat hulle voor 1994 alle metodes van maatskaplike werk, menende gevalle-, groep- en gemeenskapswerk beoefen het.

In hierdie verband beklemtoon Lombard (2007:297,298) die feit dat die Geïntegreerde Dienslewingsmodel (2006) juis aandui dat ontwikkelingsgerigte maatskaplike

dienslewering volgens verskillende vlakke gelewer moet word, naamlik voorkoming, vroeë intervensiedienste, statutêre en rehabilitasiedienste. Sy argumenteer dat hierdie indeling juis die feit beklemtoon dat tradisionele maatskaplikewerk-dienste steeds gelewer moet word, wat gevallewerkdienste insluit. Ontwikkelingsgerigte dienslewering beteken nie dat gevallewerkdienste nie gelewer behoort te word nie, maar eerder dat dit vanuit 'n ontwikkelingsperspektief moet geskied.

Jacques (2000:363) bevraagteken die sterk klem wat geplaas word op ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk in ontwikkelende lande en argumenteer dat ekonomiese welsyn nie noodwendig sosiale, emosionele en psigologiese welsyn beteken nie. Die behoeftes wat mense kan ervaar in ontwikkelende lande kan vereis dat **herstellende werk** gedoen word, aangesien ondervinding in die Westerse wêreld getuig dat ekonomiese welvaart nie outomaties emosionele stabiliteit bring nie. In Afrika is daar geen rede om te glo dat dit anders sal wees nie. Lombard en Kleijn (2006:215) noem in hierdie verband dat herstellende dienste nie in teenstelling met 'n ontwikkelingsperspektief is nie, aangesien die implementering van 'n ontwikkelingsperspektief nie verander aan die feit dat daar altyd mense sal wees wat 'n behoefte aan individuele dienste het nie.

Die siening van Jacques (2000) dat ekonomiese welvaart nie emosionele stabiliteit bring nie, is veral van toepassing op hoërisiko-gesinne waar die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan, aangesien hierdie gesinne juis in 'n posisie is waar herstellende maatskaplike werk, of gesinsinstandhoudingsdienste wat kinderbeskermingsdienste insluit, gelewer moet word. Waar 'n persoon 'n hoër inkomste het, beteken dit nie noodwendig dat die kinders nie meer fisiek mishandel, of verwaarloos sal word nie, alhoewel dit sal beteken dat daar ten minste genoeg finansiële sekuriteit is om die gesin te voed, wat tans in baie gevalle vir maatskaplike werkers en gesinne 'n wesenlike probleem is. Die inskakeling van 'n lid van 'n gesin waar gesinsinstandhoudingsdienste of kinderbeskermingsdienste gelewer word by 'n werkskeppingsprojek, beteken nie dat herstellende dienslewering gestaak kan word nie.

Ten opsigte van die siening dat die gemeenskapswerkmetode by die implementering van ontwikkelingsbeleid voorkeur moet geniet, het maatskaplike werkers in Brown en Neku (2005:308,309) se ondersoek aangedui dat hulle gemeenskapsontwikkeling as die aangewese metode beskou om maatskaplike ontwikkeling te bewerkstellig, asook dat dit die metode is wat tans primêr beoefen word. Daar is egter ook struikelblokke wat geïdentifiseer is, soos byvoorbeeld dat individue wat by projekte betrek word dikwels ongeletterd is en nie oor die

nodige kennis en vaardighede beskik om die projek te bestuur nie. Projekte waar handwerk gemaak word, het dikwels geen afsetgebied in landelike areas nie en dit is nie moontlik om dit te vervoer en te bemark in stedelike areas nie. Sommige van die projekte wat geïnisieer is, bied ook nie 'n volhoubare inkomste vir inwoners in landelike gebiede nie. Al die respondente was van mening dat armoedeverligting deur die implementering van ontwikkelingsgerigte dienste, ten spyte van die pogings van die regering en nie-regeringsorganisasies (NRO's), nog nie gerealiseer het nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat onsekerheid by regeringsamptenare, sowel as NRO's oor wat ontwikkelingsgerigte dienslewering behels en hoe dit geïmplementeer moet word, 'n struikelblok by die implementering van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-dienste in Suid-Afrika is. Dit blyk ook dat projekte wat gerig is op produktiewe werkverskaffing ooreenkomstig die ontwikkelingsperspektief in die navorsing soos bespreek veral in landelike areas nie glad verloop het nie. Die aanname dat daar sterker gekonsentreer behoort te word op die benutting van die gemeenskapswerkmetode kan verder daartoe aanleiding gee dat individuele dienste nie gelewer word nie.

4.2.3.2 Gebrek aan fondse en mannekrag

In Streak en Poggenpoel (2005:41) se navorsing het NRO's **onvoldoende fondse** vir effektiewe dienslewering, as die belangrikste hindernis in die weg van dienslewering uitgelig. Die druk op bestaande fondse word verder verhoog omdat daar van hierdie instansies verwag word om in programme ook te konsentreer op die verlaging en uitwissing van armoede, terwyl hulle alreeds finansiële druk ervaar om basiese dienste, soos statutêre dienste effektief te lewer. 'n Belangrike struikelblok is ook die feit dat NRO's nie vergoed word vir die statutêre dienste wat hulle lewer nie. Daar is afgelei dat die befondsing van die regering vir nie-regeringsorganisasies nie in lyn is met die behoeftes wat ondervind word nie en dat daar dus nie voldoende befondsing vir maatskaplike welsynsdienste is nie. Dit het tot gevolg dat organisasies sukkel om bestaande dienste (veral statutêre dienste), te lewer en dienslewering nie uitgebrei word nie.

Hierdie siening word bevestig deur September (2007:98), asook in die Nasionale Beleidsraamwerk vir die Voorkoming en Hantering vir Kindermishandeling, Verwaarlosing en Eksploitering (Department of Social Development, 2005:20). Streak en Poggenpoel (2005:48) beveel aan dat die Regering die koste van statutêre dienste 100% befonds. Indien dit gebeur sou NRO's die fondse wat hulle van donateurs bekom, kan gebruik om voorkomende en vroeë intervensiedienste te lewer.

Die gebrek aan fondse om effektiewe dienste, afgesien van statutêre dienste, te lewer is 'n belangrike aspek by ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk, aangesien die navorsing van Weyers en Van den Berg (2006:179,180,186) bevind het dat voldoende finansiële bronne 'n kritiese aspek is by die ontwikkeling van 'n suksesvolle gemeenskapswerkprojek. Maatskaplike werkers wat deelgeneem het aan die studie, het aangedui dat geen finansiële ondersteuning van die regering ontvang is nie en dat die projekte afhanklik was van ondersteuning van meer welvarende individue, groepe en organisasies buite die gemeenskap waar die projek plaasgevind het. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat projekte se sukses ook beïnvloed word deur die vaardighede waaroor die maatskaplike werker beskik om voldoende finansiële ondersteuning te mobiliseer.

'n Verdere struikelblok by die implementering van die ontwikkelingsbeleid is **mannekrag**, wat verband hou met die feit dat daar onvoldoende befondsing vir welsynsdienste, veral statutêre dienste is. Die tekort aan maatskaplike werkers om dienste te lewer word deur skrywers (September, 2007:43; Lombard & Kleijn, 2006:225; Brown & Neku, 2005:308; September & Blankenberg, 2004:29) en in amptelike dokumente (Department of Social Development, 2006a:10,11; Department of Social Development, 2005:20) uitgelig. Kruger (1996:61) se studie het bevind dat die gemiddelde gevallelading van maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaap 94,5 gesinne was. Ander navorsing (September & Blankenberg, 2004:28,29) dui aan dat maatskaplike werkers dikwels met baie hoë gevalleladings werk, wat tussen 150 en 300 gevalle varieer. Hierdie gevalleladings sluit onder andere gevalle van kindermishandeling en -verwaarlosing, middelmisbruik en lopende kinderhofondersoeke, in. Personeeltekorte spesifiek in terme van maatskaplike werkers, asook gebrekkige bronne in gemeenskappe, belemmer die lewering van kinderbeskermingsdienste. Binne die huidige konteks in Suid-Afrika is daar volgens September (2007:101) veral 'n behoefte aan maatskaplike werkers in die kinderbeskermingsektor, of te wel kinder- en gesinsorgdienste.

Die gebrek aan nasionale standaarde en norms vir die lewering van kinderbeskermingsdienste, sowel as onvoldoende fondse maak dit vir welsynsorganisasies toenemend moeilik om kwaliteit dienste te lewer en hulle personeel te behou (September, 2006:67). In alle sektore waar kinderbeskerming gedoen moet word is die personeel oorlaai, onderbetaal en beskik hulle ook nie oor voldoende opleiding nie. In die NRO-sektor verlaat maatskaplike werkers wat kinderbeskermingsdienste lewer hulle poste vanweë swak salarisse en 'n gebrek aan werkstevredenheid, om in ander sektore te gaan werk of na betrekkinge met beter salarisse. Die lewering van effektiewe dienste word beïnvloed, omdat hierdie patroon herhaal word deur

nuwe maatskaplike werkers wat poste vul (Department of Social Development, 2005:24). September (2007:98) meen tereg dat dit noodsaaklik is dat die regering NRO's wat kinder- en gesinsorgdienste lewer van toepaslike bronne moet voorsien, wat gebaseer moet wees op gestandaardiseerde nasionale befondsingsbeleid. Sodoende sal hierdie organisasies in staat gestel word om die kritiese dienste te lewer wat regeringsorganisasies nie alleen kan lewer nie.

In Streak en Poggenpoel (2005:41) se ondersoek het NRO's ook aangedui dat hulle probleme ondervind met die omset van personeel, aangesien maatskaplike werkers organisasies verlaat nadat hulle ondervinding opgedoen het, om by regeringsorganisasies te gaan werk, vanweë die groter salarisse aldaar. Lombard (2007:296) dui aan dat die gebrek aan mannekrag, die verskille in salarisse tussen maatskaplike werkers in die privaatsektor teenoor regeringsorganisasies, asook die gebrek aan bronne om effektiewe dienste te lewer, die dienslewering van NRO's gebring het tot op die vlak waar hulle in 2005 op die punt was om in duie te stort. Die gebrek aan mannekrag en voldoende fondse in die privaatsektor blyk belangrike struikelblokke by die lewering van effektiewe ontwikkelingsgerigte dienste oor die afgelope 10 jaar te wees.

4.2.3.3 Gebrek aan bronne by instansies

'n Gebrek aan bronne soos **toerusting, supervisors en indiensopleiding** is beskou as struikelblokke by die lewering van effektiewe dienste in Brown en Neku (2005:309) se studie. Respondente by sowel regerings- as nie-regeringsorganisasies het die beoefening van maatskaplike werk as oorweldigend en somtyds frustrerend beskryf omdat die behoeftes in gemeenskappe hoog is, maar die beskikbaarheid van maatskaplike werkers veral in landelike areas beperk is. Hulle het aangedui dat daar soms baie min is wat hulle kon doen om mense wat 'n gebrek aan kos of finansies het by te staan en dat hulle dikwels wonder hoe die gesinne kan oorleef. Vanweë die feit dat mense in nood geen vorm van vervoer het nie, moet maatskaplike werkers dikwels op swak paaie ry en organisasies beskik nie altyd oor voertuie vir besoeke aan hierdie gemeenskappe nie.

In hierdie verband lewer die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:57) 'n groot bydrae, aangesien daar bepaal word dat basiese infrastruktuur en toerusting spesifiek vir maatskaplike werkers benodig word, omdat hulle wetlik verplig word om dienste op 'n sekere manier te lewer, en onderhewig is aan dissiplinêre stappe indien hulle in gebreke sou bly om gepas op te tree. Op hierdie lys van infrastruktuur word voertuie genoem as 'n vereiste om besoeke aan kliënte en gemeenskappe te bring.

Weyers en Van den Berg (2006:186) se navorsing het bevind dat die sukses van 'n gemeenskapswerkprojek ook afhanklik is van die maatskaplike werkers self, soos onder andere die vlak van opleiding en ondervinding wat ter sprake is, beskikbare tyd en houding. Verdere aspekte by maatskaplike werkers wat die sukses van projekte beïnvloed is die beplanning en bestuur van 'n projek, om effektiewe behoeftebepalings te doen, asook mense te motiveer om betrokke te raak by die projek. Hieruit kan afgelei word dat **indiensopleiding** waarskynlik belangrik is in terme van wat ontwikkelingsgerigte dienste behoort te behels, asook om die vaardighede van maatskaplike werkers om ontwikkelingsgerig te werk, te verhoog.

Die voorafgaande bespreking toon dat die transformasie van die welsynstelsel in Suid-Afrika vanaf residueel na ontwikkelingsgerig, beïnvloed word deur struikelblokke soos hierbo beskryf. Ten spyte van die feit dat mannekrag 'n struikelblok is, is 'n kritiese aspek die feit dat daar klaarblyklik onsekerheid kan bestaan oor wat die implementering van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste behels. Die aanname kan gemaak word dat daar ook onsekerheid by maatskaplike werkers in gesinsorgorganisasies kan bestaan oor wat die aard van gesinsondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne behoort te wees by die lewering van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste.

Ten opsigte van die implementering van die ontwikkelingsbeleid by die lewering van gesinsondersteuningsdienste aan gesinne waar kindermishandeling en -verwaarlosing 'n hoë risiko is, of alreeds plaasgevind het, sal daar in die volgende twee hoofstukke hoofsaaklik gefokus word op die uitbreiding van menslike kapitaal en sosiale kapitaal, ten einde ooreenkomstig die definisie van gesinsondersteuningsdienste die informele en semi-formele sosiale netwerke van ouers uit te brei, hulle vaardighede te verhoog om hulle kinders te versorg, asook om bronne en dienste in die gemeenskap te benut, ten einde sosiale uitsluiting te beperk.

4.3 GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE EN KINDERBESKERMING IN SUID-AFRIKA

Gesinsondersteuningsdienste in Suid-Afrika moet ontwikkel word ooreenkomstig die areas waar die grootste nood in terme van dienslewering aan kinders en gesinne bestaan. Volgens skrywers (September, 2007:99; Lombard & Kleijn, 2006:225,230; September & Blankenberg, 2004:9) is **kinderbeskerming** tans die grootste fokusarea in die lewering van kinder- en gesinsorgdienste. Kinderbeskermingsdienste word gelewer om kinders te beskerm terwyl daar terselfdertyd waar toepaslik, probeer word om die gesin in stand te hou. Hierdie dienste word

gelewer deur die Departement Maatskaplike Dienste, sowel as nie-regeringsorganisasies (September, 2007:98; September & Blankenberg, 2004:4,9,10). Volgens Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:66) moet dienslewering aan gesinne eerstens gerig wees op voorkoming deur gesinsfunksionering te verhoog, voordat kinderbeskermingsdienste gelewer word.

Die **doel** van kinderbeskermingsdienste is om mishandeling, verwaarlosing en verlating te voorkom en word gelewer binne 'n statutêre raamwerk. Programme moet gerig word op die beskerming van kinders, asook die bevordering van hulle welsyn, veral kinders in moeilike omstandighede (Department of Social Development, 2006a:32,34). Ooreenkomstig beleidsdokumente (Department of Social Development. 2006a:29; Department of Social Development, 2005:71,72) moet dienste gelewer word op vier vlakke, naamlik voorkoming, vroeë intervensiedienste, statutêre dienste en herintegrasië- en rehabilitasiedienste. Volgens September (2006:71) word die prosedures vir die ontwikkeling en implementering van 'n kinderbeskermingsstelsel in die Nasionale Beleidsraamwerk en Strategiese Plan vir die Voorkoming en Hantering van Kindermishandeling, Verwaarlosing en Eksploitering (2005) omvattend beskryf. Sy is egter van mening dat die uitdaging eerder is om hierdie beleid in die praktyk te implementeer, aangesien daar 'n gebrek is aan leierskap met gespesialiseerde welsynservaring om beleid te implementeer, te monitor en te evalueer.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat kinderbeskerming en gesinsinstandhouding interafhanklik is, aangesien die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste (wat gesinsondersteuning insluit) outomaties ook beteken dat kinderbeskermingsdienste gelewer word. Wanneer voorkomende dienste (gesinsondersteuningsprogramme) ontwikkel word, moet daar dus onder andere gefokus word op gesinne in gemeenskappe waar daar 'n hoë risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing is, of waar dit alreeds plaasgevind het, om ooreenkomstig die bogenoemde beleidsdokumente, statutêre dienste te voorkom.

4.3.1 Rol en taak van die maatskaplike werker by lewering van kinderbeskermingsdienste

Ten opsigte van die rol en taak van die maatskaplike werker by die lewering van kinderbeskermingsdienste word daar in die Nasionale Beleidsraamwerk en Strategiese Plan vir die Voorkoming en Hantering van Kindermishandeling, Verwaarlosing en Eksploitering (2005) onder andere sterk gefokus op die feit dat dienste gekoördineer moet word, asook dat terapeutiese dienste aan die gesin, kind en oortreder gelewer moet word. Indien hierdie terapeutiese dienste nie self gelewer kan word nie, moet verwysings gedoen word na ander

instansies wat die dienste kan lewer, terwyl gesinne ook ingeskakel moet word by hulpbronne en ondersteuningsdienste (Department of Social Development, 2005:82; September & Blankenberg, 2004:12,13). Wanneer kindertehouers nie geopen word nie, moet die gesin se omstandighede gemoniteer en geëvalueer word, terwyl ondersteuningsdienste gelewer word. Die identifisering van alternatiewe versorgingsmaatreëls vir kinders wat beskerm moet word, sluit die werwing, opleiding en ondersteuning van veiligheidsouers en residensiële kinderversorgers in (September & Blankenberg, 2004:12,13).

Verdere take van die maatskaplike werker is om voorkomende en ontwikkelingsgerigte aktiwiteite vir die bekamping van kindermishandeling te ontwikkel, asook vrywilligers te werf, te selekteer, op te lei en te ondersteun vir benutting in dienslewering (Department of Social Development, 2005:82). Die rol en taak van die maatskaplike werker is dus ook sterk gerig op die benutting of inisiëring van dienste en bronne om die gesin in stand te hou, aangesien verwydering as die laaste uitweg beskou word. Gesinsinstandhoudings- en kinderbeskermingsdienste word dus gelewer.

Indien 'n ontwikkelingsgerigte perspektief geïmplementeer word, moet daar gekonsentreer word op die benutting van gemeenskapslede of para-professionele persone om sekere ondersteuningstake, soos advies en bystand te verrig, ten einde gesinne se netwerke uit te brei ooreenkomstig die doel van gesinsondersteuningsdienste. Dat die gemeenskap by kinderbeskermingsdienste deur die benutting van vrywilligers betrek moet word, vorm deel van die inisiatiewe wat vir kinderbeskerming volgens inheemse literatuur (September, 2006:70; September & Blankenberg, 2004:56) op plaaslike vlak ontwikkel moet word. Hierdie aspek sal vervolgens in terme van informele- en semi-formele gesinsondersteuningsdienste beskou word.

4.3.2 Benutting van informele of natuurlike helpers

Informele gesinsondersteuning verwys volgens skrywers (Gardner, 2003:55; Ghate & Hazel, 2002:109; Pierson, 2002:13; Cochran, 1991:46; Ballew, 1985:38) na **informele** of **natuurlike helpers**, soos vriende, bure en familieledes wat in die gesin se onmiddellike omgewing hulp kan bied. Jacques (2000:365) noem dat die tradisionele vorme van versorging in Afrika, soos die uitgebreide gesinsisteme wanneer moontlik gebruik word, maar dat dit al hoe moeiliker raak, omdat hierdie natuurlike netwerke besig is om te disintegreer. Waldfogel (2000:48) is van mening dat die gesinne wat hulp benodig in terme van kinderbeskermingsdienste die kapasiteit van die diensleweringstelsel oorskry en dat daar daarom sterker gefokus moet word op die benutting van informele en natuurlike helpers wat familieledes of

gemeenskapslede kan insluit. Hierdie persone kan waardevolle dienste lewer wat maatskaplike werkers betrokke by intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste waar hoofsaaklik op kinderbeskerming gefokus word, nie kan doen nie. Ten opsigte van die mobilisering van informele hulp, word in hierdie hoofstuk gekonsentreer op die daarstelling van georganiseerde gemeenskapsgebaseerde vorms van ondersteuning deur die benutting van die gemeenskapswerkmetode in maatskaplike werk, wat die eienskappe van informele ondersteuning naboots deur die gesin van hulp in hulle onmiddellike omgewing te wees.

Volgens Maluccio *et al.* (2002:175) is dit dikwels die taak van die maatskaplike werker om verskillende vorme van informele hulp te mobiliseer om kliënte, gesinne en gemeenskappe tot voordeel te wees. Die benutting van informele helpers, vrywilligers of gemeenskapsgroepe om gesinsondersteuning aan hoërisiko-gesinne te bied, word toenemend in die literatuur (September, 2006:70; Armstrong & Hill, 2001:354; Maluccio *et al.*, 2002:175) as 'n intervensiestrategie beskou wat deur maatskaplike werkers benut moet word. Hierdie tipe hulp word dikwels as meer aanvaarbaar, meer buigbaar en meer toeganklik, as formele hulp deur maatskaplike werkers beskou (Armstrong & Hill, 2001:354).

Die ontwikkeling van gemeenskapsgebaseerde sosiale ondersteuningsprogramme hou in dat maatskaplike werkers hierdie programme moet ontwikkel in lae-inkomste gemeenskappe waar daar gewoonlik 'n hoë voorkoms van misdaad en werkloosheid is, 'n afhanklikheid van bestaansbeveiliging, asook 'n lae voorkoms van ekonomiese inisiatiewe. Gemeenskapsbetrokkenheid is swak en die bure van hoërisiko-gesinne word vanselfsprekend ook geraak deur hierdie omstandighede. Programme waar probeer word om die uitgebreide gesin te betrek as sosiale ondersteuningsbronne, moet in gedagte hou dat hierdie familielede waarskynlik ook dieselfde sosio-ekonomiese stres ervaar en self oor beperkte bronne beskik om die gesin te ondersteun. Ander potensiële bronne van ondersteuning in die gemeenskap word dikwels ook beïnvloed deur die sosio-ekonomiese eienskappe wat kenmerkend van kindermishandeling en -verwaarlosing is, soos byvoorbeeld werksverhoudings wat gekenmerk word deur gesinslede wat wisselvallig werk, of glad nie werk nie. Skole in lae-inkomste gemeenskappe is dikwels ook nie 'n ondersteuningsbron vir ouers en kinders nie, omdat die skool self oor beperkte bronne beskik in terme van finansies, en personeel (Thompson, 1995:88).

Die bogenoemde beskrywing van Thompson (1995) van die probleme wat ondervind word om informele **gemeenskapsgebaseerde ondersteuningsprogramme** vir hoërisiko-gesinne te ontwikkel, is sterk van toepassing op die situasie te lande, aangesien die Suid-Afrikaanse samelewing gekenmerk word deur die risiko-faktore wat dui op 'n verhoogde voorkoms van

kindermishandeling en -verwaarlosing. September (2006:70) dui in hierdie verband aan dat die gemeenskappe in Suid-Afrika wat die meeste baat kan vind by hierdie tipe programme, ook die gemeenskappe is wat oor 'n lae kapasiteit en beperkte bronne beskik.

Die benutting van vrywilligers word sterk beklemtoon in die ontwikkelingsperspektief (Midgley, 1998:97; Midgley, 1993:272; Midgley, 1990:289), asook by die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing op gemeenskapsvlak (September, 2006:70; September & Blankenberg, 2004:56). Volgens Thompson (1995:164) is daar voordele aan die ontwikkeling van informele ondersteunende verhoudings vir hoërisiko-gesinne, aangesien 'n meer positiewe omgewing geskep word om kindermishandeling en -verwaarlosing te voorkom, omdat die gesin baat vind by ondersteunende verhoudings in hulle omgewing. Hierdie vorm van ondersteuning word ook makliker deur gesinne benut, omdat hulle nie afhanklik is van ander hulpbronne soos vervoer en telefone nie.

Die benutting van vrywilligers word ook in die Nasionale Beleidsraamwerk en Strategiese Plan vir die Voorkoming van Kindermishandeling, Verwaarlosing en Uitbuiting (Department of Social Development, 2005:82) beklemtoon, aangesien die gemeenskap as medeverantwoordelik beskou word vir die welsyn van kinders. Daarom moet maatskaplike werkers by regerings- en nie-regeringsorganisasies gemeenskappe ondersteun en bemagtig om situasies te identifiseer waar kinders te na gekom word, deur gemeenskapslede op te lei oor hoe om kindermishandeling, -verwaarlosing en uitbuiting te identifiseer, asook oor wat om te doen wanneer dit teëgekem word. Leke in gemeenskappe wat geïnteresseerd is in kinderbeskerming, moet ook opleiding ontvang. September (2005:29) is in hierdie verband van mening dat gemeenskapsgebaseerde kinderbeskerming berus op die aanname dat bewusmaking 'n oop gesprek omtrent kindermishandeling en eksploitering fasiliteer, wat isolasie verminder omdat dit die stilte wat rondom die onderwerp gehandhaaf word, verbreek. Om effektiewe gesinsondersteuningsprogramme te ontwikkel, is dit nodig dat maatskaplike werkers bewus is van wat die aard en inhoud van hierdie programme behoort te wees.

4.4 AARD EN INHOUD VAN GESINSONDERSTEUNINGSPROGRAMME

Die aannames en beginsels van gesinsondersteuningsdienste is in die vorige hoofstuk uitgespel. Dit is nodig om aan te toon wat die aard, inhoud, asook die tipe programme of projekte is, wat kenmerkend is van gesinsondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne. Ooreenkomstig die doel van gesinsondersteuningsdienste moet gemeenskapsgebaseerde voorkomende aktiwiteite ontwikkel word om ouers se stres te verlig, terwyl hulle ouerskapsvaardighede verhoog moet word om hulle in staat te stel om hulle kinders suksesvol

te versorg en kindermishandeling en -verwaarlosing te voorkom. Gesinsondersteuningsdienste moet ouers in staat stel of bemagtig om ander bronne en geleenthede wat in die gemeenskap bestaan, te benut. Ondersteunende netwerke moet daargestel word wat die ouerskapsvaardighede van ouers verhoog om te kompenseer vir die sosiale uitsluiting wat ouers mag ervaar (Chaffin *et al.*, 2001:1274; Manalo & Meezan, 2000:413, Kagan, 1996:157; Cole, 1995:164).

Comer en Fraser (1998:136-138) het navorsing onderneem waarin die aard en inhoud van gesinsondersteuningsprogramme ontleed is. Dit word in hierdie afdeling bespreek en geëvalueer.

4.4.1 Doel van gesinsondersteuningsprogramme

Die **doel** van die gesinsondersteuningsprogramme was hoofsaaklik om kindermishandeling en -verwaarlosing te voorkom, ouer-kind-verhoudings te verbeter, sowel as toepaslike dienste te ontwikkel wat in die spesifieke behoeftes van gesinne voorsien. Weissbound (1987b:246) noem in hierdie verband dat die doel van 'n ondersteuningsprogram veral bepaal word na aanleiding van wat die behoeftes van ouers binne 'n gemeenskap is. Dit beteken dat maatskaplike werkers oor deeglike kennis moet beskik van die ekonomiese omstandighede van gesinne in die gemeenskap, die opvoedkundige kwalifikasies van inwoners, asook oor die dienste en bronne wat beskikbaar is, voordat 'n program ontwikkel word.

4.4.2 Aard van dienste en programme

Die **aard** van die dienste en programme is bepaal deur die risiko-faktore wat op individuele en gemeenskapsvlak teenwoordig is en wat die funksionering van gesinne nadelig beïnvloed. Hierdie risiko-faktore is in hoofsaaklik vyf areas ingedeel, naamlik lae opvoedkundige vlak van ouers en lae sosio-ekonomiese status, lidmaatskap van 'n agtergestelde of hoërisikogroep, vertraagde kinderontwikkeling, asook ander kind-verbandhoudende faktore wat op 'n hoë risiko vir negatiewe gesondheidsuitkomst vir kinders dui. Na aanleiding van die geïdentifiseerde risiko-faktore was die **verbruikers van dienste** in hierdie programme, soos gewoonlik die geval by gesinsondersteuningsprogramme is, lae-inkomste gesinne wat in armoede lewe, en oor 'n lae opvoedkundige vlak beskik. Die meeste van die verbruikers in hierdie navorsingstudie het byvoorbeeld nie oor hoërskoolopleiding beskik nie (Comer & Fraser, 1998:138). Die verbruikers van dienste in die VSA stem dus ooreen met die verbruikers in Suid-Afrika, aangesien dit gesinne is met 'n lae inkomste, wat in armoede lewe en oor lae opvoedkundige kwalifikasies beskik.

Manalo en Meezan (2000:415,416) is van mening dat die fokus by die ontwikkeling van gesinsondersteuningsdienste gerig moet wees op die ontvanger van dienste, naamlik die gesin. Hulle beklemtoon die feit dat die meeste gesinsondersteuningsprogramme spesifieke dienste aan spesifieke lede van dieselfde gesin lewer, om sodoende die gesin bloot te stel aan 'n wye verskeidenheid van dienste. Om die uitkomst van dienste te evalueer, is dit daarom belangrik dat die onderskeie gesinslede wat dienste ontvang het as die vertrekpunt benut word, om te bepaal watter programme aan die gesin as 'n eenheid gelewer is. Dienste kan dus geklassifiseer word ooreenkomstig die lewensfases, naamlik baba- en kleuterprogramme, kinders, jeugdige en adolessente, volwassenes, gesinne, ouer-kinddienste, organisatoriese dienste en gemeenskapsgebaseerde dienste.

4.4.3 Praktykperspektiewe, teorieë en intervensiestrategieë

Ten opsigte van **praktykperspektiewe en teorieë** is die ekologiese perspektief as vertrekpunt benut, terwyl die meeste programme teorieë wat verwant is aan die ekologiese perspektief, soos die sisteem-, sosiale leerteorie en kinderontwikkelingsteorie, in programme geïntegreer is. 'n Gesinsgesentreerde benadering tot dienslewering is gevolg (Comer & Fraser, 1998:136), wat beteken dat die gesin as die eenheid van intervensie beskou word (Dunst, Trivette & Deal, 1988:5).

Intervensiestrategieë wat benut is, het ooreengestem met die praktykperspektiewe en teorieë wat geïdentifiseer is en word ingedeel in intervensies wat hoofsaaklik gerig is op opvoedkundige-, mediese-, gesondheids-, en sosiale aspekte. Die intervensies wat die kern gevorm het van die programme en wat ook beskou word as die kern van gesinsondersteuningsprogramme, was tuisbesoekprogramme, ouerskapsopvoeding, assessering van kinderontwikkeling (medies, sosiaal, gesondheid) en sosiale, emosionele en opvoedkundige ondersteuning vir kinders (Comer & Fraser, 1998:137). Skrywers (Chaffin *et al.*, 2001:1275; Leventhal, 1996:647,648; Weissbound & Kagan, 1989:21) dui aan dat gesinsondersteuningsprogramme gewoonlik een of meer van die volgende aktiwiteite behels, naamlik oerleidings- of ondersteuningsgroepe, asook aktiwiteite wat fokus op die ontwikkeling van die kind, waaraan ouers en kinders gesamentlik deelneem om gesonde gesinsverhoudings te bewerkstellig. Kinderversorgingsdienste, wat aan ouers die geleentheid bied om ander ondersteuningsprogramme by te woon sonder die inmenging van kinders, word ook as 'n belangrike program beskou.

Verdere voorbeelde van gesinsondersteuningsprogramme is oop-toegang sentrums wat aan gesinne die geleentheid bied om te sosialiseer met ander gesinne, asook met die personeel wat

betrokke is by die program, inligtingsdienste aanbied, sowel as verwysings doen na ander dienste in die gemeenskap. Laastens word tuisbesoekprogramme, wat gewoonlik ontwikkel word vir gesinne wat moeilik bereik word, as 'n vorm van gesinsondersteuning geïdentifiseer. Ten opsigte van die duur van dienslewering, het Comer en Fraser (1998:139) se studie aangedui dat dit varieer vanaf agt maande tot drie jaar. Alhoewel die duur van dienste verskil het, was die aard van dienslewering gerig op 'n dienspatroon waar ouers en kinders aan 'n verskeidenheid dienste deelgeneem het, en waar daar op opvoedkundige en gesondheidsaspekte gefokus is. Dienste waarby voorskoolse kinders betrokke was, is dikwels oor langer tydperke gelewer.

Bogenoemde toon dat maatskaplike werkers by die ontwikkeling en implementering van gesinsondersteuningsprogramme hoofsaaklik die **gemeenskapswerk- en groepwerkmetode** gebruik in samewerking met insette van ander dissiplines, soos byvoorbeeld gesondheid. In hierdie bespreking word daar nie gefokus op die teoretiese uitgangspunte en implementering van hierdie metodes in maatskaplike werk nie, en word aanvaar dat maatskaplike werkers in Suid-Afrika onderleg is in die benutting van hierdie metodes, aangesien dit deel vorm van die voorgraadse kurrikulum in Maatskaplike Werk.

4.4.4 Plek waar programme aangebied word

Om die intervensiestrategieë wat in gesinsondersteuningsprogramme gebruik word te klassifiseer, kan daar volgens Allen *et al.* (1992) gefokus word op die plek waar die program aangebied word. Gesinsondersteuningsprogramme word volgens Allen *et al.* (1992) gewoonlik op twee plekke, soos **gesinsentrums** aangebied, wat as 'n informele bymekaarkomplek dien vir gereelde geskeduleerde groepe en aktiwiteite, of deur middel van **tuisbesoekprogramme** wat fokus op voor- en nageboorte opvoeding en ondersteuning, die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing en die bevordering van gesonde kinderontwikkeling (Manalo & Meezan, 2000:415,416).

Die plek waar dienste gelewer is, volgens die navorsing van Comer en Fraser (1998:137), hou verband met die doel of die uitkoms van die program. Programme wat gerig was op 'n wyer doel, soos byvoorbeeld die versterking van gesinne, het hoofsaaklik gemeenskaps-organiseringsinisiatiewe gebruik en het gesinsentrums benut, of gevestig. Programme wat meer spesifieke doelstellings gehad het, soos byvoorbeeld om die kinderontwikkeling van babas van tienermoeders te monitor om kindermishandeling en -verwaarlosing te voorkom, het meer individuele verbruikersgerigte inisiatiewe benut, soos tuisbesoekprogramme, individuele opvoeding en raadgewing.

4.4.5 Personeel betrokke by programme

Die tipe **personeel** wat betrek word by programimplementering word bepaal na aanleiding van die eienskappe van die gemeenskap wat bedien word (Weissbound, 1987b:256). Dienslewering word dikwels gekenmerk deur die betrokkenheid van ander personeel as maatskaplike werkers, soos leke of nie-deskundige persone (Armstrong & Hill, 2001:351; Weissbound, 1987b:256). Gesinne wat byvoorbeeld hulp met spesifieke probleme nodig is geneig om nie groepe by te woon wat deur vrywilligers en leke hanteer word nie, terwyl hoërisiko-gesinne onwillig is, of nie in staat is om professionele hulp te benut, sonder skakeling met 'n informele werker of gemeenskaplid, wat deel van 'n tuisbesoekprogram is nie. Ouers wat byvoorbeeld primêr hulle netwerke wil uitbrei sal byvoorbeeld teensinnig wees om in te skakel by 'n groep wat sterk gerig is op professionele hulp (Weissbound, 1987b:256). Al die programme in Comer en Fraser (1998) se navorsing het van multi-dissiplinêre spanne gebruik gemaak om dienste te lewer, aangesien multi-dissiplinêre samewerking as die oplossing vir maatskaplike probleme beskou word. Die kernpersoneel betrokke by die programme was **mediese personeel** soos verpleegsters, pediater en dokters, en **menslike hulpbronsoneel**, wat hoofsaaklik uit maatskaplike werkers en kinderversorgingspersoneel bestaan het. Ander personeel het bestaan uit **vrywilligers** en **natuurlike helpers**, asook gesondheidsuitreikwerkers (Comer & Fraser, 1998:135).

Alhoewel die programme gekenmerk word deur die betrokkenheid van personeel uit ander dissiplines is dit belangrik om in gedagte te hou dat hierdie personeel nie noodwendig deur maatskaplike werkers by projekte betrek is nie. Aangesien daar in ontwikkelde lande groter intersektorale samewerking op regeringsvlak is, is sommige programme byvoorbeeld spesifiek die verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys of Gesondheid. Hierdie bronne of programme bestaan alreeds in gemeenskappe wat ouers en maatskaplike werkers kan benut as deel van ondersteuningsdienste. Vir die doel van hierdie hoofstuk word spesifiek gekonsentreer op die gesinsondersteuningsdienste wat deur maatskaplike werkers in Suid-Afrika ooreenkomstig ontwikkelingsbeleid ontwikkel is, asook ontwikkel kan word om kindermishandeling en -verwaarloosing en die gepaardgaande verwydering van kinders uit hoërisiko-gesinne te voorkom.

4.5 SEMI-FORMELE GESINSONDERSTEUNING: GEMEENSKAPSGEBASEERDE ONDERSTEUNINGSPROGRAMME

Semi-formele ondersteuning is ondersteuningsdienste wat gelewer word vanuit kontakte met georganiseerde vrywillige aktiwiteite of gemeenskapgebaseerde dienste, anders as familie,

vriende of bure (Gardner, 2003:55; Ghate & Hazel, 2002:109,110). Drie verskillende tipes gemeenskapsgebaseerde ondersteuningsprogramme word kortliks in hierdie afdeling beskryf. Twee van hierdie programme is in Suid-Afrika ontwikkel en is hoofsaaklik gerig op kinderbeskerming. Die derde program is in Suid-Afrika beskikbaar, maar is in die Verenigde Koninkryk ontwikkel en word internasionaal geïmplementeer, maar is sterker gerig op gesinsondersteuning.

4.5.1 Gemeenskapsgebaseerde respons tot kinderbeskerming, MIV/VIGS en TB

September, Beerwinkel en Somtsewu (2004:8-26) beskryf 'n program wat 'n gemeenskapsgebaseerde respons tot kinderbeskerming, MIV/VIGS en TB genoem word. Hierdie program is deur die Child and Youth Research and Training Programme aan die Universiteit van Wes-Kaapland ontwikkel en is in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in sekere provinsies in Suid-Afrika geïmplementeer. Die program is deur September en Blankenberg (2004:56) aanbeveel as een wat op plaaslike vlak in alle provinsies in Suid-Afrika geïmplementeer behoort te word as deel van 'n nasionale strategie vir kinderbeskerming.

4.5.1.1 Doel en implementering van die program

Die **doel** van die program is om gemeenskappe en gesinne se kapasiteit om kinders te beskerm te verhoog, asook gemeenskappe se gedrag te verander, sodat hulle meer sensitief en simpatiek is teenoor die beskerming van kinders. Die uitgangspunte van die program bepaal dat 'n proses gevolg word wat inpas by die gemeenskapswerkmetode in maatskaplike werk.

Ten opsigte van die **implementering** van die program is werkswinkels op nasionale, sowel as provinsiale vlak gehou. Verteenwoordigers uit verskillende gemeenskappe, soos die provinsiale kinderbeskermingskoördineerders, MIV/VIGS koördineerders, maatskaplike werkers wat verantwoordelik is vir gemeenskapsprojekte, asook gemeenskapslede uit verskillende gemeenskappe is georiënteer om die gemeenskapsgebaseerde voorkomende projekte vir die voorkoming van kindermishandeling, -verwaarlosing en MIV/VIGS te implementeer.

In al die gemeenskappe wat by die program betrek is, is komitees gestig bestaande uit gemeenskapslede en vrywilligers of natuurlike helpers wat by die projek betrek is. Maatskaplike werkers of die kinderbeskermingskoördineerders was verantwoordelik vir die koördinering van die gemeenskapsgroepe en is ook betrek sodat hulle die gemeenskap kon bystaan in die volhoubaarheid van die projek. Uit die terugvoer wat deur die onderskeie areas

gegee is oor die vordering van die program dui die skrywers (September *et al.*, 2004) aan dat die komitees hoofsaaklik betrokke was by die identifisering van prioriteitsbehoefte van die gemeenskap, asook om gemeenskapslede te werf om by die program betrokke te raak.

4.5.1.2 Uitskops van die program

In die verslag wat opgestel is, word die aktiwiteite en die terugvoer van die onderskeie projekte afsonderlik volgens elke area aangeteken (September *et al.*, 2004:10-26). Uit 'n ontleding van die terugvoer oor die aktiwiteite van die verskillende komitees is dit duidelik dat hierdie komitees 'n verskeidenheid van aktiwiteite onderneem het. Daar is onder andere by sommige projekte bewusmaking oor kindermishandeling gedoen, deur van deur tot deur in die gemeenskap te beweeg, asook praatjies by formele instellings soos kerke en skole, te doen. Vrywilligers by een projek het aangedui dat hulle gesinne waar die kinders 'n hoë risiko het om verwyder te word, besoek, maar die aard van die dienste wat gelewer word, is nie aangedui nie, terwyl tuisbesoeke by 'n ander projek gelewer word om middelmisbruik, asook positiewe ouerskap te bespreek. By sommige projekte sien vrywilligers om na kinders wat mishandel en verwaarloos word en beplan die komitees die daarstelling van veiligheidshuise in die gemeenskap, terwyl daar by 'n ander projek kospakkies gegee word aan kinders wat as die hoof van die gesin funksioneer. Ander aktiwiteite wat vrywilligers onderneem het, is bystand aan senior burgers wie se gesinne hulle ouderdomspensioen misbruik, en ondersteuning aan terminaal siek pasiënte en hulle gesinne, asook lewensoriëntering aan adolessente.

Uit die behoeftes wat hierdie gemeenskapsgroepe geïdentifiseer het vir verdere opleiding, blyk dit dat 'n groot behoefte bestaan het na meer inligting oor die hantering van verwysing van gevalle waar kindermishandeling en -verwaarloosing voorkom, asook die hantering van gesinsgeweld en die verkryging van 'n interdik. Verdere behoeftes was die identifisering en ondersteuning van hoërisiko-gesinne, basiese kommunikasievaardighede om bure in nood te help, bystand aan senior burgers wat mishandel word deur hulle kinders, assessering van maatskaplike toelaes vir kinders en gesinne, asook inligting en opleiding oor die behoeftes van gesinne wat moet omsien na gesinslede wat VIGS het, of HIV-positief is.

Uit die aard van die aktiwiteite wat onderneem is, is dit duidelik dat hierdie gemeenskapsgebaseerde projekte 'n wye verskeidenheid algemene behoeftes van gemeenskapslede aanspreek. **Informele ondersteuningsbronne** in die vorm van gemeenskapslede word in die gemeenskap geskep, wat ooreenkomstig die doel van gesinsondersteuningsdienste die **kapasiteit van die gemeenskap** ontwikkel en

gemeenskapslede ’n **gevoel vir die gemeenskap** laat ontwikkel. Ooreenkomstig die uitgangspunte van die maatskaplike ontwikkelingsbeleid, word **gesinne se netwerke uitgebrei**, en die **menslike kapitaal** van gemeenskapslede word ontwikkel.

Die feit dat daar ’n groot behoefte by vrywilligers bestaan het aan inligting oor die verwysingsprosedures vir kindermishandeling en -verwaarlosing, kan beteken dat maatskaplike werkers se gevalleladings verhoog, omdat die gemeenskap meer ingelig is oor die eienskappe van kindermishandeling en -verwaarlosing. Alhoewel kinderbeskerming gedoen word, kan daar nie aanvaar word dat kindermishandeling en -verwaarlosing afneem as gevolg van hierdie tipe programme nie, aangesien dit nie empiries getoets is nie. Die feit dat gevalleladings kan verhoog omdat gemeenskapslede meer ingelig is, verhoog die druk wat op formele maatskaplikewerk-dienste in terme van ondersoek en terapeutiese dienste geplaas word.

4.5.2 ‘n Gemeenskapsgebaseerde kinderbeskermingsprogram: “Eye of the child” – “Isolabantwana”-program

Die “Isolabantwana”-program (Doran, 1999:396-399) wat deur die Kinder- en Gesinsorgvereniging in Kaapstad ontwikkel is, is ’n goeie voorbeeld van ’n program wat spesifiek op **kinderbeskerming** gemik is, gemeenskapsgebaseerd is, maar ook ondersteuning bied aan maatskaplike werkers in terme van die werkslading wat hanteer word.

4.5.2.1 Doel en implementering van die program

Die **doel** van die program is om gemeenskapslede betrokke te maak by die beskerming van kinders wat mishandel, verwaarloos of verlaat is. Die program is onder andere gegrond op die volgende beginsels, naamlik, dat maatskaplike werkers die hulp en betrokkenheid van gemeenskapslede benodig by kinderbeskerming, dat alle gemeenskappe oor gemeenskapslede beskik wat bereid is om kinders in nood te help, asook dat hierdie gemeenskapslede met die nodige opleiding en ondersteuning in staat sal wees om kinders in nood te help.

Programimplementering beteken dat ’n **taakgroep** vanuit die gemeenskap saamgestel word om saam met maatskaplike werkers ’n plan vir ’n gemeenskapsgebaseerde kinderbeskermingsprogram te identifiseer. Mans en vroue vanuit die gemeenskap word deur die taakgroep geïdentifiseer om hoërisiko-kindere vir kindermishandeling, -verwaarlosing en verlating te identifiseer, met ander woorde om die “oë” te wees in die gemeenskap. Die uitgangspunt is dat geen kind weggewys word nie en vrywilligers (die “oë”) verantwoordelik is om die versorging van hierdie kindere te assesser, asook ’n besluit te neem oor

verwydering, al dan nie. Vrywilligers is 24 uur beskikbaar en die meeste van die werk word na ure gedoen. 'n Kind wat verwyder moet word, word geplaas by **gemeenskapsgebaseerde versorgers**, wat die korttermynversorging van die kinders hanteer, totdat die medium- en langtermynbeplanning uitgesorteer is. Die rol van **maatskaplike werkers** is om beskikbaar te wees vir die vrywilligers (“oë”) met betrekking tot die bespreking van hulle besluit, om ondersteuning en leiding te bied, asook die toekomstige beplanning vir die versorging van die kind te doen.

Omvattende opleiding word deur die maatskaplike werkers aan die vrywilligers en die taakgroepe gebied in samewerking met ander rolspelers, soos byvoorbeeld die polisie en klinieke, asook die Kommissaris van Kindersorg. Vrywilligers moes 'n toets aflê en slegs diegene wat getoon het dat hulle goeie beheer oor die opleidingsmateriaal het, is aanvaar as deel van die projek. Die Kommissaris van Kindersorg het aan vrywilligers die mag gegee om 'n kind te verwyder in terme van Artikel 12(1) van die Kinderwet (Wysigingswet op Kindersorg, 96 van 1996). Vrywilligers het ook 'n sertifikaat van akkreditering van die Kommissaris van Kindersorg ontvang.

4.5.2.2 Uitkoms van die program

Volgens Doran (1999:398.399) is die voordele van die program omvattend, soos byvoorbeeld dat die gemeenskap aktief betrek word by kinderbeskermingsdienste, asook dat gemeenskapslede bemagtig word om 'n diens aan die kinders in hulle gemeenskap te lewer. Gemeenskapslede se netwerke is ook uitgebrei, aangesien skakeling met ander formele bronne plaasvind. Gesinne en kinders in die gemeenskap kry die geleentheid om hulp te benut van gemeenskapslede wat bereid is om hulle te ondersteun in tye van nood, wat beteken dat die informele netwerke van gesinne wat hulp benodig uitgebrei word.

Uit die bespreking van die voorafgaande twee programme is dit duidelik dat die benutting van vrywilligers 'n groot bydrae kan maak tot die lewering van ontwikkelingsgerigte kinderbeskermingsdienste. September, Beerwinkel en Jacobson (2000:25,26) het vanuit hulle ondersoek na 'n gemeenskapsrespons op kindermishandeling en -verwaarlosing, sekere aspekte geïdentifiseer wat by suksesvolle programme, insluitend “Isolabantwana”, voorgekom het. Hierdie aspekte is eerstens 'n hoë vlak van betrokkenheid deur al die rolspelers, asook die strewe na 'n gemeenskaplike doel. Tweedens is die gekoördineerde skakeling tussen formele en informele bronne in die die breë gemeenskap van belang, aangesien formele of informele werkers die probleem van kindermishandeling en -verwaarlosing, nie alleen kan aanspreek nie. Laastens is die opleiding van vrywilligers, asook voortgesette opleiding om die kapasiteit van

die gemeenskap uit te bou, 'n belangrike voorvereiste vir suksesvolle program-implementering.

4.5.3 Vriendskapsprogram vir moeders: “Home Start”

Ten opsigte van georganiseerde gemeenskapsgebaseerde semi-formele ondersteuningsprogramme wat **spesifieke ondersteuning** aan **hoërisiko-gesinne** bied, verduidelik Armstrong en Hill (2001:354) die Home Start-program in die Verenigde Koninkryk, wat ook tans in Suid-Afrika in sekere areas geïmplementeer is (<http://www.homestartinternational.org/country/index.asp?id=21:2007:1-3>; <http://www.home-start.org.uk/about/history>, 2008:1). In hierdie program word ouers as vrywilligers benut om ondersteuningsdienste aan hoërisiko-moeders te lewer; dienste is gerig op die eienskappe van sosiale ondersteuning en ook gerig op die uitbreiding van die sosiale netwerke van die gesin (Armstrong & Hill, 2001:354), wat sterker aansluit by die eienskappe van gesinsondersteuning.

4.5.3.1 Doel en implementering van die program

Volgens Gibbons en Thorpe (1989:191) is die **doel** met die benutting van vrywilligers in die Home Start-program om emosionele ondersteuning, vriendskap en praktiese ondersteuning aan gesinne (wat ten minste een kind onder die ouderdom van 5 jaar oud het) te bied deur hulle in die huis te besoek, asook om ouers aan te moedig om hulle netwerk van verhoudings uit te brei en gemeenskapsbronne effektief te benut. 'n Verdere doel van die program is volgens Pierson (2002:80) om beter ouer-kindverhoudings te bewerkstellig en die selfbeeld van moeders te verhoog.

Die **implementering** van die program behels dat vrywilligers uit die gemeenskap gewerf word om gesinne wat hulp versoek het, by te staan. Hierdie vrywilligers besoek gesinne in hulle huise en bespreek die uitdagings van ouerskap met hulle en staan hulle ook by in ander behoeftes (http://en.wikipedia.org/wiki/Home-start_International, 2008:2-4). In 'n projek in Benoni is daar byvoorbeeld 'n speelgoedbiblioteek, spel terapie word gedoen en kookklasse word vir moeders aangebied (<http://www.homestartinternational.org/country/index.asp?id=21>, 2007:1-3). Dit is duidelik dat hierdie program dus sterker gerig is op **gesinsondersteuning** aan alle gesinslede en bemagtiging en nie hoofsaaklik op kinderbeskerming nie. Daar is gewoonlik een betaalde koördineerder wat die aktiwiteite van die program koördineer, vrywilligers werf, keur en oplei. Hierdie persoon is daarvoor verantwoordelik om elke nuwe gesin te besoek en daarna die vrywilliger se vaardighede en ondervinding by die behoeftes van die gesin te pas. Die koördineerder is ook verantwoordelik om saam met die gesin en die tuisbesoeker te evalueer wanneer die diens getermineer moet

word, asook hoe opvolgbesoeke gedoen sal word (http://en.wikipedia.org/wiki/Home-start_International 2008:2-4).

4.5.3.2 *Uitkoms van die program*

In 'n studie wat Gibbons en Thorpe (1989:196) onderneem het oor die effektiwiteit van die program, is bevind dat die aard van die hulp wat hierdie vrywilligers gebied het goed vergelyk het met die hulp wat maatskaplike werkers gebied het. Die tipe konkrete hulp van vrywilligers was veral gerig op die uitbreiding van die gesin se sosiale netwerke, soos byvoorbeeld om ouers bekend te stel en ook te vergesel na ander semi- en informele bronne in die gemeenskap wat ouers in staat gestel het om nuwe vriende te maak. Konkrete hulp is ook gebied in terme van hulp in die huis, en versorging van die kinders sodat die ouers take buite die huis kon afhandel. Daar is bevind dat die tuisbesoekers meer tyd kon spandeer met die gesinne, en 'n meer praktiese diens kon bied as maatskaplike werkers, wat vanweë hulle werkklading nie hierdie take kon uitvoer nie. Chaffin *et al.* (2001:1286) het bevind dat gesinsondersteuningsprogramme met fokus op die konkrete behoeftes van gesinne en mentor- of gidsprogramme meer effektief was as byvoorbeeld nasionale gestandaardiseerde programme, waar uitgebreide dienste gebied word.

Hierdie tipe program toon sterk ooreenkomste met ander gestandaardiseerde tuisbesoekprogramme in die VSA, wat beskou word as 'n belangrike intervensiestrategie by die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing en wat ook as semi-formele gesinsondersteuning beskou kan word. Hierdie tipe programme fokus sterker op gesinsondersteuning en dus die bemagtiging van gesinslede en nie slegs op kinderbeskerming nie. Die netwerke van gesinne word uitgebrei, wat sosiale isolasie teenwerk, wat 'n belangrike aspek by die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing is. In terme van die Suid-Afrikaanse omstandighede word die strukturele oorsake vir kindermishandeling en -verwaarlosing wat in lae-inkomste gemeenskappe teenwoordig is, in ag geneem, deur sterker gesinsgesentreerd en ontwikkelingsgerig te werk. Die ontwikkeling van tuisbesoekprogramme word vervolgens meer omvattend beskryf en die toepaslikheid vir die Suid-Afrikaanse situasie word deurlopend geëvalueer.

4.6 SEMI-FORMELE GESINSONDERSTEUNING: TUISBESOEKPROGRAMME

Ooreenkomstig die omskrywing van gesinsondersteuningsdienste moet semi-formele gesinsondersteuningsdienste in die gemeenskap gebaseer wees, en gerig wees op die verhoging van ouerskapsvaardighede, asook die geleentheid aan ouers bied om hulle sosiale netwerke uit te brei. **Tuisbesoekprogramme** en **gesinsentrums** word as die basis beskou vir

die lewering van semi-formele dienste (Chaffin *et al.*, 2001:1274,1275; Leventhal, 1996:647,648) deur veral gebruik te maak van die groeps- en gemeenskapswerkmethode in maatskaplike werk. Dienste wat gesinsentrums kan lewer word in die volgende hoofstuk uiteengesit.

4.6.1 Begripsomskrywing en ontwikkeling van tuisbesoekprogramme

Tuisbesoekprogramme word beskou as programme waar die grootste gedeelte van die dienste wat aan die gesin gelewer word, **in die huis** gelewer word (Kirkpatrick, Barlow, Stewart, Brown & Davis, 2007:34; Chaffin *et al.*, 2001:1278). Hierdie programme is in die 19de eeu in Amerika **ontwikkel**, waar dienste aanvanklik primêr gerig was op swanger vroue, babas en kinders, en hoofsaaklik gelewer is deur verpleegsters en maatskaplike werkers wat gesinne in arm stedelike areas besoek het. Nadat befondsing in die laat 20ste eeu besnoei is, het programme hoofsaaklik begin fokus op lae-geboorte-gewig babas, kinders met ontwikkelingsagterstande, ouers met adolessente, sowel as hoërisiko-gesinne waar die potensiaal vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan het (Gray, Spurway & McClatchey, 2001:642). Skrywers (MacDonald, 2005:281; Thompson, 1995:121) is dit eens dat tuisbesoekprogramme veral gerig is op hoërisiko-gesinne om die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing te beperk.

Tuisbesoekprogramme het gedurende die laaste dekade die brandpunt van intervensie-strategieë by die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing geword, aangesien dit die mees belowende wyse blyk te wees om ouers se kapasiteit om na hulle kinders om te sien, te verhoog (Daro, 2002:136). Die rede is dat die kinders in staat gestel word om in die gesin te bly, terwyl die ouers ondersteuning ontvang (Wasik, Bryant & Lyons, 1990:14). Dienslewering in 'n gesin se huis het spesifieke voordele, veral vir gesinne wat weerstand bied om aan groepsaktiwiteite, soos oerleidingsgroepe deel te neem (Daro, 2002:136), asook vir hoërisiko-gesinne wat teensinnig is om van kantoorgebaseerde dienste gebruik te maak (Olds, 2003:359). Gesinne word ook aangemoedig om sosiale ondersteuning te aanvaar, asook ander bronne in die gemeenskap te benut (Gray *et al.*, 2001:643). Hierdie tuisgebaseerde dienste moet so vroeg as moontlik gelewer word, verkieslik vanaf voorgeboorte en vervolgens vir 'n paar jaar in die kind se lewe (Olds, 1997:145; Leventhal, 1996:648), of ten minste totdat die kind 'n voorskoolse versorgingsfasiliteit kan bywoon sodat verdere monitering deur die gemeenskap gedoen kan word (Gray *et al.*, 2001:653).

In die lig van die feit dat tuisbesoekprogramme gerig is op hoërisiko-gesinne om kindermishandeling te beperk, kan dit as toepaslik vir die **Suid-Afrikaanse omstandighede**

beskou word, waar daar 'n hoë vraag na kinderbeskermingsdienste is en mannekrag in terme van maatskaplike werkers om intensiewe dienste te lewer, beperk is. Hierdie tipe program voldoen ook aan die vereistes van gesinsondersteuningsdienste, aangesien die gesin ondersteun word en by ander bronne ingeskakel word. Die fokus van dienste is dus nie net gerig op kinderbeskerming nie, maar op die lewering van 'n wyer verskeidenheid dienste wat die gesin bemagtig om self in hulle behoeftes te voorsien.

4.6.2 Doel van tuisbesoekprogramme

Die belangrikste **doel** van tuisbesoekprogramme is om deur **gereelde kontak** tussen die tuisbesoeker en die gesin die **sosiale ondersteuningsnetwerke** van die gesin te vergroot, asook ouers se **selfvertroue te verhoog**. Ouers se verwagtings van kinders, die versorging van kinders en affektiewe verhoudings word ook aangespreek, terwyl die kinders vir die voorkoms van **kindermishandeling en -verwaarlosing gemonitor** word (Gray *et al.*, 2001:64; Thompson, 1995:125). Om hierdie doel te bereik, moet die tuisbesoeker verskillende take uitvoer. Die belangrikste taak van die tuisbesoekers is om 'n sterk verhouding met die gesin te bou (Kirkpatrick *et al.*, 2007:42; Leventhal, 1996:649) wat beteken dat hulle deeglik opgelei moet word om die eienskappe van hoërisiko-gesinne te ken. Die tuisbesoekers moet ook bewus wees van die feit dat hulle tuisbesoeke doen om 'n wakende oog oor die kinders te hou en daarom nie risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing, soos gesinsgeweld en middelmisbruik, kan ignoreer nie. Kennis oor ouerskap en die oordra van hierdie kennis is 'n verdere belangrike taak van die tuisbesoeker, terwyl die gesondheidsbehoefte van kinders ook aandag moet geniet, soos byvoorbeeld immuniserings, gesonde eetgewoontes en stimulering. Konkrete dienste moet aan die gesin gelewer word, aangesien hoërisiko-gesinne dikwels hulp benodig om hulleself te organiseer (Leventhal, 1996:649). Die informele ondersteuning wat die gesin van familie en vriende kan verkry moet ook waar toepaslik, uitgebrei word (Olds, 1997:136).

Tuisbesoekprogramme is gerig op voorkoming, sowel as intervensie, aangesien daar in programme gefokus word op die betrokkenheid van lae-inkomste gesinne vanaf die geboorte van 'n kind totdat die kind skool toe gaan. Die filosofie onderliggend aan tuisbesoekprogramme, is dat bestaande probleme uit die weg geruim kan word, of dat probleme wat kan ontwikkel, voorkom kan word (Wasik *et al.*, 1990:14,45). Veral twee tipes tuisbesoekmodelle word in die VSA benut, naamlik waar 'n opgeleide para-professionele persoon gebruik word as tuisbesoeker en supervisie ontvang vanaf 'n maatskaplike werker en

gesondheidspersoneel, of waar die tuisbesoeker 'n verpleegster is en supervisie ontvang vanaf 'n maatskaplike werker (Leventhal, 2001:431).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die ontwikkeling van tuisbesoekprogramme om gesinsinstandhouding te bevorder in **Suid-Afrika** voordelig kan wees, aangesien daar eerstens ooreenkomstig ontwikkelingsgerigte beleid te werk gegaan word, omdat vrywilligers uit die gemeenskap opgelei word om ander gemeenskapslede by te staan. Tweedens word 'n sterk voorkomende funksie vervul aangesien verwydering (statutêre dienste) voorkom word, wat aansluit by voorskrifte in beleidsdokumente (Integrated Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services, 2006a:29; National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation, 2005:71,72).

4.6.3 Tipes tuisbesoekprogramme

Thompson (1995:126-128) identifiseer verskillende tipes tuisbesoekprogramme en klassifiseer hierdie programme na aanleiding van die **fokus** van die program, wat vervolgens uiteengesit word.

4.6.3.1 Sosiale ondersteuning

Programme wat fokus op **sosiale ondersteuning** is veral daarop gerig om die gesin se beperkte netwerke uit te brei deur hulle kontakte met bronne in die gemeenskap te verhoog, asook ouerskapsvaardighede te versterk. Tuisbesoekers benut dikwels hulle persoonlike ondervinding om ouers by te staan, asook ander bronne in die gesin se natuurlike netwerk. Bystand word ook verleen deur konkrete dienste te lewer, soos vervoer of om inkopies te doen (Thompson, 1995:126).

4.6.3.2 Gesondheid

Programme wat gerig is op **gesondheid** is veral ingestel op die toepaslike fisieke ontwikkeling van die kind ooreenkomstig ontwikkelingsfases, asook op die daarstel van gesonde opvoedingspraktyke deur die ouers. Die uitgangspunt van hierdie tipe program is dat kindermishandeling en -verwaarlosing dikwels bekend word wanneer dit alreeds in 'n ernstige stadium is en die gevolg is van die gebrekkige sosiale netwerke van die gesin, asook vanweë onkundigheid by ouers oor toepaslike opvoedingsmetodes. Tuisbesoekers fokus daarom op die fisieke en psigologiese gesondheid van die kind deur inligting aan die ouers te verskaf oor kindersiektes, borsvoeding, die voorkoming van ongelukke, asook om te verseker dat ouers gereeld die kliniek besoek vir immuniserings en die mediese ondersoeke van die kind.

Immuniserings kan ook by die huis gedoen word indien die tuisbesoeker 'n opgeleide verpleegster is. Ten opsigte van die gesondheid van die ouers word advies ook gegee oor byvoorbeeld die vermindering van middelmisbruik soos alkohol, asook oor die volg van 'n gesonde dieet (Thompson, 1995:126,127).

4.6.3.3 Oueropvoeding

In 'n ander tipe program is die fokus hoofsaaklik gerig op **oueropvoeding** om die ouer se kennis uit te brei oor toepaslike oueropvoedingsmetodes na aanleiding van die kind se ouderdom. Alhoewel die doel van die program ooreenstem met dié van die gesondheidsprogram, naamlik om onkunde by ouers te bekamp, is die tuisbesoeker veral ingestel op die ouer se gedrag teenoor die kind en is advies daarop gerig om die gesonde sosiale en emosionele ontwikkeling van die kind te verseker. Interaksie tussen ouers en kinders word benut as die basis vir raad oor toepaslike oueropvoedingspraktyke (Thompson, 1995:127).

4.6.3.4 Ekologiese perspektief

Die laaste tipe program is wanneer 'n **ekologiese** perspektief gevolg word, waar aspekte vanuit al drie die bogenoemde tipes programme gekombineer word, terwyl die versterking van die gesin se bande met die gemeenskap beklemtoon word. Die doel van hierdie program is om die ouers se toegang tot mediese, opvoedkundige, ontspannings- en ander bronne in die gemeenskap uit te brei. Dit beteken dat die tuisbesoeker as 'n tussenganger tussen bestaande bronne en dienste en die gesin optree, deur die gesin in te lig oor die bronne tot hulle beskikking, asook hoe om die administratiewe reëlings wat gepaard kan gaan met die benutting van die bron, te hanteer. Bystand met vervoerreëlings na klinieke, gemeenskapsentrums en ander bronne wat die gesin kan benut, word ook getref wanneer nodig. Die doel is om die gesin se netwerke met die personeel van ander beskikbare bronne in so 'n mate te versterk dat die bronne op 'n langtermyn basis deur die gesin benut kan word (Thompson, 1995:128).

4.6.4 Benutting en implementering van tuisbesoekprogramme

Alhoewel die fokus van die verskillende programme verskil, is daar volgens Thompson (1995) groot ooreenkomste, wat die voordeel bied dat 'n tuisbesoekprogram ontwikkel kan word met inagneming van die spesifieke behoeftes van die kliëntsisteem wat bedien moet word, asook om met inagneming van die beskikbaarheid van bestaande gemeenskapsbronne, effektiewe ondersteuning aan hoërisiko-gesinne te bied. Aangesien gesinne waar kindermishandeling en -

verwaarlosing voorkom, gewoonlik ook multi-probleemgesinne is, is dit meer waarskynlik dat 'n kombinasie van die uitgangspunte van die verskillende programme in die verskeidenheid van behoeftes wat hierdie gesinne het, sal voorsien (Thompson, 1995:128).

Vir die implementering van tuisbesoekprogramme in **Suid-Afrika** sou tuisbesoekers, of vrywilligers uit die gemeenskap benut kan word om gesinne te besoek wat reeds op die gevallelading van welsynsorganisasies is, waar die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing hoog is, of waar verwaarlosing reeds plaasgevind het. Opgeleide kinderversorgers is in die intensiewe gesinsinstandhoudingsloodsprojek (Interministerial Committee on Young People at Risk, 1998:27,30) wat in Suid-Afrika onderneem is, benut om konkrete dienste te lewer soos deur Thompson (1995) beskryf word. Alhoewel kinderversorgers hierdie diens kan lewer, beskik organisasies in Suid-Afrika tans nie altyd oor genoeg kinderversorgers om die diens te lewer nie. Vrywilligers sal dus ook opgelei moet word.

Die uitgangspunte van die vriendskapsprogramme, soos Home-Start (Gibbons & Thorpe, 1989) kan benut word om gesinne te ondersteun in terme van konkrete hulp, om oueropvoeding te doen, asook gesinne in te skakel by bronne in die gemeenskap. Op hierdie wyse word basiese ondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne gelewer, aangesien die hoë gevalleladings van maatskaplike werkers dikwels kan veroorsaak dat gereelde intensiewe dienste nie gelewer word nie en gesinne nie die geleentheid kry om hulleself te bemagtig nie.

Die uitgangspunte van ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk word ook geïmplementeer omdat daar gefokus word op die uitbreiding van die sosiale kapitaal in 'n gemeenskap, deur opleiding aan gemeenskapslede te bied wat inkomste-genererend kan wees, terwyl kostes ook bespaar word deur die benutting van para-professionele personeel. Midgley (1990:298) dui aan dat maatskaplike werkers in ontwikkelende lande die kostes van dienslewering kan verlaag deur para-professionele persone te benut vir 'n verskeidenheid van take om te vergoed vir tekorte aan opgeleide personeel, sonder om die kwaliteit van dienste te verlaag.

4.6.5 Identifisering van gesinne vir inskakeling by tuisbesoekprogramme

Die wyse waarop gesinne vir tuisbesoekprogramme geïdentifiseer word, varieer na aanleiding van die uitgangspunte en doel van die program, die bestaande bronne in die gemeenskap, die kliëntsisteem wat bedien moet word, sowel as die aard of kompleksiteit van die dienste wat beoog word (Wasik *et al.*, 1990:92). In die studie wat Wasik *et al.* (1990:60), onderneem het, was die meeste programme gerig op ouers met 'n lae inkomste en wat kinders tussen die ouderdom van drie en vyf jaar gehad het. Duggan, Fuddy, Burrell, Higman, McFarlane Windham en Sia (2004a:625) se studie dui aan dat die meeste programme aangebied word in

gemeenskappe waar gesinne in armoede leef en vir enkelouergesinne, asook gesinne waar gesinsgeweld, middelmisbruik of swak geestesgesondheid voorkom.

Om te besluit watter gesinne betrek moet word by tuisbesoekprogramme bespreek Guterman (1999:867) die onderskeid tussen universele programme, met ander woorde, of die program oop is vir enige gesin, teenoor geteikende programme wat spesifiek gerig is op gesinne waar die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing hoog is. Toelating tot **universele tuisbesoekprogramme** in die VSA is gewoonlik gebaseer op die **demografiese faktore** wat dui op 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing. Hierteenoor fokus **keuringsgebaseerde of geteikende programme** op die psigologiese risiko-faktore wat op individuele vlak in die gesin bepaal word. Universele programme soos die Healthy Start/Healthy Families program in die VSA gebruik byvoorbeeld universele siftingsmetodes. Voorbeelde hiervan is dat moeders met pasgebore babas betrek word, waar risiko-faktore soos onder andere middelmisbruik, gesinsgeweld en swak geestesgesondheid geïdentifiseer word, asook waar die moeder self as kind mishandel is, en/of onrealistiese verwagtings van die baba het. Skrywers (Chaffin, 2004:593; Olds, Henderson & Eckenrode, 2002:179) is van mening dat indien 'n program universeel toegepas word, die risiko bestaan dat gesinne wat nooit hulle kinders sou mishandel nie, dienste ontvang, terwyl intensiewe dienste nie aan werklike hoërisiko-gesinne gelewer word nie. Olds *et al.* (2002:179) huldig die siening dat universele programme finansiële nie koste effektief is nie, aangesien hulle navorsing bewys het dat hoërisiko-gesinne die meeste by geteikende programme gebaat het.

In navorsing (Windham, Rosenberg, Fuddy, McFarlane, Sia & Duggan, 2004:661) is bevind dat psigo-sosiale risiko-faktore soos byvoorbeeld gesinsgeweld en middelmisbruik sterker korreleer met kindermishandeling en -verwaarlosing, as demografiese faktore. Fraser, Armstrong, Morris en Dadds (2000:1426) het ook bevind dat demografiese faktore nie werklik 'n aanduiding kan gee van die probleme wat ervaar kan word in die tydperk onmiddellik na geboorte nie. Hierdie skrywers het bevind dat faktore by die moeder, soos depressie, hoë spanningsvlak en swak hanteringsvaardighede, sterker aanduidings is van kindermishandeling en -verwaarlosing, as noodwendig demografiese faktore. Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat geteikende programme meer koste-effektief is en daar ook verseker word dat gesinne wat werklik dienste benodig, betrek word.

Wanneer 'n tuisbesoekprogram vir 'n gemeenskap in **Suid-Afrika** ontwikkel word, sal dit nie toepaslik wees om te fokus op 'n universele siftingsprogram nie, aangesien dit kan beteken dat dienste aan gesinne gelewer word wat nie werklik die dienste benodig nie. Vanweë die

strukturele eienskappe van die Suid-Afrikaanse samelewing sal 'n groot aantal gesinne in 'n gemeenskap as demografies geskik vir 'n program beskou kan word, terwyl die diensleweringstelsel nie die kapasiteit het om so 'n getal tuisbesoekers die veld in te stuur nie. Tuisbesoekprogramme word ook in ontwikkelde lande soos Amerika, dikwels deur die staat befonds en nasionaal geïmplementeer, wat universele sifting toepaslik maak. In Suid-Afrika moet dit egter as deel van vrywillige inisiatiewe ontwikkel word, waar befondsing vir die program die getal tuisbesoekers wat betrek kan word, sal beïnvloed. Dit is dus meer toepaslik om gesinne te teiken wat alreeds op die gevallelading van die welsynsorganisasie is.

Indien 'n welsynsorganisasie 'n tuisbesoekprogram ontwikkel om hoërisiko-gesinne wat reeds op die gevallelading is te besoek, is dit noodsaaklik dat maatskaplike werkers 'n deeglike ontleding van die gevallelading maak sodat 'n **gesinsprofiel** opgestel kan word. In hierdie gesinsprofiel kan 'n oorsigtelike beeld verkry word van die demografiese eienskappe van gesinne op die gevallelading, asook van die probleme en behoeftes wat uit die gegewens blyk. Hiervolgens kan bepaal word wat die aard van die probleme en behoeftes van gesinne is wat deur die tuisbesoekers van die welsynsorganisasie hanteer kan word, asook wat die vaardighede is waarvoor tuisbesoekers moet beskik. Dit sal ook bydra tot die doelgerigte werwing van tuisbesoekers.

4.6.6 Werwing van tuisbesoekers

Vrywilligers of tuisbesoekers word hoofsaaklik **gewerf** uit bestaande formele en informele gemeenskapsorganisasies (Thompson, 1995:137; Wasik *et al.*, 1990:96) in die gemeenskap wat bedien moet word (Gray *et al.*, 2001:641), of deur advertensies in die media, nuusbriewe, asook familieledes van gesinne wat alreeds besoeke van 'n tuisbesoeker ontvang het (Hiatt, Michalek, Younge, Miyoshi & Fryer, 2000:88). Die Kempe Community Caring-program in Amerika is 'n voorbeeld van 'n bekende program waar vrywilligers vanuit die gemeenskap gebruik word om tuisbesoeke te doen (Hiatt *et al.*, 2000:87). In die Suid-Afrikaanse "Isolabantwana"-program (Doran, 1999) is suksesvol van gemeenskapslede (taakgroepe) gebruik gemaak om geskikte vrywilligers in die gemeenskap te identifiseer vir kinderbeskerming. Hierdie metode van werwing kan behalwe die ander maniere van werwing wat beskryf is, ook gevolg word wanneer 'n tuisbesoekprogram beplan word.

4.6.7 Keuring van tuisbesoekers

By die keuring van tuisbesoekers is daar sekere aspekte soos onder andere opvoedkundige kwalifikasies, geslag en etnisiteit wat deur die welsynsorganisasie in gedagte gehou moet word. Hierdie aspekte word vervolgens beskou.

4.6.7.1 *Opvoedkundige kwalifikasies*

Tuisbesoekers se **opvoedkundige kwalifikasies** moet ooreenstem met die tipe program wat beoog word. Indien die program byvoorbeeld sterk fokus op gesondheid, word opgeleide verpleegsters hoofsaaklik gebruik. Die opvoedkundige kwalifikasies van tuisbesoekers varieer van persone wat oor 'n Baccalaureus-graad beskik, na slegs hoërskoolopleiding (Wasik *et al.*, 1990:93,94). Die profiel van die tuisbesoekers van die Kempe-program is 'n vrou van 36 jaar oud, getroud is met twee kinders, kollege-opleiding het en alreeds ongeveer 16 jaar in die gemeenskap woon (Hiatt *et al.*, 2000:88). Die Healthy Start/Healthy Families-program vereis dat tuisbesoekers byvoorbeeld hulle hoërskoolopleiding moes voltooi het (Duggan, McFarlane, Fuddy, Burrell, Higman, Windham & Sia, 2004b:600).

In die ondersoek wat McGuigan, Katzev en Pratt (2003:372) gedoen het oor die aspekte wat ouers se deelname aan programme beïnvloed, is bevind dat die kans groter is dat ouers by die program betrokke bly, as die kwalifikasies van die tuisbesoeker minder as 'n Baccalaureus-graad is. Volgens Wasik *et al.* (1990:93,94) vereis programme waar veral gefokus word op lae-inkomste gesinne gewoonlik 'n tuisbesoeker met 'n laer opvoedkundige kwalifikasie, met die uitgangspunt dat vrywilligers uit die gemeenskap benut word om die sosio-kulturele agtergrond van die tuisbesoeker te laat aanpas by dié van die gesinne wat bedien word. Instansies met programme wat gemeenskapslede of vrywilligers uit die gemeenskap betrek, beskou die program ook as die skep van werksgeleenthede vir gemeenskapslede, en as bemagtiging, omdat gemeenskapslede opleiding ontvang.

In programme wat nie vereis dat 'n persoon oor 'n naskoolse, of hoërskoolkwalifikasie beskik nie, moet spesifiek aandag gegee word aan ouderdomsvereistes wanneer 'n program ontwikkel word (Gray *et al.*, 2001:642; Hiatt *et al.*, 2000:88). Wasik *et al.* (1990:97) beveel daarom aan dat hierdie programme nie tuisbesoekers oorweeg wat jonger as 21 jaar is nie. Hierdie siening word gemotiveer deur die feit dat die aard van die werk vereis dat 'n persoon oor die vaardigheid en oordeel beskik om lewensgebeure in perspektief te beskou, en ook omdat die sukses van tuisbesoekprogramme afhanklik is van die mate waarin 'n gesin die tuisbesoeker kan vertrou en vertrou kan ontwikkel dat die tuisbesoeker hulle tot hulp kan wees. Jonger tuisbesoekers het dikwels nog nie voldoende lewenservaring wat benodig word om 'n suksesvolle tuisbesoeker te wees nie.

Skrywers (Gray *et al.*, 2001:642; Hiatt *et al.*, 2000:88) beklemtoon die feit dat die werk van die tuisbesoeker veeleisend is. Dit is daarom belangrik dat tuisbesoekers volwasse individue is met die kapasiteit om ander mense te help. Persone wat reeds oor **basiese kommunikasie-**

en interpersoonlike vaardighede beskik moet geselekteer word om die sukses van die program te verseker. 'n Verdere vereiste om as tuisbesoeker by 'n program in te skakel is hoofsaaklik dat die potensiële kandidaat self 'n ouer is.

In **Suid-Afrika** sal die kwalifikasies van tuisbesoekers waarskynlik laer as voltooide hoërskoolopleiding wees, aangesien lae-inkomste gemeenskappe gekenmerk word deur lae opvoedkundige kwalifikasies. Organisasies kan die gemeenskapsprofiel benut om die gemiddelde opleidingsvlak van gemeenskapslede te bepaal ten einde te besluit oor die vereiste opvoedkundige kwalifikasies wat benodig word. In die “Isolabantwana”-program (Doran, 1999:397) moet vrywilligers 'n toets aflê om aan te dui dat hulle beheer het oor die inhoud van die opleidingsprogram voordat hulle toegelaat word tot die program. Hierdie werkswyse kan ook gevolg word vir die keuring van tuisbesoekers by die implementering van 'n tuisbesoekprogram.

4.6.7.2 Geslag van tuisbesoeker

Ten opsigte van **geslag** blyk die meeste tuisbesoekers vroue te wees (Hiatt *et al.*, 2000:88; Wasik *et al.*, 1995:99). Die geslag van die tuisbesoeker moet deur die tipe program wat oorweeg word, bepaal word. Vir sekere tipes programme beveel Wasik *et al.* (1995:98) aan dat slegs vroue benut word, veral waar dienste gelewer word aan enkelmoeders, vroue wat alleen woon en vroue met jong kinders, asook programme waar spesifiek gefokus word op voorgeboortelike en nageboortelike sorg. Hierdie skrywers voer aan dat die geleentheid vir wanopvattinge deur die gemeenskap groot is indien 'n manlike tuisbesoeker op 'n gereelde basis tuisbesoeke aan vroue in hulle huise bring. Dieselfde wanopvattinge kan selfs van toepassing wees op vroue wat getroud is, of 'n saamleefmaat het, terwyl die eggenoot of die saamleefmaat ook weerstand kan bied teen die lewering van tuisbesoeke deur 'n man as hulle nie tuis is nie.

By programme waar tuisbesoekdienste gelewer word aan manlike vroeë skoolverlaters of tienervaders is die benutting van manlike tuisbesoekers meer geskik. In die Kempe Community Caring Program (Gray *et al.*, 2001:651) is manlike vrywilligers benut om dienste aan vaders te lewer, terwyl mans ook ingeskakel is by 'n ondersteuningsgroep wat deur 'n manlike vrywilliger hanteer is. Leventhal (2001:436) meen dat een van die uitdagings in bestaande tuisbesoekprogramme in die VSA, die uitbreiding van tuisbesoekdienste aan mans is, aangesien ernstige fisieke mishandeling dikwels deur vaders, stiefvaders en saamleefmaats geskied. Hierdie mans het swak ouerskapsvaardighede, het probleme om hulle impulse te beheer en kan ook gewelddadig teenoor hulle lewensmaats optree. Twee moontlike oplossings

word voorgehou, naamlik eerstens om moeders in staat te stel om beter keuses oor lewensmaats te maak en hulle op te voed oor kinderbeskerming, soos byvoorbeeld dat kinders nie in die sorg van hierdie mans gelaat kan word nie. Hierdie oplossing is die een wat meestal tans in die VSA in tuisbesoekprogramme benut word. Tweedens moet hierdie mans opgevoed word oor ouerskapsvaardighede om hulle in staat te stel om kinders toepaslik te versorg, wat 'n oplossing is wat tans in die VSA meer aandag moet geniet. Manlike tuisbesoekers behoort oorweeg te word in die **Suid-Afrikaanse situasie** om spesifiek manlike versorgers se kennis en vaardighede oor kinderversorging en toepaslike opvoedingsmetodes, te verhoog.

4.6.7.3 Etnisiteit van tuisbesoeker

Etnisiteit is 'n verdere aspek wat oorweeg moet word by die beplanning van 'n tuisbesoekprogram. Kerkverband, nasionaliteit, taal en familiepatrone, is alles deel van etnisiteit. Die besluit oor die etnisiteit van tuisbesoekers vereis noukeurige oorweging in 'n program. Die vroeë vorms van ondersteuning is gedoen deur vriende, familie en gemeenskapslede wat beteken dat die etnisiteit van die tuisbesoekers ooreengestem het met die kliëntsisteem. Waar die etnisiteit van die tuisbesoeker aansluit by dié van die gesin, dui 'n ontleding van dienste daarop dat die tuisbesoekers oor laer kwalifikasies beskik (Solomon, 1976). Daar is egter geen universele reël wat gevolg kan word nie, en dus word aanbeveel dat die voor- en nadele van die benutting van tuisbesoekers met dieselfde etnisiteit as die gesin oorweeg word. Dit is belangrik om in ag te neem dat alle tuisbesoekers in elk geval in hulle opleiding georiënteer moet word om kultureel sensitief teenoor gesinne op te tree (Wasik *et al.*, 1990:99). In Suid-Afrika sal tuisbesoekers se etnisiteit waarskynlik hoofsaaklik ooreenstem met dié van die gesinne wat hulle besoek, aangesien hierdie vrywilligers ooreenkomstig ontwikkelingsgerigte beleid uit die gemeenskap gewerf word om die menslike en sosiale kapitaal in die gemeenskap te bou.

4.6.8 Opleiding van tuisbesoekers

Aangesien tuisbesoekers se opvoedkundige kwalifikasies verskil, is dit noodsaaklik dat opleiding gebied word. Dit word gewoonlik deur die organisasie wat die program implementeer aangebied. Die inhoud van die opleidingsprogram sal afhang van die aard van die ondersteuning wat deur die tuisbesoekers gelewer moet word, om te verseker dat hulle oor die nodige kennis en vaardighede beskik. Vir die aanbod van die opleidingsprogram kan personeel van ander instansies benut word om spesifieke aspekte in die program aan te bied (Wasik *et al.*, 1990:99). In die "Isolabantwana"-program is ander rolspelers soos die Polisie en die Kommissaris van Kindersorg byvoorbeeld betrek om te verseker dat toepaslike

opleiding en hulp gebied word (Doran, 1999:397). Alhoewel die inhoud van die opleidingsprogram bepaal word deur die doel en uitkomste van die program, identifiseer Wasik *et al.* (1990:104-113) sekere basiese aspekte wat deel van die opleiding behoort te wees. Dit word vervolgens beskou.

4.6.8.1 Geskiedenis en ontwikkeling

Inligting oor die **geskiedenis en ontwikkeling** van tuisbesoekprogramme is belangrik om 'n gevoel van trots en professionalisme by tuisbesoekers te ontwikkel. Daarom moet die agtergrond oor die ontwikkeling van tuisbesoekprogramme gegee word, asook oor bestaande tuisbesoekprogramme wat moontlik by ander instansies geïmplementeer word. Hierdeur word begrip vir tuisbesoekprogramme bewerkstellig, wat tuisbesoekers in staat stel om die werk wat hulle gaan verrig, in verhouding te sien met die pogings van ander instansies en professionele persone in die gemeenskap.

4.6.8.2 Doel en filosofie van tuisbesoekprogramme

Die **doel en filosofie** van die program moet duidelik gestel word, sodat die **verwagtings** wat aan tuisbesoekers gestel word, vir hulle duidelik is. Hier kan ook aandag gegee word aan die tipe kliëntsisteem wat bedien word, asook die tipe dienste wat gelewer word. Die **rol** van die tuisbesoeker in die program moet duidelik uitgespel word, en ook dat dit gebaseer is op 'n samewerkende verhouding tussen die tuisbesoeker en die gesin, soos vereis deur die beginsels en uitgangspunte van ondersteuningsdienste (Wasik *et al.*, 1990:106). Alhoewel 'n samewerkende verhouding belangrik is, is dit ook belangrik dat die tuisbesoeker begrip het vir die feit dat die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing gemonitor word en dat die ouers sekere versorgingstake moet uitvoer, om 'n geskikte omgewing vir die kinders daar te stel.

Die instansie wat die program implementeer moet verder verseker dat tuisbesoekers deeglik **georiënteer** word oor die prosedures wat gevolg word, sowel as hoe rekordhouding moet geskied (Wasik *et al.*, 1990:107). In terme van die Suid-Afrikaanse omgewing beteken dit dat die tuisbesoeker moet kan lees en skryf, soos by die “Isolabantwana”-program. 'n Handleiding oor aspekte, soos die prosedures wat gevolg moet word onder sekere omstandighede, is veral 'n vereiste om te verseker dat tuisbesoekers bewus is van wat van hulle verwag word. Instruksies oor wat om te doen onder sekere omstandighede, soos byvoorbeeld situasies wat potensieel gevaarlik is, kan stap vir stap beskryf word. Die prosedures wat byvoorbeeld gevolg moet word wanneer 'n kind in onveilige omstandighede verkeer, kan beskryf word deur presies aan te dui wie gekontak moet word, asook in watter

volgorde telefoniese oproepe gemaak moet word (Wasik *et al.*, 1990:107). Duggan *et al.* (2004a:640) se studie oor die effektiwiteit van 'n tuisbesoekprogram het byvoorbeeld gevind dat daar nie duidelike formele verwysingsooreenkomste was tussen die tuisbesoekprogram se organisasie en ander instansies in die gemeenskap nie. Dit het die tuisbesoekers se taak om die gesin met bronne in die gemeenskap in kontak te bring, gekompliseer. Dit sou dus waardevol wees om ook die prosedures vir die verwysing van ander bronne in die handleiding te vervat, asook buite-organisasies voor te berei op die feit dat tuisbesoekers met hulle kontak sal maak. Tuisbesoekers kan ook bekend gestel word aan die instansies om suksesvolle samewerking te verseker.

4.6.8.3 Kennis oor benutting van bronne

Kennis oor die **gemeenskap** en die **beskikbare bronne** is verdere aspekte wat in 'n opleidingsprogram aandag moet geniet (Wasik *et al.*, 1990:108). Welsynsorganisasies in **Suid-Afrika** kan in hierdie verband die profiel oor die gemeenskap gebruik om agtergrond aan die tuisbesoekers te bied oor die etniese samestelling van die gemeenskap, die werkloosheidsyfer, die inkomste van gemeenskapslede, maatskaplike kohesie of sosiale kapitaal in die gemeenskap, asook die beskikbare bronne wat benut kan word. In die studie van Duggan *et al.* (2004a:639) is bevind dat tuisbesoekers selde die gesin ingeskakel het by bestaande gemeenskapsbronne, alhoewel hulle as deel van hulle opleiding gemeenskapsbronne besoek het. Daar is ook gevind dat die handleiding sterker gefokus het op die doen van verwysings in gevalle van meer algemene behoeftes, soos behuising, as na instansies wat sterker fokus op risiko-gedrag, soos middelmisbruik.

In die studie wat Gray *et al.* (2001:651) onderneem het na watter aspekte positief beïnvloed word deur 'n tuisbesoekprogram is bevind dat ouers se sosiale netwerke aansienlik uitgebrei is, asook dat hulle in staat gestel is om ander formele ondersteuningsnetwerke in die gemeenskap te benut. In die "Isolabantwana"-program bespreek maatskaplike werkers die verwysings na formele organisasies met die vrywilligers (Doran, 1999:398). Die doel van 'n tuisbesoekprogram is juis om gesinne in kontak te bring met netwerke in die gemeenskap om sosiale isolasie teen te werk. Dit beteken dat maatskaplike werkers hierdie kontakte of verwysings moet fasiliteer om te verseker dat die tuisbesoeker hierdie taak uitvoer. Kontrole en beheer is daarom 'n belangrike taak van die maatskaplike werker om netwerkuitbreiding te verseker.

In McGuigan *et al.* (2003:374) se studie oor watter aspekte op gemeenskapsvlak die retensie van ouers in 'n tuisbesoekprogram beïnvloed, is bevind dat daar 'n hoër uitvalsyfer is wanneer

programme geïmplementeer word in gemeenskappe waar daar geweld voorkom. Wanneer die vrees vir geweld tesame met sosiale isolasie 'n hoë vlak bereik, kan gesinne se behoefte aan privaatheid oorheers en kan hulle daarom ook kontak met tuisbesoekdienste vermy. Hierdie bevinding is belangrik in terme van die Suid-Afrikaanse samelewing wat gekenmerk word deur geweld in lae-inkomste gemeenskappe (Government of the Republic of South Africa Office of the Presidency: Youth Policy, 2000:15), aangesien die maatskaplike kohesie in 'n gemeenskap beïnvloed word deur die vlak van geweld wat in die gemeenskap voorkom (Ghate & Hazel, 2000:93). McGuigan *et al.* (2003:375) dui aan dat die verlaging van gemeenskapsgeweld nie deel van tuisbesoekers se take is nie, maar stel voor dat tuisbesoekers in hierdie gemeenskappe gesinne moet aanmoedig om betrokke te raak by gemeenskapsveiligheidsorganisasies, om die sosiale kohesie in die gemeenskap te verhoog en die natuurlike hulpverlenende netwerke in die gemeenskap, uit te bou.

4.6.8.4 Kennis en vaardigheidsontwikkeling vir hantering van gesinsprobleme

Tuisbesoekers se **kennis oor gesinne en kinders** moet aandag geniet, sodat verseker kan word dat hulle oor basiese kennis van veral kinderontwikkeling, gesondheids- en veiligheidsaspekte, middelmisbruik, asook oor gesinsgeweld, wat kindermishandeling en -verwaarlosing en vrouemishandeling, sal beskik. Die doel is nie dat tuisbesoekers deskundiges op hierdie gebiede moet wees nie, maar eerder dat hulle oor die basiese kennis moet beskik om situasies te herken wat addisionele dienste vereis, sodat hulle die verwysings na ander professionele persone of instansies kan maak (Wasik *et al.*, 1990:106,107). In die navorsing wat Duggan *et al.* (2004b:615) onderneem het om te bepaal of die Healthy Start/Healthy Families-program werklik kindermishandeling en -verwaarlosing voorkom, is gevind dat die opleiding van die tuisbesoekers sterker gefokus het op kennis en minder op die ontwikkeling van vaardighede, wat tot gevolg gehad het dat die tuisbesoekers nie oor voldoende vaardighede beskik het om die risiko's wat in die gesin vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan, aan te spreek nie.

Tuisbesoekers het in dié studie (Duggan *et al.*, 2004a:635,639) aangedui dat hulle hulleself as meer vaardig beskou om 'n verhouding met ouers te bewerkstellig en positiewe ouerskapsvaardighede aan te leer, terwyl hulle minder vaardig gevoel het om ouers in staat te stel om hulle netwerke en probleemoplossende vaardighede te ontwikkel. Waarin hulle die minste vaardig gevoel het, was om middelmisbruik en gesinsgeweld aan te spreek. Middelmisbruik en gesinsgeweld word, soos in die eerste hoofstuk verduidelik, juis as belangrike aanwysers vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou.

Hierdie skrywers noem dat gebrekkige ouerskapsvaardighede verhoog kan word deur opvoeding, maar dat psigo-sosiale risiko-faktore, soos middelmisbruik en gesinsgeweld sterker terapeutiese insette vereis en dat indien daar van tuisbesoekers verwag word om hierdie risiko's aan te spreek, opleiding ook sterker op die ontwikkeling van vaardighede in die hantering van hierdie risiko's gerig moet word. Windham *et al.* (2004:661) is van mening dat tuisbesoekers in hierdie geval konsekwente supervisie moet ontvang, asook toegang tot professionele dienste wat assessering en intervensie kan doen.

In terme van die **Suid-Afrikaanse situasie** blyk dit aangewese dat die terapeutiese dienste waar middelmisbruik en gesinsgeweld voorkom, deur maatskaplike werkers gelewer word. Tuisbesoekers kan sterker fokus op opvoeding ten opsigte van ouerskap, asook die lewering van konkrete dienste, wat spesifiek gerig is op organisering van die huishouding, aangesien hoërisiko-gesinne gewoonlik hulp in hierdie verband benodig. Basiese leiding in terme van ouerskapsvaardighede kan gebied word, wat veral gerig is op die verhoging van kennis rondom ouderdomstoepaslike gedrag en die toepaslike dissiplinerings van kinders. Huishoudelike hulp kan gebied word in terme van die skoonmaak van die huis, die voorbereiding van maaltye, asook die was van klere. Sodoende word die gesin in staat gestel om die basiese roetine take wat uitgevoer moet word om 'n huishouding te hanteer en kinders te versorg, te bemeester. Tuisbesoekers moet die gesin ook bystaan om te skakel met bronne in die gemeenskap deur hulle byvoorbeeld te vergesel na afsprake met maatskaplike werkers, asook na klinieke vir die immuniserings van babas.

4.6.8.5 Gereeldheid van kontak met gesinne

Uit die literatuur (Duggan *et al.*, 2004b:600; Hiatt *et al.*, 2000:89) blyk dit dat gevestigde programme duidelike riglyne verskaf ten opsigte van die **gereeldheid van kontak** met gesinne. Volgens Leventhal (1996:649) is dit belangrik dat die besoeke gereeld genoeg is sodat die tuisbesoeker die gesin kan leer ken en ook sodat die gesin 'n vertrouensverhouding met die tuisbesoeker kan ontwikkel. Gereelde kontak met die gesin het ook die voordeel dat probleme vroegtydig geïdentifiseer kan word sodat toepaslike dienste gelewer kan word. Alhoewel minder gereelde besoeke oorweeg kan word vanweë moontlike finansiële tekorte, dui die resultate van gevestigde programme dat meer gereelde besoeke belangrik is. In die Olds-studie het tuisbesoekers byvoorbeeld vir die eerste twee jaar van die kind se lewe gemiddeld 23 besoeke per jaar gedoen, wat gemiddeld twee besoeke per maand beteken, teenoor die Hawaii Healthy Start-program wat weeklikse besoeke bring totdat die gesin se omstandighede daarop dui dat dit nie meer nodig is nie. Navorsing (Hiatt *et al.*, 2000:89) het

bevind dat die tuisbesoekers wat benut word in die Kempe Community Caring Program gemiddeld twee tuisbesoeke per maand doen en drie telefoonoproepe na die gesin maak.

Ten opsigte van die aantal besoeke wat gebring moet word sal dit in **Suid-Afrika** bepaal moet word deur die aard van die hulp en ondersteuning wat deur die gesin benodig word. Maatskaplike werkers en die tuisbesoekers moet dus eerder die aantal besoeke beplan met inagneming van 'n spesifieke gesin se situasie, asook na aanleiding van die vordering wat deur die tuisbesoeker gemaak word. Hierdie aspek sal ook bepaal hoeveel gesinne toegewys kan word aan 'n tuisbesoeker vir dienslewering. In die Kempe Community Caring Program (Hiatt *et al.*, 2000:95) het tuisbesoekers byvoorbeeld net een gesin gehad om te besoek om te verseker dat intensiewe dienste gelewer word.

4.6.8.6 Supervisie van tuisbesoekers

Die **supervisie** van tuisbesoekers is 'n belangrike aspek wat in programme aandag moet geniet (McGuigan *et al.*, 2003:374; Wasik *et al.*, 1990:108), aangesien die aard van hoërisiko-gesinne se behoeftes dikwels dienste buite die vaardigheid van die tuisbesoeker vereis (McGuigan *et al.*, 2003:374). Tuisbesoekers moet gereelde supervisie ontvang, alhoewel die intensiteit en gereeldheid varieer na aanleiding van die aard van die program (Wasik *et al.*, 1990:110), sowel as die intensiteit van die gesin se probleme en behoeftes (McGuigan *et al.*, 2003:374). Deur gereelde supervisie word die tuisbesoekers ook in staat gestel om waar toepaslik persone uit ander dissiplines, soos gesondheidspersoneel by dienslewering te betrek. Aangesien gesinne ook dienste van die tuisbesoeker kan vereis wat buite hulle rol en taak is, kan supervisie bydra om die tuisbesoekers gefokus te hou op hulle primêre rol, naamlik om gesinne in staat te stel om hulleself te help (McGuigan *et al.*, 2003:374).

Wasik *et al.* (1990:110) beveel aan dat die supervisie gedoen word deur 'n professionele persoon, sodat tuisbesoekers terugvoer en ondersteuning vir hulle werk kan ontvang, maar ook dat hulle kontak met 'n persoon het wat hulle voldoende vertrou, om hulle ervarings mee te deel. Dit is belangrik dat die tuisbesoekers begrip het vir die rol van die toesighouer in die program, om te verseker dat supervisie en leiding effektief benut word. Supervisie kan individueel of in 'n groep geskied. Dit is belangrik dat daar in 'n program voorsiening gemaak word vir albei metodes van supervisie, aangesien die meeste programme weeklikse individuele en groepsupervisie aanbied. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker wat die supervisie hanteer oor kennis beskik van bestaande supervisiemodelle in maatskaplike werk om effektiewe leiding aan die tuisbesoekers te bied. Die feit dat gereelde supervisie die retensie van ouers in 'n tuisbesoekprogram positief kan beïnvloed, beteken dat organisasies in

Suid-Afrika by die implementering van tuisbesoekprogramme, ook opleiding aan die maatskaplike werkers oor supervisie moet gee. Sodoende word daar verseker dat effektiewe en toepaslike leiding aan tuisbesoekers, oor hulle dienslewering aan gesinne gebied word.

Uit die voorafgaande bespreking oor die ontwikkeling van tuisbesoekprogramme is dit duidelik dat tuisbesoekprogramme geskik is vir implementering in die Suid-Afrikaanse situasie, veral omdat daar sterker gekonsentreer word op die ondersteuning en bemagtiging van alle gesinslede. Die implementering van tuisbesoekprogramme verseker dat basiese konkrete dienste op 'n gereelde basis aan hoërisiko-gesinne gelewer word, aangesien hoë gevalleladings die lewering van hierdie tipe dienste deur maatskaplike werkers negatief beïnvloed. Welsynsorganisasies moet egter die tuisbesoekprogram deeglik beplan, alvorens tuisbesoekers gewerf en opgelei word. Deeglike beplanning van die program sal verseker dat die werwing, keuring en opleiding van die tuisbesoekers die doel en uitgangspunte van die program reflekteer, wat die suksesvolle uitkoms daarvan sal verhoog.

4.7 SAMEVATTING

Die uitkoms van gesinsondersteuningsdienste is om die sosiale netwerke van gesinne te verhoog deur hulle in te skakel by bronne en dienste in die gemeenskap, om sosiale uitsluiting te voorkom. Inskakeling by dienste is ook gerig op die verhoging van vaardighede en van veral ouerskapsvaardighede, om te verseker dat die hoërisiko-gesin in staat gestel word om hulle kinders doeltreffend te versorg en statutêre dienste voorkom word. Ooreenkomstig Suid-Afrikaanse beleidsdokumente word daar van maatskaplike werkers verwag om ontwikkelingsgerigte dienste te lewer, deur sterk op voorkoming te fokus. Maatskaplike werkers by welsynsorganisasies moet egter dikwels hoë gevalleladings hanteer vanweë die groot getal gesinne waaraan dienste gelewer moet word. Hierdie dienste is hoofsaaklik kinderbeskermingsdienste om te verhoed dat kinders verwyder word. Hoë gevalleladings veroorsaak dat intensiewe dienste en veral konkrete dienste vanweë die gebrek aan tyd, nie gelewer word nie.

Aangesien die uitbreiding van die netwerke van gesinne 'n primêre taak van die maatskaplike werker is, word tuisbesoekprogramme waar vrywilligers vanuit die gemeenskap benut word om tuisbesoeke by hoërisiko-gesinne te lewer, as 'n oplossing beskou vir die uitbreiding van die sosiale netwerke, en die bied van konkrete ondersteuning. Tuisbesoekprogramme bied verder 'n oplossing vir die tekort aan maatskaplike werkers, wat die lewering van effektiewe gesinsinstandhoudings- en kinderbeskermingsdienste, negatief beïnvloed. Hierdie programme voldoen ook aan die uitgangspunte van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-dienslewering,

aangesien menslike en sosiale kapitaal ontwikkel word, wat die gemeenskap se kapasiteit uitbou en sodoende op die lang termyn bydra tot sosiale en ekonomiese ontwikkeling.

Effektiewe gesinsondersteuning behels dat 'n wye verskeidenheid dienste behalwe tuisbesoekprogramme, vir hoërisiko-gesinne beskikbaar is om aan die behoeftes van die gesin te voldoen. Die aard van hierdie dienste word in die volgende hoofstuk geïdentifiseer en bespreek.

HOOFSTUK 5

SEMI-FORMELE EN FORMELE GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE: SENTRUMGEBASEERDE DIENSTE

5.1 INLEIDING

Gesinsondersteuningsdienste in die Verenigde Koninkryk word hoofsaaklik vanuit gesinsentrums gelewer om ooreenkomstig die doel van ondersteuningsdienste toeganklik vir gemeenskapslede te wees, asook te verseker dat gemeenskapsbetrokkenheid by hierdie dienste aangemoedig word. In hierdie gesinsentrums, of gesinsprojekte word 'n verskeidenheid van aktiwiteite aangebied, alhoewel verskille bestaan in terme van die doel en aard van die aktiwiteite en die kliëntsisteem wat geteiken word.

Die verskille in die doel en aard van aktiwiteite, asook die kliëntsisteem wat betrek word, word in hierdie hoofstuk beskryf. Die benaderings tot dienste wat toeganklik vir alle gemeenskapslede is, teenoor dienste wat hoofsaaklik gerig is op die kliënte wat alreeds in die kindersorgsisteem vanweë kindermishandeling en -verwaarlosing opgeneem is, word ooreenkomstig die Britse stelsel geïdentifiseer. Die toepaslikheid van hierdie dienste word geëvalueer in terme van bestaande Suid-Afrikaanse beleidsdokumente om te bepaal wat die moontlike inhoud van gesinsondersteuningsdienste of programme kan wees, om ooreenkomstig een van die doelwitte van die studie die aard van gesinsondersteuningsdienste of voorkomende dienste wat aan hoërisiko-gesinne gelewer kan word, te identifiseer. Voorkomende dienste is volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a:299) die primêre vlak waarop dienste aan hoërisiko-gesinne gelewer moet word om statutêre dienste te voorkom.

Effektiewe gesinsondersteuningsdienste behels dat gesinne toegang tot 'n wye verskeidenheid dienste het waar hulle vaardighede as ouers ontwikkel word, terwyl hulle netwerke terselfdertyd uitgebrei word om onafhanklike funksionering aan te moedig. Enkele voorkomende programme, dienste of projekte word in hierdie hoofstuk geïdentifiseer wat in Suid-Afrika by kinder- en gesinsorgorganisasies aangebied behoort te word om gesinsondersteuning aan hoërisiko-gesinne te bied en sodoende kindermishandeling en -verwaarlosing en die moontlike verwydering van kinders, teen te werk.

5.2 SENTRUMGEBASEERDE DIENSTE

Die lewering van gesinsondersteuningsdienste vanuit gesinsentrums word in die Verenigde Koninkryk as een van die mees effektiewe en buigbaarste maniere beskou om gesinsondersteuning te doen. Gesinsentrums het hoofsaaklik in die laat-sewentiger en tagtigerjare in die Verenigde Koninkryk vanuit bestaande dagsorg- en kleuterskoolfasiliteite ontwikkel, deur speelfasiliteite te kombineer met 'n ontmoetingsplek vir ouers, asook vryetydsbestedings- en opvoedkundige aktiwiteite vir gemeenskapslede aan te bied (Warren-Adamson, 2006:171; Pierson, 2002:83; Loyd, 1997:147; Cannan, 1992:149). Warren-Adamson (2006) noem dat daar aanduidings is dat daar in die toekoms in die Verenigde Koninkryk sterker gekonsentreer sal word op die ontwikkeling van kindersentrums, vanweë werkende moeders, sowel as verandering in beleid (Lewis, 2003; Lister, 2003).

Aangesien beleidsdokumente in Suid-Afrika (Department of Social Development, 2006a:29; White Paper for Social Welfare, 1997:62), aandui dat daar hoofsaaklik op voorkomende en vroeë intervensiedienste gefokus moet word, is dit toepaslik om die ontwikkeling en eienskappe van gesinsprojekte of gesinsentrums in die Verenigde Koninkryk te verduidelik. Die ontwikkeling van gesinsentrums of gesinsprojekte in die Verenigde Koninkryk is volgens Smith (1996:14-16) gegrond op vier aannames of argumente.

5.2.1 Aannames onderliggend aan gesinsentrums

Aangesien gesinsentrums ontwikkel het uit bestaande dagsorgfasiliteite is 'n belangrike aanname of argument dat opvoeding van ouers gekombineer moet word met **opvoedkundige programme** vanaf 'n jong ouderdom van kinders, om hulle intellektuele kapasiteit te ontwikkel en sodoende agterstande te voorkom. Die tweede aanname wat gemaak word is dat die **netwerke van ouers** deur die bywoning van sentrumaktiwiteite uitgebrei word, asook dat ouers deur deelname aan hierdie aktiwiteite bemagtig word om hulleself te help, ooreenkomstig die beginsels van gemeenskapswerk (Smith, 1996:14-16). In hierdie verband is Cannan (1992:45,105) van mening dat gemeenskapswerk die ontwikkeling van gesinsentrums sterk beïnvloed het, aangesien 'n gesinsentrum die skakel is tussen die kwaliteit van gesinne se lewens, die gemeenskap en die netwerke waarin die gesin lewe. Vanweë hierdie skakeling word voorkomende dienste as gelyk aan gemeenskapsontwikkeling, asook as gelyk aan deelnemende aktiwiteite en die ontwikkeling van informele netwerke beskou, om sodoende individue se bronne uit te brei en hulle selfvertroue te verhoog, ten einde sosiale isolasie en uitsluiting teen te werk.

Die laaste aanname is volgens Smith (1996:16-24) dat daar gefokus word op **voorkoming** deur die **identifisering van hoërisiko-kindere**, sowel as op **intervensie** met gesinne wat probleme ervaar. Hierdie aanname of argument is dat gesinsentrums of gesinsprojekte bydra tot die **betryding van agterstande** deur **sosiale ondersteuning** te bied, **vaardighede uit te bou**, asook **inligting en bronne** aan hoërisiko-gesinne te bied. Die belangstelling in gesinsentrums word volgens skrywers (Ghate, Shaw & Hazel, 2000:1; Smith, 1996:16-24) waarskynlik sterker gemotiveer in terme van voorkoming, die identifisering van hoërisiko-gesinne, asook op die feit dat agterstande effektief uitgekakel, of verminder word. Die eerste twee argumente vir die daarstelling van sentrum-gebaseerde dienste bly volgens Smith (1996) steeds belangrik omdat dit gerig is op die aanname dat gesinsentrums die opvoedkundige klimaat in die huis en gemeenskap, asook die sosiale netwerke wat die sosiale kapitaal van 'n gemeenskap is, positief beïnvloed. In die lig van hierdie argumente, word die eienskappe van gesinsentrums in die volgende afdeling uiteengesit.

5.2.2 Eienskappe van gesinsentrums

Holman (1988:114) beskryf die **algemene eienskappe** van gesinsentrums en benut Phelan (1983) se navorsing in die Verenigde Koninkryk om die eienskappe van die eerste gesinsentrums te beskryf. Meer resente literatuur is benut om die eienskappe soos deur Holman (1988) beskryf is, te verifieer. Die belangrikste eienskappe is dat gesinsentrums **in gemeenskappe geleë** is waar daar 'n hoë voorkoms is van die sosiale en omgewingsfaktore wat teenwoordig is (Batchelor, Gould & Wright, 1999:202; Pithouse, Lindsell & Chueng, 1998:4; Holman, 1988:114) wanneer kindere verwyder word en waar gesinne vanweë hierdie faktore stres ondervind (Holman, 1988:114). Dienslewering is daarom gerig op gesinne wat deur maatskaplike werkers en ander persone beskou word as hoërisiko-gesinne (Smith, 1996:169) en waar daar 'n groot **behoefte bestaan aan voorkomings- en beskermingsdienste**, om te verhoed dat kindere in die formele kindersorgsisteem opgeneem word vanweë die omstandighede wat in die gemeenskap en in hulle gesinne bestaan (Pithouse *et al.*, 1998:32).

Dienslewering in gesinsentrums **fokus op alle gesinslede** (Armstrong & Hill, 2001:351; Pithouse *et al.*, 1998:4), asook die ontwikkeling van **ouers se sterktes** eerder as hulle probleme (Holman, 1988:114). Hierdie **dienste is toeganklik** vir die inwoners van die gemeenskap volgens Phelan (1983) omdat die sentrum in die gemeenskap geleë is en ook sterker ingestel is op die behoeftes van die gemeenskapslede (Holman, 1988:114).

Interorganisasoriese samewerking in die ontwikkeling van dienste is 'n verdere belangrike eienskap van dienste wat vanuit gesinsentrums gelewer word (Pithouse *et al.*, 1998:33).

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat dienste ooreenkomstig die aanname van gesinsondersteuning aan die gesin as 'n eenheid gelewer word (Manalo & Meezan, 2000:414; Lightburn & Kemp, 1994:18). Gemeenskapsgebaseerde dienste word ook aan gesinne gelewer waar die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan om statutêre dienste te voorkom, wat in ooreenstemming is met die uitgangspunte van voorkomende dienslewering, soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Welsynsbeleid (Department of Social Development 2006a:29; Department of Social Development, 2005:71,72; Ministry of Welfare and Population Development, 1997:66).

5.2.3 Doel en plek van dienslewering

Die **doel** van gesinsentrums is hoofsaaklik gerig op gemeenskapsgebaseerde gesinsinstandhouding, waar selfhelp 'n prominente eienskap van intervensie is (Pithouse *et al.*, 1998:4), asook om die welsyn van kinders in nood te verbeter, deur 'n verskeidenheid gesinsondersteuningsdienste aan gesinne en gemeenskapslede te bied (Pithouse & Holland, 1999:169). Gesinsentrums fokus sterk op die ontwikkeling van die kapasiteit van inwoners om self dienste te ontwikkel, ooreenkomstig hulle behoeftes (Cannan & Warren, 1997:8). Cannan (1992:109) is van mening dat die doel van gesinsentrums gerig is op die versterking van gesinne deur die verandering van die ekologiese balans van hulle omgewing.

Ten opsigte van die **plek** waar dienste gelewer word, word sentrumgebaseerde dienste gedefinieer as dienste wat gelewer word vanuit geboue wat spesifiek gebou is vir hierdie doel, asook in 'n opset soos 'n kliniek, 'n kantoor, versorgingsoorde, skole, woonhuise en enige ander plek in die gemeenskap wat toeganklik vir gesinne is en waar hulle nie nodig het om vervoer te gebruik, om die diens te ontvang nie (Chaffin *et al.*, 2001:1278; Ghatte *et al.*, 2000:6; Pithouse *et al.*, 1998:5; Smith, 1996:180). Die tipe diens of program, asook die aantal ouers wat by die program betrek word, word beïnvloed deur die plek waar die program geïmplementeer word en die fisiese spasie wat beskikbaar is. Beschikbaarheid van bronne in 'n gemeenskap kan daarom die plek waar die program geïmplementeer word, beïnvloed (Pithouse *et al.*, 1998:5; Weissbound, 1987b:245). Indien spasie 'n probleem is, kan ouers se huise benut word (Weissbound, 1987b:245).

In die studie wat Pithouse *et al.* (1998:32) en Smith (1996:67,68) onderneem het is munisipale huise byvoorbeeld by sommige projekte as gesinsentrums benut, terwyl daar in Ghatte *et al.* (2000:6) se studie van kamers gebruik gemaak is in bestaande geboue van ander organisasies.

Gardner (2003:71,72) se navorsing het getoon dat die helfte van die projekte wat by die navorsing betrek is, 'n kantoor as basis gehad het, maar hulle dienste gelewer het in skole, gemeenskapsentrums en gesondheidsentrums in die gemeenskap. Die ander helfte van die projekte het die grootste gedeelte van hulle dienste vanuit gesinsentrums gelewer, wat gekombineer is met tuisbesoekprogramme. Pithouse *et al.* (1998:32) het bevind dat indien 'n spesifieke gebou benut is, daar gewoonlik 'n kombuis, 'n betaaltelefoon, sitkamer, 'n lokaal waar byeenkomste gehou is en kantore vir die personeel was. Wanneer dienste uit 'n sentrum aangebied is, het ander organisasies ook die gebou vir dienslewering benut. Ouers in Pugh (1992) se studie het egter aangedui dat indien hulle 'n keuse het, hulle 'n multi-funksionele sentrum wat dagversorging en ander aktiwiteite vir gesinne aanbied verkies, eerder as verskillende aktiwiteite wat oral in die gemeenskap aangebied word (Pithouse *et al.*, 1998:41).

Dit is duidelik dat die term “gesinsentrum” benut word wanneer dienste op 'n deurlopende basis binne 'n gemeenskap aangebied word. 'n Gesinsentrum verwys dus nie primêr na dienslewering vanuit geboue wat slegs vir die doel benut word nie. Enige plek in 'n gemeenskap waaruit dienste op 'n deurlopende basis bedryf word en toeganklik vir gemeenskapslede is, word as 'n gesinsentrum beskou.

5.2.4 Aard van dienste

Die aard van dienste is hoofsaaklik gerig op die voorsiening van **materiële of konkrete dienste** (dagversorging, speelgroepe, uitstappies en inval dienste), asook gerig op **intervensie** (ouerskapsvaardighede, advies, berading, gesinsberaad) deur middel van groep- en gemeenskapswerk (Warren-Adamson, 2006:172; Ferguson, 2001:9; Pithouse *et al.*, 1998:6; Hearn, 1997:238; Smith, 1996:180). Cannan en Warren (1997:8,9) beskou gesinsentrums as plekke met aktiwiteite vir kinders en ouers, en waar beradings- en terapeutiese dienste, sowel as ontspannende en opvoedkundige aktiwiteite, aangebied word. Hierdie aktiwiteite het volgens Cannan (1992:109) tot gevolg dat gesinsentrums gesinne versterk deur ondersteuning en bronne te bied, wat eweknie ondersteuning bevorder, ouerskapsvaardighede uitbrei en die individuele gedrag van gesinne verander. Dienslewering is volgens Cannan en Warren (1997:8,9) gerig op individuele gebruik, sowel as die gemeenskap wat ouers in staat stel om die oorgang vanaf kliënt na 'n vrywillige of betaalde werker, deur opleiding te maak.

'n Belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word is dat 'n ontleding (Pithouse *et al.*, 1998:32; Smith, 1996) van die tipe dienste wat gelewer is, daarop dui dat dit op 'n **deurlopende basis** geskied, alhoewel die dienste nie noodwendig alles uit een gebou gelewer hoef te word nie. Dienste wat deurlopend aangebied word het tot gevolg dat hierdie dienste

as 'n bron in die gemeenskap beskou word, aangesien die plek waar dienste aangebied word gereeld deur gesinne benut kan word.

Die feit dat gesinsondersteuningsdienste op 'n deurlopende basis aangebied word, is belangrik vir die **Suid-Afrikaanse situasie**, aangesien navorsing deur Van den Berg en Weyers (2004:351) in die Noordwes-Provinsie in Suid-Afrika na die aard van die gemeenskapswerkdienste wat deur organisasies gelewer word, bevind het dat 'n baie klein persentasie (15%) van die projekte van deurlopende aard was. Die skrywers is van mening dat hierdie situasie waarskynlik wel 'n aanduiding is van die aard van die dienste wat ook in die res van die land gelewer word. Die afleiding wat gemaak kan word is dat die moontlikheid bestaan dat hoërisiko-, of lae-inkomste gesinne in Suid-Afrika nie toegang het tot deurlopende dienste wat as 'n ondersteuningsbron in die gemeenskap beskou en benut word nie. Vanweë hierdie rede is dit vir hierdie studie belangrik dat die dienste wat by verskillende tipes gesinsentrums aangebied kan word, geïdentifiseer en evalueer word.

5.3 Tipes Gesinsentrums

Gesinsentrums of projekte varieer in hulle doel en werksaamhede, en Holman (1988:162-166) se uiteensetting word steeds in resente literatuur soos Warren-Adamson (2006:173), Pierson, (2002:83), Pithouse *et al.* (1998:5) en Smith (1996:175) as 'n algemene basis beskou om die onderskeid tussen die verskillende tipes gesinsentrums te beskryf. Vier tipes, of benaderings tot gesinsentrums (Holman, 1988) kan na aanleiding van die Britse stelsel onderskei word, wat vervolgens beskou word.

5.3.1 Kliëntgesentreerde benadering of sentrum

Dienslewering vanuit kliëntgesentreerde sentrums is hoofsaaklik gerig op gesinne waar daar 'n hoë risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan. Gesinne word gewoonlik deur maatskaplike werkers wat statutêre dienste lewer, na die sentrum **verwys**. Hierdie verwysing word gedoen omdat die gesin as 'n hoërisiko-gesin beskou word, vanweë kindermishandeling en -verwaarlosing wat alreeds plaasgevind het, of omdat die potensiaal daarvoor bestaan (Pithouse *et al.*, 1998:55; Holman, 1988:162). Die sentrum is nie oop vir alle gemeenskapslede nie, alhoewel gesinne van nabygeleë gemeenskappe wat verwys word, ook geakkommodeer word (Holman, 1988:163).

Hierdie tipe sentrum word ook beskou as die **maatskaplikewerk-kinderbeskerming gesinsentrum** (Ghate *et al.*, 2000:6; Cannan, 1992:31), waar die fokus sterk gerig is op die bevordering van gesinsfunksionering om die risiko van kindermishandeling en -verwaarlosing

te verminder en sodoende verwydering van kinders uit die gesin te voorkom (Pithouse *et al.*, 1998:55). Daar word van gesinne verwag om die aktiwiteite by die sentrum by te woon as deel van 'n spesifieke ooreenkoms (Ghate *et al.*, 2000:8; Pithouse *et al.*, 1998:76) tussen die welsynsorganisasie en die gesin. Dit beteken dat indien bywoning nie geskied nie, kindertehuisverrigtinge geopen kan word en die kind verwyder kan word. Die ooreenkoms hou in dat daar duidelike reëls bestaan oor deelname aan die dienste wat gelewer word, asook duidelike gevolge indien daar nie deelgeneem word aan die intervensieplan nie (Pithouse *et al.*, 1998:76).

Aktiwiteite en die benutting van hulpbronne in die sentrum is gerig op 'n spesifieke diens en omdat die gesinne verwys word vanweë die risiko wat vir kindermishandeling en -verwaarloosing bestaan, is aktiwiteite soos individuele berading en groepwerk gewoonlik gerig op gesinne wat kinders onder die ouderdom van vyf jaar het (Holman, 1988:163). Slegs **professionele personeel** bied die program aan, wat tot gevolg het dat 'n baie spesifieke program met gesinne gevolg word wat spesifieke professionele vaardighede vereis in berading en groepwerk, byvoorbeeld speltherapie (Holman, 1988:163). Algemene ondersteuning en advies word ook gegee, terwyl kinders ingeskakel word by speelgroepe en byvoorbeeld ook toegang het tot speelgoedbiblioteke (Pithouse *et al.*, 1998:64), asook dagsorgfasiliteite en versorgingsfasiliteite vir kinders wanneer ouers berading ontvang (Ghate *et al.*, 2000:53-55). Ouers het daarby baat gevind om hulle probleme te deel met ander gesinne met dieselfde probleme, terwyl die beskikbaarheid van dagsorg veilige versorging aan kinders gebied het wanneer gesinne 'n krisis ondervind (Holman, 1988:163).

Die **bestuur van die sentrum** is gerig op professionalisme, eerder as op deelname vanuit die gemeenskap, wat beteken dat plaaslike inwoners nie leidende rolle as vrywilligers, of as voltydse komiteelede beklee nie (Holman, 1988:163). Professionele hulp word gerig op 'n klein getal kliënte wat verwys word as gevolg van ernstige probleme (Ghate *et al.*, 2000:54; Holman, 1988:163) en dus nie op gemeenskapsontwikkelingsdienste nie. Skrywers (Batchelor *et al.*, 1999:205; Holman, 1988:163) is dit egter eens dat die kliëntgesentreerde sentrum se grootste nadeel geleë is in die feit dat dit nie oop is vir alle gemeenskapslede nie en dat gesinne gestigmatiseer word deur aktiwiteite by die sentrum by te woon. Die feit dat die sentrum nie 'n wye verskeidenheid aktiwiteite aanbied nie, asook dat ouers nie inspraak het in die tipe dienste en aktiwiteite wat gelewer word nie, het verder tot gevolg dat gemeenskapslede die sentrum nie as 'n bron in die gemeenskap beskou nie.

Pithouse *et al.* (1998:59) argumenteer ten gunste van die kliëntgesentreerde sentrum aangesien sekere gesinne onder sekere omstandighede sterk gefokusde maatskaplikewerk-intervensie benodig om verandering in die verhoudings, houdings en gedrag van hierdie gesinne te bewerkstellig, asook te verseker dat die kind beskerm word en die gesin in stand gehou word. In hierdie omstandighede het die tevredenheid of die ontevredenheid van die kliënt met dienslewering min te doen met die aard van intervensie wat deur die maatskaplike werker voorgestel word. Alhoewel hierdie siening in stryd is met die huidige uitgangspunte in maatskaplike werk wat 'n vennootskap tussen maatskaplike werkers en kliënte, bemagtiging en selfbeskikkingsreg beklemtoon, moet aanvaar word dat stigmatisering, ongemak en 'n gebrek aan mag onafwendbaar is vir kliënte wat van spesialisdienste gebruik moet maak, veral waar intervensie gerig is op die assessering en monitering van kindermishandeling en -verwaarlosing. Navorsing oor die effektiwiteit van hierdie tipe sentrum word vervolgens bespreek, waarna die dienste in terme van die Suid-Afrikaanse situasie geëvalueer word.

5.3.1.1 Navorsing oor kliëntgesentreerde sentrum

Pithouse *et al.* (1998:64,78,81) het navorsing onderneem waarin die effektiwiteit van 'n maatskaplikewerk-kinderbeskermingsentrum, vergelyk is met die effektiwiteit van maatskaplike werkers wat veldwerk doen met gesinne waar die risiko vir die verwydering van die kinders hoog is. Die rede vir hierdie tipe navorsing was om te bepaal of die lewering van dienste vanuit 'n gesinsentrum enigsins die status van gesinne se betrokkenheid in die kinderbeskermingsstelsel beïnvloed, aangesien sentrumgerigte en veldwerkdienste sterk ooreenkomste toon. Albei dienste se fokus was op kinderbeskermings- en gesinsinstandhoudingsdienste. Maatskaplike werkers wat by albei dienste betrokke was het gevallewerk, gesinsberading, groepwerk en materiële ondersteuning en advies aan gesinne gebied, terwyl die gesinne betrek kon word by dieselfde ondersteuningsdienste wat in die gemeenskap bestaan het. Gesinne het uit dieselfde gemeenskappe waar daar 'n hoë voorkoms van werkloosheid was, gekom.

'n Belangrike verskil was dat die veldwerkers hoër gevalleladings gehad het as die sentrumwerkers en onder andere ook verantwoordelik was vir nuwe ondersoeke na kindermishandeling en -verwaarlosing, voorbereiding van kinderhofverslae, kinderhofsake, keuring van pleeg- en aanneemouers, asook vir die reël van konkrete ondersteuning aan gesinne. Hierteenoor was die verantwoordelikheid van die maatskaplike werkers in die sentrum slegs om die beplande intervensie te implementeer. Dienste by die sentrum was korter en meer intensief en het behels dat ouers (wat die mans wat by die gesin woon ingesluit

het), vir 'n periode van drie tot vier dae 'n week, vir ses weke tot 'n jaar, vir intervensie ingeskakel het. Indien die intervensie oor langer periodes geskied het, was gesinne se betrokkenheid by die sentrum se aktiwiteite hoër by die aanvang van dienslewering, as wanneer dienslewering naby terminering was. Gesinne wat die intervensieplan by die sentrum bygewoon het, het steeds die dienste van hulle veld maatskaplike werkers behou, alhoewel hierdie werkers se insette baie verminder het in die tydperk wat die gesinne die sentrumdienste bygewoon het. Hierteenoor was die veldwerkers vir 'n jaar betrokke by die onderskeie gesinne, wat gewoonlik drie besoeke 'n maand ontvang het, maar gevarieer het na aanleiding van die omstandighede van die gesin en die gepaardgaande risiko vir skade by die kinders.

Na 'n jaar is gevind dat nie een van die gesinne wat die sentrumdienste bygewoon het, meer as 'n hoë risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing beskou is nie, terwyl nie een van die gesinne wat slegs dienste van die veldwerker ontvang het, se hoërisiko-status verander het nie. Gesinne wat die sentrum bygewoon het, het aangedui dat hulle dit verkies het om die sentrum by te woon, omdat dit meer privaat was, aangesien tuisbesoeke deur maatskaplike werkers as meer stigmatiserend beskou is. Sentrumdienste het aan ouers die geleentheid gegee om aktiwiteite by te woon sonder onderbrekings, asook om weg van die huis te ontspan. Ouers het aangedui dat hulle positiewe veranderinge ervaar het in hulle selfbeeld, hulle selfvertroue verhoog het, asook beter verhoudings met hulle lewensmaats en kinders gehandhaaf het. Die sentrum is ook as 'n bron beskou wat hulle in die toekoms weer sal benut. Maatskaplike werkers wat gesinne kon verwys na die sentrum het die diens as baie waardevol in die lewering van kinderbeskermings- en gesinsinstandhoudingsdienste, beskou.

Gesinne wat slegs veldwerkdienste ontvang het, kon nie spesifieke veranderinge identifiseer wat plaasgevind het nie en het materiële ondersteuning as die belangrikste bron van ondersteuning, geïdentifiseer. Veranderinge in houdings en gedrag in terme van ouerskap, het beduidend meer voorgekom by gesinne wat die sentrum bygewoon het, terwyl die gesinne wat slegs veldwerkdienste ontvang het, deelname aan dienste eerder beskou het as 'n strategie om die verwydering van hulle kinders te voorkom. Die inligting wat bekom is uit die onderhoude wat die maatskaplike veldwerkers met die gesinne gevoer het, bied nie duidelike redes vir die bogenoemde bevindings nie, maar twee moontlike redes word uitgelig.

Eerstens blyk dit dat die geleentheid vir intensiewe terapeutiese dienste deur die veldwerkers altyd beïnvloed is deur ander dienste wat as belangriker beskou is, soos ondersoek na kindermishandeling en -verwaarlosing. Tweedens is hierdie maatskaplike werkers hoofsaaklik

beskou as persone wat die mag het om hulle kinders te verwyder, eerder as dat hulle 'n ondersteunende en instaatstellende rol vertolk, soos wat die maatskaplike werkers by die sentrum deur hulle kliënte beskou is. Dit wil voorkom asof goedbeplande gereelde kontak met ouers sterker bydra tot positiewe verhoudings en motivering by kliënte. Die skrywers argumenteer dat hoërisiko-gesinne toegang tot 'n kombinasie van veldwerkerdienste en gespesialiseerde sentrumgebaseerde dienste moet hê, aangesien die navorsing aandui dat gesinne wat nie toegang tot 'n sentrum het nie, dit onmoontlik gevind het om hulle hoërisiko-status in terme van kindermishandeling en -verwaarlosing te verander. 'n Belangrike aspek wat uit die navorsing na vore kom en wat in die volgende hoofstuk meer omvattend uiteengesit word, is die feit dat hierdie gesinne by sterk terapeutiese dienste betrek is.

In terme van die Suid-Afrikaanse situasie stem die dienste wat deur die veldwerkers gelewer is ooreen met die tipe dienste wat deur maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies gelewer word, aangesien daar met hoër gevalleladings gewerk is en daar pre-statutêre en statutêre werk gedoen word. Dit wil voorkom asof meer intensiewe korttermindienste in die sentrums gelewer is as deur die veldwerkers, terwyl die feit dat dienslewering aan 'n duidelike ooreenkoms gekoppel word, moontlik ook deelname verhoog. 'n Aspek wat in gedagte gehou behoort te word in terme van Suid-Afrika is dat hoërisiko-gesinne terapeutiese dienste of gevallewerkdienste moet ontvang, maar dat die ouers ook by groepsaktiwiteite ingeskakel behoort te word om hulle kinderversorgingsvaardighede te ontwikkel, asook hulle sosiale netwerke uit te brei. Kinders behoort ook ingeskakel te word by ondersteunende aktiwiteite soos speelgroepe en dagversorging. Omvattende dienste aan die hoërisiko-gesin as 'n eenheid behoort dus gelewer te word, wat ooreenstem met die uitgangspunte in beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2005:71,72), naamlik dat voorkomende en vroeë intervensiedienste aan gesinne gelewer behoort te word.

5.3.2 Buurtgerigte benadering of sentrum

In teenstelling met die kliëntgesentreerde sentrum, funksioneer buurtgerigte sentrums op die beginsel dat die sentrum oop is vir alle lede van die gemeenskap (Ghate *et al.*, 2000:4; Pithouse & Holland, 1999:169; Holman, 1988:163,164). 'n Oop-deur beleid word gevolg en maatskaplike werkers is glad nie betrokke by statutêre werk nie, sodat die sentrum op geen manier deur gemeenskapslede beskou kan word as 'n bedreiging vir hoërisiko-gesinne nie (Holman, 1988:163,164), alhoewel gevallewerkdienste gelewer word wanneer nodig (Pithouse & Holland, 1999:169; Smith, 1996:176). Die klem van dienslewering is by die buurtgerigte sentrum gerig op die ontwikkeling van die gemeenskap en nie slegs op die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing soos by die kliëntgesentreerde sentrum nie (Holman, 1988:163,164).

Die dienste wat vanuit 'n buurtgerigte sentrum gelewer word, sluit 'n wye verskeidenheid **aktiwiteite**, soos byvoorbeeld jeugklubs, speelgroepe, moeder- en kleutergroepe, speelgoedbiblioteke, naskoolse klubs, oueropvoedings- en ondersteuningsgroepe, asook projekte vir senior burgers, in (Ghate *et al.*, 2000:53; Pithouse & Holland, 1999:169; Holman, 1988:163,164). Aktiwiteite word ontwikkel om dienste aan gesinslede ooreenkomstig hulle verskillende lewensfases te lewer (Holman, 1988:163,164).

Ten opsigte van die **bestuur** van die sentrum word vrywillige deelname vanuit die gemeenskap beklemtoon en die betrokkenheid van gemeenskapslede as komiteelede by projekte, word aangemoedig. Die **personeel** en maatskaplike werkers beklee buigsame rolle, deur as diensverskaffers op te tree om die werking van die sentrum te verseker, asook berading te doen met individue wat probleme ondervind. Betrokkenheid as fasiliteerders by selfhelpgroepe is 'n verdere taak van die personeel (Holman, 1988:164).

Dit is duidelik dat dienslewering by die buurtgerigte sentrum sterker fokus op die benutting van die groep- en gemeenskapswerkmetodes in maatskaplike werk, asook gerig is op alle gemeenskapslede. In die lig van die feit dat gemeenskapslede betrek word op komiteevlak is die doel ook om gemeenskapslede te bemagtig om self verantwoordelikheid vir verandering te neem. Die beklemtoning van gemeenskapsontwikkeling sluit aan by Suid-Afrikaanse beleidsdokumente (White Paper for Social Welfare, 1997:66) wat aandui dat daar in dienslewering gefokus moet word op die ontwikkeling van die gemeenskap en in maatskaplike dienslewering (Department of Social Development, 2006a:23) op die benutting van die groep- en gemeenskapswerkmetodes om die funksionering van die gemeenskap as geheel te verhoog.

5.3.3 Gemeenskapsontwikkelingsgerigte benadering of sentrum

Soos die buurtgerigte sentrum, word 'n **oop-deur beleid** gevolg en sterk deelname vanuit die gemeenskap en identifikasie met die gemeenskap word beklemtoon. Verdere eienskappe van die gemeenskapsontwikkelingsgerigte sentrum ten opsigte van **dienslewering** is die feit dat die maatskaplike werkers nie betrokke is by gevallewerkdienste nie (Holman, 1988:165), maar sterk fokus op die implementering van die groep- en gemeenskapswerkmetodes (Smith, 1996:48). Personeel is sterk daarop ingestel om hulle te distansieer van tradisionele maatskaplike werk en was teësinning om verwysings wat kinderbeskermingsdienste behels, te aanvaar, aangesien hulle dit nie as hul rol en taak beskou om individuele berading met gesinslede te doen nie (Holman, 1988:165). Gevallewerkdienste word dus nie gelewer nie, terwyl dit by die buurtgerigte benadering wel gedoen word.

Lokale beheer is die uitgangspunt in terme van die **bestuur** van die sentrum en die doel is dat inwoners self die besluite moet neem oor hoe die sentrum bestuur word (Holman,

1988:165). 'n Wye verskeidenheid aktiwiteite word by die sentrum aangebied, en gemeenskapslede word aangemoedig om hulle eie klubs, en ander aktiwiteite, soos byvoorbeeld speelgroepe te ontwikkel, sodat kollektiewe aksies tot die verbetering van die lewenskwaliteit in die gemeenskap en gesinne se lewens lei (Holman, 1988:165). Dit behels dat maatskaplike werkers se rol hoofsaaklik die van instaatsteller, en tussenganger is (Smith 1996:176). In die navorsing wat Pithouse *et al.* (1998:36) na die werkswyse van buurtgerigte en gemeenskapsontwikkelingsgerigte sentrums onderneem het, is bevind dat maatskaplike werkers die verhouding met ouers beskou het as 'n vennootskap en as gelyk in die deel van die probleme wat gesinne in die gemeenskap en hulle huishoudings, beleef het. Ouers word as die eienaars van die diens beskou en is aangemoedig om aan te dui wat hulle behoeftes was sodat hulle beheer kon neem oor die groepe en aktiwiteite wat aangebied word. Die rol van die personeel was ondersteunend van aard, deur hulp te bied wanneer nodig.

Volgens Holman (1988:166) was die vordering om by lokale beheer as doel uit te kom, stadig en in baie min van die sentrums het gemeenskapslede 'n groot rol gespeel in die bestuur van die sentrum. In Smith (1966:164) se navorsing is bevind dat alhoewel vrywillige deelname in terme van hulp by al drie die bogenoemde tipe sentrums hoog was, was hulp in terme van die bestuur van die sentrums, min. Personeel in Holman (1988:166) se navorsing het gevoel dat die vaardigheid van voltydse personeellede altyd nodig sal wees om gemeenskapslede te ondersteun. Vrywilligers het dit ook soms moeilik gevind om die eise wat die diens stel te hanteer en het oorweldig gevoel deur die verantwoordelikheid. Bekommernis is ook uitgespreek dat inwoners wat mag in die gemeenskap het sekere aktiwiteite oorneem, wat tot gevolg kan hê dat die meer agtergestelde inwoners van die gemeenskap uitgesluit word.

'n Belangrike verskil tussen die buurtgerigte en die gemeenskapsontwikkelingsgerigte benadering is dat gevallewerkdienste nie gelewer word by die gemeenskaps- ontwikkelingsgerigte benadering nie en selfhelp deur verbruikers sterk aangemoedig word. Die sterk klem op gemeenskapsontwikkeling is in ooreenstemming met die uitgangspunte in Suid-Afrikaanse beleidsdokumente (White Paper for Social Welfare, 1997:66; Department of Social Development, 2006a:23), alhoewel 'n belangrike verskil die feit is dat daar gewoonlik van maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in Suid-Afrika verwag word om gevallewerkdienste ook te lewer.

5.3.3.1 Navorsing oor buurtgerigte/gemeenskapsontwikkelingsentrums

Sowel die buurtgerigte- as gemeenskapsontwikkelingsentrums word deur Pithouse *et al.* (1998:32,33,42-44) as **oop-toegang sentrums** beskou, waar die doel van die sentrums gerig is op die verhoging van die lewenskwaliteit van gemeenskapslede deur 'n wye verskeidenheid

dienste te lewer, om die verwydering van kinders te voorkom. Oop toegang beteken verder dat gesinne gehelp word volgens die beginsel van die wat eerste kom, eerste gehelp word, maar waglyste kan bestaan vir toegang tot sekere dienste, soos byvoorbeeld dagsorgfasiliteite.

Skrywers (Pithouse & Holland, 1999:173; Pithouse *et al.*, 1998:32,33,42-44) het in die navorsing wat hulle in die Verenigde Koninkryk onderneem het, bevind dat die **impak** van hierdie sentrums hoofsaaklik **sosiaal van aard** was, aangesien netwerke uitgebrei is, en kontak met ander ouers en gemeenskapslede bewerkstellig is. Ouers het in die studie wat Smith (1996:100,133) onderneem het aangedui dat die sosiale kontak met ander ouers die belangrikste behoefte is wat deur die bywoning van gesinsentrums of projekte bevredig is. Sosiale kontak met ander ouers het egter nie net gedui op sosialisering nie, maar ook op die feit dat hierdie kontak sosiale isolasie verminder het. Ten opsigte van watter aspekte van die dienste die meeste waarde gehad het, het ouers aangedui dat hulle meer kennis oor die gedrag van kinders bekom het, groter selfvertroue ontwikkel het en hulle kinders meer effektief hanteer het. Hierdie resultate was veral kenmerkend van buurtgerigte sentrums, eerder as kliëntgesentreerde sentrums.

Die **verbruikers** by oop-toegang sentrums was hoofsaaklik vroue (Pithouse & Holland, 1999:172; Pithouse *et al.*, 1998:42; Smith, 1996:80,90), wat dienste veral sonder hulle groter kinders en adolessente bygewoon het, omdat daar nie dienste aan ouer kinders en adolessente gelewer is nie (Pithouse *et al.*, 1998:42). Smith (1996:80,90) se studie het aangedui dat die aantal enkelouers wat dienste benut het, by kliëntgesentreerde sentrums hoër was, as by oop-toegang sentrums. Volgens Pithouse *et al.* (1998:42-44) laat die feit dat hoofsaaklik vroue dienste bygewoon het, die vraag ontstaan of gesinsdienste wat die hele gesin betrek, werklik gelewer word, asook in watter mate hierdie dienste kindermishandeling en -verwaarlosing voorkom. 'n Verdere vraag wat ontstaan is of hierdie sentrums werklik 'n unieke diens lewer, en of die behoefte aan sosiale kontak nie bevredig kan word deur ander bronne in die gemeenskap te benut, waar ouers met jong kinders mekaar kan ontmoet en tot hulp vir mekaar kan wees nie. In die lig van die feit dat breë gemeenskapsgeoriënteerde dienste gelewer word wat hoofsaaklik bepaal word na aanleiding van die behoeftes van gemeenskapslede wat die dienste bywoon, dat spesifieke hoërisiko-gesinne nie betrek word nie, asook dat terapeutiese dienste wat spesifiek gerig is op kindermishandeling en -verwaarlosing nie beklemtoon word nie, kan hierdie sentrums en dienste nie noodwendig beskou word as gesinsdienste of 'n gesinsentrum nie. Hierdie dienste of sentrums sou moontlik eerder beskou kan word as gemeenskapsdienste, of gemeenskapsentrums, as gesinsentrums.

Indien oop-toegang sentrums of dienste nie ook gerig is op terapeutiese intervensies nie, kan daar nie aanspraak gemaak word dat dit nodig is dat maatskaplike werkers hierdie dienste lewer nie, aangesien hulle salarisse ontvang vir werk wat nie dieselfde vaardighede of verantwoordelikhede vereis, as meer terapeutiese werk nie. Alhoewel die gesinne wat die diens gebruik het, groot tevredenheid met die diens uitgespreek het, is die skrywers van mening dat verbruikerstevredenheid met 'n diens nie noodwendig beteken dat dit toepaslik, effektief of werklik nodig is nie.

Pithouse *et al.* (1998:45,46,45,51) beveel aan dat organisasies in die Verenigde Koninkryk moet bepaal wat die voordele is wat verkry word vanuit oop-toegang projekte of sentrums, aangesien daar geen duidelike oorsaaklike verband tussen hierdie dienste en die vlak van skade aan kinders in die gemeenskap is nie. Hierdie voordele moet opgeweeg word teenoor die uitkomst wat die lewering van meer kinderbeskermingswerk, kliëntgesentreerde werk, of die implementering van 'n maatskaplike ontwikkelingsgerigte projek, inhou. Hulle beveel aan dat sentrums wat slegs breë oop-toegang dienste lewer, hulle oriëntasie moet heroorweeg en eerder moet fokus op dienste wat sterker gerig is op ouer-kind dienste. Verder kan daar ook eerder gefokus word op maatskaplike ontwikkeling, waar die organisasie as werkgewer optree deur werkskeppingsaktiwiteite vir vroue te bevorder, en gemeenskapslede opgelei en bygestaan word om self 'n versorgingsfasiliteit vir kinders in 'n gemeenskap te besit en te bestuur. Sodoende word die kapasiteit van die gemeenskap uitgebou en sosiale uitsluiting teengewerk. Hierdie argument stem wel ooreen met Suid-Afrikaanse beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:29; Ministry for Welfare and Population Development, 1997:2) waarin beklemtoon word dat 'n ontwikkelingsgerigte beleid tot dienslewering geïmplementeer behoort te word.

In die lig van die feit dat Polansky (1985:46) en Garbarino en Sherman (1977:192) se navorsing in die VSA bevind het, dat hoërisiko-gesinne waar die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing hoog is nie netwerke in hulle gemeenskap benut nie, is oop-toegang sentrums of projekte moontlik nie geskik vir hierdie gesinne nie, maar 'n kliëntgesentreerde sentrum wel. In terme van die **Suid-Afrikaanse situasie**, waar daar 'n hoë voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing is en maatskaplike werkers vanweë hoë gevalleladings (September, 2007:43; Department of Social Development, 2006a:10,11; Lombard & Kleijn, 2006:225; Brown & Neku, 2005:308) min kontak met gesinne het, bestaan die moontlikheid dat hierdie gesinne waarskynlik nie oop-toegang sentrums of projekte uit eie inisiatief sal bywoon nie.

Aangesien kinder- en gesinsorgorganisasies se primêre taak en rol is om gesinsinstandhouding te doen en die verwydering van kinders te voorkom, kan die vraag gevra word in watter mate ondersteuningsdienste of gemeenskapsprojekte in Suid-Afrika fokus op gesinne geregistreer in gevalleladings waar die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing hoog is, of alreeds plaasgevind het. Hierdie vraag word in die empiriese studie (hoofstuk 7) ondersoek. Indien daar wel op geregistreerde gesinne in gevalleladings gefokus word sou oerleiding byvoorbeeld gekombineer kon word met 'n speelgroep, om aan ouers die geleentheid te bied om ander ouers te ontmoet, terwyl hulle kinders geakkommodeer word. Vir ouers waar verwyderings dreigend is, sou hierdie dienste as deel van 'n duidelike ooreenkoms verpligtend wees.

In werklikheid is skrywers (Ghate *et al.*, 2000; Smith, 1999:273; Holman, 1988:166) van mening dat die tipes dienste van die verskillende sentrums oorvleuel en dat dienslewering in 'n sentrum dikwels elemente van al die tipes sentrums bevat, alhoewel die basiese uitgangspunt van dienslewering steeds een van die benaderings voorstaan, wat in navorsing (Ghate *et al.*, 2000:53-56; Smith, 1996:178) bevestig is. Die diensgerigte sentrum kombineer wel al die benaderings.

5.3.4 Diensgerigte benadering of sentrum

Cannan (1992:133) is van mening dat die eienskappe van die kliënt- buurt- en gemeenskapsontwikkelingsgerigte sentrums steeds nie in al die behoeftes van gemeenskapslede voorsien nie en stel daarom voor dat daar in maatskaplikewerk-dienslewering aan hoërisiko-gesinne en gemeenskappe gekonsentreer word op die daarstelling van diensgerigte sentrums. Die diensgerigte sentrum kombineer van die eienskappe van die bogenoemde sentrums deur gesinne bloot te stel aan 'n wye verskeidenheid semi-formele en formele dienste om hulle in hulle rol as ouers te ondersteun. Hierdie **dienste** behoort dagsorg vir kinders, speelgroepe, volwasse opvoeding, berading, en sterk terapeutiese gerigte intervensie, soos byvoorbeeld gesinsberading, in te sluit.

Maatskaplike werkers moet konsentreer op die daarstelling van gesinsdienste wat toeganklik en buigbaar is, wat 'n verskeidenheid van keuses vir ouers bied en wat gerig is op professionele hulp, eerder as op selfhelpgroepe. Cannan (1992:48) argumenteer dat wanneer daar in dienslewering gekonsentreer word op selfhelpgroepe, dit aanvaar word dat ouers saamwerk om onderling ooreengekomde dienste te skep. By die lewering van hierdie dienste het hulle dieselfde status as maatskaplike werkers, is goed georganiseer en in staat om hierdie dienste te lewer. Wanneer hierdie benadering gevolg word in agtergestelde

omgewings word ernstige stremminge ervaar, aangesien die inwoners moontlik nie oor die persoonlike, materiële of omgewingsbronne beskik om selfhelpgroepe in stand te hou nie. Hierdie gemeenskapslede kan juis sterker professionele insette verkies, om te vergoed vir hulle agtergesteldheid en indien daar byvoorbeeld van hierdie gemeenskapslede verwag word om self kinderversorgingsdienste vanuit hulle eie bronne te voorsien, kan dit beskou word as eksploiterende deelname. Die beklemtoning van selfhelp kan in hierdie omstandighede beskou word as deel van die proses waar regerings hulle verantwoordelikheid ten opsigte van maatskaplike dienste inperk. Die belangrikheid van sterker professionele insette word dus, soos by die kliëntgesentreerde benadering, deur Cannan (1992) ondersteun.

Cannan (1992:130) beskou die **Franse gesinsentrums** as voorbeelde van diensgerigte sentrums waar maatskaplike werkers maatskaplike werk en sosiale aksie kombineer om die verskillende behoeftes van die gemeenskap aan te spreek. In terme van **personeel** is daar maatskaplike werkers wat gevallelading dra, sowel as werkers wat slegs kinderbeskermingsdienste lewer. Gesinne wat deel is van die gevallelading besoek die maatskaplike werkers by die gesinsentrum en word ingeskakel by die **aktiwiteite** van die sentrum. Hierdie aktiwiteite behels dat gesinsraadgewers gesinne en die gemeenskap bystaan met raad en leiding oor ouerskapsaangeleenthede, terwyl vrywilligers benut word om algemene gemeenskapsgerigte aktiwiteite wat oop is vir alle gemeenskapslede te reël soos vakansieprojekte, klubs, volwasse geletterdheidsprogramme, vryetydse aktiwiteite, asook selfhelpgroepe wat gerig is om gesonde leefstyle te inisieer, en jeugwerk te doen. Algemene nie-stigmatiserende dienste word ontwikkel en hoërisiko-gesinne word aangemoedig om hierdie dienste te benut en sodoende hulle informele netwerke uit te brei. Volgens Cannan (1997:91) is daar 'n sterk klem op betrokkenheid van die hele gesin by sentrumaktiwiteite, wat nie net terapeuties van aard is nie, maar ook ontspannend is.

'n Verdere belangrike eienskap van die diensgerigte sentrum is dat daar voorsiening gemaak word vir dagsorgfasiliteite vir kinders, wat bekostigbaar is (Cannan, 1992:130), asook buigbaar is in terme van die realiteite van die gesin se omstandighede, en dus voldoen aan die behoeftes van ouers (Cannan, 1997:90). Die noodsaaklikheid van goeie dagsorgfasiliteite word sterk beklemtoon, aangesien dagsorg in lae-inkomste gemeenskappe dikwels nie toeganklik vir hoërisiko-gesinne is nie, omdat hulle dit nie kan bekostig nie. Dagsorgfasiliteite word ook as belangrik geag, omdat moeders beskou word as persone wat praktiese ondersteuning benodig, maar ook tyd vir hulleself nodig het om goeie ouerskap te verseker. Ouers het in navorsing (Gibbons, 1990) aangedui dat speelgroepe en dagsorg baie waardevol is en waar ouers enige vorm van dagsorg as ondersteuning kon benut, is 'n groter verbetering in ouerskap waargeneem as enige ander vorm van hulp wat aangebied is (Cannan, 1997:90).

Uit die funksionering van die diensgerigte sentrum is dit duidelik dat effektiewe gesinsondersteuningsdienste 'n **kombinasie** van **semi-formele en formele dienste** insluit. Indien die uitgangspunte van die diensgerigte sentrum op die **Suid-Afrikaanse situasie** van toepassing gemaak word, beteken dit dat organisasies in hulle dienslewering sterk moet fokus op 'n terapeutiese komponent, of gevallewerk, sowel as 'n ondersteunende komponent, of groep- en gemeenskapswerk, wat behels dat gesinne wat alreeds deel van die gevallelading is, by ondersteunende of gemeenskapswerkdienste, ingeskakel moet word. Sterk klem word dus geplaas op voorkomende, sowel as vroeë intervensiedienste deur die benutting van die gevalle-, groep- en gemeenskapswerkmetodes. Dit beteken dus dat alhoewel oop-toegang programme aangebied kan word, hierdie programme ook voorsiening moet maak om geselekteerde gesinne uit gevalleladings te akkommodeer, om hulle sodoende bekend te stel aan 'n wye verskeidenheid dienste en keuses.

Op hierdie wyse word die druk ook op maatskaplike werkers wat gevallewerkdienste lewer en beperkte tyd het om intensiewe dienste te lewer verlig, aangesien hierdie gesinne by programme wat in die organisasie bestaan, ingeskakel word. Ten opsigte van die lewering van kinderbeskermingsdienste word inskakeling by hierdie aktiwiteite as deel van die intervensieplan beskou, met die uitspel van logiese gevolge indien die aktiwiteite nie bygewoon word nie. Indien 'n organisasie 'n tuisbesoekprogram sou implementeer soos wat in die vorige hoofstuk beskryf is, kan die tuisbesoeker benut word om die gesinslede te vergesel na hierdie aktiwiteite, om te verseker dat dit bygewoon word. Die uitgangspunte van die diensgerigte sentrum is ook van toepassing op die vereistes wat in Suid-Afrikaanse beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2005:71,72) gestel word ten opsigte van die vlakke waarop dienslewering moet geskied, naamlik 'n beklemtoning van voorkomende en vroeë intervensiedienste, eerder as op statutêre dienste. Voorkomende en vroeë intervensiedienste behels egter dat gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste gelewer behoort te word. Moontlike voorkomende en vroeë intervensiedienste in terme van groep- en gemeenskapswerk wat deur welsynsorganisasies in die Suid-Afrikaanse situasie gelewer kan word om gesinne te ondersteun, word vervolgens geïdentifiseer. Gevallewerkdienste word in hoofstuk 6 bespreek.

5.4 MOONTLIKE GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE VIR HOËRISIKO-GESINNE IN SUID-AFRIKA

Die belangrikheid dat moontlike ondersteuningsdienste of programme geïdentifiseer word vir die Suid-Afrikaanse konteks kan gemotiveer word na aanleiding van die feit dat navorsing (Van den Berg & Weyers, 2004:351) oor die gemeenskapswerkdienste in die Noordwes-

Provinsie in Suid-Afrika bevind het dat 'n klein persentasie (15%) van die projekte van deurlopende aard was en dat dienste oorwegend korttermyn en opvoedkundig van aard was. Die skrywers is van mening dat hierdie situasie waarskynlik wel 'n aanduiding is van die aard van die dienste wat ook in die res van die land gelewer word. Uit 'n ontleding van die tipe projekte wat aangebied is, is dit duidelik dat direkte deurlopende ondersteuningsdienste aan gesinne selde gelewer is. Uit 'n totaal van 48 projekte was daar slegs vier dagsorgsentrums en een naskoolsentrum. Alhoewel die belangrikheid van opvoeding van gemeenskapslede nie onderskat word nie, het nie een van die instansies 'n ouerleiding- of opvoedingsgroep aangebied nie. Uit die bespreking oor die verskillende benaderings tot gesinsentrums of projekte in Frankryk en die Verenigde Koninkryk, is dit duidelik dat 'n wye verskeidenheid aktiwiteite in groeps- en gemeenskapsverband op 'n **deurlopende basis** in die vier verskillende tipes gesinsentrums aangebied word.

In die navorsing deur Van den Berg en Weyers (2004:361), is bevind dat daar sterker gekonsentreer is op gemeenskapsopvoeding, terwyl die implementering van 'n maatskaplike ontwikkelingsgerigte model ooreenkomstig bestaande beleidsvereistes, beduidend minder voorgekom het. Van den Berg en Weyers (2004:351) is van mening dat die maatskaplike werkers waarskynlik onkundig is oor wat gemeenskapswerkdienste behels. 'n Moontlikheid wat nie nagevors is nie, is dat maatskaplike werkers kennis oor die gemeenskapswerkm metode het, maar dat hulle onkundig is oor watter tipe gesinsondersteuningsprojekte en programme aangebied kan word aan hoërisiko-gesinne om aan maatskaplike ontwikkelingsgerigte beleidsvereistes te voldoen.

Hierdie siening word gehuldig aangesien een van die struikelblokke vir die implementering van ontwikkelingsgerigte dienslewering, volgens navorsingsresultate (Streak & Poggenpoel, 2005:45,46) was dat nie-regeringsorganisasies genoem het dat te min leiding deur die Departement Maatskaplike Ontwikkeling gebied word oor presies watter dienste gelewer behoort te word (deur wie en hoe) en wat die minimum standaard behoort te wees (NACOSS, 2004). Brown en Neku (2005:308) se kwalitatiewe ondersoek in die KwaZulu Natal-Provinsie, het ook bevind dat maatskaplike werkers van sowel regerings- as nie-regeringsorganisasies genoem het dat hulle opleiding benodig oor metodes om ontwikkelingsbeleid te implementeer, wat kan dui op onsekerheid oor die tipe dienste of programme wat aangebied behoort te word. Na aanleiding van die voorafgaande bespreking oor die ondersteuningsdienste wat vanuit gesinsentrums in die Verenigde Koninkryk gelewer word, word enkele programme of dienste wat in die Suid-Afrikaanse opset gelewer kan word, vervolgens geïdentifiseer.

5.4.1 Oueropvoedingsprogramme

Volgens die dienste wat in die verskillende sentrums aangebied is, is oueropvoedingsprogramme by al die sentrums aangebied. Oueropvoeding word dus in die Verenigde Koninkryk as 'n noodsaaklike program by die lewering van gesinsondersteuningsdienste beskou, sodat die ouerskapsvaardighede van ouers ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsondersteuningsdienste, verhoog word en ouers sodoende bemagtig word om hulle kinders effektief te versorg.

Met betrekking tot die Suid-Afrikaanse situasie het Van den Berg en Weyers (2004:358) in hulle ondersoek na die aard van gemeenskapswerkdienste wat private welsynsorganisasies in die Noordwes-Provinsie onderneem het, bevind dat die uitbouing van ouerskapsvaardighede slegs beperkte aandag geniet het. Hierdie situasie is kommerwekkend, aangesien die uitbouing van ouerskapsvaardighede as die uitkoms van gesinsondersteuningsdienste beskou word, om die verwydering van kinders te voorkom. Kruger (1996:29,30) se navorsing in die Wes-Kaap het juis bevind dat gebrekkige ouerskapsvaardighede, of die onvermoë tot ouerskap as die belangrikste rede deur maatskaplike werkers vir die verwydering van kinders aangedui is, terwyl Coulton *et al.* (1999:1034) se studie in die VSA bevind het dat ouerskap in lae-inkomste gemeenskappe bemoeilik word vanweë gebrekkige bronne.

Omdat maatskaplike werkers in Suid-Afrika met hoë gevalleladings werk (September, 2007:43; Department of Social Development, 2006a:10,11; Lombard & Kleijn, 2006:225; Brown & Neku, 2005:308; Department of Social Development, 2005:20; September & Blankenberg, 2004:29; Kruger, 1996:61) bestaan die moontlikheid dat hulle nie oor voldoende tyd beskik om sterk terapeutiese insette in terme van oueropvoeding in gevallewerk verband te lewer nie. Indien hulle dit wel in individuele verband aanbied, is dit nie doeltreffende tydsbenutting nie, aangesien die aanbieding van groepe tyd bespaar. Verder dui die eienskappe van hoërisiko-gesinne juis aan dat hierdie gesinne dikwels geïsoleerd is en dat hulle informele netwerke verder ontwikkel behoort te word deur die bywoning van groepe.

Die noodsaaklikheid van georganiseerde oueropvoedingsgeleenthede vir hoërisiko-gesinne in lae-inkomste gemeenskappe word verder na aanleiding van die volgende navorsing bevestig. In navorsing (Teitler *et al.*, 2004:136,137; Gardner, 2002:8; Ghate & Hazel, 2002:113, 115,156) oor die benutting van informele bronne deur gesinne is bevind dat ouers gewoonlik vriende en familie as bronne van ondersteuning beskou, maar die navorsing van Keller en McDade (2000:306) het bevind dat ouers nie noodwendig familie en vriende as geloofwaardige en betroubare bronne van ondersteuning in terme van ouerskapsvaardighede

beskou nie. Ouers het aangedui dat vriende en familie veroordelend kan optree, asook nie in staat is om advies te bied nie, omdat hulle nie beskou word as effektiewe ouers nie. Oueropvoedingsgroepe behoort dus in Suid-Afrika in terme van die lewering van effektiewe gesinsondersteuningsdienste op 'n deurlopende basis by gesinsorgorganisasies ooreenkomstig hulle diensprogram aangebied te word.

5.4.1.1 Fokus van oueropvoedingsprogramme

Die primêre fokus van oueropvoedingsprogramme is die opvoeding van die ouers, alhoewel dit ook emosionele en sosiale ondersteuning kan bied (Armstrong & Hill, 2001:352). Volgens Webster-Stratton (1997:139) is die positiewe gevolge vir kinderontwikkeling die grootste as ouers by oueropvoeding betrek kan word wanneer kinders steeds baie jonk is, aangesien probleme in die toekoms sodoende voorkom kan word.

Programme fokus dikwels op spesifieke aspekte wat gedek moet word, wat behels dat 'n meer formele benadering gevolg word (Armstrong & Hill, 2001:352). Die fokus van oueropvoedingsprogramme is gewoonlik **gerig op die verandering van die gedrag van die ouers**, of die **kinders**, asook op die **ontwikkeling van ouers se selfvertroue** en die **uitbreiding van netwerke** (Pierson, 2002:81), asook om aan ouers die geleentheid te bied om hulle kennis en vaardighede te ontwikkel om hulle kinders beter te verstaan (Bell, 2005:69). Oueropvoeding moet ouers bemagtig en hulle selfvertroue verhoog om afhanklikheid van eksterne bronne te verminder, deur te fokus op hulle sterktes en te aanvaar dat alle ouers oor die potensiaal beskik om hulle eie probleme op te los (Sanders & Cann, 2002:147). Hierdie uitgangspunte is in ooreenstemming met die beginsels van gesinsondersteuningsdienste wat in hoofstuk 3 aangebied is. Enkele aspekte wat in gedagte gehou kan word by die beplanning en implementering van 'n oueropvoedingsprogram word vervolgens verken.

5.4.1.2 Beplanning van program

Vir oueropvoeding om effektief te wees, moet daar volgens Daro (2002:139) sekere strategieë gevolg word by die beplanning van die program om 'n hoë kwaliteit diens te verseker. In die eerste plek moet oueropvoedingsdienste gebaseer wees op navorsing, of op 'n behoeftebepaling sodat programme ontwikkel word vir die spesifieke groep ouers wat betrek word. Indien 'n program gedupliseer word, moet 'n spesifieke beplanningsfase ingebou word, waar alle rolspelers, wat gemeenskapslede insluit, betrek word om 'n program te implementeer in ooreenstemming met die realiteite van die gemeenskap. Indien welsynsorganisasies suksesvolle oueropvoedingsprogramme wil aanbied, is dit volgens Keller

en McDade (2000:307) belangrik dat die teikengroep inspraak in programbeplanning het, asook dat die program kultureel sensitief is.

Daro (2002) dui aan dat die wyse waarop ouers hulle kinders opvoed, afhanklik is van hoe hulleself opgevoed is, hulle kennis van kinderontwikkeling, sowel as hulle kapasiteit om hulle behoeftes ondergeskik te stel aan dié van ander. Om 'n effektiewe program te beplan, is dit volgens Daro (2002) noodsaaklik dat die potensiële ouers, of die **teikengroep** in drie kategorieë ingedeel word.

- In die eerste kategorie is ouers wat hulle beperkings ten opsigte van ouerskapsvaardighede, hulle gebrek aan kennis van kinderontwikkeling, asook die benutting van formele en informele bronne, besef. Hierdie ouers is dikwels in staat om op hulle eie hulp te bekom om hulle tekortkominge as ouers uit die weg te ruim.
- Die tweede kategorie fokus op afhanklike gesinne, wat moontlik nie besef dat hulle hulp nodig nie, dalk nie bewus is waar hulp bekom kan word nie, of hoe om toegang tot die beskikbare hulp te verkry nie. Hierdie ouers is gewoonlik ook nie in staat om hulle bestaande ouerskapsvaardighede maklik aan te pas volgens die teoretiese inligting wat hulle bekom nie. Om hierdie rede het hierdie gesinne meer direkte hulp nodig om hulle behoeftes te assesser, asook in die identifisering en benutting van ouerondersteuningsdienste.
- In die derde kategorie word gesinne waar ouers nie oor die sosiale, emosionele en kognitiewe vaardighede beskik om gesonde kinderontwikkeling te verseker nie, geïdentifiseer. Hierdie ouers openbaar ernstige probleme om effektief te funksioneer, soos wanorganisasie, middelmisbruik en aggressiewe gedrag. Indien die kinders nie uit hierdie gesinne verwyder word nie, is hulle veiligheid gewoonlik afhanklik van ondersteunende en terapeutiese dienste waarby hulle ouers oor 'n uitgebreide tydperk betrek word (Daro, 2002:139).

Hierdie uiteensetting van die verskillende teikengroepe dui aan dat 'n verskeidenheid strategieë nodig word om 'n effektiewe oueropvoedingsprogram te beplan en te implementeer, aangesien 'n program waar slegs bewusmaking gedoen word aan sekere ouers voldoende ondersteuning kan bied, terwyl ander ouers direkte goedgefokusde ondersteuning, wat herhaal moet word, nodig (Daro, 2002:131; Sanders & Cann, 2002:148-149). Wanneer welsynsorganisasies in Suid-Afrika oueropvoedingsprogramme aanbied sal hulle moet besluit of hulle die program as 'n oop-toegang program vir alle gemeenskapslede aanbied, of as 'n program wat slegs gerig is op die hoërisiko-gesinne wat in hulle gevallelading is, aangesien

dit duidelik is dat die teikengroep ook die inhoud van die program sal beïnvloed. Verder bestaan die moontlikheid dat 'n groot getal ouers in die tweede en derde kategorie van die bogenoemde teikengroepe val, wat beteken dat deurlopende langer-termyn oueropvoedingsgroepe aangebied behoort te word.

'n Verdere aspek wat by die beplanning van die program in gedagte gehou moet word, is die wyse waarop ouers gemotiveer gaan word om die byeenkomste by te woon. Die **bywoning** van oueropvoedingsgroepe hou volgens Keller en McDade (1997) se studie in die VSA verband met geslag en opvoeding. Ouers wat hulle hoërskoolopleiding voltooi het was meer geneig om 'n ouerleidingsgroep by te woon, terwyl moeders ongeag opvoedkundige vlak meer geredelik 'n ouerleidingsgroep sou bywoon, as mans (Keller & McDade, 1997:74). Die uitvalsifer was egter die hoogste by jong moeders met 'n lae opvoedkundige vlak (Nicholson, Brenner & Fox, 1999:252). Aspekte wat die bywoning van hierdie groepe by lae-inkomste ouers bemoeilik het, was vervoer, asook die versorging van kinders (Keller & McDade, 2000:307).

Uit navorsing in Nieu-Seeland, die Verenigde Koninkryk en die VSA (Bell, 2005; Sanders & Cann, 2002; Nicholson *et al.*, 1999) oor oueropvoedingsprogramme wat suksesvol verloop het, blyk dit dat verskeie aansporings aan ouers gebied is om hulle te motiveer tot bywoning. Indien welsynsorganisasies suksesvolle oueropvoedingsprogramme wil aanbied, is dit belangrik om ouers op een of ander manier te vergoed vir bywoning (Sanders & Cann, 2002:148; Keller & McDade, 2000:307; Nicholson *et al.*, 1999:252). Om lae-inkomste ouers te motiveer om die weeklikse oueropvoedingsbyeenkomste by te woon is daar byvoorbeeld voorsiening gemaak vir vervoer, sowel as bykomende konkrete aansporings, soos die weeklikse trekking van pryse waar ouers speelgoed vir kinders, doeke en ander kinderversorgingsbenodigdhede kon wen (Nicholson *et al.*, 1999:252). Die beskikbaarheid van kinderversorgingsdienste, die verskaffing van verversings, of dat ouers saam geëet het voor die byeenkoms, is ook as bepalende faktore vir die sukses van hierdie spesifieke oueropvoedingprogramme uitgelig (Bell, 2005:67; Nicholson *et al.*, 1999:252). In die navorsing wat Bell (2005:67) onderneem het, is die feit dat die diens in die gemeenskap aangebied is, ook as bydraend tot die goeie bywoning van die diens beskou.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat wanneer welsynsorganisasies in **Suid-Afrika** oueropvoedingsprogramme aanbied daar na aanleiding van die behoeftes van die ouers bepaal behoort te word of die groep 'n oop-toegang groep, geslote groep, of gemengde groep ouers sal betrek. Dit is belangrik dat belonings vir bywoning ingebou word, soos wat

skrywers (Bell, 2005; Sanders & Cann, 2002:148; Keller & McDade, 2000:307; Nicholson *et al.*, 1999:252) voorstel, maar hierdie belonings moet klop met dit wat gemeenskapslede as belonings sou beskou. Hierdie aspek moet uitgeklaar word met gemeenskapslede voor die aanvang van die groep.

Voorsiening behoort, waar moontlik, gemaak te word vir vervoer, asook vir die versorging van kinders terwyl ouers hierdie program bywoon, veral as die program gerig is op ouers met voorskoolse kinders, indien ouers nie alternatiewe versorging vir skoolgaande kinders kan reël nie, asook wanneer die program na ure aangebied word. Die beskikbaarheid van kinderversorging is 'n basiese ondersteuningsdiens wat gelewer moet word, voordat daar van ouers verwag kan word om 'n oueropvoedingsprogram by te woon. Wanneer ouers wat alreeds gevallewerkdienste ontvang, of wat ingeskakel is by 'n tuisbesoekprogram betrek word, kan maatskaplike werkers hulle gevallelading benut om aanvanklik te bepaal wat die inhoud van die program moet wees. Indien dit 'n oop-toegang groep is moet 'n volledige behoeftebepaling gedoen word, maar moet die inhoud van die program voorsiening maak dat gesinne wat alreeds op die gevallelading is, ingeskakel word by die program.

5.4.1.3 Inhoud van program

Voordat 'n groep of projek begin word, is dit noodsaaklik dat maatskaplike werkers bepaal wat die ouers se behoefte is (Pierson, 2002:81) om die **inhoud** van die program daarvolgens te bepaal. Soos reeds in die tweede hoofstuk verduidelik is, het Burke *et al.* (1998:397-401) 'n omgewingstrosmodel ontwikkel vir ouers wat hulle kinders verwaarloos. Hier word gefokus op die uitbreiding van kennis, sowel as die verhoging van ouers se sosiale vaardighede en hulle benutting en bestuur van bronne. Die uitgangspunte van hierdie model kan benut word om toepaslike intervensiestrategieë vir hierdie ouers te ontwikkel, en kan daarom ook as van toepassing beskou word wanneer oueropvoeding gedoen word. Volgens hierdie skrywers moet daar in **intervensie** gefokus word op die **verhoging van ouerskapsvaardighede** wat behels dat die kennis en vaardighede met betrekking tot die lewensfases in kinderontwikkeling, ouer-kind kommunikasie, basiese uitvoering van dag tot dag versorgingstake, asook basiese tegnieke in gedragshantering van kinders, verhoog word.

Nel en Roestenburg (2004:119) het 'n omvattende navorsingsprojek in Suid-Afrika onderneem na die behoeftes van ouers wie se kinders in 40 voorskoolse versorgingsoorde in Soweto is. Hierdie ouers se behoeftes toon ooreenkomste met die inhoud van 'n ouerleidingsprogram wat Burke *et al.* (1998) voorstel. Ouers het aangedui dat die uitbreiding van hulle ouerskapsvaardighede hulle grootste behoefte was. 'n Verdere behoefte wat ouers

geïdentifiseer het, is dat hulle onkundig is oor hoe om met hulle kinders te speel en te sosialiseer, omdat hulle min tyd saam met die kinders deurbring. Hierdie behoefte hou ooreenkomstig Burke *et al.* (1998) se model verband met die nodigheid dat ouers kennis het oor lewensfase-ontwikkeling. Ander behoeftes wat na vore gekom het in Nel en Roestenburg (2004) se studie, is die behoefte aan meer kennis en vaardighede met betrekking tot kommunikasie met hulle kinders, asook hoe om hulle kinders te dissiplineer, wat dui op 'n behoefte aan kennis oor gedragshantering, volgens Burke *et al.* (1998).

Ten opsigte van dissiplinering meen Nicholson *et al.* (1999:252) dat lae-inkomste ouers wat verhoogde stres vanweë armoede ervaar, gespesialiseerde oueropvoedingsdienste moet ontvang, waar spesifiek gekonsentreer word op die vermindering van verbale en fisieke dissiplinering (slaan van kinders) en die aanleer van gedrag waar kinders vertroetel word. Volgens Dietz (2000:1539) word kinders in lae-inkomste gemeenskappe waar geweld meer gereeld voorkom, meer geslaan vir oortredings. Nicholson *et al.* (1999:252) het positiewe resultate gekry deur 'n oerleidingsprogram vir lae-inkomste moeders in gesinsentrums in die gemeenskap aan te bied waar spesifiek gefokus is op die aanleer van gedrag wat verbale en fisieke dissiplinering verminder. Hierdie skrywers is van mening dat lae-inkomste ouers programme vereis wat hulle unieke behoeftes aanspreek, vanweë die verhoogde stres wat ouers wat in armoede lewe, ervaar.

Burke *et al.* (1998:398,399) beklemtoon die feit dat die ontwikkeling van ouers se **sosiale vaardighede** as deel van die inhoud van die program aandag moet geniet om hulle in staat te stel om met ander ouers verhoudings te bou. Hulle kommunikasievaardighede moet ook verhoog word om hulle in staat te stel om hulle verhoudings met hulle lewensmaat en uitgebreide gesin in stand te hou. Indien hierdie aspekte nie aangespreek word nie, sal hierdie ouers steeds nie in staat wees om ander netwerke te benut om hulle by te staan wanneer dit nodig is nie en sal hulle steeds geïsoleerd voel. In die Suid-Afrikaanse navorsing van Nel en Roestenburg (2004:120) het ouers ook aangedui dat hulle en hulle kinders 'n behoefte het aan opvoeding oor lewensvaardighede in terme van assertiwiteit, probleemoplossing en konflikthantering, wat aspekte is wat, soos Burke *et al.* (1998) aandui, van belang is by die ontwikkeling van gesonde verhoudings. Ouers het verder aanbeveel dat ouerondersteuningsgroepe tot stand gebring word, wat 'n sterk aanduiding is van die behoefte aan semi-formele netwerke wat hulle sosiale vaardighede verder sal ontwikkel.

In die navorsing wat Bell (2005:65) in die Verenigde Koninkryk onderneem het, was een van die positiewe uitkomstes van die oueropvoedingsprogram dat ouers aangedui het dat hulle

vriendskappe met ander gesinne wat aan die program deelgeneem het, gesluit het. In hierdie program is gesinne ook afgepaar om tydens die aanbied van die program as 'n ondersteuningsstelsel vir mekaar te dien, wat ook die uitbouing van netwerke bevorder het.

Laastens moet daar in oueropvoeding volgens Burke *et al.* (1998:399) gefokus word op die **benutting en bestuur van bronne**. Ouers moet in staat wees om hulle finansiële, materiële, sosiale en emosionele bronne te bestuur, deur gemeenskapsbronne en organisatoriese bronne te benut sodat hulleself kan optree wanneer probleme ondervind word. Ouers het in Suid-Afrikaanse navorsing (Nel & Roestenburg, 2004:120) aangedui dat daar 'n behoefte bestaan aan opvoeding in finansiële bestuur, spesifiek met betrekking tot die opstel van 'n begroting en finansiële beplanning, terwyl inligting ook benodig word oor studietoelae en beurse vir hulleself en hulle kinders. Hierdie behoefte is 'n aanduiding dat ouers ooreenkomstig Burke *et al.* (1998) se siening opvoeding oor die bestuur van hulpbronne in terme van organisatoriese bronne en gemeenskapsbronne, benodig.

In terme van **Suid-Afrika** is dit belangrik om in gedagte te hou dat selfhelpgroepe 'n belangrike semi-formele bron van ondersteuning in gemeenskappe is. Dit is daarom nodig dat daar probeer word om selfhelpgroepe waar toepaslik, uit ouerleidingsprogramme te laat voortspruit, wat deur ouers gekoördineer kan word in samewerking met insette deur die maatskaplike werker. Hierdie ouers sou ook weer benut kon word om ander hoërisiko-gesinne in die gemeenskap te ondersteun.

5.4.2 Versorgingsfasiliteite vir voorskoolse kinders

Versorgingsfasiliteite vir kinders van hoërisiko-gesinne blyk 'n kernaspek te wees van gesinsondersteuningsdienste wat vanuit sentrums gedoen word in die Verenigde Koninkryk, en is volgens Cannan (1992:130) 'n kernelement van die diensgerigte benadering of sentrum. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar hoofsaaklik gekonsentreer op die versorgingsfasiliteite vir kinders onder die ouderdom van ses jaar, aangesien die versorging van voorskoolse kinders die addisionele voordeel het dat die gemeenskap as moniteerder van kindermishandeling en -verwaarlosing optree. Kinders van skoolgaande ouderdom is in 'n skoolsituasie waar kindermishandeling en -verwaarlosing deur onderwysers geïdentifiseer en aangemeld kan word.

In terme van Suid-Afrika is daar 'n groot leemte aan dagsorg en die aanbied van opvoedkundige aktiwiteite vir kinders van hoërisiko-gesinne. Alhoewel daar in lae-inkomste gemeenskappe in Suid-Afrika kinderversorgingsfasiliteite (*crèches*) is, is dit dikwels nie toeganklik vir hoërisiko-gesinne wat alreeds gesinsinstandhoudingsdienste ontvang nie,

omdat dit nie bekostigbaar is nie. Kinders onder die ouderdom van ses jaar het dus nie gelyke toegang tot goeie opvoedkundige versorgingsfasiliteite nie, aangesien die aard van die versorging wat hierdie kinders ontvang, afhanklik is van die inkomste van die ouers. Alhoewel die Staat versorgingsoorde subsidieer, bestaan daar nie staatsgesubsidieerde kompenserende versorgingsfasiliteite vir lae-inkomste gesinne in Suid-Afrika nie, wat beteken hierdie ouers moet steeds die normale fooi betaal indien hulle van die fasiliteit gebruik wil maak. Hierdie situasie ten opsigte van voorskoolse versorging in Suid-Afrika word in die beleidsdokument oor Vroeë Kinderjare Ontwikkeling (Department of Social Development, 2006c:14), bevestig.

Volgens die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:39-52) leef ongeveer 60% van die kinders in die ouderdomsgroep van 0-6 jaar in verarmde toestande. In hierdie verband noem die Finale Konsep Nasionale Beleid vir Gesinne (Department of Social Development, 2004a:22) dat daar meer as twee miljoen kinders is wat vroeë kinderjare opvoeding moet kry, maar dat slegs 21% van hierdie kinders tans in 'n program geakkommodeer word. Verder word aangedui dat ongeveer 42% van vroue tussen die ouderdom van 15 en 65 ekonomies aktief is, wat daarop dui dat daar 'n behoefte bestaan aan dagsorg, naskoolse versorging, asook versorging gedurende skoolvakansies. Daar word aanbeveel dat die Staat, die privaat sektor en nie-winsgerigte organisasies dagsorg, naskoolse versorging en skoolvakansie versorging 'n beleids- en programprioriteit maak. Volgens die Riglyne vir Vroeë Kinderjare Ontwikkeling (Department of Social Development, 2006b:15,20) word intersektorale samewerking ook beklemtoon, maar daar word genoem dat intersektorale samewerking en geïntegreerde dienslewering toegewydheid van alle sektore en departemente, asook van nie-regeringorganisasies vereis om die beste diens aan jong kinders en hulle gesinne te lewer. Sevenhuijsen, Bozalek, Gouws en Minnaar-McDonald (2005:316) waarsku dat die idee van 'n vennootskap tussen departemente soos welsyn, opvoeding, behuising, arbeid en die besigheidsektor kan beteken dat niemand verantwoordelikheid neem nie, wat ernstige gapings in dienslewering tot gevolg kan hê.

Daar word ook nie in die Riglyne vir Vroeë Kinderjare Ontwikkeling (Department of Social Development, 2006c) of die Finale Konsep Nasionale Beleid vir Gesinne (Department of Social Development, 2004a:22) melding gemaak hoe kinders uit hoërisiko-gesinne wat nie oor die finansiële vermoëns beskik om die fooi te betaal, in versorgingsfasiliteite geakkommodeer kan word nie, aangesien die behoefte aan versorging van kinders deels gemotiveer word vanuit die standpunt dat 42% van vroue tussen die ouderdom van 15 en 65 ekonomies aktief is. Hoërisiko-kindere kan dus die reg op gelyke vroeë opvoedings-

geleenthede wat sosiale uitsluiting teenwerk ontnem word, vanweë die feit dat hulle ouers werkloos is, of nie oor die finansiële vermoëns beskik om die fooie van versorgingsfasiliteite te betaal nie. 'n Belangrike voorkomende diens wat deur die regering gebied kan word is om die voorskoolse kinders van hoërisiko-gesinne ten volle te subsidieer in terme van voorskoolse versorging.

Die daaglikse voorsiening van bekostigbare versorgingsfasiliteite vir hoërisiko-kinders in gemeenskappe deur welsynsorganisasies soos in die Verenigde Koninkryk, is nie in Suid-Afrika moontlik nie. Die versorging van voorskoolse kinders word egter as 'n belangrike ondersteuningsdiens aan hoërisiko-gesinne beskou. Dit is daarom vir die doeleindes van hierdie studie belangrik om te bepaal watter basiese versorgingsdienste deur welsynsorganisasies in Suid-Afrika gelewer, of in samewerking met die gemeenskap ontwikkel kan word, om enersyds ondersteuning aan hoërisiko-gesinne te bied, maar andersyds ook opvoedkundige geleenthede vir kinders te skep, sowel as voorkomende dienste te lewer. Daar bestaan wel bekostigbare vorms van versorging, wat alreeds deur sommige welsynsorganisasies benut word, soos byvoorbeeld dat kinders onder die ouderdom van ses jaar by **speelgroepe** ingeskakel word. Hierdie speelgroep kan moontlik twee oggende 'n week plaasvind, terwyl moeders ingeskakel word by ander aktiwiteite, soos oerleiding, asook ontspannende aktiwiteite, soos uitstappies.

5.4.2.1 Speelgroepe vir kinders

Vanuit 'n ontwikkelingsgerigte benadering moet moeders by die aanbieding van die speelgroep betrek word, sodat hulle op die lang termyn in staat is om die speelgroep self te bestuur. Cannan (1992:134) dui aan dat alhoewel moeders betrek kan word by die aanbieding van speelgroepe, moet deelname nie as 'n vereiste gestel word nie, aangesien navorsing (Ferri & Niblett, 1977) gevind het dat speelgroepe in agtergestelde gebiede waar moeders verplig is om op 'n rotasiebasis by die speelgroep te help of aan sosiale aktiwiteite deel te neem, nie werkbaar was nie. Dit het geblyk dat moeders se eerste prioriteit was om verligting te kry van die versorging van kinders vir 'n paar uur, eerder as die ekstra verantwoordelikheid om betrokke te wees by die speelgroep se aktiwiteite. Dit is daarom volgens Cannan (1992) belangrik dat dienste op so 'n wyse aangebied word dat moeders die gevoel kry dat die speelgroep iets vir hulleself beteken.

Smith (1996:95,107) se navorsing in die Verenigde Koninkryk het aangedui dat ouers speelgroepe en crèches as belangrik vir die opvoedkundige ontwikkeling van hulle kinders beskou, maar ook as noodsaaklik om vir hulle tyd weg van kinderversorging te bied. Die

meerderheid ouers het gevoel dat daar nie voldoende dagsorgfasiliteite in hulle gemeenskappe is nie. In die studie wat Gardner (2003:58) ook in die Verenigde Koninkryk onderneem het, het sommige ouers speelgroepe slegs vir kinderversorging benut, terwyl hulle ander aktiwiteite bygewoon het, soos verdere onderrig in skoolvakke, soos Engels, Wiskunde en rekenaarklasse. Ouers het in die navorsing wat Nel en Roestenburg (2004:121) in Soweto in **Suid-Afrika** onderneem het, aangedui dat daar 'n behoefte bestaan aan geletterdheidsklasse om hulle Engels te verbeter, sowel as klasse vir ouers wat ongeletterd is. Effektiewe gesinsondersteuning sou kon behels dat geletterdheidsklasse gekombineer word met 'n speelgroep, wat aan gemeenskapslede die geleentheid bied om hulle vaardighede uit te brei, terwyl hulle kinders versorg word.

Die bogenoemde dui aan dat speelgroepe as gesinsondersteuning nie slegs beskou moet word as 'n geleentheid om ouers by die projek te betrek, of hulle te dwing om in die tydperk wat die speelgroep aan die gang is, betrokke te wees by opvoedingsaktiwiteite wat deur die organisasie aangebied word nie. Speelgroepe moet eerder beskou word as 'n kombinasie van geleentheid wat aan ouers gebied word, waar diegene wat belangstel by die bestuur van die speelgroep betrek kan word, asook by ander opvoedkundige aktiwiteite by die welsynsorganisasie. Ouers wat die speelgroep slegs as versorging van hulle kinders wil benut en die beskikbare tyd aan ander aktiwiteite wil bestee, moet ook geakkommodeer word, aangesien 'n belangrike aspek van gesinsondersteuning is dat ouers keuses kan uitoefen, en sodoende bemagtig word om meer in beheer van hulle lewens te voel. Ouers aan wie gesinsinstandhoudings- en kinderbeskermingsdienste gelewer word, kan egter as deel van 'n ooreenkoms tussen hulle en die welsynsorganisasie verplig word om oueropvoedingsprogramme by te woon, terwyl hulle kinders by die speelgroep ingeskakel word.

5.4.2.2 Alternatiewe vorms van versorging

Soos reeds genoem het navorsing (Nel & Roestenburg, 2004:119) in Suid-Afrika by crèches in Soweto bevind dat ouers meer kennis benodig in terme van hoe om met hulle kinders te sosialiseer. Hierdie behoefte sou aangespreek kon word deur die aanbod van **moeder- en kleutergroepe** op 'n weeklikse basis. Hierdie tipe groepe word volgens die literatuur (Gardner, 2003:83; Smith, 1996:72) op 'n gereelde basis in gesinsentrums in die Verenigde Koninkryk aangebied. Die uitgangspunt sou hier weer wees dat 'n kombinasie van oop-toegang dienste en kinderbeskermingsdienste benut word, waar sekere moeders op die gevallelading verplig kan word om die diens by te woon.

'n Verdere vorm van kinderversorging wat aangewend kan word om gesinne te ondersteun, is die benutting van **dagversorgers** in die gemeenskap wat na kinders omsien wanneer moeders aktiwiteite moet bywoon, of wat as dagversorging deur enige ouer in die gemeenskap benut kan word. In die navorsing van Gardner (2003:4) in die Verenigde Koninkryk, het ouers aangedui dat hulle praktiese bystand soos dagsorgdienste in terme van ondersteuning, benodig. Statham (2003:120) dui aan dat die kinders van hoërisiko-gesinne in Engeland deur maatskaplike werkers in **gesubsidieerde staatsorg** by bestaande dagversorgers in die gemeenskap, geplaas word. Hierdie versorging is **tydelik en korttermyn** van aard, om ouers in staat te stel om 'n spesifieke gesinskrisis te hanteer. Kinders word byvoorbeeld vir twee dae 'n week in die sorg van 'n dagversorger geplaas en die vergoeding van die dagversorger word deur die Staat gesubsidieer. Statham (2003:121-125) se navorsing, het die **persepsies van dagversorgers** oor die diens wat hulle aan hierdie kinders en gesinne lewer, bepaal. Hierdie aspekte word vervolgens bekyk aangesien 'n ontleding van die persepsies van die dagversorgers ooreenstemming toon met die skep van informele en semi-formele ondersteuningsbronne vir hoërisiko-gesinne, soos in hoofstuk 3 onder die loep geneem is.

Die dagversorgers het aangedui dat hulle van mening is dat hulle as 'n **substituut moeder** (Statham, 2003:121; Mooney, 2002:142), funksioneer omdat hulle 'n huis vir die kind weg van sy eie huis bied, deur 'n normale gesinsomgewing te skep wat aan kinders die tipe versorging bied wat hulle nie by hulle huis ontvang nie (Statham, 2003:121). 'n Verdere aspek wat na vore gekom het, was die feit dat **gesinsondersteuning** deur dagversorgers gebied word. Die dagversorgers het aangedui dat hulle deur maatskaplike werkers en gesondheidspersoneel versoek is om betrokke te raak by die gesin, sowel as by die kind. Betrokkenheid by die gesin is gekenmerk deur as 'n vriendin op te tree, opvoeding te gee oor ouerskap, ouers aan afsprake te herinner, hulle te vergesel na dokters of na moeder- en kleutergroepe toe, asook bystand te verleen in die voltooiing van vorms.

Die gevoel dat 'n **gemeenskapsdiens** gelewer word was 'n verdere persepsie wat as 'n belangrike motiverende faktor beskou is waarom hulle hierdie diens aan agtergestelde kinders gelewer het. Die bevrediging wat hulle verkry uit die lewering van 'n benutbare diens deur kinders te help om te vorder, is as 'n belangrike rede vir die lewering van die diens geïdentifiseer. Gesubsidieerde kinderversorging is ook beskou as 'n manier om **kinderbeskerming** te doen. 'n Groot persentasie van die dagversorgers het aangedui dat hulle soms terugvoer aan maatskaplike werkers moet gee oor die welsyn van die kind, terwyl 'n kleiner persentasie aangedui het dat dit gereeld gedoen word. Die dagversorgers het aangedui dat die feit dat hulle moet terugrapporteer aan maatskaplike werkers, hulle

vertrouensverhouding met die ouers van die betrokke kinders kan beïnvloed (Statham, 2003:122-124).

Die laaste aspek wat na vore gekom het is dat gesubsidieerde kinderversorging ook 'n **inkomste** aan die dagversorgers bied (Statham, 2003:124) en as 'n klein besigheid beskou kan word (Mooney, 2002:140). In die navorsing wat Mooney (2002) in die Verenigde Koninkryk onderneem het, is bevind dat spanning by dagversorgers bestaan oor die feit dat alhoewel 'n inkomste ontvang word, die diens nie slegs gelewer word vir daardie inkomste nie. 'n Toegewydheid het bestaan tot die kind of kinders, wat dit ook vir versorgers moeilik gemaak het om tariewe te verhoog. Gesubsidieerde plasings het die voordeel gebied dat dit tydelik was en dat kinders deur hulle nie-werkende ouers vroeër afgehaal word, as diegene wie se ouers werk. Hulle het wel aangedui dat gesubsidieerde plasings veroorsaak dat dit dikwels moeilik is om 'n inkomste te verseker, omdat plekke gereserveer word, maar hulle nie 'n inkomste verkry as hierdie gereserveerde plekke nie benut word nie. Vir sommige dagversorgers was van die voordele van gesubsidieerde plasings juis die addisionele status wat bekom is deur in spanverband saam met maatskaplike werkers te werk, wat aan hulle die gevoel gegee het dat hulle professionele werkers is.

Moeders wat die opsie gegee is om hulle kinders tydens 'n krisissituasie tydelik in die sorg van 'n dagversorger te plaas, het speelgroepe verkies, omdat hulle dit as minder bedreigend ervaar het. Indien 'n kind by 'n speelgroep ingeskakel word, word dit beskou as 'n ander vorm van professionele sorg, waar daar op die behoeftes van die kinders gefokus word, eerder as 'n vervanging van dit wat die moeders vir hulle kinders moet doen. Tuisversorging deur 'n dagversorger, is as 'n groter bedreiging en as kritiek teen hulle ouerskapsvaardighede beskou. Indien dagversorgers as 'n tydelike versorgingsmaatreël vir hoërisiko-gesinne benut word om aan die gesin die geleentheid te bied om 'n krisis te oorkom, blyk dit meer aanvaarbaar te wees as die diens as ondersteuning vir die moeder, eerder as die uitdaging van haar vaardighede, voorgestel en bemark word.

In terme van die **Suid-Afrikaanse situasie** het die opleiding van dagversorgers in die gemeenskap om tydelike versorging vir die kinders van hoërisiko-gesinne, asook permanente versorging vir ander gemeenskapslede se kinders te bied, bepaalde voordele. Ooreenkomstig die uitgangspunte van 'n maatskaplike ontwikkelingsgerigte model (Midgley, 1996) word die **menslike kapitaal** in die gemeenskap ontwikkel, aangesien gemeenskapslede se **vaardighede verhoog** word. Die **sosiale kapitaal** van die gemeenskap word ook ontwikkel deurdat die **sosiale infrastruktuur** van die gemeenskap uitgebrei word wat in hierdie verband gesinne

bemagtig deur hulle keuse oor toepaslike kinderversorging te bied, asook die **samewerkende verhoudings** tussen gemeenskapslede **bevorder**. Laastens word gemeenskapslede betrek by **produktiewe werkverskaffingsprojekte** wat hulle in staat stel om vir hulleself 'n inkomste te verseker.

Dit bied verder die voordeel dat hierdie dagversorgers deur maatskaplike werkers benut kan word vir die tydelike versorging van kinders van gesinne wat in 'n krisissituasie verkeer, asook as 'n versorgingsfasiliteit indien ouers semi-formele of formele aktiwiteite by die welsynsorganisasie moet bywoon. In terme van die implementering van die program kan dieselfde werkswyse gevolg word as by die implementering van tuisbesoekprogramme, wat in die vorige hoofstuk beskryf is. 'n Belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word is dat daar waarskynlik alreeds gemeenskapslede is wat hierdie diens aanbied. Hierdie persone behoort eerste gekontak te word om te bepaal wat die behoeftes is wat ondervind word, asook betrek word by opleiding indien hulle sou belangstel, om sodoende die algemene kwaliteit van versorging in die gemeenskap verder te verhoog. Uit Mooney (2002:138) se studie in die Verenigde Koninkryk, is gevind dat die dagversorgers lae vlakke van opleiding gehad het, terwyl minder as 'n kwart 'n kwalifikasie wat verband hou met kinderversorging, gehad het.

In Suid-Afrika kan opleiding aan bestaande, sowel as nuwe dagversorgers in gemeenskappe die toegang tot basiese versorgingsfasiliteite vir kinders verhoog, asook die opvoedkundige geleentheid aan kinders onder die ouderdom van ses jaar uitbrei. Speelgoedbiblioteke kan deur welsynsorganisasies gevestig word vir benutting deur die dagversorgers, wat kinders blootstelling gee aan opvoedkundige insette wat hulle moontlik andersins nie sou kry nie. 'n Ondersteuningsgroep vir bestaande dagversorgers kan ook as semi-formele bron geskep word wat aan dagversorgers die geleentheid bied om hulle probleme en behoeftes met ander dagversorgers te bespreek, asook voortgesette opleiding te waarborg. 'n Belangrike voorkomende funksie wat deur die regering verrig kan word, is om kinders van hoërisiko-gesinne ten volle te subsidieer in terme van voorskoolse versorging.

5.4.3 Programme vir jeugdige

In Pithouse *et al.* (1998:41) se navorsing in die Verenigde Koninkryk, het ouers aangedui dat daar by buurt- en gemeenskapontwikkelingsgerigte sentrums 'n gebrek aan dienste vir ouer kinders en adolessente was. Takanishi (1996:264) gebruik die Carnegie Council (1994) se uitgangspunte oor hoe organisasies in die VSA deur die aanbidding van naskoolse programme 'n bydrae tot jeugontwikkeling kan lewer. Hiervolgens moet **jeugprogramme** die geleentheid aan adolessente bied om te **sosialiseer** met hulle eweknieë en volwassenes deur

gestruktureerde en groepaktiwiteite, waar gefokus word op die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede. Geleentede moet ook geskep word waar **vaardighede ontwikkel** word, deur op lewensvaardighede soos besluitneming, probleemoplossing en kommunikasie te fokus. 'n Verdere belangrike aspek wat ingebou moet word is dat programme geleentede moet bied waar jeugdiges 'n **bydrae tot die gemeenskap** kan maak deur hulle te betrek by gemeenskapsdiensprogramme, asook by die ontwikkeling en implementering van oplossings vir die probleme wat in die gemeenskap voorkom. Geleentede moet geskep word vir jeugdiges om bekwaam te voel deur in programme voorsiening te maak vir die implementering van die vaardighede wat hulle aangeleer het.

5.4.3.1 Lewensvaardighedsprogramme vir jeugdiges

Nel en Roestenburg (2004:120) se studie wat in Soweto onderneem is, het aangedui dat ouers 'n behoefte het aan opvoeding oor lewensvaardighede vir hulle kinders, in terme van weerbaarheid, probleemoplossing en konflikhantering. Van den Berg en Weyers (2004:357) se navorsing in die Noordwes-Provinsie het bevind dat die grootste aantal gemeenskapswerkdienste aan kinders in die ouderdomsgroep tussen 6 en 16 jaar gelewer is. Die doel van hierdie programme was hoofsaaklik gerig op die verhoging van lewensvaardighede, wat openbare opvoeding ingesluit het, terwyl een projek gerig was op misdadvoorkoming en 'n ander projek op die ontwikkeling van entrepreneursvaardighede. Die aard van die lewensvaardighede wat aangeleer is, word nie in die studie aangedui nie, asook nie of dienste gerig was op kinders van gesinne waar gesinsinstandhoudingsdienste gelewer word nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar kortliks aandag gegee aan lewensvaardighedsprogramme waar die inhoud ook fokus op huishoudelike geweld.

5.4.3.2 Programme vir jeugdiges betrokke by huishoudelike geweld

Kinders en jeugdiges wat in huishoudings woon waar huishoudelike geweld voorkom, word as 'n verwaarloosde groep in terme van programme beskou. Hierdie kinders het 'n verhoogde risiko om betrokke te raak in verhoudings met hulle eweknieë, asook as volwassenes waar geweld weer voorkom (Suderman & Jaffe, 1997:55,64), aangesien hulle lewensmaats soek wat dieselfde kontrolerende, ondergeskikte, of mishandelende gedrag openbaar, as waaraan hulle gewoon geraak het in hulle huishoudings (Wolfe, Wekerle, Reitzel-Jaffe, Grasley, Pittman & MacEachran, 1997:103,107). 'n Hoër risiko vir gedrags- en emosionele probleme, asook swakker vordering op skool is kenmerkend van kinders in huishoudings waar verhoudingsgeweld voorkom. Hierdie kinders het dikwels nie 'n veilige plek waarheen hulle kan vlug wanneer die geweld voorkom nie en is dikwels ook onder sosiale en gesinsdruk om

nie die voorkoms van geweld bekend te maak nie (Suderman & Jaffe, 1997:55,64; Wolfe *et al.*, 1997:103).

Hierdie aspekte is van belang by hierdie bespreking, aangesien **Suid-Afrika** een van die lande met die hoogste voorkoms van huishoudelike geweld in die wêreld is en een uit agt vroue volgens 1998-statistiek deur haar lewensmaat aangerand word (State of South African Population Report, 2002:56). Navorsing (Hazen *et al.*, 2004:314; Rumm *et al.*, 2000:1380; Tajima, 2000:1396; Brown *et al.*, 1998:1075) dui aan dat daar 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan indien huishoudelike geweld voorkom. Wolfe *et al.* (1997:115-123) beveel aan dat jeugdige tussen die ouderdom van 14 en 16 jaar opgevoed word oor huishoudelike of interpersoonlike geweld en mishandeling en hulle vaardighede ontwikkel word met betrekking tot kommunikasie in gesonde verhoudings. Hulle moet ook betrokke raak by maatskaplike aksie in terme van verhoudingsgeweld. Die program wat hierdie skrywers ontwikkel het was spesifiek gerig op kinders wat betrokke is of was by kinderbeskermingsdienste, omdat hierdie kinders se ondervinding van verhoudingsgeweld in hulle huishoudings, hulle in 'n hoër-risikogroep plaas vir voortgesette geweld in verhoudings.

Die program word in **groepsverband** aangebied, waar 10 tot 12 jeugdige vir 'n tydperk van 18 weke vir 2 ure 'n week betrek word. Die **inhoud** van die program fokus vir die eerste drie byeenkomste op die bou van groepskohesie, asook op die identifisering van magswanbalanse in die samelewing en die wyses waarop hierdie wanbalanse in verhoudings na vore kom. Regte van individue word ook bestudeer en hoe om gevoelens op 'n positiewe en bevestigende wyse ten opsigte van regte bekend te maak.

In die volgende drie byeenkomste word gefokus op die dinamiek van mag in verhoudings, asook hoe om die siklus van geweld in verhoudings te verbreek. Gassprekers soos 'n vorige mishandelaar en slagoffer van geweld word benut om hulle ervarings met die groep te deel. Positiewe kommunikasievaardighede, waar veral gefokus word op die verbalisering van assertiewe boodskappe word aangeleer, tesame met 'n strategie om persoonlike probleme te hanteer. Geleentheid word aan groeplede gegee om hierdie vaardighede op onlangse konflik wat ervaar is, van toepassing te maak. Spesifieke kommunikasievaardighede word aangeleer met betrekking tot hoe seuns moet verseker dat meisies wel toestemming vir seksuele omgang gegee het, terwyl die belangrikheid om duidelik en assertief te kommunikeer om hulle veiligheid te verseker, by meisies beskou word.

In die volgende vyf sessies word gefokus op die invloed wat die omgewing of die samelewing op geweld in verhoudings het, deur die rol van geslagsosialisering, portuurgroepdruk en die

invloed van die media te beskou. Hierdie gedeelte van die program bied aan jeugdiges die geleentheid om die wyse waarop die samelewing geweld in verhoudings aanmoedig, te identifiseer.

Die laaste ses byeenkomste fokus op hoe gemeenskapsbronne geïdentifiseer en benut kan word om bystand te verleen wanneer persone in 'n verhouding is waar geweld voorkom. Bronne in die gemeenskap word deur die groeplede geïdentifiseer en besoek, sodat hulle kennis oor die dienste wat die bron lewer, verhoog kan word. Gevallestudies wat op video opgeneem is, word in die groep bespreek en opgelos. Jeugdige word in kleiner groepe verdeel en moet self bronne in die gemeenskap identifiseer wat hulp kan bied in terme van verhoudingsgeweld, deur die geïdentifiseerde bron te besoek. Groeplede moet terugvoer aan die groot groep gee oor die dienste wat deur die bron gelewer word. 'n Aktiwiteit moet ook beplan word om die gemeenskap se bewussyn van verhoudingsgeweld te verhoog, asook fondse in te samel vir 'n spesifieke organisasie. Deur by gemeenskapsbewusmaking betrokke te raak word die gevoel van groeplede ontwikkel dat hulle bemagtig is om verhoudingsgeweld in hulle eie lewens te hanteer, asook 'n bydrae te maak om die siklus van geweld in die samelewing te beïnvloed. Hierdie program is ook geïmplementeer in 'n hoërskool met kinders wat toevallig geïdentifiseer is en daar is gevind dat adolessente beduidende positiewe uitkomst in terme van hulle verhoudings, asook hulle kennis oor verhoudings kon identifiseer.

Suderman en Jaffe (1997:760) is van mening dat grootskaalse programme oor huishoudelike geweld in skole geïmplementeer moet word om die samelewing se houding teenoor hierdie vorm van geweld te verander. Indien jeugdige se houdings teenoor enige vorm van huishoudelike geweld beïnvloed kan word, kan geweld op die lang termyn verlaag word. Die belangrikheid van programme in skole word bevestig in die resente kwalitatiewe navorsing wat Buckley, Holt en Whelan (2007:304) in Ierland onderneem het. Jeugdige tussen die ouderdom van 14 en 17 het aangedui dat programme in skole aangebied moet word om aan onderwysers en leerlinge inligting te verskaf oor huishoudelike geweld, asook om byvoorbeeld 'n plek beskikbaar te stel waar kinders huiswerk kon doen. Hierdie jeugdige het gevoel dat indien personeel by skole kon aandui dat hulle oor kennis van huishoudelike geweld beskik, dit hulle minder geïsoleerd en anders sou laat voel het.

Veral hoërskole moet volgens Suderman en Jaffe (1997:55,64) geteiken word, aangesien kinders in hierdie lewensfase betrokke raak in verhoudings met die teenoorgestelde geslag, terwyl hulle ook as deel van die adolessente lewensfase besig is om 'n identiteit afsonderlik

van hulle ouers te ontwikkel. Hierdie tydperk kan volgens skrywers (Suderman & Jaffe, 1997:55,64; Wolfe *et al.*, 1997:103) benut word om hulle kennis van, en houding teenoor verhoudingsgeweld te verhoog, wat die verloop van hulle toekomstige verhoudings kan verander.

In **Suid-Afrika** is daar 'n hoë voorkoms van huishoudelike geweld en is dit noodsaaklik om aan hierdie aspek in jeugprogramme aandag te gee om die voortgesette siklus van geweld in verhoudings te verbreek. Alhoewel hierdie tipe program nie beskou word as die enigste program vir adolessente nie en algemene lewensvaardigheidsprogramme nie as minder belangrik beskou word nie, is dit belangrik dat huishoudelike of interpersoonlike geweld in programme met jeugdige en spesifiek die met ouers wat by kinderbeskermings- of gesinsinstandhoudingsdienste betrokke is, of was, aandag geniet. Deur die aanbod van programme waar spesifiek huishoudelike geweld aandag geniet, kan die siklus van geweld wat van generasie tot generasie oorgedra word, teengewerk word. Hierdie aspek is onder andere ook van belang wanneer programme vir mans aangebied word.

5.4.4 Programme vir mans

Ten opsigte van gesinsondersteuningsdienste is dit belangrik dat nie net vroue nie, maar ook mans by programme en projekte betrek word. Skrywers (Ghate *et al.*, 2000:2; Cannan, 1992:136) dui aan dat mans nie op so 'n gereelde basis soos vroue die dienste van gesinsentrums in die Verenigde Koninkryk bywoon nie, behalwe as daar van hulle verwag word om sekere dienste by te woon as deel van 'n kinderbeskermingsprogram. Vroue soek volgens Cutrona (2000:118) meer gereeld raad en bystand van ander persone wanneer hulle probleme ondervind, terwyl mans mag voel dat die soeke na aanvaarding en ondersteuning, 'n teken van swakheid is. Gesinsondersteuningsprogramme moet volgens die skrywer Gilligan (2000:17) aandag gee aan geslagsverskille en spesifiek die uitdaging om mans by projekte te betrek, terwyl Moran en Ghate (2005:333) van mening is dat verdere navorsing in die Verenigde Koninkryk nodig is om te bepaal watter dienste gelewer moet word om mans by programme te betrek.

5.4.4.1 Gender-perspektief op betrokkenheid van mans by programme

Alhoewel mans se behoeftes verwaarloos word, word hulle vanuit 'n gender-perspektief nie op dieselfde wyse verantwoordelik gehou vir die gesinslewe as vroue nie. Gesinsentrums of projekte in die Verenigde Koninkryk moet mans se versorgingsrol uitbrei en waar kinders 'n verhoogde risiko vir mishandeling en verwaarloosing het, of mishandeling alreeds plaasgevind het, moet mans verantwoordelik gehou word, en vroue nie verwytd word vir die feit dat hulle

nie hulle kinders beskerm het nie (Cannan, 1992:136). Alhoewel vroue by die lewering van maatskaplikewerk-dienste potensieel beskou kan word as onderdruk deur hulle mans en die gemeenskap waarin hulle woon, word hulle steeds verantwoordelik gehou vir die beskerming van hulle kinders. Daar word van vroue verwag om hulle kinders te beskerm, ten spyte van die feit dat hulle moeilike huislike omstandighede veroorsaak word deur eksterne faktore, soos sosio-ekonomiese omstandighede, 'n geskiedenis van onderdrukking, of deur ander persone. Die feit dat die moeder die kinders moet beskerm word deur maatskaplike werkers as die aangewese plan van aksie beskou (Scourfield, 2001:85).

Alhoewel gesinne en vroue as kwesbare groepe beskryf word in die Witskrif vir Welsyn, (Department of Welfare, 1997:14), is dit volgens Sevenhuijsen *et al.* (2005:311) belangrik om kennis te neem van die feit dat die sosiale probleme soos veroorsaak deur die gedrag van mans, nie aandag geniet nie. Alhoewel melding gemaak word van gesinsgeweld, word die feit dat dit veroorsaak word deur spesifieke persepsies van manlikheid nie bespreek nie, terwyl die feit dat dit spesifiek mans is wat gewoonlik verantwoordelik is vir die voorkoms van verhoudingsgeweld, asook seksuele mishandeling en molestering, geïgnoreer word. Aangesien daar nie op mans gekonsentreer word nie, beteken dit dat vroue hoofsaaklik beskou word as die groep wat grootskaalse sosiale probleme moet oplos. Ten opsigte van die Finale Konsep Nasionale Gesinsbeleid (2006c) is Hochfeld (2007:88) van mening dat die konsep van vaderskap in die beleid nie buite die grense van die tradisionele rol van vaders beskou word nie en dat vaders daarom beskou word as verwyderd van die gesin. Alhoewel dit volgens hierdie skrywer wel so is dat mans in Suid-Afrika min direkte verantwoordelikheid neem vir huishoudelike en kinderversorgingstake, asook verantwoordelik is vir aansienlike geweld en skade binne gesinsverband, bly hulle posisie in die gesin belangrik met of sonder hulle werklike teenwoordigheid.

Ghate *et al.* (2000:48) ondersteun hierdie siening, deur te noem dat ouerskap nie 'n gender-neutrale aktiwiteit is nie, aangesien beide geslagte verskillende bydraes tot ouerskap het, asook verskillende benaderings het. Indien vaders betrek wil word by dienste moet die diversiteit van mans en vroue in gedagte gehou word, asook albei geslagte se verskille en sterktes. Volgens Hochfeld (2007:88) word die kompleksiteit van vaderskap nie in die Finale Konsep Nasionale Gesinsbeleid (2006c) aangespreek nie en die geleentheid om 'n meer positiewe of ten minste 'n veranderde diskoers op vaderskap te beskou, soos wat in die res van die wêreld gebeur, is nie benut nie. Die idee van wat moeder- en vaderskap behels is konserwatief, waar moeders beskou word as die versorgers van kinders en daar hoofsaaklik na vaders verwys word as 'n bron van skade of in die periferiese rol van ekonomiese voorsiener.

Dit blyk dat hierdie gender-perspektief in die praktyk tot gevolg het dat daar in maatskaplikewerk-programme sterker gekonsentreer word op vroue en kinders en nie ook op mans nie. In navorsing (Van den Berg & Weyers, 2004:4) wat in Suid-Afrika se Noordwes-Provinsie onderneem is, is nie een van die projekte spesifiek vir mans aangebied nie, terwyl vroue naas kinders tussen die ouderdom van 6 en 16 jaar die meeste betrek is. Hierdie projekte het die ontwikkeling van vaardighede vir die generering van 'n eie inkomste, kapasiteitsuitbouing, asook opvoeding oor MIV/Vigs ingesluit. Vanweë die feit dat mans nie in die Witskrif vir Welsyn (1997) as kwesbare groepe beskryf word nie, beveel hierdie skrywers ook nie aan dat daar in programme sterker op deelname van mans gekonsentreer word nie, alhoewel genoem word dat gesinsgeweld nie aandag in programme vir vroue gekry het nie. Hierteenoor dui die Witskrif vir Welsyn (Department of Welfare, 1997:75) aan dat programme moet fokus op die uitkakeling van enige vorm van geweld teenoor vroue, asook dat beleid en programme die vennootskap tussen mans en vroue in onder andere huishoudelike, familie- en ouerlike verband moet bevorder. Dienste moet meer gendersensitief raak en die selfbeeld, respek en welsyn van vroue bevorder. Vanuit hierdie beskrywing is dit duidelik dat mans by programme betrek moet word, maar spesifieke beleidsvereistes ten opsigte van die betrokkenheid van mans word nie uitgespel nie. Volgens Hochfeld (2007:90) doen die Finale Konsep Nasionale Gesinsbeleid (2006c) min om die idee van die gesin as 'n tradisionele nukleêre middelklasstruktuur met 'n tradisionele geslagsverdeling ten opsigte van taakverdelings, in twyfel te trek.

5.4.4.2 *Betrokkenheid van mans by projekte*

Ten opsigte van projekte of programme vir mans, blyk dit uit die Britse literatuur (Daniel & Taylor, 2005:263; Featherstone, 2000:154) dat die betrokkenheid van mans in projekte beklemtoon word om verskillende redes. Geslagsgelykheid of ongelykheid is 'n vertrekpunt in die argumente wat aangevoer word oor hulle betrokkenheid, al dan nie. Die uitgangspunt vanuit 'n feministiese oogpunt is enersyds dat mans en vroue gelyk behandel moet word en daarom moet albei by dienslewering betrek word. Die argument in terme van ongelykheid is dat die betrokkenheid van mans in projekte teenstand bied vir die feit dat dit hoofsaaklik vroue se verantwoordelikheid is om kinders te versorg, of dat vroue geblameer word vir kindermishandeling en -verwaarlosing. In hierdie gender-argument word gefokus op die belangrikheid dat strategieë ontwikkel moet word om mans se gedrag in terme van hulle onbetrokkenheid by kinderopvoeding, asook hulle mishandelende gedrag aan te spreek (Featherstone, 2004:154). Deur slegs op vroue of moeders te fokus, word mans effektief

uitgesluit omdat daar nie van hulle verwag word om verantwoordelikheid vir hulle aksies te neem nie (Daniel & Taylor, 2005:263).

Volgens Daniel en Taylor (2005:266) is daar 'n gebrek aan inligting, asook aan 'n raamwerk vir dienslewering aan mans en vaders. Alhoewel maatskaplike werkers se betrokkenheid hoofsaaklik by vroue gekritiseer word, veroorsaak die gebrek aan beleid oor die betrokkenheid van mans in dienslewering dat maatskaplike werkers nie 'n spesifieke benadering tot dienslewering aan mans ontwikkel nie. Mans wat risiko-gedrag openbaar, soos verhoudingsprobleme met die moeder, of 'n gebrek aan belangstelling in die huishouding, behoort nie deur maatskaplike werkers by dienslewering uitgesluit te word nie, aangesien dieselfde standarde wat vir vroue geld, vir mans behoort te geld. Dit beteken dat maatskaplike werkers mans soos vroue moet konfronteer oor wat as 'n aanvaarbare omgewing en vlak van versorging vir kinders, beskou word. Indien die vader 'n meer ernstige bedreiging vir die moeder of die kinders inhou, moet hierdie aspek nie geïgnoreer word nie, aangesien die moeder nie verantwoordelik gehou kan word om die kind te beskerm, of die verhouding te beëindig nie. Maatskaplike werkers moet bereid wees om hierdie mans by dienslewering te betrek en indien hulle nie 'n bereidwilligheid toon om hulle gedrag te verander nie, moet die kind beskerm word. In hierdie gevalle moet die man eerder die huis verlaat, as wat die kind verwyder word.

Daniel en Taylor (2005) beskryf Ewart (2003) se studie wat mans se betrokkenheid in gesinsentrums in die Verenigde Koninkryk ondersoek het. Mans het aangedui dat indien hulle die keuse gehad het, hulle nie die aktiwiteite by die sentrum sou bywoon nie, terwyl sommige mans dit ook moeilik gevind het om die ernstigheid van die situasie te begryp en nie verstaan het hoe hulle rol die situasie positief kon beïnvloed nie. Die grootste afskrikmiddel vir deelname aan sentrumaktiwiteite was die feit dat die opvatting bestaan het dat vroue die sentrale rol in kinderversorging speel en daarom die primêre verbruikers van gesinsentrums is. Ghate *et al.* (2000:47) se navorsing oor vaders se betrokkenheid by en siening van die aktiwiteite by gesinsentrums in die Verenigde Koninkryk het bevind dat buitenshuise- en sportaktiwiteite en aktiwiteite waar vaardighede uitgebou word soos “doen dit self”-aktiwiteite en volwasse opvoedingsaktiwiteite as meer toepaslik beskou word deur mans. Featherstone, Rivett en Scourfield (2007:72,73) is van mening dat daar by die lewering van groep- en gemeenskapswerkdienste aan mans nie slegs gekonsentreer behoort te word op die tekortkominge van mans nie, maar ook gefokus behoort te word op die sterktes van mans.

Daniel en Taylor (2005:266) maak sekere voorstelle vir die bevordering van maatskaplikewerk-dienste waar vaders ingesluit word, in die Verenigde Koninkryk, wat ook van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie is, gesien in die lig van die kritiek van Hochfeld (2007) teen die huidige Finale Konsep Nasionale Gesinsbeleid (2006c). Hierdie voorstelle is onder andere dat omvattende nasionale strategieë en beleidsinisiatiewe in plek gestel moet word wat gefokus is op die betrokkenheid van vaders in ouerskap. Daar moet ook aandag gegee word aan die vervrouliking van gesinsentrums of projekte, terwyl die verwagting dat vaders betrokke moet wees by dienste, die norm moet wees, eerder as die uitsondering. Maatskaplike werkers moet opgelei word om dienste aan mans te lewer en daar moet gefokus word op die identifisering van hoe hulle houdings tot die uitsluiting van mans in dienslewering, bydra. In terme van dienslewering moet daar gefokus word op die beskikbaarheid van meer manlike personeel, asook op meer groepe vir mans. Laastens moet organisasies aandag gee aan beleid en prosedures om geweld deur mans effektief aan te spreek.

In terme van programme vir mans in **Suid-Afrika** is daar reeds in die vorige hoofstuk aangedui dat mans by tuisbesoekprogramme betrek behoort te word deur manlike tuisbesoekers in die gemeenskap op te lei en te benut om vaders in hulle ouerrol te ondersteun. Verder behoort mans ook verplig te word om oueropvoedingsprogramme by te woon indien gesinsinstandhoudingsdienste aan die gesin gelewer word. Inligting oor geweld en die siklus van geweld in verhoudings, behoort deel te vorm van programme vir mans om te voldoen aan beleidsvereistes met betrekking tot die bevordering van die gesinslewe, sowel as die welsyn van vroue. Dienste behoort soos wat Cannan (1992:136) vir die Verenigde Koninkryk aanbeveel, te fokus op verhoudingsaspekte, asook op werkloosheid en opleiding. In die studie wat Nel en Roestenburg (2004:121) in Soweto onderneem het, het ouers aangedui dat daar 'n behoefte bestaan aan werkswinkels vir werklose persone asook die aanleer van tuinmaakvaardighede, klein besighede en entrepreneursvaardighede vir ouers. Hieruit blyk dit dat daar ook by mans in gemeenskappe sekere behoeftes bestaan en dat hulle betrek moet word by behoeftebepalings in terme van die beplanning van programme. Deur mans te betrek by programme, asook verantwoordelik te hou vir die versorging van hulle kinders, word die strewe na geslagsgelykheid deur organisasies wat kinder- en gesinsorgdienste lewer, bevorder.

5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die tipes gesinsdienste of projekte wat in gesinsentrums in die Verenigde Koninkryk aangebied word beskryf ten einde 'n oorsig te bied van die aard van

ondersteuningsdienste wat aan hoërisiko-gesinne gelewer kan word. Sentrumgebaseerde dienste in die Verenigde Koninkryk het hoofsaaklik ten doel om, ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsondersteuningsdienste, dienste in die gemeenskap op 'n deurlopende basis te lewer, waarby alle gesinslede betrek word om die informele netwerke van gesinne uit te brei. Effektiewe gesinsondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne beteken dat gesinne ingeskakel word by bestaande ondersteunings-, of gemeenskaps- en groepwerkprogramme wat in die organisasie of gemeenskap aangebied word.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die aard van die dienste wat in die Verenigde Koninkryk gelewer word, ooreenstem met die uitgangspunte in bestaande welsynsbeleid (Department of Social Development, 2006a:29) in Suid-Afrika, aangesien daar gekonsentreer word op voorkomende, asook vroeë intervensiedienste. Hierdie dienste behels dat hoërisiko-gesinne by gevalle- groep en gemeenskapswerkdienste betrek moet word ten einde ooreenkomstig welsynsbeleid (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2005:71,72) te konsentreer op voorkomende en vroeë intervensiedienste, om statutêre dienste te voorkom. Dit beteken dat voorkomende dienste in Suid-Afrika wat aangebied word vir alle gemeenskapslede of oop-toegang programme, dalk nie die probleme en behoeftes van hoërisiko-gesinne kan aanspreek nie, omdat hierdie gesinne moontlik nie van hierdie dienste uit eie inisiatief gebruik sal maak nie. Projekte of programme behoort voorsiening te maak vir die inskakeling van gesinne wat alreeds gesinsinstandhoudings- of kinderbeskermingsdienste ontvang. Voorkomende dienste wat gelewer word behoort nie hoofsaaklik gerig te wees op oop-toegang dienste wat deur gemeenskapslede benut word wat nie ook gevallewerkdienste ontvang nie.

Voorkomende dienste of programme vir hoërisiko-gesinne behoort spesifiek te fokus op oueropvoeding, waarby mans en vroue betrek word om sodoende nie net ouerskap te verbeter nie, maar tegelykertyd geslagsgelykheid te bevorder. Die ontwikkeling van bekostigbare versorgingsfasiliteite vir voorskoolse kinders is 'n verdere aspek wat aangespreek moet word, aangesien dit vir vroue die geleentheid bied om tyd weg van hulle kinders te spandeer, asook aan voorskoolse kinders in lae-inkomste gemeenskappe toegang tot opvoedkundige aktiwiteite bied. Beskikbare versorgingsfasiliteite bied verder die geleentheid aan maatskaplike werkers om hoërisiko-moeders aan wie gevallewerkdienste gelewer word, in te skakel by ander volwasse opvoedingsprogramme, soos geletterdheidsprogramme.

Wanneer jeugopvoeding gedoen word moet jeugdiges uit die gevallelading betrek word en aandag behoort ook in hierdie lewensvaardigheidsprogramme aan verhoudingsgeweld gegee

te word, aangesien dit 'n bydrae sal lewer tot die verlaging van geweld en gepaardgaande kindermishandeling en -verwaarlosing op die lang termyn. Mans behoort as 'n spesifieke groep geteiken te word in terme van die verhoging van hulle betrokkenheid by kinderopvoeding, deur hulle in te skakel by bestaande projekte en programme; hulle behoeftes in hierdie verband moet spesifiek bepaal word.

Effektiewe gesinsinstandhouding hou in dat hoërisiko-gesinne ook by gevallewerkdienste of gesinsgesentreerde en intensiewe krisisdienste ingeskakel word om statutêre dienste te voorkom. Die lewering van hierdie dienste deur maatskaplike werkers, word in die volgende hoofstuk beskou.

HOOFSTUK 6

FORMELE GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE: GESINSGESENTEERDE EN INTENSIEWE KRISISDIENSTE

6.1 INLEIDING

Ooreenkomstig een van die doelwitte van die studie word die uitgangspunte van intensiewe en gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne as deel van formele maatskaplikewerk-dienslewering, beskou. Die lewering van intensiewe- en gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste stem ooreen met die tweede vlak (vroë intervensiedienste) waarop dienste volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29) gelewer behoort te word om statutêre dienste te voorkom. Die eienskappe en inhoud van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste word in hierdie hoofstuk beskryf en die toepaslikheid daarvan binne die Suid-Afrikaanse welsynsopset word geëvalueer. Die belangrikheid van langtermyn terapeutiese dienste aan hoërisiko-gesinne word geïdentifiseer en gemotiveer na aanleiding van die probleme soos huishoudelike geweld en middelmisbruik, wat algemeen by Suid-Afrikaanse hoërisiko-gesinne voorkom. Vanweë die omvattende aard van die probleme en behoeftes van Suid-Afrikaanse hoërisiko-gesinne word die belangrikheid van die lewering van 'n wye verskeidenheid dienste, of geïntegreerde dienslewering gemotiveer. 'n Raamwerk vir dienslewering aan hoërisiko-gesinne in die Suid-Afrikaanse situasie word uiteengesit, waarin die verskillende tipes dienste en bronne wat beskikbaar behoort te wees, sowel as die personeel wat betrokke kan wees, geïdentifiseer word.

6.2 FORMELE DIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE

Formele ondersteuningsdienste aan gesinne word beskou as professionele dienste wat deur groter instansies alleen, of in samewerking of vennootskap met die vrywillige sektor gelewer word (Gardner, 2003:59; Ghate & Hazel, 2002:141). Die terapeutiese dienste, wat deur 'n maatskaplike werker gelewer word, word as formele dienste beskou (Ghate & Hazel, 2002:141,144). Gesinsinstandhoudingsdienste word soos reeds in die vorige hoofstukke bespreek, beskou as 'n wye verskeidenheid dienste wat aan gesinne gelewer word, wat gerig is op ondersteunende of voorkomende dienste, **gesinsgesentreerde-** of **terapeutiese dienste** en **intensiewe krisisdienste** (Pecora *et al.*, 1995:xix; Tracy, 1995:974). In die vorige hoofstukke is daar hoofsaaklik gekonsentreer of ondersteunende- of voorkomende dienste, wat informeel of semi-formeel van aard is, aangesien dit die primêre vlak is waarop dienste

ooreenkomstig Suid-Afrikaanse beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a:29) gelewer behoort te word. Die eienskappe en inhoud van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste en gesinsgesentreerde of terapeutiese dienste, spesifiek met betrekking tot formele terapeutiese dienste en die implementering daarvan in die Suid-Afrikaanse situasie, word vervolgens geëvalueer.

6.3 GESINSGESENTREERDE EN INTENSIEWE GESINSINSTANDHOUDINGS-DIENSTE

Gesinsgesentreerde dienste verwys dikwels breedweg na omtrent enige diens of program wat gerig is op die gesin as 'n eenheid en nie slegs op enkele gesinslede nie, asook gerig is op die lewering van omvattende terapeutiese, ondersteunende en konkrete dienste (Nelson, Landsman & Deutelbaum, 1990:4). Die term word ook soms interafhanklik met intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste gebruik (Maluccio *et al.*, 2002:156; Berry, 1997:iii; Smith, 1995:11). Volgens die *Child Welfare Resource Centre for Family Centered Practice* (2000) is die uitgangspunt van gesinsgesentreerde dienste dat die **gesin die eenheid van aandag** is, die gesin **versterk** en **bemagtig** word om optimaal te funksioneer deur gesinslede te **betrek by besluitneming** oor die dienste wat gelewer word, asook in **kontak te bring** met **gemeenskapsgebaseerde ondersteunende netwerke** en **dienste** (Maluccio *et al.*, 2002:149). In hierdie omskrywing word daar gefokus op die algemene eienskappe van gesinsgesentreerde dienste, terwyl Pecora *et al.* (1995) en Tracy (1995) 'n onderskeid tref tussen gesinsgesentreerde of terapeutiese dienste en intensiewe gesinsinstandhoudings- of krisisdienste wat reeds in hoofstuk 1 uiteengesit is.

Die onderskeid tussen gesinsgesentreerde en intensiewe krisisdienste is hiervolgens hoofsaaklik dat die verwydering van 'n kind dreigend is by die lewering van intensiewe dienste, terwyl dit nie die geval by die lewering van gesinsgesentreerde dienste is nie. Daar is by die lewering van gesinsgesentreerde dienste wel risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing in die gesin aanwesig, wat dienslewering noodsaaklik maak, aangesien die kinders by die lewering van albei tipes dienste, **kinderbeskerming** benodig.

Volgens Berry (1997:49) is die kindersorgsisteem in die VSA verantwoordelik vir kinderbeskerming deur gesinne te ondersteun en in stand te hou, terwyl kinders se optimale ontwikkeling bevorder word. Hierdie aspek word gereflekteer in die tweeledige doel van gesinsinstandhouding, naamlik om die gesin in stand te hou, terwyl die kinders beskerm word. Die filosofie van gesinsinstandhoudingsprogramme in die VSA weerspieël die nedersettings-beweging in 'n nuwe era, aangesien daar van gesinne verwag word om die bronne in hulle

gemeenskappe, asook die uitgebreide gesin as ondersteuning te benut. Maatskaplike werkers wat hierdie dienste lewer moet as advokaat vir gesinne optree, en werk vanuit 'n sterkteperspektief en nie vanuit 'n probleemgerigte perspektief nie.

Volgens Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:66) moet dienslewering aan gesinne in Suid-Afrika gerig wees op voorkoming deur gesinsfunksionering te verhoog, voordat kinderbeskermingsdienste gelewer word. Kinderbeskerming is egter volgens September en Blankenberg (2004:4,9,10) soos reeds in hoofstuk 4 genoem is, die grootste fokusarea in die lewering van kinder- en gesinsorgdienste in Suid-Afrika. Wanneer kinderbeskermingsdienste gelewer word, is intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste volgens skrywers (Berry, 1997:50,51; Tracy, 1995:980) een tipe diens wat aan gesinne gelewer behoort te word, waar die verwydering van kinders dreigend is. Hierdie diens word vervolgens beskou.

6.4 INTENSIEWE GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE

Deur die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste word daarna gestreef om die gesin in stand te hou (Littell & Tajima, 2000:406; Tracy, 1995:980), omdat die gesin as die optimale omgewing vir kinders se groei en ontwikkeling beskou word (Berry, 1997:50,51). Gesinne waar die risiko vir verwydering hoog is, word dus in die VSA spesifiek by 'n program ingeskakel waar hierdie intensiewe dienste gelewer word, omdat die moontlikheid van kindermishandeling en -verwaarlosing ondersoek word. Hierdie programme is gewoonlik geskoei op die uitgangspunte van die bekende *Homebuilders* benadering wat spesifiek vir gesinsinstandhouding aangepas is (Schuerman, Rzepnicki & Littell, 1994:20). Berry (1997) identifiseer drie redes vir die noodsaaklikheid van die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste aan hierdie gesinne.

- Eerstens word die feit beklemtoon dat verwydering onmenslik is, aangesien kinders en gesinne getraumatiseer word en dit tot onsekerheid by die ouers oor die terugplasing van die kind, lei.
- Tweedens word aangevoer dat die lewering van intensiewe dienste aan die gesin om verwydering te voorkom, meer koste-effektief is as pleegsorgplasinge, omdat daar by pleegsorgplasinge 'n toelaag uitbetaal moet word en dienste steeds aan die kind, die pleeggesin en die biologiese ouers gelewer moet word.
- Derdens word die feit beklemtoon dat die lewering van dienste aan die gesin as 'n eenheid meer effektief is, omdat die probleme wat in gesinne voorkom, dikwels nie in een

gesinslid geleë is nie, maar die gevolg is van die interaksies tussen gesinslede, die gesin en die gemeenskap, asook die breër samelewing. Dienslewering aan gesinne moet volgens Cannan (1992:108) hierdie ekologiese wisselwerking in ag neem en daarom fokus op die transaksies tussen hierdie verskillende sisteme, aangesien die uitgangspunt van die ekologiese perspektief is, dat die vaardighede van die individu met die omgewing verbind moet word.

6.4.1 Eienskappe van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste

Intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste het sekere kenmerkende eienskappe wat hierdie diens onderskei van ander tipes gesinsinstandhoudingsdienste. Die eienskappe en inhoud van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste word vervolgens verduidelik en in verband gebring met die Suid-Afrikaanse situasie.

6.4.1.1 Krisis-georiënteerde dienste

'n Belangrike eienskap van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste is dat hierdie diens gelewer word aan gesinne wat in 'n **krisis** verkeer (Littell & Tajima, 2000:406; Berry, 1997:76,79; Thompson, 1995:147), waar die risiko vir die verwydering van die kinders hoog is (Fraser, Nelson & Rivard, 1997:140) vanweë die mishandeling of verwaarlosing van die kinders (Berry, 1997:137). Die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste word beskou as die laaste tipe diens wat aan die gesin gelewer word, voordat die kind verwyder word (Tracy, 1995:976; Thompson, 1995:148).

Dienste is vanweë hierdie rede krisisgeoriënteerd en gebaseer op die **krisisintervensie-teorie**, wat onder andere inhou dat gesinne so gou as moontlik nadat 'n aanmelding ontvang is, besoek word. Maatskaplike werkers wat in die VSA hierdie diens lewer behoort daarom toeganklik en beskikbaar te wees vir sewe dae 'n week (Berry, 1997:76; Fraser *et al.*, 1997:145; Tracy, 1995:976), terwyl aanmeldings- en assesseringsprosedures sodanig ontwikkel is om te verseker dat die kinders nie in gevaar is nie (Tracy, 1995:976).

In die navorsing wat Kruger (1996:75,76,138) oor die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste in Suid-Afrika in die Wes-Kaap onderneem het, is bevind dat slegs een derde van die maatskaplike werkers krisisingryping as 'n intervensiemodel benut het, terwyl dit ook geblyk het dat onkunde oor die benutting daarvan bestaan. Dit wil voorkom asof intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste in hierdie studie nie deur maatskaplike werkers in die Suid-Afrikaanse situasie op 'n gereelde basis benut is nie. Ten opsigte van die vinnige opvolg van aanmeldings, het dit geblyk dat die werkers wel in die meeste gevalle aanmeldings

binne twee dae opgevolg het. Werksdruk en 'n groot gevallelading is aangedui as redes wat die reaksietyd tussen die aanmelding en die eerste kontak met die gesin beïnvloed.

6.4.1.2 Gesinsgesentreerde dienste

'n Ander eienskap van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste is dat die **fokus** van die intervensie gesinsgesentreerd is, wat beteken dat die **hele gesin** vanuit 'n ekologiese raamwerk **as die eenheid van intervensie** beskou word en nie slegs enkele gesinslede soos die moeder of die kind nie (Maluccio *et al.*, 2002:149; Berry, 1997:79; Tracy, 1995:976). Individuele probleme van gesinslede sal egter aandag ontvang wanneer nodig (Tracy, 1995:976). 'n **Sterktegebaseerde perspektief** tot intervensie word gevolg, wat behels dat wegbeweeg word van 'n probleem georiënteerde benadering na 'n kliëntgesentreerde diens wat gerig is op **bemagtiging** (Berry, 1997:76), asook op die **inskakeling van die gesin by ondersteuningsbronne** wat in die gemeenskap bestaan (Berry, 1997:125; Thompson, 1995:148; Tracy, 1995:980), en wat **kultureel sensitief** is (Fraser *et al.*, 1997:140).

Die **aard van die dienste** wat gelewer word is 'n mengsel van **terapeutiese** en **konkrete** dienste, soos onder andere berading, opvoeding, vaardigheidsontwikkeling, sowel as die verskaffing van inligting en verwysings na ander instansies en bronne (Fraser *et al.*, 1997:140; Tracy, 1995:976). Die langtermynsukses van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste is direk afhanklik van die mate waarin hierdie dienste ondersteun word deur ander gemeenskapsinstansies wat in die gemeenskap beskikbaar is, sowel as die gewilligheid van hierdie bronne om hoërisiko-gesinne tot diens te wees. Om hierdie rede word intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste as slegs een gedeelte van 'n diens beskou, wat deel moet vorm van 'n kontinuum van dienste wat beskikbaar behoort te wees vir gesinne (Cash, 2001:5; Berry, 1997:125). 'n Verdere belangrike aspek van dienslewering is dan ook die koördinering van bestaande gemeenskapsbronne deur vennootskappe aan te gaan met instansies wat aanvullende dienste aan die gesin kan lewer (Fraser *et al.*, 1997:145). Hierdie tipe dienste word meer omvattend onder die inhoud van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste beskou.

6.4.1.3 Tuisgebaseerde, intensiewe korttermindienste

Nog 'n eienskap is dat dienste hoofsaaklik **tuisgebaseerd** is, dit wil sê, dat maatskaplike werkers in die VSA gesinne gereeld in hulle huise besoek, maar dienste word ook in die gemeenskap gelewer (Berry, 1997:78; Fraser *et al.*, 1997:145; Tracy, 1995:976). Intensiewe dienste behels dat die maatskaplike werker **daagliks** dienste in die gesin se huis lewer en verskil om hierdie rede van tradisionele kindersorgdienste waar gesinne moontlik weeklikse kontak met die maatskaplike werker het (Berry, 1997:75). Navorsing wat deur Berry *et al.*

(2000:201) in die VSA onderneem is, het bevind dat maatskaplike werkers wat intensiewe dienste gelewer het, gemiddeld vier-en-'n-half ure per week kontak met die gesin gehad het. In die navorsing wat Kruger (1996:109,110) oor die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaap onderneem het, is bevind dat die oorgrote meerderheid van die maatskaplike werkers slegs weekliks kontak met gesinne gehad het, terwyl die duur van die kontak ongeveer 'n driekwartuur was. Hieruit is dit duidelik dat intensiewe dienste in Suid-Afrika nie op dieselfde manier as in die VSA gelewer word nie, en na Kruger (1996) se mening dui dit op die handhawing van die gesin se situasie, totdat die kind in elk geval verwyder word.

'n Verdere belangrike eienskap van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste is dat die maatskaplike werkers in die VSA **klein gevalleladings** het (Fraser *et al.*, 1997:140; Tracy, 1995:976), wat aan maatskaplike werkers die geleentheid bied om meer tyd saam met gesinne te spandeer (Berry *et al.*, 2000:191). Volgens die standaard vir intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste soos uiteengesit deur die Child Welfare League of America (1989) behels intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste dat maatskaplike werkers se gevallelading tussen twee en ses gesinne is en dat intensiewe tyd (agt tot tien ure per week) met die gesin spandeer word (Tracy, 1995:975).

Intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste is **korttermyn** van aard en intensief wat beteken dat die duur van dienslewering gewoonlik varieer vanaf een tot ses maande (Dawson & Berry, 2002:298; Cash, 2001:51; Berry *et al.*, 2000:201; Berry, 1997:76; Fraser *et al.*, 1997:140; Tracy, 1995:976). Ongeveer 60% van die werker se tyd moet spandeer word aan direkte kontak met die gesin, met die fokus op opvoeding, berading en ondersteuningsdienste (Tracy, 1995:975). Aangesien intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste korttermyn van aard is en gerig is op die krisis waarin die gesin verkeer, sal al die probleme en behoeftes wat die gesin ervaar nie opgelos wees wanneer dienste beëindig word nie. Om hierdie rede is 'n belangrike taak van die maatskaplike werker om die **gesin in kontak te bring met bronne en dienste in die gemeenskap** wat die gesin op die lang termyn kan ondersteun en kan help wanneer daar in die toekoms probleme ontstaan (Berry, 1997:125).

Die Amerikaanse uitgangspunt by die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste is dat maatskaplike werkers op die kort termyn intensief in terme van tyd met gesinne werk. Dit beteken in terme van praktyk-implementering dat maatskaplike werkers met klein gevalleladings moet werk. Navorsing (September & Blankenberg, 2004:29) in **Suid-Afrika** dui aan dat maatskaplike werkers dikwels met **hoë gevalleladings** werk, wat varieer tussen

150 en 300 gevalle. Hierdie gevalle sluit onder andere gevalle van kindermishandeling en -verwaarlosing, middelmisbruik en hangende verwyderings, in. Kruger (1996:61) het bevind dat die gemiddelde gevallelading van maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaap 94,5 gesinne was. Risiko-gesinne vir kindermishandeling en -verwaarlosing het 8% van die lading beslaan. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat hoë gevalleladings in Suid-Afrika tot gevolg het dat intensiewe dienste nie gelewer word aan gesinne waar die risiko vir die verwydering van kinders hoog is nie en kontak nie op 'n gereelde basis geskied nie.

Ten opsigte van direkte dienslewering het September en Blankenberg (2004:28) se ondersoek bevind dat **personeeltekorte** spesifiek in terme van maatskaplike werkers, asook **gebreklike bronne in gemeenskappe**, die lewering van kinderbeskermingsdienste in Suid-Afrika belemmer. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die aantal gesinne aan wie kinderbeskermingsdienste gelewer moet word, die kapasiteit van die diensleweringstelsel in Suid-Afrika oorskry, wat die implementering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste deur maatskaplike werkers alleen, feitlik onmoontlik maak.

6.4.1.4 Indiensopleiding aan maatskaplike werkers

'n Verdere belangrike eienskap is die feit dat maatskaplike werkers spesifiek indiensopleiding ontvang met betrekking tot **berading, krisis-ingryping en oueropvoeding** wat die werker instaat stel om dienste aan hierdie kliëntstelsel te lewer. Intensiewe groep- en individuele supervisie vorm in die VSA deel van die ondersteuning aan maatskaplike werkers wat intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste lewer (Thompson, 1995:150). In Kruger (1996:191,137) se navorsing is bevind dat maatskaplike werkers in die Wes-Kaap gebrekkige kennis van die implementering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste het, en daar is aanbeveel dat opknappingskursusse ten opsigte hiervan aangebied word. Maatskaplike werkers het wel aangedui dat supervisie of konsultasie deurgaans op aanvraag beskikbaar is. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat maatskaplike werkers in Suid-Afrika waarskynlik nie dienste lewer wat sterk gerig is op die uitgangspunte van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste nie, aangesien gebrekkige kennis hieroor bestaan het, terwyl hoë gevalleladings ook die lewering van intensiewe tuisgebaseerde dienste verhoed. Dit het waarskynlik tot gevolg dat die verwydering van kinders nie werklik voorkom word nie. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat dit nodig is dat maatskaplike werkers hulleself vergewis van die inhoud van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste om sodoende toepaslike dienste aan gesinne te lewer.

6.4.2 Inhoud van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste

Skrywers (Maluccio *et al.*, 2002:145-154; Ferguson 2001:9; Berry, 1997:143) is dit eens dat effektiewe dienste aan hoërisiko-gesinne 'n kombinasie van **terapeutiese dienste** (sagte) en **konkrete dienste** (harde), insluit. Cash en Berry (2003:4) en Cash (2001:44) gebruik Fraser, Pecora en Haapala (1991) se uiteensetting om die **inhoud** van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste in die VSA te beskryf, wat behalwe konkrete en terapeutiese dienste, ook **opvoedkundige dienste of instaatstellende dienste** aan die gesin, insluit. Berry (1997:143) beskou **instaatstellende dienste** as die brug tussen terapeutiese en konkrete dienste, omdat dit gerig is op die bou van sosiale ondersteuning. Die Amerikaanse uiteensetting van die inhoud van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste word vervolgens bespreek en geëvalueer in terme van die Suid-Afrikaanse situasie.

6.4.2.1 Konkrete dienste

Konkrete dienste is een van die tipes dienste wat aan gesinne gelewer behoort te word. Hierdie dienste fokus op die tipes probleme wat in die omgewing aanwesig kan wees en 'n invloed op die gesin uitoefen, soos byvoorbeeld behuising (Maluccio, 2002:153) en sluit in die bied van **praktiese ondersteuning** (Ferguson, 2001:9). Konkrete dienste verwys veral na die voorsiening van **materiële goedere** of **finansiële bystand** aan die gesin om die nodige materiële goedere te bekom. Hierdie tipe dienste kan die reëlins vir vervoer, hulp met huishoudelike take, asook die verskaffing van basiese bronne soos kos, klere, en 'n skooling insluit (Cash & Berry, 2003:4; Maluccio, 2002:152,153; Cash, 2001:44; Ferguson, 2001:9; Fraser *et al.*, 1997:146).

Die **funksie** wat konkrete dienste vervul varieer na gelang van die stadium waarin die gesin verkeer in terme van die hulpverleningsproses. Wanneer konkrete hulp by die aanvang van dienslewering in die VSA gebied word, kan dit die onmiddellike krisis waarin die gesin verkeer verlig (Maluccio, 2002:153), aangesien dit gewoonlik die gebrek aan basiese bronne is wat die gesin onder die aandag van die kindersorgsisteem gebring het (Cash & Berry, 2003:4). Die voorsiening van konkrete hulp word ook beskou as die lewering van voor die handliggende kindersorgdienste, aangesien daar nie van 'n gesin verwag kan word om hulle verhoudingsvaardighede te ontwikkel en gedragsprobleme aan te spreek indien daar omgewingstressors teenwoordig is, soos byvoorbeeld 'n gebrek aan kos, klere en behuising nie (Maluccio, 2002:153; Cash & Berry, 2001:4; Littell & Tajima, 2000:430; Berry, 1997:145). Sommige programme in die VSA het om hierdie rede noodfondse om gesinne in hierdie verband by te staan (Berry, 1997:144).

Die **voordele** van konkrete dienslewering aan die gesin word sterk in die Amerikaanse literatuur (Maluccio, 2002:153; Cash & Berry, 2003:4; Berry, 1997:145), beklemtoon. Konkrete dienste dra by tot die daarstelling van 'n **werksverhouding** tussen die maatskaplike werker en die gesin. Die **aktiewe betrokkenheid** van die gesin by dienslewering word aangemoedig en in stand gehou, deur gesinne in kontak te bring met **netwerke** wat in die gemeenskap bestaan. 'n Verdere voordeel van konkrete ondersteuning is volgens Juby en Rycraft (2004:585) dat **instrumentele ondersteuning** aan die gesin gebied word, wat veral betekenisvol is vir gesinne wat in armoede lewe en 'n krisis beleef vanweë onvoldoende finansiële bronne. Deur konsekwent instrumentele ondersteuning aan hierdie gesinne te bied word daar van die stres wat ervaar word, soos honger verlig, wat tot beter funksionering kan lei en wat volgens Dawson en Berry (2002:300) die gesin in staat stel om meer effektief aan dienslewering deel te neem.

Die **aard** van die konkrete dienste wat deur maatskaplike werkers gelewer word is volgens skrywers (Cash, 2001:44; Berry, 1997:145,149,150; Smith, 1995:13) dat hulp hoofsaaklik verleen word met die instandhouding van die huishouding en die versorging van die kinders. Konkrete dienslewering vereis ook direkte hulp van die maatskaplike werker, soos om gebreke te vervang en meubels te bekom, inkopies te doen, asook die gesin by te staan met die ontwikkeling van tuisteskeppervaardighede, soos die beplanning en die voorbereiding van maaltye (Smith, 1995:13). In 'n program in Noord-Carolina het maatskaplike werkers aangedui dat hulle byvoorbeeld vir 'n uur lank 'n gesin in 'n kruidenierswarewinkel sou bystaan om bekostigbare, gesonde kos te identifiseer, 'n verdere uur in die huis sou spandeer om aan die moeder te wys hoe om 'n gesonde ete voor te berei en 'n verdere uur sou spandeer om toepaslike ouervaardighede te modelleer (Berry, 1997:145).

In Berry *et al.* (2000:197) se navorsing in die VSA is bevind dat die konkrete dienste wat hoofsaaklik deur maatskaplike werkers gelewer is, die tref van reëlins vir die vervoer van gesinslede was (64%), reëlins vir die versorging van kinders ook gereeld getref is (52%) en finansiële bystand en die verskaffing van kos (40%) deurlopend gedoen is. 'n Verdere belangrike aspek is dat **verwysings** deur die maatskaplike werker gedoen moet word na ander **gemeenskapsgebaseerde bronne** sodat verdere ondersteuning aan die gesin gebied kan word deur byvoorbeeld voedingsprogramme, skole en die AA (Thompson, 1995:150). Die inskakeling van die gesin by ander gemeenskapsbronne is baie belangrik, aangesien die korttermyn aard van intensiewe dienste, die lewering van aanvullende dienste om die gesin in stand te hou, noodsaaklik maak (Cash, 2001:51).

Die lewering van konkrete dienste is 'n belangrike aspek by verbruikersgerigte dienste, omdat gesinne se behoeftes dikwels konkreet is. Indien hierdie konkrete behoeftes nie deur die maatskaplike werker aangespreek kan word nie, vanweë organisasiebeleid of gebrekkige fondse, gaan 'n belangrike geleentheid om die gesin te help, verlore. Om hierdie redes moet 'n balans tussen die lewering van konkrete en terapeutiese dienste gevind word (Maluccio, 2002:154), aangesien dienste waar probeer word om die risiko vir die verwydering van kinders te verlaag, ook onder andere gerig moet wees op die verbetering van die fisiese aspekte van die huishouding en die ekonomiese stabiliteit van die gesin (Berry, 1997:145). Die deelname van ouers in programme blyk volgens Littell en Tajima (2000:426,428) hoër te wees wanneer 'n wye verskeidenheid konkrete dienste en voorspraakpogings deur die maatskaplike werker beskikbaar is. Voorspraak deur die maatskaplike werker het ook die samewerking van ouers by dienslewering verhoog.

Die lewering van konkrete en instaatstellende dienste het volgens Berry (1997:150,152,154) meer positiewe uitkomst vir gesinne in die VSA, as terapeutiese dienste. Indien die uitgangspunt van 'n gesinsinstandhoudingsprogram korttermyn en krisisgeoriënteerd is, is dit meer toepaslik om te fokus op die lewering van konkrete en instaatstellende of opvoedkundige dienste, as sterk terapeutiesgerigte dienste. Die verdere voordeel van die lewering van konkrete dienste is dat dit kan bydra tot groter gemotiveerdheid by die gesin om deel te neem aan terapeutiese dienste, nadat die gesinsituasie gestabiliseer het.

In terme van die **Suid-Afrikaanse situasie** is die implementering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste met betrekking tot die lewering van konkrete dienste soos hierbo beskryf, problematies. Aangesien Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers met hoë gevalleladings werk, is dit nie moonlik om 'n groot hoeveelheid tyd aan die lewering van konkrete dienste in die vorm van direkte hulp in die huis af te staan nie. Die lewering van konkrete dienste is egter noodsaaklik om die gesin in stand te hou en indien hierdie dienste nie gelewer word nie, kan dit bydra tot verwyderings, aangesien die gesin se huishoudelike situasie nie sal verander nie, tensy konkrete ondersteuning gebied word.

In Kruger (1996:122,123) se studie oor die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste in die Wes-Kaap is bevind dat maatskaplike werkers in die meeste gevalle konkrete hulp verleen het, deur byvoorbeeld kospakkies aan gesinne te verskaf. Finansiële bystand is ook gebied, maar slegs in 50% van die gevalle. Hulp is ook verleen met betrekking tot die verkryging van toelaes en huisvesting. Die minste hulp is verleen by die verskaffing van huishoudelike artikels soos byvoorbeeld klere, gordyne en toiletware. Konkrete dienste soos

om die gesin in die huis aktief te ondersteun deur hulle te help om huishoudelike take te vervul, is nie deur maatskaplike werkers gelewer nie. Die vraelys het nie voorsiening gemaak vir die bied van konkrete hulp in terme van die inskakeling by netwerke, of ondersteuningsdienste in die gemeenskap, soos byvoorbeeld tydelike dagversorging van die kinders nie, wat 'n belangrike aspek is wat aandag moet geniet by die lewering van enige gesinsinstandhoudingsdiens. Uit die bogenoemde wil dit voorkom asof beperkte konkrete dienste gelewer is.

In die verslag (Interministerial Committee on Young People at Risk, 1998:27,30) oor loodsprojekte wat in Suid-Afrika onderneem is, word verslag gedoen oor 'n intensiewe gesinsinstandhoudingsprojek wat onderneem is. In hierdie projek het die personeel bestaan uit twee maatskaplike werkers, twee gekwalifiseerde kinderversorgingswerkers en twee gemeenskapsfasiliteerders. Slegs 20 gesinne is geïdentifiseer om intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste te ontvang, wat daarop dui dat daar in hierdie loodsprojek ook met 'n klein gevallelading gewerk is. Die doel van die projek was om die verwydering van 20 kinders te voorkom en slegs vyf kinders is in die jaar wat die projek onderneem is, verwyder. Die resultate wat verkry is, dui wel op die effektiwiteit van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste, as die uitgangspunte soos hierbo beskryf, geïmplementeer word.

Uit die bestudering van hoe die projek geïmplementeer is, is 'n belangrike verskil met die Amerikaanse programme dat opgeleide kinderversorgers benut is om konkrete dienste te verrig, in plaas van maatskaplike werkers. Hierdie kinderversorgers is aangewend om kinders na die skool te vergesel, gesinne te help om mediese dienste te bekom, kinderversorging te doen, huiswerk in die huis te doen, asook as rolmodel vir die ouers op te tree as voorbeeld van hoe hulle teenoor hulle kinders moet optree. Gesinne is dus wel in kontak gebring met netwerke in die gemeenskap. Die aard van die dienste wat deur die kinderversorgers gelewer is, sou egter ook deur vrywilligers gelewer kan word, deur 'n tuisbesoekprogram te implementeer soos in hoofstuk 4 bespreek is. Sodoende word die gemeenskap se sosiale kapitaal uitgebou wat op die lang termyn positief kan inwerk op die gemeenskapslewe.

6.4.2.2 Opvoedkundige en instaatstellende dienste

Die tweede tipe diens wat ooreenkomstig die inhoud van intensiewe gesinsinstandhouding gelewer behoort te word, is opvoedkundige- en instaatstellende dienste. Opvoedkundige en instaatstellende dienste fokus op die ontwikkeling van positiewe ouerskap by die ouers, sowel as die bemagtiging van die gesin om hulle omgewing positief te beïnvloed en self bronne te benut (Berry, 1997:145). **Opvoedkundige dienste** fokus veral op vaardigheidsontwikkeling,

soos die verhoging van ouerskaps- en finansiële beplanningsvaardighede, asook die aanleer van lewensvaardighede soos kommunikasie- en probleemoplossingsvaardighede. Die verhoging van hierdie vaardighede moet bydra tot die daarstel van 'n meer positiewe huislike omgewing vir kinders (Dawson & Berry, 2002:298,299; Cash, 2001:44; Fraser *et al.*, 1997:145; Thompson, 1995:150). Opvoedkundige dienste hou ook verband met die bied van ondersteuning deur inligting te verskaf. Hierdie tipe ondersteuning word deur Juby en Rycraft (2004:585) as 'n belangrike vorm van ondersteuning aan gesinne wat in armoede lewe beskou, aangesien dit individue kan help om hulle krisis beter te verstaan en te hanteer. Amerikaanse navorsing (Cash & Berry, 2003:5; Berry *et al.*, 2000:198; Smith, 1995:13) dui aan dat die aard van opvoedkundige dienste wat deur maatskaplike werkers gelewer is, hoofsaaklik gerig was op oueropvoeding. Spesifieke aspekte wat aangespreek is, was die oordra van algemene opvoedkundige beginsels, die toepassing van effektiewe konsekwente dissipline, die aanleer van versorgingsvaardighede, asook die verskaffing van inligting oor gesinsbeplanning en volwasse skoolopleiding.

Instaatstellende dienste moet volgens Berry (1997:144) die gesin by informele ondersteuningsbronne soos hulle uitgebreide gesin inskakel, of gesinne in staat stel om vriendskappe in die gemeenskap te sluit wat in die toekoms as 'n ondersteuningsbron kan dien. Juby en Rycraft (2004:585) dui aan dat sosiale kameraadskap by gesinne wat in armoede lewe aangemoedig moet word, deur hulle by bronne in die gemeenskap in te skakel, sodat hulle gemeenskapslede kan ontmoet wat hulle instaat stel om hulle informele netwerke uit te brei. In die lig van die feit dat sosiale isolasie as 'n eienskap van hoërisiko-gesinne vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou word (Kotch *et al.*, 1999:313; Alberraccin *et al.*, 1997:614; Polanski *et al.*, 1985:46), moet die uitbreiding van die informele netwerke van die gesin, as net so belangrik beskou word as om ouers se versorgingsvaardighede en selfbeeld te verhoog (Berry, 1997:144).

In die intensiewe gesinsinstandhoudings loodsprojek (Interministerial Committee on Young People at Risk, 1998:27,30) wat in **Suid-Afrika** onderneem is was 'n deel van die opgeleide kinderversorgers se taak om die gesin se informele netwerke met hulle uitgebreide gesin, asook die gemeenskap te versterk, sodat hulle in die toekoms in staat sal wees om krisis te hanteer deur die sosiale ondersteuningsbronne wat opgebou is, te benut. Hulle het ook programme in seksualiteit aan die kinders van hierdie hoërisiko-gesinne aangebied, sowel as ouers se kennis oor ouerleiding uitgebrei. Kinderversorgers het dus opvoedkundige, sowel as instaatstellende dienste aan die gesinne gelewer. In terme van die Suid-Afrikaanse situasie kan 'n goed gevestigde tuisbesoekprogram soos reeds in hoofstuk 4 beskou is, bydra om die

gesin se netwerke uit te brei, aangesien die doel van die tuisbesoeker is om as 'n informele bron van ondersteuning vir die gesin op te tree, asook die gesin by te staan in die benutting van bronne in die gemeenskap. Kinderversorgers sou vanweë hulle opleiding dus meer spesifiek aangewend kan word om meer gespesialiseerde opvoedkundige en instaatstellende dienste te verrig, soos om seksualiteitsprogramme aan te bied, asook ouerleiding te doen. Gemeenskapsgebaseerde vrywilligers (tuisbesoekers) kan benut word om meer algemene konkrete take te verrig, soos om die gesin by te staan om huiswerk te doen en as vriend op te tree.

Indien dit nie moontlik is om die gesin se informele ondersteuningsbronne uit te brei nie, moet dienslewering sterker gerig word op die inskakeling van die gesin by meer formele ondersteuningsbronne. Formele sosiale ondersteuning vorm 'n verdere belangrike deel van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste en behels dat die gesin bemagtig word om kontak te maak en in te skakel by bestaande programme in die **organisasie** of in die **gemeenskap**, wat ondersteuning kan bied (Berry, 1997:144,145). Die doel van inskakeling by programme en gemeenskapsgebaseerde instansies is hoofsaaklik sodat daar aanvullende en deurlopende ondersteuning aan die gesin gebied kan word (Cash, 2001:51). Hierdie tipe programme kan die benutting van dagsorgsentrums en skole insluit, asook inskakeling by weeklikse ondersteuningsgroepe en voortgesette volwasse onderrig, soos byvoorbeeld dagversorgingsentrusms en weeklikse ondersteuningsgroepe (Berry, 1997:145).

Ten opsigte van die inskakeling van die gesin by semi-formele en formele ondersteuningsbronne sou opgeleide kinderversorgers of vrywilligers in Suid-Afrika benut kan word om ouers te vergesel na die diens, asook reëlings te tref vir hulle inskakeling by die betrokke diens. 'n Aspek wat die inskakeling van gesinne by bestaande bronne in die gemeenskap beïnvloed is die feit dat daar dikwels in Suid-Afrika beperkte ondersteuningsbronne in gemeenskappe bestaan wat die sukses van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienslewering, beïnvloed. Verder dui Van den Berg en Weyers (2004:351) se navorsing daarop dat daar 'n gebrek aan deurlopende gemeenskapswerkprojekte by die organisasies wat in hulle studie betrek is, bestaan het. Gesien in die lig van die voorafgaande, behoort maatskaplike werkers in Suid-Afrika veral te probeer om vanuit 'n ontwikkelingsgerigte perspektief bronne te skep en programme te implementeer wat deurlopende gesinsondersteuning bevorder, soos byvoorbeeld dagversorging en ouerleidingsgroepe, wat onder andere in hoofstuk 5 beskou is, aangesien hierdie bronne benodig word vir die lewering van effektiewe gesinsgesentreerde of vroeë intervensiedienste.

6.4.2.3 *Terapeutiese dienste*

Terapeutiese dienste is die derde tipe diens wat as deel van intensiewe gesinsinstandhoudings-dienste gelewer behoort te word. Skrywers (Dawson & Berry, 2002:298,299; Berry, 1997:143,144) dui aan dat vanweë die korttermyn aard van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste daar gewoonlik nie voorsiening gemaak word vir die lewering van werklike terapeutiese, of sagte dienste soos byvoorbeeld gesinsberaad nie. Aangesien daar vanuit 'n ekologiese perspektief gewerk word, word daar eerder sterker gefokus op die modellering van lewensvaardighede, soos ouerskapsvaardighede en kommunikasie- en onderhandelingsvaardighede, wat tot 'n meer positiewe huislike omgewing, kan bydra. Die ontwikkeling van hierdie vaardighede moet ouers ook bemagtig om meer effektief met ander persone en instansies in hulle omgewing te kommunikeer, soos byvoorbeeld onderwysers, bure, familielede en maatskaplike werkers.

Volgens Maluccio (2002:153) verwys terapeutiese dienste na assessering, berading en gesinsopvoeding en is hierdie dienste nou verwant aan instaatstellende dienste, omdat dit die gesin in kontak bring met bronne in die gemeenskap. In die navorsing wat Cash en Berry (2003:13) onderneem het, is terapeutiese of kliniese dienste beskou as berading, krisisintervensie en die bied van emosionele ondersteuning. Hierdie skrywers verwys na Littell (1991) se navorsing waar bevind is dat die terapeutiese dienste wat die meeste bygedra het tot doelbereiking, onder andere gerig was op die oplos van probleme soos die vermindering van konflik, die verandering van probleemgedrag en die verhoging van die effektiwiteit van ouerskap.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat maatskaplike werkers by die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste, soos Berry (1997) tereg noem, hoofsaaklik konsentreer op die ontwikkeling van vaardighede, soos byvoorbeeld konflikhantering, probleemoplossing, en ouerskapsvaardighede. Vanweë die korttermyn aard van die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste word langer-termyn terapeutiese dienste, soos byvoorbeeld gesinsberaad en middelmisbruik berading, nie gelewer nie.

In die intensiewe gesinsinstandhoudings loodsprojek (Interministerial Committee on Young People at Risk, 1998:27,30) wat in Suid-Afrika onderneem is, was die maatskaplike werkers hoofsaaklik betrokke by die bestuur van die gevallelading. Gevallelading-bestuur het behels dat maatskaplike werkers toepaslike intervensieplanne ontwikkel en geïmplementeer het, as tussenganger tussen dienste opgetree het, die vordering wat gemaak is, geëvalueer het, asook die span op grondvlak gekoördineer het. Die aard van terapeutiese dienste wat deur

maatskaplike werkers gelewer is, is nie duidelik nie, maar geen melding word gemaak van enige berading wat gelewer is nie. Aangesien maatskaplike werkers binne die Suid-Afrikaanse opset gewoonlik met hoë gevalleladings werk, sou hulle kliniese vaardighede eerder aangewend kan word om assessering te doen, asook meer terapeutiese gevallewerkdienste in terme van berading te onderneem, soos byvoorbeeld gesinsberaad en alkoholberaad. Kinderversorgers en vrywilligers sou in so 'n situasie aangewend kan word om sterker op die lewering van konkrete en instaatstellende dienste te konsentreer.

6.5 GESINSGESENTREERDE TERAPEUTIESE DIENSTE

Gesinsgesentreerde dienste word soos reeds vroeër in die hoofstuk beskryf, beskou as **berading** en **opvoedkundige dienste** wat beskikbaar moet wees vir gesinne wat probleme ervaar om te voorkom dat die gesin se probleem in 'n krisis ontwikkel. Hierdie dienste behels **langtermyn kantoor- of tuisgebaseerde dienste**, maar kan ook **korttermyn kantoor-gebaseerd** wees. Die gesin word soos by intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste beskou as die eenheid van verandering en intervensie bestaan uit terapeutiese dienste soos berading, en/of opvoedkundige- en instaatstellende dienste, soos die vaardigheidsontwikkeling van gesinslede. Konkrete dienste soos byvoorbeeld om hulp aan die gesin te bied met die verkryging van behuising, die voorsiening van kos en klere en die tref van reëlins vir die inskakeling by lewensvaardigheidsprogramme, word ook gelewer.

Alhoewel die aard van intensiewe en gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste oorvleuel, is die belangrikste verskil dat intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste korttermyn van aard is (maksimum ses maande) en dat dit hoofsaaklik in die huis gelewer word, teenoor gesinsgesentreerde dienste, wat langer termyn van aard is en aan gesinne gelewer word waar daar nie 'n onmiddellike krisis oor die verwydering van die kinders bestaan nie. Hierdie dienste is daarom minder intensief, maar word gelewer omdat die situasie in die gesin nie stabiel is nie en daar wel 'n risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan (Cash & Berry, 2003:13; Maluccio *et al.*, 2002:146,147; Berry, 1997:79; Tunstill, 1996:157; Pecora *et al.*, 1995:79,80; Tracy, 1995:974).

Thompson (1995:154) beklemtoon die feit dat intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste slegs die verwydering van 'n kind kan voorkom, maar dat hierdie gesinne kwesbaar bly en daarom langer-termyn beradingsdienste nodig, nadat intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste getermineer is. Langer-termyn beradingsdienste maak daarom ook voorsiening vir die lewering van **lang termyn terapeutiese dienste** soos **gesinsberaad** en **alkoholberaad**,

afgesien van die opvoedkundige en konkrete dienste wat steeds aan die gesin gelewer moet word.

6.5.1 Noodsaaklikheid van langtermyn gesinsgesentreerde terapeutiese dienste

Die noodsaaklikheid vir die lewering van langtermyn gesinsgesentreerde formele terapeutiese dienste deur maatskaplike werkers in Suid-Afrika, moet in verband gebring word met die eienskappe en probleme wat in gesinne en gemeenskappe aanwesig is. Die probleme wat gesinne in Suid-Afrika ervaar is ooreenkomstig die ekologiese perspektief in hoofstuk 2 beskou. Hiervolgens is armoede geïdentifiseer as een van die grootste maatskaplike probleme wat gesinne se funksionering beïnvloed.

Die voorkoms van **armoede** in gesinne en gemeenskappe word as 'n belangrike risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing beskou, soos reeds in hoofstuk 2 beskryf. Alhoewel armoede op grootskaalse vlak in Suid-Afrika voorkom, is daar tans nie navorsingsresultate wat aandui watter vorms van mishandeling meer voorkom as ander nie. Armoede word as sterker verbandhoudend met die verwaarlosing van kinders, as fisieke mishandeling (Weissman *et al.*, 2003:1159; Maluccio *et al.*, 2002:44; Burke *et al.*, 1998:396) of seksuele mishandeling (Brown *et al.*, 1998:1075; Drake & Pandey, 1996:1012) beskou. Die voorkoms van enige vorm van mishandeling blyk egter hoër te wees in gemeenskappe waar armoede voorkom (Brown *et al.*, 1998:1075).

In Amerika is die verwaarlosing van kinders die algemeenste vorm van kindermishandeling wat by kinder- en gesinsorgorganisasies aangemeld word. Die armoede wat hierdie gesinne beleef is gewoonlik langtermyn van aard, terwyl daar dikwels 'n verskeidenheid van ander probleme by die **ouers** voorkom, soos **middelmisbruik, gesinsgeweld**, asook 'n **geskiedenis van mishandeling en verwaarlosing** wat hulle in hulle gesin van oorsprong ervaar het. Die **kinders** in hierdie gesinne word dikwels blootgestel aan geweld, word nie voldoende versorg nie en het 'n chaotiese gesinslewe. Kroniese verwaarlosing van kinders kan tot gedragsprobleme aanleiding gee, soos byvoorbeeld om in 'n klaskamersituasie aan te pas omdat hulle intellektuele vermoëns deur armoede en verwaarlosing in hulle vroeë kinderjare, benadeel is (Wilson & Horner, 2005:472,478).

Die effektiwiteit van dienslewering word ook beïnvloed, aangesien Littell en Tajima (2000:429) in die VSA bevind het dat ouers se deelname aan dienslewering swakker is, wanneer probleme soos kroniese kinderverwaarlosing, ernstige tekorte in kinderversorgingsvaardighede en onvoldoende behuising by gesinne voorkom. Die kroniese aard van verwaarlosing kan volgens Berry *et al.* (2000:202) nie deur korttermyn intensiewe

gesinsinstandhoudingsdienste aangespreek word nie. Hierdie siening stem ooreen met ander Amerikaanse skrywers (Cash & Berry, 2003:22; Cash, 2001:51; Thompson, 1995:154) se siening oor die lewering van korttermyn intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste, naamlik dat die impak van maatskaplike probleme wat verband hou met armoede, werkloosheid, gesondheid en sosiale ongelykheid te groot is op kinders en gesinne, dat dit deur die lewering van hierdie dienste alleen, aangespreek kan word. Wilson en Horner (2005:476) ondersteun hierdie uitgangpunt deur die siening te huldig dat gesinne waar kinderverwaarlosing voorkom, vir ten minste 12 maande dienste moet ontvang. Dawson en Berry (2003:308) dui aan dat ouers wat hulle kinders verwaarloos, 'n wye verskeidenheid probleme ondervind en dat dienslewering aan hierdie gesinne langer en meer omvattend behoort te wees.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat wanneer kroniese armoede in gesinne voorkom, langer-termyn gesinsgesentreerde dienste gelewer moet word, nadat die krisissituasie in die gesin gestabiliseer is. Dienste sal ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsgesentreerde dienste steeds gerig word op die lewering van konkrete, opvoedkundige en ondersteunende dienste, maar aandag moet ook gegee word aan die lewering van sterker terapeutiese dienste, soos byvoorbeeld alkoholberaad en gesinsberaad.

Vanweë die omvang van armoede, werkloosheid en gebrekkige opleiding van gesinne in **Suid-Afrikaanse** lae-inkomste gemeenskappe, kan daar aanvaar word dat 'n groot hoeveelheid van die gesinne wat by kinder- en gesinsorgorganisasies inskakel dienste ontvang, as gevolg van die verwaarlosing van kinders. Die noodsaaklikheid van langer-termyn dienste aan gesinne in Suid-Afrika waar kinderverwaarlosing voorkom, word uit die bogenoemde bespreking bevestig, aangesien daar waarskynlik by hierdie gesinne ook huishoudelike geweld en middelmisbruik voorkom, wat maatskaplike werkers verplig om kinderbeskermingsdienste te lewer.

Soos reeds in hoofstuk 4 genoem, beskou September en Blankenberg (2004:28) die rol en taak van die maatskaplike werker by die lewering van kinderbeskermingsdienste in Suid-Afrika om sterk te fokus op die koördinerende van dienste, asook op die lewering van **terapeutiese dienste** aan die gesin, kind en oortreder. Indien hierdie terapeutiese dienste nie self gelewer kan word nie, moet verwysings na ander instansies wat die dienste kan lewer, gemaak word, terwyl gesinne ook ingeskakel moet word by bronne en ondersteuningsdienste in die gemeenskap. Die rol en taak van maatskaplike werkers is dus sterk gerig op die benutting of inisiëring van dienste en bronne om die gesin instand te hou, aangesien verwydering as die laaste uitweg beskou word.

Hieruit kan afgelei word dat die rol en taak van die maatskaplike werker by kinder- en gesinsorgorganisasies deur hierdie bogenoemde skrywers hoofsaaklik beskou word as die van 'n kundige in assessering, ten einde die gesin in te skakel by toepaslike bronne in die gemeenskap. Die probleem is egter dat daar dikwels nie formele gemeenskapsbronne bestaan om die terapeutiese dienste te lewer nie, terwyl maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies vanweë hoë gevalleladings moontlik nie oor voldoende tyd beskik om intensiewe krisisdienste of langer-termyn gesinsgesentreerde, of terapeutiese dienste te lewer nie. Hierdie situasie kan beteken dat hoërisiko-gesinne in lae-inkomste gemeenskappe min terapeutiese dienste ontvang om probleme soos middelmisbruik, huishoudelike geweld en verhoudingsprobleme te oorkom.

Die gevolg is dat die bestaande dienste nie werklik aan gesinne uit agtergestelde gemeenskappe die geleentheid bied om hulle probleme te oorkom nie en kinders waarskynlik verwyder word vanweë gebrekkige terapeutiese dienste, en gebrek aan ander gemeenskapsbronne en dienste, wat moet verseker dat die kind beskerm word. Hierdie situasie is in stryd met die uitgangspunt van die Geïntegreerde Diensleweringsmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29), aangesien terapeutiese dienste volgens hierdie model so vroeg as moontlik aan hoërisiko-gesinne gelewer moet word, om statutêre dienste te voorkom.

6.5.2 Aard van langtermyn gesinsgesentreerde terapeutiese dienste

Ten opsigte van die aard van langtermyn gesinsgesentreerde terapeutiese dienste aan hoërisiko-gesinne, word daar veral gekonsentreer op die tipes probleme wat spesifiek langer-termyn intervensie deur 'n maatskaplike werker benodig. Skrywers (Cash & Berry, 2003:13; Maluccio, 2002:153; Smith, 1995:15) is dit eens dat hoërisiko-gesinne by individuele berading ingeskakel moet word. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word daar veral gekonsentreer op die feit dat individuele berading beskikbaar moet wees aan hoërisiko-gesinne waar **huishoudelike geweld** en **middelmisbruik** voorkom, aangesien die aard van hierdie probleme nie deur korttermyndienste, of slegs deur die inskakeling van gesinslede by opvoedkundige en ander ondersteuningsnetwerke, opgelos sal word nie. Die voorkoms van hierdie probleme vereis ook volgens ander skrywers (Semidei, Feig Radel & Nolan, 2001:12) langer-termyn intervensie. Individuele berading ten opsigte van huishoudelike geweld en middelmisbruik berading word vervolgens meer omvattend in terme van die Suid-Afrikaanse situasie beskou.

6.5.2.1 *Individuele berading: huishoudelike geweld*

Die noodsaaklikheid dat individuele berading beskikbaar moet wees vir hoërisiko-gesinne in Suid-Afrika kan gemotiveer word deur die feit dat daar 'n hoë voorkoms van **huishoudelike geweld** in Suid-Afrikaanse gesinne is. Een uit elke agt vroue in Suid-Afrika word deur haar lewensmaat mishandel (State of South Africa Population Report, 2000:56). Huishoudelike geweld is in verskeie studies (Hazen *et al.*, 2004:314; Jones, Gross & Becker, 2002:413; Rumm *et al.*, 2000:1380; Tajima, 2000:1396; Brown *et al.*, 1998:1075) as verbandhoudend met kindermishandeling en -verwaarlosing, bewys. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat maatskaplike werkers by welsynsorganisasies in Suid-Afrika gereeld in hulle gevallelading met gesinne behoort te werk waar daar 'n voorkoms van huishoudelike geweld is. Hierdie aspek is spesifiek van belang in intervensie, aangesien kinders nie as veilig in 'n huishouding beskou kan word as die voorkoms van huishoudelike geweld nie aangespreek word nie.

Ten opsigte van huishoudelike geweld dui navorsing wat deur Jones *et al.* (2002:408,413,414) in die VSA onderneem is, daarop dat daar by moeders wat die slagoffers van huishoudelike geweld, 'n hoër voorkoms van **middelmisbruik** is, dat hulle self die slagoffer van kindermishandeling was, asook self 'n oortreder met betrekking tot kindermishandeling en -verwaarlosing is. Hierdie moeders is dikwels werkloos en woon in ontoereikende, of onveilige behuising. Meer as die helfte van die versorgers van kinders wat by hierdie studie betrek is, het 'n middelmisbruik probleem op een of ander tyd in hulle lewens gehad. Die fokus van kinderbeskermingsdienste wat deur maatskaplike werkers by hierdie gesinne gelewer is, was hoofsaaklik gerig op die beskerming van die kinders. Daar is nie in intervensie aandag gegee aan die aanspreek van huishoudelike geweld nie, maar instansies wat in die gemeenskap bestaan het, is wel betrek by dienslewering in hierdie verband.

Amerikaanse skrywers (Jones *et al.*, 2002:414; Semidei *et al.*, 2001:12) is dit eens dat daar 'n interafhanklikheid tussen middelmisbruik en huishoudelike geweld bestaan. Kruger (1996:31) se studie in die Wes-Kaap het aangedui dat middelmisbruik deur ouers by 64% van die gevalle as die rede vir verwydering van die kinders aangedui is, maar huishoudelike geweld is nie as 'n bydraende faktor in die vraelys aangedui nie en is ook nie as 'n verdere rede vir die verwydering van kinders deur maatskaplike werkers geïdentifiseer nie. Aangesien middelmisbruik meer gereeld voorkom wanneer huishoudelike geweld voorkom, asook dat daar in Suid-Afrika 'n hoë voorkoms van huishoudelike geweld en middelmisbruik is, ontstaan die vraag of maatskaplike werkers in Suid-Afrika hierdie aspek nie assesser nie, of nie as belangrik genoeg beskou vir die verwydering van kinders nie. Aspekte wat verder in

hierdie verband bespreek word is die identifisering en assessering van die voorkoms van huishoudelike geweld, asook intervensie en die opleiding van maatskaplike werkers.

(a) Identifisering en assessering van huishoudelike geweld

Jones *et al.* (2002:407) is van mening dat dit noodsaaklik is dat maatskaplike werkers wat kindersorgdienste lewer, bewus is van die verband tussen huishoudelike geweld en die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing, om hulle in staat te stel om die voorkoms van huishoudelike geweld akkuraat te identifiseer. Hierdie identifisering is noodsaaklik om die veiligheidsrisiko vir die lewensmaat wat mishandel word en veral die kinders, te bepaal. Dit stel die maatskaplike werker in staat om toepaslike veiligheidsplanne vir alle betrokke partye in plek te stel. Volgens Postmus en Ortega (2005:488,489) is dit ook belangrik dat maatskaplike werkers tydens assessering die verband tussen die voorkoms van substansmisbruik en huishoudelike geweld in ag neem. Die assessering van die voorkoms van substansmisbruik is 'n roetine taak vir maatskaplike werkers in die kindersorgsisteem, maar dit is belangrik dat die moontlikheid van die voorkoms van huishoudelike geweld raakgesien word wanneer middelmisbruik teenwoordig is, maar daar ook nie net aanvaar word dat dit wel teenwoordig is nie.

Sommige skrywers (Browne, Falshaw & Dixon, 2002:320) huldig die siening dat maatskaplike werkers kinders dikwels verwyder wanneer huishoudelike geweld voorkom, omdat hulle meen dat die moeder die kinders in 'n risikosituasie plaas om beseer te word, vanweë haar betrokkenheid by 'n gewelddadige persoon. Gebrekkige opleiding by maatskaplike werkers oor die hantering van huishoudelike geweld, veroorsaak dat die kinders verwyder kan word as die moeder nie die oortreder wil verlaat nie (Postmus & Ortega, 2005:488,489). Daar moet egter in gedagte gehou word dat die moeder self 'n slagoffer van fisieke of seksuele aanranding kan wees en daarom nie in 'n posisie is om haarself te beskerm nie (Browne *et al.*, 2002:320). In hierdie verband meen Stanley (1997:140) dat hierdie moeders in 'n uiters moeilike posisie geplaas word, omdat daar van hulle verwag word om die kinders te beskerm, die maatskaplike werker gelukkig te hou en ook die mishandeling te hanteer.

Postmus en Ortega (2005:483,484,489) beklemtoon die feit dat kinders nie verwyder kan word uit gesinne waar die moeder die slagoffer van huishoudelike geweld is nie. Hulle beskryf 'n hofsak (Nicholson v. Scoppett, New York City, 2002) waar die regter beslis het dat die kinderbeskermingsorganisasie nie 'n moeder as onbevoegd kan verklaar as sy deur haar lewensmaat mishandel word nie en daarom nie die kinders uit die sorg van die moeder

kan verwyder nie. Die regter het beslis dat alle kindersorgwerknemers opleiding moet ontvang om begrip vir huishoudelike geweld te ontwikkel, asook onder andere oor hoe om die moeder en die kinders te beskerm.

In hierdie verband beklemtoon Browne *et al.* (2002:321,322) die noodsaaklikheid dat daar meer navorsing gedoen word oor die patrone van huishoudelike geweld in gesinne om maatskaplike werkers in staat te stel om huishoudelike geweld spesifiek te assesser en toepaslike intervensieplanne te ontwikkel. Sodoende kan daar bepaal word of dit slegs die vader is wat potensieel die kinders kan mishandel, of albei ouers. Hulle benut Dixon en Browne (2002) se uiteensetting van die patroon van huishoudelike geweld in gesinne. Hiervolgens kan drie verskillende patrone onderskei word, wat vervolgens uiteengesit word.

'n Patroon van **wedersydse huishoudelike geweld** bestaan wanneer die moeder gewelddadig reageer in reaksie op die mishandeling van die man. In hierdie omstandigheid beskik beide ouers oor die potensiaal om gewelddadig teenoor die kinders op te tree. Indien die kinders nie fisiek mishandel word nie, word hulle wel emosioneel mishandel, omdat hulle die toeskouers is van die wedersydse geweld. By hierdie gesinne behoort albei ouers beskou te word as oortreders en albei moet by intervensie betrek word.

Hiërargiese huishoudelike geweld kom voor wanneer daar 'n hiërargie bestaan wat beteken dat die man, of die vader gewelddadig teenoor die moeder optree, wat tot gevolg het dat die moeder gewelddadig teenoor die kinders optree. Sy tree egter nie gewelddadig teenoor die vader, of die lewensmaat op nie. In sommige gevalle kan dit ook voorkom dat die vader gewelddadig teenoor die kinders optree. Vir die doeleindes van intervensie behoort die vader as die hoof oortreder beskou te word en die moeder as 'n slagoffer sowel as 'n oortreder.

Paterne huishoudelike geweld hou in dat die vader, of die man, die moeder as afhanklik van hom beskou. Haar status word as dieselfde as die kinders s'n gesien. Die kinders beskou die ma as net so magteloos soos hulle en kan in sommige gevalle ook mishandelend teenoor haar begin optree. In hierdie situasie moet die moeder as die slagoffer beskou word en in intervensie ondersteun word.

Uit die bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat maatskaplike werkers kennis benodig om die voorkoms, asook patroon van huishoudelike geweld in 'n gesin akkuraat te assesser. Sodoende kan die veiligheidsrisiko vir die kinders meer akkuraat bepaal word en toepaslike en effektiewe intervensieplanne ontwikkel word.

(b) Intervensie en opleiding ten opsigte van huishoudelike geweld

Intervensie ten opsigte van huishoudelike geweld behoort individueel en in groepsverband plaas te vind (Jones *et al.*, 2002:411), asook op gemeenskapsvlak (Spath, 2003:512,513,514; Lightburn & Kemp, 1994:22). Ten opsigte van **individuele berading** met betrekking tot huishoudelike geweld beklemtoon skrywers (Irwin & Waugh, 2007:321; Postmus & Ortega, 2005:489; Spath, 2003:512; Stanley, 1997:141) die feit dat maatskaplike werkers **opleiding** moet ontvang oor die assessering van huishoudelike geweld, asook die ontwikkeling van toepaslike **sensitiewe intervensieplanne**, wat die veiligheid van die kinders waarborg.

In hierdie opleiding moet veral gefokus word op die teorie onderliggend aan huishoudelike geweld, die benutting van assesseringshulpmiddels, asook op die implementering van toepaslike intervensiestrategieë (Spath, 2003:512,513,514). Anti-rassistiese- en anti-diskriminerende perspektiewe behoort ook in die opleiding van maatskaplike werkers aandag te geniet (Humphreys, 1999:84). Dit is verder belangrik dat maatskaplike werkers in die assesseringsfase sterker daarop konsentreer om die ouer wat die grootste risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing is, te identifiseer. Indien die man of die vader die grootste risiko-faktor in die gesin is, moet daar in intervensie op hom gefokus word. Indien die assessering van die gesin daarop dui dat dit die moeder is wat die kinders mishandel, moet die feit dat dit as 'n reaksie op mishandeling deur die man kan voorkom, in gedagte gehou word. In hierdie gevalle moet daar weer eens sterker gekonsentreer word op dienslewering aan die man, eerder as op die moeder.

Maatskaplike werkers behoort in hulle dienslewering, waar toepaslik, te fokus op die vaders of die mans, en op die openbaarmaking en ondersoek van hulle gewelddadige optrede. Indien dit nie gedoen word nie, word daar groot druk, wat onhanteerbaar kan wees op die moeders wat hulle in hierdie situasie bevind, geplaas. Kinderbeskermingsdienste in sulke omstandighede is op die ergste, onderdrukkend en op sy beste, oneffektief. Die implikasie is egter dat indien dienste ook moet fokus op mans, daar aandag gegee moet word aan die opleiding van maatskaplike werkers en die skep van hulpbronne vir kinder- en gesinsorgwerkers (Stanley, 1997:141).

Ten opsigte van gemeenskapswerkprojekte moet daar in die opleiding van maatskaplike werkers gekonsentreer word op wat die inhoud van die program vir projekte rakende huishoudelike geweld behoort te wees (Spath, 2003:512,513,514; Lightburn & Kemp, 1994:22). Vanweë die hoë voorkoms van huishoudelike geweld in gesinne en die korrelasie

met kindermishandeling en -verwaarlosing, is dit verder ook belangrik dat opleidingsinstansies aan hierdie korrelasie in die kurrikulum aandag gee (Spath, 2003:512,513,514).

'n Belangrike aspek in terme van die **Suid-Afrikaanse situasie** is dat die voorkoms van huishoudelike geweld by gesinne 'n probleem is wat in gevallewerk aangespreek moet word deur berading. Huishoudelike geweld is nie 'n gesinsprobleem wat opgelos kan word deur die ouers slegs in te skakel by oueropvoedingsprogramme, tuisbesoekprogramme of die kinders by dagversorgingsfasiliteite nie. Die laasgenoemde gemeenskapsbron kan wel benut word om die kinders se omstandighede te monitor. Maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in Suid-Afrika moet dus as deel van gesinsgesentreerde terapeutiese dienste aandag gee aan berading met betrekking tot die hantering van huishoudelike geweld, indien daar nie ander organisasies in die gemeenskap is wat hierdie diens lewer nie. Die voorkoms en hantering van huishoudelike geweld in 'n gesin behoort uitgeklaar te word, sodat daar verseker kan word dat die kinders veilig is, voordat dienste getermineer word.

6.5.2.2 Middelmisbruik berading

Ouers wat middels misbruik behoort aktief betrek te word by middelmisbruik beradingsdienste, aangesien die voorkoms van **middelmisbruik** in die literatuur (Dong *et al.*, 2004:778; Young, Wingfield & Klemper, 2001:103; Semidei *et al.*, 2001:125) as 'n belangrike faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing beskou word. Wanneer middelmisbruik by die ouer of ouers voorkom, is daar gewoonlik 'n verskeidenheid van ander **probleme** in die gesin aanwesig, soos **huishoudelike geweld**, **finansiële en behuisingsprobleme**, terwyl die gesin ook in **gevaarlike omgewings** woonagtig is (Semidei *et al.*, 2001:12; McAlpine, Courts Marshall & Harper Doran, 2001:133). Die voorkoms van hierdie probleme stel groot uitdagings aan gesinsorgorganisasies, omdat hierdie gesinne langer-termyn dienslewering benodig, wat gevalleladings verhoog (Semidei *et al.*, 2001:12), aangesien die voorkoms van verwaarlosing en middelmisbruik, waarskynlik dienslewering vir verskeie jare benodig (Wilson & Horner, 2005:476). Vanweë die onvoorspelbaarheid van die ouers se gedrag wanneer hulle onder die invloed van middels is, is dit dikwels moeilik om die risiko vir die kinders om in die gesin te bly, akkuraat te bepaal (Semidei *et al.*, 2001:12).

(a) Middelmisbruik berading en kinder- en gesinsorgdienste

Middelmisbruik beradingsdienste en kinder- en gesinsorgdienste moet beskou word as oorvleuelende diensleweringareas. Hierdie twee areas waarin dienste gelewer word funksioneer tradisioneel relatief afsonderlik van mekaar in die VSA, aangesien die instansies wat hierdie dienste lewer, dikwels die feit ignoreer dat hulle waarskynlik dieselfde

kliëntebasis deel (Tracy & Farkas, 1994:57). Skrywers (Semidei *et al.*, 2001:113; McAlpine *et al.*, 2001:130) is van mening dat die kompleksiteit van die probleme wat gesinne ondervind waar middelmisbruik voorkom, terapeutiese dienste vereis wat nie deur kindersorgwerkers gelewer kan word nie, aangesien maatskaplike werkers wat kindersorgdienste lewer nie altyd oor die kliniese agtergrond beskik om middelmisbruik en die gepaardgaande huishoudelike geweld, te hanteer nie. Volgens McAlpine *et al.* (2001:146) is die kinders van ouers wat middels misbruik, gewoonlik langer in pleegsorg. Hierdie skrywers spekuleer dat die redes hiervoor tweeledig kan wees. Eerstens word die feit dat middelmisbruik berading langer-termyn dienste vereis, as 'n moontlike rede geïdentifiseer. 'n Tweede rede is dat die intervensie ten opsigte van die hantering van middelmisbruik gebrekkig is en daarom tot langer pleegsorgplasings aanleiding kan gee.

In Suid-Afrika is daar 'n hoë voorkoms van maatskaplike probleme by ouers wat middels misbruik, wat ook gesinne se sosiale netwerke beïnvloed (Department of Social Development, 2004a:25). In die navorsing wat Kruger (1996:31) onderneem het, het maatskaplike werkers aangedui dat die voorkoms van middelmisbruik by 64% van die gevalle die hoofrede was waarom die kinders verwyder is. Aangesien maatskaplike werkers in Suid-Afrika soos reeds genoem met hoë gevalleladings werk, bestaan die moontlikheid dat hulle ook nie oor voldoende tyd beskik om intensiewe beradingsdienste ten opsigte van middelmisbruik te lewer nie. Spesifieke vereistes ten opsigte van voorgraadse opleiding oor die hantering van middelmisbruik word nie deur die Standaard Genererende Liggaam gestel nie, alhoewel die meeste opleidingsinstansies waarskynlik 'n kursus in middelmisbruik berading aanbied.

Hierdie situasie kan tot gevolg hê dat maatskaplike werkers by kinder- en gesinsorgorganisasies, vanweë hoë gevalleladings eerstens nie oor voldoende tyd beskik om intensiewe middelmisbruik beradingsdienste te lewer nie, en tweedens moontlik nie oor genoegsame opleiding beskik om hierdie intervensie effektief te doen nie. Die verwydering van kinders sou 'n logiese uitvloeisel van hierdie situasie kon wees, aangesien die risiko vir die veiligheid van die kinders in gesinne waar middelmisbruik voorkom, nie onomwonde bepaal kan word nie.

(b) Samewerking tussen instansies

Daar bestaan 'n behoefte aan die vorming van sterk vennootskappe of samewerking tussen gesinsorgorganisasies en ander organisasies in die gemeenskap wat middelmisbruikdienste lewer (McAlpine *et al.*, 2001:131,132; Semidei *et al.*, 2001:113,114). Hierdie behoefte bestaan hoofsaaklik omdat gesinne waar middelmisbruik voorkom, intervensie benodig wat

nie primêr aangespreek kan word deur algemene berading, oerleiding en tuisbesoekdienste (Semidei *et al.*, 2001:113,114). Samewerking tussen **kinder- en gesinsorginstansies en instansies wat middelmisbruik beradingsdienste** lewer is noodsaaklik, indien daar werklik aan gesinne die geleentheid gegee wil word om te herstel en aan kinders die geleentheid gebied wil word om in veilige omstandighede groot te word (McAlpine *et al.*, 2001:131,132). Alhoewel hierdie behoefte bestaan is die probleem volgens Semidei *et al.* (2001:113,114) dat hierdie gemeenskapsbronne nie bestaan nie, of nie toeganklik is vir die gesinne by wie kinder- en gesinsorgorganisasies dienste lewer nie.

Die noodsaaklikheid van die vorming van vennootskappe met ander instansies wat middelmisbruik beradingsdienste lewer, het in Amerika na vore gekom omdat kindersorgwetgewing vereis dat daar voortgegaan moet word met die terminering van ouerlike regte en met aannemingsprosedures, indien 'n kind verwyder word en nie binne 12 maande in die ouers se sorg teruggeplaas word nie (Dawson & Berry, 2002:295; McAlpine *et al.*, 2001:130,133; Semidei *et al.*, 2001:115,116). Hierdie wetgewing het tot die besef gelei dat 'n groot aantal gesinne se kinders verwyder word vanweë middelmisbruik, omdat hierdie tipe intervensie langer-termyn van aard is. Verder het dit noodsaaklik geblyk te wees dat ouers toegang tot middelmisbruik beradingsdienste het, omdat hulle geregtig is op 'n regverdige kans om hulle probleem te oorkom sodat die kinders teruggeplaas kan word in hulle sorg (McAlpine *et al.*, 2001:130,133; Semidei *et al.*, 2001:115,116).

In Suid-Afrika bepaal die nuwe Wet op Kindersorg (Wet no. 38 van 2005, Artikel 236 (d&e):57) dat aannemingsreëlings begin kan word indien die ouer in die laaste 12 maande deurlopend gefaal het om sy ouerlike pligte na te kom en/of doelbewus die kinders mishandel en verwaarloos het. Dieselfde situasie as in Amerika blyk hier van toepassing te wees, aangesien ouers wat middels misbruik vanaf die aanvang van dienslewering by intensiewe middelmisbruik beradingsdienste ingeskakel moet word, om nie slegs die verwydering van kinders te voorkom nie, maar ook die terminering van ouerlike regte en die opening van aannemingsprosedures te verhoed. Indien die kind in elk geval verwyder word, moet gesinsherenigingsdienste gelewer word, wat weer eens beteken dat intensiewe middelmisbruik beradingsdienste gelewer sal moet word. Die hoë voorkoms van middelmisbruik by gesinne in die kindersorgsisteem in Suid-Afrika vereis dus spesifieke langtermyn terapeutiese gesinsgesentreerde dienste om die veiligheid van die kinders te verseker, of terugplasing van die kinders te bewerkstellig.

'n Moontlike oplossing is dat kinder- en gesinsorgorganisasies in Suid-Afrika sterker moet fokus op samewerkingsooreenkomste met ander organisasies soos SANRA, wat spesifiek dienste ten opsigte van middelafhanklikheid lewer. Lae-inkomste gemeenskappe in Suid-Afrika word soos reeds genoem gekenmerk deur gebrekkige gemeenskapsbronne, wat die koördinerende dienste, of die verwysing van kliënte na ander gemeenskapsinstansies nadelig beïnvloed. SANRA is wel 'n nasionale organisasie wat middelmisbruik beradingsdienste lewer, wat beteken dat kinder- en gesinsorgorganisasies hierdie instansie wel kan benut om gespesialiseerde middelmisbruik beradingsdienste aan hulle gesinne te lewer. Indien daar egter nie 'n instansie in die area is wat middelmisbruik beradingsdienste kan lewer nie, sal dit beteken dat die maatskaplike werkers van die kinder- en gesinsorgorganisasies self middelmisbruik berading moet doen, soos wat tans waarskynlik die geval is. Aangesien maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies alreeds met hoë gevalleladings werk, is dit 'n ope vraag of hulle oor die mannekrag beskik om langtermyn terapeutiese middelmisbruik beradingsdienste te lewer. Hierdie situasie kan tot gevolg hê dat kinders verwyder word, sonder dat die ouers voldoende terapeutiese dienste ten opsigte van die hantering van middelmisbruik ontvang het, om die verwydering te voorkom.

(c) Opleiding en effektiewe koördinerende

Amerikaanse skrywers (Tracy & Farkas, 1994:57,63,64) beklemtoon die feit dat maatskaplike werkers by kinder- en gesinsorgorganisasies **opleiding** moet ontvang sodat hulle in staat is om dienste te lewer aan gesinne waar middelmisbruik voorkom. Beperkte opleiding in die benutting en implementering van middelmisbruik intervensiestrategieë, het tot gevolg dat maatskaplike werkers nie bevoegd is om risiko-assesering ten opsigte van die kinders te doen nie, asook nie toepaslike intervensieplanne vir hierdie gesinne ontwikkel nie. Maatskaplike werkers moet spesifieke vaardighede ontwikkel om die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing, sowel as huishoudelike geweld te asseseer, wanneer middelmisbruik voorkom. Sodoende sal daar meer spesifiek bepaal kan word of tuisgebaseerde gesinsinstandhoudingsdienste, die risiko vir die verwydering van die kind kan verminder.

Ten opsigte van **effektiewe koördinerende** is Semidei *et al.* (2001:119) van mening dat kindersorgwerkers in staat moet wees om die voorkoms en omvang van middelmisbruik in 'n gesin akkuraat te **asseseer**. Indien hulle nie bevoegd is om dit te doen nie, moet organisasies wat hierin spesialiseer, benut word. Effektiewe verwysingsprosedures moet bestaan sodat die gesin nie verlore raak tussen organisasies nie, terwyl maatskaplike werkers by kinder- en

gesinsorgorganisasies ook spesifiek moet aandui watter terugvoer oor die vordering van die ouers verwag word.

Doeltreffende koördinerings, aldus skrywers Tracy en Farkas (1994:63) beteken dat maatskaplike werkers van die organisasies voldoende **kennis** moet hê van gesinsinstandhoudingsdienste, sowel as die middelmisbruik-teorie. Dit beteken dat maatskaplike werkers by middelmisbruik organisasies onder andere oor kennis moet beskik van die beleid en prosedures van die kindersorgsisteem, die risiko vir kindermishandeling en -verwaarloosing (Tracy & Farkas, 1994:66), asook die tydlyn wat ter sprake is vir terugplasing van die kind, indien die kind verwyder is (McAlpine *et al.*, 2001:134). Werkers by kinder- en gesinsorgorganisasies moet hierteenoor veral oor kennis beskik van die werkswyse van middelmisbruik organisasies, die dinamiek van hierdie ouer-kindverhoudings (Tracy & Farkas, 1994:63,64), asook oor die voorkoms van terugvalle by ouers en die rol hiervan in die herstelproses (Semidei *et al.*, 2001:119).

Moore en Finkelstein (2001:236) stel voor dat die samewerkingsooreenkoms insluit dat ouerleidingsgroepe aangebied word, waar spesifiek gefokus word op ouers wat middels misbruik het. Indien ouerleidingsprogramme gesamentlik aangebied word, word die begrip vir die verskillende doelwitte van die instansies verhoog en sterker samewerkende verhoudings gevestig. Ouerleidingsgroepe vir kliënte wat in die herstelproses is, bied volgens Gregoire en Schultz (2001:448) ondersteuning, sowel as opvoeding. 'n Belangrike taak in intervensie is om kliënte se bestaande ondersteuningsbronne te versterk en hulle in te skakel by nuwe bronne, soos ouerleidingsgroepe. 'n Verdere voorstel is dat kindersorgorganisasies gerehabiliteerde middelmisbruik-kliënte benut om kindersorgorganisasies by te staan as paraprofessionele persone. Hierdie laaste voorstel is 'n area wat binne die Suid-Afrikaanse situasie moontlik verder verken behoort te word, aangesien tuisbesoekprogramme ontwikkel sou kon word deur hierdie gerehabiliteerde persone te benut.

6.5.2.3 Gesinsberading

Die uitgangspunt by die benutting van gesinsberading as 'n intervensiestrategie is dat die gesin as die eenheid van verandering beskou word (Hartman, 1995:985) en dat alle gesinslede by onderhoudvoering betrek word (Goldenberg & Goldenberg, 2002:7). Die toepaslikheid van gesinsberading vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste is daarin geleë dat die fokus van assessering en intervensie die gesin en die omgewing is, wat op die ekologiese perspektief gegrond is. Intervensie is gerig op die verandering van die omgewing deur gesinne in staat te stel om meer mag en beheer oor hulle lewens te hê (Hartman, 1995:986).

Potgieter (1998:109) dui aan dat alhoewel Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers die belangrikheid van dienslewering aan die gesin as 'n eenheid of 'n sisteem ondersteun, daar in die algemeen nie op die betrokkenheid van alle gesinslede in dienslewering, gefokus word nie. Gesinslede moet by die lewering van gesinsgesentreerde dienste as aktiewe deelnemers beskou word, wat nie net beïnvloed word deur die gesinsisteem nie, maar ook 'n invloed op die gesinsisteem uitoefen. Vanweë hierdie rede behoort gesinslede nie net as belangrike ander persone in die lewe van 'n spesifieke gesinslid, wat as die probleem beskou word, gesien te word nie. Die noodsaaklikheid van die lewering van hierdie diens in die Suid-Afrikaanse situasie kan veral gemotiveer word uit die feit dat die voorkoms van gesinsprobleme soos ouer-kind-konflik en huweliksprobleme aspekte is wat by uitstek deur die benutting van gesinsberading gehanteer behoort te word.

Volgens Ghate en Hazel (2002:76) ervaar hoërisiko-gesinne voortdurend probleme met betrekking tot hulle verhoudings met hulle lewensmaats en kinders. Hierdie probleme varieer vanaf gedragsprobleme by kinders tot verhoudingsprobleme met hulle lewensmaats, soos taakverdelings ten opsigte van verantwoordelikhede van die ouers, voortdurende argumente tussen hulle, dat hulle lewensmaat gereeld weg van die huis is vanweë werkverantwoordelikhede asook verbale mishandeling. Berry *et al.* (2000:197,198) se studie in die VSA het bevind dat ouers in terme van vaardighede veral probleme ondervind het met konflikhantering in hulle huweliksverhoudings, asook met hulle kinders. In die loodsprojek wat Smith (1995:15) beskryf, het die meerderheid van die gesinne in die VSA aangedui dat hulle konflik op 'n gereelde basis (daaglik tot weeklik) in hulle verhouding met hulle lewensmaat en hulle kinders ondervind.

Die terapeutiese dienste wat gelewer is, was onder andere gevallelading-bestuur, algemene en gesinsberading, tesame met 'n opvoedkundige element. Fraser *et al.* (1997:145) se studie in die VSA na wat die algemene elemente van gesinsinstandhoudingsprogramme is, het bevind dat huweliks- en gesinsintervensie, of berading gewoonlik gelewer word om ouer-kind- of huwelikskonflik te verminder. In die navorsing wat Jones *et al.* (2002:411) onderneem het, is gesinsberadingsdienste ook gelewer aan gesinne waar huishoudelike geweld voorgekom het. Navorsing (Warren-Adamson, 2007:172; Pithouse *et al.*, 1998:64) oor die formele dienste wat in gesinsentrums en in veldwerkdienste aan gesinne in die Verenigde Koninkryk gelewer word, dui daarop dat gesinsberading 'n tipe diens is wat deurlopend beskikbaar is vir ouers om te benut.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat daar by die lewering van terapeutiese gesinsgesentreerde dienste nie net opvoedkundige en instaatstellende dienste gelewer kan word nie, maar dat maatskaplike werkers ook van gesinsberading gebruik moet maak om die konflik wat in die gesin tussen gesinslede voorkom, aan te spreek. Ten opsigte van die benutting van gesinsberading by hoërisiko-gesinne binne die Suid-Afrikaanse situasie om verhoudingsprobleme aan te spreek, kon daar tans nie navorsingsresultate gevind word nie.

6.6 GEÏNTEGREERDE DIENSLEWERING AAN SUID-AFRIKAANSE HOËRISIKO-GESINNE

Na aanleiding van die feit dat die kinder- en gesinsorgdiensleweringstelsel in Suid-Afrika tans waarskynlik nie oor die mannekrag beskik om intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste of langer-termyn gesinsgesentreerde terapeutiese dienste te lewer nie, word daar voorgestel dat daar sterker gekonsentreer word op geïntegreerde dienslewering aan Suid-Afrikaanse gesinne. Geïntegreerde dienslewering is gerig op die daarstelling van 'n wye verskeidenheid dienste aan hoërisiko-gesinne, wat deur verskillende professionele en para-professionele persone, sowel as vrywilligers gelewer word. Die belangrikheid van geïntegreerde dienslewering aan hoërisiko-gesinne kan ook gemotiveer word vanuit die ekologiese teorie wat volgens Juby en Rycraft (2004:581) verhoudings as die resultaat van interaksies tussen die mikro- en makro-vlakke beskou. Dit is daarom belangrik dat maatskaplike werkers die potensiaal en kompenserende faktore erken wat op makro-vlak bestaan.

'n Belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word is dat maatskaplikewerkdienste in Suid-Afrika volgens beleidsdokumente Geïntegreerde Diensleweringstelsel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29) hoofsaaklik gerig moet wees op voorkomende dienste, daarna op vroeë intervensiedienste en laastens op statutêre dienste. In terme van gesinsinstandhoudingsdienste beteken dit dat gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste daarop gerig moet word om statutêre dienste, of die verwydering van kinders te voorkom. Geïntegreerde dienslewering word na aanleiding van die bespreking in hierdie en die voorafgaande hoofstukke van hierdie studie, skematies as volg in figuur 6.1 voorgestel.

GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE		
INTENSIEWE DIENSTE	GESINSGESENTEERDE DIENSTE	GESINSONDERSTEUNINGS- DIENSTE
ASSESSERING EN ONTWIKKELING VAN INTERVENSIIEPLAN Maatskaplike werkers		
KONKRETE DIENSTE EN UITBREIDING VAN NETWERKE Tuisbesoekprogramme Natuurlike helpers, vrywilligers		
VAARDIGHEIDSONTWIKKELING Ouerleiding, geletterheidsprogramme Kinderversorgers, maatskaplike werkers, gemeenskapsorganisasies		
TERAPEUTIESE DIENSTE Individuele berading, gesinsberading, middelmisbruik berading Maatskaplike werkers, spesialiteitsorganisasies in gemeenskap		
KOÖRDINERING EN ONTWIKKELING VAN GEMEENSKAPSBRONNE Bekostigbare kinderversorging, speelgroepe, dagversorging, moeder- en kleutergroepe, naskoolse aktiwiteite, koördinering van gemeenskapsbronne Maatskaplike werkers, kinderversorgers, gemeenskapslede, koördinering van dienste tussen organisasies		
NASIONALE PROGRAMME Tuisbesoekprogramme, dagversorging, bekostigbare kinderversorging Departemente Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid, Onderwys en Opleiding, Mannekrag		

Figuur 6.1: Skematiese voorstelling van geïntegreerde gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne

Uit figuur 6.1 is dit duidelik dat effektiewe dienste aan hoërisiko-gesinne, inhou dat daar ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsinstandhoudingsdienste, intensiewe, gesinsgesentreerde en gemeenskapsondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne gelewer moet word. 'n Wye verskeidenheid dienste waarby gesinne ingeskakel kan word behoort beskikbaar te wees, wat gelewer word deur professionele personeel soos maatskaplike werkers, para-professionele personeel soos kinderversorgers, asook vrywilligers soos tuisbesoekers. Die verskillende vlakke waarop dienste gelewer kan word, en watter persone hoofsaaklik verantwoordelik vir die dienste is, word vervolgens kortliks beskou, aangesien 'n meer omvattende beskrywing van hierdie dienste reeds in die vorige hoofstukke van hierdie studie gedoen is.

6.6.1 Assessering en ontwikkeling van 'n intervensieplan

Volgens figuur 6.1 moet die gesin en die kind se situasie deur 'n maatskaplike werker geassesseer word. Na aanleiding van hierdie assessering moet 'n intervensieplan opgestel

word waarin aangedui word wat die aard en die omvang van die dienste is wat die gesin behoort te ontvang, om die verwydering van kinders te voorkom en die gesin se situasie te stabiliseer. Die intervensieplan behoort te spesifiseer wat die aard van die dienste is wat die gesin moet ontvang ooreenkomstig die uiteensetting in figuur 6.1. Daar sou byvoorbeeld aangedui kon word watter konkrete dienste gelewer moet word, watter vaardighede ontwikkel moet word, watter terapeutiese dienste gelewer moet word, asook wat die gesin se benutting van, en inskakeling by, gemeenskapsbronne is.

'n Belangrike aspek by assessering van die gesin se omstandighede in terme van gesinsinstandhoudingsdienste is dat maatskaplike werkers begrip openbaar vir die ekologiese perspektief (Sheafor *et al.*, 2000; Germain & Gitterman, 1980) en daarom in assessering fokus op die bronne wat tot die gesin se beskikking op mikro-, meso- en makro-vlak, is. Dit is dus noodsaaklik dat ook maatskaplike werkers in Suid-Afrika gesinne se situasie vanuit 'n ekologiese perspektief assesser om te bepaal watter tipes dienste die gesin op mikro-, meso- en makro-vlak kan benodig. Hierdie tipe assessering het die verdere voordeel dat welsynsorganisasies ook kan bepaal watter dienste en bronne in gemeenskappe ontbreek, ooreenkomstig die behoeftes van die hoërisiko-gesinne wat dienste by hulle instansie ontvang, en sodoende kan beplan vir die inisiëring van hierdie dienste.

Dit raak al hoe belangriker dat maatskaplike werkers die effektiwiteit van dienslewering moet kan bewys, aldus Early (2001:225). Die navorsing van Kruger (1996:86,181) in die Wes-Kaap het byvoorbeeld bevind dat assesseringshulpmiddels soos vraelyste, kontrolelyste en basislynbepaling in 'n beperkte mate in assessering deur maatskaplike werkers benut word en dat daar onkunde oor die benutting van meetinstrumente bestaan. Moontlike redes vir hierdie situasie kan wees dat assesseringshulpmiddels nie as deel van die organisasie se beleid benut word nie, die aard van indiensopleiding, die kwaliteit van supervisie en die ingesteldheid van die maatskaplike werker.

Uit die bogenoemde bespreking kan afgelei word dat maatskaplike werkers wat kinder- en gesinsorgdienste lewer, deeglik deur hulle instansies georiënteer moet word en indiensopleiding moet ontvang oor gesinsinstandhouding, asook oor die aspekte wat geassesseer moet word by dienslewering aan hoërisiko-gesinne. Duidelike riglyne behoort ook te bestaan oor watter assesseringshulpmiddels as noodsaaklik beskou word, asook wat assessering vanuit 'n ekologiese perspektief behels, soos wat byvoorbeeld voorgeskryf word in die Verenigde Koninkryk (Garrett, 2003:441-463) ten opsigte van kinders in nood. Spesifieke riglyne behoort in organisasies te bestaan oor wat die aard van die dienste is wat

gelewer behoort te word, asook die gereeldheid van dienste na aanleiding van die probleem of behoefte in die gesin.

6.6.2 Konkrete dienste en uitbreiding van sosiale netwerke

Konkrete dienslewering en die uitbreiding van die sosiale netwerke van gesinne word as die tweede vlak van dienslewering beskou. Die lewering van konkrete dienste aan hoërisiko-gesinne word as belangrik beskou omdat dit die betrokkenheid van die gesin by dienslewering aanmoedig, asook die gesin in kontak bring met netwerke wat in die gemeenskap bestaan (Maluccio, 2002:153; Cash & Berry, 2003:4; Berry, 1997:145), sodat hulle sosiale isolasie verbreek word. Konkrete dienslewering aan hoërisiko-gesinne word ook as noodsaaklik beskou omdat hierdie gesinne dikwels 'n gebrek aan basiese bronne het (Cash & Berry, 2001:4) en daar nie van gesinne verwag kan word om aan verhoudings- en gedragsprobleme aandag te gee by 'n gebrek aan kos en klere nie (Maluccio, 2002:153; Cash & Berry, 2001:4; Littell & Tajima, 2000:430; Berry, 1997:145).

Volgens Juby en Rycraft (2004:586) het gesinne wat betrokke is in die kindersorgsisteem dikwels 'n gebrek aan sosiale ondersteuning. Gebrekkige sosiale ondersteuning, tesame met onvoldoende finansiële middele om aan gemeenskapsaktiwiteite deel te neem, kan isolasie in die hand werk. 'n Sirkulêre effek ontstaan waar geïsoleerdheid stres veroorsaak waarvan die eindresultaat kindermishandeling en -verwaarlosing is, omdat armoede die stres wat met kindermishandeling en -verwaarlosing geassosieer word, kan veroorsaak of kan vererger. Gesinne wat hulle kinders mishandel en verwaarloos, isoleer hulleself en indien hulle nie oor die sosiale ondersteuning beskik om die effek van armoede teen te werk nie, kan meer stres ontwikkel, wat tot groter mishandeling en verwaarlosing aanleiding kan gee.

In Suid-Afrika veroorsaak die hoë gevalleladings van maatskaplike werkers dat veral konkrete gevallewerkdienste vanweë die gebrek aan tyd, nie gelewer word nie. Hierdie situasie kan veroorsaak dat die gesin se omstandighede slegs gemonitor word totdat die kind in elk geval verwyder word. Aangesien die uitbreiding van die gesin se netwerke 'n primêre taak van die maatskaplike werker by gesinsondersteuning is, word tuisbesoekprogramme waar vrywilligers uit die gemeenskap benut word om tuisbesoeke by hoërisiko-gesinne te lewer, as 'n oplossing beskou vir die uitbreiding van die sosiale netwerke en die bied van konkrete ondersteuning. Hierdie vrywilligers kan help met die instandhouding van die huishouding en die versorging van kinders. Alhoewel gekwalifiseerde kinderversorgers in die loodsprojek (Interministerial Committee on Young People at Risk, 1998:27,30) benut is om hierdie tipe

konkrete dienste te lewer, is die vraag of hierdie werkers op 'n groot skaal beskikbaar gaan wees in die toekoms om aan die behoefte aan konkrete dienslewering te voldoen.

Tuisbesoekprogramme bied verder 'n oplossing vir die tekort aan maatskaplike werkers, aangesien maatskaplike werkers hierdie dienste kan koördineer, maar nie nodig het om die dienste self te lewer nie. Die implementering van tuisbesoekprogramme voldoen ook aan die uitgangspunte van die implementering van 'n ontwikkelingsmodel in maatskaplikewerke dienslewering, omdat menslike en sosiale kapitaal ontwikkel word, wat die gemeenskap se kapasiteit uitbou en sodoende op die lang termyn bydra tot ekonomiese ontwikkeling.

6.6.3 Vaardigheidsontwikkeling van gesinslede

Die ontwikkeling van die vaardighede van gesinslede is 'n belangrike eienskap van gesinsinstandhoudingsdienste om te verseker dat die gesin in staat is om in die toekoms hulle probleme te kan hanteer, asook hulle kinders toepaslik te versorg. Vaardigheidsontwikkeling in terme van gesinsinstandhouding kan ook in verband gebring word met opvoedkundige dienste, wat veral fokus op die aanleer en modellering van lewensvaardighede soos die verhoging van ouerskapsvaardighede, finansiële beplanningsvaardighede en konflikthanteringsvaardighede (Cash, 2001:44; Thompson, 1995:150). Die ontwikkeling van ouerskapsvaardighede word ook as 'n kernelement van gesinsondersteuningsdienste beskou (Kagan, 1996:158; Cole, 1995:165; Lightburn & Kemp, 1994:23).

Die vaardigheidsontwikkeling van gesinslede is 'n aspek wat in individuele, sowel as in groepsverband aangespreek kan word. Wanneer dit in groepsverband gebeur, het dit die verdere voordeel dat die gesinslede die geleentheid kry om hulle informele sosiale netwerke uit te brei. Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie is dit nodig dat welsynsorganisasies aandag gee aan veral die daarstelling van oueropvoedingsgroepe of projekte wat op 'n deurlopende basis bygewoon kan word deur gesinne in hulle gevallelading, asook gesinne in die gemeenskap wat 'n behoefte aan oueropvoeding het. Aangesien maatskaplike werkers in Suid-Afrika met hoë gevalleladings werk, sou kinderversorgers, soos in die loodsprojek (Interministerial Committee on Young People at Risk, 1998:27,30) benut kan word om ouerleidingsprogramme alleen of in samewerking met maatskaplike werkers aan te bied. Dit is egter belangrik dat welsynsorganisasies die belangrikheid van die aanbod van oueropvoedingsprogramme besef en dit as 'n noodsaaklike komponent van gesinsinstandhouding beskou om die vaardighede van ouers ten opsigte van kinderversorging uit te bou.

6.6.4 Terapeutiese dienste

Die lewering van langtermyn gesinsgesentreerde terapeutiese dienste deur maatskaplike werkers is noodsaaklik vir die instandhouding van gesinne, waar daar veral probleme soos huishoudelike geweld, middelmisbruik en verhoudingsprobleme voorkom. Die aard van hierdie probleme beteken dat die lewering van konkrete en opvoedkundige dienste nie voldoende is om hierdie probleme aan te spreek nie. Maatskaplike werkers by kinder- en gesinsorgorganisasies behoort oor die vaardighede te beskik om gesinsberading in terme van verhoudingsprobleme soos ouer-kind-konflik, as terapeutiese dienste te lewer. Ten opsigte van berading waar huishoudelike geweld en middelmisbruik voorkom, is dit noodsaaklik dat hierdie dienste deur kinder- en gesinsorgorganisasies gelewer word, as daar nie gemeenskapsbronne bestaan om hierdie terapeutiese dienste te lewer nie.

Alhoewel die lewering van die bogenoemde tipes terapeutiese dienste beïnvloed kan word deur die hoë gevalleladings van werkers, kan hierdie dienste moontlik gelewer word as daar op die vorige vlakke van dienslewering van vrywilligers en kinderversorgers gebruik gemaak word om konkrete en opvoedkundige dienste te lewer. Maatskaplike werkers behoort in so 'n situasie oor meer tyd as tans te beskik om op die kort en lang termyn aandag te gee aan die lewering van gesinsgesentreerde terapeutiese dienste aan hoërisiko-gesinne. Hierdie gesinne sal sodoende toegang hê tot dienste waar hulle in staat gestel word om werklik hulle probleme te oorkom. Die feit dat hierdie dienste tans waarskynlik nie voldoende aandag geniet nie, versterk sosiale uitsluiting, omdat hierdie dienste nie toeganklik is vir hoërisiko-gesinne in agtergestelde omgewings nie.

6.6.5 Ontwikkeling van gemeenskapsbronne en koördinerings dienste

Die **ontwikkeling van gemeenskapsbronne** wat spesifiek die gesin ondersteun, is 'n belangrike taak van welsynsorganisasies wat gesinsorgdienste lewer. Hierdie gemeenskapsbronne moet ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsondersteuningsdienste in die gemeenskap gebaseer wees, asook op 'n deurlopende basis ondersteuning aan ouers kan bied (Pierson, 2002:79; Cole, 1995:165; Lightburn & Kemp, 1994:18; Weissbound & Kagan, 1989:25). Vir die Suid-Afrikaanse situasie behels die skep van gemeenskapsbronne veral dat bronne of dienste op 'n **deurlopende basis** in die gemeenskap beskikbaar moet wees, aangesien navorsing (Van den Berg & Weyers, 2004:351) daarop dui dat welsynsinstitusies dikwels programme op die kort termyn, of eenmalig aanbied. 'n Verdere belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word, is dat hierdie dienste beskikbaar en bekostigbaar moet wees vir hoërisiko-gesinne om hulle sosiale isolasie en -uitsluiting teen te werk.

Die aard van programme wat ontwikkel kan word, is in hoofstuk 5 beskryf. Programme wat beskou is, is die ontwikkeling van bekostigbare versorgingsfasiliteite vir kinders, soos crèches, dagversorging en speelgroepe, asook naskoolse aktiwiteite vir skoolgaande kinders. Die uitgangspunt by die ontwikkeling van hierdie projekte is dat 'n ontwikkelingsgerigte model gevolg word, sodat die menslike en sosiale kapitaal in die gemeenskap ontwikkel word, terwyl gemeenskapslede ook betrek word by produktiewe werkverskaffingsprojekte. Die tipe bronne of projekte wat ondersteuning aan ouers kan bied, sal verskil na aanleiding van verskillende gemeenskappe se behoeftes.

Ten opsigte van die **koördinerings van dienste** is dit noodsaaklik dat kinder- en gesinsorgorganisasies duidelike samewerkingsooreenkomste met ander instansies in die gemeenskap aangaan wat dienste aan gesinne kan lewer. Sodoende kan gesinne toegang bekom tot 'n wyer verskeidenheid bronne en dienste. Een van die belangrikste vennootskappe wat deur kinder- en gesinsorginstansies ondersoek behoort te word, is samewerking met instansies wat middelmisbruik berading bied.

6.6.6 Nasionale programme

Die ontwikkeling van gemeenskappe deur ondersteuningsdienste en gemeenskapswerk kan nie oorgelaat word aan privaat inisiatiewe en vrywillige welsynsorganisasies alleen (Leon, 1999:15; Cannan & Warren, 1997:17), om die strukturele probleme wat in gemeenskappe bestaan, op te los nie (Cannan & Warren, 1997:17). **Grondvlakwerk moet gekomplementeer word deur programme vanaf regeringsvlak**, wat gerig is op sosiale en ekonomiese ontwikkeling. Sodoende word bronne in gemeenskappe gevestig om die basis vir maatskaplike werkers en ander professies te verskaf, om op grondvlak die gemeenskap verder te ontwikkel. Daar kan dus ook nie van maatskaplike werkers verwag word om grootskaalse veranderinge in lae-inkomste gemeenskappe aan te bring, sonder programme wat op nasionale vlak geïmplementeer word nie. Programme soos dagsorg vir kinders, naskoolse versorging en veilige gemeenskappe is die basis vir suksesvolle gesinne, maar benodig finansiering, aangesien vrywillige organisasies dikwels nie oor die finansies beskik om self hierdie programme instand te hou nie (Cannan & Warren, 1997:17). Daarom is dit nodig dat daar sterker gefokus word op die implementering van nasionale programme ten opsigte van byvoorbeeld tuisbesoekprogramme, om aaneenlopende ondersteuning vir gesinne te bied.

6.7 SAMEVATTING

Effektiewe intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste behels dat die gesin ingeskakel word by konkrete, opvoedkundige en instaatstellende dienste, asook terapeutiese dienste om die

situasie van die gesin te stabiliseer en die verwydering van kinders te voorkom. Intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste word egter nie beskou as die oplossing vir al die probleme wat hoërisiko-gesinne ervaar nie en moet ondersteun word deur langer-termyn gesinsgesentreerde intervensie, asook ander gemeenskapsbronne. In Suid-Afrika word die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste, sowel as langer-termyn terapeutiese gesinsgesentreerde dienste beïnvloed deur hoë gevalleladings en dus 'n tekort aan mannekrag, asook beperkte bronne in gemeenskappe. Hierdie situasie kan daartoe aanleiding gee dat gesinne nie werklik die geleentheid kry om hulle probleme te oorkom nie, omdat hulle nie toegang het tot toepaslike dienste en bronne nie en sosiale uitsluiting sodoende onveranderd bly.

Aangesien hoërisiko-gesinne tot 'n wye verskeidenheid bronne en dienste toegang moet hê, is 'n raamwerk waarbinne gesinsinstandhoudingsdienste gelewer kan word, geïdentifiseer. Indien kinder- en gesinsorgorganisasies hierdie raamwerk benut in die beplanning van dienslewering, sou dit hulle moontlik in staat stel om meer spesifieke dienste en bronne vir hulle gesinne te ontwikkel, asook meer volgens 'n ontwikkelingsgerigte perspektief te werk. 'n Verdere belangrike aspek is dat daar vanaf regeringskant sterker gekonsentreer sal moet word op die vestiging van nasionale programme, aangesien die omvang van die probleme wat Suid-Afrikaanse gesinne ervaar, nie deur maatskaplike werkers alleen aangespreek kan word nie.

HOOFSTUK 7

MAATSKAPLIKE WERKERS BY GESINSORGORGANISASIES SE PERSPEKTIEF OP DIE STAND VAN GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek oor maatskaplike werkers by die drie gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is se perspektief op die stand van gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing uiteengesit. Ooreenkomstig die doel en doelwitte van die ondersoek word die risiko-faktore in gemeenskappe, gesinne en individue vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing vanuit 'n ekologiese perspektief, ontleed. Die aard van maatskaplikewerk-intervensie wat ten opsigte van gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne deur maatskaplike werkers gelewer word, is ook ondersoek. Die data wat ingewin is, word in hierdie hoofstuk met behulp van figure en tabelle ontleed.

7.2 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Hierdie ondersoek kan geklassifiseer word as verkennende- en beskrywende navorsing, soos deur De Vos *et al.* (2002:139) en Grinnell en Williams (1990:150) omskryf, aangesien daar min navorsingsresultate in Suid-Afrika oor die aard van voorkomende en terapeutiese gesinsinstandhoudingsdienste wat deur gesinsorgorganisasies gelewer word, beskikbaar is. Kwalitatiewe inligting wat bekom is, is benut om die perspektief van maatskaplike werkers op hulle situasie te beskryf.

Vir die doel van die studie is die populasie (De Vos *et al.*, 2002:198; Grinnell & Williams, 1990:118) al die respondente wat gesinsinstandhoudingsdienste by die drie grootste vrywillige gesinsorginstansies (ACVV, Badisa, Kinder- en Gesinsorg) in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing lewer. Die studie is afgebaken tot die Wes-Kaapse Metropol en omgewing aangesien dit geografies toeganklik vir die navorser is. Doelbewuste seleksie volgens die nie-waarskynlikheidsseleksieklasifikasie (De Vos *et al.*, 2002:204, 207; Grinnell & Williams, 1990:126,127) is vir steekproefneming gebruik. Slegs respondente wat alreeds 'n jaar ondervinding het, is by die ondersoek betrek, wat beteken dat die totale populasie (N) uit 61 (ACVV: 17, Badisa: 33, Kinder- en Gesinsorg: 11) respondente bestaan het.

'n Self geadministreerde gestruktureerde vraelys (De Vos *et al.*, 2002:169) is benut om **kwantitatiewe inligting**, sowel as **kwalitatiewe data** te bekom. Kwantitatiewe inligting (De Vos *et al.*, 2002:298; Grinnell, 1988:188) wat bekom is het onder andere gehandel oor die aard van voorkomende en terapeutiese gesinsinstandhoudingsdienste wat gelewer word om sodoende die stand van gesinsinstandhoudingsdienste te bepaal. Kwalitatiewe inligting het gefokus op die respondente se perspektief op die implementering van beleidsdokumente. Die vraelyste is versprei na die areabestuurders, streekverteenwoordigers en kantoorhoofde van die onderskeie organisasies, wat dit na die respondente in die onderskeie organisasies versprei het vir voltooiing. Agt en vyftig (n=58) van die respondente het die vraelyste voltooi, wat 95% van die populasie is.

Die inligting is verwerk, waarna 'n fokusgroep benut is om verdere **kwalitatiewe inligting** te bekom oor onder andere wat die fokusgroeplede se perspektief op die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste en die implementering van beleidsdokumente is. Die resultate van die ondersoek word in die volgende afdelings bespreek.

7.3 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK


Die gegewens wat met behulp van die voltooide vraelyste ingesamel is, word volgens die eerste vier afdelings en 'n gedeelte van afdeling vyf waaruit die vraelys (bylae 1) bestaan, aangebied.

7.3.1 Identifiserende besonderhede

Ten einde 'n profiel op te stel van die respondente en die fokusgroeplede wat gesinsinstandhoudingsdienste by vrywillige organisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing lewer, is identifiserende besonderhede soos ouderdom, jare ondervinding en die tydperk wat die respondente en die fokusgroeplede aan die organisasie verbonde is, versoek. Die inligting wat bekom is word vervolgens bespreek en ontleed.

7.3.1.1 Ouderdom van respondente

Die ouderdomsgroeperings van die respondente word weergegee in figuur 7.1.



n=58

Figuur 7.1: Ouderdom van respondente

Uit figuur 7.1 blyk dat die meerderheid (28=48,3%) van die respondente in die ouderdomsgroep 20-29 jaar val en spesifiek tussen 23 en 29 jaar. Dit word gevolg deur 12 (20,7%) respondente in die 30-39-jarige groep, nege (15,5%) in die 40-49-jarige groep en vyf (8,6%) in die 50-59-jarige groep. Die kleinste aantal respondente (3=5,2%) is in die 50-60+ groep. Die meeste van die respondente in hierdie ondersoekgroep kan as jong volwassenes geklassifiseer word, wat beteken dat gesinsinstandhoudingsdienste by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing, dus oorwegend deur jong volwassenes gelewer word.

Die ouderdom van die deelnemers aan die fokusgroep word weergegee in tabel 7.1.

Tabel 7.1 Ouderdom van fokusgroeplede


Ouderdom	Aantal deelnemers f (%)
20-29	1 (16,7)
30-39	2 (33,3)
40-49	2 (33,3)
50-59	1 (16,7)

n=6

Vanuit tabel 7.1 is dit opvallend dat die meerderheid (4=66,7%) van die fokusgroepe deelnemers onderskeidelik in die 30-39-jarige en 40-49-jarige ouderdomsgroep val. Die fokusgroepe deelnemers is dus hoofsaaklik in die volwasse lewensfase.

7.3.1.2 Jare ondervinding

Die respondente is versoek om aan te dui hoeveel jare ondervinding hulle as maatskaplike werker het. Die response word aangedui in figuur 7.2.



n=58

Figuur 7.2: Jare ondervinding as maatskaplike werker

Volgens figuur 7.2 het die meerderheid (39=67,2%) van die respondente tussen een en nege jaar ondervinding. Ses-en-twintig (44,8%) van hierdie respondente het tussen een en vier jaar ondervinding, wat ooreenstem met die feit dat die grootste aantal respondente ook tussen 23 en 29 jaar oud is. Dertien (22,4%) van die respondente het tussen vyf tot nege jaar ondervinding. Die minderheid van die respondente het dus meer as nege jaar ondervinding, aangesien agt (13,8%) respondente tussen 10 en 19 jaar ondervinding en ses (10,3%) van die respondente tussen 20 en 29 jaar ondervinding het. Slegs drie (5,2%) van die respondente het tussen 30 en 40 jaar ondervinding. Daar is bevind dat die meeste van die respondente wat gesinsinstandhoudingsdienste lewer by gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, tussen een en nege jaar ondervinding het. Die moontlikheid bestaan egter dat daar sommige van die respondente kan wees wat nie vir 'n geruime tyd reeds verbonde aan 'n gesinsorgorganisasie is nie. Hierdie aspek word bespreek onder punt 7.3.1.3.

Die jare ondervinding waaroor die fokusgroep deelnemers beskik word aangedui in tabel 7.2.

Tabel 7.2 Jare ondervinding van fokusgroeplede


Jare ondervinding	Aantal deelnemers f (%)
0-9	4 (66,7)
10-19	1 (16,7)
20-29	1 (16,7)
30-39	0 (0,0)

n=6

Volgens tabel 7.2 stem die aantal jare ondervinding waaroor die fokusgroeplede beskik ooreen met die ondervinding van die respondente. Die meeste (4=66,7%) fokusgroeplede het tussen 0 en nege jaar ondervinding. Slegs twee fokusgroeplede het onderskeidelik tussen 10 en 19 en tussen 20 en 29 jaar ondervinding.

7.3.1.3 Tydperk verbonde aan organisasie

Die tydperk wat die respondente aan die gesinsorgorganisasie verbonde is, is vasgestel. Die data word in figuur 7.3 uitgebeeld.



n=58

Figuur 7.3: Tydperk wat respondente aan organisasie verbonde is

Dit is opvallend dat die oorgrote meerderheid (50=86,2%) van die respondente minder as nege jaar in diens van die organisasie is. Nege-en-twintig (50%) van hierdie respondente is tussen een en vier jaar in diens van die organisasie wat korreleer met die vorige afleiding wat

gemaak is oor die aantal jare ondervinding, waar 26 (44,8%) van die respondente tussen een en vier jaar ondervinding gehad het. Daar is egter 12 (20,6%) van hierdie respondente wat vir minder as 'n jaar by die organisasies werksaam is, waarvan die kortste tydperk twee maande was. Een-en-veertig (70,7%) respondente se ondervinding by die organisasie is dus minder as vier jaar.

Gesamentlik is daar ses (10,4%) respondente wat 10 jaar en langer by die organisasie werksaam is, waarvan slegs drie (5,2%) tussen 20 en 29 jaar diens het. Gesinsinstandhoudingsdienste by gesinsorgorganisasies in hierdie ondersoek word dus hoofsaaklik gedoen deur respondente wat tussen twee maande en vier jaar by die organisasie werksaam is. Daar word afgelei dat daar 'n redelike omset in poste is, aangesien daar wel 12 nuwe respondente by hierdie organisasies in die laaste jaar diens aanvaar het.

Die tydperk wat die onderskeie deelnemers aan die fokusgroep verbonde aan hulle onderskeie organisasies is, word aangedui in tabel 7.3.

Tabel 7.3 Tydperk wat fokusgroeplede aan die organisasie verbonde is

Tydperk verbonde aan huidige organisasie	Aantal deelnemers f (%)
0-9 jaar	4 (66,7)
10-19 jaar	1 (16,7)
20-29 jaar	1 (16,7)
30-39 jaar	0 (0,0)

n=6


Die meerderheid (4=66,7%) van die deelnemers aan die fokusgroep is volgens tabel 7.3 tussen nul en nege jaar verbonde aan 'n gesinsorgorganisasie. Slegs twee (33,3%) deelnemers is onderskeidelik tussen 10 en 19 jaar en tussen 20 en 29 jaar in diens van die organisasie. Die tydperk wat die fokusgroeplede aan hulle organisasies verbonde is, stem dus ooreen met die tendens van die respondente (figuur 7.3).

7.3.2 Kwalifikasies van respondente

In hierdie afdeling is die respondente versoek om hulle kwalifikasie in Maatskaplike Werk, asook die addisionele kwalifikasies wat bekom is, aan te dui.

7.3.2.1 Eerste kwalifikasie

Die eerste kwalifikasie waarvoor elke respondēt beskik word in figuur 7.4 uiteengesit.



n=58

Figuur 7.4: Kwalifikasies van respondente

Dit blyk uit figuur 7.4 dat die helfte (29=50%) van die respondente oor 'n vierjarige B.A. Maatskaplike Werk graadkwalifikasie beskik. Nege (15,5%) respondente beskik oor 'n Diploma in Maatskaplike Werk. Die minderheid (7=12%) van die respondente beskik oor 'n vierjarige B.-graad in Maatskaplike Werk, aangesien die benaming van die B.A. Maatskaplike Werk-graad in 2006 op aanbeveling van die Beroepsraad na B. Maatskaplike Werk verander is. Ten opsigte van nagraadse kwalifikasies is daar (8=13,8%) respondente wat oor 'n Hons. B.A. in Maatskaplike Werk beskik. Slegs een (1,7%) respondēt beskik oor 'n M.A.-graad in Maatskaplike Werk. Dit blyk dat die meerderheid van die maatskaplike werkers in hierdie ondersoekgroep oor 'n vierjarige graadkwalifikasie in Maatskaplike Werk beskik.

Die kwalifikasies van die fokusgroep deelnemers is aangedui in tabel 7.4.

Tabel 7.4 Kwalifikasies van fokusgroeplede

Kwalifikasiese	Aantal deelnemers f (%)
B.A. Maatskaplike Werk (3 jaar)	1 (16,7)
B.A. Maatskaplike Werk (4 jaar)	1 (16,7)
B. Maatskaplike Werk (4 jaar)	1 (16,7)
Hons. B.A. Maatskaplike Werk	3 (50,0)

n=6

Volgens tabel 7.4 beskik die meeste (3=50%) van die fokusgroeplede oor 'n Hons. B.A. Maatskaplike Werk kwalifikasie. Die ander (3=50%) fokusgroeplede beskik onderskeidelik oor 'n driejarige graadkwalifikasie en 'n vierjarige graadkwalifikasie.

7.3.2.2 *Addisionele kwalifikasies*

Die addisionele kwalifikasies waaroor die respondente beskik wat bykomend is tot, of verband hou met maatskaplike werk en wat tot hulle vaardigheid kan bydra, word in tabel 7.5 aangedui.

Tabel 7.5 Addisionele kwalifikasies van respondente

Aard van kwalifikasies	Aantal respondente
Hons. in Sielkunde	1
Diploma in Psigoanalitiese Psigoterapie Diploma in Psigoanalitiese Huweliksterapie	1 = Dieselfde respondent
Totaal	2

n=58

Ooreenkomstig tabel 7.5 is dit opvallend dat slegs twee (3,4%) respondente oor ander kwalifikasies beskik wat bykomend is tot of verband hou met maatskaplike werk. 'n Verdere moontlike verklaring vir die feit dat 'n baie lae persentasie van die respondente oor ander kwalifikasies in maatskaplike werk beskik, is dat 45% van die ondersoekgroep tussen een en vier jaar ondervinding het en daarom moontlik nog nie verdere studies kon aanpak nie.

7.3.3 **Huidige werksituasie**


Aangesien dienslewering ooreenkomstig die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a) sterker gerig behoort te word op voorkomende en vroeë intervensiedienste as op statutêre dienste, was dit nodig om inligting te bekom oor die omvang van die respondente se werkslading. Die indeling van die werkslading van die respondente word vervolgens uiteengesit.

7.3.3.1 *Indeling van werkslading*

Die respondente moes hulle werkslading indeel ten opsigte van die totale gevallelading wat hanteer word, asook die aantal groepe en gemeenskapswerkprojekte, of ondersteuningsdienste wat gelewer word. Die gevallelading van die respondente word vervolgens bespreek.

(a) Gevallelading

Inligting oor die grootte van die respondente se gevallelading is bekom, aangesien daar aanvaar is dat 'n hoë gevallelading die tyd wat beskikbaar is vir intensiewe of gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste, sowel as voorkomende of ondersteuningsdienste kan beïnvloed. In figuur 7.5 word die **aantal gesinne** waarvoor die onderskeie respondente verantwoordelik is, uitgebeeld.



n=58


Figuur 7.5: Gevallelading (aantal gesinne) van respondente

Figuur 7.5 toon aan dat die meerderheid van die respondente 'n gevallelading van meer as 100 gesinne het, omdat 25 (43,1%) respondente se gevallelading tussen 100 en 199 gesinne is en 10 (17,2%) se gevallelading tussen 200 en 299 gesinne is. Die minderheid (22=37,9%) van die respondente het dus 'n gevallelading wat kleiner as 100 is. Die **maksimum aantal gesinne** waarvoor een respondent verantwoordelik was, was 'n lading van 427 gesinne. Die **totale gevallelading** wat deur die respondente hanteer is, was 7 356, wat beteken 'n **gemiddeld** van 126 gesinne per werker.

Dit is duidelik dat die respondente se gevalleladings hoog is. Die gemiddelde gevallelading van 126 gesinne per respondent is hoër as wat in Kruger (1996:61) se studie in 1996 bevind is, toe die gemiddelde gevallelading van respondente by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaap, 94,5 gesinne was. Die afleiding word gemaak dat respondente by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing dikwels met hoë gevalleladings werk, wat die bevindings van ander Suid-Afrikaanse navorsing (September & Blankenberg, 2004:28,29) bevestig, waar bevind is dat gevallelading dikwels tussen 150 en 300 gevalle varieer.

(b) Groepwerkklading

Die respondente is versoek om te spesifiseer hoeveel groepe hulle as deel van hulle werklading aanbied. Die inligting wat bekom is, word uitgebeeld in figuur 7.6.



n=58


Figuur 7.6: Groepwerkklading per respondent

Volgens figuur 7.6 hanteer net meer as die helfte (30=51,7%) van die respondente geen groepe nie. Hierdie resultaat moet saamgelees word met tabel 7.6, waar die respondente versoek is om aan te dui wie verantwoordelikheid neem vir groep- en gemeenskapswerkdienste, indien hulle nie daarvoor verantwoordelik is nie. Hiervolgens is byna twee-derdes van die ondersoekgroep (34=58,6%) verantwoordelik vir gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste met 24 (41,4%) wat hoofsaaklik vir gevallewerkdienste verantwoordelik is. Daar is dus ooreenkomstig figuur 7.6, ses (10,4%) respondente wat geen groepwerk doen nie, terwyl dit wel as deel van hulle gevallelading beskou word. Een respondent se opmerking in hierdie verband was “*Veronderstel om dit te doen (menende groep- en gemeenskapswerk) – statutêre werk hou te besig.*”

Die minderheid (12=20,7%) van die respondente hanteer twee en meer groepe, met die maksimum aantal groepe wat hanteer word, agt (een respondent) is. Die **totale aantal groepe** wat hanteer is, is **50**. Dit beteken dat die gemiddelde aantal groepe wat die respondente hanteer 1,5 groepe is. Die afleiding wat gemaak word is dat groepwerk nie op ’n gereelde basis deur hierdie ondersoekgroep as metode benut word in hulle dienslewering aan hoërisiko-gesinne nie, aangesien die gemiddelde aantal groepe wat deur ’n respondent hanteer is, minder as twee is.

(c) *Gemeenskapswerkprojekte*

In figuur 7.7 word die aantal gemeenskapswerkprojekte wat deur die respondente hanteer word, uiteengesit.



n=58

Figuur 7.7: Gemeenskapwerkprojekte per respondent

Die meerderheid (27=46,6%) van die respondente hanteer geen gemeenskapswerkprojekte nie. Hierdie bevinding moet saamgelees word met tabel 7.6, waar die respondente moes aandui wie verantwoordelik neem vir groep- en gemeenskapswerkdienste indien hulle nie daarvoor verantwoordelik is nie. Hiervolgens is daar 24 (41%) respondente wat hoofsaaklik gevallewerkdienste lewer, terwyl die res (34=58,6%) verantwoordelik is vir gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste.

Volgens figuur 7.7 is daar dus drie respondente wat geen gemeenskapswerkprojekte hanteer nie, terwyl dit wel as hulle verantwoordelikheid beskou word. 'n Kwart (15 of 25,9%) van die respondente hanteer slegs een gemeenskapswerkprojek, terwyl net meer as 'n kwart (16=27,6%) van die respondente tussen twee en 10 projekte hanteer. Die **totale aantal gemeenskapswerkprojekte** wat deur die respondente verantwoordelik vir die implementering van gemeenskapswerkprojekte, hanteer is, was **81**. Die **gemiddelde aantal** projekte wat dus deur die onderzoekgroep per respondent hanteer is, is amper **2,5**. Die afleiding word gemaak dat die respondente in hierdie onderzoekgroep ten spyte van 'n hoë gevallelading, ook ongeveer twee gemeenskapswerkprojekte hanteer.

7.3.3.2 Ander personeel wat groep- en gemeenskapswerkdienste lewer

Die respondente moes aandui watter ander personeel in die organisasie benut word om groep- en gemeenskapswerkdienste te lewer, indien hulle nie daarvoor verantwoordelik is nie. In tabel 7.6 word hierdie personeel uiteengesit.

Tabel 7.6: Ander personeel wat groep- en gemeenskapswerkdienste lewer

PERSONEEL WAT GROEP- EN GEMEENSKAPSWERKDIENSTE LEWER	f (%)
Gemeenskapswerkers	9(15,5)
Gemeenskapsontwikkelaars	6(10,3)
Studente	3(5,2)
Jeugwerkers	2(3,4)
Lewensvaardigheidspan	2(3,4)
Hulpwerkers	2(3,4)
Benut nie ander personeel vir groep- en gemeenskapswerkdienste	34(58,6)

n=58

Die bevindinge dui daarop dat nege (15,5%) respondente aangedui het dat daar by hulle organisasies gemeenskapswerkers benut word om groep en gemeenskapswerkdienste te lewer. Ses (10,3%) respondente se organisasies benut gemeenskapsontwikkelaars en drie (5,2) respondente het aangedui dat studente benut word vir die lewering van groep- en gemeenskapswerkdienste. Twee (3,4%) respondente het onderskeidelik aangetoon dat jeugwerkers, hulpwerkers en 'n lewensvaardigheidspan in hulle organisasies benut word om hierdie dienste te lewer. Die meerderheid van die respondente (34=58,6%) in hierdie ondersoekgroep is egter verantwoordelik vir die lewering van gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste, aangesien daar volgens tabel 7.6 slegs 24 (41,4%) respondente vir gevallewerkdienste verantwoordelik is. Die afleiding word gemaak dat die meeste respondente verbonde aan gesinsorgorganisasie in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing steeds verantwoordelik is vir die lewering van gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste. Ander personeel wat vir groep- en gemeenskapswerkdienste benut word, is steeds in die minderheid.


7.3.4 Risiko-faktore van gemeenskappe, gesinne en individue vir kindermishandeling en -verwaarlosing

Vanuit 'n ekologiese perspektief is daar 'n noue verband tussen die eienskappe van hoërisiko-gesinne en die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing (Sheafor *et al.*, 2000;

Germain & Gitterman, 1980) in gemeenskappe, gesinne en individue. Die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing in die gemeenskappe, gesinne en by die individue aan wie dienste gelewer word, is ondersoek. Die bevindinge word in die volgende afdelings ontleed.

7.3.4.1 Risiko-faktore in gemeenskap

Die respondente is versoek om ja of nee te antwoord ten opsigte van watter risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing teenwoordig is in die gemeenskap waar hulle dienste lewer. Die bevindinge word weergegee in figuur 7.8.



n=58

Figuur 7.8: Risiko-faktore in gemeenskappe vir voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing

(a) Strukturele faktore soos armoede, werkloosheid en lae opvoedkundige vlak van gemeenskapslede

Uit figuur 7.8 is dit opvallend dat byna al die respondente (57=98,3%) aandui dat **armoede** in die gemeenskappe waarin dienste gelewer word, as 'n belangrike risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing beskou word. Hierdie bevinding word bevestig in literatuur (Frederick & Goddard, 2007:335), aangesien armoede nie net geassosieer word met kindermishandeling nie, maar ook volgens Lachman *et al.* (2000:588) die risiko vir mishandeling verhoog. Navorsing (Ernst, 2000:570; Coulton *et al.*, 1998:1037; Drake & Pandey, 1996:1012; Garbarino & Kostelny, 1992:463) dui aan dat daar in gemeenskappe waar 'n hoë vlak van armoede heers, soos wat ook in Suid-Afrika die geval is, 'n hoër

voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing is. Slegs een (1,7%) respondent het hierdie afdeling nie voltooi nie, wat kan dui op onsekerheid oor of dit wel 'n risiko-faktor is.

Werkloosheid is ook deur 'n beduidende aantal (56=96,6%) respondente as 'n risiko-faktor geïdentifiseer. Slegs een (1,7%) respondent het hierdie afdeling nie voltooi nie, wat kan dui op onsekerheid oor of dit wel 'n risiko-faktor is en een (1,7%) was van mening dat werkloosheid nie 'n risiko-faktor is nie. Alhoewel werkloosheid nie in internasionale literatuur (Weissman *et al.*, 2003:10; Chaffin *et al.*, 2001:276; Brown *et al.*, 1998:1075) as 'n risiko-faktor uitgesonder word nie, word 'n lae gesinsinkomste wel in dieselfde literatuur as 'n aspek beskou wat 'n beduidende invloed op die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing het. Werklose persone het egter geen inkomste nie, wat hierdie literatuur ook van toepassing op werklose persone maak.

Aangesien daar in Suid-Afrika 'n hoë voorkoms van werkloosheid is by persone wat oor lae opvoedkundige kwalifikasies beskik (Ministry for Welfare and Population Development, 1997:3; Department of Social Development, 2004a:17), en die grootste groei in werksgeleenthede in professionele en bestuursposisies voorkom (The State of South Africa's Population Report, 2000:20), is werkloosheid in Suid-Afrika dus ook deur die respondente in hierdie ondersoek as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing geïdentifiseer. Hierdie werklose persone beskik heel waarskynlik ook nie oor die nodige opvoedkundige kwalifikasies om 'n betrekking in die formele sektor van die ekonomie te bekom nie.

Die **lae opvoedkundige vlak van gemeenskapslede** is deur 52 (89,7%) van die respondente as 'n verdere risiko-faktor in die gemeenskap vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing bevestig. Vier (6,9%) respondente het hierdie vraag nie voltooi nie, wat waarskynlik dui op onsekerheid oor hierdie aspek, terwyl twee (3,4%) respondente dit nie as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing beskou nie. Die feit dat 'n baie hoë persentasie (52 of 89,7%) van die respondente hierdie risiko-faktor as verbandhoudend met kindermishandeling en -verwaarlosing geïdentifiseer het, bevestig navorsing (Chaffin *et al.*, 2001:1276; Kotch *et al.*, 1999:307; Brown *et al.*, 1998) wat herhaaldelik aandui dat lae opvoedkundige kwalifikasies van ouers tot 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing aanleiding gee. Die lae opvoedkundige vlak van gemeenskapslede word dus deur respondente in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou. Werkloosheid en die gebrek aan opvoedkundige kwalifikasies in Suid-Afrika moet ook in verband gebring word met die vroeë skoolverlating van kinders.

(b) Vroeë skoolverlating van kinders

Respondente was van mening dat kinders se vroeë skoolverlating 'n baie belangrike risiko-faktor is, aangesien dit naas armoede en werkloosheid, deur die meeste respondente as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing gelys is. Slegs twee (3,4%) respondente was onseker oor hierdie aspek en het nie die vraag voltooi nie, terwyl een (1,7%) respondent vroeë skoolverlating nie as 'n risiko-faktor beskou het nie. Vyf-en-vyftig respondente (94,8%) het die vroeë skoolverlating van kinders as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou. Hierdie bevinding bevestig Maluccio *et al.* (2002:36) se siening dat vroeë skoolverlating 'n oorsaak sowel as 'n gevolg van armoede in hoërisiko-gemeenskappe is. Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie dui Barnes *et al.* (2007:12,23) aan dat 24% van die kinders in Suid-Afrika nie in die regte graad vir hulle ouderdom is nie, asook dat 6% van kinders glad nie in die skool is nie. Die risiko vir vroeë skoolverlating word verder verhoog in skole met 'n gebrek aan die nodige mannekrag, asook onvoldoende bronne vir remediërende onderwys (Maluccio *et al.*, 2002:36), soos wat waarskynlik in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing die geval is.

(c) Geweld

Die voorkoms van geweld word as 'n belangrike risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing in 'n gemeenskap, beskou. In hierdie ondersoekgroep het slegs vyf (8,6%) respondente geweld nie as 'n risiko-faktor beskou nie en een (1,7%) respondent het die vraag nie voltooi nie, wat kan dui op onsekerheid oor hierdie aspek. Net meer as die helfte (52=89,7%) van die respondente het saamgestem dat dit 'n risiko-faktor in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing is. In Suid-Afrika kom geweld ook meer gereeld voor in lae-inkomste gemeenskappe as in hoër-inkomste gemeenskappe (Government of the Republic of South Africa Office of the Presidency: Youth Policy, 2000:15).

Die afleiding word gemaak dat geweld as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing deur respondente in hierdie ondersoekgroep beskou is, wat Coulton *et al.* (1999:1020) se siening bevestig dat geweld in lae-inkomste gemeenskappe soos gewelddadige misdaad, jeugmisdaad en bendegegeweld verband hou met die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing.

(d) Onvoldoende mediese sorg van kinders

Figuur 7.8 toon aan dat vyf-en-dertig (60,3%) van die respondente meen dat die onvoldoende mediese sorg van kinders vanweë gebrekkige kennis van gesondheidsorg by die ouers, 'n

risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing is in die gemeenskappe waar hulle dienste lewer. Agtien (31%) respondente het onvoldoende mediese sorg nie as 'n risiko-faktor aangedui nie en vyf (8,6%) respondente het hierdie vraag nie voltooi nie, wat waarskynlik dui op onsekerheid in hierdie verband. Daar word afgelei dat respondente in hierdie studie die onvoldoende mediese sorg van kinders deur hulle ouers steeds as 'n beduidende risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou. Maluccio *et al.* (2002:49,50) se siening dat kinders se gesondheid beïnvloed word deur ouers se kennis van gesondheidsorg, asook deur die beskikbaarheid van bronne soos vervoer en informele ondersteuningstelsels en toepaslike gesondheidsfasiliteite in 'n gemeenskap, word dus bevestig.

(e) Gebrekkige formele bronne en dienste in gemeenskap

Gebrekkige formele bronne en dienste is as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in die gemeenskappe waar dienste gelewer word, bevestig. Meer as die helfte (34=58,6%) van die respondente het aangedui dat die gebrek aan formele bronne en dienste in die gemeenskap 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing is. Die afleiding word gemaak dat meer as die helfte van die respondente wel van mening was dat gebrekkige bronne en dienste in gemeenskappe 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing is. Dit onderskryf internasionale skrywers (Cash & Berry, 2003:4; Cash, 2001:44; Pecora *et al.*, 1995:xxi,xxii) se siening dat hoërisiko-gesinne wat kliënte is van welsynsinstitusies, in gemeenskappe leef waar bronne te beperk is om die gesonde ontwikkeling van gesinslede te bevorder.


Een-en-twintig (36,2%) respondente was van mening dat dit nie 'n risiko-faktor is nie en drie (5,2%) respondente het die afdeling nie voltooi nie. Die gebrek aan bronne en dienste in lae-inkomste gemeenskappe word deur skrywers (Cash & Berry, 2003:4; Cash, 2001:44; Coulton *et al.*, 1999:1034; Garbarino & Kostelny, 1992:515) as 'n belangrike kenmerk van 'n hoërisiko-gemeenskap vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou. Beleidsdokumente (Ministry for Welfare and Population Development, 1997; Department of Social Development, 2004a:12) dui ook aan dat Suid-Afrikaanse lae-inkomste gemeenskappe nie oor voldoende bronne beskik nie, wat veroorsaak dat gesinne min ondersteuningstelsels soos klinieke, skole en voor- en naskoolse fasiliteite het.

Daar is gevind dat 21 (36,2%) van die respondente van mening was dat die bronne en dienste in die gemeenskappe waar dienste gelewer word, voldoende is en dat dit dus nie 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing is nie. Hierdie siening van

maatskaplike werkers kan dui op onsekerheid oor die invloed van hierdie risiko-faktor op die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing, asook op onkundigheid oor die invloed wat gebrekkige bronne en dienste op die lewering van effektiewe gesinsinstandhoudings-dienste het.

7.3.4.2 Risiko-faktore in gesinne

Die respondente moes die moontlike risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing by die gesinne aan wie dienste gelewer word, identifiseer deur ja of nee te antwoord. Die resultate verskyn in figuur 7.9.



n=58

Figuur 7.9: Risiko-faktore in gesinne vir voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing

(a) Finansiële stres

Uit figuur 7.9 is dit duidelik dat finansiële stres (onvoldoende inkomste om verpligtinge na te kom) deur die oorgrote meerderheid (56=96,6%) respondente as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing in gesinne geïdentifiseer is. Slegs een (1,7%) respondent het gevoel dat dit nie 'n risiko-faktor is nie en een (1,7%) respondent het nie die vraag voltooi nie, wat kan dui op onsekerheid by die respondente oor of dit 'n risiko-faktor is, al dan nie. Die bevinding dat finansiële stres by hoërisiko-gesinne voorkom word ook bevestig in Ghate en Hazel (2002:64,66) se navorsing in die Verenigde Koninkryk waar ouers

aangedui het dat onvoldoende inkomste veroorsaak dat hulle nie in hulle kinders se behoeftes, soos byvoorbeeld warm klere vir die winter, kan voorsien nie. In die studie wat Connell *et al.* (2007:582) onderneem het, is bevind dat die risiko vir herverwysing na kinder- en gesinsorgdienste verhoog as ouers finansiële probleme ondervind. Die afleiding word gemaak dat finansiële stres wat as 'n belangrike risiko-faktor in gesinne in hierdie ondersoek geïdentifiseer is, ook verband hou met werkloosheid en die lae opvoedkundige vlak van gemeenskapslede. Werkloosheid en die lae opvoedkundige vlak van gemeenskapslede is ook as baie belangrike risiko-faktore op gemeenskapsvlak deur die respondente in hierdie studie uitgelig.

(b) Enkelouerskap

Enkelouerskap vanweë skeiding tussen egliede, 'n saamleefmaat, of deur die dood van 'n eglied of saamleefmaat, asook tienerswangerskappe is deur 52 (89,7%) respondente bevestig as 'n risiko-faktor in gesinne vir kindermishandeling en -verwaarlosing. Ses respondente (10,3%) was van mening dat enkelouerskap nie 'n risiko-faktor is nie en ses (10,3%) het nie die vraag voltooi nie. Laasgenoemde groep is moontlik onseker of dit 'n risiko-faktor in hulle gevallelading is, al dan nie.

Die bevinding dat enkelouerskap 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing in gesinne is, stem ooreen met die bevindings in ander internasionale navorsingstudies (Weissman *et al.*, 2003:1153; Garbarino & Kostelny, 1992; Brown *et al.*, 1998:395) naamlik dat enkelouerskap die risiko vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing verhoog. Jeugdigheid van die moeder (Brown *et al.*, 1998:1074), asook lae opvoedkundige kwalifikasies by moeders (Chaffin *et al.*, 2001:1276; Kotch *et al.*, 1995:1123) is ook bevind, as sterk verband te hou met 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing. Beide hierdie aspekte is van toepassing op tienermoeders in Suid-Afrika, waar tienerswangerskappe as 'n vorm van enkelouerskap volgens literatuur (The State of South Africa's Population Report, 2000:44,45,79) hoog is. Daar word afgelei dat enkelouerskap deur hierdie ondersoekgroep as 'n aanwyser vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou is, wat die bevindings in ander genoemde navorsing ondersteun.

(c) Huishoudelike geweld

Volgens figuur 7.9 is huishoudelike geweld tussen mans en vroue in gesinne 'n risiko-faktor. Vyftig respondente (86,2%) het gevoel dat dit 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing is by die gesinne aan wie hulle dienste lewer. Vier (6,9%) respondente was

van mening dat dit nie 'n risiko-faktor is nie en vier (6,9%) was waarskynlik onseker oor hierdie aspek en het nie die vraag voltooi nie.

Die bevinding dat respondente in hierdie ondersoek 'n beduidende verband tussen huishoudelike geweld en die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing aanmeld, is herhaaldelik in ander internasionale navorsingstudies (Black *et al.*, 2008:397; Finkelhor *et al.*, 2007:493; Hazen *et al.*, 2004:314; Rumm *et al.*, 2000:1380; Tajima, 2000:1396; Brown *et al.*, 1999:1075) bevestig. Suid-Afrika het verder een van die hoogste voorkomste van huishoudelike geweld in die wêreld, aangesien een uit agt vroue in die land volgens 1998-statistiek, fisiek deur haar lewensmaat aangerand word (The State of South Africa's Population Report, 2000:56). Die afleiding wat gemaak word is dat huishoudelike geweld 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing is, wat dus ook nasionale statistiek beaam.

(d) Demografiese faktore

Die grootte van 'n gesin (drie kinders of meer) word beskou as 'n risiko-faktor by gesinne waar dienste gelewer word deur 48 (82,8%) van die respondente. 'n Lae persentasie (5=8,6%) van die respondente het dit nie as 'n risiko-faktor beskou nie en vyf (8,6%) het die vraag nie beantwoord nie. Hulle was moontlik nie seker of dit 'n risiko-faktor in hulle gevallelading is nie. Die bevinding dat gesinsgrootte volgens die respondente in hierdie ondersoekgroep, 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing is, word ook bevestig in ander navorsingstudies (Ethier *et al.*, 2004:2004:1270; Ghate & Hazel, 2002:64; Chaffin *et al.*, 2001:1176; Brown *et al.*, 1998:1070,1072), aangesien elke bykomende gesinslid volgens Ghate en Hazel (2002:64,77) druk plaas op die beperkte materiële en persoonlike bronne waarvoor lae-inkomste gesinne beskik. Die afleiding wat gemaak word is dat gesinsgrootte wel as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling deur die respondente wat by hierdie ondersoek betrek is, beskou kan word.

(e) Gebrekkige betrokkenheid van gesinslede by informele en semi-formele netwerke


Die lae betrokkenheid van gesinne by informele sosiale netwerke soos familie, vriende en bure is deur 40 (69,1%) van die respondente as 'n risiko-faktor beskou, terwyl gebrekkige betrokkenheid by semi-formele ondersteuningsnetwerke soos klubs, groepe en speelgroepe deur 32 (55,2%) van die respondente as 'n risiko-faktor aangedui is. Heelwat meer as 'n kwart (18=31%) van die respondente het hierdie aspek nie as 'n risiko-faktor beskou nie en gesamentlik het 13 (22,4%) respondente nie hierdie vraag beantwoord nie. Dit kan beteken dat daar onsekerheid by die respondente oor die teenwoordigheid van hierdie risiko-faktor in gesinne bestaan.

Hierdie bevinding is van belang, aangesien die verband tussen 'n gebrek aan sosiale netwerke, of ondersteuning in die gemeenskap vir gesinne en die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing herhaaldelik in navorsing (Finkelhor *et al.*, 2007:493; Kotch *et al.*, 1999:313; Brown *et al.*, 1998:1075; Alberracin *et al.*, 1997:614; Polanski *et al.*, 1985:46) bevestig is. Indien respondente by die gesinsorgorganisasies wat by hierdie studie betrek is, nie bewus is van die feit dat gebrekkige sosiale netwerke van hoërisiko-gesinne 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing is nie, sal hulle ook nie in dienslewering fokus op die uitbreiding van hierdie bronne, of die inskakeling van gesinslede by hierdie bronne nie. Dit beteken dat hulle moontlik ook nie bewus sal wees van die gebrek aan bronne en dienste wat in hierdie verband in die gemeenskap kan bestaan nie. Hierdie bevinding kan moontlik verklaar waarom gebrekkige bronne en dienste op gemeenskapsvlak ook deur die minste respondente as 'n risiko-faktor beskou is.

Daar word afgelei dat respondente moontlik nie bewus is van die verband tussen gebrekkige sosiale netwerke by hoërisiko-gesinne en die gepaardgaande verhoogde risiko vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing nie. Dit kan tot gevolg hê dat toepaslike bronne nie benut of geskep word om die risiko van kindermishandeling en -verwaarlosing by gesinne op gevallendings te beperk nie.

7.3.4.3 Risiko-faktore by individue

Ten opsigte van die risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing is daar ook bepaal watter risiko-faktore volgens die respondente by die individue voorkom aan wie dienste gelewer word. Die respondente moes ja of nee antwoord ten opsigte van die voorkoms van die onderskeie risiko-faktore. In figuur 7.10 is 'n uiteensetting van die resultate.



n=58

Figuur 7.10: Risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing by individue

(a) Gebrekkige ouerskapsvaardighede

Volgens figuur 7.10 het 98% (57=98,3%) van die respondente gebrekkige ouerskapsvaardighede as 'n risiko-faktor geïdentifiseer by die individue aan wie dienste gelewer word. Slegs een (1,7%) respondent het nie die vraag beantwoord nie. Gebrekkige ouerskapsvaardighede word in literatuur (Cash & Berry, 2003:4; Burke *et al.*, 1998:393) in verband gebring met hoërisiko-gesinne, maar dit word nie spesifiek as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing uitgelig nie. In hierdie studie is bevind dat gebrekkige ouerskapsvaardighede as 'n belangrike risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou word by individue wat dienste ontvang by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing deur respondente.

(b) Middelmisbruik

Middelmisbruik by die individue wat dienste ontvang, is deur 'n beduidende aantal respondente (56=96,6%) as 'n risiko-faktor uitgelig. Slegs twee (3,4%) respondente het dit nie as 'n risiko-faktor beskou nie. Hierdie bevinding ondersteun die resultate in verskeie ander studies (Connell *et al.*, 2007:384; Dong *et al.*, 2004:778; Brown *et al.*, 1998:1068; Chaffin *et al.*, 1996:200) waar bevind is dat middelmisbruik deur individue sterk korreleer met die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in gesinne.

(c) Faktore by moeders

Ten opsigte van faktore teenwoordig by die moeders, het 55 (94,8%) van die respondente **beperkte betrokkenheid by die kinders** as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing by individue bevestig. Slegs een (1,7%) respondent het nie saamgestem nie en twee (3,4%) het die vraag nie beantwoord nie, wat waarskynlik daarop dui dat hulle onseker is of dit as 'n risiko-faktor beskou kan word by die individue aan wie hulle dienste lewer. 'n **Gebrek aan warmte teenoor die kinders** is deur 49 (84,5%) van die respondente as 'n risiko-faktor beskou en 'n **lae selfbeeld by die moeder** is deur 48 (82,8%) van die respondente as 'n risiko-faktor aangedui. Gemiddeld ses (10,3%) respondente het nie hierdie twee aspekte as 'n risiko-faktor in hulle gevallelading ervaar nie. Sewe (12%) respondente het nie een van hierdie twee kategorieë voltooi nie, wat moontlik daarop dui dat hulle onseker was of hierdie aspekte risiko-faktore in hulle gevallelading is, al dan nie. **Depressie** by die moeder is deur net meer as die helfte (30=51,7%) van die respondente as 'n risiko-faktor beskou, en deur 21 (36,2) respondente nie as 'n risiko-faktor beskou nie.

Uit die voorafgaande bevindinge word afgelei dat die meeste (meer as 50%) van die respondente wel meen dat al bogenoemde risiko-faktore, verband hou met die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing by die moeders in hulle gevallelading. Die navorsingsresultate van Brown *et al.* (1998:1068,1069) en Kotch *et al.* (1999:313) waar bevind is dat die bogenoemde risiko-faktore by moeders die risiko vir die mishandeling en -verwaarlosing van kinders verhoog, is dus ook van toepassing op die drie gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is.

(d) Faktore by kinders

Ten opsigte van faktore by die kinders wat 'n risiko inhou vir kindermishandeling en -verwaarlosing, is bevind dat 'n aansienlike meerderheid (56=96,6%) van die respondente 'n **moeilike geaardheid** by die kind saam met middelmisbruik deur individue as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing uitgelig het. Slegs een (1,7%) respondent het gemeen dat dit nie 'n risiko-faktor is nie en een (1,7%) het nie die afdeling voltooi nie. Die moontlikheid bestaan dat ouers moontlik 'n onvermoë het om kinders met 'n moeilike geaardheid te hanteer, wat beteken dat die moeilike geaardheid van kinders ook verband kan hou met die gebrek aan ouerskapsvaardighede by ouers.

'n **Lae verbale intelligensie** by die kind is as 'n risiko-faktor deur 42 respondente (72,4%) uitgelig, wat steeds beduidend is, aangesien slegs 11 (19%) respondente dit nie as 'n risiko-faktor beskou het nie. 'n **Siektetoestand** by die kind is deur die helfte (29=50%) van die respondente as 'n risiko-faktor aangedui. Onderskeidelik vyf (8,6%) en ses (10,3%) respondente het nie hierdie afdelings voltooi nie, en was waarskynlik onseker oor of hierdie aspekte risiko-faktore is by die individue aan wie hulle dienste lewer. In hierdie studie word daar egter bevind dat 'n beduidende aantal respondente wel 'n lae verbale intelligensie en 'n siektetoestand by die kind as risiko-faktore beskou by individue, wat ooreenstem met Brown *et al.* (1998:1068) se bevindinge ten opsigte van die verband tussen die teenwoordigheid van hierdie risiko-faktore en 'n verhoogde risiko vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing.

Gestremdheid is ook as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing geïdentifiseer, alhoewel meer respondente (28=48,3%) dit nie as 'n risiko-faktor beskou het nie (25=43,1%). Vyf (8,6%) respondente het nie die afdeling voltooi nie, wat waarskynlik dui op onsekerheid oor hierdie aspek. Gestremdheid word egter in navorsing (Brown *et al.*, 1998:1068) as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing beskou en in meer resente navorsing (Connell *et al.*, 2007:582) is aangetoon dat die voorkoms van gestremdheid

by 'n kind ook dui op 'n verhoogde risiko vir herverwysing na kinder- en gesinsorgdienste. Daar word bevind dat respondente oorwegend gestremdheid nie as 'n rede vir 'n verhoogde risiko vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing reken nie, maar daar moet in gedagte gehou word dat meer omvangryke studies (Brown *et al.*, 1998:1068) die teendeel bewys het.

Die risiko-faktore by kinders behoort ook in verband gebring te word met gebrekkige ouerskapsvaardighede, aangesien al die bogenoemde faktore van ouers vereis om oor spesifieke ouerskapsvaardighede te beskik om die kind te hanteer. Gebrekkige ouerskapsvaardighede is deur die meeste respondente as 'n belangrike risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing by individue geïdentifiseer en 'n moeilike geaardheid by die kind tesame met middelmisbruik deur die ouers, is deur die tweede meeste respondente as 'n risiko-faktor uitgelig. Hierdie faktore kan interafhanklik van mekaar funksioneer en moet dus ook in verband met mekaar beskou word.

7.3.4.4 Voorkoms van verskillende vorms van mishandeling

Die risiko-faktore wat vanuit 'n ekologiese perspektief (Sheafor *et al.*, 2000; Germain & Gitterman, 1980) in gemeenskappe, gesinne en individue vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan, moet ook in verband gebring word met die verskillende vorms van mishandeling wat kan voorkom. Respondente moes om hierdie rede die voorkoms van die verskillende vorms van mishandeling en verwaarlosing volgens die situasie wat hulle in die gemeenskap en hulle gevallelading ervaar, op 'n vierpuntskaal beoordeel. Die bevindinge word in tabel 7.7 aangebied.

Tabel 7.7: Voorkoms van vorms van mishandeling in gemeenskap/gevallelading

VORMS VAN KINDERMISHANDELING	VOORKOMS					
	Hoogste			Laagste	Nie	Totaal
	1	2	3	4	Geantw.	
f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	
Mishandeling soos:						
Fisieke mishandeling	18(31,0)	24(41,4)	12(20,7)	4(6,9)	0(0,0)	58(100)
Seksuele mishandeling	9(15,5)	26(44,8)	19(32,8)	4(6,9)	0(0,0)	58(100)
Emosionele mishandeling	20(34,4)	28(48,3)	7(12,1)	3(5,2)	0(0,0)	58(100)
Verwaarlosing soos:						
Fisieke verwaarlosing	41(70,7)	13(22,4)	4(6,9)	0(0,0)	0(0,0)	58(100)
Emosionele verwaarlosing	21(36,2)	28(48,3)	7(12,1)	1(1,7)	1(1,7)	58(100)
Eksplorasie	6(10,3)	19(32,8)	15(25,9)	10(17,2)	8(13,8)	58(100)

n=58

(a) Verwaarlosing

Tabel 7.7 toon aan dat die **fisieke verwaarlosing** van kinders as die vorm van kindermishandeling beoordeel is met die **hoogste voorkoms** in die gemeenskap/gevallelading van die respondente. Een-en-veertig (70,7%) respondente het fisieke verwaarlosing as die hoogste voorkoms in hulle gemeenskap/gevallelading beoordeel en 13 (22,4%) het die voorkoms as die naas hoogste beoordeel. Geen respondent het dit as laag beoordeel nie. **Emosionele verwaarlosing** is as die **tweede hoogste** (21=36,2%) vorm van kindermishandeling wat voorkom beoordeel en 28 (48,3%) respondente het dit as die naashoogste voorkoms van mishandeling beoordeel. Slegs een (1,7%) respondent het dit as laag beoordeel.

Die bevinding dat verwaarlosing (fisiek, sowel as emosionele verwaarlosing) se voorkoms by die gesinsorgorganisasies wat by hierdie studie betrek is, as die vorm van mishandeling beoordeel is wat die hoogste is, stem ooreen met die tendens in Amerika waar die verwaarlosing van kinders die algemeenste vorm van kindermishandeling is wat by kinder- en gesinsorgorganisasies aangemeld word (Wilson & Horner, 2005:472,478). In hierdie ondersoek is alreeds bevind dat armoede volgens die meeste respondente 'n risiko-faktor in hulle gemeenskappe vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing is. Armoede korreleer volgens navorsing (Connell *et al.*, 2007:580,584) sterker met die verwaarlosing van kinders as die ander vorms van mishandeling. Daar word afgelei dat die bevindings van hierdie studie by die gesinsorgorganisasies wat aan hierdie studie deelgeneem het, internasionale tendense reflekteer, aangesien die voorkoms van armoede volgens die perspektief van die respondente korreleer met die voorkoms van verwaarlosing in gemeenskappe/gevalleladings.

(b) Mishandeling

Ten opsigte van mishandeling het die respondente geoordeel dat **emosionele mishandeling** se voorkoms die **derde hoogste** in hulle gemeenskappe en gevalleladings is. Twintig (34,4%) respondente het dit as hoog beoordeel, en vir 28 (48,3%) was dit die **naashoogste**. Daarop volg **fisieke mishandeling**, wat as die vierde hoogste vorm (18=31%) van mishandeling beoordeel is. Ten opsigte van **seksuele mishandeling** het meer respondente (26=44,8%) dit as die **naashoogste** as op die **tweede laagste vlak** (19=32,8%) beoordeel.

Soos tabel 7.7 aandui, is al die vorms van mishandeling, met die uitsondering van seksuele mishandeling as hoog, of die naashoogste beoordeel. 'n Baie klein persentasie (5=9,5%) van die respondente het die voorkoms van al die vorms van mishandeling as laag in hulle

gemeenskap/gevallelading beoordeel. Die afleiding word gemaak dat al die vorms van mishandeling deur hierdie ondersoekgroep meestal as hoog eerder as laag beoordeel is. Hierdie afleiding bevestig die siening dat alhoewel armoede sterker verband hou met die verwaarlosing van kinders (Connell *et al.*, 2007:580,584) as met fisieke mishandeling (Weissman *et al.*, 2003:1159; Maluccio *et al.*, 2002:44; Burke *et al.*, 1998:396) of met seksuele mishandeling (Connell *et al.*, 2007:580; Brown *et al.*, 1998:1075; Drake & Pandey, 1996:1012) blyk die voorkoms van al hierdie vorms van mishandeling (Brown *et al.*, 1998:1075) hoër te wees in gemeenskappe waar armoede voorkom.

(c) Eksploitasie

Die meeste (19=32,8%) respondente het die voorkoms van eksploitasie van kinders as minder hoog in hulle gemeenskap/gevallelading beoordeel, terwyl 10 (17,2%) dit as laag beoordeel het. Agt (13,8%) respondente het nie hierdie afdeling voltooi nie, wat daarop kan dui dat hulle onseker is oor die voorkoms van eksploitasie in die gemeenskap/gevallelading waar dienste gelewer word. Die afleiding word gemaak dat die voorkoms van eksploitasie deur respondente by die gesinsorgorganisasies wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, as beduidend laer beoordeel word, as die ander vorms van kindermishandeling.

7.3.4.5 Redes vir die verwydering van kinders

Daar is probeer om vas te stel of die verskillende vorms van mishandeling verband hou met die redes waarom respondente kinders uit hulle gesinne verwyder. Die respondente is deur 'n oop vraag versoek om aan te dui wat die drie belangrikste redes is waarom hulle kinders in die gemeenskap waar hulle dienste lewer, uit hulle gesinne verwyder. In tabel 7.8 word die resultate verstrek.

Tabel 7.8: Redes vir die verwydering van kinders uit gesinne

REDES VIR VERWYDERING VAN KINDERS	Aantal response f	Persentasie %
Kindermishandeling, soos fisieke-, emosionele- en seksuele mishandeling	41	70,6
Verwaarlosing, soos fisieke- en emosionele verwaarlosing	37	63,7
Alkohol- en dwelmafhanlikheid van ouers	35	60,3
Onvoldoende bestaansmiddele, soos behuising, finansies	21	36,2
Ontoereikende ouerskapsvaardighede	19	32,7
Kinderverlating	13	22,4
Gedragsmoeilike kinders	6	10,3

n=58

(a) *Kindermishandeling, soos fisieke-, emosionele- en seksuele mishandeling*

Tabel 7.8 toon aan dat die meeste (41=70,6%) respondente kindermishandeling, insluitende fisieke-, emosionele- en seksuele mishandeling as 'n rede uitgelig het waarom hulle kinders uit gesinne verwyder. Hierdie bevinding korreleer met die voorkoms van die risiko-faktore in die gemeenskappe, gesinne en by die individue aan wie hierdie respondente dienste lewer, soos reeds in hierdie hoofstuk bespreek. Navorsing (Ernst, 2000:570; Coulton *et al.*, 1998:1037; Drake & Pandey, 1996:1012; Garbarino & Kostelny, 1992:463) dui verder aan dat daar in gemeenskappe waar 'n hoë vlak van armoede heers, 'n hoër voorkoms van kindermishandeling is, soos wat dan ook by die gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, die geval is.

(b) *Verwaarlosing, soos fisieke- en emosionele verwaarlosing*

Die verwaarlosing van kinders was nog 'n belangrike rede (37=63,7%) waarom respondente kinders uit hulle gesinne verwyder. Hierdie aspek korreleer met die feit dat armoede as 'n belangrike risiko-faktor op gemeenskapsvlak deur die respondente in hierdie studie uitgelig is. In Brown *et al.* (1998:1070) se studie is die volgende algemene risiko-faktore vir verwaarlosing geïdentifiseer, naamlik 'n groot gesin, lae inkomste, lae opvoedkundige kwalifikasies, jong moeders, enkelouers en afhanklikheid van bestaansbeveiliging. Hoe hoër die voorkoms van die aantal risiko-faktore teenwoordig in die gesin, hoe hoër die risiko vir verwaarlosing. Al hierdie risiko-faktore, met die uitsondering van bestaansbeveiliging, is deur die respondente in hierdie ondersoek as risiko-faktore in die gemeenskappe en gesinne waar hulle dienste lewer, voorgelê. Daar word dus afgelei dat daar volgens die respondente, wat by hierdie ondersoek betrek is, 'n beduidende verband bestaan tussen die voorkoms van armoede in gemeenskappe en ander risiko-faktore wat in die gesin aanwesig is, soos lae inkomste en die verwydering van kinders as gevolg van fisieke- en emosionele verwaarlosing.

(c) *Alkohol- en dwelmafhanlikheid van ouers*

Tabel 7.8 toon aan dat die voorkoms van alkohol- en dwelmafhanlikheid by ouers ook as 'n rede deur respondente (35=60,3%) aangemeld is vir die verwydering van kinders uit hulle ouers se sorg. Hierdie rede vir die verwydering van kinders korreleer met die bevinding dat middelmisbruik by ouers as 'n risiko-faktor by individue deur respondente in hierdie studie uitgelig is. Die bevinding dat alkohol- en dwelmafhanlikheid van ouers 'n belangrike rede is waarom respondente in hierdie ondersoek kinders verwyder, korreleer met statistiek in Amerika volgens Maluccio *et al.* (2002:54) wat daarop dui dat middelmisbruik by die ouer teenwoordig is by 40% tot 80% van die bevestigde gevalle van kinderverwaarlosing. In terme

van Suid-Afrikaanse navorsing herbevestig dit Kruger (1996:31) se bevinding, waar respondente in die Wes-Kaap aangedui het dat middelmisbruik by 64% van die gevalle in die studie die rede vir die verwydering van kinders was.

(d) Onvoldoende bestaansmiddele, soos behuising en finansies

Die feit dat gesinne se bestaansmiddele onvoldoende is, dat hulle oor geen behuising beskik nie en haweloos is, sowel as geen finansiële middele het om die kinders te versorg nie, is as 'n verdere rede (21=56,2%) vir die verwydering van kinders aangedui. Gebrekkige bestaansmiddele dui egter ook op armoede, wat soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk bewys is, sterker verband hou met die verwaarlosing van kinders. Onvoldoende bestaansmiddele hou dus sterker verband met die **verwaarlosing** van kinders, wat reeds as die tweede belangrikste rede vir die verwydering van kinders aangedui is. Daar kan dus afgelei word dat 'n rede waarom kinders deur respondente verbonde aan die gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is verwyder word, waarskynlik **armoede** is, met die **gepaardgaande verwaarlosing van kinders**, wat dan ook die bevindinge in internasionale literatuur (Ernst, 2000:570; Coulton *et al.*, 1998:1037; Drake & Pandey, 1996:1012; Garbarino & Kostelny, 1992:463) in hierdie verband weerspieël.

(e) Ontoereikende ouerskapsvaardighede

Ouers se ontoereikende ouerskapsvaardighede is as 'n verdere rede beskou waarom kinders verwyder word, aangesien 19 (32,7%) respondente dit as rede vir die verwydering van kinders aangevoer het. Gebrekkige ouerskapsvaardighede is ook as 'n risiko-faktor by individue vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in hierdie studie geïdentifiseer. Daar word afgelei dat 'n verband bestaan tussen die redes waarom kinders verwyder word en die risiko-faktore wat by individue, soos gebrekkige ouerskapsvaardighede, aanwesig is. Dit bevestig skrywers (Cash & Berry, 2003:4; Burke *et al.*, 1998:393) se siening dat ontoereikende ouerskapsvaardighede 'n eienskap van hoërisiko-gesinne is.

(f) Kinderverlating

'n Verdere belangrike rede vir verwydering wat deur respondente (13=22,4%) geïdentifiseer is, is kinderverlating. Kinderverlating kan ook in verband gebring word met faktore wat op individuele vlak by die moeder aanwesig is, soos 'n gebrek aan warmte teenoor die kind, asook beperkte betrokkenheid by die kind, wat moontlik daartoe aanleiding kan gee dat die moeder die kind verlaat. Die navorsingsresultate van Brown *et al.* (1998:1068,1069) en Kotch *et al.* (1999:313) wat aantoon dat 'n gebrek aan warmte teenoor die kind en beperkte

betrokkenheid by die kind, die risiko vir mishandeling en verwaarlosing verhoog, is moontlik ook van toepassing in die geval van kinderverlating. Kinderverlating kan moontlik ook verband hou met armoede, soos by 'n gebrek aan bestaansmiddele, of selfs met middelmisbruik. Die afleiding word gemaak dat kinderverlating wel in hierdie ondersoek deur respondente as 'n rede vir verwydering uitgelig is.

(g) Gedragsmoeilike kinders

Die feit dat kinders gedragsmoeilik is, is ook as 'n rede vir die verwydering van kinders deur slegs ses (10,3%) respondente geïdentifiseer. Gedragsmoeilike kinders is in hierdie ondersoek ook as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing by individue beskou. Hierdie bevinding verskil van Kruger (1996:35) se resultate in die Wes-Kaap, aangesien gedragsprobleme by kinders as die belangrikste rede vir die verwydering van kinders deur respondente in haar studie, aangedui is. Daar word afgelei dat respondente by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, nie gedragsmoeilike kinders as 'n baie belangrike rede beskou om 'n kind te verwyder nie.

7.3.5 Aard en omvang van gesinsinstandhoudingsdienste wat gelewer word

In hierdie afdeling word die aard en omvang (stand) van gesinsinstandhoudingsdienste wat deur respondente by die gesinsorgorganisasies wat by die ondersoek betrek is gelewer word, ontleed.

7.3.5.1 Omskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste

Ooreenkomstig die doel van die studie is die aard en omvang (stand) van die gesinsinstandhoudingsdienste wat deur maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool gelewer word, ondersoek. Dit het onder andere behels dat die respondente se perspektief op die term “gesinsinstandhoudingsdienste” bepaal is, deur die respondente te versoek om 'n beskrywing te gee van wat die term vir hulle beteken.

Die beskrywings is ontleed na aanleiding van die begripsomskrywing wat vir gesinsinstandhoudingsdienste in hoofstuk 1 gestel is. Hiervolgens word gesinsinstandhoudingsdienste beskou as voorkomende en terapeutiese dienste wat deur respondente by gesinsorgorganisasies gelewer behoort te word om die gesin in stand te hou en die verwydering van kinders uit hulle gesinne te beperk, deur gesinne se hanteringsvaardighede uit te bou, gesinsbande te versterk en die gesin te bemagtig om hulle benutting van formele en informele bronne te verhoog.

Hierdie begripsomskrywing is vir die ontleding van die data ingedeel in drie areas naamlik die **doel** van dienslewering, **die aard** van die dienste wat gelewer word, asook die **tipes dienste** wat gelewer word. 'n Beskrywing van die response word gegee, waarna dit voorgestel word in tabel 7.9.

Beskrywing van wat die term gesinsinstandhoudingsdienste vir die respondente beteken

01. Doel van dienslewering: Die gesin word deur die lewering van hierdie dienste in stand gehou (20=34,5%) en die verwydering van kinders uit die gesin (10=17,2%) word beperk. (Totaal: 31=53,4%)

02. Aard van dienslewering: Gesinsinstandhouding is voorkomende- of ondersteuningsdienste (10=17,2%) en terapeutiese dienste (6=10,3%) wat gelewer word, en daar moet op die gesin se sterktes gefokus word (2=3,4%). (Totaal: 8=31%)

03. Tipes dienste wat gelewer word: Vaardigheidsontwikkeling: Gesin se vaardighede (5=8,6%) soos ouerskapsvaardighede (3=5,1%) word uitgebou en die kommunikasie tussen gesinslede word versterk (1=1,7%); die gesinsbande word versterk (2=3,4%). (Totaal: 13=22,4%)

04. Tipes dienste wat gelewer word: Bemagtiging om in te skakel by bronne: Gesinsinstandhoudingsdienste moet gesinne bemagtig (4=6,9%) en hulle moet ingeskakel word by bronne (7=12%). (Totaal: 11=18,9%)

05. Nie-spesifieke response: Om gesinne optimaal te laat funksioneer (9=15,5%).

06. Ontoepaslike response: Dienste is daarop gerig om gesinne te herenig, nadat verwydering plaasgevind het (11=18,9%).

Tabel 7.9: Omskrywing van wat die term “gesinsinstandhoudingsdienste” vir respondente beteken

OMSKRYWING VAN TERM “GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE”	f%
Doel van dienslewering Gesinsinstandhouding Beperk verwydering van kinders	20 (34,5%) 10 (17,2%)
Aard van dienslewering Voorkomende- of ondersteuningsdienste Terapeutiese dienste Fokus op sterktes	10 (17,2%) 6 (10,3%) 2 (3,4%)
Tipes dienste: Vaardigheidsontwikkeling Verhoog vaardighede Verhoog ouerskapsvaardighede Versterk kommunikasie Versterk gesinsbande	5 (8,6%) 3 (5,1%) 1 (1,7%) 2 (3,4%)
Tipes dienste: Bemagtig om in te skakel by bronne Bemagtig gesinne Skakel in by bronne	4 (6,9%) 7 (12,0%)
Nie spesifieke response Optimale funksionering van gesinne	9 (15,5%)
Ontoepaslike response Gesinne te herenig	11 (18,9%)

(a) Doel van dienslewering

Uit die response en tabel 7.9 blyk dit dat 20 (34,48%) respondente van mening was dat die term “gesinsinstandhoudingsdienste” vir hulle beteken dat die gesin deur die lewering van hierdie dienste in stand gehou word, terwyl 10 (17,24%) respondente gevoel het dat dit die verwydering van kinders uit die gesin beperk. ’n Totaal van 31 (53,4%) respondente, wat net meer as die helfte van die ondersoekgroep is, kon dus ’n gedeelte van die doel van gesinsinstandhoudingsdienste ooreenkomstig literatuur (Tracy, 1995:980) identifiseer. Die afleiding word gemaak dat die meeste respondente se opvatting van die term “gesinsinstandhoudingsdienste”, nie rekening hou met die feit dat die gesin in stand gehou moet word en die verwydering van kinders voorkom moet word nie.

(b) Aard van dienslewering

Slegs 17 (29,3%) respondente se beskrywing het verband gehou met wat die aard van dienslewering is wanneer gesinsinstandhoudingsdienste gelewer word. Hiervan was 10 (17,2%) respondente van mening dat gesinsinstandhouding gerig is op voorkomende dienste en ses (10,3%) respondente dat terapeutiese dienste gelewer word. Daar word afgelei dat die meeste respondente in hierdie studie se opvatting van die term “gesinsinstandhoudingsdienste”, nie sterk gerig is op die feit dat voorkomende en terapeutiese maatskaplikewerk-dienste aan die gesin gelewer behoort te word nie, soos in literatuur (Pecora *et al.*, 1995:xix; Tracy, 1995:980) beskryf word nie.

(c) Tipes dienste wat gelewer word: Vaardigheidsontwikkeling

Dertien (22,4%) van die respondente se beskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste het die ontwikkeling van die vaardighede van die gesin ingesluit. Enkele respondente het aangedui dat gesinsinstandhoudingsdienste vir hulle beteken dat die gesin se vaardighede (5=8,6%) uitgebou word, asook dat spesifiek ouerskapsvaardighede (3=5,1%) en kommunikasievaardighede verhoog word en gesinsbande (2=3,4%) versterk word. Vir twee (3,4%) respondente het gesinsinstandhoudingsdienste beteken dat daar op die gesin se sterktes gefokus word. Die bevinding wat gemaak word is dat minder as ’n kwart (22,4%) van die respondente die vaardigheidsontwikkeling van gesinslede in verband bring met wat die term “gesinsinstandhoudingsdienste” vir hulle beteken. Vaardigheidsontwikkeling word deur verskeie skrywers (Cash & Berry, 2003:5; Dawson & Berry, 2002:298,299; Cash, 2001:44; Tracy, 1995:980) as van die belangrikste dienste beskou wat aan die hoërisiko-gesin gelewer behoort te word wanneer gesinsinstandhoudingsdienste gelewer word.

(d) Tipes dienste wat gelever word: Bemagtiging om gesin in te skakel by bronne

Die feit dat gesinsinstandhoudingsdienste gesinne moet bemagtig sodat hulle by bronne kan inskakel het by die minste (11=18,9%) respondente aansluiting gevind by wat “gesinsinstandhoudingsdienste” vir hulle beteken. Slegs vier (6,8%) respondente was van mening dat gesinne bemagtig moet word en sewe (12%) respondente het die betekenis van die begrip gesinsinstandhoudingsdienste in verband gebring met die inskakeling van gesinne by hulpbronne. In ooreenstemming met die literatuur (Juby & Rycraft, 2004:585; Cash, 2001:51; Berry, 1997:144; Tracy, 1995:980), word afgelei dat die respondente in hierdie ondersoek nie die bemagtiging van gesinslede om gebruik te maak van bronne, in verband bring met wat die term “gesinsinstandhoudingsdienste” vir hulle beteken nie. Dit verklaar ook waarom die kleinste aantal respondente gebrekkige bronne en dienste in gemeenskappe as ’n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing beskou het.

(e) Nie-spesifieke response

Nege (15,5%) respondente het die betekenis van gesinsinstandhoudingsdienste beskryf as om dienste te lewer om gesinne optimaal te laat funksioneer. Optimale funksionering is in hierdie ondersoek as ’n wye begrip beskou, aangesien maatskaplikewerk-dienslewering in die algemeen gerig is op die optimale funksionering van individue, gesinne, groepe en gemeenskappe. Hierdie response kan daarop dui dat hierdie respondente onseker is oor wat die term “gesinsinstandhoudingsdienste” vir hulle beteken.

(f) Ontoepaslike response

Minder as ’n vyfde (11=18,9%) van die respondente het aangedui dat die term “gesinsinstandhoudingsdienste” vir hulle beteken om gesinne te herenig, nadat verwydering plaasgevind het. Dit dui daarop dat sommige respondente se begrip van die term “gesinsinstandhoudingsdienste”, nie vir hulle verband hou met die werklike betekenis van die term gesinsinstandhoudingsdienste, soos omskryf in literatuur (Pecora *et al.*, 1995:xix; Tracy, 1995:980) nie.

7.3.6 Intensiewe- of gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste

Gesinsinstandhoudingsdienste behels dat respondente intensiewe of gesinsgesentreerde dienste aan hoërisiko-gesinne lewer om die verwydering van kinders te voorkom. Hierdie dienste omvat konkrete, opvoedkundige en instaatstellende dienste, asook terapeutiese dienste, wat aan hoërisiko-gesinne gelever behoort te word. Die lewering van konkrete dienste word vervolgens ontleed.

7.3.6.1 Konkrete dienste

Konkrete dienslewering behels die bied van praktiese ondersteuning deur te fokus op die probleme wat in die gesin se omgewing aandag benodig, soos byvoorbeeld materiële bystand. Die respondente moes op 'n skaal van 1 tot 4 aandui hoe gereeld sekere konkrete dienste aan hoërisiko-gesinne gelewer word om die verwydering van kinders te voorkom. Die bevindings is aangedui in tabel 7.10.

Tabel 7.10: Voorkoms van gereeldheid van lewering van konkrete dienste om verwydering te voorkom

KONKRETE DIENSTE	VOORKOMS					
	Altyd	Dikwels	Selde	Nooit	Nie voltooi	Totaal N(%)
	1	2	3	4		
	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	
Hulp met instandhouding van die huishouding, bv. om: Gesinne by te staan om inkopies te doen	1(1,7%)	2(3,4%)	20(34,5)	32(55,2)	3(5,2)	58(100)
Ontwikkeling van tuisteskepper-vaardighede by versorgers, soos beplanning en voorbereiding van maaltye deur modellering in die huis	1(1,7)	5(8,6)	20(34,5)	30(51,7)	2(3,4)	58(100)
Praktiese reëlins vir: Vervoer van gesinslede	3(5,2)	13(22,4)	28(48,3)	13(22,4)	1(1,7)	58(100)
Versorging van kinders deur ander gemeenskapslede of instansies	8(13,8)	36(62,1)	9(15,5)	4(6,9)	1(1,7)	58(100)
Verskaffing van materiële bystand soos: Kos	14(24,1)	37(63,8)	3(5,2)	4(6,9)	0(0,0)	58(100)
Finansiële bystand	2(3,4)	11(19,0)	31(53,4)	14(24,1)	0(0,0)	58(100)
Verwysings na ander gemeenskapsgebaseerde bronne	19(32,8)	34(58,6)	3(5,2)	2(3,4)	0(0,0)	58(100)
Vergesel gesinslede na bron	0(0,0)	21(36,2)	28(48,3)	7(12,1)	2(3,4)	58(100)
Ander (spesifiseer): Verkryging van geboortesertifikaat	0(0,0)	1(1,7)	0(0,0)	0(0,0)	57(98,3%)	58(100)
Verskaffing van klerasie, skoolklere	0(0,0)	1(1,7)	0(0,0)	0(0,0)	57(98,3%)	58(100)

n=58

(a) Verwysings na ander gemeenskapsgebaseerde bronne

Volgens tabel 7.10 is verwysings na ander gemeenskapsgebaseerde bronne, die konkrete diens wat die **gereeldste** deur respondente gelewer word, aangesien 19 (32,8%) respondente hierdie diens **altyd** lewer en 34 (58,6%) die diens **dikwels** lewer. Hierdie bevinding stem ooreen met die literatuur (Cash, 2001:51; Thompson, 1995:150) waar **verwysings** na ander **gemeenskapsgebaseerde bronne** as 'n belangrike aspek van konkrete dienslewering beklemtoon word, sodat verdere ondersteuning aan die gesin gebied kan word.

(b) Verskaffing van materiële bystand

Die meerderheid van die respondente het aangedui dat die **verskaffing van kos** as 'n konkrete diens **dikwels** (37=63,6%) of **altyd** (14=24,1%) gelewer word, maar dit blyk dat finansiële bystand aan kliënte minder gereeld plaasvind. Slegs twee (3,4%) respondente het aangedui dat dit altyd gedoen word en 11 (19%) bied dikwels finansiële bystand. Die meerderheid van die respondente (31=53,4%) het aangedui dat **finansiële bystand selde**, of **nooit** (14=24%) gebied word nie.

Hierdie bevinding stem ooreen met Kruger (1996:122,123) se studie na die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste in die Wes-Kaap waar bevind is dat respondente in die meeste gevalle konkrete hulp verleen het, deur kospakkies aan gesinne te verskaf. Kospakkies is in 50% van die gevalle verskaf. In Berry *et al.* (2000:197) se navorsing in die VSA is bevind dat finansiële bystand en die verskaffing van kos deurlopend gedoen is. Die afleiding wat gemaak word is dat respondente by die gesinsorgorganisasies wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het op 'n gereelde basis kospakkies aan kliënte verskaf, maar nie finansiële bystand nie, waarskynlik omdat die organisasies nie oor voldoende fondse beskik om dikwels finansiële bystand te bied nie.

(c) Die tref van praktiese reëlins

Ten opsigte van praktiese reëlins blyk dit dat die meeste respondente, naas die verskaffing van kos, **dikwels** (36=62,1%) of **altyd** (8=13,8%) **reëlins tref vir die versorging van kinders** deur ander gemeenskapslede of instansies. Die minderheid van die respondente het aangetoon dat hierdie konkrete diens selde (9=15,5%) of nooit (4=6,9%) gelewer word. Met betrekking tot die **vervoer van gesinslede na bronne en dienste** blyk dit dat hierdie konkrete diens nie gereeld gelewer word nie, aangesien die meeste respondente aangedui het dat dit **selde** (28=48,3%) en **nooit** (13=22,4%) gedoen word nie. Hierteenoor het die minderheid van die respondente gevoel dat hierdie diens altyd (3=5,2%) of dikwels (13=22,4%) gelewer word.

Hierdie bevinding stem nie ooreen met die navorsing van Berry *et al.* (2000) in die VSA nie, waar bevind is dat die konkrete dienste wat hoofsaaklik deur respondente gelewer is, die tref van reëlins vir die vervoer van gesinslede was (64%), terwyl reëlins vir die versorging van kinders minder gereeld getref is (52%). 'n Moontlike verklaring vir die feit dat vervoerreëlins as 'n konkrete diens nie gereeld gelewer word nie, is die feit dat die respondente moontlik nie oor voldoende tyd beskik om hierdie reëlins te tref nie, vanweë hoë gevallelading. Die gemiddelde gevallelading van die respondente in hierdie ondersoek was 126. Die moontlikheid bestaan ook dat gemeenskappe nie oor die bronne of vrywilligers beskik wat hierdie vervoer kan bied nie.

(d) Vergesel gesinslede na bron

Alhoewel die meerderheid (28=48,3%) van die respondente aandui dat gesinslede **selde**, of **nooit** (7=3,4%) na bronne vergesel word, het 'n beduidende getal (21=36,2%) respondente wel aangedui dat hierdie tipe konkrete diens dikwels gelewer word. Geen respondent was van mening dat die diens altyd gelewer word nie. In die intensiewe gesinsinstandhoudingsloosprojek wat in Suid-Afrika (Interministerial Committee on Young People at Risk, 1998:27,30) onderneem is, is kinderversorgers benut om gesinslede na bronne te vergesel. Daar blyk dus wel 'n behoefte te wees aan hierdie diens. Hierdie aspek sal in die volgende hoofstuk onder tuisbesoekprogramme toegelig word.

(e) Hulp met instandhouding van die huishouding

Tabel 7.10 toon duidelik aan dat konkrete dienste soos om **gesinne by te staan om inkopies te doen** deur die meeste respondente **nooit** (32=55,2%) of **selde** (20=34,5%) gelewer word. Slegs een (1,7%) respondent het hierdie diens altyd gelewer en twee (3,4%) dikwels. Die **ontwikkeling van tuisteskeppervaardighede**, soos beplanning en die voorbereiding van maaltye deur modellering in die huis, word ook deur die meeste respondente (30=51,7%) **nooit**, of **selde** (20=34%) gedoen. Een (1,7%) respondent het gereeld die tuisteskeppervaardighede ontwikkel en vyf (8,6%) dikwels. Die bevinding dat respondente oorwegend, selde of nooit gesinne bystaan met die instandhouding van die huishouding is teenstrydig met die aard van die konkrete dienste wat deur respondente in die VSA gelewer word. Skrywers (Cash, 2001:44; Berry, 1997:145,149,150; Smith, 1995:13) dui aan dat direkte konkrete dienste soos om gesinne by te staan om inkopies te doen en te help met die voorbereiding van maaltye, voorbeelde is van dienste wat hoofsaaklik deur die maatskaplike werkers gelewer behoort te word. Die afleiding wat gemaak word is dat respondente by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing wat by die ondersoek betrek is, vanweë hoë

gevalleladings nie oor voldoende tyd beskik om hierdie dienste te lewer nie. 'n Aspek wat verder ondersoek behoort te word is of hulle bewus is van die belangrikheid dat hierdie tipe konkrete dienste gelewer moet word om gesinsinstandhouding te bevorder.

(f) Ander konkrete dienste wat gelewer word

Slegs twee (3,4%) respondente het ander konkrete dienste (anders as wat alreeds in tabel 7.9 aangetoon is) gelys, naamlik die verskaffing van klerasie wat dikwels gedoen word en die verkryging van 'n geboortesertifikaat vir kinders wat ook dikwels gedoen word. Die verskaffing van klerasie en ander huishoudelike artikels soos gordyne, is in Kruger (1996:122,123) se studie in die Wes-Kaap bevind as die tipe konkrete hulp wat die minste gebied word. Dit is waarskynlik waarom die respondente in hierdie studie dit ook nie uitgelig het as 'n ander diens wat gelewer word nie.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die meeste konkrete dienste eerder **seld** en **nooit** gelewer word, as altyd en dikwels. Dit is ook onduidelik waarom enkele van die respondente sekere afdelings nie voltooi het nie. Hulle was waarskynlik òf onseker oor wat die diens behels, òf onseker oor hoe gereeld hulle die diens lewer. Die afleiding wat gemaak word oor konkrete dienslewering is dat beperkte konkrete dienste deur respondente by gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, aan hoërisiko-gesinne gelewer word om die verwydering van kinders te voorkom. Hierdie afleiding is belangrik, aangesien daar 'n balans tussen konkrete en terapeutiese dienste gevind moet word (Maluccio *et al.*, 2002:154), omdat daar nie van gesinne verwag kan word om hulle verhoudingsvaardighede te ontwikkel en gedragsprobleme te hanteer indien daar omgewingstressors teenwoordig is soos 'n gebrek aan kos, klere en ander bestaansmiddele nie (Maluccio *et al.*, 2002:153; Cash & Berry, 2001:4; Littell & Tajima, 2000:430; Berry, 1997:145). Verder blyk die deelname van ouers aan programme, volgens Littell en Tajima (2000:426,428), hoër te wees wanneer 'n wye verskeidenheid konkrete dienste en voorspraak pogings deur die respondent beskikbaar is.

7.3.6.2 Perspektief op lewering van konkrete dienste

Die feit dat konkrete dienslewering beperk is, is geëksploreer tydens die fokusgroepgesprek. Deelnemers se perspektief is bekom oor hoe die lewering van konkrete dienste soos om gesinne te vergesel na bronne, en hulle by te staan met tuisteskeppervaardighede, by hulle organisasie daar uitsien. Die deelnemers se narratiewe is ondersoek en in subtemas en kategorieë verdeel soos in tabel 7.11 aangedui.

Tabel 7.11: Perspektief op lewering van konkrete dienste by organisasies

TEMA: LEWERING VAN KONKRETE DIENSTE		
SUBTEMAS	KATEGORIEë	NARRATIEF
1. Gebrek aan tyd vir konkrete dienslewering	1. Statutêre lading is te hoog	- <i>“In ons gemeenskap is <u>statutêre werk baie hoog</u> so daar is <u>net eenvoudig nie die tyd</u> om te poog om sulke tipe van projekte te begin nie. ’n Mens wil nie sê <u>dis minder belangrik nie</u>, maar as die <u>statutêre werk nie so hoog was nie...</u>”</i>
	2. Beperkte konkrete dienste word gelewer	- <i>“Ek kan sulke praktiese goed nog doen, soos <u>aflaai en so aan</u>, maar <u>ek kan nie meer as dit doen nie.</u>”</i> - <i>“<u>Mens moet nog partykeer help met vervoer</u>, ek meen as die situasie so is, dat daar nie vordering gemaak word nie, of niemand ’n ding doen nie, dan moet jy dit maar self doen, <u>so ons sal mense ry om hulle kinders se geboorte te registreer</u>, want hulle kom net nie so ver nie en jy het miskien die dokumente nodig, ... ons kliënte het dikwels ’n probleem met vervoer, so as jy wil hê hulle moet kom, moet jy hulle aanry.”</i>
2. Onbewus van belangrikheid van konkrete dienslewering	1. Onkunde oor aard van dienste	- <i>“Ek weet nie, maar in my pos is dit <u>tydmors</u>. Dis gebaseer op die ou maatskaplike werk. Dis nou ’n waste of time.”</i> - <i>“...om <u>tuisteskepper vaardighede of die bietjie potensiaal wat daar binne die huishouding is te ontgin, sommer net om nice te wees</u>, ek kan nie”.</i>

(a) Gebrek aan tyd vir konkrete dienslewering

Die eerste tema is dat daar ’n gebrek aan tyd is om konkrete dienste te lewer. Twee **kategorieë** in hierdie subtema is geïdentifiseer. Ten opsigte van die eerste kategorie is fokusgroeplede van mening dat die werklading en spesifiek die **statutêre lading** te hoog is. Die gebrek aan tyd hou ook verband met ’n tekort aan maatskaplike werkers om dienste te lewer. Daar word dus bevind dat die tekort aan maatskaplike werkers die lewering van konkrete dienste strem. Die tekort aan maatskaplike werkers om dienste te lewer word herhalend deur skrywers (September, 2007:43; Lombard & Kleyn, 2006:225; Brown & Neku, 2005:308; September & Blankenberg, 2004:29) uitgelig.

Die tweede kategorie bevestig die bevinding wat alreeds in die vorige afdeling gemaak is, naamlik dat **beperkte konkrete dienste gelewer word**. Slegs enkele konkrete dienste word gelewer in noodsaaklike gevalle, soos byvoorbeeld die vervoer van gesinslede. Beperkte konkrete dienslewering kan beteken dat die werksverhouding tussen die maatskaplike werker

en die gesin beïnvloed word, terwyl die aktiewe betrokkenheid van die gesin by dienslewering ook nie aangemoedig word nie (Maluccio, 2002:153; Cash & Berry, 2003:4; Berry, 1997:145). Indien konkrete dienste nie gelewer word nie, word die stres wat die gesin ervaar nie verlig nie (Juby & Rycraft, 2004:585).

(b) Onbewus van belangrikheid van konkrete dienslewering

Die tweede subtema wat navore gekom het, is dat fokusgroeplede onbewus is van die belangrikheid van konkrete dienslewering. Die enigste kategorie wat geïdentifiseer is, is dat daar onkunde bestaan oor die aard van konkrete dienslewering, aangesien dit as tydmors beskou word of as 'n diens wat gelewer word net om vriendelik te wees. Hierdie siening bevestig 'n vorige bevinding in hierdie hoofstuk, naamlik dat daar onsekerheid by die respondente bestaan het oor wat die term gesinsinstandhoudingsdienste beteken. Dit beteken dat daar ook onkunde bestaan oor die verskillende tipes dienste, soos konkrete dienste, wat gelewer moet word, wat deur deelnemers aan die fokusgroep bevestig is. Respondente en fokusgroeplede blyk onbewus te wees dat die lewering van konkrete dienste volgens Berry (1997:150,152,154) meer positiewe uitkomst vir gesinne, as terapeutiese dienste inhou, aangesien dit onder andere bydra tot 'n groter gemotiveerdheid by die gesin om deel te neem aan terapeutiese dienste.

7.3.6.3 Opvoedkundige of instaatstellende dienste

Opvoedkundige of instaatstellende dienste fokus veral op die ontwikkeling van die vaardighede van hoërisiko-gesinne om hulle te bemagtig om self bronne in die omgewing te benut. Die respondente is om hierdie rede versoek om op 'n vierpuntskaal aan te dui hoe gereeld sekere opvoedkundige en instaatstellende dienste aan hoërisiko-gesinne op hulle gevallelading gelewer word, om statutêre dienste te voorkom. Die response word in tabel 7.12 uitgebeeld.

Tabel 7.12: Voorkoms van gereeldheid van lewering van opvoedkundige en instaatstellende dienste om statutêre dienste te voorkom

OPVOEDKUNDIGE EN INSTAATSTELLENDEN DIENSTE	VOORKOMS					
	Altyd	Dikwels	Selde	Nooit	Nie voltooi	Totaal
	1	2	3	4		
	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	n(%)
Verhoging van lewensvaardighede soos: Ouerskapsvaardighede	16(27,6)	35(60,3)	4(6,9)	2(3,4)	1(1,7)	58(100)
Finansiële beplanningsvaardighede	4(6,9)	22(37,9)	20(34,5)	9(15,5)	3(5,2)	58(100)
Kommunikasievaardighede	21(36,2)	30(51,7)	5(8,6)	1(1,7)	1(1,7)	58(100)
Probleemoplossingsvaardighede	25(43,1)	30(51,7)	1(1,7)	1(1,7)	1(1,7)	58(100)
Konflikhanteringsvaardighede	23(39,7)	29(50,0)	2(3,4)	1(1,7)	3(5,2)	58(100)
Inskakeling van gesinslede by: Informeel ondersteuningsbronne bv. bure, klubs	3(5,2)	25(43,1)	24(41,4)	1(1,7)	5(8,6)	58(100)
Formele ondersteuningsbronne, bv. dagversorging	8(13,8)	24(41,4)	16(27,6)	6(10,3)	4(6,9)	58(100)
Speelgroepe	5(8,6)	21(36,2)	17(29,3)	7(12,1)	8(13,8)	58(100)
Weeklikse ondersteuningsgroepe	4(6,9)	9(15,5)	15(25,9)	9(15,5)	21(36,2)	58(100)
Ander: Ouerleidingsgroepe		1(1,7)				

n=58

Uit tabel 7.12 is dit duidelik dat die respondente in hierdie ondersoek sterker konsentreer op die ontwikkeling van lewensvaardighede, as op die inskakeling van gesinslede by bronne in die gemeenskap. Ten opsigte van die ontwikkeling van lewensvaardighede word hierdie dienste hoofsaaklik dikwels en gereeld gelewer, terwyl die inskakeling van gesinslede by bronne eerder dikwels as selde gelewer word. Hierdie aspekte word vervolgens verder ontleed.

(a) Verhoging van lewensvaardighede

Ten opsigte van lewensvaardighede is die **verhoging van probleemoplossingsvaardighede** die diens wat die gereeldste gelewer word. Vyf-en-twintig (43,1%) respondente lewer hierdie diens **altyd** en 30 (51,7%) respondente lewer dit **dikwels**. **Konflikhanteringsvaardighede** word naas die verhoging van probleemoplossingsvaardighede die meeste gelewer, aangesien 23 (39,7%) respondente hierdie diens **altyd** lewer en 29 (50%) die diens **dikwels** lewer. Die **verhoging van ouerskapsvaardighede** is ook 'n diens wat gereeld gelewer word. Sestien (26,6%) respondente lewer hierdie diens **altyd** en 35 (60,3%) **dikwels**. Opvoeding ten opsigte van **kommunikasievaardighede** word ook deur die meerderheid (30=51,7%) van die respondente **dikwels** (30=51,7%) en **altyd** (21=36,5%) gelewer.

Die verhoging van **finansiële beplanningsvaardighede** is die enigste opvoedkundige diens wat deur respondente **dikwels** (22=37,9%) en **selde** (20=34,5%) gelewer word. Dit was egter ook die aspek wat die **meeste** (9=15,5%) respondente **nooit** gedoen het nie. Waarom enkele respondente nie al hierdie afdelings voltooi het nie, is nie duidelik nie. Daar word gespekuleer dat hulle onseker is oor wat die tipe diens behels, of nie kon besluit hoe gereeld hulle die diens lewer nie.

Die afleiding wat gemaak word is dat respondente verbonde aan die gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, opvoedkundige en instaatstellende dienste aan hoërisiko-gesinne om hulle lewensvaardighede te verhoog eerder altyd en dikwels lewer, as selde en nooit. Dit bevestig die siening in internasionale literatuur (Dawson & Berry, 2002:298,299; Cash, 2001:44; Fraser *et al.*, 1997:145; Thompson, 1995:150) dat respondente by die lewering van opvoedkundige en instaatstellende gesinsinstandhoudingsdienste fokus op vaardigheidsontwikkeling, soos die verhoging van ouerskaps- en finansiële beplanningsvaardighede, asook die aanleer van lewensvaardighede soos kommunikasie- en probleemoplossingsvaardighede, wat met die uitsondering van finansiële beplanningsvaardighede, by die drie gesinsorgorganisasies wat in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing by hierdie ondersoek betrek is, ook die geval is.

(b) Inskakeling van gesinslede by informele en formele gemeenskapsbronne

Tabel 7.12 toon aan dat die respondente in hierdie ondersoekgroep minder gereeld gesinslede by informele en formele bronne inskakel, aangesien die verspreiding ten opsigte van die gereeldheid waarmee hierdie dienste gelewer word, daarop dui dat hierdie dienste meer dikwels en selde gelewer word as altyd en dikwels, soos wat die geval was by die verhoging van lewensvaardighede.

Die **inskakeling van gesinslede by informele ondersteuningsbronne**, soos bure en klubs was die diens wat die gereeldste gelewer is in hierdie kategorie. Ongeveer dieselfde aantal respondente het aangedui dat gesinslede **dikwels** (25=43,1%) en **selde** (24=41,4%) by informele ondersteuningsbronne soos bure en klubs ingeskakel word, terwyl vyf (8,6%) respondente nie hierdie vraag beantwoord het nie, wat kan dui op onsekerheid oor hoe gereeld hulle die diens lewer, of kan beteken dat hulle onseker is oor wat die diens behels.

Ten opsigte van die **inskakeling van gesinslede by formele ondersteuningsbronne** soos **dagversorging en speelgroepe**, blyk dit dat die meeste respondente hierdie dienste ook **dikwels** en **selde** lewer. **Weeklikse ondersteuningsgroepe** vir hoërisiko-gesinne blyk 'n instaatstellende diens te wees wat min gelewer word, aangesien die meerderheid van die

respondente aangedui het dat hierdie diens **selde** (15=25,5%), of **nooit** (9=15,5%) gelewer word nie. 'n Aansienlike aantal respondente (21=36,2%) het nie hierdie afdeling voltooi nie, wat moontlik daarop dui dat hulle nie seker is van wat 'n ondersteuningsgroep behels nie.

Gesamentlik het meer respondente ook aangedui dat die inskakeling van gesinslede by informele en semi-formele bronne **nooit** (23=39,6%), gedoen word nie as wat die geval was by die verhoging van lewensvaardighede (14=24,1%). Die totale aantal respondente wat nie die afdelings oor die verhoging van lewensvaardighede voltooi het nie, was nege (15,5%), terwyl altesaam 38 (65,5%) respondente sekere afdelings oor die inskakeling van gesinslede by bronne, nie voltooi het nie. Daar word afgelei dat die respondente meer seker was van hoe gereeld hulle fokus op die verhoging van lewensvaardighede, as wat hulle fokus op die uitbreiding van gesinne se netwerke deur gesinslede in te skakel by bronne.

Die feit dat gesinslede minder gereeld by bronne ingeskakel word, is 'n belangrike bevinding, en wel om die volgende redes. Indien dit nie moontlik is om die gesin se informele ondersteuningsbronne uit te brei nie, moet dienslewering sterker gerig word op die inskakeling van die gesin by semi-formele en formele ondersteuningsbronne. Hierdie vorm van sosiale ondersteuning behels dat die gesin bemaagtig word om kontak te maak en in te skakel by bestaande programme in die **organisasie** of in die **gemeenskap**, wat ondersteuning kan bied (Berry, 1997:144,145). Alhoewel daar respondente is wat wel ooreenkomstig die literatuur (Berry, 1997:145; Cash, 2001:51) gesinne inskakel by bronne soos dagversorging, speelgroepe en weeklikse ondersteuningsgroepe om aanvullende en deurlopende ondersteuning aan die gesin te bied, blyk die meerderheid dit nie gereeld te doen nie. Daar is dus in hierdie ondersoekgroep bevind dat die inskakeling van gesinne by informele en semi-formele bronne minder gereeld gedoen word as wat daar gekonsentreer word op die verhoging van lewensvaardighede. Kundiges beklemtoon die voordele van gesinsondersteuningsdienste wat fokus op die inskakeling van gesinslede by dienste, bronne of netwerke in die gemeenskap om die behoud van kinders in hoërisiko-gesinne te bevorder en sodoende statutêre dienste te voorkom (Armstrong & Hill, 2001; Pithouse & Tasiran, 2000; Leon, 1999; Jack, 1997; Nair *et al.*, 1997; Tunstill, 1996).

(c) Ander opvoedkundige en instaatstellende dienste

Met betrekking tot ander opvoedkundige en instaatstellende dienste wat gelewer word, het slegs een respondent (1,7%) 'n respons gebied wat nie alreeds onder die ander afdelings vervat is nie, naamlik oerleidingsgroepe. Oerleidingsgroepe word in die volgende hoofstuk meer omvattend beskou onder gesinsondersteuningsdienste. Die afleiding word gemaak dat

respondente nie ander opvoedkundige en instaatstellende dienste lewer as wat hierbo bespreek is nie.

7.3.6.4 *Terapeutiese dienste*

Terapeutiese dienste is 'n belangrike komponent van gesinsgesentreerde en intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste. In tabel 7.13 word aangedui hoe gereeld respondente terapeutiese dienste op 'n skaal van 1 tot 4 aan die hoërisiko-gesinne op hulle gevallelading bied.

Tabel 7.13: Voorkoms van gereeldheid van lewering van terapeutiese dienste om verwydering van kinders te voorkom

TERAPEUTIESE DIENSTE	VOORKOMS					
	Altyd	Dikwels	Selde	Nooit	Nie voltooi	Totaal
	4	3	2	1		
	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	n(%)
Korttermyn gesinsgesentreerde dienste soos: Krisisintervensie	21(36,2)	30(51,7)	5(8,6)	1(1,7)	1(1,7)	58(100)
Langtermyn gesinsgesentreerde dienste soos: Gesinsberaad	16(27,6)	32(55,2)	5(8,6)	1(1,7)	4(6,9)	58(100)
Huweliksberading	9(15,5)	27(46,6)	17(29,3)	3(5,2)	2(3,4)	58(100)
Middelmisbruikberading	20(34,5)	26(44,8)	9(15,5)	2(3,4)	1(1,7)	58(100)
Berading ten opsigte van huishoudelike geweld	10(17,2)	34(58,6)	12(20,7)	1(1,7)	1(1,7)	58(100)
Ander: Mediasie Berading aan kinders na sterfte van ouers		1(1,7)	1(1,7)		56(96,6)	58(100)

n=58

(a) *Korttermyn gesinsgesentreerde dienste*

Uit Tabel 7.13 is dit duidelik dat korttermyn gesinsgesentreerde dienste soos **krisisintervensie** die terapeutiese diens is wat die meeste gelewer word. Die meerderheid van die respondente lewer hierdie diens **altyd** (21=36,2%) en **dikwels** (30=51,7%). Slegs vyf (8,6%) respondente lewer selde korttermyn gesinsgesentreerde dienste en een (1,7%) nooit nie. Een (1,7%) respondent het nie aangedui hoe gereeld die diens gelewer word nie, wat kan beteken dat daar onsekerheid bestaan oor wat die tipe diens behels, of hoe gereeld dit gelewer word. Die bevinding dat korttermyn gesinsgesentreerde dienste soos krisisintervensie die diens is wat die gereeldste gelewer word, stem ooreen met die eienskappe van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste. 'n Belangrike eienskap van intensiewe gesinsinstandhoudings-

dienste is dat hierdie diens gelewer word aan gesinne wat in 'n **krisis** verkeer (Littell & Tajima, 2000:406; Berry, 1997:76,79; Thompson, 1995:147), waar die risiko vir die verwydering van die kinders hoog is (Fraser *et al.*, 1997:140) vanweë die verwaarlosing of mishandeling van die kinders (Berry, 1997:137). Die lewering van intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste word beskou as die laaste tipe diens wat aan die gesin gelewer word, voordat die kind verwyder word (Tracy, 1995:976; Thompson, 1995:148). Respondente by die drie gesinsorgorganisasies wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, lewer oorwegend korttermyn gesinsgesentreerde dienste, soos krisisintervensie. Die gereelde lewering van krisisdienste moet in hierdie studie ook in verband gebring word met die feit dat die gemiddelde gevallelading in hierdie ondersoekgroep 126 was. Respondente kan vanweë hoë gevalleladings gedwing word om krisisgeoriënteerd te werk.

(b) Langer-termyn gesinsgesentreerde dienste

Ten opsigte van langer-termyn gesinsgesentreerde dienste lewer respondente in hierdie studie in rangorde van die hoogste na die laagste, op 'n gereelde basis middelmisbruikberading, gesinsberading, berading ten opsigte van die hantering van huishoudelike geweld en laastens huweliksberading. Die langer-termyn terapeutiese diens wat die gereeldste gelewer word is **middelmisbruikberading**, aangesien 20 (34,5%) respondente hierdie diens **altyd** lewer en 26 (44,5%) dit **dikwels** lewer. Hierdie bevinding korreleer met die feit dat middelmisbruik by individue as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing uitgelig is, asook dat alkohol- en dwelmafhanlikheid van ouers as 'n belangrike rede aangevoer is waarom respondente in hierdie studie kinders verwyder. Daar word dus bevind dat risiko-faktore op die meso-vlak van die ekologiese perspektief korreleer met die redes waarom kinders verwyder word, sowel as die terapeutiese dienste wat gelewer word. Gevalleladings word egter verhoog omdat hierdie tipe diens langer-termyn van aard is (Semidei *et al.*, 2001:12) aangesien die voorkoms van middelmisbruik en verwaarlosing waarskynlik dienslewering vir verskeie jare benodig (Wilson & Horner, 2005:476).

Gesinsberading as terapeutiese diens word naas middelmisbruikberading die mees gereeldste gelewer. Twee-en-dertig respondente (55,2%) lewer hierdie diens **dikwels** en 16 (27,6%) **altyd**. Hierdie bevinding dat gesinsberading as terapeutiese diens gereeld gelewer word, korreleer met Ghate en Hazel (2002:76) se navorsing waar bevind is dat hoërisiko-gesinne deurlopend probleme met betrekking tot hulle verhoudings met hulle lewensmaats en kinders ervaar. In navorsing (Jones *et al.*, 2002:411; Pithouse *et al.*, 1998:64; Fraser *et al.*, 1997:145; Smith, 1995:15) is ook bevind dat gesinsberading as terapeutiese diens deurlopend aan

hoërisiko-gesinne gelewer is, soos wat ook in hierdie ondersoek in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing bevind is.

Berading ten opsigte van huishoudelike geweld word ook gereeld gedoen, aangesien 34 (58,6%) respondente hierdie diens **dikwels** lewer en 10 (17,2%) **altyd**. Die minderheid van die respondente lewer hierdie diens selde (12=20,7%) of nooit (1=1,7%). Slegs een respondent was klaarblyklik onseker oor of die diens gelewer word en het nie die afdeling voltooi nie. Die bevinding dat hierdie diens gereeld gelewer word, is toepaslik, omdat huishoudelike geweld tussen mans en vroue deur 50 (86,2%) van die respondente as 'n risiko-faktor in gesinne vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in hierdie ondersoekgroep geïdentifiseer is. Navorsing (Jones *et al.*, 2002:414; Semidei *et al.*, 2001:12) dui aan dat daar 'n interafhanklikheid tussen middelmisbruik en huishoudelike geweld bestaan, terwyl die voorkoms van beide hierdie verskynsels die risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing verhoog. Die feit dat respondente by gesinsorgorganisasies in hierdie ondersoek gereeld berading ten opsigte van huishoudelike geweld doen, is dus toepaslik.

Huweliksberading is die enigste terapeutiese diens waar die verspreiding van die gereeldheid van die diens aandui dat hierdie diens **dikwels** (27=46,6%) en **selde** (17=29,3%) gelewer word. Die minderheid van die respondente lewer hierdie diens altyd (9=15,5%) en nooit (3=5,2%), terwyl twee (3,4%) respondente ook nie die afdeling voltooi het nie. Alhoewel hierdie diens minder gereeld as die ander langer-termyn terapeutiese dienste gelewer word, is huweliksberading wel in die studie van Fraser *et al.* (1997:145) beskou as 'n algemene element van gesinsinstandhoudingsdienste. Die afleiding wat wel gemaak word is dat huweliksberading minder gereeld as die ander terapeutiese dienste wat reeds bespreek is, gedoen word deur die respondente in hierdie ondersoekgroep.

(c) Ander terapeutiese dienste

Ses-en-vyftig respondente (69,5%) het nie ander terapeutiese dienste geïdentifiseer wat hulle lewer nie. Een (1,7%) respondent het aangedui dat mediasie dikwels gedoen word en een (1,7%) het genoem dat berading aan kinders na die afsterwe van hulle ouers dikwels gedoen word.

Samevattend wil dit ten opsigte van **konkrete-, opvoedkundige-, instaatstellende- en terapeutiese dienste** voorkom asof die respondente meer gereeld terapeutiese en opvoedkundige dienste, soos die verhoging van lewensvaardighede lewer. Konkrete-, opvoedkundige- en instaatstellende dienste waar gefokus word op die inskakeling van gesinne by bronne, word minder gereeld gelewer. Hierdie bevinding is belangrik aangesien daar

volgens Maluccio *et al.* (2002:154) 'n balans gevind moet word tussen die lewering van konkrete en terapeutiese dienste, aangesien gesinne se behoeftes dikwels konkreet is. Die lewering van konkrete en instaatstellende dienste het, volgens Berry (1997:150,152,154), meer positiewe uitkomst vir gesinne in die VSA, as terapeutiese dienste, en wanneer dienste krisisgeoriënteerd is, is dit dus meer toepaslik om te fokus op die lewering van konkrete en instaatstellende of opvoedkundige dienste, as sterk terapeutiesgerigte dienste. Die deelname van ouers aan programme blyk volgens Littell en Tajima (2000:426,428) hoër te wees wanneer 'n wye verskeidenheid konkrete dienste en voorspraak pogings deur die respondent beskikbaar is. Die afleiding wat gemaak word is dat respondente by die drie gesinsorgorganisasies waarskynlik nie oor voldoende tyd beskik om hierdie dienste te lewer nie, maar ook onkundig is oor die belangrikheid van hierdie dienste om gesinsinstandhouding te bevorder.

7.4 SAMEVATTING

Ooreenkomstig die doel van die studie is die risiko-faktore wat daar in die gemeenskappe, gesinne en individue by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan, vanuit 'n ekologiese perspektief ondersoek. Daar is bevind dat armoede deur die meeste respondente as 'n risiko-faktor op gemeenskapsvlak beskou word, wat die gevolg het dat finansiële stres (onvoldoende inkomste om verpligtinge na te kom) ook 'n belangrike risiko-faktor by gesinne vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing is. Op die mikro-vlak van die menslike ekosisteem is gebrekkige ouerskapsvaardighede deur die meeste respondente as 'n risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing aangedui. Ten opsigte van die verskillende vorms van kindermishandeling is bevind dat fisieke- en emosionele verwaarlosing die hoogste voorkoms het by gevalleladings van gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is. 'n Verdere doel van die studie was om die stand of die aard en omvang van gesinsinstandhoudingsdienste ten opsigte van intensiewe of gesinsgesentreerde dienslewering deur respondente by gesinsorgorganisasies, te bepaal. Daar is bevind dat konkrete dienste aan hoërisiko-gesinne minder gereeld gelewer word as opvoedkundige of terapeutiese dienste terwyl daar ook onkunde bestaan oor die belangrikheid van konkrete dienslewering om gesinsinstandhouding te bevorder. In die volgende hoofstuk word die stand van gesinsinstandhoudingsdienste ten opsigte van voorkomende dienste of gesinsondersteuningsdienste ondersoek. Respondente en fokusgroeplede se perspektief op die implementering van beleidsdokumente ten opsigte van die lewering van voorkomende dienste word ook weergegee.

HOOFSTUK 8

MAATSKAPLIKE WERKERS BY GESINSORGORGANISASIES SE PERSPEKTIEF OP DIE STAND VAN GESINSONDERSTEUNINGS- OF VOORKOMENDE DIENSTE EN DIE IMPLEMENTERING VAN BELEIDSDOKUMENTE

8.1 INLEIDING

Na aanleiding van die doel van hierdie ondersoek is die aard en die omvang (stand) van die gesinsinstandhoudingsdienste wat deur respondente by die drie gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing wat aan die ondersoek deelgeneem het, gelewer word ten opsigte van voorkomende of gesinsondersteuningsdienste, bepaal. Respondente en fokusgroeplede se perspektief op die lewering van voorkomende en vroeë intervensiedienste om statutêre dienste volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienslewering (2006a) te implementeer, is ook onder andere ondersoek. 'n Beskrywing word ook gegee van wat respondente by die drie gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, beskou as die ideale omstandighede waarin gesinsinstandhoudingsdienste gelewer kan word.

8.2 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Die data wat met behulp van die voltooide vraelyste ingesamel is, word ooreenkomstig met 'n gedeelte van afdeling 5 (5.3) en die laaste drie afdelings waaruit die vraelys bestaan, aangebied.

8.2.1 Aard en omvang van gesinsondersteuningsdienste

Ooreenkomstig die doelwitte van die studie is daar probeer bepaal watter gesinsondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne wat as gevalle by welsynsorganisasies geregistreer is, beskikbaar is. Die data wat bekom is, word in hierdie afdeling ontleed.

8.2.1.1 Belangrikste behoeftes van hoërisiko-gesinne in gemeenskap waar dienste gelewer word

Gesinsondersteunings- of voorkomende dienste behoort gerig te wees op die ontwikkeling van dienste ooreenkomstig die behoeftes van gemeenskapslede. In die lig hiervan is daar deur oop vraagstelling probeer bepaal wat die respondente as die **drie** belangrikste behoeftes van die hoërisiko-gesinne in die gemeenskap waar dienste gelewer word, beskou. Die behoeftes wat deur die respondente geïdentifiseer is, is ooreenkomstig die ekologiese perspektief

(Sheafor *et al.*, 2000; Germain & Gitterman, 1980) ingedeel in behoeftes op die makro-vlak (gemeenskap), meso-vlak (gesinne) en mikro-vlak (individue), van die menslike ekosisteem, aangesien die behoeftes wat aangedui is, ooreenkomstig hierdie temas na vore gekom het. Die bevindinge is vervat in tabel 8.1.

Tabel 8.1: Behoeftes van gesinne ooreenkomstig die ekologiese perspektief

BEHOEFTE VAN GESINNE OOREENKOMSTIG DIE EKOLOGIESE PERSPEKTIEF	VOORKOMS f (%)
Makro-vlak/Gemeenskap	
Werkloosheid, gebrekkige werksgeleenthede vir laag geskoolde werkers, geen werkskeppingsprojekte	25 (43,1%)
Behuising	16 (27,6)
Armoede	8 (13,8)
Gebrekkige bronne	5 (8,6)
Meso-vlak/Gesinne	
Finansies om lewensmiddele te bekom, benodig materiële hulp soos kos en klere	20 (34,5)
Gesins- en huishoudelike geweld	8 (13,8)
Huweliks- en verhoudingsprobleme	3 (5,2)
Mikro-vlak /Individue	
Gebrekkige ouerskapsvaardighede	18 (31,0)
Alkohol- en dwelmmisbruik	8 (13,8)

n=58

(a) Makro-vlak behoeftes

Uit tabel 8.1 is dit duidelik dat die behoeftes van hoërisiko-gesinne volgens die respondente hoofsaaklik op die makro-vlak van die ekologiese perspektief geleë is, aangesien werkloosheid (25=43,1%), behuising (16=27,6%), armoede (8=13,5%) en gebrekkige bronne (5=8,6%) as die grootste behoeftes van hoërisiko-gesinne uitgelig is. Hierdie bevinding korreleer met navorsing (Coulton, 1993:26; Tracy *et al.*, 1993:23) wat in die VSA onderneem is, waar bevind is dat die stressors van die meeste gesinne, ekonomiese probleme en swak behuisingomstandighede was. Hierdie stressors dui volgens Coulton (1993) op groot omgewingsbehoefte wat buite die beheer van die kindersorgsisteem is. September (2006:69) is ook van mening dat die meeste gesinne by gesinsorgorganisasies in Suid-Afrika vanweë armoede meer benodig as wat die kindersorgsisteem veronderstel is om te bied. Die afleiding

word gemaak dat die behoeftes van die hoërisiko-gesinne by die drie gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, volgens respondente, op die makro-vlak van die ekologiese sisteem voorkom. Werkloosheid, behuising en armoede bestaan as strukturele probleme in gemeenskappe, en volgens skrywers (Gilligan, 2002:19; Weissbound, 1991:70) kan gesinsinstandhoudingsdienste nie beskou word as die oplossing, of die antwoord vir gemeenskapsbehoefte soos armoede, lae inkomste of werkloosheid nie.

(b) Meso-vlak behoeftes

Ten opsigte van die meso-vlak, kan daar uit tabel 8.1 afgelei word dat die voorkoms van werkloosheid en armoede op die makro-vlak van die ekologiese sisteem veroorsaak dat gesinne nie oor voldoende finansiële vermoëns beskik om te oorleef nie. Twintig (34,5%) respondente het 'n gebrek aan finansies as 'n behoefte geïdentifiseer, terwyl gesins- en huishoudelike geweld (8=13,8%) en huweliks- en verhoudingsprobleme (3=5,2%) as kleiner behoeftes aangedui is. Die gebrek aan finansies is reeds gedeeltelik bespreek onder die vorige afdeling. Daar is ook verder in hierdie studie bevind dat konkrete dienslewering deur respondente nie sterk fokus op die voorsiening van materiële hulp in die vorm van finansies nie, waarskynlik omdat gesinsorgorganisasies ook nie oor die finansiële vermoëns beskik nie. Die drie gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing wat aan die ondersoek deelgeneem het, is dus nie in staat om gesinne te ondersteun wat finansiële probleme betref nie, of wat langtermyn materiële hulp betref nie.

Alhoewel bestaansbeveiliging 'n belangrike komponent van die regering se anti-armoede program is, is dit belangrik om te let op die feit dat daar 'n verhoogde risiko vir kindermishandeling en -verwaarlosing is by gesinne wat bestaansbeveiliging vir kinders ontvang (Chaffin *et al.*, 2001:1276; Keller & McDade, 2000:297; Kotch *et al.*, 1999:307; Kotch *et al.*, 1995:1122). Volgens Amoateng en Richter (2007:9) was daar 'n toename in die ontvangers van die kindertoelaag. Die afleiding word gemaak dat wanneer dit nodig raak om 'n groot deel van 'n welsynsbegroting aan bestaansbeveiliging vir gesinne met kinders af te staan, soos wat tans gebeur, daar alreeds ernstige strukturele probleme in gemeenskappe is wat nie meer deur gewone maatskaplikewerk-dienste opgelos sal word nie. Dit blyk uit hierdie ondersoek dat dit wel die geval by die drie gesinsorgorganisasies is.

(c) Mikro-vlak behoeftes

Tabel 8.1 toon aan dat ouerskapsvaardighede deur minder as 'n derde (18=31%) van die respondente as 'n belangrike behoefte van die hoërisiko-gesinne in die gemeenskap waar hulle dienste lewer, beskou word. Alkohol- en dwelmmisbruik en verhoudingsprobleme is as

kleiner probleme beskou (8=13,8%). Gebrekkige ouerskapsvaardighede is ook in hierdie ondersoek deur die meeste respondente as 'n risiko-faktor by individue vir die verwydering van kinders uitgelig. Die doel van ondersteuningsdienste is hoofsaaklik daarop gerig om gemeenskapsgebaseerde voorkomende aktiwiteite te ontwikkel om stres by ouers te verlig, asook ouerskapsvaardighede te verhoog om ouers in staat te stel om hulle kinders suksesvol te versorg (Chaffin *et al.*, 2001:1274; Manalo & Meezan, 2000:413; Kagan, 1996:157; Cole, 1995:164). Die aanname word gemaak dat gesinsorgorganisasies in ooreenstemming met die doel van gesinsondersteuning in die aanbieding van gemeenskapswerkprojekte, behoort te fokus op die ondersteuning van hoërisiko-gesinne om ouers in staat te stel om hulle kinders effektief te versorg, asook gesinne te bemagtig en hulle in kontak te bring met hulpbronne. Hierdie dienste is wel aspekte wat binne die vaardigheidsvlakke van maatskaplike werkers val en behoort daarom reflekteer te word in die drie organisasies se gemeenskapswerkprojekte. Die beskikbaarheid van gesinsondersteunings- of gemeenskapswerkdienste vir hoërisiko-gesinne is vervolgens ondersoek.

8.2.1.2 Besikbaarheid van ondersteuningsdienste (gemeenskapswerkdienste) vir hoërisiko-gesinne op die gevallelading

Aangesien gesinsondersteunings- of voorkomende dienste as deel van 'n program van gesinsinstandhouding vir hoërisiko-gesinne in gemeenskappe beskikbaar behoort te wees, is die aard van die gesinsondersteuningsdienste by die gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing wat aan die ondersoek deelgeneem het, ondersoek. Die respondente is versoek om te identifiseer watter gesinsondersteunings- of gemeenskapswerkdienste in hulle organisasie of gemeenskap beskikbaar is, vir die hoërisiko-gesinne op hulle gevallelading. Die resultate is uitgebeeld in tabel 8.2.

Tabel 8.2: Beskikbaarheid van ondersteuningsdienste in organisasie en gemeenskap

Ondersteuningsdiens	Beskikbaarheid in organisasie				Beskikbaarheid in gemeenskap			
	Ja	Nee	Nie geantw.	n(%)	Ja	Nee	Nie geant.	n(%)
	f(%)	f(%)	f(%)		f(%)	f(%)	f(%)	
Programme vir hoërisiko-gesinne Voldag voorskoolse versorging vir hoërisiko-kindere	9(15,5)	43(74,1)	6(10,3)	58 (100)	31(53,4)	7(12,1)	20(34,5)	58(100)
Dagversorging vir hoërisiko-kindere waar mishandeling en -verwaarlosing voorkom	8(13,8)	44(75,9)	6(10,3)	58 (100)	18(31,0)	9(15,5)	31(53,4)	58(100)
Speelgroepe	12(20,7)	43(74,1)	3(5,2)	58 (100)	22(37,9)	9(15,5)	27(46,6)	58(100)
Ouer-en-baba/kleutergroepe	4(6,9)	49(84,5)	5(8,6)	58 (100)	17(29,3)	9(15,5)	32(55,2)	58(100)
Kinderversorgingsdienste vir ouers wat programme of dienste bywoon	4(6,9)	41(70,7)	13(22,4)	58 (100)	13(22,4)	9(15,5)	36(62,1)	58(100)
Ouerleidings- of opvoedingsgroepe vir hoërisiko-ouers	40(69,0)	15(25,9)	3(5,2)	58 (100)	21(36,2)	5(8,6)	32(55,2)	58(100)
Ondersteuningsgroepe vir vroue wat huishoudelike geweld ervaar	12(20,7)	36(62,1)	10(17,2)	58 (100)	13(22,4)	9(15,5)	36(62,1)	58(100)
Lewensvaardigheidsprogramme vir skoolgaande kindere van hoërisiko-gesinne	45(77,6)	10(17,2)	3(5,2)	58 (100)	30(51,7)	3(5,2)	25(43,1)	58(100)
Tuisbesoek dienste deur vrywilligere aan hoërisiko-gesinne (hulp met instandhouding van huishouding)	9(15,5)	42(72,4)	7(12,1)	58 (100)	11(19,0)	17(29,3)	30(51,7)	58(100)
Ander “Eye on the child”-program	17,2	0(0)	48(82,8)	58 (100)	0(0)	0(0)	58(100)	58(100)
Programme vir enige gesin in gemeenskap Programme vir skoolgaande kindere soos: Naskoolse klubs	16(27,6)	32(55,2)	10(17,2)	58 (100)	1(1,7)	4(6,9)	53(91,4)	58(100)
Vakansie aktiwiteite	44(75,9)	12(20,7)	2(3,4)	58 (100)	0(0)	1(1,7)	57(98,3)	58(100)
Volwasse opvoeding vir alle gemeenskapslede	13(22,4)	32(55,2)	13(22,4)	58 (100)	2(3,4)	0(0)	56(96,6)	58(100)
Ander Tuisversorgingsdienste vir bejaardere en terminaal siek persone	1(1,7)	0(0)	57(98,3)	58 (100)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
ABBA (Dwelmprogram)	1(1,7)	0(0)	57(98,3)	58 (100)				

n=58

(a) *Programme vir hoërisiko-gesinne*

Tabel 8.2 toon duidelik aan dat **lewensvaardigheidsprogramme vir skoolgaande kinders** van hoërisiko-gesinne die diens is wat die **meeste** aangebied word, aangesien 45 (77,6%) respondente aangedui het dat die diens in die organisasie beskikbaar is. Hierdie bevinding stem ooreen met Van den Berg en Weyers (2004:357) se navorsing waar bevind is dat die grootste aantal gemeenskapswerkdienste wat deur vrywillige welsynsorganisasies in die Noordwes-Provinsie gelewer was, aan kinders gelewer is en gerig was op die verhoging van lewensvaardighede.

Ouerleiding- of opvoedingsgroepe vir hoërisiko-gesinne is die diens wat die tweede meeste deur die organisasies aangebied word. Veertig (69,0%) respondente het aangedui dat die diens in hulle organisasie beskikbaar is, terwyl 15 (25,9%) respondente se instansies nie die diens lewer nie. Die aanbod van hierdie diens korreleer met die feit dat respondente gebrekkige ouerskapsvaardighede ook as 'n belangrike behoefte van die gesinne in die gemeenskap in hierdie studie beskou het, asook deur die meeste respondente as die grootste risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing by individue uitgewys is. Die bevinding dat ouerleiding- of opvoedingsgroepe by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, op 'n gereelde basis aan hoërisiko-gesinne aangebied word, verskil van Van den Berg en Weyers (2004:358) se studie in die Noordwes-Provinsie, waar die uitbouing van ouerskapsvaardighede slegs beperkte aandag geniet het.

Al die ander ondersteuningsdienste word deur ongeveer 'n vyfde van die respondente aangedui as beskikbaar in die organisasie. Slegs 12 (20,7%) respondente het byvoorbeeld gemeld dat **ondersteuningsgroepe vir vroue wat huishoudelike geweld** ervaar aangebied word, terwyl 13 (22,4%) respondente aandui dat hierdie tipe groepe wel in die gemeenskap beskikbaar is. Meer as die helfte van hierdie ondersoekgroep het dus nie groepe waarby vroue wat huishoudelike geweld ervaar kan inskakel nie, terwyl huishoudelike geweld volgens navorsing (Hazen *et al.*, 2004:314; Jones *et al.*, 2002:413; Brown *et al.*, 1998:1075) sterk korreleer met die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing. Dit is ook as 'n risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in hierdie studie uitgelig. Die rede waarom die diens dalk nie gelewer word nie is omdat dit volgens die respondente dikwels en altyd as 'n terapeutiese diens gelewer word.

Ondersteuningsgroepe vir vroue wat huishoudelike geweld ervaar word deur Gilligan (2001:15) as 'n beskermde gesinsondersteuningsprogram beskou, aangesien die doel is om

ouers se hanteringsvaardighede te verhoog en hulle sosiale netwerke uit te brei. Indien vroue dalk ook by groepe betrek word, eerder as slegs in individuele verband, word daar sterker gefokus op gesinsondersteuning deur ouers se sosiale netwerke uit te brei.

Voorskoolse versorging en dagversorging is ook dienste wat vir die meeste van die hoërisiko-gesinne in die gemeenskappe waar hierdie gesinsorgorganisasies dienste lewer, waarskynlik nie beskikbaar is nie. Slegs 'n klein persentasie respondente (8=13,8%) het byvoorbeeld aangedui dat dagversorging beskikbaar is, en 18 (31,0%) respondente het aangedui dat die diens in die gemeenskap beskikbaar is. Een-en-dertig (53,4%) respondente het nie die afdeling oor die beskikbaarheid van dagversorging beantwoord nie, wat waarskynlik daarop dui dat hulle onseker is of die bron bestaan. Die lae beskikbaarheid van kinderversorgingsdienste deur welsynsorganisasies het ook na vore gekom in Van den Berg en Weyers (2004:351) se navorsing waar daar uit 'n totaal van 48 projekte slegs vier dagsorgsentrums was.

Daar is dus 'n gebrek aan vergoedende of kompenseerende ondersteuningsdienste by die organisasies wat aan die ondersoek deelgeneem het, soos hoë-kwaliteit voldag kinderversorgingsprogramme om gesinslede te vergoed vir die nadelige effek wat agtergesteldheid veroorsaak, ooreenkomstig Gilligan (2001:15) se uiteensetting van die tipes gesinsondersteuningsprogramme wat deur organisasies aangebied kan word. Alhoewel daar aanvaar word dat gesinsorgorganisasies nie oor die finansiële bronne beskik om hierdie tipes dienste aan te bied nie, blyk dit dat daar ook 'n gebrek is aan die meer bekostigbare vorms van versorging.

Speelgroepe is by 43 (74,1%) respondente se organisasies nie 'n opsie vir die inskakeling van gesinslede by hierdie diens of bron nie, en 27 (46,6%) kon nie aandui of die bron in die gemeenskap beskikbaar is nie. Speelgroepe is egter 'n basiese bekostigbare diens wat deur welsynsorganisasies aangebied kan word en word as 'n algemene diens in Britse literatuur (Gardner, 2003:58; Smith, 1996:95,107; Cannan, 1992:134) beskou waardeur gesinsondersteuning aan hoërisiko-gesinne gebied kan word.

Ouer-en-baba kleutergroepe word ook nie deur die meeste organisasies (49=89,5%) aangebied nie, wat soos speelgroepe 'n bekostigbare diens is wat deurlopend aangebied kan word. Hierdie diens word soos speelgroepe, volgens literatuur (Gardner, 2003:83; Smith, 1996:72) op 'n gereelde basis aan hoërisiko-gesinne in die Verenigde Koninkryk en Frankryk verskaf. Vyf-en-vyftig persent van die respondente het ook nie aangedui of hierdie diens in die gemeenskap beskikbaar is nie.

Ten opsigte van **kinderversorgingsfasiliteite** wanneer ouers programme of dienste moet bywoon, het slegs vier (6,9%) respondente aangedui dat die diens beskikbaar is, terwyl 36 (62,0%) nie geweet het of die diens elders in die gemeenskap beskikbaar is nie. Hierdie tipe diens behoort egter deur die organisasie self aangebied te word om dit vir ouers makliker te maak om dienste by te woon. Veral ten opsigte van ouerleidings- of opvoedingsgroepe is skrywers (Keller & McDade, 2000:307; Nicholson *et al.*, 1999:252) dit eens dat kinderversorgingsfasiliteite beskikbaar behoort te wees.

Tuisbesoekdienste is 'n ander diens wat nie gereeld beskikbaar is. Slegs nege (15,5%) respondente het genoem dat hierdie tipe diens in die organisasie beskikbaar is, terwyl 42 (72,4%) respondente aangedui het dat die diens nie in die organisasie beskikbaar is nie. Daar word dus bevind dat tuisbesoekprogramme, waar vrywilligers benut word om hoërisiko-gesinne in die gemeenskap by te staan nie as 'n intervensiestrategie deur gesinsorgorganisasies benut word nie. Tuisbesoekprogramme word egter as die basis beskou vir die lewering van semi-formele dienste aan hoërisiko-gesinne (Chaffin *et al.*, 2001:1274,1275), terwyl dit ook gedurende die laaste dekade die brandpunt van intervensiestrategieë vir die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing geword het, aangesien dit die belowendste wyse blyk te wees om ouers se kapasiteit om na hulle kinders om te sien, te verhoog (Daro, 2002:136).

Tuisbesoekprogramme is veral toepaslik omdat daar waardevolle konkrete dienste aan die gesin gelewer word. Daar is juis in hierdie studie bevind dat respondente nie op 'n gereelde basis konkrete dienste lewer nie. Hulp met instandhouding van die huishouding word byvoorbeeld deur die meerderheid van die respondente selde en nooit gelewer. Tuisbesoekprogramme sou hierdie gaping in dienslewering kan oorbrug, werkladings van respondente kan verlig en terselfdertyd ook die kapasiteit van die gemeenskap ooreenkomstig 'n ontwikkelingsgerigte beleid uitbou, aangesien vrywilligers benut word. Terselfdertyd word gesinslede se sosiale netwerke uitgebrei en sosiale uitsluiting teengewerk.

Oor die **beskikbaarheid** van hierdie dienste aan hoërisiko-gesinne in die **gemeenskap**, blyk dit uit tabel 8.2 dat respondente meestal nie die afdelings voltooi het nie. Dit is waarskynlik omdat hulle onseker is of die diens in die gemeenskap bestaan al dan nie, wat beteken dat gesinne ook nie by hierdie dienste en bronne ingeskakel word indien dit wel bestaan nie. Respondente is verder ook onseker of onbewus van die belangrike bydrae wat hierdie tipe dienste kan lewer in terme van gesinsondersteuning.

Uit die bogenoemde bespreking blyk daar nie 'n wye verskeidenheid van ondersteuningsdienste by die drie gesinsorgorganisasies vir hoërisiko-gesinne beskikbaar te wees nie. Daar word hoofsaaklik oerleiding gebied en kinders word ingeskakel by lewensvaardigheidsgroepe. Hierdie situasie ondersteun Van den Berg en Weyers (2004:351) se ondersoek na die gemeenskapswerkdienste in die Noordwes-Provinsie. Van den Berg en Weyers (2004) het bevind dat dienste oorwegend opvoedkundig van aard was.

Ten opsigte van die ondersteuningsdienste wat deur die drie gesinsorgorganisasies gebied word, word ook bevind dat daar 'n gebrek bestaan aan dienste waar ouers kan kontak maak met ander gesinne en bronne om hulle informele ondersteuningsnetwerke uit te brei, ooreenkomstig die doel van gesinsondersteuning (Chaffin *et al.*, 2001:1274; Manalo & Meezan, 2000:413; Kagan, 1996:157; Cole, 1995:164).

(b) Ander programme of dienste

Die Isolabantwana: “Eye of the child”-program word deur 'n beperkte aantal respondente uitgelig as 'n program wat vir hoërisiko-gesinne in die gemeenskap beskikbaar is. Tien (17,2%) respondente het aangedui dat hierdie program by hulle organisasie aangebied word. Die program is spesifiek op kinderbeskerming gemik (Doran, 1999:396-399), maar bied ook ondersteuning aan die maatskaplike werkers wat hulle werkslading betref. 'n Verdere belangrike voordeel van die program is dat vrywilligers vanuit die gemeenskap opgelei en benut word wat die kapasiteit uitbou en ook in lyn is met die uitgangspunte in beleidsdokumente (Department of Social Development, 2005:82) waar die benutting van vrywilligers met betrekking tot kinderbeskerming ook beklemtoon word.

(c) Programme vir enige gesin in die gemeenskap

Die program wat die meeste deur hierdie instansie vir enige gesin in die gemeenskap aangebied word, is **vakansie aktiwiteite vir kinders**. Vier-en-veertig (75,9%) respondente se organisasies bied vakansie aktiwiteite vir kinders aan. **Naskoolse klubs vir kinders** (16=27,6%) en **volwasse opvoeding** (13=22,4%) word deur 'n beperkte aantal organisasies aangebied. Daar word bevind dat die drie gesinsorgorganisasies wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, nie op 'n gereelde basis oop-toegang projekte vir gesinne aanbied nie.

(d) Ander

Slegs twee (3,4%) respondente het ander programme aangedui wat aangebied word, maar albei programme is in samewerking met ander instansies ontwikkel, soos tuisversorgingsdienste vir terminaal siek persone en bejaardes, asook 'n dwelmprogram.

Koördinerings van bronne tussen gesinsorgorganisasies veral ten opsigte van middelmisbruikberading word sterk in die literatuur (McAlpine *et al.*, 2001:131,132; Semidei *et al.*, 2001:113,114) voorgestaan, soos wat klaarblyklik ook deur enkele organisasies in hierdie ondersoek gedoen is.

Blykbaar word geen ander programme deur die organisasie vir alle gemeenskapslede aangebied nie. Vanuit die bogenoemde bespreking word die afleiding gemaak dat drie gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing wat by die ondersoek betrek is, nie sterk fokus op die aanbied van vergoedende of beskermde ondersteuningsdienste, soos uiteengesit deur Gilligan (2001:15) nie. Dit beteken dat die sosiale netwerke van gesinne nie uitgebou word nie en sosiale uitsluiting nie teengewerk word nie. Daar word ook bevind dat geen programme uitgelig is waar spesifiek mans by dienslewering betrek word nie.

8.2.1.3 Voldoening van ouerleiding- en opvoedingsgroepe en lewensvaardigheidsprogramme aan behoeftes van hoërisiko-gesinne

Die verskynsel dat gesinsondersteuningsdienste op 'n beperkte vlak deur die drie gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is aangebied word, omdat daar hoofsaaklik op ouerleiding- en opvoedingsgroepe en lewensvaardigheidsprogramme aan kinders gekonsentreer word, is verder in die fokusgroep ondersoek. Die fokusgroeplede se opinie ten opsigte van hoe ouerleidingsgroepe en lewensvaardigheidsprogramme vir kinders aan die behoeftes van hoërisiko-gesinne voldoen, is bekom. Die subtemas, kategorieë en narratiewe van die fokusgroeplede word in tabel 8.3 aangehaal.

Tabel 8.3: Perspektief op hoe ouerleidings- en lewensvaardigheidsgroepe aan behoeftes van hoërisiko-gesinne voldoen

TEMA: VOLDOENING VAN OUERLEIDINGS- EN LEWENSWAARDIGHEIDSGROEPE AAN BEHOEFTE VAN HOËRISIKO-GESINNE		
Subtemas	Kategorieë	Narratiewe van fokusgroeplede
1. Ouerleidings- en lewensvaardigheidsgroepe is nie voldoende	1. Gebrek aan tyd	<ul style="list-style-type: none"> - “Ouerleiding en lewensvaardigheidsgroepe is nie voldoende nie, maar <u>dit is al waarvoor daar tyd is.</u>” - “Nee, dis nie voldoende nie.”
2. Benodig ander personeel vir voorkomende dienslewering	1. Skeiding van gevalle- en gemeenskapswerkdienste	<ul style="list-style-type: none"> - “<u>Ek sal sê kry ’n sisteem waar daar maatskaplike werkers is soos ons wat net die statutêre werk doen, en ’n ander afdeling van maatskaplike werk wat net voorkomende werk doen, maar dat jy dit kry dat daar ouerskapsvaardighede gedoen word, en byvoorbeeld voorkomende werk vir drank en dwelms.</u>” - “<u>As jy net die terapeutiese werk doen en iemand anders doen die gemeenskapswerk.</u>” - “<u>As jy maatskaplike hulpwerkers kan bestuur dat hulle hierdie tipe werk (menende gemeenskapswerk) kan doen, dat jy as maatskaplike werker dan nou of die bestuurder is of as jy nou net kinderhofondersoek doen.</u>”
	2. Onversoenbaarheid van rolle van gevalle- en gemeenskapswerkdienste	<ul style="list-style-type: none"> - “<u>Dit gaan vir my oor die verskillende rolle wat die maatskaplike werker moet vertolk in terme van gevalle- en gemeenskapswerk, en hulle is nie versoenbaar nie, want hulle sien vir jou as die vrou wat die kinders verwyder. As jy ’n projek aanbied, hulle stel nie belang nie, hulle is bang jy sien iets raak in daai projek wat nou weer vir hulle op die spot sit.</u>”
3. Benodig finansiële ondersteuning vir voorkomende dienslewering	1. Subsiëring vir ander personeel is onvoldoende	<ul style="list-style-type: none"> - “<u>Hierdie maatskaplike hulpwerkers, daar word nie vir nie-regeringsorganisasies subsidies gegee sodat ons mense kan aanstel wat as hulpwerkers opgelei is nie.</u>” - “<u>Die subsidies wat jy kry is ongelooflik min om gemeenskapswerkers en hulpwerkers aan te stel, kry jy mense om jou te kom help, dan hou hulle skaars ’n jaar, dan het jy hulle nou net in jou organisasies se kursusse en alles opglei en dan kry hy ’n pos by die Staat en hy gaan aan, so dit is regtig ’n baie groot probleem en die probleem moet van die Staat se kant af aangespreek word, maar ons sukkel mos nou al jare daarmee.</u>”
	2. Organisasie beskik nie oor hulpbronne om ander personeel te akkommodeer nie	<ul style="list-style-type: none"> - “<u>Departement Maatskaplike Ontwikkeling wil Child Care Workers oplei, maar my organisasie sit klaar met ’n tight budget, as hierdie mense nie hulle eie vervoer het nie, kan ons hulle nie akkommodeer nie.</u>”

(a) *Ouerleiding- en lewensvaardigheidsprogramme is onvoldoende*

Vanuit die response van die fokusgroeplede soos aangedui in tabel 8.3 is die eerste subtema dat die mening bestaan dat ouerleidingsgroepe en lewensvaardigheidsprogramme vir kinders

nie voldoende is om aan die behoeftes van hoërisiko-gesinne te voldoen nie. Die enigste kategorie wat in hierdie subtema navore gekom het, is die feit dat daar nie voldoende tyd is om ander voorkomende dienste te lewer nie. 'n Gebrek aan tyd kan ook in verband gebring word met 'n personeel- of mannekrag tekort. Die tekort aan maatskaplike werkers om dienste te lewer word deur verskeie skrywers (September, 2007:43; Lombard & Kleijn, 2006:225) en in navorsing (Brown & Neku, 2005:308) bevestig. Hierdie aspek word verder beskou onder punt 8.3 waar die struikelblokke wat deur die respondente by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste geïdentifiseer is, bespreek word.

(b) Benodig ander personeel vir voorkomende dienslewering

Die tweede subtema wat geïdentifiseer is, is die feit dat ander personeel benodig word om voorkomende dienste te lewer. Die kategorieë wat uitgelig is, is dat die lewering van gevalle- en gemeenskapswerkdienste geskei moet word en ander personeel soos gemeenskapsontwikkelaars en hulpwerkers aangestel of benut moet word om die gemeenskapswerk- of voorkomende dienste te lewer. 'n Verdere kategorie wat navore gekom het in hierdie subtema en wat die idee dat die lewering van gevalle- en gemeenskapswerkdienste geskei behoort te word ondersteun, is die siening dat die rolle wat vertolk moet word by die onderskeie metodes nie versoenbaar is nie en dat dit die lewering van gemeenskapswerkdienste beïnvloed. Hierdie perspektief dat ander personeel benut moet word vir voorkomende dienslewering, asook dat die lewering van gevalle- en gemeenskapswerkdienste geskei moet word, word by herhaling ondersteun deur die respondente. Hierdie aspek word verder bespreek onder punt 8.2.3.5(b).

(c) Benodig finansiële ondersteuning

Die laaste subtema fokus op die finansiële ondersteuning wat organisasies benodig om ander personeel (hulpwerkers, gemeenskapswerkers, kinderversorgers) aan te stel vir voorkomende dienslewering. Die kategorieë van die fokusgroep lede se perspektiewe het eerstens gesentreer rondom subsidies wat nie beskikbaar is nie, of onvoldoende is vir die aanstel van ander personeel. Hierdie situasie het tot gevolg dat voorkomende dienste nie gelewer kan word nie. Die gebrek aan fondse in organisasies om dienste te lewer is ook in Streak en Poggenpoel (2005:41) se studie bevestig.

Die tweede kategorie wat navore gekom het is dat hulpbronne soos vervoer in die organisasie nie voldoende is om ander personeel te akkommodeer nie wat beteken dat addisionele personeel verdere druk op die reeds beperkte bronne (soos voertuie) van die organisasie plaas. Gebrekkige hulpbronne in die organisasie soos voertuie is ook deur maatskaplike werkers in

Brown en Neku (2005:309) se studie uitgelig as dat dit dienslewering strem. Hierdie aspekte word verder bespreek onder afdeling 8.3.1 van hierdie hoofstuk, aangesien al die bogenoemde struikelblokke wat deur die fokusgroeplede geïdentifiseer is, ooreenstem met die respondente se response oor watter struikelblokke voorkomende dienste beïnvloed.

Uit die bogenoemde is dit ook opmerklik dat fokusgroeplede nie gefokus het op watter ander dienste moontlik vir hoërisiko-gesinne benodig word nie. Daar is eerder gekonsentreer op die redes waarom beperkte voorkomende of gesinsondersteuningsdienste gelewer word.

8.2.1.4 Benutting van vrywilligers vir lewering van tuisbesoekdienste

Tuisbesoekdienste deur opgeleide vrywilligers word as 'n belangrike ondersteuningsdiens in die VSA (Olds, 2003) en Verenigde Koninkryk (Gibbons & Thorpe, 1989) beskou om kindermishandeling en -verwaarlosing te voorkom. Hierdie dienste word hoofsaaklik in die huis gelewer en is daarom toepaslik vir hoërisiko-gesinne wat teensinnig is om van kantoorgebaseerde dienste gebruik te maak (Olds, 2003:359). Daar is ook bevind dat tuisbesoekdienste op 'n beperkte vlak deur die organisasies wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, as 'n ondersteuningsdiens aan hoërisiko-gesinne gebied word. Die lewering van tuisbesoekdienste sou ook die gaping wat daar tans bestaan ten opsigte van die lewering van konkrete dienste aan hoërisiko-gesinne by hierdie organisasies kan oorbrug.

Die fokusgroeplede se perspektief ten opsigte van die benutting van vrywilligers om op 'n gereelde basis (byvoorbeeld twee maal 'n week) konkrete dienste aan hoërisiko-gesinne te lewer, soos byvoorbeeld om te help met huisskoonmaak, die aanleer van kinderversorgingsvaardighede en skakeling met bronne te bewerkstellig, is ondersoek. In tabel 8.4 word die subtemas, kategorieë en narratiewe van die fokusgroeplede weergegee.

Tabel 8.4 Perspektief op lewering van tuisbesoekdienste deur vrywilligers

TEMA: LEWERING VAN TUISBESOEKDIENSTE DEUR OPGELEIDE VRYWILLIGERS		
SUBTEMAS	KATEGORIEë	NARRATIEWE VAN FOKUSGROEPELEDE
1. Behoeftes aan tuisbesoekdienste bestaan	1. Gesinne benodig individuele leiding	<ul style="list-style-type: none"> - “Dit sal verseker help, <u>daar is nou weer ’n behoefte.</u>” - “In ’n area van my kan ek 20 gesinne gee, hoërisiko in die sin van, ekonomiese stres, tienerwangerskappe, al hierdie kliënte van ons het maar alles in een gesin, om ’n <u>bietjie leiding te gee, een tot een.</u> Dis wat mense nodig het, iemand wat op die impak van die probleem kan leiding gee, dit sal mense help.”
	2. Informele hulp word benodig	<ul style="list-style-type: none"> - “As daar <u>iemand is wat kan gesels</u> en ek wil amper sê wat <u>hierdie vriend in die nag is</u>, wat jy weet as jy sukkel, kan jy maar die iemand bel van die projek en jy kan sê luister, my tiener is nou vir my ’n probleem.
2. Struikelblokke by implementering van tuisbesoekdienste	1. Gebrek aan tyd	<ul style="list-style-type: none"> - “As iemand vir my sal sê luister hier is ’n koördineerder, gee jy die hoërisiko-gesinne waar daar nog nie statutêre werk is nie, maar dit sal iewers kom, dan sal ek sê ek kan vir jou ’n klomp gesinne gee, maar ek wil bloot die besonderhede gee, <u>dit gaan bloot oor tyd, jy wil dit oorgee aan ’n ander ou, jy wil dit amper nie eers ‘supervise’ nie.</u>”
	2. Gebrek aan vrywilligers	<ul style="list-style-type: none"> - “Ons het nou die oog op die kind vrywilligers en hulle is ook veronderstel om die mense te help met konkrete goed <u>en ons sukkel ons morsdood om ’n groepie te kry om op te lei, jy kry ook nie net die regte kwaliteit vrywilliger nie, mense wil almal werk vir ’n salaris.</u>” - “Ons gebruik ook vrywilligers en somtyds <u>wens jy jy het bietjie meer vrywilligers gehad</u> wat belangstel om die tipe goed te doen.”
	3. Gebrek aan motivering van gemeenskap	<ul style="list-style-type: none"> - “Dit gaan ook oor die mense in die gemeenskap, want jy kan ’n wonderlike projek hê, maar as die mense nie gemotiveerd is nie, <u>apaties is, dan help dit nie.</u> - Jy kan die diens tot by mense bring, maar as hulle <u>nie bereid is om hulle samewerking te gee nie, dan werk dit nie.</u>”

(a) Behoeftes aan tuisbesoekdienste bestaan

Volgens tabel 8.4 is die eerste subtema wat na vore gekom het, die bevestiging dat hierdie tipe diens wel aan die behoeftes van hoërisiko-gesinne kan voldoen, deur aan hierdie gesinne ondersteuning te bied, soos wat in literatuur (Chaffin *et al.*, 2001:1274,1275) aangedui word. Die twee kategorieë wat geïdentifiseer is bevestig voorts die voordele wat tuisbesoekdienste vir hoërisiko-gesinne kan inhou, soos byvoorbeeld dat een-tot-een leiding (**individuele**

leiding) in die huis gebied word. 'n Verdere voordeel is dat gesinsondersteuning gebied word, aangesien die aard van tuisbesoekdienste ooreenstem met die bied van **informele hulp**, omdat die tuisbesoeker ook as 'n vriend beskou word wat die gesin bystaan. Tuisbesoekdienste kan dus in ooreenstemming met die literatuur (Gray *et al.*, 2001:64; Olds, 1997:1997:63; Leventhal, 1996:649) aan die behoeftes van hoërisiko-gesinne voldoen deur ouerskapsleiding te bied, informele- en semi-formele ondersteuningsnetwerke uit te brei, asook die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing moniteer. Indien hierdie dienste deur vrywilligers gelewer word, word die werkslading van maatskaplike werkers verlaag.

(b) Struikelblokke by implementering van tuisbesoekdienste

Ten opsigte van die tweede subtema was fokusgroeplede van mening dat daar sekere struikelblokke bestaan by die inisiëring van 'n tuisbesoekprogram. Hierdie struikelblokke het in terme van die eerste twee kategorieë hoofsaaklik gesentreer rondom die feit dat die **tyd** om so 'n tipe diens **te inisieer en instand te hou** nie beskikbaar is nie, asook **geskikte vrywilligers** nie maklik gevind word nie. 'n Ander aspek wat uitgelig is, is dat vrywilligers nie gereedlik beskikbaar is nie, aangesien daar nie salarisse betaal word nie. Beide hierdie aspekte hou verband met die gebrek aan finansies in NRO's. Hierdie instansies beskik nie oor die finansiële bronne om personeel aan te stel om programme te inisieer of instand te hou nie. In Streak en Poggenpoel (2005:41) se studie is bevind dat organisasies sukkel om bestaande dienste (veral statutêre dienste) te lewer en dat dienslewering nie uitgebrei word nie. Die perspektief van die fokusgroeplede op die lewering van tuisbesoekdienste in hierdie studie bevestig dus die bevindings van Streak en Poggenpoel (2005). Die derde kategorie fokus op die feit dat **gesinne** moontlik **ongemotiveerd** kan wees om die diens te gebruik. Alhoewel hierdie struikelblok waarskynlik relevant is, kan dit nie as genoegsame redes beskou word om nie die diens te inisieer nie aangesien daar by die daarstelling van enige diens gemotiveerde sowel as ongemotiveerde gesinne sal wees.

8.2.1.5 Gereeldheid waarmee dienste gelewer word

Gesinsondersteuningsdienste behoort op 'n deurlopende basis, of gereeld beskikbaar te wees, om deur die gesin as 'n bron benut te kan word. Die respondente moes om hierdie rede spesifiseer hoe gereeld die ondersteuningsdienste wat gelewer word, aan hoërisiko-gesinne beskikbaar is. Die resultate word aangebied in tabel 8.5.

(a) *Gereeldheid van programme vir hoërisiko-gesinne*

Lewensvaardigheidsprogramme vir skoolgaande kinders van hoërisiko-gesinne word volgens tabel 8.5 deurlopend aangebied, omdat 13 (22,4%) respondente aandui dat dit weekliks beskikbaar is. Slegs nege (15,5%) respondente se organisasies bied hierdie diens nie deurlopend aan nie, aangesien dit kwartaalliks (7=12%) of slegs in die vakansie (2=3,4%) gedoen word. 'n Aspek wat van belang is, is dat ongeveer 'n derde (20=34,5%) van respondente nie hierdie afdeling oor die gereeldheid van die diens voltooi het nie. Die rede hiervoor is nie duidelik nie; hulle is waarskynlik onseker oor hoe gereeld die diens beskikbaar is, wat kan beteken dat hulle ook nie op 'n gereelde basis kinders uit die gesinne in hulle gevallelading by die diens inskakel nie.

Ouerleidings- of opvoedingsgroepe word ook gereeld aangebied. Die meerderheid van die instansies bied hierdie diens weekliks (11=19,0%), maandeliks (5=8,6%) of kwartaalliks (7=12,1%) aan. Ses (10,3%) respondente se instansies bied dit slegs twee maal 'n jaar aan, wat beteken dat dit nie werklik as ondersteuning deur die ouers benut kan word nie, aangesien dit nie as 'n deurlopende diens beskou kan word nie. Soos by die gereeldheid waarmee lewensvaardigheidsprogramme aangebied word, is hier ook 11 (19,0%) respondente wat nie bewus is van wanneer hierdie diens aangebied word nie, aangesien hulle die afdeling nie voltooi het nie. Die afleiding word gemaak dat hulle nie gesinne vanuit hulle gevallelading gereeld by die diens inskakel nie.

Ander dienste wat **deurlopend** aangebied word, is **speelgroepe, voldag versorging vir voorskoolse kinders** en **dagversorging**, aangesien hierdie dienste daagliks of weekliks aangebied word. Hierdie dienste is beslis 'n gesinsondersteuningsdiens, alhoewel dit op 'n uiters beperkte basis geskied, soos reeds onder punt 8.2.1.2 van hierdie hoofstuk bespreek is.

Ten opsigte van **tuisbesoekdienste** het slegs vier (6,9%) respondente aangedui dat die diens weekliks aangebied word en een (1,7%) dat dit op versoek gelewer word. Vier (6,8%) respondente het hierdie afdeling nie voltooi nie, wat kan beteken dat hulle die diens nie op 'n gereelde basis vir die gesinne in hulle gevallelading benut nie.

Daar word bevind dat dienste soos ouerleidings- of oueropvoedingsgroepe en lewensvaardigheidsprogramme aan hoërisiko-kinders wel deurlopend aan gesinne gebied word, wat in teenstelling is met Van den Berg en Weyers (2004:351) se bevinding dat die meeste van die gemeenskapswerkprojekte in die Noordwes-Provinsie korttermyn van aard was en eenmalig. 'n Aspek wat egter nie in hierdie studie ondersoek is nie, is of hierdie

programme vir dieselfde groep mense beskikbaar is en of daar elke keer met 'n nuwe groep kinders en ouers gewerk word. Indien dit die geval is, is dienste ook korttermyn en opvoedkundig van aard soos wat Van den Berg en Weyers (2004) bevind het.

Die afleiding word gemaak dat deurlopende gesinsondersteuningsdienste vir die hoërisiko-gesinne by die drie gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing wat by hierdie ondersoek betrek is, op 'n beperkte vlak beskikbaar is. Dit beteken dat daar nie dienste is wat ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsondersteuningsdienste in die gemeenskap gebaseer is en op 'n deurlopende basis ondersteuning aan gesinne bied, soos wat in literatuur (Pierson, 2002:79; Cole, 1995:165; Lightburn & Kemp, 1994:18; Weissbound & Kagan, 1989:25) voorgestel word nie. Daar bestaan dus beperkte ondersteuningsdienste by gesinsorgorganisasies wat deur hoërisiko-gesinne as 'n bron benut kan word.

(b) Gereeldheid van diens ten opsigte van programme vir enige gesin in die gemeenskap

Tabel 8.3 toon duidelik aan dat die twee dienste wat gereeld of deurlopend vir enige gesin in die gemeenskap aangebied word, **naskoolse klubs** en **vakansie aktiwiteite vir jeugdige** is. Die meerderheid van die respondente se organisasies bied die naskoolse klubs daaglik (4=6,9%), weeklik (6=10,3%) of maandelik (1=1,7%) aan. Vyf (8,6%) respondente het egter nie hierdie afdeling oor die gereeldheid van die diens voltooi nie. Vakansie aktiwiteite word uit die aard van die saak hoofsaaklik gedurende vakansies aangebied.

Volwasse opvoeding word deur die meerderheid (3=5,1%) van die organisasies nie deurlopend aangebied nie en dit wil ook voorkom asof die respondente onseker was oor hoe gereeld die diens in hulle organisasie aangebied word, aangesien agt (13,8%) nie aangedui het hoe gereeld die diens gelewer word nie.

Hierdie dienste word beskou as oop-toegang dienste (Pithouse *et al.*, 1998:42; Smith, 1996:80,90), asook dienste wat volgens Cannan (1992:130) in die diensgerigte sentrum aan hoërisiko-gesinne, sowel as ander gemeenskapslede aangebied word. Gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing betrokke by hierdie studie, lewer dus nie op 'n deurlopende basis oop-toegang dienste nie.

8.2.1.6 Personeel betrokke by aanbidding van ondersteuningsdienste

Die respondente is versoek om die personeel wat benut word by die aanbidding van die onderskeie gesinsondersteuningsdienste aan te dui. Die inligting word weergegee in tabel 8.6.

Tabel 8.6: Personeel wat benut word by lewering van ondersteuningsdienste

Ondersteuningsdiens	Beskikbaarheid van diens f(%)	Personeel wat benut word						
		MW	KV	VW	H/W	STU	GO	EIE pers
		f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)	f(%)
Programme vir hoërisiko-gesinne Voldag voorskoolse versorging vir hoërisiko-kindere	9(15,5)	8(13,8)	7(12,1)	4(6,9)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Dagversorging vir hoërisiko-kindere waar mishandeling en -verwaarlosing voorkom	8(13,8)	3(5,2)	3(5,2)	7(12,1)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Speelgroepe	12(20,7)	5(8,6)	7(12,2)	6(10,3)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Ouer-en-baba/kleutergroepe	4(6,9)	2(3,4)	2(3,4)	2(3,4)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Kinderversorgingsdienste vir ouers wat programme of dienste bywoon	4(6,9)	2(3,4)	1(1,7)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Ouerleidings- of opvoedings-groepe vir hoërisiko-ouers	40(69,0)	30(51,7)		11(19,0)	0(0)	3(5,2)	0(0)	0(0)
Ondersteuningsgroepe vir vroue wat huishoudelike geweld ervaar	2(20,7)	8(13,8)	1(1,7)	5(8,6)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Lewensvaardigheidsprogramme vir skoolgaande kindere van hoë-risiko-gesinne	45(77,6)	35(60,3)	2(3,4)	15(25,9)	1(1,7)	1(1,7)	1(1,7)	0(0)
Tuisbesoekdienste deur vrywilligers aan hoërisiko-gesinne (hulp met instandhouding van huishouding)	9(15,5)	7(12,1)	5(8,6)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Ander (spesifiseer diens en voltooi kolom): “Eye on the child”-program	10(17,2)	6(10,3)	1(1,7)	7(12,1)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Programme vir enige gesin in gemeenskap Programme vir skoolgaande kindere soos: Naskoolse klubs	16(27,6)	11(19,0)	4(6,9)	10(17,2)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Vakansie aktiwiteite	44(75,9)	37(63,8)	1(1,7)	28(48,3)	1(1,7)	0(0)	1(1,7)	0(0)
Volwasse opvoeding vir alle gemeenskapslede	13(22,4)	10(17,2)	1(1,7)	7(12,1)	0(0)	0(0)	1(1,7)	0(0)
Ander (Spesifiseer diens en voltooi kolom): Tuisversorgingsdienste vir bejaardes en terminaal siek persone	2(3,4)	1(1,7)	0(0)	2(3,4)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)

n=58

MW = Maatskaplike werker

KV = Kinderversorger

VW = Vrywilliger

HW = Hulpverwerker

STU = Studente

GO= Gemeenskapsontwikkelaar

Tabel 8.6 toon aan dat die personeel wat benut word om die ondersteuningsdienste aan te bied in die vorm van **programme vir hoërisiko-gesinne** sowel as vir **enige gesin in die gemeenskap**, hoofsaaklik die respondente self is, tesame met eerstens, vrywilligers en tweedens, kinderversorgers. Ten opsigte van die aanbod van ouerleidings- of opvoedingsgroepe en die aanbod van lewensvaardigheidsgroepe en vakansie aktiwiteite vir

kinders, word daar byvoorbeeld hoofsaaklik van **maatskaplike werkers** en **vrywilligers** gebruik gemaak.

Kinderversorgers word uit die aard van die saak betrek veral by die versorging van voorskoolse kinders, speelgroepe, ouer-en-baba kleutergroepe en kinderversorgingsdienste wanneer ouers programme bywoon. Dit is ook duidelik dat maatskaplike hulpwerkers, studente en gemeenskapsontwikkelaars op 'n beperkte basis by die ondersteuningsdienste wat gelewer word, betrokke is. Volgens die response van die fokusgroeplede (tabel 8.5) is die subsidies wat beskikbaar is om maatskaplike hulpwerkers en gemeenskapsontwikkelaars aan te stel nie voldoende nie, wat hierdie bevinding verklaar.


Die afleiding word gemaak dat die betrokke drie gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing hoofsaaklik van vrywilligers, in samewerking met maatskaplike werkers, gebruik maak by die aanbieding van ondersteuningsdienste. Die benutting van vrywilligers word sterk beklemtoon in die ontwikkelingsperspektief (Midgley, 1998:97; Midgley, 1993:272; Midgley, 1990:289), aangesien die menslike kapitaal van die gemeenskap uitgebou word. In hierdie ondersoek word menslike kapitaal in gemeenskappe dus wel ontgin, aangesien daar sterk op die ondersteuning van vrywilligers by die aanbied van ondersteunings- of voorkomingsdienste staatgemaak word.

8.2.2 Perspektief op ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste

Die perspektief van die respondente op ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste is ondersoek.

8.2.2.1 Struikelblokke by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste

Ooreenkomstig die doelwitte van die studie is die struikelblokke wat respondente by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste in hulle situasie ondervind, geïdentifiseer deur ja of nee te antwoord. Die resultate is in figuur 8.1 vervat.



n=58

Figuur 8.1: Struikelblokke wat bestaan ten opsigte van ontwikkelingsgerigte dienslewering

(a) Benodig meer maatskaplike werkers

Die meeste respondente (50=86,2%) is van mening dat 'n belangrike struikelblok die feit is dat meer maatskaplike werkers benodig word. Slegs vyf (8,6%) respondente het gevoel dat daar nie 'n tekort aan maatskaplike werkers is nie en drie (5,2%) was klaarblyklik onseker hieroor. Die tekort aan maatskaplike werkers om **ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste te lewer**, word dus in hierdie ondersoek bevestig en stem ooreen met die bevindings in ander Suid-Afrikaanse navorsingstudies (Brown & Neku, 2005:308; September & Blankenberg, 2004:28,29), waar bevind is dat die tekort aan maatskaplike werkers, dienslewering strem.

(b) Gebrekkige fondse

Gebrekkige fondse vir die inisiëring van projekte is, soos die tekort aan maatskaplike werkers, deur 50 (86,2%) respondente as 'n belangrike struikelblok beskou. Slegs vier (6,9%) respondente het dit nie as 'n struikelblok geïdentifiseer nie en vier (6,9%) was moontlik onseker oor die bestaan van hierdie struikelblok. Hierdie tekort aan fondse is ook deur die derde meeste respondente as 'n struikelblok vir die instandhouding van projekte beskou, aangesien 45 (77,6%) respondente dit as 'n struikelblok by die lewering van

ontwikkelingsgerigte dienslewering uitgelig het. Sewe (12,1%) respondente het gevoel dat dit nie hulle dienslewering beïnvloed nie en ses (10%) was waarskynlik onseker hieroor.

Die bevinding dat die meerderheid van die respondente in hierdie ondersoek meen dat gebrekkige fondse om projekte te inisieer en in stand te hou die lewering van ontwikkelingsgerigte dienslewering in hulle situasie beïnvloed, bevestig die bevindings van Streak en Poggenpoel (2005:41) se Suid-Afrikaanse navorsing. In hulle studie is bevind dat nie-regeringsorganisasies nie oor voldoende fondse beskik om basiese dienste soos statutêre dienste te lewer nie, en dat die verwagting van die regering dat programme geïmplementeer moet word, verdere druk op beperkte finansiële bronne plaas. In Weyers en Van den Berg (2006:179,180,186) se Suid-Afrikaanse studie is ook bevind dat 'n kritieke aspek by die ontwikkeling van 'n suksesvolle gemeenskapswerkprojek, voldoende finansiële bronne is.

(c) Gebrekkige bronne

Ten opsigte van gebrekkige bronne by die instansie, soos byvoorbeeld voertuie, asook gebrekkige bronne in die gemeenskap, het 'n gelyke aantal respondente (39=67,2%) aangedui dat dit wel 'n struikelblok is. Gebrekkige bronne in die gemeenskap is deur sewe (12,1%) respondente nie as 'n struikelblok beskou nie, terwyl 12 (20,7%) respondente nie die vraag beantwoord het nie. Die rede hiervoor kan wees dat hulle moontlik onseker is oor of die bronne gebrekkig is, al dan nie. Ten opsigte van gebrekkige bronne in die instansie, was 14 (24,1%) respondente van mening dat dit nie 'n struikelblok is by die implementering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste nie.

Uit die bogenoemde word bevind dat die meerderheid van die respondente in hierdie ondersoek gebrekkige bronne by die instansie en in die gemeenskap as 'n struikelblok geïdentifiseer het by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste in hulle situasie. Hierdie bevinding stem ooreen met Brown en Neku (2005:309) se Suid-Afrikaanse navorsingsbevindings, waar respondente ook aangedui het dat gebrekkige bronne in die instansie, soos voertuie, dienslewering strem.

(d) Onsekerheid oor wat ontwikkelingsgerigte dienslewering behels

Slegs nege (15,5) respondente het aangedui dat daar onsekerheid by hulle bestaan oor wat ontwikkelingsgerigte dienslewering behels, terwyl ses (10,3) nie die afdeling voltooi het nie, wat kan dui op onsekerheid in hierdie verband. Die meeste (43=74,1%) respondente was onseker oor wat ontwikkelingsgerigte dienslewering behels nie. Hierdie bevinding is teenstrydig met navorsingsresultate (Brown & Neku, 2005:308; Streak & Poggenpoel,


2005:45,46) in Suid-Afrika waar respondente by nie-regeringsorganisasies van mening was dat leiding deur die Departement Maatskaplike Ontwikkeling gebied moet word oor wat die aard van hierdie dienste behoort te wees, asook dat hulle opleiding benodig oor metodes om ontwikkelingsbeleid te implementeer (Brown & Neku, 2005:308).

8.2.3 Perspektief op beleidsdokumente

In hierdie afdeling is die respondente se perspektief op die implementering van beleidsdokumente ten opsigte van die lewering van voorkomende dienste vasgestel. Die inligting wat bekom is, word vervolgens ontleed.

8.2.3.1 *Vlakke waarop dienslewering ooreenkomstig die Geïntegreerde Dienslewering-model vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a) gelewer word*

Die respondente se mening is gevra ten opsigte van waar die klem op die verskillende vlakke van dienslewering ooreenkomstig die Geïntegreerde Dienslewering-model vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a) in hulle situasie geplaas word, deur 'n vierpuntskaal te voltooi. Die resultate word weergegee in figuur 8.2.



n=58

Figuur 8.2: Respondente se mening oor waar klem van dienslewering in hulle situasie geplaas word

(a) Statutêre dienste

Volgens figuur 8.2 is die mening van meer as die helfte (32=55%) van die respondente dat die klem van dienslewering steeds die sterkste gerig is op statutêre dienste, terwyl 16 (28%) respondente dit steeds as die naashoogste beskou. Ooreenkomstig figuur 8.2 is die meeste van die respondente dus van mening dat die klem in dienslewering oorwegend op vlak 3 en vlak 4 van die figuur val.

Volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a:29) moet statutêre dienste slegs gelever word, indien voorkomende en vroeë intervensiedienste nie suksesvol is nie, wat die **derde vlak** is waarop dienste gelever kan word. Daar word bevind dat respondente by die drie gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing betrokke by hierdie studie van mening is dat die klem van dienslewering ten opsigte van gesinsinstandhouding in hulle situasie steeds sterk gerig is op statutêre dienste en nie op voorkomende dienste, soos wat in die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a:29) voorgestaan word nie.

(b) Vroeë intervensiedienste

Ten opsigte van die lewering van vroeë intervensiedienste (ontwikkelingsgerigte en terapeutiese dienste om statutêre dienste te voorkom) het meer as 'n kwart van die respondente (18=31%) aangedui dat die klem van dienslewering naas statutêre dienste, die sterkste gerig is op vroeë intervensiedienste. Agtien (31%) respondente het aangedui dat vroeë intervensiedienste die meeste klem in hulle situasie ontvang en 24 (41,3%) het dit as die naashoogste klem beskou.

Ooreenkomstig die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29) behoort respondente **vroeë intervensiedienste** (terapeutiese dienste) aan hoërisiko-gesinne te lewer op die **tweede vlak** van dienslewering om statutêre dienste te voorkom. Daar word bevind dat die meerderheid van die respondente in hierdie ondersoek wel van mening is dat vroeë intervensiedienste in hulle situasie eerder meer beklemtoon word, as minder.

(c) Voorkomende dienste

Voorkomende dienste (programme om hoërisiko-gedrag te voorkom) blyk die **minste** klem, volgens respondente te kry. Sewentien (29,3%) respondente het aangedui dat hierdie dienste die meeste klem kry, terwyl 22 (37,9%) respondente gemeen het dat dit die naashoogste klem verkry. Veertien (24,1%) respondente het gevoel dat klem op voorkomende dienste laag is.

Volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (Department of Social Development, 2006a:29; Department of Social Development, 2004b:18,20) is **voorkoming** die **eerste of primêre vlak** waarop dienste gelewer moet word ten einde gesinne by bronne in te skakel om hulle kapasiteit uit te bou en risikogedrag te beperk. Die afleiding word gemaak dat voorkomende, of gesinsondersteuningsdienste in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing by die betrokke instansies, steeds in dienslewering minder beklemtoon word, as statutêre dienste.

Die probleemstelling vir hierdie studie was gerig op die moontlikheid dat gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne in Suid-Afrika in omgekeerde prioriteitsorde gelewer word as wat beleidsdokumente (Ministry for Welfare and Population Development, 1997; Department of Social Development, 2006a:29) voorstel. Die afleiding word gemaak dat die bogenoemde aanname bevestig word, aangesien respondente verbonde aan die drie grootste nie-regeringsorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing na hulle mening steeds sterker op statutêre dienslewering, as op voorkomende dienslewering fokus. Hierdie situasie beteken dat die gewenste paradigmaterskuiwing in maatskaplikewerk-dienslewering – vanaf sterk gerig op statutêre dienste voor 1994, na voorkomende dienste – by die drie gesinsorgorganisasies wat in hierdie ondersoek betrek is, nog nie doelgerig plaasgevind het nie.

8.2.3.2 Voorbeelde van voorkomende dienste

Respondente is versoek om 'n voorbeeld te verskaf van die voorkomende en vroeë intervensiedienste wat gelewer word. Voorkomende dienste is op die vraelys aangedui as programme wat daarop gerig is om hoërisiko-gedrag te voorkom. Sommige respondente het meer as een voorbeeld gegee. Die response is verdeel in drie afdelings, naamlik programme vir hoërisiko-gesinne, programme vir enige gesin in die gemeenskap en 'n kombinasie van die twee. Die resultate word in tabel 8.7 weergegee.

Tabel 8.7 Klassifikasie van voorbeelde van voorkomende dienste (programme om hoërisiko-gedrag te voorkom)

VOORBEELDE VAN VOORKOMENDE DIENSTE	f (%)
Programme vir hoërisiko-gesinne	
Ouerleiding	8 (13,8)
Bure help bure	2 (3,4)
Groepwerk met hoërisiko-kindere, gedragsmoeilike kindere, jeugdige	4 (6,9)
Programme vir enige gesin in gemeenskap	
Kinderbeskermingsveldtogte, liggaamlike veiligheidsprogramme	5 (8,6)
Bewusmakingsveldtogte en praatjies by skole	3 (5,2)
Programme vir hoërisiko-gesinne en gemeenskapslede	
Lewensvaardigheidsprogramme	8 (13,8%)
Foutvoorbeelde	8 (13,8%)
Geen voorbeeld	24 (41,4%)

n=58

(a) Geen voorbeeld verskaf en foutvoorbeelde

Uit tabel 8.7 is dit duidelik dat die meerderheid (24=41,4%) van die respondente nie 'n voorbeeld van 'n voorkomende diens wat gelewer word, verskaf het nie, terwyl daar ook agt (13,8%) respondente was wat foutvoorbeelde gegee het. Hierdie resultate kan in verband gebring word met die feit dat 34 van die respondente verantwoordelik is vir die lewering van gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste en 24 slegs gevallewerkdienste lewer. Daar sou egter wel aanvaar kan word dat die 24 respondente wat slegs gevallewerkdienste lewer, daarvoor verantwoordelik is om kliënte by bestaande projekte of programme in die organisasie in te skakel en daarom 'n voorbeeld van 'n voorkomende diens behoort te kan noem.

Selfs met inagneming van hierdie aspek, was daar agt (13,8%) foutvoorbeelde en kon 41% van die respondente nie 'n voorbeeld verskaf nie. Aangesien slegs nege (15,4%) respondente in hierdie ondersoekgroep aangedui het dat 'n moontlike struikelblok by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste die feit is dat hulle onseker is oor wat dit behels, moet daar 'n vraagteken agter die bevinding geplaas word. Dit wil voorkom asof die respondente wel onseker is oor wat as 'n ontwikkelingsgerigte diens beskou kan word, aangesien 34 (55%) van die werkers in hierdie ondersoek nie 'n voorbeeld van 'n ontwikkelingsgerigte diens kon aandui nie, of 'n foutvoorbeeld aangedui het.

(b) Programme vir hoërisiko-gesinne

Uit tabel 8.7 is dit duidelik dat min (8=13,8%) van die respondente **ouerleiding** as 'n voorkomende diens geïdentifiseer het. Ouerleiding is 'n toepaslike diens om as 'n voorkomende diens aan hoërisiko-gesinne aan te bied, aangesien dit ooreenkomstig die omskrywing van gesinsondersteuningsdienste daarop gerig is om ouerskapsvaardighede te verhoog om ouers in staat te stel om hulle kinders suksesvol te versorg (Chaffin *et al.*, 2001:1274; Manalo & Meezan, 2000:413; Kagan, 1996:157; Cole, 1995:164).

Die **bure help bure program** is ook 'n goeie voorbeeld van 'n voorkomende diens aangesien die diens daarop gerig is om ouers se informele ondersteuningsnetwerke uit te brei. Die uitbreiding van informele ondersteuningsnetwerke word ooreenkomstig die omskrywing van gesinsondersteuningsdienste (Chaffin *et al.*, 2001:1274; Manalo & Meezan, 2000:413; Kagan, 1996:157; Cole, 1995:164) as 'n gemeenskapsgebaseerde voorkomende aktiwiteit beskou, wat ouers ook in staat stel om ander bronne in die gemeenskap te benut.

Groepwerk met gedragsmoeilike kinders kan as 'n voorkomende program beskou word, maar waarskynlik ook as 'n vroeë intervensiediens. Dit is egter toepaslik om hierdie metode te benut om 'n voorkomende diens te lewer om die verwydering van gedragsmoeilike kinders te voorkom.

(c) Programme vir enige gesin in die gemeenskap

Kinderbeskermingsveldtogte, liggaamlike veiligheidsprogramme, bewusmakingsveldtogte en praatjies by skole word beskou as voorkomende dienste wat ooreenkomstig skrywers daarop gerig is om die breë gemeenskap op te voed (Pecora *et al.*, 1995:xix; Tracy, 1995:974). Altesaam agt (13,8%) respondente het hierdie toepaslike voorbeeld van voorkomende dienste gegee, wat ook volgens literatuur (Pithouse *et al.*, 1998:32,33,42-44) beskou kan word as 'n oop-toegang program vir enige gesin in die gemeenskap.

(d) Programme vir hoërisiko-gesinne en gemeenskapslede

Lewensvaardigheidsprogramme is deur agt (13,8%) respondente as 'n voorbeeld van 'n voorkomende program beskou wat waarskynlik oop is vir hoërisiko-gesinne sowel as ander gemeenskapslede. Hierdie program word ook as 'n toepaslike voorbeeld beskou, aangesien Nel en Roestenburg (2004:120) se navorsing wat in Soweto onderneem is, aangedui het dat ouers 'n behoefte het aan opvoeding oor lewensvaardighede vir hulle kinders.

Daar word afgelei dat die tipe programme wat deur respondente as voorbeelde van voorkomende dienste uitgelig is, hoofsaaklik ooreenstem met die tipe ondersteuningsdienste wat ook aangedui is as beskikbaar in hulle organisasie. Ouerleidings- of opvoedingsprogramme en lewensvaardigheidsprogramme vir kinders was die twee dienste wat deur die meeste organisasies aangebied is. Daar is egter beslis 'n gebrek aan maatskaplike ontwikkelingsgerigte programme waar die sosiale en menslike kapitaal van gemeenskapslede verhoog word, ooreenkomstig die uitgangspunte van Midgley (1996:20,21), soos byvoorbeeld dagsorgsentrums, dagversorging, speelgroepe en tuisbesoekprogramme. Dit bevestig Lombard (2007:295) se siening dat die welsynsektor se vordering die afgelope tien jaar om ontwikkelingsgerigte beleid te implementeer, agterweë gebly het, soos wat ook die geval by gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, blyk te wees.

8.2.3.3 Voorbeelde van vroeë intervensiedienste

Die respondente is versoek om 'n voorbeeld te gee van die vroeë intervensiedienste wat gelewer word. Vroeë intervensiedienste stem ooreen met die tweede vlak (Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste, 2006a) waarop gesinsinstandhoudingsdienste gelewer behoort te word, wat ooreenkomstig literatuur (Tracy, 1995:974) intensiewe en gesinsgesentreerde dienslewering is. Die voorbeelde wat gegee is, is geklassifiseer in terme van konkrete, opvoedkundige en instaatstellende en terapeutiese dienste, in navolging van die indeling van die gesinsgesentreerde dienste wat volgens literatuur (Maluccio *et al.*, 2002:145-154; Ferguson, 2001:9; Berry, 1997:143) aan gesinne gelewer behoort te word. Die resultate word weergegee in tabel 8.8.

Tabel 8.8: Klassifikasie van voorbeelde van vroeë intervensiedienste

VOORBEELDE VAN VROEë INTERVENSIEDIENSTE	f(%)
Konkrete dienste	
Verwysings na ander instansies (1)	1 (1,7%)
Samesprekings met onderwyser (1)	1 (1,7%)
Opvoedkundige en instaatstellende dienste	
Ontwikkeling van lewensvaardighede soos ouerleidingsgroepe	13(22,4%)
Inskakeling van gesinslede by formele en informele bronne soos crèches	1 (1,7%)
Uitbreiding van sosiale netwerke, bure help bure projek	1 (1,7%)
Terapeutiese dienste	
Gesinsberading, huweliksberading, mediasie, gesinsgesprekke	6 (10,3%)
Ander	
“Oog op die kind”-program	1 (1,7%)
Groepe	3 (5,2%)
Geen voorbeeld verskaf	27 (46,6%)
Foutvoorbeelde	4 (6,8%)

n=58

(a) Geen voorbeeld of foutvoorbeeld

Meer as die helfte (31=53,4%) van die respondente het nie 'n toepaslike voorbeeld van die vroeë intervensiedienste wat gelewer word verskaf nie, aangesien 27 (46,5%) geen voorbeeld aangedui het nie en vier (6,8%) foutvoorbeelde aangebied het. Dit blyk dat die meeste respondente nie sekerheid het oor wat vroeë intervensiedienste in terme van gesinsinstandhouding, behels nie.

(b) Opvoedkundige of instaatstellende dienste

Van die oorblywende 27 (46,6%) respondente wat voorbeelde verskaf het, is dit duidelik dat die meerderheid (13=22,4%) oerleidingsgroepe as 'n vroeë intervensiediens aangedui het, wat volgens literatuur (Cash & Berry, 2003:5; Berry *et al.*, 2000:198; Smith, 1995:13) 'n opvoedkundige en instaatstellende gesinsgesentreerde diens is.

(c) Terapeutiese dienste

Terapeutiese dienste soos gesinsberading is deur die tweede meeste respondente as voorbeelde van vroeë intervensiedienste aangebied. Gesinsberading, huweliksberading, mediasie, gesinsgesprekke, sowel as die opstel van gesinsplanne is voorbeelde van terapeutiese dienste wat deur ses (10,3%) respondente as voorbeeld aangebied is. Hierdie voorbeelde is ooreenkomstig literatuur (Ghate & Hazel, 2002:76; Fraser *et al.*, 1997:145) toepaslike voorbeelde van dienste wat aan hoërisiko-gesinne gelewer behoort te word, om statutêre dienste te voorkom.

(d) Konkrete dienste

Slegs twee (3,4%) respondente het die lewering van konkrete dienste, soos verwysings na ander instansies en samesprekings met onderwysers as 'n vroeë intervensiediens beskou. Hierdie dienste word volgens skrywers (Cash & Berry, 2003:4; Maluccio *et al.*, 2002:153; Littell & Tajima, 2000:426,428; Berry, 1997:145) geklassifiseer as toepaslike dienste om gesinne in stand te hou en sodoende die verwydering van kinders te beperk.

(e) Ander dienste

Ander dienste wat aangedui is, is die “oog op die kind”-program (1=1,7%), wat spesifiek gerig is op kinderbeskerming (Doran, 1999:396-399) en dus 'n toepaslike voorbeeld van 'n vroeë intervensiediens is, asook groepe (3=5,1%). Die aard van die groepe is egter onduidelik; maar daar word aanvaar dat die benutting van hierdie metode in maatskaplike werk wel

toepaslik is vir die instandhouding van gesinne, deur byvoorbeeld lewensvaardighede te verhoog.

8.2.3.4 *Mening oor uitvoerbaarheid van dienslewering wat gerig is op voorkomende dienste ooreenkomstig beleid*

Om die respondente se perspektief te bepaal op die lewering van voorkomende gesinsondersteuningsdienste, is hulle mening in 'n oop vraag versoek oor die uitvoerbaarheid van die vereiste in beleidsdokumente (Witskrif vir Welsyn, Ministry of Welfare and Population Development, 1997; Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste, 2006a) dat gesinsinstandhoudingsdienste hoofsaaklik gerig moet wees op **voorkomende dienste**, deur gesinne byvoorbeeld in te skakel by bronne in die gemeenskap om hulle kapasiteit uit te bou. Respondente was oorwegend van mening dat hierdie vereiste moeilik is om te implementeer in die gemeenskappe waar hulle dienste lewer. Die uitvoerbaarheid van hierdie vereiste word volgens die response van die respondente in vyf temas ingedeel, wat vervolgens beskryf word en in figuur 8.3 weergegee word.

Beskrywings van response

01 Daar is beperkte bronne vir hoërisiko-gesinne in gemeenskappe. Bronne is beperk en bestaande bronne is ook nie toeganklik vir kliënte nie omdat hulle klaar oorbenut is. Noodsaaklike bronne is nie finansiële bekostigbaar vir kliënte nie en die organisasie beskik nie oor die bronne om die kliënte finansiële te ondersteun nie. Bronne funksioneer nie buite kantoore nie en is daarom ontoeganklik vir werkende persone. (36=62,1%)

02 Werkloadings is hoog. Armoede, werkloosheid en middelmissie verhoog gevalleladings. Hoë gevalleladings beteken dat daar nie voldoende tyd bestaan om gemeenskapswerkdienste te lewer nie en daarom kom maatskaplike werkers nie by voorkomende werk uit nie. Daar behoort personeel aangestel te word wat slegs gemeenskapswerkdienste lewer. Wisseling van maatskaplike werkers beïnvloed ook die implementering van voorkomende dienslewering. (21=36,2%)


03 Kliënte gee nie hulle samewerking nie en is ongemotiveerd en apaties. Kliënte gee nie hulle samewerking nie, benut nie bronne nie en respondente beskik nie oor voldoende tyd om kliënte na die diens te neem nie. (18=31,0%)

04 Onvoldoende finansiering in organisasie om programme in stand te hou. Kliënte woon nie die programme by wat die organisasie aanbied nie, omdat hulle nie oor vervoer beskik nie. Enkelouers kan programme nie bywoon nie, omdat daar nie toesig oor die kinders is nie. Programme word swak bygewoon, indien daar nie kos en vermaak beskikbaar is nie. (9=15,5%)

05 Krisishantering, statutêre werk en terapeutiese dienste geniet prioriteit. Krisishantering en statutêre werk geniet prioriteit omdat kliënte dikwels eers onder die aandag van die maatskaplike werker kom wanneer statutêre dienste gelewer moet word. Werkverrigting wat die mees volhoubaarste is, is gevallewerk en dit is noodsaaklik dat terapeutiese dienste soos gesinsberading, ouerleiding en speltherapie gelewer word. Die lewering van hierdie dienste het tot gevolg dat voorkomende dienslewering nie aandag kry nie. (7=12,1%)

06 Vereistes is uitvoerbaar. Netwerkskakeling moet gedoen word en daar moet baie oortyd gewerk word. (5=8,6%)

07 Nie beantwoord. (3=5,2%)



Figuur 8.3: Respondente se menings oor uitvoerbaarheid van voorkomende dienslewering ooreenkomstig beleidsdokumente

(a) Beperkte bronne vir hoërisiko-gesinne in gemeenskappe

Die meerderheid (36=62,1%) van die respondente het gemeen dat bronne beperk is in die gemeenskappe vanweë 'n ooraanvraag na die bron. Een respondent se opmerking in hierdie verband was “*die gemeenskap is gedompel in armoede en die bronne is te min om in die groot aanvraag van die gemeenskap te voorsien of word uitgeput. Die minimum gemeenskapslede vind baat by die bronne beskikbaar.*”

'n Verdere aspek wat na vore kom is dat bronne ook ontoeganklik is vir gesinne, vanweë redes soos dat die gesin nie oor die finansiële vermoëns beskik om die bron te benut nie, asook dat die organisasie die gesin nie finansiëel kan bystaan nie. Bronne kan ook slegs binne normale kantoorure bereik word, wat dit ontoeganklik vir werkende ouers maak. 'n Respondent merk op: “*Die meeste voorkomende bronne in die gemeenskap het finansiële implikasies wat dit buite die bereik van 'n groot deel van die kliëntsisteem plaas. Gratis dienste kan nie die aanvraag effektief hanteer nie.*”

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die hoërisiko-gemeenskappe wat deur die drie gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing bedien word, soos beskryf in literatuur (Coulton *et al.*, 1999:1034, Garbarino & Kostelny, 1992:461), gekenmerk word deur gebrekkige bronne en dienste. Hierdie situasie het tot gevolg dat daar nie ooreenkomstig beleidsvereistes genoegsame bronne in gemeenskappe bestaan waarby gesinne ingeskakel kan

word nie. Hierdie omstandighede beperk die lewering van voorkomende dienste wat veronderstel is om statutêre dienste te voorkom.

(b) Werkloadings is hoog

Die feit dat werkloadings hoog is, is deur 21 (36,2%) respondente as 'n rede aangevoer waarom dit moeilik is om ontwikkelingsgerigte dienste te lewer. Een respondent het genoem: “*Die werkloading is te hoog en voel dit soms of jy net “vure doodslaan”*”. 'n Ander respondent se mening is: *Too few social workers with too high caseloads are expected to create and maintain these resources – where are they supposed to find the time?!*” Aspekte wat aan die lig gekom het rondom die hoë werkloadings is die wisseling van maatskaplike werkers, asook die feit dat daar nie van maatskaplike werkers verwag behoort te word om die voorkomende of gemeenskapswerkdienste te lewer nie. Ander personeel, soos gemeenskapsontwikkelaars behoort vir die lewering van hierdie dienste aangestel te word.

Die bevinding dat werkloadings hoog is korreleer met 'n vorige bevinding in hierdie ondersoek, naamlik dat die tekort aan maatskaplike werkers 'n belangrike struikelblok by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste is. Dit stem ooreen met die bevindings in ander Suid-Afrikaanse navorsingstudies (Brown & Neku, 2005:308; September & Blankenberg, 2004:28,29), dat die tekort aan maatskaplike werkers en hoë gevalleloadings, dienslewering strem. Die feit dat die wisseling van maatskaplike werkers ook die implementering van voorkomende dienste beïnvloed, bevestig Streak en Poggenpoel (2005:41) se navorsing, waar aangetoon is dat die omset van personeel effektiewe dienslewering beïnvloed.

(c) Kliënte gee nie hulle samewerking nie, is ongemotiveerd en apaties

Die feit dat kliënte nie hulle samewerking gee nie, is deur 18 (31,0%) respondente uitgelig as 'n aspek wat die uitvoerbaarheid van voorkomende dienslewering strem. Die response van die respondente hou veral verband met die lewering van konkrete dienste, soos om kliënte te vergesel na bronne. In hierdie studie is alreeds bevind dat konkrete dienste nie gereeld deur respondente gelewer word nie. Konkrete dienste word beskou as noodsaaklik omdat dit bydra tot die vestiging van 'n werksverhouding (Maluccio *et al.*, 2002:153; Cash & Berry, 2003:4; Berry, 1997:145), asook die stres verlig wat gesinne kan ervaar, soos hongerte (Juby & Rycraft, 2004:585). Die gesin word sodoende in staat gestel om meer effektief aan dienslewering deel te neem (Littell & Tajima, 2000:426,428; Dawson & Berry, 2002:300).

Die afleiding word gemaak dat die swak samewerking van kliënte deels te wyte kan wees aan gebrekkige konkrete dienslewering, wat tot gevolg het dat 'n belangrike geleentheid om 'n verhouding met die gesin te bou, nie benut word nie.

(d) Onvoldoende finansiering in die organisasie om programme in stand te hou

Die response van die respondente (9=15,5%) het hier veral verband gehou met die feit dat kliënte nie programme bywoon nie, omdat daar 'n gebrek aan middele soos vervoer is, of omdat die organisasies klaarblyklik nie oor die finansiering beskik om vervoer beskikbaar te stel nie, kinderversorgingsfasiliteite te reël, of kos tydens programme te verskaf nie. 'n Respondent se respons in hierdie verband is: *“Programme word swak bygewoon, tensy baie voedsel en vermaak beskikbaar gestel word.”*

Hierdie aspek verwys ook na die lewering van konkrete dienste, wat alreeds bespreek is as gedeeltelik die rede waarom kliënte nie altyd gemotiveerd is tot dienslewering nie. Die feit dat aansporings soos vervoer, kinderversorgingsfasiliteite en maaltye aan ouers gebied moet word om hulle te motiveer om programme by te woon is ook in navorsing in Nieu-Seeland, die Verenigde Koninkryk en die VSA (Bell, 2005; Sanders & Cann, 2002; Nicholson *et al.*, 1999) bevestig. In hierdie navorsing is bevind dat die suksesvolle verloop van oueropvoedingsprogramme afhang van die aansporings wat aan ouers gebied is om hulle te motiveer tot bywoning. Die afleiding word gemaak dat dit noodsaaklik is dat die drie gesinsorgorganisasies wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, hierdie aansporingsmaatreëls in programme inbou, om ouers sodoende te motiveer om programme by te woon. 'n Tekort aan finansies kan egter beteken dat dit onmoontlik vir organisasies is om hierdie aansporingsmaatreëls in te bou.

(e) Krisishantering, terapeutiese dienste en statutêre werk geniet voorkeur

Die response van die werkers (7=12,1%) was hier veral gerig op die feit dat dit noodsaaklik is om krisishantering en sekere terapeutiese dienste op 'n gereelde basis te lewer en dat daar nie voldoende tyd is om aan voorkomende dienste aandag te gee nie. Een respondent se mening is: *“As gevolg van hoë werkladings kom maatskaplike werkers nie altyd by kliënte uit om voorkomingsdienste te lewer nie. Die maatskaplike werker maak meestal kontak met die kliënte vir die eerste keer as dit by statutêre ingryping kom.”* Nog 'n respondent noem: *“Maatskaplike werkers word te vasgevang in dienste wat individuele werk behels.”*

Hierdie bevinding hou ook verband met die feit dat die gevalleladings van die respondente in hierdie studie hoog is en krisishantering deur die meeste respondente as die terapeutiese diens

beskou is wat die gereeldste gelewer word. Die afleiding word gemaak dat respondente in hierdie ondersoek meen dat daar vanweë die sterk klem op gevallewerkdienste, nie voldoende tyd is om ook aan voorkomende dienslewering aandag te gee nie. Dit bevestig September (2007:98, 101) se siening dat daar veral 'n behoefte aan maatskaplike werkers in die veld van kinder- en gesinsorgdienste is, asook die feit dat welsynsorganisasies volgens Streak en Poggenpoel (2005:4) nie befonds word vir statutêre dienste nie, wat tot gevolg het dat dienslewering nie uitgebrei word nie. Hulle aanbeveling in hierdie verband is dat statutêre dienste 100% befonds behoort te word, sodat NRO's die fondse wat van donateurs bekom word, kan gebruik om voorkomende- en vroeë intervensiedienste te lewer.

(f) Beleid is uitvoerbaar

'n Klein persentasie (5=8,6%) respondente was van mening dat die vereistes dat dienslewering hoofsaaklik gerig behoort te word op voorkomende dienste, uitvoerbaar in hulle werksituasie is, indien daar met netwerke geskakel word en baie oortyd gewerk word. 'n Respondent se mening is: "...dit is binne hierdie organisasie wel 'n werklikheid, maar verg baie oortyd werk en die ekstra myl loop". Die feit dat hierdie werkers aanvoer dat daar baie oortyd gewerk moet word om die beleid te implementeer, dui egter ook op 'n mannekrag tekort, aangesien daar nie sonder meer van respondente verwag kan word om op 'n gereelde basis oortyd te werk om aan beleidsvereistes te voldoen nie. Daar word bevind dat 'n baie klein persentasie (8,6%) van die respondente by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing van mening was dat die beleidsvereiste dat gesinsinstandhoudingsdienste hoofsaaklik gerig moet wees op voorkomende dienste, uitvoerbaar is.

(g) Nie beantwoord

Drie (5,1%) respondente het nie hulle mening oor die uitvoerbaarheid van die lewering van hoofsaaklik voorkomende dienste in hulle werksituasie gegee nie. Die rede hiervoor is nie duidelik nie.

8.2.3.5 Wyse waarop meer voorkomend te werk gegaan kan word

Die wyse waarop daar meer voorkomend te werk gegaan kan word is verder in die fokusgroep ondersoek. Fokusgroeplede se opinie is versoek ten opsigte van hoe hulle in hulle situasie ooreenkomstig die uitgangspunte in beleidsdokumente meer voorkomend kan word om statutêre dienslewering te voorkom. Die subtemas en kategorieë wat navore gekom het, word in tabel 8.9 aangedui.

Tabel 8.9: Subtemas en kategorieë oor wyse waarop meer voorkomend gewerk kan word

TEMA: WYSE WAAROP MEER VOORKOMEND TE WERK GEGAAN KAN WORD	
Subtemas	Kategorieë
1. Benodig meer mannekrag	<ol style="list-style-type: none"> 1. Statutêre werk geniet voorkeur 2. Werklading is te hoog 3. Benodig gemeenskapswerkers vir voorkomende dienslewering
2. Beperk wisseling van maatskaplike werkers	<ol style="list-style-type: none"> 1. Verskille in salarisse tussen Staat en NRO-maatskaplike werkers moet uitgeskakel word 2. Behou ervaring in NRO's 3. Omset verhoog werklading van meer ervare maatskaplike werkers
3. Beter samewerking tussen Departement en NRO's, asook tussen staatsdepartemente onderling	<ol style="list-style-type: none"> 1. Beperk onnodige administratiewe verpligtinge 2. Verbeter interdepartementele skakeling
4. Netwerkontwikkeling	<ol style="list-style-type: none"> 1. Instandhouding van verhouding met ander gemeenskapsbronne 2. Bemagtig gemeenskapsbronne

(a) Benodig meer mannekrag

Volgens tabel 8.9 is dit duidelik dat van die temas wat uit die fokusgroep na vore kom, sterk aansluit by die redes wat aangevoer is waarom daar nie voorkomend gewerk word nie wat reeds onder 8.2.3.4 bespreek is. Volgens Tabel 8.9 is die eerste subtema dat meer mannekrag benodig word om hoofsaaklik voorkomende dienste te lewer. Die kategorieë wat geïdentifiseer is, is eerstens dat statutêre werk voorkeur geniet, wat 'n vorige bevinding in hierdie studie, naamlik dat statutêre dienste die meeste klem in dienslewering kry, bevestig. Die volgende twee kategorieë is dat werkladings te hoog is, asook dat ander personeel soos gemeenskapswerkers benodig word om die voorkomende dienste te lewer.

Die feit dat ander personeel (gemeenskapswerkers) benut moet word om voorkomende dienste te lewer het by herhaling in hierdie ondersoek as 'n perspektief van beide fokusgroeplede en respondente navore gekom. Die redes hiervoor is nie bepaal nie, maar kan verband hou met die hoë gevallewerklading wat die tyd vir voorkomende dienslewering beperk. 'n Ander moontlikheid is dat gevallewerk of terapeutiese dienste meer as die taak van die maatskaplike werker beskou word, aangesien ander personeel soos byvoorbeeld

gemeenskapontwikkelaars deur die ondersoekgroep as geskik beskou word om die voorkomende dienste te lewer.

Hierdie perspektiewe van die deelnemers aan die fokusgroep stem ooreen met vorige bevindings in hierdie studie oor die struikelblokke wat ontwikkelingsgerigte dienslewering beïnvloed, asook die respondente se menings oor die uitvoerbaarheid van voorkomende dienste ooreenkomstig beleidsriglyne. Die perspektiewe van die fokusgroeplede stem ook ooreen met bevindings in ander Suid-Afrikaanse navorsingstudies (Brown & Neku, 2005:308; September & Blankenberg, 2004:28,29) dat die tekort aan maatskaplike werkers en die hoë gevalleladings van maatskaplike werkers dienslewering strem. In hierdie studie word bevind dat die respondente en die fokusgroeplede van mening is dat hierdie aspekte die lewering van voorkomende dienste ooreenkomstig ontwikkelingsgerigte beleid beperk.

(b) Beperk wisseling van maatskaplike werkers

'n Verdere tema wat navore gekom het en wat ooreenstem met die siening van die respondente is dat die wisseling van maatskaplike werkers beperk moet word, aangesien hierdie aspek die lewering van voorkomende dienslewering beïnvloed. Wisseling van maatskaplike werkers is ook in Streak en Poggenpoel (2005:41) se Suid-Afrikaanse navorsing geïdentifiseer as 'n aspek wat effektiewe dienslewering beïnvloed. Ten opsigte van die onderskeie kategorieë, bestaan die opinie dat die verskille in salarisse tussen die maatskaplike werkers by die Staat en die NRO's uitgeklaar behoort te word, aangesien dit moeilik is om ervaring in die NRO sektor te behou, vanweë hierdie salaris verskille. Die omset in personeel veroorsaak ook dat verdere druk in terme van werklading op die ervare maatskaplike werkers geplaas word, aangesien vakante poste hulle werklading verhoog. Hierdie werklading word ook verhoog omdat take soos praktykonderrig van studente ook aan meer ervare werkers toegeken word. Hierdie opinies van die fokusgroeplede stem ooreen met Streak en Poggenpoel (2005:41) se Suid-Afrikaanse studie waar NRO's ook aangedui het dat daar 'n omset in personeel is vanweë die verskille in salarisse en dat maatskaplike werkers organisasies verlaat nadat hulle ondervinding opgedoen het. Die lewering van voorkomende dienste word waarskynlik verder beïnvloed vanweë die feit dat hierdie poste weer met onervare werkers gevul word.

(c) Beter samewerking tussen NRO's en staatsdepartemente

'n Ander tema wat uitgelig is, is die feit dat beter samewerking benodig word tussen die NRO's en die Departement Maatskaplike Ontwikkeling, asook onderling tussen staatsdepartemente, aangesien dit positief kan inwerk op die lewering van voorkomende

dienste. Fokusgroeplede het in hierdie verband veral gefokus op die administratiewe verpligtinge wat teenoor die Departement Maatskaplike Ontwikkeling nagekom moet word in terme van vorderingsverslae, wat tydrowend is. Die interdepartementele skakeling kan ook na die perspektief van die fokusgroeplede verbeter. Alhoewel hierdie aspek nie noodwendig 'n wyse is waarop daar meer voorkomend te werk gegaan kan word nie, was die sentiment van twee van die fokusgroeplede dat die administratiewe vereistes tydrowend is en dat waardevolle tyd wat vir voorkomende dienslewering benut kon word, verlore gaan.

(d) Ontwikkeling van netwerke in gemeenskap

Die **ontwikkeling van netwerke in 'n gemeenskap** is die laaste tema wat navore gekom het ten opsigte van die wyse waarop daar meer voorkomend te werk gegaan kan word. Die belangrikheid dat netwerke ontwikkel word om voorkomende dienste te lewer, is ook deur van die respondente genoem as 'n belangrike wyse waarop voorkomende dienste wel gelewer kan word. Die kategorieë in hierdie subtema, was dat verhoudings met ander gemeenskapsbronne instand gehou moet word, sodat samewerking ten opsigte van voorkomende dienslewering bevorder kan word. Die bemagtiging van toepaslike gemeenskapsbronne met kennis, blyk ook 'n wyse te wees om voorkomend te werk.

Die narratiewe van die fokusgroeplede ten opsigte van die onderskeie subtemas en kategorieë word in Tabel 8.10 weergegee.

Tabel 8.10 Narratiewe van fokusgroeplede oor maniere waarop meer voorkomend te werk gegaan kan word

NARRATIEWE VAN FOKUSGROEPELEDE OOR MANIERE WAAROP MEER VOORKOMEND TE WERK GEGAAN KAN WORD	
Subtema en kategorieë	Narratief
Subtema: Benodig meer mannekrag Kategorieë:	
1. Statutêre werk geniet voorkeur	- <i>“Ons moet <u>so statutêr werk</u>, dat ons <u>nie kan voorkomend werk nie.</u>”</i> - <i>“Jy kan <u>hierdie wonderlike dag beplan</u> (vir gemeenskapswerk) en <u>hierso bel die hospitaal en jy moet 'n Vorm 4 doen</u>, en dan <u>moet jy dit gaan doen.</u>”</i>
2. Werklading is te hoog	- <i>“Hierdie projekte en hierdie goed wat jy doen <u>verg baie beplanning en dit kort 'n persoon wat net hierop fokus en beplan en projekte uitwerk, sonder onderbrekings, sonder enige krisis</u>”.</i>
3. Benodig gemeenskapswerkers vir voorkomende dienslewering	- <i>“Ek dink 'n mens moet meer <u>gemeenskapsontwikkelaars kry</u>, sodat jy kan fokus op die goed waarop jy moet fokus, en die projekte dan deur die <u>gemeenskapsontwikkelaars gehanteer word, sodat die voorkomende werk ook meer aan die gang kan kom.</u>”</i>

<p>Subtema: Beperk wisseling van maatskaplike werkers Kategorieë:</p> <p>1. Verskille in salarisse tussen Staat en NRO-maatskaplike werkers moet uitgeskakel word</p> <p>2. Behou ervaring in NRO's</p> <p>3. Omset verhoog werklading van meer ervare maatskaplike werkers</p>	<p>- <i>“Ek dink die Staat moet al die salarisse van die NGO's oorneem, <u>dat daar nie die salaris verskille is nie, dan sal jy ook jou “turnover” beperk.</u> Dan hoef die organisasie nie te worry oor salarisse, want die Staat sê ons betaal die maatskaplike werkers, die geld wat ons vir julle gee, moet gaan vir instandhouding, skryfbehoeftes, karre, want dit nogals 'n groot kopseer.”</i></p> <p>- <i>“Maar dis waar die <u>hele onregverdigheid uitkom oor die verskille in salarisse.</u> Dis dalk beter as jy sê die Staat betaal al die maatskaplike werkers in Suid-Afrika, <u>dan gaan jy dalk ook die ervaring (in die NGO's) behou.</u>”</i></p> <p>- <i>“Dit neem tog ook vir 'n werker 'n tyd om in die gemeenskap in te kom en sy gemeenskap te leer ken en verhoudings te bou en aan die gang te kom, mense moet jou vertrou, dit vat ook tyd, en dan wil jy nie 'n werker verloor net nadat hy touwys gemaak is nie.</i></p> <p>- <i>“<u>Ons sit dan nou weer drie maande met 'n vakante pos en dit het definitief 'n impak, want nou moet ons dit doen en dit is dan nou rêrig net vure doodslaan.</u>”</i></p> <p>- <i>“<u>Jonger werkers kan ook nie alles doen nie, jy moet ten minste 'n paar jaar se ondervinding hê voordat jy studente praktykopleiding kan gaan doen en dis al klaar miskien 'n werk wat van die ouer werkers verwag word om te doen, ek meen die nuwer werkers kom vra ook vir jou vir advies.</u>”</i></p>
<p>Subtema: Beter samewerking tussen Departement en NRO's Kategorieë:</p> <p>1. Beperk onnodige administratiewe verpligtinge</p> <p>2. Verbeter inter-departementele skakeling</p>	<p>- <i>“<u>Baie van ons tyd gaan in diensplanne in, ure en ure en dan word ons nie befonds daarvoor nie, vir al daai ure nie en elke kwartaal moet ons 'n evaluering vir die staat indien, dis wat ons bereik het met die diensplan, daar is regtig baie onnodige tyd wat ingaan in goed wat die staat van jou verwag ... doen jy dit nie, beteken dit jy kom nie jou kant van die ooreenkoms na nie, so jy kry nie jou geld nie.</u>”</i></p> <p>- <i>“<u>Ek dink die verhouding tussen die departement (Maatskaplike Ontwikkeling) en die NRO's kan baie verbeter.</u>”</i></p> <p>- <i>“<u>As al die departemente ook net eienaarskap vat van wat hulle veronderstel is om te doen.</u>”</i></p> <p>- <i>“<u>Jy kry die idee daar is geen interdepartementele skakeling nie, nie tussen welsyn en onderwys nie, nie tussen justisie en gemeenskapsbeveiliging nie. Êrens kommunikeer hierdie mense glad nie, wetgewing weerspreek mekaar.</u>”</i></p>
<p>Subtema: Netwerk-ontwikkeling Kategorieë:</p> <p>1. Instandhouding van verhouding met ander gemeenskapsbronne</p>	<p>- <i>“<u>Sterk netwerke moet ontwikkel word, ek dink jy moet al die bronne wat jy tot jou beskikking het gebruik en veral verhoudings reghou met die ander bronne, dis baie belangrik dat jy jou verhouding reghou.</u>”</i></p>

2. Bemagtig gemeenskapsbronne	- "... <u>toe het ek met 'n ander benadering begin, waar ons nou liever gemeenskapsbronne binne die gemeenskap bemagtig met kennis, so ons nader nou die kerke, die polisie, die kliniek en ons bemagtig nou vir hulle om daardie kennis oor te dra, byvoorbeeld, toe die polisie 'n projek aanbied, toe was al die onverantwoordelike ouers daar, so ons benadering is om maar lievers die rolspelers te bemagtig, sodat hulle dan die kennis oordra.</u> "
-------------------------------	--

Vanuit Tabel 8.10 blyk dit dat die sienings van die fokusgroeplede betreffende die wyse waarop daar hoofsaaklik voorkomende dienste gelewer kan word om statutêre dienste te voorkom, korreleer met die menings van die respondente by die gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is.

8.2.3.6 Aard van bronne wat beskikbaar moet wees vir hoërisiko-gesinne in gemeenskappe

In die lig van die feit dat beperkte bronne in gemeenskappe herhaaldelik in hierdie ondersoek deur die respondente uitgewys is as 'n struikelblok by dienslewering, is die fokusgroeplede se menings versoek oor die bronne wat in gemeenskappe na hulle mening vir hoërisiko-gesinne benodig word. 'n Ontleding van die inligting wat bekom is, word in tabel 8.11 weergegee.

Tabel 8.11: Mening van fokusgroeplede oor bronne wat in gemeenskappe vir hoërisiko-gesinne benodig word

TEMA: BRONNE WAT IN GEMEENSKAPPE VIR HOËRISIKO-GESINNE BENODIG WORD		
Subtemas	Kategorieë	Narratiewe
Toeganklikheid van bronne	1. Finansiële bekostigbaar 2. Bevoegd wees	- " <u>Al die bronne vra geld, ons kliënte kan dit nie bekostig nie.</u> " - " <u>Bronne is nie 'competent' nie, mense word heen en weer gestuur.</u> "
Aard van bronne	1. Gespesialiseerde bronne 2. Gemeenskapsbronne	- " <u>Die lading is te hoog, ons kan spesialiswerk doen as die lading nie so hoog is nie.</u> " - " <u>Ons kliënte het sielkundige berading nodig en huweliksberading, maar hulle kan dit nie bekostig nie.</u> " - " <u>Waar ek werk is dagsorg ook 'n tekort, soos 'n crèche wat goeie diens gee.</u> " - " <u>Wat regtig 'n probleem is, is vervoer, my mense bly ver en daar is net drie keer 'n dag 'n taxi en dit beïnvloed hulle lewens, want die taxi is duur.</u> "

(a) Bronne moet toeganklik wees

Volgens tabel 8.11 fokus die eerste tema op die toeganklikheid van bronne vir hoërisiko-gesinne. Die eerste kategorieë wat navore gekom het is dat bronne finansieel bekostigbaar moet wees vir hoërisiko-gesinne, asook dat hulle bevoegd moet wees. Hierdie aspekte is alreeds onder punt 8.2.3.4 van hierdie hoofstuk bespreek, aangesien die gebrek aan bronne met spesifieke verwysing na bekostigbaarheid, ook na die mening van die respondente die uitvoerbaarheid van voorkomende dienslewering strem.

(b) Aard van bronne

Ten opsigte van die tweede subtema het die aard van die bronne wat benodig word navore gekom. Die twee kategorieë wat geïdentifiseer is was dat gespesialiseerde bronne soos sielkundige- en huweliksberading benodig word, asook dat gemeenskapsbronne, soos 'n crèche benodig word. Deelnemers aan die fokusgroep kon nie 'n wye verskeidenheid bronne identifiseer wat deur hoërisiko-gesinne benodig word nie. Dit is opvallend dat die fokusgroeplede slegs een gesinsondersteunende diens kon identifiseer wat in gemeenskappe benodig word, naamlik dagsorg, terwyl die mening bestaan het dat spesialiswerk ook gedoen kan word, as gevalleladings verlaag word.

Alhoewel daar by hoërisiko-gesinne 'n behoefte kan wees aan meer gespesialiseerde dienste soos sielkundige- en huweliksberading, sal daar beslis ook behoeftes aan ondersteuningsdienste vir hoërisiko-gesinne bestaan, waar hulle informele en semi-formele netwerke ontwikkel kan word. Die feit dat die fokusgroeplede nie 'n wye verskeidenheid gemeenskapsbronne kon identifiseer wat benodig word, soos byvoorbeeld speelgroepe, dagsorgfasiliteite, versorgingsfasiliteite vir kinders wanneer ouers dienste ontvang en naskole nie, bevestig 'n vorige bevinding, naamlik dat daar onkundigheid bestaan oor wat vroeë intervensie- en voorkomende gesinsinstandhoudingsdienste behels. Hierdie situasie kan beteken dat toepaslike ondersteuningsdienste selfs nie deur ander personeel wat aangestel kan word soos byvoorbeeld gemeenskapsontwikkelaars, ontwikkel sal word nie, omdat die kundigheid van maatskaplike werkers in hierdie verband beperk is.

8.2.4 Ideale omstandighede vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste


Die respondente is versoek om die ideale omstandighede waarin gesinsinstandhoudingsdienste gelewer kan word, te beskryf. Die response het veral na drie areas verwys, naamlik die ideale omstandighede in gemeenskappe, gesinne en in die organisasie wat vervolgens beskryf word en figuur 8.4 weergegee word.

Beskrywings van response:

Omstandighede in gemeenskap: Daar moet genoegsame hulpbronne, en programme wees waarby gesinne ingeskakel kan word (22=37,9%). Die gemeenskap se gesindheid en ingesteldheid moet positief wees en goeie samewerking moet verkry word (6=10,3) (Totaal: 28=48,3%).

Omstandighede in gesinne: Gesinne moet gemotiveerd wees en goeie samewerking gee, dienste benut en nie apaties wees nie. (Totaal: 11=19,0%).

Omstandighede in organisasie: Gevalleladings moet laer wees sodat meer intensiewe dienste gelewer kan word (13=22,4%). Daar moet meer personeel beskikbaar wees soos maatskaplike werkers, hulpwerkers, asook goed opgeleide vrywilligers (12=20,7%). Maatskaplike werkers moenie verantwoordelik wees vir die lewering van gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste nie; hierdie dienste moet deur afsonderlike werkers gelewer word (5=8,6%). Daar moet meer beskikbare finansies wees om programme te inisieer en in stand te hou (8=13,8%) en vervoer moet beskikbaar wees om tuisbesoeke mee te doen (2=3,4%). Salarisse moet verbeter (3=5,2%) (Totaal: 43=74,1%).



Figuur 8.4: Areas waar ideale omstandighede beskryf is

(a) Omstandighede in organisasie

Figuur 8.4 toon duidelik aan dat die meerderheid (43=74,1%) van die respondente se response verband gehou het met die omstandighede in die organisasie. Hierdie omstandighede kan verdeel word in twee afdelings, naamlik eerstens 'n tekort aan **mannekrag** (maatskaplike werkers, hulpwerkers en vrywilligers) wat reeds voorheen in hierdie hoofstuk bespreek is. Die tweede aspek waarna verwys is, is 'n tekort aan **finansies** in terme van vervoer om tuisbesoeke te doen, asook projekte te inisieer en in stand te hou, en die swak salarisse.

Albei afdelings hou in werklikheid verband met gebrekkige finansies in die organisasie, aangesien 'n tekort aan mannekrag direk verband hou met die subsidies wat gesinsorgorganisasies van die regering ontvang en die personeel wat aangestel kan word met hierdie fondse. Skrywers (Streak & Poggenpoel, 2005:41) se siening dat nie-regeringsorganisasies nie oor voldoende fondse beskik om effektiewe dienste te lewer nie, word dus bevestig. Daar word dus bevind dat die gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, nie oor voldoende finansiering beskik om meer personeel aan te stel, of

projekte te inisieer en instand te hou nie, wat die implementering van beleidsvereistes ten opsigte van ontwikkelingsgerigte voorkomende dienslewering ernstig benadeel. Soos by die vorige afdeling oor hoe om meer voorkomend te werk te gaan, bestaan die opvatting by die fokusgroeplede en respondente dat hulle die terapeutiese werk kan doen, maar dat ander personeel die voorkomende werk moet doen, soos skoolmaatskaplike werkers en gemeenskapsontwikkelaars en hulpwerkers.

(b Omstandighede in gemeenskap

Agt-en-twintig (48,3%) respondente het die ideale omstandighede vir gesinsinstandhoudingsdienslewering gekoppel aan die groter beskikbaarheid van bronne en programme in die gemeenskappe. Een van die respondente se opmerking ten opsigte van bronne is: “*Daar is nie bekostigbare bronne vir hoërisiko-gesinne nie.*”

Die gebrek aan bronne in die gemeenskappe waar die respondente in hierdie ondersoek dienste lewer, is herhaaldelik genoem. Dit bevestig die siening in literatuur (Coulton *et al.*, 1999:1034; Garbarino & Kostelny, 1992:461) dat lae-inkomste gemeenskappe nie oor voldoende bronne beskik om in die behoeftes van gesinne te voldoen nie. Die ontwikkeling van hierdie bronne kan volgens skrywers (Leon, 1999:15; Cannan & Warren, 1997:17) nie oorgelaat word aan privaat inisiatiewe en vrywillige welsynsorganisasies nie. Grondvlak werk moet gekomplementeer word deur programme vanaf regeringsvlak.

(c Omstandighede in gesinne

Ideale omstandighede volgens respondente (11=19,0%) was gerig op die feit dat gesinne nie apaties moet wees nie en beskikbare dienste moet benut. Gesinne se apatie is reeds vroeër in hierdie hoofstuk in verband gebring met die gebrek aan konkrete dienslewering, soos byvoorbeeld om gesinne te vergesel na bronne. Skrywers (Wilson & Horner, 2005:476; Dawson & Berry, 2003:308) is dit eens dat die aard van die dienslewering aan gesinne waar kindermishandeling en veral verwaarlosing voorkom, langtermyn en omvattend behoort te wees. In hierdie ondersoek is bevind dat omvattende ondersteunings- en gesinsgesentreerde dienste nie deurlopend aan hoërisiko-gesinne beskikbaar is nie, wat moontlik kan bydra tot apatie.

8.2.5 Ander opmerkings

Die respondente kon indien nodig, enige ander opmerkings maak. Slegs 8 (13,7%) van die respondente het dit gedoen. Hierdie opmerkings het steeds verband gehou met die omstandighede waarin dienste gelewer word en wat reeds vroeër in hierdie hoofstuk genoem

is, naamlik 'n gebrek aan mannekrag, hoë gevalleladings en onvoldoende befondsing. Daar word afgesluit met die opmerking van een van die respondente oor **befondsing**: “...die regering verwag dat voorkomingsdienste gelewer word, maar maak dit vanweë klein en onvoldoende subsidies bykans onmoontlik om uit te voer”.

'n Ander respondent se opmerking oor **hoë gevalleladings** was as volg: “It is difficult to make the shift to developmental social work when you have a caseload of over 200.” 'n Laaste opmerking van 'n respondent oor 'n gebrek aan **mannekrag** was: “Mannekrag belemmer/strem tans dienslewering in ons organisasie. Maatskaplike werkers het hoë gevalleladings; indien daar nie hulp/ondersteuning is nie, veroorsaak dit uitputting en maatskaplike werkers bedank.”

8.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is bevind dat die aard en omvang van die gesinsondersteuningsdienste wat aan hoërisiko-gesinne by die gesinsorgorganisasies wat by hierdie studie betrek is, beskikbaar is, beperk is. Daar word hoofsaaklik opvoedkundige dienste aan ouers, sowel as jeugdige, gelewer. Deurlopende gesinsondersteuningsdienste, soos speelgroepe en ouer-en-baba kleutergroepe wat ouers in staat moet stel om hulle informele netwerke ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsondersteuning uit te brei, is ook beperk. Ontwikkelingsgerigte gesinsondersteuningsdienste, soos tuisbesoekprogramme word slegs deur enkele organisasies geïmplementeer.

Ten opsigte van die implementering van voorkomende dienste ooreenkomstig beleidsdokumente is respondente in hierdie ondersoekgroep en fokusgroeplede van mening dat die klem in dienslewering steeds sterker gerig is op statutêre as op voorkomende dienste. Struikelblokke by die lewering van voorkomende dienste blyk hoofsaaklik verband te hou met die gebrek aan fondse in organisasies om meer personeel aan te stel, asook projekte in stand te hou. Die opvatting van beide respondente en fokusgroeplede ten opsigte van voorkomende dienslewering blyk ook te wees dat maatskaplike werkers die terapeutiese dienste kan lewer, maar dat ander personeel soos maatskaplike werkers, hulpwerkers en gemeenskapsontwikkelaars aangestel behoort te word om die voorkomende dienste te ontwikkel en te lewer. Die ideale omstandighede waarin hierdie ondersoekgroep gesinsinstandhoudingsdienste sou wou lewer, het gekorreleer met die struikelblokke wat bestaan om ontwikkelingsgerig te werk. Die gevolgtrekkings en aanbevelings waartoe gekom is, word in die volgende hoofstuk uiteengesit.

HOOFSTUK 9

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

9.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie was daarop gerig om teoretiese en praktiese riglyne vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste aan gesinsorgorganisasies daar te stel. Hierdie riglyne kan as 'n basis vir dienslewering aan hoërisiko-gesinne dien ooreenkomstig die uitgangspunte vir gesinsinstandhoudingsdienste soos in beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a; Ministry for Welfare and Population Development, 1997:62) omskryf.

Hierdie doel is bereik omdat die volgende doelwitte wat vir die studie gestel was, bereik is:

- In hoofstuk 2 is die risiko-faktore in gemeenskappe, gesinne en individue vanuit 'n ekologiese perspektief binne die Suid-Afrikaanse omstandighede ontleed;
- In hoofstuk 3 tot 6 is die aard van maatskaplikewerk-intervensie ooreenkomstig die verskillende tipes gesinsinstandhoudingsdienste (gesinsondersteuningsdienste, gesinsgesentreerde en intensiewe krisisdienste) vir hoërisiko-gesinne uiteengesit en die toepaslikheid daarvan krities ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse situasie, geëvalueer. Riglyne vir geïntegreerde gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne is geïdentifiseer;
- In hoofstuk 7 is die stand van gesinsgesentreerde dienste wat aan hoërisiko-gesinne by die drie gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing gelewer word, ondersoek;
- In hoofstuk 8 is die stand van gesinsondersteuningsdienste wat deur welsynsorganisasies in die Wes-Kaapse Metropool en omgewing aan hoërisiko-gesinne gelewer word, geïdentifiseer. Die perspektief van maatskaplike werkers op die strukturele probleme wat ondervind word met die implementering van beleidsdokumente, is ook beskryf en geanaliseer.

9.2 GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings waartoe gekom is, word ooreenkomstig die hooftemas van die ondersoek aangebied. Hierdie temas is:

- Die profiel en die werkslading van die maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing;
- Die risiko-faktore vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in gemeenskappe, gesinne en individue by gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is;
- Die stand (aard) van gesinsgesentreerde en gesinsondersteuningsdienste wat aan hoërisiko-gesinne gelewer word;
- Die perspektief van maatskaplike werkers op die stand van gesinsinstandhoudingsdienste en die strukturele probleme wat bestaan by die implementering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste, ooreenkomstig beleidsdokumente.

9.2.1 Profiel van maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing

Daar is gevind dat die meeste respondente tussen 23 en 29 jaar oud is. Die meeste respondente het vanweë hulle ouderdom tussen een en vier jaar ondervinding en is ook tussen een en vier jaar in die diens van 'n gesinsorgorganisasie.

Die **kwalifikasie** waaroor net minder as die helfte van die respondente beskik is 'n B.A. Maatskaplike Werk graadkwalifikasie.

Ten opsigte van die **werkslading** is die gemiddelde gevallelading per werker 126, terwyl die gemiddelde aantal groepe per respondent wat gevalle- groep- en gemeenskapswerkdienste lewer, 1,5 groepe is. Die gemiddelde aantal gemeenskapswerkprojekte wat deur hierdie maatskaplike werkers hanteer word, is ongeveer twee projekte.

9.2.2 Risiko-faktore in gemeenskappe, gesinne en by individue vir kindermishandeling en -verwaarlosing

Die gevolgtrekkings oor die risiko-faktore wat in gemeenskappe, gesinne en individue vir kindermishandeling en -verwaarlosing bestaan, word vervolgens afsonderlike aangebied.

9.2.2.1 Risiko-faktore in gemeenskappe

Die risiko-faktore vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing wat deur respondente geïdentifiseer is (in volgorde van meeste na minste), is:

- strukturele faktore soos armoede, werkloosheid en lae opvoedkundige vlak van gemeenskapslede;

- vroeë skoolverlating;
- geweld soos gewelddadige misdaad, jeugmisdad en bendegegeweld;
- onvoldoende mediese sorg van kinders, en
- gebrekkige formele bronne en dienste in die gemeenskap.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die gebrek aan bronne en dienste in gemeenskappe deur die minste respondente as 'n risiko-faktor uitgelig is, op onsekerheid dui by maatskaplike werkers oor die invloed van hierdie risiko-faktore op die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing. Dit dui ook op onkunde oor wat die invloed van gebrekkige bronne en dienste op die lewering van effektiewe gesinsinstandhoudingsdienste het.

9.2.2.2 Risiko-faktore in gesinne

Die risiko-faktore vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in gesinne, wat deur respondente aangedui is (in volgorde van meeste na minste), is:

- finansiële stres (onvermoë om finansiële verpligtinge na te kom);
- enkelouerskap vanweë die skeiding van 'n eglid, saamleefmaat, of deur die dood van 'n eglid of 'n saamleefmaat;
- huishoudelike geweld;
- demografiese faktore soos gesinne met drie of meer kinders, en
- gebrekkige betrokkenheid van gesinslede by informele en semi-formele netwerke.

Heelwat meer as 'n kwart van die respondente het die gebrekkige betrokkenheid van gesinslede by informele en semi-formele netwerke nie as 'n risiko-faktor beskou nie, wat tot die gevolgtrekking lei dat daar onsekerheid bestaan oor die verband tussen 'n gebrek aan sosiale netwerke en 'n verhoogde risiko vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing. Hierdie onsekerheid kan tot gevolg hê dat toepaslike bronne nie benut of geskep word om die risiko van kindermishandeling en -verwaarlosing by gesinne op gevalleladings te beperk nie.

9.2.2.3 Risiko-faktore by individue

Die risiko-faktore vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing by **individue** wat deur respondente geïdentifiseer is (in volgorde van meeste na minste), is:

- gebrekkige ouerskapsvaardighede;

- middelmisbruik;
- faktore by moeders soos beperkte betrokkenheid by die kinders, en
- faktore by kinders, soos 'n moeilike geaardheid, 'n lae verbale intelligensie, en gestremdheid.

9.2.3 Voorkoms van verskillende vorms van kindermishandeling en -verwaarlosing

Fisieke en emosionele verwaarlosing is die vorm van kindermishandeling en -verwaarlosing wat die hoogste voorkoms het by gesinsorgorganisasies wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het. Dit word gevolg deur emosionele mishandeling, fisieke mishandeling, seksuele mishandeling en eksploitering. Die gevolgtrekking word gemaak dat daar 'n beduidende verband bestaan tussen die teenwoordigheid van strukturele faktore, soos armoede en werkloosheid in gemeenskappe en die voorkoms van fisieke en emosionele verwaarlosing.

9.2.4 Redes vir verwydering van kinders

Die redes vir die verwydering van kinders uit hulle gesinne hou verband met die voorkoms van die verskillende vorms van mishandeling. Kinders word hoofsaaklik verwyder vanweë die voorkoms van verwaarlosing soos fisieke en emosionele verwaarlosing, asook onvoldoende bestaansmiddele. Albei redes hou verband met die voorkoms van armoede. Die gevolgtrekking word gemaak dat die voorkoms van armoede dus 'n rol speel by die redes waarom kinders deur maatskaplike werkers by die gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaapse Metropol en omgewing wat by hierdie studie betrek is, uit hulle gesinne verwyder word.

Verdere redes vir die verwydering van kinders wat deur respondente geïdentifiseer is (in volgorde van meeste na minste), is kindermishandeling soos fisieke, emosionele en seksuele mishandeling, alkohol- en dwelmafhanglikheid van ouers, ontoereikende ouerskapsvaardighede, kinderverlating en gedragsmoeilike kinders.

9.2.5 Aard en omvang van gesinsinstandhoudingsdienste wat gelewer word

In hierdie afdeling word gevolgtrekkings gemaak oor die aard (stand) van gesinsinstandhoudingsdienste wat deur maatskaplike werkers by die gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, gelewer is.

9.2.5.1 Omskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste

Die gevolgtrekking word gemaak dat onsekerheid bestaan oor wat die term gesinsinstandhoudingsdienste beteken. Slegs meer as die helfte van die respondente het in

hulle omskrywing van die term “gesinsinstandhoudingsdienste” dit in verband gebring met die instandhouding van gesinne en die beperking van die verwydering van kinders uit hulle gesinne. Die minderheid van die respondente kon die aard van dienslewering of die tipes dienste wat gelewer behoort te word, soos dat die vaardighede van gesinne ontwikkel moet word, asook dat gesinne bemagtig moet word om by bronne in te skakel, in verband bring met wat die term gesinsinstandhoudingsdienste vir hulle beteken.

9.2.5.2 Aard en omvang van intensiewe of gesinsgesentreerde dienslewering

Intensiewe of gesinsgesentreerde dienste behels dat konkrete, opvoedkundige en instaatstellende dienste, asook terapeutiese dienste gelewer behoort te word.

Beperkte **konkrete dienste** word deur maatskaplike werkers by die drie gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, gelewer, om die verwydering van kinders te voorkom. Konkrete dienste word eerder selde of nooit, as altyd en dikwels gelewer. Alhoewel ’n gebrek aan tyd die lewering van konkrete dienste beïnvloed, bestaan daar ook onkunde oor die belangrikheid van konkrete dienslewering om die verwydering van kinders te voorkom.

Ten opsigte van **opvoedkundige en instaatstellende dienste** konsentreer maatskaplike werkers verbonde aan gesinsorgorganisasies wat aan hierdie studie deelgeneem het, sterker op die ontwikkeling van lewensvaardighede soos probleemoplossingsvaardighede, konflikthanteringsvaardighede, ouerskapsvaardighede, kommunikasievaardighede en finansiële beplanningsvaardighede, as wat hulle gesinslede inskakel by informele en formele bronne soos speelgroepe, dagversorging en weeklikse ondersteuningsgroepe. Daar word dus nie aanvullende ondersteuning aan gesinne gebied nie, wat beteken dat die informele en semi-formele netwerke van hoërisiko-gesinne, ooreenkomstig die doel van gesinsondersteuning, nie uitgebrei word nie.

Ten opsigte van **terapeutiese dienste** word korttermyn gesinsgesentreerde dienste, soos krisisingryping, die gereeldste gelewer, wat ook toegeskryf kan word aan die feit dat die gevalleladings hoog is. Die langertermyn gesinsgesentreerde diens wat die gereeldste gelewer word, is middelmisbruikberading wat opgevolg word met gesinsberading. Berading ten opsigte van huishoudelike geweld en huweliksberading word minder gereeld gelewer as middelmisbruikberading en gesinsberaad.

Samevattend word daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie ’n balans bestaan tussen die lewering van konkrete, opvoedkundige en terapeutiese dienste nie.

9.2.5.3 Aard en omvang van gesinsondersteuningsdienste

Die gevolgtrekkings waartoe gekom word ten opsigte van die aard en omvang (stand) van die gesinsondersteuningsdienste wat gelewer word, word vervolgens uiteengesit.

(a) Belangrikste behoeftes van hoërisiko-gesinne

Die belangrikste behoeftes van die hoërisiko-gesinne in die gemeenskappe waar maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies dienste lewer is hoofsaaklik op die **makro-vlak** van die ekologiese perspektief geleë. Werkloosheid, gebrekkige werkseleenthede en geen werkskeppingsprojekte, is deur die meerderheid van die respondente as belangrike behoeftes uitgelig, sowel as behuising. Al hierdie behoeftes is strukturele behoeftes wat in gemeenskappe bestaan en gesinsinstandhoudingsdienste kan nie beskou word as die oplossing vir hierdie behoeftes nie.

Die behoeftes wat gesinne op die **meso-vlak** van die ekosisteem ervaar, is hoofsaaklik 'n gebrek aan finansies om die nodige lewensmiddele soos kos en klere, te bekom, wat korreleer met die voorkoms van werkloosheid en gepaardgaande armoede op die makro-vlak van die menslike ekosisteem. Die behoeftes van gesinne in hierdie studie blyk dus konkreet te wees, aangesien kinders ook meestal verwyder word vanweë fisieke en emosionele verwaarlosing en 'n gebrek aan bestaansmiddele. Die gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, is nie in staat om gesinne te ondersteun wat betref konkrete dienslewering soos finansiële hulp nie, aangesien dit een van die konkrete dienste is wat selde of nooit gelewer word. Gesinne word dus nie bygestaan ten opsigte van hierdie konkrete behoeftes nie, wat beteken dat maatskaplike werkers nie die geleentheid om sterk verhoudings met gesinne te vestig, benut nie, vanweë die gebrek aan konkrete dienslewering. Hierdie situasie kan lei tot swakker samewerking van gesinne.

Behoeftes wat deur **individue** op die mikro-vlak van die menslike ekosisteem ondervind word, is veral gebrekkige ouerskapsvaardighede, wat ook deur die meeste respondente as 'n risiko-faktor vir die verwydering van kinders uitgelig is. Die hantering van gebrekkige ouerskapsvaardighede is wel 'n aspek wat deur maatskaplike werkers in hulle werkverrigting aangespreek kan word en word gereflekteer in hulle voorkomende dienste.

(b) Besikbaarheid van ondersteuningsdienste vir hoërisiko-gesinne

Die meeste van die respondente het nie die afdeling voltooi oor die beskikbaarheid van verskillende ondersteuningsdienste in die gemeenskap nie, wat daarop dui dat daar onsekerheid bestaan oor watter hulpbronne in die gemeenskap aan hoërisiko-gesinne

beskikbaar is. Dit beteken dat indien hierdie hulpbronne wel beskikbaar is, hulle ook nie benut sal word nie. Hierdie gevolgtrekking bevestig ook 'n vorige gevolgtrekking, naamlik dat daar onkunde by maatskaplike werkers bestaan oor die belangrikheid van die benutting van informele en formele hulpbronne vir die bevordering van gesinsinstandhouding.

Die ondersteuningsdienste wat deur die meeste organisasies vir hoërisiko-gesinne aangebied word is **lewensvaardigheidsprogramme vir skoolgaande kinders en ouerleidings- of opvoedingsgroepe vir ouers**. Ouerleidings- en opvoedingsgroepe en lewensvaardigheidsprogramme om die behoeftes van hoërisiko-gesinne aan te spreek blyk nie voldoende te wees nie. Die lewering van voorkomende dienste word gestrem deur 'n tekort aan personeel, asook omdat daar van dieselfde maatskaplike werker verwag word om gevalle- en gemeenskapswerkdienste te lewer. Lae subsidies verhoed dat organisasies ander personeel soos hulpwerkers en gemeenskapontwikkelaars kan aanstel, wat ook die lewering van voorkomende dienste beïnvloed.

Ondersteuningsgroepe vir vroue wat huishoudelike geweld ervaar word deur meer as die helfte van die ondersoekgroep nie aangebied nie, wat beteken dat daar 'n gebrek is aan beskermde gesinsondersteuningsdienste.

Voorskoolse versorging en dagversorgingsdienste word deur ongeveer 'n sesde van die instansies aangebied. Daar is dus 'n gebrek aan vergoedende of kompenserende ondersteuningsdienste by die drie organisasies wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het. Ten opsigte van bekostigbare vorms van versorging, soos **speelgroepe en moeder-en-baba kleutergroepe**, wat op 'n deurlopende basis aangebied kan word, is dit ook by die meeste respondente se instansies nie 'n opsie vir hoërisiko-gesinne nie.

Tuisbesoekdienste, waardeur konkrete dienste aan gesinne deur vrywilligers gelewer kan word, en die werkslading van die maatskaplike werker kan verlig, word ook deur 'n baie beperkte aantal organisasies aangebied. Alhoewel hierdie tipe diens wel aan die behoeftes van hoërisiko-gesinne kan voldoen, blyk daar sekere hindernisse te wees, soos die gebrek aan tyd om die diens te inisieer en in stand te hou, en geskikte vrywilligers te werf.

Met betrekking tot ander programme wat deur die organisasie aangebied word, het amper 'n vyfde van die organisasies wel die “**Isolabantwana**” – “**Eye on the child**”-program vir hoërisiko-gesinne wat spesifiek op kinderbeskerming gemik is.

Geen programme is aangedui wat spesifiek vir **mans** beskikbaar is nie. Mans word dus nie betrek by programme en verantwoordelik gehou vir die versorging van hulle kinders, om sodoende die strewe na geslagsgelykheid te bevorder nie.

Met betrekking tot programme vir enige gesin in die gemeenskap, of **oop-toegangsprogramme** is vakansie aktiwiteite vir kinders die program wat deur die meeste organisasies aangebied word. Naskoolse klubs en volwasse opvoeding word ook deur 'n beperkte aantal organisasies aangebied. Dit beteken dat die drie organisasies wat aan hierdie studie deelgeneem het nie op 'n gereelde basis oop-toegangsprojekte aanbied nie.

Samevattend word daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n wye verskeidenheid ondersteuningsdienste vir hoërisiko-gesinne wat ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsondersteuning in die gemeenskap gebaseer is, en op 'n deurlopende basis ondersteuning aan gesinne bied, by die gesinsorgorganisasies wat by hierdie ondersoek betrek is, bestaan nie. Daar is ook 'n gebrek aan dienste waar ouers kontak kan maak met ander gesinne om hulle informele ondersteuningsnetwerke uit te brei, ooreenkomstig die doel van gesinsondersteuning.

(c) Gereeldheid van diens

Lewensvaardigheidsprogramme vir skoolgaande kinders en ouerleidings- en opvoedings-groepe is die dienste wat die gereeldste vir hoërisiko-gesinne aangebied word. Dit beteken dat die beskikbaarheid van 'n wye verskeidenheid deurlopende gesinsondersteuningsdienste vir hoërisiko-gesinne by die gesinsorgorganisasies wat aan hierdie studie deelgeneem het, beperk is. Dienste is dus nie ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsondersteuning as 'n bron in die gemeenskap vir hoërisiko-gesinne beskikbaar nie.

(d) Personeel wat benut word by die aanbieding van ondersteuningsdienste

Daar word hoofsaaklik van vrywilligers in samewerking met maatskaplike werkers gebruik gemaak by die aanbieding van ondersteuningsdienste, wat beteken dat die menslike kapitaal ooreenkomstig die ontwikkelingsperspektief wel ontwikkel word. Wanneer kinderversorgers gebruik word, word hulle veral betrek by die versorging van voorskoolse kinders, speelgroepe en ouer-en-baba kleutergroepe. Die feit dat daar hoofsaaklik van vrywilligers gebruik gemaak word, kan ook toegeskryf word aan die feit dat organisasies vanweë die finansiële implikasies nie die salarisse van bykomende personeel kan bekostig nie.

9.2.6 Perspektief op ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste

Die gevolgtrekkings oor die respondente se perspektief op die struikelblokke by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste en die onderskeie vlakke waarop dienste gelewer word, word vervolgens uiteengesit.

9.2.6.1 Struikelblokke by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste

Struikelblokke by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste, is 'n tekort aan maatskaplike werkers, asook 'n tekort aan fondse om projekte te inisieer en in stand te hou. Gebrekkige bronne, soos voertuie, by die organisasie en in die gemeenskap is ook as 'n belangrike struikelblok uitgelig. Maatskaplike werkers het egter aangedui dat hulle nie onseker is oor wat ontwikkelingsgerigte dienslewering behels nie en dat dit nie 'n struikelblok is nie.

9.2.7 Perspektief op beleidsdokumente

Ten opsigte van die maatskaplike werkers se perspektief op beleidsdokumente is gevolgtrekkings gemaak oor die lewering van voorkomende dienste.

9.2.7.1 Vlakke waarop dienste gelewer word

Meer as die helfte van die maatskaplike werkers het aangedui dat die klem van dienslewering steeds die sterkste gerig is op statutêre dienslewering, daarna op vroeë intervensiedienste en laastens op voorkomende dienste. Dienste word dus in omgekeerde prioriteitsorde gelewer as wat beleidsdokumente (Ministry for Welfare and Population Development, 1997; Department of Social Development, 2006a:29) voorstel. Die gewenste paradigmaterskuiwing na voorkomende dienste ooreenkomstig 'n ontwikkelingsgerigte uitgangspunt het dus nog nie by hierdie gesinsorgorganisasies doelgerig plaasgevind nie.

9.2.7.2 Voorbeelde van voorkomende dienste

Met betrekking tot die bied van voorbeelde van 'n voorkomende diens wat volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a) op die eerste vlak van dienslewering gelewer behoort te word, het 55% van die respondente nie 'n voorbeeld verskaf nie, of 'n foutvoorbeeld verskaf. Die feit dat die respondente aangedui het dat hulle nie onseker is oor wat ontwikkelingsgerigte dienslewering behels nie, word dus bevraagteken, aangesien daar tot die gevolgtrekking gekom word dat hulle wel onseker is oor voorbeelde van ontwikkelingsgerigte dienste. Hierdie situasie kan deels die rede wees vir die feit dat beperkte voorkomende of ondersteuningsdienste aan hoërisiko-gesinne beskikbaar is.

Ouerleiding is as 'n voorkomende diens deur die meeste ander respondente genoem, en stem dus ooreen met 'n vorige gevolgtrekking, naamlik dat dit die diens is wat hoofsaaklik deur gesinsorgorganisasies aan hoërisiko-gesinne gelewer word.

9.2.7.3 Voorbeelde van vroeë intervensiedienste

Ten opsigte van die vroeë intervensiedienste wat volgens die Geïntegreerde Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste (2006a) op die tweede vlak van dienslewering gelewer behoort te word, het meer as die helfte van die maatskaplike werkers ook nie 'n voorbeeld verskaf nie. Die meeste maatskaplike werkers wat voorbeelde gegee het, het die ontwikkeling van lewensvaardighede, soos ouerleidingsgroepe, as 'n vroeë intervensiediens aangedui, wat 'n toepaslike voorbeeld van 'n opvoedkundige of instaatstellende vroeë intervensiediens is. Respondente is dus ook onseker oor wat vroeë intervensiedienste is, wat ook korreleer met 'n vorige gevolgtrekking, naamlik dat onsekerheid bestaan oor wat die term gesinsinstandhoudingsdienste beteken.

9.2.7.4 Mening oor uitvoerbaarheid van dienslewering wat gerig is op voorkomende dienste

Maatskaplike werkers was oorwegend van mening dat die vereiste in beleidsdokumente dat dienslewering hoofsaaklik gerig behoort te wees op voorkomende dienste nie uitvoerbaar is nie. Redes wat aangevoer is waarom die beleid nie uitvoerbaar is nie, is dat die beperkte bronne vir hoërisiko-gesinne in gemeenskappe, die lewering van voorkomende dienste beïnvloed. Waar bronne wel beskikbaar is, blyk dit finansiële implikasies vir hoërisiko-gesinne in te hou, wat die bron buite die bereik van hierdie gesinne plaas.

Hoë werkladings van maatskaplike werkers is 'n verdere aspek wat voorkomende dienslewering ernstig strem. Wisseling van maatskaplike werkers, asook die feit dat gevalle en gemeenskapswerkdienste deur dieselfde werker gelewer word, beïnvloed ook voorkomende dienslewering.

Swak samewerking van kliënte en onvoldoende tyd om kliënte by ander dienste in te skakel is as 'n verdere rede aangevoer waarom voorkomende dienste nie gelewer kan word nie.

'n Ander rede wat die uitvoering van beleid beïnvloed is die gebrek aan fondse in die organisasie om programme te inisieer en in stand te hou. Dienslewering word dus nie uitgebrei nie vanweë die gebrek aan fondse. Voorkomende dienslewering kry ook nie aandag nie omdat die hantering van krisisse, statutêre werk en terapeutiese dienste prioriteit geniet.

9.2.7.5 Wyses waarop meer voorkomend gewerk kan word

Ten opsigte van hoe daar meer voorkomend te werk gegaan kan word, het die voorstelle ooreengestem met die redes waarom daar nie voorkomend te werk gegaan kan word nie, soos dat statutêre werk die tyd wat beskikbaar is vir voorkomende dienslewering, beïnvloed. 'n Verdere voorstel was die feit dat gemeenskapsontwikkelaars aangestel behoort te word om voorkomende dienste te lewer en dat bestaande maatskaplike werkers slegs behoort te konsentreer op terapeutiese of statutêre dienste.

'n Ander aspek wat na vore gekom het, is die feit dat salarisse van maatskaplike werkers by nie-regeringsorganisasies ten volle deur die staat gesubsidieer moet word, om sodoende die wisseling van maatskaplike werkers te beperk en die ervaring van maatskaplike werkers in die nie-regeringsorganisasies te behou.

Sterker samewerking tussen staatsdepartemente onderling en die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en nie-regeringsorganisasies is 'n verdere aspek wat aandag behoort te kry om die lewering van voorkomende dienste te bevorder.

Die belangrikheid van die opbou van netwerke in gemeenskappe is ook geïdentifiseer as 'n aspek wat voorkomende dienste kan bevoordeel.

9.2.7.6 Beskikbaarheid van bronne

Ten opsigte van watter bronne daar vir hoërisiko-gesinne in gemeenskappe beskikbaar behoort te wees, is die perspektief sterker gerig op die feit dat meer terapeutiese, of gevallewerkdienste beskikbaar behoort te wees, as ondersteunende dienste, soos byvoorbeeld speelgroepe en ouer-en-baba kleutergroepe. 'n Vorige gevolgtrekking naamlik dat daar onkunde bestaan oor die belangrikheid van die inskakeling van hoërisiko-gesinne by ondersteuningsdienste in gemeenskappe word bevestig, asook dat onsekerheid bestaan oor watter tipes dienste as voorkomende en vroeë intervensiedienste beskou kan word.

Die feit dat daar nie gekonsentreer word op die gebrek aan ondersteuningsdienste in terme van die beskikbaarheid van hulpbronne nie, kan beteken dat selfs al word ander personeel aangestel vir voorkomende dienslewering, maatskaplike werkers nie noodwendig leiding aan hierdie personeel sal kan bied ten opsigte van watter projekte of programme ontwikkel behoort te word nie, aangesien daar onkunde in hierdie verband bestaan.

9.2.7.7 Ideale werksomstandighede vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste

Maatskaplike werkers se ideale omstandighede vir die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste, het hoofsaaklik gesentreer op aspekte wat verband hou met die organisasie self, omstandighede in die gemeenskap en by die kliëntsisteem. Ten opsigte van omstandighede in die organisasie het die meeste van die respondente aangedui dat gevalleladings laer moet wees, sodat meer intensiewe dienste gelewer kan word. Organisasies moet ook oor voldoende fondse beskik om projekte te inisieer en in stand te hou. Die opvatting dat afsonderlike maatskaplike werkers gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste moet lewer, is weer bevestig.

Met betrekking tot die ideale omstandighede in gemeenskappe was die gevoel dat daar meer hulpbronne beskikbaar behoort te wees, terwyl die ideale omstandighede ten opsigte van die kliëntsisteem gefokus het op die feit dat gesinne nie apaties moet wees nie en dienste moet benut.

9.3 AANBEVELINGS

Op grond van die voorafgaande gevolgtrekkings, word die volgende aanbevelings gemaak.

9.3.1 Risiko-faktore in gemeenskappe, in gesinne en by individue vir kindermishandeling en -verwaarlosing

Dit is belangrik dat maatskaplike werkers moet weet dat beperkte hulpbronne in gemeenskappe 'n belangrike risiko-faktor vir die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing in gemeenskappe is, asook dat ouers se gebrek aan betrokkenheid by informele en semi-formele netwerke in die gemeenskap, 'n verdere belangrike risiko-faktor vir kindermishandeling en -verwaarlosing is.

Indien maatskaplike werkers onkundig is oor die belangrikheid van informele en formele hulpbronne by die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste, kan 'n belangrike geleentheid om effektiewe gesinsinstandhoudingsdienste te lewer, verlore gaan.

9.3.2 Aard en omvang (stand) van gesinsinstandhoudingsdienste wat gelewer word

Aanbevelings oor die aard en omvang of die stand van gesinsinstandhoudingsdienste wat by die drie gesinsorgorganisasies wat by die ondersoek betrek is, word vervolgens gedoen.

9.3.2.1 Omskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste

Maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies behoort deeglike indiensopleiding te ontvang oor wat die term gesinsinstandhoudingsdienste behels. Daar behoort veral gekonsentreer te word op wat die doel van gesinsinstandhouding is, asook wat die aard en omvang van die verskillende tipes dienste is wat aan hoërisiko-gesinne gelewer behoort te word.

Organisasies behoort hulle diensplanne te ontwikkel volgens die verskillende tipes dienste wat ooreenkomstig die uitgangspunte van gesinsgesentreerde en gesinsondersteuningsdienste gelewer behoort te word, om te verseker dat dienslewering deurlopend gerig word op gesinsinstandhouding.

9.3.2.2 Aard en omvang van intensiewe of gesinsgesentreerde dienslewering

Ten opsigte van intensiewe of gesinsgesentreerde dienslewering, word die lewering van konkrete dienste en die uitbreiding van die sosiale netwerke van gesinne as belangrik beskou omdat dit die betrokkenheid van die gesin by dienslewering aanmoedig, asook die gesin in kontak bring met netwerke wat in die gemeenskap bestaan sodat sosiale isolasie verbreek word. Om hierdie redes behoort gesinsorgorganisasies 'n balans te vind tussen die lewering van konkrete dienste en terapeutiese dienste aangesien die lewering van konkrete dienste meer positiewe uitkomst het as terapeutiese dienste wanneer daar veral krisisgeoriënteerd gewerk word, soos wat in hierdie ondersoekgroep die geval is. Die wyses waarop konkrete dienste aan hoërisiko-gesinne gelewer kan word moet ondersoek en uitgebrei word, aangesien hierdie diens 'n belangrike manier is om verhoudings met gesinne te bou en samewerking te verkry.

Ten opsigte van opvoedkundige en instaatstellende dienste behoort daar sterker gekonsentreer te word op die inskakeling van gesinne by informele en formele hulpbronne in die gemeenskap ten einde aanvullende ondersteuning aan hulle te bied.

Alhoewel krisisingryping 'n belangrike diens is wat in terme van gesinsinstandhouding gelewer behoort te word, moet daar 'n balans gevind word tussen krisisingryping en die lewering van langer-termyn dienste, soos berading ten opsigte van huishoudelike geweld. Dit sal waarskynlik beteken dat gevalleladings verlaag moet word, wat nie noodwendig kan realiseer nie.

9.3.2.3 Aard en omvang van gesinsondersteuningsdienste

Gevolgtrekkings oor die aard en omvang, of die stand, van gesinsondersteuningsdienste vir hoërisiko-gesinne, word beskou in terme van die behoeftes van hoërisiko-gesinne, die beskikbaarheid van dienste en die gereeldheid van dienste.

(a) Behoeftes van hoërisiko-gesinne

Aangesien die behoeftes van gesinne in hierdie ondersoek, volgens die perspektief van die maatskaplike werkers, hoofsaaklik geleë is op die **makro-vlak** van die menslike ekosisteem behoort welsynsorganisasies sterker standpunt in te neem oor wat die aard van die dienste is wat gelewer kan word aan hoërisiko-gesinne, aangesien gesinsinstandhoudingsdienste nie strukturele probleme soos armoede en werkloosheid kan aanspreek nie. Nasionale programme behoort deur die Staat ontwikkel te word om die strukturele behoeftes soos armoede en werkloosheid aan te spreek.

Wyses waarop konkrete dienste gelewer kan word ten opsigte van die behoefte aan bestaansmiddele wat op die **meso-vlak** van die ekosisteem voorkom, behoort ondersoek te word, aangesien daar onkunde bestaan oor konkrete dienslewering, en dit op 'n beperkte vlak aangebied word.

Ten opsigte van die **mikro-vlak** van die menslike ekosisteem waar die gebrek aan ouerskapsvaardighede 'n belangrike behoefte is, behoort deurlopende oerleidings- en ondersteuningsgroepe aan ouers beskikbaar te wees. Eenmalige programme is nie voldoende nie, aangesien dit nie aan ouers die geleentheid bied om hulle informele en semi-formele netwerke uit te brei ooreenkomstig die doel van gesinsondersteuning nie.

(b) Beskikbaarheid van ondersteuningsdienste vir hoërisiko-gesinne

Maatskaplike werkers behoort bewus te wees van watter hulpbronne in die gemeenskap vir hoërisiko-gesinne beskikbaar is, sodat hulle ooreenkomstig die uitgangspunte van voorkomende of gesinsondersteuningsdienste kan bepaal watter bronne vir hoërisiko-gesinne benut kan word, om toepaslike intervensieplanne te ontwikkel. Gemeenskapsprofiële behoort benut te word en gereeld aangepas te word. Indien goeie kennis oor die hulpbronne wat in die gemeenskap vir gesinsinstandhouding benut kan word, bestaan, sal maatskaplike werkers ook in staat wees om te bepaal watter dienste of bronne as deel van voorkomende dienslewering deur die instansie geïnisieer behoort te word.

Die ontwikkeling van gesinsondersteuningsdienste of gemeenskapsbronne wat spesifiek die gesin ondersteun en as 'n hulpbron deur hoërisiko-gesinne benut kan word, is 'n belangrike taak van welsynsorganisasies by die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste. 'n Verdere belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word, is dat hierdie dienste bekostigbaar moet wees vir hoërisiko-gesinne om sodoende sosiale isolasie en -uitsluiting teen te werk. Aangesien beperkte ondersteuningsdienste vir hoërisiko-gesinne by die drie gesinsorg-

organisasies wat aan die ondersoek deelgeneem het vir hoërisiko-gesinne bestaan, behoort hulle sterker te konsentreer op die ontwikkeling en uitbreiding van ondersteuningsdienste wat deurlopend beskikbaar is aan die hoërisiko-gesinne. Dienste wat aangebied kan word, is speelgroepe, ouer-en-baba kleutergroepe, tuisbesoekprogramme en versorgingsfasiliteite vir kinders wanneer programme aangebied word. Hierdie dienste is voorbeelde van ontwikkelingsgerigte dienste, aangesien vrywilligers gewerf en opgelei kan word om hierdie dienste te lewer. Dit voldoen dus aan die uitgangspunte van ontwikkelingsgerigte beleid. Dit het terselfdertyd die voordeel dat sterker ondersteuning aan gesinne gebied word en gesinne ook ingeskakel word by semi-formele dienste in die organisasie wat bekostigbaar is.

Die ontwikkeling van tuisbesoekdienste deur vrywilligers te werf en op te lei behoort ondersoek te word, aangesien hierdie tipe diens die geleentheid bied om konkrete, opvoedkundige, sowel as instaatstellende dienste aan hoërisiko-gesinne te lewer. 'n Verdere voordeel is dat dit die werkslading van maatskaplike werkers kan verlig, en die gaping wat tans bestaan ten opsigte van gebrekkige konkrete dienslewering, kan oorbrug.

Programme vir mans behoort ontwikkel te word, waar spesifiek aandag gegee word aan buitenshuise en sportaktiwiteite en aktiwiteite waar vaardighede uitgebou word soos “doen dit self”-aktiwiteite, asook volwasse opvoeding. Geslagsgelykheid en die belangrikheid dat albei ouers verantwoordelik is vir die versorging en opvoeding van kinders kan op hierdie wyse bevorder word.

Kinder- en gesinsorgorganisasies behoort waar moontlik duidelike samewerkings-ooreenkomste met ander instansies in die gemeenskap aan te gaan wat dienste aan gesinne lewer om dienste te koördineer. Sodoende kan gesinne toegang verkry tot 'n wyer verskeidenheid bronne en dienste. Een van die belangrikste vennootskappe wat deur kinder- en gesinsorginstansies ondersoek behoort te word, is samewerking met instansies wat middelmisbruikberading bied, aangesien dit die terapeutiese diens is wat die meeste gelewer word naas krisisintervensie.

9.3.3 Perspektief op die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste

Struikelblokke wat geïdentifiseer is by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste, is nie binne die beheer van die organisasies of die maatskaplike werkers om aan te spreek nie, aangesien dit deel is van strukturele probleme, soos beperkte mannekrag en finansies. Daar kan dus slegs aanbeveel word dat die organisasies voortgaan

om waar moontlik hierdie strukturele struikelblokke onder die aandag van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling te bring.

9.3.4 Perspektief op die implementering van die bepalings van beleidsdokumente

Aanbevelings oor die implementering van bepalings in beleidsdokumente word gemaak na aanleiding van watter insette nodig word in hierdie verband.

9.3.4.1 *Benodig meer personeel*

Die implementering van bepalings van beleidsdokumente (Department of Social Development, 2006a) in terme van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerk-dienste met die klem op voorkomende dienste, sal vinniger geskied indien meer personeel beskikbaar is vir die lewering van veral voorkomende dienste, aangesien die klem in dienslewering steeds sterk geplaas word op statutêre dienste.

Die lewering van gesinsgesentreerde gevallewerkdienste (konkrete, opvoedkundige en terapeutiese dienste) behoort afsonderlik te geskied van die lewering van gemeenskapswerkdienste (voorkomende of gesinsondersteuningsdienste), wanneer gevalleladings hoog is. Die dringendheid van gesinne se behoeftes en probleme, blyk die ontwikkeling en inisiëring van voorkomende of ondersteuningsdienste ernstig te strem. Indien gevalleladings laer is, is dit wel moontlik om gevalle-, groep- en gemeenskapswerkdienste te lewer.

Maatskaplike werkers, kinderversorgers en gemeenskapsontwikkelaars sou benut kan word om voorkomende dienste te lewer, maar hierdie personeel behoort ten volle gesubsidieer te word, aangesien gesinsorgorganisasies nie oor die finansiële vermoëns beskik om hulle salarisse sonder finansiële ondersteuning van die Staat te bekostig nie.

9.3.4.2 *Finansiering van programme*

Nasionale programme wat staatgesubsidieer is en wat daarop gerig is om gesinsinstandhouding te bevorder, behoort ontwikkel te word. Hierdie tipe programme sou tuisbesoekprogramme, sowel as dagversorging kon insluit. Sulke maatreëls sou verseker dat daar ook sterker ontwikkelingsgerig gewerk word, aangesien gemeenskapslede opgelei en bemagtig word om selfvoorsienend te wees.

Die finansieringsbeleid vir NRO's behoort voorsiening te maak dat statutêre dienste 100% befonds word, sodat die fondse wat van donateurs bekom word vir die lewering van voorkomende dienste aangewend word. Sodoende kan daar ook voorsiening gemaak word vir

die salarisse van vrywilligers, sowel as vir die inisiëring en instandhouding van projekte, aangesien die gebrek aan fondse die implementering van voorkomende dienste strem.

9.3.4.3 Beperk wisseling van maatskaplike werkers

Die verskil in salarisse van die maatskaplike werkers in diens van die staat teenoor dié nie-regeringsorganisasies behoort dringend aandag te geniet, aangesien die wisseling van maatskaplike werkers vanweë hierdie salarisverskille kontinuïteit in dienslewering beïnvloed. Kundigheid by nie-regeringsorganisasies word ook verloor en druk word op bestaande werkers geplaas vanweë die omset in personeel.

9.3.4.4 Kennis oor die aard van voorkomende en vroeë intervensiedienste

Maatskaplike werkers behoort meer kennis in te win van die belangrikheid dat hoërisiko-gesinne ingeskakel word by hulpbronne in die organisasie en gemeenskap, aangesien hulle in terme van hulpbronne wat benodig word, leemtes in terme van terapeutiese dienste identifiseer, eerder as basiese gesinsondersteuningsdienste, soos kinderversorgingsfasiliteite, speelgroepe, of moeder-en-baba kleutergroepe.

Gesinsorgorganisasies en maatskaplike werkers behoort hulself te vergewis van watter tipe dienste as voorkomende en vroeë intervensiedienste in terme van gesinsinstandhoudingsdienste gelewer behoort te word, aangesien onsekerheid in hierdie verband die ontwikkeling en implementering van toepaslike ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste beïnvloed. Indiensopleiding behoort gedoen te word, terwyl daar ook duideliker riglyne deur die Staat in hierdie verband benodig word. Indien hierdie onsekerheid oor wat die aard van voorkomende en vroeë intervensiedienste behels voortbestaan, sou selfs meer personeel nie noodwendig beteken dat toepaslike gesinsinstandhoudingsdienste ontwikkel word nie, aangesien die gebrekkige kennis of onsekerheid die ontwikkeling van dienste sal kortwiek.

9.3.4.5 Verdere navorsing met betrekking tot die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne

Verdere navorsing oor wat maatskaplike werkers as hulle rol en taak beskou ten opsigte van die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste behoort onderneem te word. Dit is belangrik dat ondersoek ingestel word na die perspektief van gesinne op die gesinsinstandhoudingsdienste wat ontvang word. Die behoeftes van gesinne in terme van die bronne wat na hulle mening benodig word, behoort ook nagevors te word.

BIBLIOGRAFIE

- Albarracin, D., Repett, M. & Albarracin, M. 1997. Social support in child abuse and neglect: Support functions, sources, and contexts. **Child Abuse and Neglect**, 21(7):607-615.
- Amoateng, A.Y. & Richter, L.M. 2007. Social and economic context of families and households in South Africa. **In: Amoateng, A.Y. & Heaton, T.B. (eds) Families and households in post-apartheid South Africa: Socio-demographic perspectives.** Cape Town: HSRC Press.
- Amoateng, A.Y., Heaton T.B. & Kalulu-Sabiti, I. 2007. Social and economic context of families and households in South Africa. **In: Amoateng, A.Y. & Heaton, T.B. (eds) Families and households in post-apartheid South Africa: Socio-demographic perspectives.** Cape Town: HSRC Press: 43-60.
- Anderson, S.C. 1995. Education for family-centered practice. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 76(3):173-181.
- Armstrong, C. & Hill, M. 2001. Support services for vulnerable families with young children. **Child and Family Social Work**, 6(4):351-358.
- Bak, M. 2004. Can developmental social welfare change an unfair world?: The South African experience. **International Social Work**, 47(1):81-94.
- Ballew, J.R. 1985. Role of natural helpers in preventing child abuse and neglect. **Social Work**, 30(1):37-41.
- Barnes, H., Wright, G., Noble, M. & Dawes, A. 2007. **The South African index for multiple deprivation for children: Census 2001.** Cape Town: HSRC Press.
- Batchelor, J., Gould, N. & Wright, J. 1999. Family centres: A focus for the children in need debate. **Child and Family Social Work**, 4(3):197-208.
- Bell, M. 2005. Community-based parenting programmes: an exploration of the interplay between environmental and organizational factors in a Webster Stratton project. **British Journal of Social Work**, 37(1):55-72.
- Bernstein, A.J. 1995. Redefining social work's emphasis on the "social": The path to development. **International Social Work**, 38(1):53-67.

Berry, M. 1997. **The family at risk. Issues and trends in family preservation services.** Columbia: South Carolina Press.

Berry, M., Cash, S.J. & Brook, J.P. 2000. Intensive family preservation services: An examination of critical service components. **Child and Family Social Work**, 5(3):191-203.

Black, T., Trocme, N., Fallon, B. & MacLauren, B. 2008. The Canadian child welfare system response to exposure to domestic violence investigations. **Child Abuse and Neglect**, 32(3):393-404.

Boden, J.M., Horwood, L.J. & Ferguson, D.M. 2007. Exposure to childhood sexual and physical abuse and subsequent educational achievement outcomes. **Child Abuse and Neglect**, 31(10):1101-1114.

Bornstein, B.H., Kaplan, D.L. & Perry, A.R. 2007. Child abuse in the eyes of the beholder: Lay perceptions of child sexual and physical abuse. **Child Abuse and Neglect**, 31(4):375-391.

Bronfenbrenner, U. 1977. Toward an experimental ecology of human development. **American Psychologist**, 32(7):513-531.

Brown, J., Cohen, P., Johnson, J.G. & Salzinger, S. 1998. A longitudinal analysis of risk factors for child maltreatment: Findings of a 17-year prospective study of officially recorded and self-reported child abuse and neglect. **Child Abuse and Neglect**, 22(11):1065-1078.

Brown, M. & Neku, R.J. 2005. A historical review of the South African social welfare system and social work practitioners' views on its current status. **International Social Work**, 48(3):301-312.

Browne, K., Falshaw, L. & Dixon, L. 2002. Treating domestic violent offenders. In: Browne, K., Hanks, H., Stratton, P. & Hamilton, C. (eds) **Early prediction and prevention of child abuse: A handbook.** Chichester: John Wiley & Sons, Ltd: 317-336.

Buckley, H., Holt, S. & Whelan, S. 2007. Listen to me! Children's experiences of domestic violence. **Child Abuse Review**, 16(5):269-310.

Burke, J., Chandy, J., Dannerbeck, A. & Watt, J. 1998. The parental environment cluster model of child neglect: An integrative conceptual model. **Child Welfare**, LXXVII(4):389-405.

- Campbell, L. 1998. Translating intensive family preservation services across national boundaries: an Australian experience. **Child Welfare**, LXXVII(1):79-93.
- Cannan, C. 1992. **Changing families changing welfare**. Hertfordshire, Harvester: Wheatsleaf.
- Cannan, C. 1997. Social development with children and families in France. **In**: Cannan, C. & Warren, C. (eds) **Social action with children and families: A community development approach to children and families**. London: Routledge: 85-102.
- Cannan, C. & Warren, C. 1997. Introduction. **In**: Cannan, C. & Warren, C. (eds) **Social action with children and families: A community development approach to children and families**. London: Routledge: 1-19.
- Casale, D. & Desmond, C. 2007. The economic well-being of the family: Households' access to resources in South Africa, 1995-2003. **In**: Amoateng, A.Y. & Heaton, T.B. (eds) **Families and households in post-apartheid South Africa: Socio-demographic perspectives**. Cape Town: HSRC Press: 61-88.
- Cash, S.J. 2001. Family preservation services: The Casey Family - a chronology. **Journal of Family Social Work**, 6(2):43-54.
- Cash, S.J. & Berry, M. 2003. The impact of family preservation services on child and family well-being. **Journal of Social Service Research**, 29(3):1-26.
- Chaffin, M. 2004. Is it time to rethink healthy start/healthy families? **Child Abuse and Neglect**, 28(6):589-595.
- Chaffin, M., Bonner, B.L. & Hill, R.F. 2001. Family preservation and family support programs: Child maltreatment outcomes across client risk levels and program types. **Child Abuse and Neglect**, 25(10):1269-1289.
- Chaffin, M., Kelleher, K. & Hollenberg, J. 1996. Onset of physical abuse and neglect: Psychiatric, substance abuse, and social risk factors from prospective community data. **Child Abuse and Neglect**, 20(3):191-203.
- Cochran, M. 1991. Personal social networks as a focus of support. **Prevention in Human Services**, 9(1):45-67.

- Cole, E.S. 1995. Becoming family centered: Child welfare's challenge. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 95(3):163-172.
- Comer, E.W. & Fraser, M.W. 1998. Evaluation of six family-support programs: Are they effective? **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 79(2):134-148.
- Connell, C.M., Bergeron, N., Katz, K.H., Saunders, L. & Tebes, J.K. 2007. Re-referral to child protective services: The influence of child, family, and case characteristics on risk status. **Child Abuse and Neglect**, 31(5):573-588.
- Coulton, C.J. 1996. Poverty, work, and community: A research agenda for an era of diminishing federal responsibility. **Social Work**, 41(5):509-519.
- Coulton, C.J., Korbin, J.E. & Su, M. 1999. Neighbourhoods and child maltreatment: a multilevel study. **Child Abuse and Neglect**, 23(11):1019-1039.
- Cutrona, C.E. 2000. Social support principles for strengthening families: Messages from the USA. **In:** Canavan, J., Dolan, P. & Pinkerton, J. (reds) **Family support direction from diversity**. London: Jessica Kingsley Publishers: 103-122.
- Daniel, B. & Taylor, J. 2005: Do they care? The role of fathers in cases of child neglect. **In: Child Neglect: Practice Issues for Health and Social Care**. London: Jessica Kingsley Publishers, (p.263-278).
- Daro, D. 2002. Educating and changing parents: Strengthening the primary safety net for children. **In:** Browne, K.D., Hanks, H., Stratton, P. & Hamilton, C. (reds) **Early prediction and prevention of child abuse: A handbook**. Chichester: John Wiley & Sons, Ltd.
- Dawson, K. & Berry, M. 2002. Engaging families in child welfare services: An evidence-base approach to best practice. **Child Welfare**, LXXXI(2): 293-312.
- De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. **Research at grass roots** (2nd ed). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Department of Social Development 2004a. **Final Draft National Policy for Families**. Pretoria.
- Department of Social Development 2004b. **Draft Service Delivery Model for Developmental Social Services**. Pretoria.

Department of Social Development 2004c. **Discussion document. Policy on the Financial awards to service providers.** Pretoria.

Department of Social Development 2005. **National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.** Pretoria.

Department of Social Development. 2006a. **Integrated Service Delivery Model towards Improved Social Services.** Pretoria.

Department of Social Development. 2006b. **Guidelines for Early Childhood Development Services. Pretoria.** May 2006.

Department of Social Development. 2006c. **National Family Policy** (final draft). Pretoria.

Department of Welfare. 1997. **White Paper on Social Welfare.** Government Gazette, Notice 57 of 1996. Pretoria: Government Printer.

Die Sake Burger, 8 Augustus 2005. Armes nie reg om geld vir huise te benut. (91):S16.

Dietz, T.L. 2000. Disciplining children: Characteristics associated with the use of corporal punishment. **Child Abuse and Neglect**, 24(12):1529-1542.

Dong, M., Anda, R.F., Felitti, V.J., Dube, S.R., Williamson, D.F., Thompson, T.J., Loo, C.M. & Giles, W.H. 2004. The interrelatedness of multiple forms of childhood abuse, neglect, and household dysfunction. **Child Abuse and Neglect**, 28(7):771-784.

Doran, L. 1999. Eye of the child. Isolatibantwana: A community-based child protection programme. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 35(4):396-399.

Dore, M.M., Doris, J.M. & Wright, P. 1995. Identifying substance abuse in maltreating families: A child welfare challenge. **Child Abuse and Neglect**, 19(5):531-543.

Drake, B. & Pandey, S. 1996. Understanding the relationship between neighbourhood poverty and specific types of child maltreatment. **Child Abuse and Neglect**, 20(11):1003-1018.

Duggan, A., Fuddy, L., Burrell, L., Higman, S.M., McFarlane, E., Windham, A. & Sia, C. 2004a. Randomized trial of a statewide home visiting program to prevent child abuse: Impact in reducing parental risk factors. **Child Abuse and Neglect**, 28(6):623-643.

Duggan, A.; McFarlane, E.; Fuddy, L.; Burrell, L.; Higman, S.M.; Windham, A. & Sia, C. 2004b. Randomized trial of a statewide home visiting program: impact in preventing child abuse and neglect. **Child Abuse and Neglect**, 28(6):597-622.

Dunst, C.J., Trivette, C.M. & Deal, A.G. 1988. **Enabling and empowering families: Principles and guidelines for practice**. Cambridge: Brookline Books, Inc.

Dunst, C.J., Trivette, C.M. & Thompson, R.B. 1991. Supporting and strengthening family functioning: Towards a congruence between principles and practice. **Prevention in Human Services**, 9(1):19-43.

Early, T.J. 2001. Measures for practice with families from a strengths perspective. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 82(2):225-242.

Ernst, J.S. 2000. Mapping child maltreatment. **Child Welfare**, LXXIX(5):555-572.

Éthier, L.S., Lemelin, J.-P. & Lacharité, C. 2004. A longitudinal study of the effects of chronic maltreatment on children's behavioral and emotional problems. **Child Abuse and Neglect**, 28(12):1265-1278.

Featherstone, B. 2004. **Family life and family support: A feminist analysis**. Basingstoke: Palgrave Macmillan.

Featherstone, B., Rivett, M. & Scourfield, J. 2007. **Working with men in health and social care**. London: Sage Publications.

Ferguson, H. 2001. Promoting child protection, welfare and healing: The case for developing best practice. **Child and Family Social Work**, 6(1):1-12.

Finkelhor, D., Ormrod, R.K. & Turner, H.A. 2007. Re-victimization patterns in a national longitudinal sample of children and youth. **Child Abuse and Neglect**, 31(5):479-502.

Fraser, J.A., Armstrong, K.L., Morris, J.P. & Dadds, M.R. 2000. Home visiting intervention for vulnerable families with newborns: Follow-up results of a randomized trial. **Child Abuse and Neglect**, 24(11):1399-1429.

Fraser, M.W., Nelson, K.E. & Rivard, J. 1997. Effectiveness of family preservation services. **Social Work Research**, 21(3):138-153.

- Frederick, J. & Goddard, C. 2007. Exploring the relationship between poverty, childhood adversity and child abuse from the perspective of adulthood. **Child Abuse Review**, 16(5):323-341.
- Garbarino, J. & Kostelny, K. 1992. Child maltreatment as a community problem. **Child Abuse and Neglect**, 16(4):455-464.
- Garbarino, J. & Sherman, D. 1980. High-risk neighborhoods and high-risk families: The human ecology of child maltreatment. **Child Development**, 5(1):188-198.
- Gardner, R. 2003. **Supporting families: Child protection in the community**. London: John Wiley & Sons, Ltd.
- Garrett, P.M. 2003. Swimming with dolphins: the assessment framework, New Labour and new tools for social work with children and families. **British Journal of Social Work**, 33(4):441-463.
- Germain, C.B. & Gitterman, A. 1980. **The life-model of social work practice**. New York: Columbia University Press.
- Ghate, D. & Hazel, N. 2002. **Parenting in poor environments: Stress, support and coping**. London: Antheneum Press.
- Ghate, D., Shaw, C. & Hazel, N. 2000. **Fathers and family centres: Engaging fathers in preventive services**. New York: New York Publishing Services Ltd.
- Gibbons, J. & Thorpe, S. 1989. Can voluntary support projects help vulnerable families? The work of Home-Start. **British Journal of Social Work**, 19:189-202.
- Gilligan R. 2000. Family support: Issues and prospects. **In:** Canavan, J., Dolan P. & Pinkerton, J. (red) **Family support direction from diversity**. London: Jessica Kingsley Publishers: 13-33.
- Goldenberg, I. & Goldenberg, H. 2000. **Family therapy: An overview**. Belmont Ca: Brooks/Cole.
- Government of the Republic of South Africa, Office of the Presidency. 2000. **Youth Policy 2000**. Pretoria: Government Printer.

- Graig, G. 2002. Poverty, social work and social justice. **British Journal of Social Work**, 32(6):669-682.
- Gray, J., Spurway, P. & McClatchey, M. 2001. Lay therapy intervention with families at risk for parenting difficulties: The Kempe Community Caring Program. **Child Abuse and Neglect**, 25(5):641-655.
- Green, B.L.; McAllister, C.L. & Tarte, J.M. 2004. The strengths-based practices inventory: A tool for measuring strengths-based service delivery in early childhood and family support programs. **Families in Society: The Journal for Contemporary Social Services**, 85(3):326-334.
- Green, R. 2000. Applying a community needs profiling approach to tackling service user poverty. **British Journal of Social Work**, 30(2):287-303.
- Gregoire, K.A. & Schultz D.J. 2001. Substance-abusing child welfare parents: Treatment and child placement outcomes. **Child Welfare**, LXXX80(4):433-452.
- Grinnell, R.M. 1988. **Social work research and evaluation**. Itasca, Ill.: F.E. Peacock.
- Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. **Research in social work: a primer**. Itasca, Ill.: F.E. Peacock.
- Guterman, N.B. 1999. Enrollment strategies in early home visitation to prevent physical child abuse and neglect and the universal versus targeted debate: A meta-analysis of population-based and screening-based programs. **Child Abuse and Neglect**, 23(9):863-890.
- Hartman, A. 1995. Family therapy. **Encyclopedia of Social Work** (19th ed). Washington: NASW Press: 983-991.
- Hazen, A.L., Connelly, C.D., Kelleher, K., Landsverk, J. & Barth, R. 2004. Intimate partner violence among female caregivers of children reported for child maltreatment. **Child Abuse and Neglect**, 28(3):301-319.
- Hearn, B. 1997. Putting child and family support and protection into practice. **In:** Parton, N. (red) **Child protection and family support: Tensions, contradictions and possibilities**. London: Routledge: 224-241.
- Hess, P.M, McGowan, B.G. & Botsko, M. 2000. A preventive services program model for preserving and supporting families over time. **Child Welfare**, LXXIX(3):228-265.

- Hiatt, S.W., Michalek, P., Younge, P., Miyoshi, T. & Fryer, E. 2000. Characteristics of volunteers and families in a neonatal home visitation project: The Kempe Community Caring Program. **Child Abuse and Neglect**, 24(1):85-97.
- Hochfeld, T. 2007. Missed opportunities: Conservative discourses in the draft National Family Policy of South Africa. **International Social Work**, 50(1):79-91.
- Holman, B. 1988. **Putting families first: Prevention and child care. A study of prevention by statutory and voluntary agencies.** London: Macmillan Education Ltd.
- Home-Start International. 2007. Home-Start South Africa. [aanlyn] Beskikbaar: <http://www.homestartinternational.org/country/index.asp?id=21>. (Afgehaal 3 Maart 2008)
- Home-Start International. 2008. Our History. (aanlyn). Hersien 18 Januarie 2008. [aanlyn] Beskikbaar: <http://www.home-start.org.uk/about/history>. (Afgehaal 6 Maart 2008)
- Home-Start International. 2008. Vision statement, mission, aims and objectives. [aanlyn] Hersien 18 Januarie 2008. [aanlyn] Beskikbaar: http://en.wikipedia.org/wiki/Home-start_International. (Afgehaal 6 Maart 2008)
- Irwin, J. & Waugh, F. 2007. Domestic violence: A priority in child protection in New South Wales, Australia? **Child Abuse Review**, 16(5):311-322
- Jack, G. 1997. An ecological approach to social work with children and families. **Child and Family Social Work**, 2(2):109-120.
- Jack, G. 2000. Ecological influences on parenting and child development. **British Journal of Social Work**, 30(5):703-720.
- Jacques, G. 2000. The baby and the bath water: The dilemma of modern social work in Africa. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 36(4):361-376.
- Jones, P.L., Gross, E. & Becker, I. 2002. The characteristics of domestic violence victims in a child protective service load. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 83(4):405-415.
- Jones, S. & Nelson, N. 2000. **Urban poverty in Africa.** London: Intermediate Technology Publications.

Juby, C. & Rycraft, J.R. 2004: Family preservation strategies for families in poverty. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 85(4):581-590.

Kagan, S.L. 1996. America's family support movement: A moment of change. **In:** Zigler, E.F., Kagan, S.L. & Hall, N.W. (reds) **Children, families and government: Preparing for the twenty first century**. Cambridge: Cambridge University Press: 156-170.

Kagan, S.L. & Shelley, A. 1987. The promise and problems of family support programs. **In:** Kagan, S.L., Powell, D., Weissbound, B. & Zigler, E. (reds) **America's family support programs, perspectives and prospects**. New Haven CT.: Yale University Press: 3-18.

Kalule-Sabiti, I, Palmuleni, M., Makiwane, M. & Amoateng, A.Y. 2007. **In:** Amoateng, A.Y. & Heaton, T.B. (reds) **Families and households in post-apartheid South Africa: Socio-demographic perspectives**. HSRC Press, Cape Town: 89-112.

Kaplan, L. & Girard, L. 1994. **Strengthening high-risk families. A handbook for practitioners**. New York, N.Y.: Lexington Books.

Keller, J. & McDade, K. 1997. Cultural diversity and help-seeking behavior: Sources of help and obstacles to support parents. **Journal of Multicultural Social Work**, 5(1/2):63-78.

Keller, J. & McDade, K. 2000. Attitudes of low-income parents toward seeking help with parenting: Implications for practice. **Child Welfare**, LXXXIX(3):285-312.

Kelly, S. & Blythe, B.J. 2000. Family preservation: a potential not yet realized. **Child Welfare**, LXXIX(1):29-42.

King, G., Flisher, A.J., Noubary, F., Reece, R., Marais, A. & Lombard, C. 2004. Substance abuse and behavioral correlates of sexual assault among South African adolescents. **Child Abuse and Neglect**, 28(6):685-698.

Kirkpatrick, S., Barlow, J., Stewart-Brown, S. & Davis, H. 2007. Working in partnership: User perceptions of intensive home-visiting. **Child Abuse Review**, 16(1):32-46.

Kotch, J.B., Browne, D.C., Dufort, V., Winsor, J. & Catellier, D. 1999. Predicting child maltreatment in the first 4 years of life from characteristics assessed in the neonatal period. **Child Abuse and Neglect**, 23(4):305-319.

Kotch, J.B., Browne, D.C., Ringwalt, C.L., Stewart, P.W., Ruina, E., Holt, K., Lowman, B. & Jung, J-W. 1995. Risk of child abuse or neglect in a cohort of low-income children. **Child Abuse and Neglect**, 19(9):1115-1130.

Kruger, S.P. 1996. **Intensiewe gesinsinstandhoudingsdienste: Riglyne vir 'n maatskaplikewerk-model ter voorkoming van substituutsorg**. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (DPhil proefskrif)

Kubish, A.C. & Stone, S. 2001. Comprehensive community initiatives: The American experience. In: Pierson, J. & Smith, J. (reds) **Rebuilding community: The policy and practice in urban regeneration**. New York, N.Y.: Palgrave Publishers: 13-33.

Lachman, P. 2004. Understanding the current position of research in Africa as the foundation for child protection programs. **Child Abuse and Neglect**, 28(8):813-815.

Lachman, P., Poblete, X., Ebigbo, P.O., Nyandiy-Bundy, S., Bundy, R.P., Killian, B. & Doek, J. 2002. Challenges facing child protection. **Child Abuse and Neglect**, 26(8):587-617.

Laird, J. 1995. Family centered practice in the postmodern era. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 76(3):150-162.

Leon, A.M. 1999. Family support model: Integrating service delivery in the twenty-first century. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 80(1):14-24.

Leventhal, J.M. 1996. Twenty years later: We do know how to prevent child abuse and neglect. **Child Abuse and Neglect**, 20(8):647-653.

Leventhal, J.M. 2001. The prevention of child abuse and neglect: successfully out of the blocks. **Child Abuse and Neglect**, 25(4):431-439.

Lightburn, A. & Kemp, S.P. 1994. Family support-programs: Opportunities for community-based practice. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 71(5):259-261.

Littell, J.H. & Tajima, E.M. 2000. A multilevel model of client participation in intensive family preservation services. **Social Service Review**, 74(3):405-435.

Lombard, A. 2007. The impact of social welfare policies on social development in South Africa: An NGO perspective. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 43(4):295-316.

- Lombard, A. & Kleijn, WC. 2006. Statutory social services: An integral part of developmental social welfare service delivery. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 42(3/4):-213-233.
- Loots, E. 1997. Poverty and unemployment. **Aambeeld**, 25(2):28-31.
- Loyd, E. 1997. The role of the centre in family support. **In: Cannan, C. & Warren, C. (red) Social action with children and families: A community development approach to child and family welfare.** London: Routledge: 143-161.
- MacDonald, G. 2005. Intervening with neglect. **In: Taylor, J. & Daniel, B. (reds) Child neglect: Practical issues for health and social care.** London: Jessica Kingsley Publishers: 279-301.
- Madu, S.N. & Peltzer, K. 2000. Risk factors and child sexual abuse among secondary school students in the Northern Province (South). **Child Abuse and Neglect**, 24(2):259-268.
- Maluccio, A.N., Pine, B.A. & Tracy, E.M. 2002. **Social work practice with families and children.** New York: Columbia University Press.
- Manalo, V. & Meezan, W. 2000. Toward building a typology for the evaluation of services in family support programs. **Child Welfare**, LXXIX(4):405-429.
- McAlpine,C., Courts Marshall, C. & Harper Doran, N. 2001. Combining child welfare and substance abuse services: A blended model of intervention. **Child Welfare**, LXXX(2):129-220.
- McGuigan, W.M., Katzev, A.R. & Pratt, C.C. 2003. Multi-level determinants of retention in a home-visiting child abuse prevention program. **Child Abuse and Neglect**, 27(4):363-380.
- Midgley, J. 1990. International social work: Learning from the Third World. **Social Work**, 35(4):295-301.
- Midgley, J. 1993. Promoting a development focus in the community organization curriculum: Relevance of the African experience. **Journal of Social Work Education**, 29(3):269-278.
- Midgley, J. 1996. Involving social work in economic development. **International Social Work**, 39(1):13-25.

- Midgley, J. 1998. Social development and social welfare: South Africa in an international context. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 34(1):90-98.
- Ministry for Welfare and Population Development. 1997. White Paper for Social Welfare. **Government Gazette**, 386 (18166). Pretoria, 8 August.
- Mooney, A. 2002. Mother, teacher, nurse? How childminders define their role. **In**: Brannen, J. & Moss, P. (red) **Rethinking children's care**. Buckingham: Open University Press: 114-130.
- Moore, J. & Finkelstein, N. 2001. Parenting services for families affected by substance abuse. **Child Welfare**, LXXX(2):221-238.
- Moran, P. & Ghate, D. 2005. The effectiveness of parenting support. **Children & Society**, 19(4):329-336.
- Moroney, R.M. 1987. Social support systems: Families and social policy. **In**: Kagan, S.L, Powell, D., Weissbound, B. & Zigler, E. (reds) **America's Family Support Programs, perspectives and prospects**. New Haven CT.: Yale University Press: 21-37.
- NACCW-Konferensie. 2007. Openingstoespraak. Adjunkminister van Maatskaplike Ontwikkeling, Durban, 3 Julie 2007.
- Nahom, D., Richardson, M.L., Romer, L. & Porter, A. Family support and community guiding. **Families in Society, The Journal of Contemporary Human Services**, 81(6):629-633.
- Nair, S., Blake, M.L. & Vosler, N.R. 1997. Multilevel social systems practice with low-income families in Singapore. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 78(3):291-298.
- Nel, H. & Roestenburg, W. 2004. Assessment of a community: Promoting an equitable society through inclusion and empowerment. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 40(2):113-123.
- Nelson, K.E., Landsman, M.J. & Deutelbaum, W. 1990: Three models of family-centered placement prevention services. **Child Welfare**, LXIX (1): 3-21.
- Nicholson, B.C., Brenner, V. & Fox, R.A. 1999. A community-based parenting program with low-income mothers of young children. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 80(3):247-253.

Noyoo, N. 2004. Human rights and social work in a transforming society. South Africa. **International Social Work**, 47(3):359-369.

Olds, D. 1997. The prenatal early infancy project: Preventing child abuse and neglect in the context of promoting maternal and child health. **In:** Wolfe, D.A., McMahon, R.J. & Peters, R.DeV. (reds) **Child abuse: New directions in prevention and treatment across the lifespan**. Thousand Oaks, Ca: Sage Publications, Inc.: 130-154.

Olds, D. 2003. Reducing program attrition in home visiting: what do we need to know? **Child Abuse and Neglect**, 27(4):359-361.

Olds, D., Henderson, C. & Eckenrode, J. 2002. Preventing child abuse and neglect with prenatal and infancy home visiting by nurses. **In:** Browne, K., Hanks, H. Stratton, P. & Hamilton, C. (red) **Early prediction and prevention of child abuse: A handbook**, Chichester, John Wiley & Sons, Ltd: 166-182.

Palmuleni, M., Kalule-Sabiti, I. & Makiwane, M. 2007. Fertility and childbearing in South Africa. **In:** Amoateng, A.Y. & Heaton, T.B. (reds) **Families and households in post-apartheid South Africa: Socio-demographic perspectives**. Cape Town: HSRC Press: 113-134.

Parton, N.E. & Mathews, R. 2001. New directions in protection and family support in Western Australia: a policy initiative to re-focus child welfare practice. **Child and Family Social Work**, 6(2):97-113.

Patel, L. 2005. **Social welfare and social development**. Cape Town: Oxford University Press.

Pecora, J., Fraser, M.W., Nelson, K.E., McCroskey, J. & Meezan, W. 1995. **Evaluating family based services**. New York: Hawthorne.

Pierce, L. & Bozalek, V. 2004. Child abuse in South Africa: An examination of how child abuse and neglect are defined. **Child Abuse and Neglect**, 28(6/7):817-832.

Pierson, J. 2002. **Tackling social exclusion**. London: Routledge.

Pithouse, A. & Holland, S. 1999. Open access family centres and their users: Positive results, some doubts and new departures. **Children and Society**, 13(3):167-178.

- Pithouse, A. & Tasiran, A. 2000. Local authority family centre intervention: a statistical exploration of services as family support or family control. **Child and Family Social Work**, 5(4):129-141.
- Pithouse, A., Lindsell, S. & Chueng, M. 1998. **Family support and family centre services**. Aldershot: Ashgate.
- Polanski, N.M., Ammons, P.W. & Gaudin, J.M. 1985. Loneliness and isolation in child neglect. **Social Casework**, 66(1):39-47.
- Postmus, J.L. & Ortega, D. 2005. Serving two masters: when domestic violence and child abuse overlap. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 86(4):483-501.
- Potgieter, M.C. 1998. **The social work process. Development to empower people**. Suid-Afrika: Prentice Hall (Pty) Ltd.
- Republic of South Africa. 1996a. **South African School's Act**. Act Nr. 84 of 1996. Staatsdrukker, Pretoria: Government Printer.
- Republic of South Africa. 1996b. **The Constitution of the Republic of South Africa**. Act Nr. 108 of 1996. Pretoria: Government Printer.
- Republic of South Africa. 1997. **Basic Conditions of Employment Act**. Act No. 75 of 1997. Pretoria: Government Printer.
- Republic of South Africa. 2005. **Children's Act**. Act Nr. 28 of 2005. Pretoria: Government Printer.
- Ross, S.M. 1996. Risk of physical abuse to children of spouse abusing parents. **Child Abuse and Neglect**, 20(7):589-598.
- Rubin, A. & Babbie, E. 2007. **Essential research methods for social work**. California: Thomson Brooks/Cole.
- Rumm, P.D., Cummings, P., Krauss, M.R., Bell, M.A. & Rivara, F.P. 2000. Identified spouse abuse as a risk factor for child abuse. **Child Abuse and Neglect**, 24(11):1375-1381.
- Saleeby, D. 2002. **The strengths perspective in social work practice**. Boston: Allyn & Bacon.

Sanders, M. & Cann, W. 2002. Promoting positive parenting as an abuse prevention strategy. In: Browne, K., Hanks, H., Stratton, P. & Hamilton, C. (red) **Early prediction and prevention of child abuse: A handbook**. Chichester, John Wiley and Sons, Ltd.: 145-163.

Scourfield, J.B. 2001. Constructing woman in child protection work. **Child and Family Social Work**, 6(1):77-87.

Schuerman, J.R., Rzepnicki, T.L. & Littell, J.H. 1995. **Putting Families First**. New York, Aldine de Gruyter.

Semidei, J., Feig Radel, L. & Nolan, C. 2001. Substance abuse and child welfare: clear linkages and promising responses. **Child Welfare**, LXXX(2):109-128.

September, R.L. 2005. Protecting children where it matters most: In their families and their neighborhoods. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 41(1):1-16.

September, R.L. 2006. The progress of child protection in South Africa. **International Journal of Social Welfare**, 15(1):65-72.

September, R.L. 2007. Separating social welfare services and social welfare grants: Challenges and opportunities. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 43(2):93-105.

September, R., Beerwinkel, V. & Jacobson, S. 2000. **A neighbourhood-based response to child protection: A study conducted in three neighbourhoods in the Western Cape**. Cape Town: Institute for Child and Family Development, University of the Western Cape.

September, R., Beerwinkel, V. & Somtsewu, N. 2004. **Building strong families for children: A neighbourhood-based response to issues of child abuse and neglect, HIV/AIDS and TB**. Child and Youth Research and Training Programme, University of the Western Cape.

September, R. & Blankenberg, C. 2004. **A quest for excellence in multidisciplinary child protective services: An exploratory review**. Cape Town: Child and Youth Research and Training Programme, University of the Western Cape, Printwize.

Sevenhuijsen, S., Bozalek, V., Gouws, A. & Minnaar-McDonald, M. 2005. South African social welfare policy: an analysis using the ethic of care. **Critical Social Policy**, 23(3):299-321.

Sewpaul, V. 2001. Models of intervention for children in difficult circumstances in South Africa. **Child Welfare**, LXXX(5):571-586.

- Sewpaul, V. 2005. A structural social justice approach to family policy: A critique of the Draft South African Family Policy. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 41(4):310-322.
- Sewpaul, V. & Rollins, N. 1999. Operationalising developmental social work: The implementation of an HIV/AIDS project. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 35(3):250-263.
- Sheafor, R.W., Horejsi, C.R. & Horejsi, G.A. 2000. **Techniques and guidelines for social work practice**. London: Allyn & Bacon.
- Smith, J. 2001. Communitarianism and gender in the new urban policy. **In**: Pierson, J. & Smith, J. (reds) **Rebuilding community: The policy and practice in urban regeneration**. New York: Palgrave Publishers: 189-205.
- Smith, M.K. 1995. Utilization-focused evaluation of a family preservation program. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 76(1):11-19.
- Smith, T. 1996. **Family centers & bringing up young children**. London: HMSO.
- Smith, T. 1999. Neighbourhood and preventive strategies with children and families: What works? **Children and Society**, 13(4):265-277.
- Smokowski, P.R. & Wodarski, J.S. 1996. The effectiveness of child welfare services for poor, neglected children: a review of the empirical evidence. **Research on Social Work Practice**, 6(4):504-523.
- South African Council for Child and Family Welfare. 2003. **Statistical data**. [aanlyn] Beskikbaar: <http://www.childwelfare.org.za>. (Afgehaal 30 Maart 2005)
- Spath, R. 2003: Child protection professionals identifying domestic violence indicators: implications for social work education. **Journal of Social Work Education**, 39(3):497-521.
- Spencer, N. & Baldwin, N. 2005. Economic, cultural and social contexts of neglect. **In**: Taylor, J. & Daniel, B. (reds) **Child neglect, practice issues for health and social care**. London: Jessica Kingsley Publishers: 26-42.
- Stalker, C.A.; Levene, J. & Coady, N.F. 1999. Solution-focused brief therapy - one model fits all? **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 80(5):468-477.
- Stanley, N. 1997: Domestic violence and child abuse: Developing social work practice. **Child and Family Social Work**, (2):133-145.

- Statham, J. 2003. Caring for children in need: the case of sponsored day care. **In:** Brannen, J. & Moss, P. (reds) **Rethinking children's care**. Buckingham: Open University Press: 131-145.
- Streak, J & Poggenpoel, S. 2005. **Towards social welfare services for all vulnerable children in South Africa: A review of policy development, budgeting and service delivery**. Children's Budget Unit, Budget Information Service, Idasa. 31 Maart 2005.
- Suderman, M. & Jaffe, P. 1997. Children and youth who witness violence: New directions in intervention and prevention. **In:** Wolfe, D.A., McMahon, R.J. & Peters, R. Dev. (red) **Child abuse: New directions in prevention and treatment across the lifespan**. Thousand Oaks, London: Sage Publications: 55-78.
- Tajima, E.A. 2000. The relative importance of wife abuse as a risk factor for violence against children. **Child Abuse and Neglect**, 24(11):1383-1398.
- Takanishi, R. 1996. Changing Images of Adolescents: Rethinking our Policies. **In:** Zigler, E. F., Kagan, S.L. & Hall, N.W. (red) **Children, families, and government: Preparing for the twenty-first century**, New York: Cambridge University Press: 256-267.
- Teitler, J.O., Reichman N.E. & Nepomnyaschy, L. 2004. Sources of support, child care, and hardship among unwed mothers, 1999-2001. **Social Service Review**, 78(1):124-147.
- The Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk. 1998. **Report on the Pilot Projects**. Cape Town: The Printing Press.
- The State of South Africa's Population Report. 2000. **Population, poverty and vulnerability**. National Population Unit, Pretoria.
- Thompson, R.A. 1995. **Preventing maltreatment through social support: A critical analyses**. Thousand Oaks, California: Sage Publications.
- Tracy, E.M. & Farkas, K.J. 1994. Preparing practitioners for child welfare practice with substance-abusing families. **Child Welfare**, LXXIII(1):57-68.
- Tracy, E.M. 1990. Identifying social support resources of at-risk families. **Social Work**, 35(2):252-258.
- Tracy, E.M. 1994. Maternal substance abuse. Protecting the child preserving the family. **Social Work**, 39(5):534-540.

- Tracy, E.M. 1995. Family preservation and home-based services. **Encyclopaedia of Social Work** (19th ed.) Washington: NASW Press: 973-981.
- Tracy, E.M., Green, R.K. & Bremseth, M.D. 1993. Meeting the environmental needs of abuse and neglected children: Implications from a statewide survey of supportive services. **Social Work Research and Abstracts**, 29(2):21-26.
- Trumpelmann, C.M. 2000. 'n **Beskrywing van intensiewe gesinsbehoudprogramme**. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (MA tesis)
- Tunstill, J. 1996. Family support: Past, present and future challenges. **Child and Family Social Work**, 1(3):151-158.
- Tunstill, J. 1996. Family support: past, present and future challenges. **Child and Family Social Work**, 13(1):151-158.
- United Nations. 1989. **United Nations Convention on the Rights of the Child**. New York: General Assembly of the United Nations.
- United Nations Development Programme, Poverty Report. 2000. **Overcoming human poverty**. New York: Phonix-Trykkeriet.
- Van den Berg, A.M. & Weyers, M.L. 2004. Die gemeenskapswerkdienste van die private welsynsektor: 'n Profiel met implikasies. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 40(4):344-365.
- Viljoen, J.M.M. & Levin, K. 2000. Structural unemployment in South Africa. **Africa Insight** 29(3/4):44-49.
- Waldfogel, J. 2000. Reforming child protective services. **Child Welfare**, LXXIX(1):43-57.
- Warren, C. 1997. Family Support and the journey to empowerment. **In**: Cannan, C. & Warren, C. (reds) **Social action with children and families: A community development approach to child and family welfare**. London: Routledge: 103-121.
- Warren-Adamson, C. 2006. Research review. Family centres: A review of the literature. **Child and Family Social Work**, 11(2):171-182.
- Wasik, B.H., Bryant, D.M. & Lyons, C.M. 1990. **Home visiting: Procedures for helping families**. Newbury Park, California: Sage Publications Inc.

Webster's New World Dictionary of the American Language. 1958. United States of America, The wordl publishing company.

Webster-Stratton, C. 1997: From parent training to community building. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 78(2):156-171.

Weick, A. & Saleeby, D. 1995. Supporting family strengths: orienting policy and practice toward the 21st century. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 76(3):141-149.

Weiss, H.B. 1989. State family support and education programs. Lessons from the pioneers. **American Journal of Orthopsychiatry**, 59(1):32-48.

Weissbound, B. 1987a. A brief history of family support programs. **In: Kagan, S.L., Powell, D., Weissbound, B. & Zigler, E. (reds) America's family support programs: Perspectives and prospects.** New Haven CT: Yale University Press: 38-56.

Weissbound, B. 1987b. Design, staffing, and funding of family support programs. **In: Kagan, S.L., Powell, D., Weissbound, B. & Zigler, E. (reds) America's family support programs: Perspectives and prospects.** New Haven: Yale University Press: 245-268.

Weissbound, B. 1991. Family resource and support programs: Changes and challenges in human services, **Prevention in Human Services**, 9(1):69-85.

Weissbound, B. 1994. The evolution of the family resource movement. **In: Kagan, S & Weissbound, B. (reds) Putting families first: America's family support movement and the challenge of change.** San-Francisco: Jossey-Bass, Inc.: 28-47.

Weissbound, B. & Kagan, S.L. 1989. Family support programs: Catalyst for change. **American Journal of Ortopsychiatry**, 59(1):20-31.

Weissman, A.M.; Jogerst, G.J. & Dawson, J.D. 2003. Community characteristics associated with child abuse in Iowa. **Child Abuse and Neglect**, 27(10):1145-1159.

Wells, K. & Tracy, E. 1996. Reorienting intensive family preservation services in relation to public child welfare practice. **Child Welfare**, LXXV(6):668-692.

Welsch, G.J. 1987. An integrated approach to social work practice. **In: McKendrick, B.W. (red) Introduction to social work in South Africa.** Pine Town: Owen Burgess Publishers: 152-176.

Weyers, M.L. & Van den Berg, A.M. 2006. The success factors in community work services: A critical incident study. **International Social Work**, 49(2):177-187.

Weyers, M., Strydom, H. & Huisamen, A. 2008. Trangulation in social work research: The theory and examples of its practical application. **Social Work/Maatskaplike Werk** 44(2):207-222.

Wilson, D. & Horner, W. 2005. Chronic child neglect: Needed developments in theory and practice. **Families in Society: The Journal of Contemporary Social Services**, 86(4):471-481.

Wilson, S.I. 1999. **The feasibility of intensive family preservation services in South Africa**. Pretoria: UNISA. (MA-tesis)

Windham, A.M., Rosenberg, L., Fuddy, L., McFarlane, E., Sia, C. & Duggan, A.K. 2004. Risk of mother-reported child abuse in the first 3 years of life. **Child Abuse and Neglect**, 28(6):645-667.

Witskrif vir Maatskaplike Welsyn. 1997. **Government Gazette** Vol. 368. No 18168. Notice No. 1108 of 1997. Pretoria: Ministry for Welfare and Population Development.

Wolfe, D.A., Wekerle, C., Reitzel-Jaffe, D. Grasley, C., Pittman, A-L. & MacEachran, A. 1997. Interrupting the Cycle of Violence: Empowering Youth to Promote Healthy Relationships. **In: Wolfe, D.A., McMahon, R.J. & Peters, R. (reds) Child abuse: New directions in Prevention and treatment across the lifespan**. Thousand Oaks, London: Sage Publications: 102-129.

Young, N.K., Wingfield, K. & Klemper, T. 2001. Introduction: Serving children, youth, and families with alcohol and other drug-related problems in child welfare. **Child Welfare**, LXXX80(2):103-106.

Zigler, E. & Black, K.B. 1989. America's family support movement: Strengths and limitations. **American Journal of Orthopsychiatry**, 59(1):6-19.

BYLAE 1**VRAELYS - AFRIKAANS****MAATSKAPLIKE WERKERS VERBONDE AAN
GESINSORGORGANISASIES****'N OPNAME VAN DIE STAND VAN
GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE AAN HOËRISIKO-GESINNE**

ALLE INLIGTING WORD VERTROULIK HANTEER.

DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om teoretiese en praktiese riglyne vir gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne daar te stel. Die riglyne sal gebaseer wees op die uitgangspunte vir gesinsinstandhoudingsdienste soos vervat in bestaande beleidsdokumente (Witskrif vir Welsyn, 1997; Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste, 2006).

IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1. OUDERDOM EN WERKONDERVINDING

- 1.1 Ouderdom _____
- 1.2 Jare ondervinding as maatskaplike werker _____
- 1.3 Tydperk verbonde aan huidige organisasie _____

2. KWALIFIKASIES

- 2.1 Dui u hoogste kwalifikasie in maatskaplike werk aan.

KWALIFIKASIE	
Diploma in Maatskaplik Werk	
B.A. Maatskaplike Werk (3 jaar)	
B.A. Maatskaplike Werk (4 jaar)	
B. Maatskaplike Werk (4 jaar)	
Hons. B.A. Maatskaplike Werk	
M.A Maatskaplike Werk	
D.Phil	

- 2.2 Ander kwalifikasies wat bekom is wat bykomend of verbandhoudend met maatskaplike werk is.

3. HUIDIGE WERKSITUASIE

- 3.1 Deel u werkslading in volgens die onderstaande afdelings.

BESKRYWING VAN WERKSLADING	AANTAL GESINNE/GROEPE, PROJEKTE
Gevallelading (totaal)	
Groepe	
Gemeenskapswerkprojekte/ondersteuningsdienste aan gesinne	

- 3.2 Indien u nie groep- en gemeenskapswerkdienste lewer nie, dui asb aan wie hierdie dienste in u instansie lewer.

4. RISIKO-FAKTORE VAN GEMEENSAPPE, GESINNE EN INDIVIDUE VIR KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING

- 4.1. Dui aan **watter** van die volgende **gemeenskapsrisiko faktore** vir kindermishandeling en -verwaarlosing teenwoordig is in die gemeenskap waar u dienste lewer.

RISIKO-FAKTORE IN GEMEENSAP	VOORKOMS	
	JA	NEE
Strukturele faktore soos:		
Armoede		
Werkloosheid		
Lae opvoedkundige vlak van gemeenskapslede		
Geweld soos:		
gewelddadige misdaad, jeugmisdad, bendegegeweld		
Gebrekkige formele bronne en dienste in gemeenskap		
Vroeë skoolverlating van kinders		
Onvoldoende mediese sorg van kinders (vanweë gebrekkige kennis oor gesondheidsorg by ouers)		

- 4.2 Dui aan **watter** van die volgende risikofaktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing teenwoordig is by die **gesinne** aan wie u dienste lewer.

RISIKO-FAKTORE IN GESINNE	VOORKOMS	
	JA	NEE
Enkelouerskap vanweë: skeiding van eglid, saamleefmaat, dood van eglid of saamleefmaat		
Tienerswangerskappe		
Demografiese faktore soos:		
Gesinsgrootte (drie kinders en meer)		
Finansiële stres (onvoldoende inkomste om verpligtinge na te kom)		
Huishoudelike geweld (tussen man en vrou)		
Gebrekkige betrokkenheid van gesinslede by:		
informele sosiale netwerke soos familie, vriende , bure		
Semi-formele ondersteunings-netwerke soos klubs, groepe, speelgroepe		

- 4.3 Dui aan **watter** van die volgende risiko-faktore vir kindermishandeling en -verwaarlosing teenwoordig is by **individue** aan wie u dienste lewer.

RISIKO-FAKTORE IN INDIVIDUE	VOORKOMS	
	JA	NEE
Gebrekkige ouerskapsvaardighede		
Middelmisbruik		
Faktore by moeders soos:		
Lae selfbeeld		
Beperkte betrokkenheid by kinders		
Gebrek aan warmte teenoor kinders		
Depressie		
Faktore by kinders soos:		
Gestremdheid		
'n Siektetoestand		
Lae verbale intelligensie		
Moeilike geaardheid		

- 4.4 Dui die voorkoms van die verskillende vorms van mishandeling wat in u gemeenskap/gevallelading voorkom aan (4= hoogste voorkoms, 1= laagste voorkoms).

VORMS VAN KINDERMISHANDELING	VOORKOMS			
	Hoogste			Laagste
Mishandeling soos:				
Fisieke mishandeling	4	3	2	1
Seksuele mishandeling	4	3	2	1
Emosionele mishandeling	4	3	2	1
Verwaarlosing soos:				
Fisiese verwaarlosing	4	3	2	1
Emosionele verwaarlosing	4	3	2	1
Eksploitering	4	3	2	1

- 4.5 Identifiseer die drie belangrikste redes waarom kinders in u gemeenskap uit hulle gesinne verwyder word?

5. AARD EN OMVANG VAN GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE WAT GELEWER WORD

5.1 Omskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste

5.1.1 Beskryf wat die term “gesinsinstandhoudingsdienste” vir u beteken.

5.2 Intensiewe- of gesinsgesentreerde gesinsinstandhoudingsdienste

5.2.1 Dui op 'n skaal van 1-4 aan (met 'n kruisie) hoe **gereeld** u die volgende **konkrete dienste** aan hoërisiko-gesinne lewer om die verwydering van kinders te voorkom.

KONKRETE DIENSTE	VOORKOMS			
	Altyd 4	Dikwels 3	Selde 2	Nooit 1
Hulp met instandhouding van die huishouding, bv. om Gesinne by te staan om inkopies te doen				
Tuisteskepper vaardighede by versorgers te ontwikkel, soos beplanning en voorbereiding van maaltye deur modellering in die huis				
Praktiese reëlings vir: Vervoer van gesinslede				
Versorging van kinders deur ander gemeenskapslede of instansies				
Verskaffing van materiële bystand soos: Kos				
Finansiële bystand				
Verwysings na ander gemeenskapsgebaseerde bronne				
Vergesel gesinslede na bron				
Ander (Spesifiseer diens)				

- 5.2.2 Dui op 'n skaal van 1-4 aan (met 'n kruisie) hoe **gereeld** u die volgende **opvoedkundige** en **instaatstellende** dienste aan hoërisiko-gesinne op u gevallelading lewer, om statutêre dienste te voorkom?

OPVOEDKUNDIGE/INSTAAT- STELLEDE DIENSTE	VOORKOMS			
	Altyd 4	Dikwels 3	Selde 2	Nooit 1
Verhoging van lewensvaardighede soos: Ouerskapsvaardighede				
Finansiële beplanningsvaardighede				
Kommunikasievaardighede				
Probleemoplossingsvaardighede				
Konflikhanteringsvaardighede				
Inskakeling van gesinslede by: Informele ondersteuningsbronne bv. bure, klubs				
Formele ondersteuningsbronne soos:				
Dagversorging				
Speelgroepe				
Weeklikse ondersteuningsgroepe				
Ander (Spesifiseer diens)				

- 5.2.3 Dui op 'n skaal van 1-4 aan (met 'n kruisie) hoe **gereeld** u die volgende **terapeutiese dienste** op 'n intensiewe, deurlopende basis aan die hoërisiko-gesinne op u gevallelading lewer?

TERAPEUTIESE DIENSTE	VOORKOMS			
	Altyd 4	Dikwels 3	Selde 2	Nooit 1
Korttermyn gesinsgesentreerde dienste soos: Krisisintervensie				
Langer termyn gesinsgesentreerde dienste soos: Gesinsberaad				
Huweliksberaad				
Middelmisbruikberading				
Berading ten opsigte van die hantering van huishoudelike geweld				
Ander (Spesifiseer diens)				

5.3 Aard en omvang van gesinondersteuningsdienste (gemeenskapswerkdienste)

5.3.1 Wat is na u mening die **drie** belangrikste behoeftes van hoërisiko-gesinne in die gemeenskap waar u dienste lewer?

5.3.2 Dui aan **watter** van die volgende **gesinondersteuningsdienste** (gemeenskapswerkdienste) beskikbaar is vir hoërisiko-gesinne op u gevallelading. Dui ook aan of dit 'n program/diens van die organisasie is, of deur 'n ander instansie in die gemeenskap gelewer word.

6. PERSPEKTIEF OP GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE

- 6.1 Watter van die volgende **struikelblokke** bestaan na u mening by die lewering van ontwikkelingsgerigte gesinsinstandhoudingsdienste in u situasie?

STRUIKELBLOKKE	VOORKOMS	
	JA	NEE
Onsekerheid oor wat ontwikkelingsgerigte dienslewering behels		
Benodig meer maatskaplike werkers		
Gebrekkige bronne: By instansie, soos voertuie		
In gemeenskap		
Gebrekkige fondse vir: Inisiëring van projekte		
Instandhouding van projekte		

7. PERSPEKTIEF OP BELEIDSDOKUMENTE

- 7.1 Op watter van die volgende vlakke van dienslewering (Integrated Service Delivery Model, 2006) word die **klem** na u mening **in u situasie** geplaas wanneer gesinsinstandhoudingsdienste gelewer word (4 = meeste klem, 1 = minste klem).

VLAKKE VAN DIENSLEWERING	VOORKOMS			
	Meeste klem 4	3	2	Minste klem 1
Voorkomende dienste (programme om hoërisiko gedrag te voorkom) Gee voorbeeld van tipe diens: _____				
Vroeë intervensie dienste (ontwikkelingsgerigte en terapeutiese programme aan gesinne om statutêre dienste te voorkom) Gee voorbeeld van tipe diens: _____				
Statutêre dienste (verwydering van kinders)				

7.2 Volgens beleidsdokumente (*Witskrif vir Welsyn, Diensleweringmodel vir Verbeterde Maatskaplike Dienste*) moet gesinsinstandhoudingsdienste hoofsaaklik gerig wees op **voorkomende dienste** deur byvoorbeeld gesinne in te skakel by **bronne** in die gemeenskap om hulle **kapasiteit uit te bou**. Wat is u mening oor die uitvoerbaarheid van die bostaande vereiste in u werksituasie?

7.3 Beskryf wat u beskou as die ideale omstandighede om gesinsinstandhoudingsdienste te lewer.

Enige ander opmerkings

Baie dankie vir u samewerking

Marianne Strydom

VRAELYS - ENGELS

**SOCIAL WORKERS AT FAMILY WELFARE
ORGANISATIONS**

**A SURVEY OF THE STATE OF FAMILY PRESERVATION
SERVICES DELIVERED TO HIGH-RISK FAMILIES**

ALL INFORMATION WILL BE TREATED CONFIDENTIALLY.

AIM OF THE STUDY

The aim of the study is to draw up theoretical and practical guidelines for family preservation services delivered to high-risk families. The guidelines will be based on the points of departure of family preservation services as described in existing policy documents (White Paper for Social Welfare, 1997; Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services, 2006).

IDENTIFYING DETAILS

1. AGE AND WORK EXPERIENCE

- 1.1 Age _____
- 1.2 Number of years' experience as social worker _____
- 1.3 Period connected with current organisation _____

2. QUALIFICATIONS

- 2.1 Indicate your highest qualification in Social Work

QUALIFICATION	
Diploma in Social Work	
B.A. Social Work (3 years)	
B.A. Social Work (4 years)	
B. Social Work (4 years)	
B.A. (Hons) Social Work	
M.A. Social Work	
D.Phil	

- 2.2 Other qualifications obtained, additional to or in connection with social work

3. CURRENT JOB SITUATION

- 3.1 Divide your work-load according to the sections below

DESCRIPTION OF WORK-LOAD	NUMBER OF FAMILIES/ GROUPS/PROJECTS
Caseload (total)	
Groups	
Community work projects/support services to families	

- 3.2 If you do not deliver group- and community work services, please indicate who delivers such services in your organization.

4. RISK FACTORS TO COMMUNITIES, FAMILIES AND INDIVIDUALS FOR CHILD ABUSE AND NEGLECT

4.1 Indicate **which** of the following community risk factors for child abuse and neglect are present in the **community** where you deliver services.

RISK FACTORS IN COMMUNITY	OCCURRENCE	
	YES	NO
Struktural factors such as:		
Poverty		
Unemployment		
Low educational level of community members		
Violence such as:		
Violent crime, juvenile crime, gang violence		
Deficient formal resources and services in community		
Early school leaving of children		
Inadequate medical care of children (as a result of parent's lack of knowledge of medical care)		

4.2 Indicate **which** of the following risk factors for child abuse and neglect are present in the **families** where you deliver services.

RISK FACTORS IN FAMILIES	OCCURRENCE	
	YES	NO
Single parenthood as a result of: divorce/separation of spouse/partner, death of spouse or partner		
Teenage pregnancies		
Demographic factors such as:		
Size of family (three children or more)		
Financial stress (income not sufficient to meet responsibilities)		
Domestic violence (between husband and wife)		
Insufficient involvement of family members in:		
Informal social networks such as family, friends, neighbours		
Semi-formal support networks such as clubs, groups, play groups		

- 4.3 Indicate **which** of the following risk factors for child abuse and neglect are present among **individuals** to whom you deliver services.

RISK FACTORS IN INDIVIDUALS	OCCURRENCE	
	YES	NO
Deficient parenting skills		
Substance abuse		
Factors present in mothers such as:		
Low self esteem		
Limited involvement with children		
Lack of warmth towards children		
Depression		
Factors present in children such as:		
Disability		
An illness		
Low verbal intelligence		
Difficult temperament		

- 4.4 Indicate the prevalence of the different types of abuse occurring in your community/caseload (4= highest prevalence, 1= lowest prevalence)

TYPES OF CHILD ABUSE	PREVALENCE			
	Highest			Lowest
Abuse such as:				
Physical abuse	4	3	2	1
Sexual abuse	4	3	2	1
Emotional abuse	4	3	2	1
Neglect such as:				
Physical neglect	4	3	2	1
Emotional neglect	4	3	2	1
Exploitation	4	3	2	1

- 4.5. Identify the three most important reasons why children in your community are removed from their families?

5. NATURE AND SCOPE OF FAMILY PRESERVATION SERVICES RENDERED

5.1 Description of family preservation services

5.1.1 Describe what the term “family preservation services” means to you.

5.2 Intensive- or family centred preservation services

5.2.1 Indicate on a scale of 1-4 (with a cross) how **often** do you render the following **concrete services** to high-risk families to prevent the removal of children from families?

CONCRETE SERVICES	OCCURRENCE			
	Always 4	Often 3	Seldom 2	Never 1
Help with maintenance of household, e.g. by Supporting families to go shopping				
Develop homemaking skills in carers, e.g. when planning and preparing meals through modelling in the home				
Practical arrangements for: Transport of family members				
Care of children by other community members or institutions				
Provide material support, such as: Food				
Financial assistance				
Referrals to other community-based sources				
Accompany family members to such sources				
Other (Specify service)				

- 5.2.2 Indicate on a scale of 1-4 (with a cross) how **often** do you render the following **educational** and **enabling services** to high-risk families in your caseload to avoid statutory services?

EDUCATIONAL/ENABLING SERVICES	OCCURRENCE			
	Always 4	Often 3	Seldom 2	Never 1
Enhancement of life skills such as: Parenting skills				
Financial planning skills				
Communication skills				
Problem solving skills				
Conflict management skills				
Integration of family members into: Informal support systems e.g. neighbours, clubs				
Formal support systems such as:				
Day care				
Playgroups				
Weekly support groups				
Other (Specify service)				

- 5.2.3. Indicate on a scale of 1-4 (with a cross) how **often** do you render the following **therapeutic services** on an **intensive, continuous** basis to the high-risk families in your caseload?

THERAPEUTIC SERVICES	OCCURRENCE			
	Always 4	Often 3	Seldom 2	Never 1
Short-term family centred services such as: Crisis intervention				
Longer-term family centred services such as: Family counselling				
Marital counselling				
Substance abuse counselling				
Counselling for dealing with domestic violence				
Other (Specify service)				

5.3 Nature and scope of family support services (community work services)

5.3.1 In your opinion what are the three most important needs of high-risk families in the community where you work.

5.3.2 Indicate **which** of the following **family support services** (community work services) are available to the high-risk families in your caseload. Also indicate in each case whether it is a programme/service of the organisation, or rendered by another organisation in the community.

6. PERSPECTIVE ON FAMILY PRESERVATION SERVICES

- 6.1 Which of the following do you consider to be **obstacles** in delivering developmental family preservation services in your situation?

OBSTACLES	OCCURRENCE	
	YES	NO
Uncertainty about what developmental service delivery entails		
Need more social workers		
Lack of resources: At the organization, e.g. vehicles		
In the community		
Insufficient funds for: Initiating projects		
Maintaining projects		

7. PERSPECTIVE ON POLICY DOCUMENTS

- 7.1 In your opinion which of the following levels of service delivery (Integrated Service Delivery Model, 2006) are **emphasized** in the delivery of family preservation services in your situation (**4** = most emphasis, **1** = least emphasis).

LEVELS OF SERVICE DELIVERY	PREVALENCE			
	Most emphasis 4	3	2	Least emphasis 1
Prevention services (programmes to prevent high risk behaviour) Give example of type of service: _____				
Early intervention services (developmental and therapeutic programmes for families, to avoid statutory services) Give example type of service: _____				
Statutory services (removal of children)				

7.2 According to policy documents (*White Paper for Social Welfare, Service Delivery Model fro Developmental Social Welfare Services*) family preservation services should primarily be prevention services, e.g. by connecting families with resources available in the community in order to extend their capacity. What is your opinion about the feasibility of the above mentioned requirement in your work situation?

7.3 Describe what you consider to be the ideal circumstances for delivering family preservation services.

Any other comments

Thank you for your cooperation

Marianne Strydom

BYLAE 2

FOKUSGROEPGESPREK

FOKUSGROEPGESPREK OOR MAATSKAPLIKE WERKERS SE PERSPEKTIEF OP DIE STAND VAN GESINSINSTANDHOUDINGSDIENSTE

1. DEELNEMERS

Ses maatskaplike werkers (twee uit elk van die drie gesinsorgorganisasies) wat deur doelbewuste seleksie by hierdie ondersoek betrek is. Die navorser en die fokusgroeplede is goed met mekaar bekend, wat bevorderlik is vir 'n oop eerlike gesprek.

2. GESPREKSLEIER

Die navorser self.

3. PROSES VAN DIE VERLOOP VAN DIE GESPREK

- Die navorser verwelkom die fokusgroeplede en bepaal profiel van deelnemers;
- Agtergrond oor die navorsingsprojek word gegee en prosedure vir gesprek word verduidelik, naamlik dat die navorser fokusgroeplede se perspektief versoek op die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste.
- Die fokusgroeplede reageer spontaan en deel hulle gevoelens en menings.

FOKUSGROEPGESPREK OOR LEWERING VAN GESINSINSTAND- HOUDINGSDIENSTE

1. LEWERING VAN GESINSGESENTREERDE DIENSTE

- 1.1 Hoe lyk die lewering van konkrete dienste, soos byvoorbeeld om gesinne te vergesel na bronne en hulle by te staan met tuisteskeppervaardighede by die organisasies waar u in diens is?
- 1.2 Kan vrywilligers benut word om op 'n gereelde basis (bv. twee maal 'n week) konkrete dienste aan hoërisiko-gesinne te lewer, soos byvoorbeeld om te help met huis skoonmaak, die aanleer van kinderversorgingsvaardighede en skakeling met bronne te bewerkstellig?

2. LEWERING VAN GESINSONDERSTEUNINGSDIENSTE

- 2.1 Hoe voldoen ouerleiding- of opvoedingsgroepe en lewensvaardigheidsprogramme vir kinders aan die behoeftes van hoërisiko-gesinne?
- 2.2 Watter bronne moet in gemeenskappe beskikbaar wees vir hoërisiko-gesinne?

3. IMPLEMENTERING VAN BELEIDSDOKUMENTE

- 3.1 Hoe kan u in u situasie ooreenkomstig die uitgangspunte in beleidsdokumente, meer voorkomende dienste lewer om statutêre dienslewering te voorkom?

IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE WAT BEKOM IS VIR PROFIEL VAN FOKUSGROEP-DEELNEMERS

1. Ouderdom en werkondervinding

1.1 Ouderdom _____

1.2 Jare ondervinding as maatskaplike werker _____

1.3 Tydperk verbonde aan huidige organisasie _____

2. Kwalifikasies

2.1 Dui u hoogste kwalifikasie in maatskaplike werk aan

Diploma in Maatskaplik Werk	1
B.A. Maatskaplike Werk (3 jaar)	2
B.A. Maatskaplike Werk (4 jaar)	3
B. Maatskaplike Werk (4 jaar)	4
Hons. B.A. Maatskaplike Werk	5
M.A. Maatskaplike Werk	6
D.Phil	7

2.2 Ander kwalifikasies wat bekom is wat bykomend of verbandhoudend met maatskaplike werk is.
